

**DIE BYDRAE VAN DR J D [KOOT] VORSTER
TOT DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING
VAN DIE NED GEREK Kerk**

**Met besondere verwysing na die kerkverband en sy
aandeel in die totstandkoming van die Algemene Sinode in
1962**

deur

REINIER WILLEM LOUW

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

**In die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg
Fakulteit Teologie**

Universiteit Pretoria

PROMOTOR: DR JM VAN DER MERWE

MEDEPROMOTOR: PROF FAH VAN STADEN

April 2009



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**THE CONTRIBUTION BY DR J D [KOOT]
VORSTER TO THE CHURCH CANONICAL
DEVELOPMENT OF THE DUTCH REFORMED
CHURCH**

**With exceptional reference to his contribution to the
establishing of the General Synod in 1962**

by

REINIER WILLEM LOUW

Submitted in fulfilment of the requirements for the degree

PHILOSOPHIAE DOCTOR

**In the Faculty of Theology
Department of Church History and Church Polity
University of Pretoria**

SUPERVISOR: Dr JM VAN DER MERWE

CO-SUPERVISOR: Prof FAH VAN STADEN

April 2009



VOORWOORD

Diep bewus van eie gebreke wil ek in die grootste dankbaarheid bely dat hierdie studie te midde van die oorfloedigste genade van die alomteenwoordige Drieënige God geskied het. **SOLI DEO GLORIA**

Hiermee wil ek my grootste dank en waardering uitspreek met betrekking tot die volgende persone en instansies:

- My promotor, Dr Johan van der Merwe van die Universiteit van Pretoria, wat respek afgedwing het met die deeglike, maar aangename en simpatieke leiding waaronder die proefskrif voltooi en afgerond kon word
- My hulp-promotor, Professor F A H van Staden van die Afrikaanse Protestantse Akademie in Pretoria wat as gesaghebbende Gereformeerde Kerkregkundige ´n kenner van sy vak is en my begelei het met sy helder insig en skerp formulering.
- Professor J W Hofmeyr van die Universiteit van Pretoria wat vir my by die aanvang van my studie met waardevolle wenke gehelp het.
- Wyle dr Koot Vorster, vir wie ek die grootste agting gehad het en oor wie dit in hierdie studie gaan. asook vir die gasvryheid waarmee hy en sy vrou my altyd by hulle huis ontvang het.
- My deugsame vrou Elmarie wat met groot opoffering my getrou bly ondersteun het gedurende die baie ure wat ek met die studie besig was.
- My goeie en voorbeeldige ouers, Gawie en Ester Louw, wat jare gelede op Keimoes die grondslag gelê het vir die soeke na kennis en met opofferende liefde alles binne hulle vermoë gedoen het om ons kinders verder te laat studeer.
- My broer Malan wat sedert sy kinderdae ´n predikant wou word en wel vir ´n paar toegewyde jare die geleentheid gegun was om dit kon wees voordat die Here hom kom haal het. In dankbare herinnering aan die sewe jaar wat my beskore was om saam met hom in dieselfde lesinglokaal te wees by P U vir C

H O en die Kweekskool van Stellenbosch

- Ons pragtige dogter Grizelle, Kobus, Giselle en die ondersteuning van Johan en suster Hentie Gericke van Harrismith, Albertus en suster Marietha Grobbelaar van Adelaide, Frans en skoonsuster Trudie Hay van Uitenhage, niggie Susan en Christo Cloete van George en ander familieledede
- Kollegas, lidmate en oud-lidmate Dawie en Staffie du Plessis van Welkom vir aanmoediging en ondersteuning.
- Andre en Esme Brits, Gerhard en Estie Griessel, Sarel en Almarie Meyer vir huisvesting en vervoer in Pretoria
- Bertus en Johanna Brink van Monte Vista, Annatjie du Plooy van Bellville en Willem Putter en gesin van Stellenbosch vir huisvesting gedurende studietydperke
- My eggenote Elmarie, Insa Kratz en Linda Bradley vir al die vertalings.
- Roelof Marè van Swellendam wat altyd gewillig was om probleme met die rekenaar uit te stryk en baie tyd gespandeer het aan die tegniese afronding.
- Die Kerkraad en lidmate van AP Kerk Riversdal vir versorging oor die jare, ondersteuning en die toestaan van die nodige studieverlof
- Die Kerkraad, leraar, skriba en koster van Ned Geref Kerk Tafelberg vir hulle hartlike samewerking in die beskikbaarstelling van notules en ander dokumente.
- Die dosente en personeel van die Afrikaanse Protestantse Akademie en F A H van Staden Biblioteek.
- Mev Rina Roos en personeel by die Teologiese Fakulteit Pretoria vir hulp en bystand
- Studiefinansiering van U P en by name J Goosen, C Steyn en M Schoeman vir die beurs my toegestaan en vriendelike korrespondensie.
- Alle persone verantwoordelik vir die tegniese versorging en druk van die proefskrif.

OPSOMMING

As oudste kerk in Suid-Afrika is die Ned Geref Kerk in haar moeisame pad van kerkregtelike ontwikkeling andermaal gestrem toe 'n hofuitspraak tydens die Sinode van 1862 aanleiding gegee het tot die totstandkoming van afsonderlike sinodes.

Hierdie ongelukkige gebeurtenis het lidmate diep teleurgestel maar terselfdertyd aangespoor om nie te rus voordat die breuk weer herstel is nie. Met die oog hierop is die Raad van Kerke gestig en sou hierdie raad op sy talle vergaderings onvermoeid ywer om die kerk weer te verenig.

Intussen het 'n jong boorling van die geharde Stormberge in die Oos-Kaap, Jacobus Daniël Vorster, in 1935 predikant geword in die Ned Geref Kerk Tafelberg. Hy was lief vir die vak kerkreg en het ook daarin 'n M Div verwerf met die titel: "*Kerk en Kerkregering van die Voortrekkers*" terwyl sy Th D-proefskrif gehandel het oor: "*Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 tot 1795*"

As jong predikant moes Koot Vorster talle operasies ondergaan en daar is dikwels gevrees vir sy lewe, maar hy was bestem vir groter dinge want as Gereformeerde kerkregkundige sou hy algaande in status groei tot een van die grootste en kleurrikste kerkleiers wat die kerkverband nog opgelewer het.

Hy dien vir dekades as skriba van die Ring van Kaapstad en as aktuaris van die Kaapse Kerk, maar waarvoor hy altyd onthou sal word is sy bydrae tot die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

Na die Algemene Sinode het Vorster sy diepe insig in die Gereformeerde Kerkreg verder geopenbaar in die talle publikasies, artikels, adviese en

optredes in sinodale vergaderings. Hy was meester van sy vak. Hy het telkens sy vermoë om duidelik te onderskei tussen die beginsels van die verskillende Kerkregstelsels getoon deur die Kerk en vergaderings terug te lei na die Gereformeerde kerkregtelike beginsels. So het hy 'n groot bydrae gelewer om die Ned Geref Kerk op die Gereformeerde spoor te hou of soms selfs te bring.

Met sy agtergrond, sy akademiese onderlegdheid, sy deeglikheid en sterk standpuntinname rondom belangrike kerkregtelike sake was hy die regte persoon om die kerk kerkregtelik te begelei om die lang gekoesterde ideaal van kerkhereniging te bereik. In die Raad van Kerke en in Sinodes het hy die saak op 'n wyse gestel wat vertroue by afgevaardigdes en die gewone lidmate ingeboesem het. Hy het hom daarvoor beywer dat die Ordonnansie no 7 van 1843 geskrap word en dat 'n Kerkorde vir die verenigde kerk op die voetspoor van die Kerkorde van Dordrecht opgestel word.

Daarom was dr Vorster dan ook die aangewese kerkregkundige om vir die Kerk, welliswaar gegrond op die Dordtse Kerkorde van 1618-1619, in 1962 'n Gereformeerde Kerkorde voor te berei. In die finale voorbereiding van 'n Kerkorde vir die eerste Algemene Sinode is hy aangewys as voorsitter van die kommissie van Aktuarie wat die taak moes verrig. In hierdie belangrike voorbereidingswerk het hy, volgens die ander lede van die kommissie, die meeste van die werk vir eie rekening geneem. Hy is ook gevra om die voorgestelde Kerkorde by die onderskeie Sinodes voor te dra in afwagting vir vrae en kommentaar. Op die wyse het hy die voorreg gehad om binne 'n jaar of twee al die Sinodes by te woon. Die voorgestelde Kerkorde was so deeglik voorberei dat dit met min wysigings aanvaar is.

Met hierdie Kerkorde het hy veral 'n groot bydrae gelewer om die Kerk te suiwer van die stille insypeling van Kollegialistiese denke, begrippe en taalgebruik, wat via die "Algemeen Reglement" van 1816 die Kaapse Kerk se Kerkwet ingedring het en later ook weerklank gevind het in die Kerkwette van



die noordelike Ned Geref Kerke. Dit was 'n moeilike taak, aangesien veel Kollegialisties na jare vir selfs teoloë in die Ned Geref Kerk Gereformeerd voorgekom het, ten spyte van pogings om dit uit die Kerkwette te suiwer. Die Kerkorde van 1962, wat al die Kerkwette vervang het, was, as die breinwerk van dr Vorster, die finale sif.

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1962 is die honderjaar-oue droom van die kerkverband bewaarheid. Dr Koot Vorster het nie alleen die Sinode se nuwe naam gegee nie, maar ook die Algemene Sinode se eerste Aktuarisus geword. Dit het hy vir baie jare gebly totdat hy binne die kerkverband tot Moderator van die Algemene Sinode verkies is.

Dr Koot Vorster was inderdaad 'n merkwaardige kerkleier wie se groot bydrae tot die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling verdere navorsing en optekening verdien.

ABSTRACT

The development of the Church Order of the Dutch Reformed Church was obstructed by a court order during its 1862 Synod which provoked the formation of separate synods. Church members were prompted to restore church unity and therefore the Council of Churches was established.

Dr Jacobus Daniel Vorster, as minister of the Dutch Reformed Church, Tafelberg in Cape Town, loved the subject on Church Law and obtained a MDiv degree with the title: *Church and church rule of the Voortrekkers* while the title of his Th D reads: *The canonical development of the Cape Church under the VOC from 1653 to 1795*.

Although the young Koot Vorster was very ill, he was destined for greater things. He became one of the greatest and most distinguished leaders of the D R C denomination. For decades he ministered as secretary of the Circuit of Cape Town and as Actuary of the Cape Synod but he will always be remembered for his contribution to the establishing of the 1962 General Synod.

He was a master in his field. He had the ability to distinguish between the principles of the different church law systems and to take them back to the Reformed canonical principles.

Vorster led the church in church law to reach the longstanding ideal of church unity. He did his best to remove the Ordonance nr 7 of 1843 from the law-book and to bring about a Church Order based on the Order of Dordt of 1618-1619. Vorster was chosen as Chairman of the Commission of Actuaries during the final preparation of the Order for the first General Synod. He was also asked to submit the proposed Order at the various Synods and it was accepted with very little change.



With this Order, he made a large contribution towards purification of the quiet infiltration of Collegialistic thinking, expressions and use of language which entered the church law of the Cape Church through the “General Reglement” of 1816 and also affected the church law of the Northern churches. The Church Order of 1962 was to supersede all previous orders and is in its final form the brainchild of Dr Vorster.

With the establishing of the 1962 General Synod, a hundred year old dream of the church denomination, became a reality. Dr Koot Vorster became the first actuary of the General Synod and filled this post for many years until he was elected as Moderator of the General Synod.

Dr Vorster was a remarkable church leader whose contribution to the D R C's canonical development deserve further research and recording



AFKORTINGS

GV	:	Gereformeerde Vaandel
Kb	:	Die Kerkbode
NGTT	:	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
red	:	Redakteur
s a	:	Datum van uitgawe ontbreek
samest	:	Samesteller

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	i
Opsomming	iii
Abstract	vi
Afkortings	viii

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	Agtergrond	1
1.2	Probleemstelling	4
1.3	Motivering	4
1.4	Navorsingsmetode	5
1.4.1	Literatuurstudie	5
1.4.1.1	Oorspronklike bronne	5
1.4.1.2	Bronne waarvan Vorster die outeur is	5
1.4.1.3	Ander tersaaklike literatuur	5
1.4.2	Empiriese ondersoek	6
1.4.2.1	Onderhoude	6
1.4.2.1.1	Onderhoude met Vorster	6
1.4.2.1.2	Onderhoude met ander persone	6
1.5	Uiteensetting van hoofstukke	7
1.6	Hipotese	9

HOOFSTUK 2

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF 1652 TOT BY DIE EERSTE SINODE IN 1824

2.1	Inleiding	10
2.2	Vormingsjare van dr Koot Vorster	11
2.3	Student aan die Universiteit van Stellenbosch en eerste kennismaking met die vak Kerkreg	14
2.4	Vorster die Kerkregkundige	16
2.5	Kerkverband	18
2.5.1	Plaaslike Kerk	18
2.5.2	Vorming van ´n kerkverband	22
2.5.3	Die Skrif en roeping tot kerkverband	23
2.5.4	Noodsaaklikheid van kerkverband	26
2.5.5	Beroeping binne die kerkverband	26
2.5.6	Kerkverband en enkele gevare waarop gelet moet word	27
2.5.7	Oorbeklemtoning van die positief Goddelike reg	28
2.5.8	Die gevaar van heerskappy van een kerk oor ´n ander een	29
2.5.9	Gevaar dat die kerkverband die plek van ´n plaaslike kerk inneem	30
2.5.10	Die gevaar van ´n valse eenheid	31
2.5.11	Kerke buite kerkverband en uittrede uit kerkverband	32
2.5.12	Vorster oor kerkverband	33
2.5.13	Historiese ontwikkeling van die kerkverband in Suid-Afrika	34
2.6	Kerkinrigting binne die Rooms Katolieke Kerk	35
2.7	Protestantse Kerkvergaderinge	37



2.7.1	Die kerkregtelike bydrae van die hervormer Johannes Calvyn	40
2.7.2	Waalse Sinodes 1563 - 1566	43
2.7.3	1568 Konvent van Wezel	43
2.7.4	1571 Nasionale Sinode van Emden	44
2.8	Verhouding tussen Kerk en Staat by Moederkerk in Nederland	45
2.9	Dordtse Kerkorde	47
2.10	Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk	49
2.10.1	Kerkregtelike ontwikkeling 1652 - 1824	49
2.10.2	V O C se houding teenoor die kerk	50
2.10.3	Duitsers se invloed op die kerkregtelike ontwikkeling	53
2.10.4	Koms van Hugenote en hul aandeel in die kerkregtelike ontwikkeling	54
2.10.5	Invloed van kerk in Indië op kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap	55
2.10.6	Invloed van Moederkerk op die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap	56
2.11	Vorster oor verhouding tussen Kerk en Staat	56
2.11.1	Vorster oor die verhouding tussen die V O C en die Moederkerk	57
2.11.2	Vorster oor die verhouding tussen V O C en die Indiese Kerke	58
2.11.3	Vorster oor die verhouding tussen die V O C en die Kaapse Kerk	59
2.11.4	Vorster se beskouing oor die kerkorde wat deur die Kaapse Kerk gebruik is	60
2.12	Ontwikkelingsgeskiedenis van die sinode in die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Ned Geref Kerk	63
2.12.1	Die Kaapse Kerk se strewe na 'n eie kerkverband	63



2.12.2	Eerste, Gekombineerde Kerkvergadering	67
2.12.2	Aanbreek van negentiende eeu en die optrede van De Mist	69
2.12.4	De Mist se Kerkorde 1804	70
2.12.5	1816 - Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk in Nederland	73
2.12.6	1824 - Eerste Sinode van die Ned Geref Kerk en die Algemeen Reglement	74
2.12.7	Punte van Ooreenkomste en Verskille tussen die Reglemente van 1816 en 1824	77
2.12.8	Vorster oor Ooreenkomste en Verskille tussen die Reglemente van 1816 en 1824	80
2.13	Kerkregtelike ontwikkeling na die sinode van 1824	83
2.14	Samevatting	86



HOOFSTUK 3

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE EERSTE SINODE IN 1824 TOT BY DIE SINODE VAN 1862

3.1	Inleiding	88
3.2	Opkoms van Liberalisme in Suid-Afrika en sy invloed op die Kerk aan die Kaap	89
3.2.1	Liberalisme as denkrigting	90
3.2.2	Ontstaan en agtergrond van die liberale rigting	91
3.2.3	Liberalisme se ontstaan en invloed in Suid-Afrika	91
3.2.3.1	Vorster se beskouing van die Liberalisme	93
3.2.3.1.1	Vorster beskou die liberalisme as wegbereider van die rewolusie	93
3.2.3.1.2	Vorster beskou die liberalisme as gevaarliker as magsgeweld	94
3.2.3.1.3	Liberalisme ondermyn gesag en dissipline	94
3.3	Piëtiese Gees	95
3.4	Sinodes van Kaapse Kerk	96
3.4.1	Sinode van Kaapse Kerk 1837	96
3.4.2	Sinode van Kaapse Kerk 1842	97
3.4.2.1	Ordonnansie no 7 van 1843	98
3.4.3	Sinode van Kaapse Kerk 1847	101
3.4.4	Sinode van Kaapse Kerk 1852	102
3.4.5	Sinode van Kaapse Kerk 1857	103
3.4.5.1	1859 Totstandkoming van die Kweekskool te Stellenbosch	103
3.4.6	Sinode van Kaapse Kerk 1862	109
3.5	Samevatting	113

HOOFSTUK 4

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE SINODE VAN 1862 TOT BY DIE STIGTING VAN DIE RAAD VAN KERKE IN 1905

4.1	Inleiding	115
4.2	Soeke na algemene kerkverband	116
4.2.1	1863 Kerkvergadering te Bloemfontein	119
4.2.2	Sinode van Kaapse Kerk 1863	120
4.2.3	Sinode van Kaapse Kerk 1870	122
4.2.4	Sinode van Kaapse Kerk 1873	124
4.2.5	Sinode van Kaapse Kerk 1897	127
4.2.6	1898 Ordonansie no 9 van 1898	128
4.2.7.1	Sinodes van 1903	130
4.2.8	1905 Konferensie te Colesberg - Stigting van Raad Van Kerke	134
4.3	Verenigings in die kerk	135
4.3.1	Verenigings in die kerk Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerk se standpunt	135
4.3.2	Verenigings in die kerk- Vorster se standpunt	136
4.4	Samevatting	139

HOOFSTUK 5

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE STIGTING VAN DIE RAAD VAN KERKE TOT BY DIE SINODE VAN 1924

5.1	Inleiding	141
5.2	Verdere soeke na algemene kerkverband	141
5.2.1	Stigting van Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke 1905	142
5.2.2	Raad van Kerke se vergadering 1907	144
5.2.3	Raad van Kerke se vergadering 1909	145
5.2.3.1	Petisie voor Volksraad I v m vereniging 1910	146
5.2.3.2	Proklamasie Wet no 23 van 1911	147
5.2.4	Raad van Kerke se vergadering 1911	148
5.2.5	Raad van Kerke se vergadering 1913	150
5.2.6	Raad van Kerke se vergadering 1919	151
5.3	Onderrig van kerkreg	153
5.3.1	Gereformeerde Kerkreg	153
5.3.2	Kerkreg as wetenskap	153
5.3.3	Kerkregering	154
5.3.4	Kerkvergadering	155
5.3.5	Kerkorde	156
5.3.6	Dordtse Kerkorde	156
5.3.7	Gevare wat kerkvergaderinge bedreig	157
5.4	Ned Geref Kerk van Kollegialisme beskuldig	158
5.5	Keet by kuratorium aangekla	161
5.6	Samevatting	163

HOOFSTUK 6

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK GEDURENDE VORSTER SE STUDENTEJARE 1924 TOT 1935

6.1	As teologiese student gee Vorster rekenskap	165
6.2	Die gesag binne die Kerkverband	165
6.2.1	Die Gereformeerde Kerk erken die outonomie van die plaaslike kerk	171
6.2.2	Vorster se siening oor gesag binne die kerkverband	174
6.3	Verskil tussen Kollegiaal en Presbiteriaal	178
6.4	Prof Johannes du Plessis se beskouing oor die leraarsamp	183
6.5	Prof Johannes du Plessis se verklaring van lidmaatskap aan die D K O getoets	185
6.6	Die saak van Kerkhereniging in hierdie tydperk	194
6.6.1	Raad van Kerke se vergadering 1925	195
6.6.2	Raad van Kerke se vergadering 1926	195
6.6.3	Sinode van Natal 1927	195
6.7	Vorster student aan die Universiteit van Stellenbosch	196
6.7.1	Vorster en sy Calvinistiese lewensbeskouing	197
6.7.2	Voortgang van Liberalisme en klag teen prof Johannes du Plessis	200
6.7.3	Vorster neem standpunt in teen prof Johannes du Plessis	205
6.8	Verdere pogings vir Kerkhereniging	208
6.8.1	Sinode van Natal	208
6.8.2	Federale Komitees	209



6.8.3	Raad van Kerke se vergadering 1929	209
6.8.4	Sinode van Transvaal 1931	209
6.9	Samevatting	209



HOOFSTUK 7

KOOT VORSTER SE EERSTE JARE IN DIE BEDIENING EN SY OPGANG AS KERKLEIER

7.1	Koot Vorster as predikant bevestig te De Nieuwe Kerk	211
7.2	Interkerkisme	232
7.2.1	Agtergrond van interkerkisme in Suid-Afrika	232
7.2.2	Vorster se siening van interkerkisme	233
7.3	Kaapse Sinode 1936	236
7.4	Vorster se ywer vir die Calvinisme	237
7.5	Kaapse Sinode 1940	237
7.6	Vorster meer betrokke by <i>Koers in die Krisis</i> 1941	238
7.7	Raad van Kerke se vergadering 1944	238
7.8	Sinode van Transvaal 1944	239
7.9	Vorster as predikant bevestig in Tafelberg 1944	239
7.9.1	Vorster se liefde vir die Jeug	245
7.9.2	Vorster oor huisgodsdienst	245
7.10	Raad van Kerke se vergadering 1945	247
7.11	Kaapse Sinode 1945	247
7.12	Vorster lid van Permanente Sinodale Regskommissie	251
7.13	Raad van Kerke se vergadering 1947	254
7.14	Vorster gee kerkregtelike leiding	262
7.14.1	Oor verkleining van sinode 1949	262
7.14.2	Presbiteriale regeringstelsel soos deur Vorster aangedui	263
7.14.3	Voordele van Synodus Contracta	264
7.14.4	Vorster oor besware teen Synodus Contracta	264
7.14.5	Vorster verkies die verdeling van die sinode	265
7.14.6	Vorster oor herroeping - Ordonnansie no 7 van 1843	267



7.15	Kaapse Sinode 1949	268
7.16	Raad van Kerke se vergadering 1951	275
7.17	Vorster se beoordeling van die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling	278
7.18	Samevatting	281

HOOFSTUK 8

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING SEDERT 1951 EN VORSTER SE GROTER BETROKKENHEID BY DIE STREWE NA 'N ALGEMENE SINODE

8.1	Die sinodes van die Kaapse Kerk in 1953, 1957 en 1961	282
8.2	Vorster se kerkregtelike bydrae in die voorbereiding van 'n kerkorde	282
8.2.1	Kerkorde of wette en bepalinge	283
8.3	1951 Vergadering Sinodale kommissie	285
8.4	Derde Eeufeesvieringe April 1952	286
8.5	Raad van Kerke se vergadering 1953	287
8.6	Vorster lid van Kuratorium 1953	287
8.7	Vorster lid van Federale Raad 1953	288
8.8	Vorster op ander kommissies 1953	288
8.9	1953 Kaapse Sinode	288
8.10	Vorster verkies as aktuaris 1953	289
8.11	Verlag insake Tug by sinode van 1953	295
8.11.1	Vorster se siening van die tug	296
8.11.1.1	Gebreke aan kennis van God se heiligheid	298
8.11.1.2	Gebreke aan roepingsbesef by opsieners	299
8.11.1.3	Ervaring van burgerlike wette	299
8.11.1.4	“Opwekkinge” mag tug nie vervang	300
8.11.1.5	Ongerymdhede in die toepassing van die tug	301
8.11.1.6	Staat en kerk se noue verband as oorsaak van verval van tug	302
8.11.1.7	“Volkskerk”- gedagte as oorsaak van verslapping van tug	302



8.11.1.8	Daling van geestelike peil as oorsaak van verslapping van tug	303
8.11.1.9	Gevaar van “verkeerde” mense in die kerkraad	303
8.11.1.10	Gevaar van toepassing wat aan tydsverloop gekoppel is	304
8.11.1.11	Gebrekkige kerkvisitasie	304
8.11.1.12	Tugtoepassing ook goed vir die ampsdraers	305
8.11.1.13	Vorster oor die vraag hoe die tug toegepas moet word	306
8.11.1.14	Woord van God as tugmaatreël	306
8.11.1.15	Tug tot eer van God, welsyn van gemeente en heil van die sondaar	307
8.11.1.16	Lidmate moet tug verstaan	308
8.12	Vorster promoveer in Kerkreg	309
8.13	Raad van Kerke se vergadering 1955	309
8.14	Oktober 1956, Kommissie vir afstigting van selfstandige kerke	311
8.15	1956 Vorster oor Vereniging van Kerke en Herroeping van Ord no 7 van 1843	311
8.15.1	Vorster behandel besware teen die Ordonnansie	316
8.15.1.1	Vorster skets prosedure by die Herroeping van die Ordonnansie	319
8.16	Raad van Kerke se vergadering 1957	320
8.17	Kaapse Sinode 1957	322
8.18	Twee belangrike besluite by die Sinode van 1957	324
8.19	Jonker vra herstel van die Dordtse Kerkorde	324
8.20	1957 Sinode bespreek herroeping van Ord 7 van 1843	325
8.21	Hersiening van Wetboek	326
8.22	Indrukke van die Kaapse Sinode van 1957	327
8.23	Raad van Kerke se vergadering 1959	328



8.24	Konsep-Kerkorde met vreugde aanvaar	329
8.25	Kritiek van Geref Kerk teen die Konsep-Kerkorde	331
8.25.1	Kritiek teen gesag van sinode	337
8.25.2	Geref Kerk se verkeerde voorstelling van die Kommissies	338
8.25.3	Kritiek teen die benaming Permanente Kommissie	339
8.25.4	Kritiek insake Moderatuur	339
8.25.5	Kritiek insake Verkiesing (beroeping) van ampsdraers	339
8.26	Aanvaarding van Konsep-Kerkorde	340
8.27	Konsep-Kerkorde na die onderskeie sinodes verwys vir goedkeuring	342
8.28	Actuarii by Sinodes	343
8.29	1959, Permanente Kommissie van die Federale Raad	344
8.30	1961 Herroeping van Ord no 7 van 1843 in die Volksraad	345
8.31	Vorster se blydskap oor die herroeping van die ordonnansie	346
8.32	Raad van Kerke se vergadering 1961	347
8.33	Kaapse Sinode 1961	348
8.34	Samevatting	351



HOOFSTUK 9

LAASTE KERKREGTELIKE VOORBEREIDINGS VIR DIE VORMING VAN DIE ALGEMENE SINODE IN 1962

9.1	Voorbereidende vergadering te Pretoria	353
9.1.1	1962 Algemene Voorbereiding vir Algemene Sinode	354
9.1.2	Konvensie 11 Oktober 1962	355
9.1.3	Die naam van die kerk	355
9.1.4	Voorstel tot vereniging	357
9.1.5	Vrydag 12 Oktober 1962	357
9.1.6	Ontbinding van die Raad van Kerke en atmosfeer in vergadersaal	358
9.2	Beoordeling van Raad van Kerke	359
9.3	1962 Algemene Sinode	359
9.3.1	Opening van eerste Algemene Sinode	361
9.3.2	Eerste vergadering van moderatuur	361
9.4	Vorster se siening van die Algemene Sinode	362
9.4.1	Vorster oor die mag en gesag van die onderskeie sinodes	362
9.4.2	Vorster oor die eendrag wat die Kerkorde bring	364
9.4.3	Vir Vorster is die Kerkorde Gereformeerde	364
9.4.4	Volgens Vorster is die Kerkorde nie Kollegialisties nie	364
9.4.5	Volgens Vorster is die Kerkorde nie Independentisties nie	365
9.5	Enkele besluite wat die Sinode geneem het	365
9.6	Vorster se slotsom oor die Algemene Sinode van 1962	365
9.7	Vorster meer as een keer op die Moderatuur verkies	366



9.8	Vorster se emeritaat by Ned Geref Kerk Tafelberg	366
9.9	Hoe mense Vorster beoordeel het by sy emeritaat in 1979	366
9.10	Huldeblyke na Vorster se dood	370
9.11	Samevatting	372

HOOFSTUK 10

Slot

10.1	Inleiding	373
10.2	Beoordeling van Vorster aan die hand van uitsprake wat hy gemaak het ten opsigte van sekere kernsake van die Gereformeerde Kerkreg	376
10.2.1	Die Drieënige God	376
10.2.2	Die Bybel as die Woord van God	376
10.2.3	Belydenisskrifte	376
10.2.4	Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering	377
10.2.5	Dordtse Kerkorde	377
10.2.6	Kerkorde van die Algemene Sinode in 1962	377
10.2.7	Bedienaar van die Woord van God	378
10.2.8	Outonomie van die plaaslike kerk	379
10.2.9	Kollegialisme	379
10.2.10	Skotse Presbiterianisme	380
10.2.11	Independentisme	380
10.2.12	Sinodokrasie	380
10.2.13	Liberalisme	381
10.2.14	Kommunisme	381
10.2.15	Ordonnansie no 7 van 1843	381
10.2.16	Verkleining van sinode	381
10.2.17	Beroepstelsel	382
10.2.18	Kerklike Tug	382
10.2.19	Verenigings in die kerk	383
10.2.20	Kweekskool te Stellenbosch	383
10.2.21	Ampsdraers en hulle gesag	384
10.2.22	Kerklike vergaderinge en gevare rondom dit	385



10.2.23	Kerkorde van 1962	386
10.2.23.1	Die koningskap van Christus in die kerk	388
10.2.23.2	Moderatuur	388
10.2.23.3	Die Meerdere Vergaderinge	388
10.2.23.4	Kommissiestelsel	390
10.2.23.5	Geloofsbriewe	390
10.2.24	Die Meerdere Vergaderinge	391
10.2.24.1	Gesag van die Sinode	391
10.2.24.2	Samestelling van Meerdere Vergaderinge	392
10.3	Betekenis van die Ned Geref Kerkorde	392
10.4	Ander teoloë se standpunt oor die Kerkorde van 1962	394
10.5	Laaste Woord	395



LITERATUURLYS

1	Literatuurverwysings	397
1.1	Ongepubliseerde bronne	397
1.1.1	Argivale Bronne	397
1.1.1.1	Instituut vir eietydse geskiedenis: Privaatversameling 632 J D Vorster [PV]	397
1.1.1.2	Ned Geref Kerk Argief, Hugenote Gebou Kaapstad [Tans by U S Stellenbosch]	397
1.1.1.3	Ned Geref Kerk Tafelberg	397
1.1.1.4	Museum en Biblioteek in Jamestown en ouerhuis in Sterkstroom	397
1.1.2	Ander ongepubliseerde bronne	397
1.2	Gepubliseerde bronne	402
1.2.1	Amptelike publikasies van die Ned Geref Kerk	402
1.2.2	Periodieke kerklike publikasies	403
1.2.2.1	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif [NGTT] (Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers)	403
1.2.2.2	Die Kerkbode [Kb] (Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers)	404
1.2.2.3	Die Gereformeerde Vaandel [GV] (Pro Ecclesia- Drukkery, Pastoriestraat, Stellenbosch)	405
1.2.2.4	Die Voorligter	406
1.2.2.5	Koers in die Krisis	407
1.2.2.6	Het Zoeklicht, Kaapstad. Nasionale Pers Bpk.	407
1.2.2.7	Die Soeklig	407
1.2.2.8	Die Ou Paaie	407
1.2.2.9	In die Skriflig	407
1.2.2.10	Hervormde Teologiese Studies	408
1.2.2.11	Die Hervormer	408
1.2.2.12	DRC Africa News	408
1.2.3	Dagblaaie	408
1.2.4	Algemene Literatuur	408



2	Empiriese Navorsing	416
2.1	Onderhoude is gevoer met die volgende	416

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 AGTERGROND

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is die oudste kerkverband in Suid-Afrika en sy geskiedenis strek terug tot by die volksplanting in 1652 en die totstandkoming van die eerste kerk in Suid-Afrika in 1665.

Dit is `n kerkgeskiedenis wat ten nouste vervleg is met die geskiedenis van Suid-Afrika self en as sodanig het baie leiersfigure binne hierdie kerkverband aan die kerkgeskiedenis en geskiedenis van die land help skryf.

Een van daardie kerkleiers was dr Jacobus Daniël Vorster.

As predikant en kerkregkundige het hy, “die geskiedenis van ons kerk in Suid-Afrika help skryf in een van die belangrikste tydvakke van die kerk se bestaan.” [*Die Burger* 09/01/1982]

Vir langer as vier dekades, maar veral in die tydperk 1951 tot 1962, het hy `n belangrike bydrae gelewer in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk.

Van Vorster word getuig: “Sewentig jaar gelede is daar in Jamestown `n seuntjie wat die naam Jacobus Daniël sou ontvang vir die Vorster-gesin gebore. Hy was bestem om `n besondere rol in ons vaderland en met name in die Nederduitse Gereformeerde Kerk te speel. Dit is inderdaad merkwaardig dat uit een huisgesin `n staatspresident en `n moderator van die Algemene Sinode van die grootste kerk hier te lande aan ons gegee is.” [Potgieter 1979:272]

J D Vorster, beter bekend as Koot Vorster, het op 10 Augustus 1935 predikant geword in die Ned Geref Kerk, De Nieuwe Kerk, Kaapstad. Hier sou hy vir die volle tyd van sy bediening van meer as 44 jaar aan die voet van Tafelberg werk, eers as mede-leraar in De Nieuwe Kerk Kaapstad [wat tans die Ned Geref Kerk Tamboerskloof is] en vanaf 1944 tot met sy emeritering in 1979 as leraar van die Ned Geref Kerk Tafelberg.

In Kaapstad, waar Vorster se bediening in 1935 begin het en in 1979 geëindig het, kon hy op die spore van die eerste kerkleiers volg en besieling vind om in die proses sy eie spore te trap. “Dit was vir hom genoeg om slegs een plaaslike kerk te bedien en ´n leiersfiguur in die kerkverband te word.” [Brown 1979:271]

Met die aanvaarding van sy emeritaat in 1979 het mense met groot waardering getuieis gelewer van dr Koot Vorster se vrugbare lewe en werk. By daardie geleentheid is die *Ned Geref Teologiese Tydskrif* se uitgawe van 4 September 1979 ook volledig as ´n huldeblyk aan hom gewy. “Om erkenning van sy kerkregtelike bydrae te gee, word ´n artikel aangebied oor die ontwikkeling van die Ned Geref Kerkregering en gepaardgaande kerkregtelike denke. Hierin word dr Vorster se aktiewe deelname na vore gebring.” [Brown 1979:271]

In hierdie artikel oor die kerkregtelike ontwikkeling word ´n terugblik gegee oor die geskiedenis en aangedui hoedanig die Ned Geref Kerk tot in die 20ste eeu voortgegaan het om sy kerkregering te verwerk: “Sy geskiedenis en teologiese uitgangspunte is verantwoord. Kerkregering is gepaar met kerkregtelike besinning.

“Daarvan lewer die bediening van dr J D Vorster bewys.” [Brown 1979:277]
Vorster het in volle oorgawe met die kerk en kerklike belange meegeleef,



“Omdat hy student gebly het, veral in die gereformeerde kerkreg, was hy met sy kerk op weg.” [Brown, 1979:271]

Na Vorster se heengaan in 1982 het die Redakteur van die *Ned Geref Teologiese Tydskrif [NGTT]* gesê dat die blad ’n getroue begeleier verloor het. ’n Man wat van die begin af daar was. “Met ’n ywer en oortuiging eie aan hom het hy jou telkens daaraan herinner dat die blad [NGTT] in die lewe geroep is om die gereformeerde benadering en akademie te bevorder. Aan hierdie doelstelling wil ons graag getrou bly.” [Brown 1982:105]

Met hierdie woorde het die *NGTT* as teologiese tydskrif sy standpunt om getrou te bly aan die “gereformeerde benadering” benadruk. Die vraag kan gevra word of Vorster in sy jarelange diens as predikant, kerkregkundige, aktuaris en kerkleier self hieraan getrou gebly het en die Gereformeerde Kerkreg konsekwent beoefen het?

Dit is nie ’n onbillike vraag nie want Koot Vorster het homself as ’n gereformeerde kerkregkundige beskou en het deur sy lang bediening die geleentheid gehad om dit uit te leef en te bewys. Hy was ’n predikant wat gaandeweg in statur gegroei het tot dat hy later in meerdere vergaderings begin leiding neem het en ’n gerespekteerde kerkleier geword het. Verskeie kere sou hy ook vertrou word om die Ned Geref Kerk te verteenwoordig in belangrike afvaardigings en kommissies binnelands sowel as in die buiteland.

As ’n hoogs begaafde man wat deur die gesproke sowel as die geskrewe woord die kerk kerkregtelik help stuur het, het hy ’n groot rol gespeel in die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling. ’n Hoogtepunt in hierdie ontwikkeling was sekerlik die aanloop, voorbereiding en totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

Met reg kan gesê word: “Oor hom is die laaste woord nog nie gespreek nie.

Hy sal onthou word en sy standpunt en aandeel in die kerk waarin hy voorgegaan het, sal bestudeer word” [Brown 1982:105]

Hierdie studie wil na Vorster se kerkregkundige bydrae kyk en dit beoordeel aan die hand van sy eie siening van die gereformeerde kerkreg en soos dit in sy studie, werkswyse, voorstelle, besluite, optredes, adviese en geskifte beslag gekry het.

Dit is ’n studie wat aansluiting vind by ’n vroeëre studie wat onder die titel: Die vormingsjare van die kerkleier J D [Koot] Vorster, gedoen is en wat as verhandeling vir die graad M Th aan Unisa gedien het. [Louw 1994] In daardie studie is daar o a meer breedvoerig ingegaan op verskeie faktore wat bygedra het tot die vorming van Vorster as kerkleier.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Alhoewel met geleerdes saamgestem kan word dat alle navorsing vanuit ’n probleem ontstaan, is hierdie studie eerder ’n vraagstelling wat vir ’n antwoord en beoordeling vra. Die vraag in hierdie studie is of dr Koot Vorster getrou gebly het aan die gereformeerde kerkreg toe hy leiding geneem het in die voorbereiding van die Algemene Sinode en meer bepaald in die opstelling van die nuwe Kerkorde.

1.3 MOTIVERING

By die studie van literatuur wat oor die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling, en in besonder die aanloop tot die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 strek, is bevind dat navorsers slegs oorsigtelik na Vorster se aandeel verwys.

Dis te verstane aangesien navorsers die breër terrein gedek het en nie soseer die rol van individue in die oog gehad het nie.



Wat dit betref is daar, myns insiens, ’n leemte vir sover die rol wat Vorster gespeel het nie genoeg aandag ontvang het nie en is sy bydrae belangrik genoeg dat verdere teologiese studie daaroor binne ’n Teologiese Fakulteit aangepak behoort te word.

Dis teen hierdie agtergrond en probleemstelling dat hierdie studie onderneem is.

1.4 NAVORSINGSMETODE

1.4.1 Literatuurstudie

1.4.1.1 Oorspronklike Bronne

Dit was ’n voorreg om in Vorster se studeerkamer toegang te gehad het tot korrespondensie wat hy met sy kenmerkende netjiese handskrif geskryf het of op sy tikmasjien getik het. Na sy dood is dit opgevolg met besoeke aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis in Bloemfontein. By die Kerkargief in die Sinodekompleks Kaapstad en later te Roelandstraat Kaapstad is, in ’n moeisame proses, al die Notules van die Ring van Kaapstad sowel as die Handeling van die Sinodes van die Kaapse Kerk deurgegaan.

1.4.1.2 Bronne waarvan Vorster die outeur was

Daar is baie gebruik gemaak van die boeke, diktate, lesings, artikels en toesprake wat Vorster self oor ’n lang periode die lig laat sien het. Vir ’n beter “prentjie” van die man Vorster is alle beskikbare bronne wat vanaf sy geboorte tot by sy dood oor hom of deur hom gesê is geraadpleeg.

1.4.1.3 Ander tersaaklike literatuur

By die keuse van ’n navorsingstema het dit reeds geblyk dat daar min literatuur bestaan m b t die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling sedert sy ontstaan tot by die eerste Algemene Sinode. Wat wel van groot hulp

was, is die feit dat die bestaande literatuur deur erkende gereformeerde kerkregkundiges daargestel is en getuig van 'n diep insig, grondige navorsing en deeglike optekening.

Afgesien van Vorster se eie optekening van die kerkregtelike ontwikkeling gedurende die eerste jare onder die Kompanjie en by die Voortrekkers het ander kerkregkundiges as te ware by hom "oorgeneem" en dit verder nagevors. So het ander kerkregkundiges die ontwikkeling baie geordend vanaf 1795 tot 1975 nagevors. Dit alles was van groot hulp en het verdere navorsing vergemaklik.

1.4.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

1.4.2.1 Onderhoude

1.4.2.1.1 Onderhoude met Vorster

As empiriese ondersoek is daar vir hierdie studie o a gebruik gemaak van persoonlike gesprekke met dr Koot Vorster self. Die voorreg het hom voorgedoen dat heelwat kostelike en vrugtevolle gesprekke met hom, sy vrou en gesin in sy huis gevoer kon word.

1.4.2.1.2 Gesprekke met ander persone

Veel is ook van die man Vorster, sy talente, sy liefde vir die kerk en bediening agtergekom in gesprekke wat gevoer is met van sy familieede, skoolmaats, studentemaats, predikante en lidmate van die Ned Geref Kerk Tafelberg.

Waardevolle inligting m b t sy vormingsjare is ingewin tydens besoeke wat afgelê is op die plaas Spitskop waar hy grootgeword het, hul naaste dorp Jamestown asook Sterkstroom waar hy gematrikuleer het.

Uit sulke gesprekke kon meer van Vorster se geaardheid, persoonlikheid en

karakter te wete gekom word.

1.5 UITEENSETTING VAN HOOFSTUKKE

Hoofstuk 1 dien as algemene inleiding en in hierdie hoofstuk is gekyk na die breër agtergrond waarteen Vorster se optrede gesien moet word. Kortliks word gekyk na die probleemstelling, hipotese en die navorsingsmetode.

Hoofstuk 2 behandel die Kaapse Kerk se kerkregtelike ontwikkeling vanaf 1665 tot by die eerste sinode in 1824. Dit is veral die begrip “kerkverband” wat hier die aandag vra en hoe kerke dit in die kerkgeskiedenis gehanteer het. Uit die aard van die saak word dieper ingegaan op die strewe wat die kerk aan die Kaap gehad het om ’n eie sinode te vorm.

Hoofstuk 3 beskryf die kerkregtelike ontwikkeling wat in die Kaapse Kerk plaasgevind het sedert die eerste sinode in 1824. Gedurende hierdie periode, word aangetoon, het die kerk in Suid-Afrika nie die liberale strominge vanuit ander dele van die wêreld vrygespring nie en het dit alles help bydra tot die ongelukkige gebeure by die sinode van 1862.

Hoofstuk 4 wil aantoon hoe lidmate van die Kaapse Kerk sowel as lidmate in die noordelike provinsies alles in die stryd gewerp het om die breuk van 1862 weer te herstel. Dit het onder andere uitgeloop op die belangrike gebeurtenis in die Ned Geref Kerk se geskiedenis toe die Raad van Kerke in die lewe geroep is om aan kerkhereniging te werk.

Hoofstuk 5 vestig die aandag op die werk wat die Raad van Kerke sedert sy stigting in belang van kerkhereniging gedoen het en hoe dit ondersteun is met die nuwe aandag wat die onderrig van kerkreg op hierdie stadium geniet het.

Hoofstuk 6 omvat die tydperk toe Koot Vorster op die toneel gekom het as

student en betrokke geraak het in die stryd rondom professor Johannes du Plessis. Hy het as jong student reeds rekenskap gegee van sekere belangrike teologiese kernsake en homself verder verdiep in studie van die kerkreg. Terselfdertyd laat hy sy stem hoor in artikels en in optredes by studentebyeenkomste en vereenselwig hom met die ideaal van kerkhereniging soos dit deurlopend op die tafels van die Sinodes en die Raad van Kerke bly.

Hoofstuk 7 beskryf Vorster se toetrede tot die bediening in Kaapstad en sy betrokkenheid by meerdere vergaderinge waartydens sy insig t o v kerkregtelike sake die oog vang en hy toenemend leiding neem in belangrike kommissies.

Hoofstuk 8 beskryf die tydperk in Vorster se bediening toe hy oor ´n breë front binne die geleedere van die Ned Geref Kerk groot aansien geniet het en baie invloed uitgeoefen het as kerkregkundige. Die kerk wat hy liefgehad het, het hom vertrou met hul ideaal van kerkhereniging en hom heelhartig ondersteun in sy ywer om dit te laat waar word. Die wyse waarop hy ´n belangrike saak soos tug by sinodes gehanteer het en die klem wat hy gelê het op liefde en orde binne die huisgesin, plaaslike kerk en kerkverband was vir lidmate bemoedigend van ´n kerkleier wat die eer van God gesoek het. Hy is dan ook deur sy kerk gekies as die leier wat moes voorstap in die verwesenliking van die ideaal van kerkhereniging.

Hoofstuk 9 beskryf Vorster se belangrike rol in die finale voorbereiding van die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 en veral soos dit neerslag gevind het in die opstel van ´n konsep-kerkorde en die voorlegging daarvan aan al die onderskeie sinodes. Vorster se beoordeling van die kerkorde sowel as die kritiek uit sommig oorde word ook bekyk en beoordeel.

Hoofstuk 10 bring beoordeling van Vorster se kerkregtelike bydrae en in besonder aan die hand van uitsprake wat hy gemaak het oor tientalle



kernsake van die Gereformeerde Kerkreg.

1.6 HIPOTESE

Ek wil dus in hierdie studie aantoon dat dr Koot Vorster as gereformeerde kerkregkundige 'n besondere groot bydrae gelewer het in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk. Ek wil aantoon dat hy gaandeweg 'n groot aansien binne die kerkverband verwerf het en 'n groot invloed uitgeoefen het op die verloop van kerkregtelike sake. Ten slotte sal dit uit die studie duidelik word dat hy sterk leiding gegee het by die voorbereiding en totstandkoming van die Algemene Sinode van 1962 en die eer moet kry dat hy soos 'n ware gereformeerde kerkregkundige sy geliefde kerk van enige kollegiale tendense wou bevry en aan die Dordtse Kerkorde wou vasbind.

HOOFSTUK 2

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF 1652 TOT BY DIE EERSTE SINODE IN 1824

2.1 INLEIDING

Gereformeerde Kerkreg het, volgens sekere gereformeerde kerkregkundiges, vier besondere eienskappe. Dit is “de zelfstandigheid van de plaatselike gemeente, de presbyteriale vorm van kerkregering, de noodzakelikheid van het kerkverband, en de rechte verhouding van kerk en staat.” [Keet 1925:9] Hierdie vier eienskappe is ook kensketsend van die kerkregtelike geskiedenis van die oudste kerk in Suid-Afrika - die Ned Geref Kerk.

In hierdie hoofstuk, wat die tydperk vanaf stigting tot by die eerste sinode in 1824 omvat, is dit die stryd teen owerheidsoorheersing en die strewe na ’n kerkverband wat van besondere belang is. Dit is ook die tydperk wat deur Vorster self deeglik nagevors is en in sy proefskrif: “Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die kompanjie 1652-1795” neerslag vind. [Vorster 1956]

Die soeke na en verwesenliking van ’n kerkverband loop soos ’n goue draad deur die kerkregtelike geskiedenis van die Ned Geref Kerk. Reeds onder die bewind van die kompanjie het die jong kerk ’n behoefte gehad aan ’n kerkverband. Gemeentes het wel vir 15 jaar byeengekom in ’n “gekombineerde vergadering”, maar die eerste sinode sou eers in 1824 gehou word.

’n Paar dekades later het ’n groot terugslag die kerk getref toe twee nuwe gereformeerde kerke nl die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerk gestig is. Nog later sou ’n hofuitspraak in 1862 die

kerkverband verbreek en was die hartseer gevolg dat verskeie onafhanklike sinodes tot stand gekom het. Die kerk sou in hierdie verdeeldheid nie berus nie en het steeds daarna bly streef om weer in een sinode te verenig. Dit gebeur dan ook presies honderd jaar later toe vereniging suksesvol afgesluit is met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

’n Belangrike faset van die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk was dus die soeke na ’n kerkverband wat vry is van enige oorheersing. Dis juis in hierdie strewe en pogings dat dr Koot Vorster gedurende sy bediening ’n geweldige groot bydrae gelewer het en wat die onderwerp van hierdie studie is.

Vir Vorster was die voorreg beskore om gedurende sy lang bediening meer as een keer ’n baie geskiedkundige gebeurtenis binne die Ned Geref Kerk mee te maak. By baie hiervan was hy baie aktief in die binnekring betrokke. In sommige gevalle was hy selfs die persoon wat dit die eerste keer aangevoer het. Een van hierdie geskiedkundige gebeurtenisse was die herstel van die algemene sinodale kerkverband wat in 1862 deur ’n uitspraak van die Hooggeregshof verbreek is. [Van der Watt 1987:10]

Bakens gedurende die tydperk 1652 tot 1824 is die kerk se stigting en beginjare, die kerk se strewe om vry te word van owerheidsoorheersing, die sogenaamde Kerkorde van De Mist in 1804 en die eerste sinode in 1824.

2.2 Vormingsjare van Dr Koot Vorster

Koot Vorster was ’n kind van die bekende Stormberge in die Oos-Kaap. Op die plaas Spitskop in die omgewing van Jamestown het hy op 26 November 1909 vir die eerste keer die lewenslig aanskou.

Dit was asof die natuur Vorster ook gebrei het vir die belangrike rol wat hy later in die kerklike lewe sou speel want, soos die naam Stormberge aandui,

was die jong Koot se kinderwêreld 'n harde en ongenaakbare omgewing. Dis 'n wêreld van swaar donderstorms, uitmergelende droogtes en wintertemperature wat dikwels tot minus 20 grade gedaal het.

Dis in hierdie omgewing dat die eerste trekboere, o a voorsate van Vorster, ingetrek het. Asof die moeilike toestande vir boerdery nie genoeg was nie, het talle swartmense in hulle vlug om vanaf Tsjaka se moordbendes weg te kom, boere aangeval en hulle plase geplunder.

Tog het dit die trekboere nie verhinder om daar te gaan bly en 'n sukses van hulle boerdery te maak nie. By hulle was daar 'n vryheidsdrang wat niks en niemand kon stuit nie. Hierdie drang na vryheid is van die belangrikste persoonliksheids-kenmerke wat die Stormbergers getoon het en wat ook in hul nageslagte voortgesit is.

Die dorpe wat in die Stormberge ontstaan het soos Burgersdorp, Aliwal-Noord, Dordrecht, Molteno en Jamestown was nogal baie "kosmopolities" a g v oudgediendes van die Napoleontiese oorloë, Duitse legioensoldate, immigrante van Holland en afstammeling van die Britse Setlaars. [Wagenaar 1971:17] Jamestown was dus vanweë die baie Engelssprekendes, Duitsers, Libanese en Jode alles behalwe 'n geslote boeregemeenskap.

Die aanwesigheid van soveel anderstaliges en kultuurgroepe het 'n beslissende invloed uitgeoefen op die kinders wat daar opgegroeie het. In hulle aanraking en omgang met "vreemde" kulture is hulle uitkyk in 'n sekere sin verbreed. In 'n ander opsig is die liefde vir hulle eie taal en kultuur weer versterk in die "stryd" met die ander kulture wat meestal ouer en sterker was. Dit het die gevoel van Afrikaner-eiesoortigheid by die kinders versterk. Dit was dan ook die geval met Koot Vorster.

Koot het opgegroeie in 'n ouerhuis waar die Woord van die Here 'n sentrale plek ingeneem het en waar liefde, respek, orde en dissipline gegeld het. Dit

sou ook later in sy eie lewe as vader in sy huis, predikant in 'n plaaslike kerk en kerkleier binne die kerkverband duidelik na vore kom.

Later in sy lewe het hy as predikant 'n groot liefde vir die kerkreg ontwikkel. Hierdie liefde laat 'n mens dink aan sy oupa Oelf wat nogal 'n groot belangstelling in die regspleging gehad het. As die Hooggeregshof op Aliwal-Noord gesit het, het Oelf altyd vir 'n tydjie in sy dorpshuis, regoor die Magistraatskantoor, gaan bly. Wanneer die advokate by sy huis verbyloop op pad hotel toe waar hulle gebly het, het hy altyd vir hulle gewink om nader te kom. Dan het hy met hulle gesprekke gevoer en sou hy hulle altyd vermaan met die woorde: 'Julle moet tog luister wat die mense te sê het en reg en geregtigheid doen, want onthou, julle sal ook eendag voor 'n Regter moet staan.'" [Louw 1994:57]

Koot het ook sy oupa Oelf se beslistheid geërf - vir wie swart swart was en wit wit met min grys tussenin. Hierdie beslistheid is 'n persoonlikheidstrek wat Koot Vorster dwarsdeur sy bediening geopenbaar het en wat by baie mense 'n negatiewe beeld van koudheid en ongenaakbaarheid gelaat het. Sommige van sy teenstanders het dit dan ook as onchristelikheid beskou.

In 1909 toe Koot Vorster gebore is, was die Anglo-Boereoorlog nog vars in die geheue. Die Afrikanervolk se stryd om vryheid in sy eie vaderland en die wonde wat die klein Boerevolk aangedoen is was rou en seer. Koot se ouers, Willem en Bettie Vorster, het in die opvoeding van hulle kinders seker gemaak dat hulle kinders weet dat hulle Afrikaners is. Liefde vir die vaderland en hul eie volk is daaglik by hulle ingeskerp.

In die skepping van hierdie liefde vir sy volk het die Ned Geref Kerk van sy tyd geen geringe rol gespeel nie. Soos sy ouers, was hy van sy kinderdae af baie lief vir die kerk en dit was vir hom 'n geestelike tuiste waarbinne hy sy liefde vir sy volk ten volle kon uitleef. 'n Tuiste wat ook 'n akkomodasie gegee het vir sy

kulturele en politieke ideale.

Reeds gedurende sy hoërskooljare is sy leierseienskappe deur sy skoolmaats opgemerk en het hulle groot respek vir hom gehad. Hulle kon sien dat hy sy godsdiens ernstig opneem en beginselvas nie skroom om 'n standpunt in te neem en daarby te bly nie. Van sy skoolmaats het aangeneem dat hy eendag vir predikant sou gaan studeer.

2.3 STUDENT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH EN EERSTE KENNISMAKING MET DIE VAK KERKREG

Vanaf 1928 was Vorster vir sy voorgraadse studies 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch waar hy ook later by die Teologiese Seminarium ingeskryf het om as predikant opgelei te word.

As begaafde en toegewyde student het hy as leier onder sy studentemaats uitgestaan. Die Calvinistiese lewens en wêreldbeskouing wat hy van huis uit besit het, is by hom dieper ingeskerp, en algaande het hy geleer om “verantwoording te doen aan elkeen wat van hom rekenskap eis omtrent die hoop wat in hom is.” [Potgieter 1979:272]

As student reeds word hy geken as iemand wat hom onomwonde identifiseer en onverskrokke sy standpunt stel en 'n persoon met 'n vaste uitgangspunt. [Brown 1979:271]

Wanneer sy goeie vriend FJ M Potgieter aan Vorster dink as student merk hy op: “Toe reeds het dit geblyk dat hy onvoorwaardelik buig voor die gesag van die Woord van God en dat hy intree vir die behoud van die geloof van die vaders.” [Potgieter 1979:272]

Die respek wat Koot Vorster in sy ouerhuis gehad het vir sy ouers en meerderes was ook in sy studiejare baie opsigtelik. Van sy vriende verwys

ook daarna: “Die piëteit wat hy vir sy ouers gehad het, het ook sy optrede teenoor sy leermeesters gekenmerk.” [Potgieter 1979:272] In sommige van sy leermeesters het Vorster ware sielsgenote gevind.

Soos in sy skooljare het Vorster erns gemaak met sy studie. Hy was ’n getroue en ywerige student. Studietyd moes in elk geval goed benut word want, soos omtrent al sy studentemaats, was hy ook arm.

Die Afrikanervolk was vasgevang in “ongekende finansiële depressie” [Du Toit. 1971:62] Dit was ’n nood wat so groot was dat die destydse regering ’n beroep op die kerk gedoen het om alle moontlike bystand te verleen. [Du Toit. 1971:62]

Die kerk het na sy lidmate uitgereik en heelwat navorsing gedoen, kongresse en konferensies gehou, verskeie publikasies die lig laat sien [Zeeman 1957:48] en selfs in 1919 ’n sinodale kommissie, Algemene Armesorgkommissie, in die lewe geroep.[Zeeman1957:47] In 1933 is die Federale Armesorg Raad gestig om as koördinerend- adviserende liggaam van die 4 gefedereerde N G Kerke te dien. [Zeeman 1957:48]

Dis in hierdie tyd van wydverspreide finansiële nood dat Vorster hom as student op Stellenbosch bevind het. Die roeping wat hy van die Here ontvang het sou hy met deursettingsvermoë opvolg en nie toelaat dat finansiële nood dit laat ontspoor nie.

Hier sou hy vir die eerste keer kennis maak met al die Teologiese dissiplines. Hy was van sy kinderjare af baie lief vir geskiedenis en het dus baie gehou van die vak Kerkgeskiedenis. Tog was dit die vak Kerkreg wat hy gekies het en vir hierdie vakgebied was hy baie lief. Dit was inderdaad sy “liefingsvak” [Potgieter 1979:273]

Aan die einde van 1934 slaag Vorster sy proponentseksamen met onderskeiding [Esterhuysen, T.C. in *Die Voorligter* Desember 1962:13] en was hy voorbereid en gereed om beroep te word as bedienaar van die Woord.

2.4 VORSTER DIE KERKREGKUNDIGE

Dr Koot Vorster se liefde vir die vak kerkreg het daartoe gelei dat hy hom verder daarin verdiep het en verskeie publikasies en artikels die lig te laat sien. Hy het ook deur verder studie 'n meestersgraad sowel as 'n doktorsgraad daarin verwerf.

In 1943 was die titel van sy verhandeling vir M Div: “Kerk en Kerkregering van die Voortrekkers” terwyl die tesis van sy Th D in 1954 gehandel het oor, “Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 tot 1795.”

As predikant het hy vroeg in sy bediening reeds betrokke geraak in meerdere kerkvergaderinge en begin om leiding te neem binne die kerkverband. Dit het hy gedoen as skriba van die Ring van Kaapstad [sedert 1953], aktuaris van die Kaapse Kerk [1953 - 1973], moderator van die Kaapse Kerk [1975], aktuaris van die Algemene Sinode [1962- 1969], assessor van die Algemene Sinode [1974] en moderator van die Algemene Sinode [1970].

Hy het 'n groot bydrae gelewer tot die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk in die breë, maar sy belangrikste bydrae, en dit waarvoor hy seker altyd onthou sal word, is ongetwyfeld sy aandeel in die herstel van die Ned Geref Kerkverband met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962. Vir Vorster self was dit, in sy eie woorde, 'n hoogtepunt in sy lang bediening.

Sy aandeel in hierdie voorbereiding het heelwat belangrike kerkregtelike sake behels soos onder andere die opstel van 'n kerkorde en om hierdie konsep-

kerkorde met toeligtig en verdere verduideliking aan die onderskeie sinodes voor te lê vir bekendstelling en goedkeuring.

Dit sou egter eers kon geskied nadat Ordonnansie no 7 van 1843 aangespreek is want die ordonnansie het o a geimpliseer dat geen streeksinode of Algemene Sinode ingestel sou kon word sonder om hierdie Ordonnansie te wysig of te herroep nie. [Van der Watt 1980:44] Dit was juis as gevolg van die hof se interpretasie van hierdie Ordonnansie dat die grense van die Kaapkolonie ook die grense van die Kaapse Kerk bepaal het.

Die Kaapse Kerk het voortdurend daarna gestreef om hierdie Ordonnansie te wysig of te herroep en daarom was die geskiedkundige kerkvereniging van 1962 dus `n besonder heuglike gebeurtenis. Nie alleen omdat die breuk van `n eeu gelede geheel is nie, maar ook omdat dit die einde van `n lang en moeilike kerkregtelike pad was. `n Pad wat teruggevoer kan word na die tyd toe die Kompanjie nog aan die Kaap aan bewind was. Aangesien dit juis die tydperk was waarvoor Vorster navorsing gedoen het was hy, uit die aard van die saak, goed op hoogte van dit wat daardie tyd in die hart van die kerk geleef het. Hy was dus in die regte posisie om die kerk kerkregtelik te begelei in haar strewe na die herstel van `n kerkverband en dit het hy dan ook met oorgawe gedoen en `n belangrike bydrae daartoe gelewer.

Vorster was in meer as een opsig die regte man vir hierdie taak want hy was `n kerkregkundige wat deurgaans met toewyding gereformeerde kerkreg beoefen het. Wanneer hy iets in die kerkverband bespeur het wat vir hom na `n afwyking van die gereformeerde leer gelyk het, was hy nooit bang om dit aan te spreek en te bestry nie. Hy het dikwels in gesprekke en in optredes met groot dankbaarheid verwys na die feit dat die volksplanting aan die Kaap deur Hollanders was wat die Woord van God en die gereformeerde belydenisskrifte met hulle saamgebring het. Vir hom was dit niks anders as `n Goddelike beskikking dat die Portugese, wat meestal aan die Rooms

Katolieke Kerk behoort het, wel die eerste mense was wat om die suidpunt van Afrika gevaar het, maar nie kans gesien het om hulle by die Kaap van Storms te vestig nie. Dat God dit so gewil het dat die Hollanders met die gereformeerde geloof kans gesien het om 'n verversingspos aan die Kaap van Goeie Hoop te stig. [Vorster in *GV* Mei 1937:140]

Die eerste kerk aan die suidpunt van Afrika was dus 'n gereformeerde kerk en dit was 'n kerk wat onder die seënende hand van God gegroei het tot baie gemeentes en wat deur die strewe na 'n kerkverband in 1824 die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika geword het.

Die eerste deel van hierdie tydperk word afgesluit met die jaar 1824. Dis 'n sinvolle afsluitingsdatum vir die eerste periode van die Ned Geref Kerk in Kaapland se geskiedenis en kerkregtelike ontwikkeling want dit was die jaar toe daar vir die eerste keer sedert sy ontstaan 'n selfstandige sinodale verband tot stand gekom het.

2.5 KERKVERBAND

Kom die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk tot 1962 onder die loep, is dit sake met betrekking tot die kerkverband wat die aandag trek want die Algemene Sinode van 1962 was niks anders nie as die herstel van 'n kerkverband nie. 'n Kerkverband bestaan natuurlik uit 'n aantal plaaslike kerke en daarom vra die plaaslike kerk aandag.

2.5.1 Plaaslike Kerk

Oor die status van die plaaslike kerk het Vorster saamgestem met ander gereformeerde kerkregkundiges dat die plaaslike kerk of gemeente die “uitgangspunt en grondgedagte van die Gereformeerde kerkregeringstelsel” is en dus 'n “komplete kerk” is. [Kleynhans 1985:1]

Dis immers in die plaaslike kerk,

- waar Christene se behoefte aan gemeenskap met ander gelowiges bevredig word,
- waar die “gemeenskap van heiliges” ’n “outome en volledige kerk” is, [Vorster s a Beroepstelsel:41]
- waar die verkondiging van God se Woord geskied en die gemeente kennis neem van God se onbeskryflike liefde en genade soos wat dit neerslag vind in die soendood van Jesus Christus,
- waar die gemeente as verlore sondaars God Drieënig aanbid, Hom loof en prys en hulle sondes bely,
- waarbinne die liefde van God tot uitdrukking kom en lidmate tot ’n eenheid saamgebind word en in eenheid en ware gemeenskap diensbaar wil wees aan die Here en sy kerk,
- waar lidmate ongelukkig ook in die versoeking kom om hulle eie belange te soek en hulleself te laat geld en waar sulke gedrag meestal tot twis, tweedrag en selfs skeuring lei maar,
- waar aanvaar word dat God ’n God van orde is en alles in die kerk ordelik moet verloop [vgl 1 Kor 14:33 en 40] en,
- waar die noodsaaklike ordelikheid verkry en behou word deurdat lidmate hulle in gehoorsaamheid buig onder die gesag van die Woord van God soos wat dit bepaal word in die wette en bepalinge [kerkorde] van die kerkverband,
- en in die plaaslike kerk uitgevoer word deur diegene wat deur die lidmate tot die amp van ouderlinge verkies is.

Vir Vorster het die plaaslike kerk ’n bepaalde gesag en vryheid en dis vir hom van kardinale belang sodat hy gewaarsku het dat die bestaan van ’n kerkverband nie beteken dat “die meerdere vergadering oor die plaaslike kerk heerskappy mag voer nie” [Vorster *Kb* 21 November 1962:705]

Die gemeente is vir hom die basiese uitgangspunt of, soos hy dit gestel het, die “grondeenheid” en vanuit hierdie “grondeenheid” word die gemeente, volgens die Woord van God en die gereformeerde kerkreg, saam met ander

plaaslike kerke konfederatief binne ’n breër kerkverband tot ’n eenheid saamgebind. [Vorster 1978:84]

Koot Vorster was deurgaans baie lief vir die diens waarin hy gestaan het as bedienaar van die Woord in ’n plaaslike kerk met alles wat dit behels het. Uit persoonlike gesprekke en vanuit die kerkraad se notules is daar oorvloedige bewyse dat hy ’n ware en getroue “pastor” was en dat die gemeentelede ook vir hom baie lief was.

Die Ned Geref Kerk Tafelberg, die enigste gemeente wat hy bedien het, het op ’n stadium kleiner begin word omdat lidmate uitgewyk het na die onderskeie voorstede en dit het gebeur terwyl die herder al hoe meer binne die breër kerkverband in belangriker posisies verkies is. Dit moet van Vorster gesê en gewaardeer word dat hy, veral ook terwyl hy invloedryke posisies binne die kerkverband beklee het en letterlik die wêreld vol gereis het namens die kerkverband, altyd weer “tuisgekom” het by die klein stadsgemeente. ’n Kleinwordende gemeente, maar wat hy gesien het as ’n gemeente wat in eie reg ’n outonome en volledig plaaslike kerk is.

Getrou aan die gereformeerde kerkregtelike beginsels waarin hy geglo het, het hy die gemeente jaloers bedien en “bewaar” teen enige vorm van moontlike “heerskappy” wat van die kant van ’n ander gemeente, die ring of enige sinode sou kom. Later word aangedui hoe Vorster ’n geskil oor gemeentegrense met ’n aangrensende gemeente gehanteer het.

Wat die outonomie van die plaaslike kerk [in hierdie geval die Ned Geref Kerk Tafelberg] betref, het Vorster geglo en dit met erns uitgevoer dat die “plaaslike kerk die middelpunt van die organisasie van die kerk uitmaak en ’n volledige kerk is. Die plaaslike kerk is nie in sy wese en bestaan van die kerkverband afhanklik nie, maar is met sy ampte en bedieninge ’n volledige kerk” [Vorster *Kb* 21 November 1962:705]

Vorster het natuurlik geglo dat die kleinerwordende gemeente weer sal begin groei. Hy het dit entoesiasies met die gemeente gedeel op grond van die feit dat hy oor inligting beskik het wat daarop neergekom het dat van die staatsdepartemente binne die ontruimde ou Distrik Ses sou intrek. Jare later het hierdie “droom” van hom dan ook gedeeltelik gerealiseer.

As dit dan nou aanvaar word dat die plaaslike kerk ’n outonome en volledige kerk is en die bevoegdheid het om die kerkverband daar te stel kan die vraag gestel word waarom die plaaslike kerk ’n kerkverband sal wil vorm? Waarom sal ’n plaaslike kerk dit wenslik of selfs noodsaaklik ag om saam met ander plaaslike kerke ’n kerkverband te vorm? Of het die plaaslike kerk vanuit die Heilige Skrif die roeping om dit te doen?

Vorster het self geglo en gesê dat die Gereformeerde kerkregtelikes reg was toe hulle geoordeel het dat “die kerklike instituut nie ’n menslike nie, maar ’n instelling van Christus is, en daarom moet dit aan die grondbeginsels van die Skrif sy styl en karakter ontleen.” [Vorster 1978:78]

Daarby het hy ook gevoeg: “Daarom was die struktuering van die kerk as instituut, as sigbare vergestaltung van die geestelike eenheid van die kerk oor die eeue ’n saak van die grootste belang. Die opbou van die kerk van die Here as ’n organisasie is nie ’n willekeurige saak nie. Die uitgangspunt van die Skrif (Joh 17; Ef 4; ens) is dat Christus net een liggaam het. Daarom is die eenheid van die liggaam of kerk van Christus ’n eienskap van sy wese” [Vorster 1978:78]

Samevattend kan gesê word: “Die plaaslike kerk of gemeente is die uitgangspunt en grondgedagte van die Gereformeerde kerkregeringstelsel en is ’n komplette selfstandige kerk.” [Kleynhans 1985:1] Die plaaslike kerk is outonoom [wel nie onafhanklik nie] maar mag nie oorheers word deur ander plaaslike kerke, ring of sinode of enige meerdere vergadering nie. Aan die

ander kant aanvaar ons dat 'n plaaslike kerk ook nie in 'n lugleegte bestaan nie.

2.5.2 Vorming van 'n kerkverband

Plaaslike kerke mag wel die behoefte hê om met ander plaaslike kerke nouer aansluiting te vind. “Wanneer kerke met dieselfde belydenisgrondslag vir bepaalde doeleindes saamgesnoer en aan mekaar verbind word, word hierdie onderlinge band wat so tot stand kom 'n Kerkverband genoem” [Kleynhans 1985:1] Van Staden wys daarop dat by hierdie vereiste van dieselfde belydenisgrondslag ook nog gevoeg moet word “dieselfde stelsel van kerkinrigting”

Hierdie studie wil juis aandui in watter mate Vorster daartoe bygedra het dat plaaslike kerke wat aan bostaande vereistes voldoen het en met mekaar in verband wou tree kerkregtelik gehelp en begelei word. Hy was dus positief oor die vorming van 'n kerkverband en het die herstel van die algemene kerkverband wat in 1862 verbreek is deurentyd in die oog gehad. Op hierdie saak het hy gefokus en met oorgawe en entoesiasme sy arbeid, denke, tyd en energie aangewend.

Met Vorster se beskouing oor die vorming van 'n kerkverband het hy in die geselskap van ander erkende gereformeerde kerkregkundiges verkeer. Voetius definieër kerkverband: “die klassikale of sinodale verband is 'n blywende samestelling van meerdere kerke onder 'n bepaalde regering en onderlinge verkeer tot wedersydse stigting en bewaring” [Van Staden 1995:6] Vorster se leermeester het ook gesê: “Plaatselike kerken ontstaan overal, die dan later zich samensluiten in 'n algemeen verband. (Niet het algemeen verband is het eerste en dan de plaatselijke gemeenten die daaruit ontstaan, maar omgekeerd.)” [Keet 1925:9]

De diepere grond voor het gereformeerde kerkverband ligt in de geestelijke eenheid in Christus. Alle plaatselijke kerken samen

vormen het ène lichaam van Christus. Er bestaat een innerlijk verband tussen alle ware kerken van Christus, omdat zij eenzelfde geloof deelachtig zijn. Waar die innerlijke band is, daar is het uitwendig verband krachtens Gods Woord noodzakelijk en verplicht. De bijzondere kerk mag niet op zich zelve blijven staan, daar Gods Woord dat niet wil. En zolang de Woord regel blijft moet de uitwendige band ook bewaard blijven.

[Jansen 1952:134]

Plaaslike kerke tree nie “onder dwang” tot ’n kerkverband toe nie maar “gewillig op grond van die positiewe Goddelike reg.” [Kleynhans 85:5; Van Staden 1995:5]

In Voetius se woorde is die grondslag van die vorming van die kerkverband die “vrywillige toestemming of ooreenkoms van die afsonderlike kerke wat in die verband ingelyf word.” In die verband verwys hy na die wese van ’n huwelik wat ’n Goddelike instelling is, maar eers tot stand kom deur die “wedersydse wilsooreenstemming van die huwelikspartye.”..... “Sò is die positief Goddelike reg die Goddelike instelling maar die kerkverband kom eers tot stand deur die wilsooreenstemming van die plaaslike kerke.” [Van Staden 1995:6] Die totstandkoming van ’n kerkverband moet natuurlik Skriftuurlik begrond word. Wat sê die Woord van die Here omtrent die vorming van ’n kerkverband? As gereformeerde kerkregkundige het Vorster hom vergewis van wat die Bybel daarvoor sê.

2.5.3 Die Skrif en roeping tot kerkverband

Vorster [1978:78] is dit eens met ander gereformeerde kerkregkundiges dat “die kerklike instituut nie ’n menslike nie, maar ’n instelling van Christus is, en daarom moet dit aan die grondbeginsels van die Skrif sy styl en karakter ontleen” In sy studie van die Woord erken hy dat daar gedurende die tydperk wat deur die Heilige Skrif gedek word nog weinig sprake van georganiseerde

kerkverband was. Tog kom hy tot die slotsom dat dit uit die karige gegewens blyk dat die kerkverband aanwesig was en ook gegeld het. [Vorster s a :41]

Vir hom was dit reeds 'n kerkverband toe die apostels in 'n buitengewone amp gestel is om die fondament van die kerk van Christus te lê en waar hulle deur die Heilige Gees op besondere wyse begiftig is om die Woord van God ten boek te stel. [Vorster s a :41] Kragtens hulle amp, so sien hy dit, het die apostels in al die gemeentes gesaghebbend opgetree en so die skakel tussen die gemeentes gevorm. “Dit was die geval totdat die geplante kerk, deur hulle arbeid onder die besondere leiding van die Heilige Gees, dië ontwikkelingstadium was waarin die kerkverband organisatories kon fungeer.” [Vorster s a :41-42] Dis ook vir hom duidelik dat “gelowiges van Pinksterdag af gesoek het na 'n sigbare openbaring van hul geestelike eenheid” [Vorster 1978:78]

Vorster sien dan in Handeling 15 'n groei in kerkverband waar die apostels en ouderlinge van die plaaslike gemeente en verteenwoordigers van 'n ander gemeente saam optree. [Vorster s a :42] Die groot klem wat Vorster plaas op die gebeure in Handeling 15 vir soverre dit vir hom reeds tekens van 'n kerkverband is, word deur ander gereformeerde kerkregkundiges ondersteun want, so oordeel Kleynhans, is ons met Handeling 15 by die “wortels van die presbiteriale kerkregering. Die feit dat die kerk deur die Woord en Gees, en deur die diens van ampte regeer word; dat kerke mekaar opsoek wanneer sake plaaslik nie afgehandel kan word nie; en dat besluite vas en bindend is wanneer dit op die gesag van die Skrif rus en onder leiding van die Heilige Gees geneem is, word hier duidelik geïllustreer” [Kleynhans 1985:3]

Daaraan herinner die Skrif ons ook: “Die arbeid van die apostels is die fondament waarop die kerk gebou is, terwyl Jesus Christus die hoeksteen is” [Ef 2:20]

Met die afsterwe van die apostels het die buitengewone amp, volgens Vorster,

verval en het die kerkverband in werking gekom. [Vorster s a :42] Anders gestel: “Soos in die eerste begin van die planting van die kerk die gewone ampte in die buitengewone amp van die apostel begrepe was en daaruit met die groei van die kerk ontwikkel het, so het ook die kerkverband gaandeweg ontwikkel. [Art 28 NGB; Vorster s a :42; Kleynhans 1985:5,6 en 7; Kuyper A Tractaat 1887:77]

Selfs die sewe gemeentes wat in Openbaring 2 en 3 briewe ontvang het word as afsonderlike entiteite beskou en behandel, elkeen met sy eie hoedanighede en probleme sonder dat ´n kerkverband genoem word. Dat die onderskeie gemeentes met mekaar in verbinding sou tree oor sake van gemeenskaplike belang was te wagte.

Vir Nauta natuurlik is die vorming van ´n kerkverband nie iets waarvoor ´n plaaslike kerk veel van ´n keuse het nie, want hy bevind “op grond van talle skriftuurplase” dat “die plaaslike gemeentes nie maar onafhanklik van mekaar mag bestaan nie. Daar is Skriftuurlike roeping tot verband en dit behoort wesenlik tot kerkwees.” [Coertzen1981:18; vgl Kuyper 1887:77]

In hierdie “Skriftuurlike roeping” verstaan sommige geleerdes die positief Goddelike reg as iets wat so dwingend en bindend is dat dit na ´n “Goddelike bevel” mag klink. Van Staden [1995:6] is van mening dat die woorde “ex debito” wat Voetius gebruik het, verkeerdelik met “uit verpligting” vertaal is, terwyl dit eerder vertaal moet word met “uit verskuldiging.”

Die kerkverband, maan Van Staden [1995:6-7] kan nie “dwingend, verpligtend en absoluut” wees nie en is die “wese van die plaaslike kerk nie afhanklik van die kerkverband nie. Dis ook nie die kerkverband wat die bevoegdheid het om plaaslike kerke te stig nie, maar die plaaslike kerke het die bevoegdheid om die kerkverband daar te stel”.

2.5.4 Noodsaaklikheid van kerkverband

Soos ander gereformeerde kerkregkundiges is Vorster dit eens dat die vorming van 'n kerkverband noodsaaklik is op grond van, onder andere, die “eenheid van die Kerke in Christus en die eenheid van die belydenis” [Geldenhuis 1951:143]. Dit was immers ook die saak waarop hy oor dekades heen gefokus het en 'n belangrike bydrae gelewer het.

Dit word soos volg deur Kleynhans gestel: “Die plaaslike kerk of gemeente is die uitgangspunt en grondgedagte van die Gereformeerde kerkregeringstelsel en is 'n kompleete selfstandige kerk” maar elke plaaslike kerk is ook die “institutêre openbaring van die onsigbare liggaam van Christus” en wanneer daar 'n veelheid van plaaslike gemeentes is, is elkeen 'n openbaring van die liggaam van Christus. Omdat hulle almal een is in Christus is dit “in elke gemeente se belang om in onderlinge verband met mekaar te lewe.” [Kleynhans 1985:1]

Oor die noodsaaklikheid van 'n kerkverband verklaar Bouwman: “Een plaatselike kerk is wel een selfstandige complete kerk, maar is uit kracht van haar geboorte uit Christus niet *de* kerk, maar slechts een openbaring van Christus' Kerk op een enkele plaats.” [Geldenhuis 1951:143] Kuyper is dieselfde mening toegedaan: “Een kerk mag niet op zichzelf blijven staan, daar zij niet de kerke Christi is maar slechts *een openbaring* van de Kerke Christi op *eene enkele plaats.*” [Geldenhuis 1951:143]

2.5.5 Beroeping binne die kerkverband

Vorster het 'n baie sterk standpunt gehandhaaf met betrekking tot die beroeping van predikante en het ook 'n boek daarvoor laat verskyn. Hy sê die apostels was in etlike gevalle by die verkiesing van ampsdraers betrokke en daarom moet dit aanvaar word “dat die kerkverband ook by die verkiesing van leraars moet funksioneer” [Vorster s a :42] Hy lig dit verder toe: “Die plaaslike gemeente is wel volledig kerk van Christus en as sodanig outonoom, maar kragtens die eenheid van die liggaam van Christus vorm dit met ander

gemeentes 'n eenheid. Hierdie eenheid kom ook tot openbaring in die plasing van 'n leraar in die gemeente.”[Vorster s a :42]

“Die kerkverband, sê hy, is nie 'n abstrakte idee nie, maar funksioneer ook in so 'n belangrike saak as die kiesing van 'n leraar vir die kerk van Christus.”[Vorster s a :42] “Die orde in die kerk van Christus, as planting van God van orde, vereis dat gemeentes nie los van en sonder ander gemeentes sal optree nie.” [Vorster s a :42]

Die reg wat 'n plaaslike kerk as selfstandige kerk het om te beroep sonder enige verlot van die kerkverband of ander plaaslike kerke word deur Vorster erken. Tog is dit vir hom die ordelike weg dat die kerkverband toesig hou sodat “onwaardiges nie tot die amp verhef word nie.” Hy sê die hele kerk het daarby belang wie in die amp in 'n bepaalde gemeente staan. Ook bring die eenheid van die kerk mee dat die kerkverband toesig moet hou oor die goeie orde en moet toesien dat ook in die beroep van 'n leraar alles ordelik verloop. [Vorster s a :42]

2.5.6 Kerkverband en enkele gevare waarop gelet moet word

'n Kerkverband dien tot die welwese van die kerk en daar moet gesorg word dat die “vryheid van elke gelowige, selfstandigheid van die plaaslike kerk en die samewerking en eenheid van die plaaslike kerke elkeen tot sy reg kom.” [Geldenhuis 1951:142]

Gevare wat die beginsel van die kerkverband kan bedreig is Kongregasionalisme, Rooms Katolisisme en Kollegialisme. [Kleynhans 1985:9] Die Kongregasionalisme/Independentisme misken die kerkverband en beïnvloed plaaslike kerke tot ongehoorsaamheid aan sinodale besluite en Kerkorde. Die Rooms Katolieke kerk beklemtoon die eenheid met miskening van die outonomie van plaaslike kerke terwyl die Kollegialisme plaaslike kerke opsmelt tot 'n kerk, oorkoepelend.

Daar is ook 'n ander uiterste wat as gevaar aangemeld moet word. Dis die standpunt wat ingeneem word deur diegene wat glo dat die kerk eers ware kerk is sodra hy met ander kerke in verband tree en wanneer hierdie eenheid sigbaar en konkreet is. In hierdie geval word die verband ten koste van die plaaslike oorbeklemtoon en dit ontaard in die Roomse hiërargie. [Geldenhuis 1951:142]

Oor die gevaar van die Rooms Katolieke stelsel het Vorster goeie navorsing gedoen in sy nagraadse studie. Dit sal later in hierdie studie verdere aandag ontvang.

Samevattend waarsku Van Staden tereg: “Daar moet, uit dure ervaring, in die besonder gewaak word teen die insypeling van elemente en standpunte uit die Kollegiale, die Independentie of Kongregasionalistiese en die Episkopaalse stelsels van kerkregering.” [Van Staden 1995:1] Hiermee het Van Staden in een kort sin die meeste gevare wat binne 'n Gereformeerde kerkverband kan ontstaan aangedui. En die “dure ervaring” waarvan hy praat is juis ervaring opgedoen in die grondige studie en beleving van die kerkregtelike geskiedenis van die gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

2.5.7 Oorbeklemtoning van die positief Goddelike reg

Van Staden vind by 'n kerkregkundige soos Van der Linde dat hy die positief Goddelike reg so oorbeklemtoon dat dit eintlik 'n Goddelike bevel is en dat plaaslike kerke geen ander keuse het as om in gehoorsaamheid deel te word van die kerkverband nie. [Van Staden 1995:6] Dit moet, volgens Van Staden, afgewys word want as die positief goddelike reg so strak en dwingend is, word die reg en krag van die wedersydse bewilliging uitgewis en word die kerkverband absoluut en vra hy dan die vraag: “As die skepping van kerkverband volgens die positief Goddelike reg sò strak dwingend en verpligtend was, sou dit dan nie moet beteken dat alle plaaslike kerke oor die ganse wêreld in een kerkverband saamgebind moes gewees het nie? [Van

Staden 1995:6]

Van Staden wys daarop dat die feitlike situasie is dat kerke, selfs binne die Gereformeerde belydenis verskeie kerkverbande tot stand gebring het. [Van Staden 1995:6] In wat hy noem, “Gereformeerde Kerkregtelike Probleemareas”, noem Van Staden dat kerke wat gereformeerd wil wees nie alleen die roeping het om kerk te wees nie, maar as Gereformeerde kerke “wat ingerig is en regeer word volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering, gebaseer op Skrifbeginsels, moet dit daarna strewende om in alle opsigte Gereformeerde te wees en te bly.” [Van Staden 1995:1]

Dit is onder andere standpunte waaraan Vorster se kerkregtelike denke en handelingde deurgaans getoets moet word.

2.5.8 Die gevaar van heerskappy van een kerk oor ’n ander een

Wanneer Vorster verklaar dat die plaaslike kerk as outonome kerk die “middelpunt van die organisasie van die kerk uitmaak en ’n volledige kerk” is voeg hy daarby dat die plaaslike kerk nie in sy wese en bestaan van die kerkverband afhanklik is nie, maar is sy bedoeling dat die plaaslike kerk “met sy ampte en bedieninge ’n volledige kerk is.” Dit beteken dat “die plaaslike kerk selfstandig is en dat die een kerk nie oor die ander heerskappy mag voer nie.” [Vorster *Kb* 21 November 1962:705; *D.K.O.*]

Die gevaar bestaan maar altyd dat een plaaslike kerk vir homself die reg kan opeis om oor ’n ander plaaslike kerk heerskappy te voer. Dit mag ook gebeur dat dit ’n meerdere vergadering is wat op ’n onkerkordelike wyse oor ’n mindere vergadering wil heers. Sulke gevalle kom voor, het al voorgekom in die kerkgeskiedenis en word van tyd tot tyd binne ’n kerkverband waargeneem. Dis egter ’n saak waarvoor iemand soos Vorster noulettend gewaak het. Hy sou ook so iets aan sy eie lyf kon voel vanweë die besondere omstandighede van die plaaslike kerk wat hy bedien het.

Die Ned Geref Kerk Tafelberg grens naamlik aan die Ned Geref Kerk Kaapstad, die oudste kerk in Suid-Afrika en in die volksmond beter bekend as die Groote Kerk Kaapstad. Ten spyte van Tafelberg se imposante historiese kerkgebou en sy talle historiese besienswaardighede in Buitekantstraat Kaapstad was dit nog altyd die historiese Groote Kerk in Adderleystraat met sy besondere preekstoel [met die leeu wat uit hout gekerf is as deel daarvan] ,die orrel [van die grootste in Suid- Afrika], die besondere ou kerkbanke en die gevestigde tradisies wat besoekers se aandag getrek het.

Die besondere ligging van die Groote Kerk naby die Tuine, die parlamentsgeboue en ander kultuur-historiese geboue het bygedra daartoe dat dit nog altyd ´n besondere baken vir die stedeling sowel as die plattelanders was vir baie jare, byvoorbeeld, het plattelanders, wanneer op besoek aan

2.5.9 Gevaar dat die kerkverband die plek van ´n plaaslike kerk inneem

Ook in hierdie opsig kan daar verkeerd opgetree word en word ons herinner daaraan dat die kerkverband die onderskeie plaaslike kerke, wat op hulle eie kompleet, selfstandig en volledig is, dien en hulle welwese bevorder. Daarom is kerkverband, word dit deur Van Staden mooi gestel, nie “essensieël verpligtend nie, maar essensieël belangrik”, nie onverbreekbaar nie, maar tog baie belangrik. [Van Staden 1995:7]

Vorster beklemtoon dit ook as hy sy oortuiging stel dat “die plaaslike kerk geroep word om verband met ander kerke van dieselfde belydenis te soek. Die kerkverband wat hierdeur gevorm word beteken egter nie dat die plaaslike kerk van sy vryheid en gesag gestroop word nie en deur die meerdere vergaderinge in ´n onderdanige posisie gedwing word nie.” [Vorster *Kb* 21 November 1962:705] “Die plaaslike kerke word dus nie deur die kerkverband deel van een groot geheel, ´n kerk nie” [Van Staden 1995:7] en dis niks minder nie as “volgens suiwer Gereformeerde kerkregtelike beginsels dat die

kerkverband nie die plek van die plaaslike kerk mag inneem nie.” [Van Staden 1995:12]

Lidmaatskap is dus beperk tot ’n plaaslike kerk waar alle lidmate, alle ampte ingesluit, “hulle regte en voorregte uitleef” en dis “ongereformeerde en Kollegialisties om te wil sê dat iemand lidmaat is van ’n kerk bedoelende die kerkverband” Net so is dit totaal “Kollegialisties” dat enige kerklike vereniging of organisasie oorkoepelend binne die kerkverband in die plaaslike kerk kan bestaan. [Van Staden 1995:12-13]

2.5.10 Die gevaar van ’n valse eenheid

Vorster het ’n groot probleem gehad met geleerdes wat ten alle koste ’n groter en meer sigbare eenheid binne die kerkverband wou bewerkstellig. Hy oordeel wel dat die “struktuering van die kerk as instituut, as sigbare vergestaltung van die geestelike eenheid van die kerk oor die eeue ’n saak van die grootste belang” is. en dat die “opbou van die kerk as ’n organisasie nie ’n willekeurige saak [is] nie.” Die uitgangspunt van die Skrif [Joh 17; Ef 4 ens.] is dat Christus net een liggaam het. Daarom is die eenheid van die liggaam of kerk van Christus ’n eienskap van sy wese”. [Vorster 1978:78]

Nêrens egter, wys hy uit, word in die Skrif “die sigbare openbaring van die eenheid, soos die geestelike eenheid, as eienskap van die wese van die kerk gestel nie. Dit behoort tot die welwese, en nie tot die wese van die kerk nie.” [Vorster 1978:78] Daarmee het hy sy standpunt herbevestig: “Een institutêre organisasie is nie vereiste nie omdat kerkverband nie tot die wese van die Kerk behoort nie maar tot sy welwese.” [Vorster *Kb* 15 Des 1976:747]

’n Gereformeerde kerkregkundige soos Potgieter is dit hiermee eens: “Dit is goed om in gedagte te hou dat dit ’n algemeen aanvaarde kerkregtelike beginsel is dat die institutêre verband tot die welwese en nie tot die wese van die kerk behoort nie. “ [Potgieter in Vorster 1978:33] Hierin ook ondersteun

deur Kleynhans: “Die kerkverband behoort nie tot die wese van die kerk nie maar wel tot die welwese aangesien dit bydra tot behoorlike funksionering van die kerklike gemeenskap”. [Kleynhans 1985:1] “Volgens die Woord van God en die Gereformeerde kerkreg”, volstaan Vorster, “vloei die eenheid voort uit die gemeente na die breër kerkverband. Die gemeente is die basiese uitgangspunt. Die plaaslike gemeente is die grondeenheid, en die plaaslike gemeentes word konfederatief deur breër kerkverband as eenheid saamgebind.” [Vorster 1978:84]

Die eenheid, sê hy, kan nie gemaak of bewerk word nie en dan wys hy daarop dat “alle gelowiges van alle tye en plekke is deur die geloof in die reddende genade van Christus een. Dis ’n innige geestelike eenheid. Jy kan nie Christen wees sonder om aan hierdie eenheid deel te hê nie”. [Vorster 1978:78] Net so word “die eenheid van die kerk [word] nie in een Sinode gevind nie, maar in Jesus Christus.” [Botha, in Vorster 1978:8] Vorster waarsku: “’n Eenheid wat nie in die gemeente sy grondslag het nie, maar alleen sinodaal verbind word, is ’n valse eenheid.” [Vorster 1978:84] Dis ’n dwaling van die Rooms Katolieke Kerk en “op grond van die Skrif het die Hervormers met hierdie dwaling van Rome dat eenheid in een instituut alleen tot openbaring moet kom, radikaal gebreek” [Vorster 1978:79] Vorster wys daarop dat die Hervormers ook nooit geëis het dat die Protestante in een kerkformasie saamgebind moet word nie. Dit is nie deur Luther geëis nie. En in geen enkele kerkorde van die Gereformeerdes is dit gestel nie. Calvin het nie gedroom om die kerke van Geneve, Skotland, Frankryk, Nederland, ens. onder een oorkoepelende Sinode te verenig nie. ’n Vrye, selfstandige kerk is onder elke volk en in elke land vergader. [Vorster 1978:79]

2.5.11 Kerke buite kerkverband en uittrede uit kerkverband

Alhoewel dit min gebeur moet dit vir ’n kerk moontlik wees om oor sekere redes uit ’n kerkverband te tree of selfs daaruit afgesny word. In so ’n geval, het Vorster se leermeester gesê, “De plaatselike gemeente kan uit het

verband treden sonder dat hulle ophoude kerk te wees. Zulke handelwyse kan verkeerd, kan sondig wees. Scheuring aan te rigte in die kerk van Christus is nooit 'n lichte saak; tog moet sonder twyfel die reg van sodanige gemeente om hulle te onttrekke, toegestem word." [Keet 1925:12 -13]

Vorster meld van 'n geval in 1710 toe die Politieke Raad simpatiek gestaan het oor die hulle van 'n "classis" omdat dit "een nuttig en stigting" sou wees. Ds D'Ailly, leraar van die Kaap, het egter geadviseer dat dit nie raadsaam is nie en daarmee het die saak 'n stille dood gesterf. Hiervan sê Vorster, duidelik teleurgesteld: "Daarmee het hy koue water op die plan gegooi, en die Kaapse Kerk 'n groot ondiens bewys." [Vorster 1956:112]

Die Kaapse Kerke het nie daarin berus nie en bewys dat kerke binne die gereformeerde tradisie 'n behoefte het om by geleentheid met ander kerke saam te vergader oor gemeenskaplike sake en selfs in een of ander verband te tree. Die eerste klassikale vergadering aan die Kaap is toe eers op 17 Januarie 1746 gehou en die Kaapse Kerke het daarmee oop kaarte gespeel met die Classis van Amsterdam en volledige inligting aan hulle gegee. Vorster [1956:116] wys daarop dat dit as 'n meerdere vergadering gefunksioneer het en in die lewe geroep is om sake, wat die kerke in die algemeen raak, te behandel. Hulle het "verkie om hulself 'n Gekombineerde Kerkvergadering" te noem, maar wou hulle nie losmaak van die Classis van Amsterdam nie. Hierdie vergadering het, intendeel, verkies om homself van die Classis afhanklik te stel en "diep onder die indruk verkeer" dat hulle nie onafhanklik kon wees nie." [Vorster 1956:117-118]

2.5.12 Vorster oor kerkverband

Vanuit Vorster se proefskrif, sy geskrifte of optredes kan daar geen bewys gevind word dat hy skepties gestaan het teenoor die vorming van 'n kerkverband nie. Die teenoorgestelde is eerder waar want al sy arbeid getuig van 'n positiewe gesindheid daarvoor en hierdie studie wil juis die klem plaas

op sy bydrae binne die kerkverband in die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

In sy proefskrif bevind Vorster dat die Kaapse Kerk wel onder die “patronaatsreg” van die Kompanjie gestaan het maar vanweë verskeie faktore anders behandel is as die Oos-Indiese Kerk. Dit het daartoe gelei dat die Kaapse Kerk ’n nouer verband met die Moederkerk in Holland gehad het en onder die Classis van Amsterdam geressorteer het. Al kon die Kaapse Kerke nie in al die voorregte van ’n kerkverband deel nie, is kontak gemaak en behou deur korrespondensie. In Vorster se woorde is dit aan “hierdie verband meer as iets anders te danke dat die Kaapse Kerke ook die gereformeerde sisteem van kerkregering gevolg het”. [Vorster 1956:135] As Vorster hier na sisteem verwys, is dit die inrigting aan die hand van die Dordtse Kerkorde wat hy as die “vigerende kerkorde vir die Kaapse Kerke” bevind het. Dit alles het vir Vorster die goeie gevolg gehad dat die Kaapse Kerke “langsamerhand tot ’n staat van volwassenheid en selfstandigheid ontwikkel” het. [Vorster 1956:135]

2.5.13 Historiese ontwikkeling van die Kerkverband in Suid-Afrika

Soos reeds aangetoon, was daar in die 17de eeu eintlik geen sprake van ’n meerdere vergadering aan die Kaap nie. Vir die eerste 21 jaar kon dit nie geskied nie, want toe was daar nog slegs een kerk voordat Stellenbosch as tweede gemeente gestig is. ’n Verband was dus buite die kwessie, veral ook omdat hulle ook nog as individuele gemeentes verband gehad het met die Classis van Amsterdam. Daarbenewens was die predikant van Kaapstad ook die konsulent van Stellenbosch en was daar, volgens Vorster [1956:111], “genoegsame kontak en gemeenskap” tussen die twee gemeentes bewerkstellig.

Hiermee ontken Vorster nie die feit dat die strewe na ’n kerkverband reeds van die begin af aanwesig was nie. Soos Kleynhans[1985:8] ook toegee was

dit net vanweë die Kompanjie se patronaatskap, groot afstande en gebrekkige kommunikasie moeilik om dit tot stand te bring. Vir die Kaapse Kerk sou die hou van 'n Gekombineerde Kerkvergadering jare later meer bevrediging gee, maar eintlik het die strewe eers in 1824 volledig gerealiseer toe die Eerste Sinode gehou is.

Wanneer Vorster die ontstaan en ontwikkeling van die regering en kerkverband aan die hand van die Gereformeerde Kerkreg navors en beskryf word die kerkinrigting binne die Rooms Katolieke Kerk in berekening gebring. Vir 'n beter verstaan van Vorster se kerkregtelike uitgangspunte word kortliks gekyk na sy siening van die Rooms Katolieke Kerk wat vir eeue lank die kerklike toneel deur dwang en dwaling oorheers het.

2.6 KERKINRIGTING BINNE DIE ROOMS KATOLIEKE KERK

In sy kritiek teen hierdie kerk noem Vorster die “grondwaling” dat hulle nie tussen die onsigbare en sigbare kerk onderskei het nie, maar die twee absoluut vereenselwig het. Vir hulle is die kerk nie slegs “geestelik nie, maar ook sigbaar en organisatories een.” [Vorster 1978:78] Dis, syns insiens, 'n dwaling dat daar slegs een ware kerk is en dat die geestelike eenheid in een instituut tot uitdrukking moet kom. Diegene wat hulle dan buite hierdie kerk bevind word as kettters gebrandmerk omdat hulle die “liggaam sou verskeur”. [Vorster 1978:79] Daarteenoor beklemtoon hy die feit dat 'n kerk, selfs vanuit die geestelike eenheid in die vroeë Christelike kerk nie in een organisasie kon opgaan nie. “Waar mense probeer het om in hierdie gebroke wêreld so 'n eenheid te bewerkstellig, het die óf misluk óf tot die dwaling van die Roomse Kerk gelei.” [Vorster 1978:78]

'n Verdere dwaling van hierdie kerk is dat hulle 'n pous het wat as verteenwoordiger van Christus, nie alleen hoof is van hulle eie denominasie nie, maar ook van alle Christene oor die wêreld heen. Oor hulle regeer hy van bo af op despotiese wyse omdat hy met absolute mag en onfeilbaarheid

beklee is. 'n Onderskeiding wat hom te beurt val omdat hy, volgens hierdie dwaling, die wettige opvolger van die apostel Petrus is. [vgl Geldenhuys 1951:144]

Dat 'n gewone mens met al sy sondes en tekortkominge op hierdie wyse verhef kan word tot 'n heilige persoon wat namens God uitsprake maak, kon die gereformeerdes nog nooit aanvaar nie. Waar dit soms in gereformeerde kringe al opgeduik het dat moderators tussen sinodes uitsprake namens die kerkverband wou maak het hulle gou die spotnaam "pous" verwerf. Vorster moes dit self by geleentheid ontgeld toe sy broer, John, as Eerste Minister na hom verwys het as die "pous van die Kaap" [Langner 2007:171]

Verder bestaan die begrip "kerkverband", in die sin wat gereformeerdes dit gebruik, glad nie by Rome nie. Die pous het die alleenreg gehad om konsilies saam te roep, as voorsitter op te tree, enige besluit na sy wens goed te keur of af te keur en dit dan as onfeilbaar aan te dien. [vgl Kleynhans 1985:21-22] Hierdie konsilies het hulle "kerkvergaderings" genoem, maar dit was eintlik byeenkomste wat hoogwaardigheidsbekleërs soos kardinale, patriarge, aartsbiskoppe en abde saam met die pous gehou het. Die geheime pouslike hof het oor die openbare vergadering van die kerk geseëvier [vgl Kleynhans 1985:19].

Verder is kerklike gebruike ook deur Rome in so 'n mate oorbeklemtoon dat daar nog by die Konsilie te Trent in 1547 besluit is dat die kerklike tradisies as kenbron naas die Skrif aanvaar word en dat die apostoliese oorleweringe dieselfde gesag as die Heilige Skrif dra. [vgl Marè 1991:7; Kleynhans 1985:20]

Volgens Heyns [1969:41] was die rede waarom Rome so lank kon volhou met hierdie hiërargiese stelsel die feit dat die middeleeuse mens hom veranker gevoel het in " 'n omvattende orde wat die geheel van sy lewe beheers, en

aan alle dinge in die wêreld hul sinvolle plek gegee het. Hierdie orde was hiërargies van aard.”

As ’n groot kerk met sy geskiedenis wat oor talle eeue en etlike konsilies gestrek het kon die Rooms Katolieke Kerk vanweë sy hiërargiese stelsel nie verhoed dat ’n skisma gaandeweg ontwikkel en in 1054 tot ’n finale breuk tussen die Westerse Kerk en die Oosterse Kerk uitgeloop het nie. [Kleynhans 1985:14] By hierdie datum, wys Vorster [1956:22] uit, was die verhouding tussen kerk en staat van die belangrikste kerkregtelike sake en is die oplossing in twee rigtinge beproef. In die Oosterse kerk is die ceaseropapie konsekwent in die staatskerk ontwikkel, maar dit het egter nie die probleem opgelos nie en het die kerk al gekwyn en is die tot onvrugbaarheid gedoem. In die Weste weer het die Rooms-katolisisme met alle mag die idee van ’n kerkstaat probeer uitwerk. Hier was die gevolg die verkragting van die wese van die kerk. “Ook is die kerkstaat se ontwikkeling in bloed geskryf en die kerk kon sy staatsmag nie handhaaf nie.” [Vorster 1956:22] Teenoor die kerkinrigting van die Roomse Katolieke Kerk met sy “geheime pouslike hof” staan die gereformeerde kerkordening wat as voorvereiste het: “die altyd behoorlik georganiseerde kerkvergaderinge”. [Van der Watt 1977:37]

2.7 PROTESTANTSE KERKVERGADERINGE

Vorster se probleem met die kerkinrigting van die Roomse Kerk word ook deur ander gereformeerde kerkregkundiges verwoord. Dit is, volgens Kleynhans [1985:22], slegs maar die hiërargiese sisteem wat die Roomse Kerk groot laat lyk in sy uitwendige struktuur terwyl dit eintlik niks anders is nie as dat die geestelike lewe van die gemeentes en gemeentelede in die proses opgeoffer word.

Die Roomse Kerk se tipe van kerkregering het vir die reformatore ’n onuithoudbare situasie geskep wat hulle met beslistheid verwerp het en, word Jonker aangehaal, en het hulle “die persoonlike en aktuele regering van

Christus in sy kerk as die basis van alle kerkreg geproklameer.” [Kleynhans 1985:22] Teenoor die Roomse Kerk met sy 15 kentekens het Vorster se mentor en sielsgenoot, prof E E Van Rooyen, “die suiwer-Gereformeerde Kerke se “kentekens” gestel. Kentekens waaraan die ware Kerk op aarde beken en van die valse onderskei kan word naamlik skrifmatige prediking van die Evangelie, skrifmatige bediening van die Sakramente, en skrifmatige handhawing van die tug.” [Van Rooyen in *Die Kerk en Sy Ampte* s a 1938:31] Met hierdie drietal kentekens het Van Rooyen die drie kenmerke van die kerk binne gereformeerde geledere t w suiwere verkondiging van die Evangelie, suiwere bediening van die sakramente en suiwere toepassing van die tug uitgelig.

Hervormingsgesindes wat hierdie drie kenmerke van die kerk hul eie gemaak het, het al meer in opstand gekom en voor die optrede van Luther reeds as voorlopers van die Hervorming die pous teengestaan en daarop gewys dat Christus alleen die Hoof van die kerk is. Hierdie manne het die moed gehad om die pous se sg “onfeilbaarheid” aan die kaak te stel en die pous gestroop tot dit wat hy eintlik was nl ´n sondige mens en, ´n “blote administreur van kerklike dienste, feilbaar soos alle mense en gebonde aan die positiewe opdragte van die Nuwe Testament.” [Kleynhans 1985:22]

In ´n baie insiggewende artikel wys Vorster [GV Nov 1949:11] op die rol wat een van “die kranigste van die voorlopers van die Hervorming”, John Wicliff, in die verband gespeel het toe hy in Engeland, “´n lig laat opgaan het toe die res van Europa nog in die half-duisternis van die Rooms-Katolisisme rondgetas het.” Wicliff was professor aan die Universiteit van Oxford maar het in opstand gekom teen die geweldige aanmatiginge van die Pous en het aan die kant van die koning en die parlement teen die Pousdom gekies. Met sy verwysing na die Pous as, “die verfoeilike beurssnyer en hoogmoedige priester” en die bedelmonnike as, “leeglopers ...wat hulle hebsug agter die dekmantel van voorgewende armoede wegsteek” het hy die woede van die Pousdom op hom

gekonsentreer en is hy uit sy amp ontslaan.

Vir Vorster is dit hartseer dat Wicliff en sy medestaanders nie die hervorming in Engeland kon deurvoer nie. Grootliks vanweë die feit dat koning Hendrik die Agste, in 1531 wel die oppergesag van die Pous oor die Kerk van Engeland afgeskaf het, maar die Katolieke geloof behou het. [Vorster *GV Nov 1949:12*] In dieselfde stuk merk Vorster op [GV Nov 1949:14] dat die reformasie in Engeland meer uitwendig as inwendig begin het en dit nooit sy vrye loop kon neem nie omdat die politieke en staatkundige inmenging nooit verslap het nie. Reformasie is so deur kontrareformasie opgevolg dat die hervorming daar nie behoorlik kon wortelskiet nie. Die gevolg is dat die kerk nie volkome en konsekwent hervorm is nie en die beginsels van die reformasie nie die lewe van Engeland hervorm het nie. Die uiteinde hiervan was, volgens Vorster, dat die Anglikaanse Kerk reformatoriese gedagtes naas Roomse gebruike kon laat voortleef. Dis vir hom 'n stryd wat nie besleg is nie en vir die nageslag " 'n aanskouingsles [dat] die enigste reformasie is tog maar die wat innerlik uit die wedergeboorte en bekering deur die genadewerk van die Gees van God opkom." [Vorster *GV Nov 1949:14*]

Vorster, wat nog nooit van halfhartigheid verdink kon word nie, moes in sy navorsing vind dat daar selfs by die arbeid van Luther en sy volgelinge dieselfde "halfslagtige hervorming" plaasgevind het. [Vorster *GV Nov 1949:11*]. Vorster se standpunt word deur ander kerkregkundiges ondersteun wat toegee dat Luther wel die pouslike kanonieke boeke verbrand het en dus radikaal met Rome gebreek het, maar tog is sy stelling dat Christus die Hoof van die kerk is nie tot sy volle konsekwensies deurgevoer nie en het die "reformasie van hom kerkregtelik onvoltooid" gebly. [Kleynhans 1985:23] Die gevolg hiervan was dat "ondanks die feit dat Luther klem gelê het op die priesterskap van die gelowiges en die selfstandigheid van die kerk as geestelike instelling, daar tog in Lutherse lande verskillende stelsels van kerkregering ontstaan het. Hierdie stelsels van kerkregering, waarin die invloed van Luther duidelik te bespeur is,

het in mindere of meerdere mate almal onder invloed van die probleem rondom die verhouding tussen kerk en staat tot afsonderlike sisteme geraak.” [Kleynhans 1982:11]

Teenoor die territoriale, episkopaalse en kollegialistiese stelsels staan die Gereformeerde stelsel uit as die stelsel wat Jesus Christus as die enigste Hoof van die Kerk beskou [Du Plessis 1925:101] en waarvan Barth sê: “Ter wille van die goeie orde in die kerk, is die kerkregering noodsaaklik, maar die regering kom niemand anders as Jesus Christus toe nie. Hy is die Hoof van die kerk en daarop ook altyd die handelende Subjek.” [Kleynhans 1981:25] Martin Bucer was die eerste wat die openbaring van Christus as Hoof van sy kerk in die kerkregering deurgetrek het [vgl Kleynhans 1985:23] en dat die Skrif die kanon is wat alle ander *canones* moet beheers. [Marè 1991:18] Bucer het die onverbreekbare band tussen Christus en sy dienaars benadruk en elke ampsdraer moet, volgens hom, met die hele gemeente buig voor die een gesaghebbende en lewendmakende Woord van God. Vir hom was die presbiteriaat die fundamentele kerklike amp waaromheen die ander dienste gegroepeer is. [Kleynhans 1985:23]

Dis by Bucer wat Calvyn aangesluit het as hy leer dat Christus self sy kerk deur sy Woord regeer [vgl Marè 1991:18] en “... dat niks is meer die eie werk van God is nie as dat Hy met sy mag en gesag sy kerk regeer” [Kleynhans 1981:25]

2.7.1 Die kerkregtelike bydrae van die hervormer Johannes Calvyn

In sy kerkregtelike denke het Vorster aansluiting gevind by Calvyn wat vir kerkregering aanneem die “Christokrasie as vertrekpunt, met ander woorde, die absolute gesag van Christus as hoof van Sy kerk” en daarvoor gebruik Hy “dienaars in verskillende ampte om die Woord te bedien sodat die kerk deur Woord en Gees universeel en sigbaar plaaslik vergader, gebou en bewaar word.” [Langner 2007:77]

Die teologiese nalatenskap van Calvyn het so 'n groot impak op Vorster se eie denke gelaat dat dit in berekening gehou moet word wanneer sy eie kerkregtelike werksaamhede beskryf word. Vanweë sy afkoms en agtergrond was Koot Vorster in sy hart 'n Calvinis en was hy altyd gereed om dit openlik te bely.

Reeds as student aan die Universiteit van Stellenbosch lewer hy al deur referate en artikels 'n belangrike bydrae soos o.a. by die Calvinistiese Studentebond, [GV Mei 1933:105-107], oor "Calvinisme as die vertolker van die leer van Christus" [GV Julie, Aug en Sept 1934] "Die lewe van Calvyn" [GV Okt 1935:304] en "Calvinisme en die Toekoms" [Stellenbosch 1944:14]

In 1937, kort nadat hy predikant geword het, verklaar hy prontuit: "...omdat u en ek Calviniste is, gebore uit ouers wat die Calvinisme bely en opgevoed is in 'n Calvinistiese Kerk." [Vorster GV Mei 1937:140] Hy sê verder: "Ja, God die Here het gewil dat die Suid-Afrikaanse volk selfs op die spore van die Calvinisme sy lewensweg moet voortsit. Daarom het Hy nie gewil dat Roomse Spanjaard en Portugees hul hier moet vestig nie; maar het Hy 'n nuwe nasie verwek uit Geus en Hugenoet; en daardie nasie word vandag nog gekenmerk aan sy Calvinistiese merk." [GV Mei 1937:140] So verklaar Vorster: "...Calvinisme is nie maar 'n pragtig logies inmekaar gesette sisteem nie maar dis die suiwerste uiting van die Christendom. In die Calvinisme vind ons die skoonste en beste weergawe van die Evangelie in sisteem." [Vorster GV Mei 1937:140]

Vorster het groot bewondering gehad vir die kerkregtelike arbeid van Calvyn wat hy beskou het as die groot Hervormer wat met sy vele talente op die regte tyd op die regte plek was: "Langs allerlei wege en door allerlei middelen heeft de leiding Gods gelijktijdig zijne kerk in de Nederlanden en zijn dienaar in Geneve als het ware voor elkander gevormd, op elkander doen passen, tot elkander gebracht, aan elkander verbonden". Vir die Kerk in Nederland en die

reformasie in die algemeen was dit ’n besondere seën, ook op die gebied van die inrigting en organisasie van die kerk. [Vorster 1956:13] “Immers waar Luther die kerk as instituut op die agtergrond gestel het, het Calvyn al reeds in 1543 beginsels vir die regering van die kerk saamgevat en ’n pragtige eie sisteem vir kerkregering uitgewerk [Vorster 1956:13] Daarom noem ander hom “die vader van die presbiteriaal-sinodale stelsel as vorm van kerkregering” en die man wat die Reformasie op kerkregtelike gebied prinsipieël en prakties konsekwent deurgevoer het Daar word toegegee dat hy “kerkregtelik op baie skouers gestaan het” Hy was meer ’n “organiserende as ’n skeppende” gees. Maar hy was uitnemend geskik om die presbiteriale kerkregeringstelsel te implementeer. [Kleynhans 1985:23]

Vorster erken dat Calvyn voortgebou het op die werk van ander en daarom volg ons as Calviniste die rigting en nie die man nie. “Daarom is ons Calviniste en nie Calvyniste nie. [Vorster *GV Mei* 1937:140] Dit wat Luther gestig het, het Calvyn uitgebrei, maar anders as Luther het Calvyn sowel die vorm as die wese van die kerk verander en het hy die beginsel van kerkregering selfstandig uit die Skrif ontwikkel en uit die grond uit ’n nuwe stelsel opgebou. [vgl Gerdener 1968:118] Hy het geywer vir die ideaal van ’n vrye, selfregerende kerk [Kleynhans 1982:12] en ’n kerkregering ingestel waardeur Christus onbelemmerd as Hoof van sy kerk regeer” [Kleynhans 1985:23]

Vir Calvyn was dit baie duidelik dat dit die Here se wil was dat Sy kerk volgens ’n bepaalde orde regeer moes word [Calvyn 1956:IV,III,1] Van hierdie orde sê Vorster dat Calvyn se beginsels vir die regering van die kerk saamgevat en uitgebrei is tot een van die “skoonste kerkordes”, naamlik die Dordtse Kerkorde. [*D K O* Vorster 1956:12-13; 136]

Calvyn se bydrae tot die Kerkreg is vergroot deur die invloed wat hy uitgeoefen het op sy studente oor die wêreld heen en sy baie boeke en briewe wat hy nagelaat het.

2.7.2 Waalse Sinodes 1563 – 1566

In Nederland het volgelinge van Calvyn, ten spyte van heftige vervolgings, mekaar opgesoek en het die sg Waalse gemeentes reeds vanaf 1563 tot ’n “kerklike organisasie” gekom wat as die “oorsprong van die Nederlandse Calvinistiese Kerk” bestempel kan word. [Kleynhans 1985:26]

In 1561 reeds is Die Nederlandse Geloofsbelydenis deur Guido de Bres opgestel en het as “Confessie” die lig gesien. Daarin het dit, op voetspoor van Calvyn, in Artikel 36 dit duidelik gestel: “Wij gelooven, dat onze goede God, uit oorzaak der verdorvenheid des menshelijken geslachts Koningen, Prinsen en Overheden verordend heeft; willende dat de wêreld geregeerd worde door wetten en politiën opdat de ongebondenheid der menschen bedwongen worde en het alle met goede ordinantie onder der mense toega [ens]” [Vorster 1956:22] Hierdie belydenis van De Bres is in 1566 deur die Sinode van Antwerpen aanvaar en al die kerkordes op Nederlandse Sinodes in die sestiende eeu vasgestel het hulle aan hierdie belydenis gehou. [Vorster 1956:23]

2.7.3 1568 Konvent van Wezel

Die protestante se behoefte aan ’n sinodale vergadering is verhinder deur die vervolgings maar in 1568 het hulle daarin geslaag om “in alle stilte en in het geheim” ’n vergadering te hou te Wezel. [Kleynhans 1985:27] Dit was ’n konvent en nie ’n sinode nie omdat die aanwesiges wel leiers en woordvoerders was, maar nie amptelike afgevaardigdes van die Nederlandse gemeentes wat teenwoordig was nie. [Kleynhans 1985:27] Tog is by hierdie konvent belangrike voorbereidende werk gedoen rondom kerkordelike reëlins. “In Wezel word trouens die grondlyne van ’n presbiteriaal-sinodale kerkorde getrek, en die grondliggende arbeid kon drie jaar later in Emden, met die oog op die totstandkoming van ’n eerste kerkorde, verder gevoer word.” [Kleynhans 1985:27] In hierdie konsep-kerkorde was die invloed van die Londense Kerkorde sowel as Calvyn sigbaar en word die noodsaaklikheid van

meerdere vergaderings aangedui. Dis ook die eerste keer dat die pleit gevoer is vir die classis of ringsvergadering en ´n algemene Provinsiale Sinode [vgl Kleynhans 1985:27-28]

2.7.4 1571 Nasionale Sinode van Emden

Vorster wys daarop dat al hierdie en soortgelyke ander pogings die behoefte aan ´n algemeen geldende kerkorde brandend gehou het. Dit is verder gevoer in 1571 toe die Sinode van Emden gesaghebbende besluite oor die regering van die kerke in Nederland geneem het. [Vorster 1956:14] Hierdie sinode, “met goeie reg as die eerste *nasionale* sinode van die Nederlandse Kerk bestempel, lê belangrike grondslae vir die kerkregering. Welliswaar is daar nie tydens die vergadering formeel ´n kerkorde opgestel nie, maar die besluite wat met betrekking tot die kerkregering geneem is, is na afloop van die vergadering saamgevoeg tot ´n deurlopende eenheid wat 53 artikels behels.” [Kleynhans 1985:28] Dit het die grondslag gevorm vir latere kerkordes, “... aan de toestanden passende en tegelyk volledig schriftuurlijke kerkinrichting” [Vorster 1956:14] Aangesien die sinode heeltemal onafhanklik van die staat gehou is en dus sonder die staat se invloed was kon dit die riglyne vir die regering van die kerk suiwer trek. Nie alleen is besluite geneem oor dienste, samekomste en dissipline nie, maar selfs ook belangrike riglyne t o v die kerkverband is aangedui. [Vorster 1956:14]

Die Sinode van Emden het voorsiening gemaak vir vier kerkvergaderinge. ´n Kerkraadsvergadering wat weekliks vergader, ´n ‘classikale versamelingen gehouden worden van sommige kerken die bijeen gelegen zijn, naar hare gelegenheid en nooddriftigheid wat elke drie of ses maande vergader. Dan is daar ook provinsiale sinodes asook ‘sal men alle twee jaren eens, een algemene verzameling aller Nederlandse kerken houden’” [Kleynhans 1985:28]

2.8 VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT BY MOEDERKERK IN NEDERLAND

Die Kerkregtelike ontwikkeling in Suid-Afrika is grootliks oorheers deur die verhouding van die kerk, eensyds teenoor die Nederlandse Moederkerk en andersyds teenoor die Engelse kerke in Britanje (die Anglikaanse, Presbiteriaanse, Metodistiese en Kongregasionalistiese Kerke) asook die verhouding tussen kerk en staat en selfs deur die verhouding tussen kerk en volk. [Kleynhans 1982:16; Hanekom 1952:28]

Die moederkerk in Nederland het die gewenste verhouding tussen Kerk en Staat gesien as “het liefst afgebeeld in de schildering, welke het tweede boek der kronieken geeft van eene nauwe en harmonieuse samenwerking tusschen geestelijk en wereldlijk gezag onder Israëls vrome koningen, in het bijzonder onder Josaphat” [Vorster 1956:23]

As gevolg van hierdie opvatting dat die Kerk ’n nasionale roeping en die staat ’n religieuse taak het, het die Kerk, hoe hy ook al prys op sy onafhanklikheid gestel het, reeds vroeg die owerheid in kerklike aangeleenthede betrek, het. [Vorster 1956:23]

By die Sinode van Dordrecht in 1574 is die owerheid in so ’n mate in ag geneem dat die owerheid ingegryp het in kerklike sake soos o a die vasstelling van predikante se traktemente [Vorster 1956:23]

By die Sinode van Dordrecht in 1574 is die besluite van Emden gelees, verbeteringe aangebring en ’n aantal bepalinge bygevoeg, maar eers tydens die Sinode van Dordrecht in 1578 is besluite gegiet in die vorm van ’n kerkorde met vaste rubrieke. [Vorster 1956:14] Blydskap oor ’n kerkorde is ongelukkig getemper deurdat hierdie kerkorde, volgens Vorster, te veel seggenskap aan die owerheid verleen het. [Vorster 1956:14] Hier vind ons reeds van die eerste tekens van ’n stryd wat oor eeue tot selfs in die tyd van

Vorster se bediening sou strek. `n Owerheid wat in die regering van `n kerk inmeng en al groter medeseggenskap opeis.

Aangesien die owerheid vir `n groot deel van die predikante se traktement verantwoordelik was en die kerk ook verleë was oor die owerheid se goedkeuring van sy kerkorde het die owerheid o a medeseggenskap verkry oor die benoeming en skorsing van predikante. [Vorster 1956:14] In 1576 het die owerheid selfs `n konsep-kerkorde opgestel waar die beginsel deurgevoer is dat die kerkdienst `n tak van die staatsdienst is, maar gelukkig het die konsep-kerkorde gesneuwel deur die tussenkoms van Prins Willem. Tog het dieselfde Prins Willem in 1578 alleen onder bepaalde voorwaardes toestemming tot die hou van `n Sinode gegee. [Vorster 1956:23] Hierdie Sinode het ook so ver gegaan om die owerheid se goedkeuring vir beroepe te vra en haar outoriteit oor hulle besluite te laat bevestig. [Vorster 1956:23] Reeds al teen 1579, met die Unie van Utrecht, is die Gereformeerde Kerk bo die Roomse Kerk verkies en het die gereformeerde godsdiens die “publicque geloof” geword [Vorster 1956:13]

Die Gereformeerde Kerke het met toewyding en volharding die doel van `n eie kerkorde volgens die Woord van God vir die Nederlandse kerke bly nastreef. Hierin het hulle anders opgetree as die Lutherse kerke.

By die Sinode van Middelburg en daarna was daar `n toutrekkery tussen die kerk en owerheid. Wanneer die kerkorde die owerheid se aandeel in die kerkregering verklein weier die owerheid om dit goed te keur en andersom.

“De oude naam *Kerkenordening* dateert van de synode te Middelburg, 1581. Voor die tijd sprak men eenvoudig van *Artikelen* of *Acta* der synode. Maar de synode te Middelburg, voegde bij wijze van excerpt of kort uittreksel de artikel, die van algemene strekking waren en voor alle kerken belang hadden, samen en noemde die *corpus disciplinae ofte kerckenordeninghe*, om daarop de

approbatie [goedkeuring] der overheid te verkrijgen.” [Jansen 1952:7] Die sinode van ‘s Gravenhage in 1586 het die titel van die Kerkorde uitgebrei tot: ‘Kerckenorderinghe der Nederlandtsche Gereformeerde Kerkcken.’ [Jansen 1952:7]

Hierdie Sinode het, soos die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, nog meer toegewings aan die owerheid gesien en selfs in sy kerkorde hier in 1586 aan die magistraat die reg verleen om twee kommissarisse, lede van die kerk, na die kerkraadsvergaderinge te stuur. [Vorster 1956:14 en 23] Interessant genoeg het geen toegewings ooit óf die owerheid óf die kerk bevredig nie. Tog het hierdie Dordtse Kerkorde tot in 1816 die geldende reël vir die kerklike lewe in Nederland sowel as die sogenaamde Indiese kerke gebly.

Die Gereformeerde Sinodes in Nederland het voortgebou op die grondslae wat by Wezel en Emden gelê is. Dit geld van die Provinsiale Sinodes [Dordrecht 1574] en die Nasionale Sinodes [Dordrecht 1578; Middelburg 1581 en Den Haag 1586] Hierdie proses het sy afronding en finale beslag gekry by die Nasionale Sinode van Dordrecht in 1618-1619 waar die presbiteriaal-sinodale sisteem sy klassieke samevatting gevind het. [Kleynhans 1985:29]

Jansen vind dit jammer dat die sinode in 1618-1619 besluit het om die byvoeging: “der Nederlandsche Gereformeerde Kerkcken” tot die titel van die kerkorde weer weg te laat want deur die byvoeging was dit duidelik dat die kerkorde van Nederlandse afkoms was. By die sinode van Utrecht in 1905 het die byvoeging egter weer bygekom. [Jansen 1952:7]

2.9 DORDTSE KERKORDE

Vir Vorster was die beginsels van die Dordtse Kerkorde baie belangrik en hy haal hy dit aan:

* die gelowiges op `n bepaalde plek vorm met hulle ampsdraers, die kerkraad, die plaaslike kerk.

- * die kerk is nie daar waar die priester is nie, maar kom tot openbaring waar daar gelowiges is uit wie die ampte ingestel kan word.
- * hierdie plaaslike kerk is die uitgangspunt van die kerkregering.
- *die plaaslike kerke word op hul beurt ooreenkomstig Gods Woord “confoederatief” tot `n geheel in classis en sinode saamverbind.
- * in die kerk word die drie ampte van dienaar van die Woord, ouderling en diaken erken, waardeur die ongeoorloofde teenstelling tussen leke en geestelikes opgehef word en alle klerikalisme by die wortel afgesny word, sodat die lidmate tot hulle reg in die kerk kom.
- * die kerklike gesag berus by die kerke self wat dit deur hul ampsdraers uitoefen, plaaslik deur die kerkraad en gesamentlik deur die meerdere vergaderinge, wat uit die afgevaardigdes van die verskillende kerke bestaan.
- * die besturende mag berus dus nie monargaal by die pous, of by die biskoppe wat `n hoër amp kragtens goddelike reg sou beklee nie, en ook nie by die lede van die gemeente nie, maar by die ampsdraers.
- * daar is geen sprake van hiërargie of klerikalisme nie omdat daar geen oorheersing van die dienaars van die Woord is nie en die dienaars beklee is met gelyke mag.
- * die Kerk matig hom geen reg oor die staat aan nie maar staan volkome onafhanklik naas die staat.
- *die Kerk wil ook nie oor die staat heers soos in die Papale stelsel nie, en wil ook nie onder die staat staan soos die Erastianisme wil nie; maar die kerk en staat het elk sy eie terrein.

[Vorster 1956:15]

Die Dordtse kerkorde onderskei, soos reeds by Emden vasgelê is, onder die hoof *Kerkelike saamenkomsten* vier vergaderinge nl. die kerkraad, klassikale vergadering, die partikuliere sinode en die generale of algemene sinode.

[Kleynhans 1985:29]

“Voor die einde van die 16de eeu was daar dus in Nederland eenstemmigheid

ten opsigte van die kerkverband, en selfs voor die politieke vereniging van die sewe noordelike provinsies by Utrecht in 1579 kom kerkverband tot stand.” [Kleynhans 1985:29] Dis egter ´n kerkverband wat dikwels verdedig moes word teen veral die Roomse Kerk en die Independentisme. Die vraag was hoe om die eenheid van die kerke te handhaaf sonder om die selfstandigheid van die plaaslike kerke op te offer.

In teenstelling met die Lutherse of Zwingliane was dit die “reformatoriese christenen van Calvinische signatuur” wat daarin geslaag het Hulle het ´n organisasie in die lewe geroep “die wij gewoonlijk kerkverband noemen....[W]aar in zowel de zelfstandigheid der plaatselijke kerken als de eenheid van deze kerken tot hun recht konden komen”. [Kleynhans 1985:30] Dis met hierdie beginsels wat die Roomse regeerstelsel ontmasker en verwerp het, waarmee Jan van Riebeeck in 1652 hier aan wal gestap het.

2.10 DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE NED GEREFORMEERDE KERK

Wanneer Koot Vorster se bydrae tot die die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk onder die loep kom, kan aanvaar word dat sy denke hieroor onder andere gevorm is deur sy studie van die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk in Nederland en onder die V O C aan die Kaap.

Hier in ons land het navorsers hierdie ontwikkeling sedert 1652 breedweg in drie tydperke ingedeel t w 1652 tot 1795, 1795 tot 1905 en 1905 tot 1962.

2.10.1 Kerkregtelike ontwikkeling 1652 tot 1824

Die eerste tydperk [1652 - 1795] is goed nagevors en opgeteken deur Koot Vorster self. Hy het hierdie tydperk gekies omdat daar, volgens hom, ´n radikale verandering in die kerkregtelike lewe van die Kaapse Kerk gekom het gedurende die Bataafse Republiek. [Vorster 1956: Woord vooraf]

In Vorster se navorsing wys hy daarop dat die geskiedenis van die Kaapse Kerk ook begin het met die landing van Jan van Riebeeck op 6 April 1652. Dis belangrik en interessant om daarop te let dat die Ned Geref Kerk nie deur 'n besluit of direkte aksie van die kerk in Nederland in die lewe geroep is nie, maar dat dit uit die sakewêreld nl uit die onderneming van 'n handelsmaatskappy ontstaan het. [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

In die aanvang en ontwikkeling van kerklike bedrywighede aan die Kaap het die V O C dus 'n groot rol gespeel en is dit belangrik om te let op die V O C se verhouding met die kerk in Nederland en aan die Kaap.

2.10.2 V O C se houding teenoor die kerk

Alhoewel die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie dus die stigting van 'n verversingspos ten doel gehad het, is die kerk terselfdertyd ook hier gevestig. Vorster wys daarop dat dit nie toevallig was nie aangesien die behoud van die openbare geloof in 1622 reeds een van die gronde was waarop die V O C die reg tot "navigatie, koophandel en oorlogvoeren" van die staat ontvang het. [Vorster 1956:11] "Die V O C was kragtens sy oktrooi verplig om Godes Kerk in sy handelsgewes op te bou." Dit sou dus kon verwag word dat die kerk aan die Kaap so saam met die verversingspos en volksplanting groei. [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

Eintlik lê die spore hiervan nog verder terug in die geskiedenis want reeds so vroeg terug as 1598 het die ou Amsterdamse maatskappy die wenslikheid gevoel dat daar 'n predikant of sieketrooster op die skepe moet wees. [Vorster 1956:26] In Junie 1601 het die Provinsiale Sinode te Amsterdam besluit "dat het 't werk der Classes [dus niet der Bewindhebbers] is om uittezien naar predikantes voor Indië." Dit, sê Vorster, was in 'n sekere sin 'n beleidsverklaring oor die terrein van die kerk en die staat want dit was 'n aankondiging dat die Kerk hom voortaan self met die godsdienstige en kerklike sake op die skepe en in die handelsgeweste gaan bemoei. [Vorster 1956:26]

Die uitdra van die ware Evangelie was, interessant genoeg, dus sedert sy stigting in 1602 onlosmaaklik deel van die V O C . Merkwaardig is dit inderdaad dat hy dit op hom geneem het sonder dat die kerk of Staten Generaal dit versoek of gelas het. [Vorster 1956:11] Van der Watt wys daarop dat dit die patroon in die sewentiende eeu was dat “volksplanting en kerkplanting bloot as twee kante van dieselfde onderneming gesien” is. [Van der Watt 1976:3] Dit bly insiggewend dat, alhoewel daar in die eerste oktrooi van die V O C niks van godsdienst of kerk gemeld word nie, geen vloot van hulle die hawe verlaat het sonder dat daar ’n predikant of sieketrooster aan boord was nie. Sowat 900 predikante en meer as duisend sieketroosters en onderwysers is so op hulle koste uitgestuur gedurende die twee eeue van hul bestaan. [Vorster 1956:11; Van der Watt 1976:4] Die Kompanjie het die behartiging van die sekulêre sowel as die geestelike belange van sy onderhoriges as deel van sy taak aanvaar.” [Van der Watt 1976:3]

Die Gereformeerde Kerk en geloof het so ’n sentrale plek in Nederland ingeneem dat die tweede oktrooi in 1622 aan die Kompanjie die uitsluitende reg op navigasie, koophandel en oorlogvoering toegestaan het. Die voorwaarde daaraan verbind was net dat die Kompanjie die publieke geloof moes beskerm en bevorder. [Vorster 1956:79]

Vir hierdie studie is dit van belang dat die Kompanjie deur hierdie oktrooi verplig was om die Gereformeerde Kerk in sy gebied voort te plant en te beskerm en daardeur dan ook die gereformeerde stelsel van kerkregering moes eerbiedig en handhaaf. [Vorster 1956:79] Op die wyse het die Gereformeerde kerk aan die Kaap die bevoorregte kerk geword. [Kleynhans 1985:30] Nou wys Vorster daarop dat die bewindhebbers wel ’n verpligting gehad het om die Gereformeerde Kerk voort te plant maar as aanhangers van die Gereformeerde Kerk het hulle ook nog boonop die innerlike drang gehad om dit uit te voer. [Vorster 1956:79] In sy navorsing kom Vorster dus tot die gevolgtrekking dat die Gereformeerde leer en kerkregering met ywer en teen

groot koste aan die Kaap bevorder is. [Vorster 1956:79]

So het dit dan gekom dat die protestantisme sy uitbreiding in die sewentiende eeu aan kolonisasie te danke het. “Een ander kolonisasiegebied was Zuid-Afrika, waar de nederlanders zich in 1652 vestigden. Daar onstond een krachtig gereformeerd leven, dat zijn stempel tot op heden, ondanks de engelse overheersing en de moderne invloeden poogt te bewaren. Het was een vestiging van de compagnie.” [Berkhof & De Jong Otto 1967:224] Die geskiedenis leer, sê Vorster, “dat die Kompanjie nie krenterig was nie, maar miljoene ter uitbreiding van die koninkryk van Christus bestee het. Dit het egter een nadeel gehad: ‘As stigter, patroon en betaalsvrou in besit van ’n onbepaalde monopolie en toegerus met soewereine magte, het die Kompanjie oor die kerk geheers.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

Wat die ontwikkeling van die Kaapse Kerk gedurende haar beginjare betref noem Vorster vier faktore wat syns insiens ’n deurslaggewende rol gespeel het nl:

- 1] die mense wat die kerk gevorm het;
- 2] die V O C wat as patroon die “jus patronatus” ten volle beoefen en gehandhaaf het;
- 3] die Indiese Kerke waartoe die Kaapse Kerk gereken is en
- 4] die Moederkerk in Nederland wat hom steeds vir die suiwerheid in leer en regeringsvorm van die Kerk beywer het [Vorster 1956:12].

Die mense wat die kerk gevorm het was hoofsaaklik amptenare, soldate, matrose en vryburgers van Hollandse, Franse en Duitse afkoms en die V O C het in so ’n mate sy hand oor die kerk gehou dat die gereformeerde kerk al kerk was wat gedurende die eerste eeu toegelaat is. [Vorster 1956:12] Hierdie voorkeur aan gereformeerdes het tot gevolg gehad dat vrybriewe in die tyd van Simon van der Stel alleen uitgereik is aan Nederlanders en Duitsers van gereformeerde geloof. [Vorster 1956:18] Die Kaapse Kerk het dus die

moederkerk in Holland, wat deur `n sware stryd heen tot `n eie selfstandige kerkregering ontwikkel het, as model gehad vir ´n eie kerkinrigting. [Vorster 1956:12]

As Calvinis haal Vorster vir F.L. Rutgers aan wat dit mooi kort stel: “Van de Nederlandsche Reformatie is het eigen karakter, voor zooveel men daarvan spreken kan: niet de godsdienstige oppervlakkigheid van het Humanisme, niet de nuchtere verstandelijkheid van het zoogenaamde Zwinglianisme, niet de traagheid van het kerklijk Conservatisme, noch ook de losbandigheid van het Anabaptisme of het Libertinisme, maar veeleer het beginsel dat alles reeds vroeg overwonnen heeft, het beginsel dat belichaamd was in het Calvinisme, naar den diepen veelomvattenden zin van het woord.”

[Vorster 1956:13]

Terwyl die owerheid sy sê in die kerk wou bly handhaaf het hy tog, in pas met die Moederkerk in Holland, die gereformeerde kerkreg beskerm en voortgeplant. Wat so iets makliker gemaak het was die feit dat die meeste lidmate aan die Kaap Hollanders was. [Vorster 1956:16] Later was daar natuurlik ook Duitsers en Franse aan die Kaap wat `n groot deel van die bevolking uitgemaak het en `n mag gevorm het waarmee ook op kerklike terrein rekening gehou moes word. Die vraag kan gevra word in hoeverre hulle ´n invloed uitgeoefen het op die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk aan die Kaap.[Vorster 1956:16]

2.10.3 Duitsers se invloed op die kerkregtelike ontwikkeling

Vorster haal vir Bosman aan wat van mening was dat ons `n “sterk Duitse invloed op die wordingsgeskiedenis van ons volk en taal moet aanneem.”

[Vorster 1956:17]

Wat die Duitsers betref wou die owerheid egter nie `n eie Lutherse kerk toelaat nie, al was hulle `n beduidende groep wat meer as die helfte van die Hollanders was . Duitsers is eerder aangemoedig om by die Gereformeerde Kerk in te skakel wat baie dan ook gedoen het. [Vorster 1956:16] Na herhaalde versoeke het die owerheid eers in 1779 ingestem dat `n Lutherse gemeente aan die Kaap gestig kon word. Hierdie vergunning het egter ook `n prys gehad want Lutherane is uit hoë betrekkings geweier. [Vorster 1956:19] In Vorster se navorsing kon hy egter nie beduidende spore van Duitse invloed op die kerklik-godsdienstige lewe aan die Kaap vind nie. Hy vra egter of “die feit dat die kerk meestal gedweë berus het in die heerskappy van die staat oor die kerk nie deels aan die Duits-Lutherse invloed te wyte is nie” [Vorster 1956:17]

2.10.4 Koms van Hugenote en hulle aandeel in die kerkregtelike ontwikkeling

Die Here Sewentien het die Hugenote beskou as “onse geloofsverwanten” en daarom was dit vir hulle `n oorweging om hulle na die Kaap te stuur. [Vorster 1956:18-19]

Ten spyte daarvan wou Simon van der Stel, soos in die geval van die Duitsers, nie vir hulle toelaat om `n eie gemeente te stig nie. Daar was op daardie stadium slegs twee gereformeerde gemeentes aan die Kaap. [Vorster 1956:17] Ds Pierre Simond het selfs in Oktober 1690 `n versoek aan die Here Sewentien gerig wat, volgens Vorster, eintlik daarop neergekom het dat hulle as Franssprekendes `n eie selfstandige kerk wou stig. Die Here Sewentien het in 1691 aan hulle versoek voldoen en `n derde gemeente is gestig, maar van `n eie kerkformasie met Frans as voertaal het nooit gerealiseer nie. Die Drakensteinse gemeente en die Hugenote het saam met die ander gemeentes een geword. [Vorster 1956:17]

Wat belangrik is was die feit dat die Hugenote gereformeerd was en dat die kerkorde van die gereformeerde kerke in Frankryk in hoofsaak met die

Dordtse Kerkorde ooreengestem het. Die gevolg was dus dat die Hugenote deur hul eenwording `n welkome bydrae tot die groei van die kerk in die algemeen en die kerkregtelike ontwikkeling in die besonder gelewer het. [Vorster 1956:18] Dit was veral die geval insake die verhouding tussen kerk en staat. Die Franse kerkorde het die beginsel van die selfstandigheid van die kerk naas die staat suiwerder as die Dordtse Kerkorde gestel. [Vorster 1956;18] Vorster kom tot `n belangrike gevolgtrekking as hy sê: “die Franse volksdeel het `n vername aandeel in die vestiging van die Kaapse Kerk en sy gereformeerde stelsel van kerkregering gehad.” [Vorster 1956:18]

As gevolg van sy monopoliestelsel kon die V O C geen ander mag naas homself duld nie, en is die kerk feitlik tot diensdient van die kompanjie verlaag. Tog het die V O C, ten spyte van strenge handhawing van sy patronaatsreg, die ontwikkeling van die Kaapse Kerk bevorder. [Vorster 1956:18] Daar kan waardering wees vir die feit dat die V O C gesagskwessies rondom kerklike sake nooit op die spits gedryf het nie, maar altyd probeer het om “de klippen te omzeil” [Vorster 1956:18] Vorster oordeel positief oor die rol van die V O C: “Al het die Kompanjie dus deur sy despotiese optrede en oorheersing dikwels die Kerk in sy ontwikkeling gestrem, het hy tog, vir `n handelsmaatskappy, merkwaardig veel vir die Kerk gedoen en die Kerk in sy wese nie aangetas nie.” [Vorster 1956:19]

Met hierdie gesindheid het Vorster sy integriteit en gehegtheid aan die gereformeerde kerkreg gewys. Hy toon wel sy afkeur vir die V O C se despotiese optrede teenoor die kerk, maar erken in alle regverdigheid die handelsmaatskappy se aandeel in die beskerming en verbreiding van die gereformeerde geloof en kerkreg aan die Kaap

2.10.5 Invloed van kerk in Indië op kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap

Minder bekend is die feit dat die Protestantse Kerk in Nederlands-Indië `n half

eeu voor die volksplanting aan die Kaap reeds met die kerk se bestuur gemoeid was. Met van Riebeeck se koms het die V O C reeds baie ervaring opgedoen ten opsigte van kerklike bestuur en het hulle ook al `n vaste beleid daarvoor opgestel .[Vorster 1956:19]

Vorster oordeel dat die Indiese Kerke indirek `n belangrike invloed op die Kaapse Kerk uitgeoefen het, en moet, volgens hom, beskou word as `n verneme faktor in die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk. Die rede hiervoor is omdat die Kaapse Kerk as deel van die Indiese Kerke beskou is en teoreties het die Kaapse Kerk onder die gesag van die Indiese owerheid gestaan. [Vorster 1956:19]

2.10.6 Invloed van Moederkerk in Nederland op die kerkregtelike ontwikkeling aan die Kaap

Aan die Moederkerk tuis moet die eer toekom dat sy `n reuse bydrae gelewer het tot die feit dat die Kaapse Kerk in sy ontwikkeling in die gereformeerde spoor geloop het. [Vorster 1956:19] Nie alleen het die Moederkerk hom beywer om predikante en sieketroosters vir die Kaapse Kerk te werf nie, maar was ook altyd gereed om vir hulle as voorspraak te dien by die Here XV11 [Vorster 1956:20]. Die Moederkerk het ook altyd gewaak vir die kerkregering en die suiwerheid van die leer en die betrokkenheid van die Moederkerk was dan ook een van die redes waarom die Kaapse Kerk op die gereformeerde spoor gebly het. [Vorster 1956:20]

2.11 VORSTER OOR VERHOUDING TUSSEN KERK EN STAAT

Waar die Kerkreg te doen het met die regering binne die kerk vorm dit natuurlik `n raakpunt met die Staatreg wat te doen het met die regering in die land. “Immers die Kerk het van sy Koning wat aan hom sy lewensreël en eie ampte gegee het, `n eie lewensterrein ontvang. Kragtens sy wese is die kerk dus wel in die staat maar nie van die staat nie.” [Vorster 1956:21]

“Met die planting van die Christelike Kerk het die probleem van die verhouding tussen kerk en staat in volle skerpte na vore getree” en “Die suiwer ontwikkeling van die kerk hang dan ook in `n aansienlike mate van die uitwerking van die verhouding [*tussen staat en kerk*] in die praktyk af”. [Vorster 1956:21] Kennis van die verhouding tussen kerk en staat was nog altyd `n belangrike saak wanneer na die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk gekyk word en veral waar die Kaapse Kerk onder die “vaste leiding en direksie van `n voedstervrou, die V O C, tot wasdom gekom het.” [Vorster 1956: 21]

Vorster wys daarop dat die V O C. by sy totstandkoming nie slegs `n handelsmonopolie ontvang het nie, maar ook toegerus is met al die bevoegdhede om as `n staat in sy eie reg op te tree. Hy ontvang dus ook op 20 Maart 1602 in sy oktroi van die State-Generaal soewereine regte. [Vorster 1956:21] Op grond van sy soewereine reg en die omstandighede was die staat, hier die V O C, `n bepalende mag in die ontwikkeling van die Kaapse Kerk. [Vorster 1956:21]

Gedurende die sewentiende eeu het die neiging by die staat voortgeduur om al hoe meer in kerklike aangeleenthede in te gryp en Vorster is ook van mening dat selfs die Sinode van Dordrecht, ten spyte van sterk, gereformeerde besluite, te veel aan die staat toegegee het. [Vorster 1956:24] Na 1619 het die staat probeer om sy greep op die kerk te verstewig en selfs nie geskroom om in leerkwessies in te gryp nie. [Vorster 1956:24] Tussen die jare 1650 en 1672 is die kerk meer en meer aan die staat onderwerp. Die “hooge owerheid” het homself “als synode gesteldt van Godt Almachtig” beskou. [Vorster 1956:24]

2.11.1 Vorster oor die verhouding tussen die V O C en die

Moederkerk in Nederland

Die kompanjie het dus goed gedoen om sy hand oor die kerk te hou. Die

nadeel was egter dat, “as stigter, patroon en betaalsvrou in besit van ´n onbeperkte monopolie en toegerus met soewereine magte, het die kompanjie oor die kerk geheers.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:462] So is daar byvoorbeeld van predikante verwag om hulle by die owerheid se besluite neer te lê en toe te sien dat dit uitgevoer word. Politieke kommissarisse het streng bevels gegee in verband met die behandeling van sake op die sinodes. [Vorster 1956:24] In Utrecht het dit selfs so ver ontwikkel dat predikante ´n besluit moes onderteken wat hulle weerhou van enige kritiek teen die owerheid anders is hulle nie tot die diens toegelaat nie. Op dieselfde wyse is formuliergebede verander en die predikante was verplig om hulle daaraan te hou. Hierdie besluite het die kerk so gedweë aanvaar dat slegs ´n paar predikante hulle daarteen verset het. [Vorster 1956:25]

Die kerk het na vryheid bly smag en na Prins Willem III as die bevryder opgesien. Die waarheid is ongelukkig dat die kerk se onderhorige posisie, ten spyte van enkele ligpunte, onder sy heerskappy nie veel verbeter het nie. [Vorster 1956:25] Hierdie toedrag van sake het voortgeduur tot in die 18de eeu.

Al het die Moederkerk in Nederland die kompanjie as ´n handelonderneming beskou en dit gevolglik nie as ´n moondheid met owerheidsgesag gesien nie, het die V O C alle regte en bevoegdhede van ´n soewereine staat gehad en was dit ook oor die Indiese kerk die wettige owerheid. [Vorster 1956:25] Die V O C het sy soewereine reg voluit gebruik en van die begin af die behartiging van alle godsdienstige en kerklike belange binne sy handelsgebied as deel van sy taak gesien. [Vorster 1956:26]

2.11.2 Vorster oor die verhouding tussen V O C en die Indiese Kerke

Aangesien die Kaap staatkundig en kerklik as onderdeel van Nederlands-Indië behandel is en dus onder die jurisdiksie van die Hoë Regering in Indië gestaan het [Vorster 1956:35], word hier kortliks na die situasie van die kerk in Indië

gekyk.

Die Indiese Kerke het uit die Kompanjie se handelonderneming in Indië ontstaan en as sulks het die Kompanjie met sy onbeperkte monopolie en soewereine magte en regte oor die kerk geheers. [Vorster 1956:31] As “betaalsvrou van die Indiese Kerke” het die V O C “onbeperkte patronaatsreg” oor die kerke verkry. [Vorster 1956:26]

Die Moederkerk se sê oor die Indiese Kerke het verswak deurdat hy nie direk verantwoordelik was vir die stigting van die Indiese Kerk nie en omdat die V O C ook later so ryk en magtig geword het dat hy hom nie hoef te gesteur het aan ander nie. [Vorster 1956:26]

In Nederland was die situasie van so ’n aard dat die Moederkerk nog ’n bietjie daarin geslaag het om die heerssug van die bewindhebbers te temper maar vanweê die groot afstande en afgesonderdheid was die kerk in Indië aan die despotiese gedrag van die owerheid blootgestel. [Vorster 1956:31] Vir die owerheid was die kerk bloot ’n instrument van owerheidsgesag en daarom het dit vir die kerk sowat twee dekades geneem om met sy organisasie te begin. [Vorster 1956:31]

2.11.3 Vorster oor die verhouding tussen die V O C en die Kaapse Kerk

Aan die Kaap het die bewindhebbers van die V O C natuurlik ook met soewereine mag oor alles, insluitende die kerk, geregeer. [Vorster 1956:35]

As gevolg van die geweldige afstande en gebrekkige kommunikasie kon die Hoë Regering in Indië nie altyd die hand aan die sake in die Kaap hou nie. Daarom is die amp van kommissaris ingestel om as skakel tussen die twee te dien. Die geografiese ligging van die Kaap op die seeroete na Indië het veroorsaak dat die Kaap meer met die Bewindhebbers te doen gekry het en die swaar hand wat op die Indiese Kerke gelê het nie so swaar aan die Kaap gevoel het nie. [Vorster 1956:35] Die amp van kommissaris het, gelukkig vir

die kerk, nie aan die verwagtinge voldoen nie en hulle invloed op die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk was maar gering. [Vorster 1956:36]

Vanuit Nederland, bevind Vorster, het die moederkerk 'n wakende oog oor die Kompanjie gehou sodat laasgenoemde nie die kerk na willekeur kon reglementeer en regeer nie. Die suiwerheid in leer en regering moes aan die Kaap gehandhaaf word en hulle het hul beywer vir die handhawing van die kerkorde. [Vorster 1956:79] Daarom het die kerk in Holland gesorg dat die Kompanjie slegs die predikante en sieketroosters in diens neem wat goedgekeur en geëksamineer is.

Aan die Kaap het die kerk in haar daaglikse bestuur dus deurlopend onder die hand van die staat verkeer. Die kerk het, volgens Vorster, gelukkig nooit in hierdie onderdanige houding berus nie. "Soos die kerk gegroei en sterker geword het, het sy drang na vryheid en onafhanklikheid kragtiger ontwikkel." [Vorster *Kb 5 April 1961*:462] Hierdie vryheidsdrang van die kerk het aan die einde van die agttiende eeu daartoe gelei dat toe die kompanjie "ten ondergang gestruik het, die kerk op die drumpel van selfstandigheid gestaan het." [Vorster *Kb 5 April 1961*:462]

2.11.4 Vorster se beskouing oor die Kerkorde wat deur die Kaapse Kerk gebruik is

Aan die Kaap "ontstond een krachtig gereformeerde lewe, dat zijn stempel tot op heden, ondanks die engelse overheersing en die moderne invloeden poogt te bewaren" [Berkhof & De Jong Otto 1967:224]

In Vorster se studie oor die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652 -1795 het hy goeie navorsing gedoen om vas te stel watter kerkorde aan die Kaap gegeld het.

Hy het in sy navorsing bevind dat wat die regering van die vroeë Kaapse Kerk

in die eerste eeu na kerkplanting onder die Kompanjie se bewind betref was die Dordtse Kerkorde die heersende kerkorde waarvolgens die kerk regeer is. [Vorster 1956:85 en 136; vgl Kleynhans 1974:105-130; Van der Watt 1976:42-46]

Dit was nie net in teorie die geval nie maar, "die inrigting en organisasie van die Kaapse Kerk lewer die onomstootlike bewys dat die kerkorde, in sover die owerheid dit in die toepassing van die patronaatsreg toegelaat het, ook daadwerklik gevolg en toegepas is." [Vorster 1956:136] Aan die einde van sy studie vat Vorster dit baie duidelik saam: "Dit alles lei tot die een gevolgtrekking dat die Kaapse Kerke, tydens die regime van die V O C, die gereformeerde-presbiteriale vorm van kerkregering, soos dit in die Dordtse Kerkorde beliggaam is en uitdrukking gevind het, gevolg en gehandhaaf het." [Vorster 1956:136]

Ander geleerdes verskil op hierdie punt en verklaar o a dat die Dordtse Kerkorde in Suid-Afrika eers vanaf 1859 met die "herstigting" van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in gebruik gekom het. [Smit 1984:116] In hierdie werk van Smit gee hy nie 'n aanduiding dat hy Vorster, of van die persone wat tot dieselfde slotsom as Vorster gekom het, se navorsing onder oë gehad het nie, maar huldig die standpunt dat daar vanaf volksplanting tot 1804 nie 'n spesifieke kerkorde gehandhaaf is nie en dat die kerkregering hoofsaaklik in die hande van die Politieke Raad was. [Smit 1984:116]

Die Dordtse Kerkorde is egter van so 'n groot belang geag dat die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek [Transvaal] selfs in sy grondwet, 1857], bepaal het dat slegs predikante wat met hierdie Sinode se uitsprake saamstem in Transvaal toegelaat sou word. [Spoelstra e a 1973:188] Verder vorm die Sinode van Dordrecht [1618-1619] so duidelik die basis van die Afrikaanse kerklike lewe dat daarna in die stigtingsdokumente van al drie die Afrikaanse kerke verwys word. [Spoelstra e a 1973:188]

Vorster wys daarop dat die classis predikante beroep en bevestig het en hulle van 'n Klassikale Akte of beroepsbrief voorsien het. [Vorster 1956:80] “In hierdie akte is dit aan hulle opgedra om waar hulle hul ter diens vestig 'forme van kercke en kerckelycke regeringe na de Woorde Gods ende conform de loffelycke gewoonte van de gereformeerde kercken hier te lande' in te stel of te onderhou.” [Vorster 1956:80]

Hieruit is dit, volgens Vorster, baie duidelik dat hulle aan die Kaap die kerkorde van die kerk wat hulle uitgestuur het moes onderhou en handhaaf. Deur hulle ondertekening van bogenoemde Akte het hulle, volgens Vorster, nie alleen die kerkorde eerbiedig nie maar ook as geldig vir die kerk in hul gesagsgebied aanvaar. [Vorster 1956:80] “In hul inrigting en organisasie het die Kaapse Kerk, so ver die Kompanjie hulle toegelaat het, die Dordtse Kerkorde gevolg.” [Vorster 1956:134] en daar was, volgens Vorster, goeie bewyse dat die Dordtse Kerkorde die vigerende kerkorde van die Kaapse Kerk tydens die bewind van die Kompanjie en selfs ook daarna was. [Vorster 1956:85; vgl Kleynhans 1974:105-130; Van der Watt 1976:42- 46; Kleynhans 1985:30]

Vorster se standpunt oor die Dordtse Kerkorde word onder andere ondersteun deur Van der Watt wat van mening is dat die inrigting van die gemeentes op voetspoor van die Gereformeerde stelsel van kerkregering ontwikkel het. Die beginsels van die Dordtse kerkorde is volgens Van der Watt [1976:28] byna uitsluitlik gehandhaaf en hy gaan selfs so ver as om daarop te wys dat artikels soms letterlik toegepas is.

Dat die ses gemeentes onder bewind van die kompanjie die Dordtse kerkorde gevolg het is duidelik uit hulle “kerkvergaderings” sowel as hulle strewe na “'n eie kerkverband.” [Kleynhans 1985:30]

2.12 ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN DIE SINODE IN DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE NED GEREF KERK

Van die vier gewone kerkvergaderinge nl kerkraad, ring, sinode en algemene sinode [art 18 Kerkorde van Ned Geref Kerk] was Vorster se grootste bydrae ten opsigte van die algemene sinode wat as vierde vergadering in 1962 tot stand gekom het. Dit was die eindpunt van 'n ontwikkelingsgeskiedenis wat in verskeie fasette onderskei kan word: In die tydperk tussen 1824 en 1862 was daar een algemene sinode - 'n *synodus plena* (waarin alle gemeentes verteenwoordig is). Na die Loedolff-saak in 1862 kom verskillende provinsiale sinodes tot stand. In 1962 kom die Algemene Sinode - 'n *synodus contracta* (verkleinde sinode) tot stand. [Kleynhans 1985:31] Hierdie groot aantal sinodes in die Moedergemeente (Ned Geref Kerk)..... bewys hoe “die Sinode-as-vorm-van-kerk-verband sy ereplek behou en sy omvang en draagwydte vergroot het binne die verband van Nederduitse Gereformeerde Kerke en ver buite die Republiek van Suid-Afrika.” [Kleynhans 1985:32]

2.12.1 Die Kaapse Kerk se strewe na 'n eie kerkverband

Die Kaapse gemeentes was wel ingedeel onder die classis Amsterdam maar het hier in die Kaap los van mekaar bestaan. Hulle het wel die behoefte aan meerdere kerkvergaderinge gehad, maar vanweë die groot afstande wat die twee lande geskei het en gebrekkige kommunikasie, het hulle nooit sitting geneem op meerdere vergaderinge in Holland nie. Tog het hulle steeds na 'n beter organisatoriese posisie gesoek binne 'n kerkverband wat hulle sou bevredig.[vgl Du Toit 1955:127; Van der Watt 1976:32] Benewens hierdie negatiewe faktore was daar natuurlik ook nog die owerheid wat onwillig was om toestemming te gee tot die hou van so 'n meerdere vergadering omdat hulle gevrees het dat dit afbreuk sou doen aan die staatsgesag oor die kerk. [Du Toit 1955:127]

In Vorster se soeke na die eerste spore van 'n kerkverband in die Kaapse Kerk wys hy daarop dat diegene wat in 1665 stigterslede van die kerk was,

lidmate van die Gereformeerde Kerk in Nederland was en by wyse van attestaat lidmate van die nuwe kerk geword het. Die predikant wat by die stigting leiding geneem het was ook iemand wat deur 'n classis van die Gereformeerde Kerk in Nederland beroep was vir die kerk. [Vorster 1956:71] Vir hom was die feit dat die eerste gekose kerkraadslede die belydenisse onderteken het wat deur die Kerkorde van Middelburg bepaal is, 'n bewys dat die Kaapse Kerk met stigting die Kerkorde van Middelburg gevolg het. [Vorster 1956:71] Hiermee verskil Van Staden as hy in sy navorsing bevind dat dit die Kerkorde van Zeeland 1591 was aangesien ds Van Arckel met hierdie Kerkorde vanaf die classis Walcheren in Zeeland gekom het. [Van Staden 1973:48]

Vorster [1965:71] bevind verder nie slegs “instemming met die belydenis van die Moederkerk as grondslag vir kerkverband nie”, maar die openbaring van “die begeerte van saamhorigheid en eenheid met die Moederkerk.” Dit is Vorster wat verder daarop wys dat die Kaapse Kerk tydens die bewind van die Kompanjie nooit deur woord of daad, deur afwyking in leer of kerkregering, 'n ander gesindheid geopenbaar het nie. In teenstelling met die kerk te Batavia het die Kaapse Kerk nooit teen die gesag van die Moederkerk in opstand gekom nie. [Vorster 1956:71]

Vorster was reg toe hy geoordeel het dat die behoefte aan 'n eie kerkverband by die vroeëre Kaapse Kerk teenwoordig was want rondom die jare 1690, bevind Van der Watt [1976:32], was daar vir die eerste keer stemme wat begin opgaan het vir die “totstandkoming van 'n selfstandige kerkverband” en daarna, sê hy het die saak “momentum begin kry”. Du Toit [1955:127] wys ook op hierdie behoefte aan 'n kerkverband wat daar by die Kaapse Kerk teenwoordig was want “om in die behoeftes van gemeenskaplike bespreking te voorsien, het naburige kerkrade soms bymekaargekom”. So, sê hy, het die kerkraad van Kaapstad een keer saam met verteenwoordigers van die buitgemeentes vergader onder die naam van “die groot kerkraad” om sake

van gemeenskaplike belang te bespreek. Hier verwys hy klaarblyklik na die jaar 1691 toe daar met die stigting van Drakenstein, in die woorde van Van der Watt [1976:32] “geskiedenis gemaak is toe daar vir die eerste keer gepraat is van ’n “grooten kerckenraad”. Hiermee is bedoel ’n vergadering van die Kaapstadse Kerkraad saam met afgevaardigdes van Drakenstein. Dit was blykbaar in lyn met die Dordtse Kerkorde wat ’n bepaling bevat het waarvolgens plattelandse gemeentes in sekere ernstige sake met hul naburige gemeentes skakel.

Hierdie “grooten kerckenraad” was ’n goeie begin maar het natuurlik nie die gemeentes se behoefte aan nouer skakeling tevrede gestel nie. Vir Van der Watt[1976:33] is hiermee ’n saak uitgemaak vir die hou van meerdere vergaderinge en sedert 1707 het die aandrag daarvoor sterker geword. Dit het veral gebeur toe die gemeentes van Stellenbosch en Drakenstein, ’n “gekombineerde vergadering” gehou het en aan die classis van Amsterdam daarvan kennis gegee het. Dit het natuurlik eers geskied nadat toestemming van die owerheid verkry is.

Iets onverwags het in 1710 gebeur toe die owerheid op gemeentes aangedring het om in een kerkvergadering byeen te kom. Hierdie versoek vanuit ’n onverwagte oord het gekom in die vorm van voorstelle wat die goewerneur-generaal van Nederlands-Indië, Joan Van Hoorn, aan die Politieke Raad voorgelê het. Daarmee is gevra dat ’n “gesamentlike kerkvergadering” jaarliks moes vergader om o a korrespondensie af te handel en gesamentlike sake te behartig. [Van der Watt 1976:33] Dis ’n “tragiese feit” dat hierdie versoek tot die hou van ’n meerdere vergadering deur “die kerk se leidsliede” self verongeluk is.

Die saak sou egter nie hiermee gaan lê nie, want in 1714 het die Kaapstadse kerkraad ’n voorstel op die tafel wat vra dat daar jaarliks byeenkomste saam met Stellenbosch se gemeente gehou moet word. [Van der Watt 1976:33]

Interessant genoeg was die aandrang op meerdere vergaderinge telkens afkomstig van die plattelandse gemeentes. Die buitgemeentes het blykbaar so 'n behoefte baie sterker aangevoel as die gemeentes in die stad. Hierdie keer was die owerheid weer negatief maar het die buitgemeentes doodeenvoudig op hulle eie gegaan en gesamentlike vergaderings gehou. So vergader Stellenbosch in 1729 met Drakenstein en in 1732 stuur beide van hulle afgevaardigdes na die kerkraad van Kaapstad se vergadering.[Van der Watt 1976:34]

Die Klassis van Amsterdam het in 1733 hierdie jaarlikse “broederlike byeenkoms” van waarde geag maar dinge wou maar net nie vlot nie. In 1742 is die Kaapse predikante gedwing om in 'n nie-amptelike verband saam te vergader betreffende probleme rondom George Schmidt en sy Morawiese sending. [Van der Watt 1976:34]

Hier was 'n tipiese geval waar 'n saak opgeduik het wat meer as een gemeente geraak het en breër aandag nodig gehad het. Die saak het gevra vir 'n meerdere vergadering binne 'n kerkverband. Die owerheid het tot die besef gekom dat hy nie alle kerklike sake meer alleen kan hanteer nie en het toe toestemming gegee tot die hou van 'n meerdere vergadering. Op hierdie wyse het die kerk geleentheid gekry om spontaan as gemeentes te vergader in meerdere vergaderinge.

In 1743, op 'n reis na die binneland, was die goewerneur-generaal van Batavia getref deur die verwaarloosheid van die burgers en as opheffingsmaatreël twee nuwe gemeentes gestig t w Roodezand [Tulbagh] [1743] en Swartland [Malmesbury] [1745]. Met die vasstelling van grense het die owerhede geoordeel dat die kerke self die saak beter kan beredder en so het die vyf verskillende kerkrade op bevel van die Politieke Raad in 'n “gekombineerde kerkvergadering” vergader om die saak op te los. [Van der Watt 1976:34]

Tot op hierdie stadium was daar in Suid-Afrika, vir die eerste drie en neëntig jaar na 1652, in werklikheid net een vorm van kerkvergadering bekend en dit was die Kerkraadsvergadering. [Coertzen 1982:11] Hierdie eerste vergadering waarop al vyf gemeentes verteenwoordig was het op 30 Augustus 1745 plaasgevind. Die vergadering het die saak wat aan hom opgedra is goed bespreek en afgehandel. Die waarde van die byeenkoms is ingesien en is daar besluit om die owerheid te versoek om elke jaar so 'n "Classicaale Vergadering" te hou. Die Politieke Raad het, sonder om die saak na Nederland te verwys, self 'n besluit geneem dat dit in orde is en dat daar jaarliks so 'n vergadering sal wees om alle voorvallende kerklike sake te behartig. [Van der Watt 1976:35; vgl Coertzen 1984:11]

2.12.2 Eerste Gekombineerde Kerkvergadering

Op Maandag 17 Januarie 1746 het verteenwoordigers van al die gemeentes dan ook in die konsistorie van die Kaapstadse kerkgebou bymekaargekom vir die eerste amptelike vergadering - die eerste 'Gekombineerde Kerkvergadering'. [Du Toit 1955:127; Van der Watt 1976:35] Dis 'n Gekombineerde Kerkvergadering genoem omdat die classis van Amsterdam, onder wie se toesig die Kaapse Kerk op hierdie stadium was, verhinder het dat die Kaapse Kerk 'n eie selfstandige klassis vorm. [Keet 1924:4]

By hierdie vergadering het dit vir die aanwesiges die karakter van 'n klassis gehad en is daar ook besluit om die Klassis van Amsterdam in te lig oor die pas afgelope "klassikale vergadering" [Van der Watt 1976:35] Coertzen [1982:11] bevind ook, " hierdie vergadering het in samestelling en handelswyse grootliks voldoen aan die vereistes wat die Dordtse Kerkorde vir klassikale byeenkomste gestel het." In Nederland is hierdie vergadering positief ontvang en is die seën daarvoor uitgespreek. Hulle het verkies om die vergadering 'n "Coetus" of "Conventus" te noem omdat dit nie die bevoegdheid van 'n classis gehad het om bv proponente te eksamineer of predikante aan te stel of te bevestig nie. [Vorster 1956:114; Van der Watt

1976:35]

Gesien van die kant van 'n gereformeerde kerkregkundige soos Vorster was die datum 1748 van groot belang. In hierdie jaar word die 4de samekoms gehou en by daardie geleentheid was daar uit elke gemeente 'n predikant en een ouderling teenwoordig. 'n Uitsondering was die Kaap wat deur twee ouderlinge verteenwoordig is. Die afgevaardigdes het hulle plekke ingeneem soos gebruikelik by die klassikale vergaderinge en aan al die Dordtse artikels insake klassikale vergaderinge is voldoen. [Vorster 1956:114]

Van hierdie sake, noem Vorster, was onder andere: die vergadering is met gebed geopen en gesluit, afgevaardigdes het met geloofsbriewe ter vergadering verskyn, notule is gehou, die voorsitter was alleenlik voorsitter vir die duur van die vergadering, die predikante het om die beurt as voorsitter opgetree, censura morum is gehou, kerkvisitasie is ingestel en die handeling van die vorige vergadering is gelees om herhaling van besluite te voorkom. [Vorster 1956:114-115] Daar is genoegsame bewys dat die afgevaardigdes by hierdie vergadering in 1748 vir hulle gehou het by wat hulle aan die begin verklaar het dat hulle, "niets anders wenschen, dan alle kerckelijke saaken in een gewenschte ruste, vrede, eenigheid en broederlijke liefde, tot eere van Gods grooten Naam, onderlinge stigtinge der gemeentens en uytbreiding van 'trijk van Koning Jesus kerckelijk te behandelen...." [Vorster 1956:115]

In die lig van bogenoemde, sê Vorster [1956:115-116], is dit nie moeilik om die status en betekenis van die Gekombineerde Kerkvergadering te bepaal nie. Die owerheid en die Kerke self het, met volle kennis van wat die funksie en status van 'n classis is en wat die funksie en taak van die voorgestelde vergadering sou wees, dit 'n Classikale vergadering genoem. So het die vergadering homself ook by die Classis as 'n Classikale vergadering aangedien.

Ongelukkig vir die kerk se kerkregtelike ontwikkeling is hierdie vergadering nie lank daarna nie en wel in 1759 weer afgestel. Die owerheid het dit afgestel omdat dit volgens hulle van “weinig nut” was en die kostes te “hoog” was vir die buite gemeentes wat baie skuld gehad het. Albei besware was ongegrond want die ware oorsaak was die feit dat die klassis Amsterdam “gesteurd gevoel” het omdat die “Gekombineerde Kerkvergadering” regstreeks korrespondensie met die Partikuliere sinode van Suid-Holland aangeknoop het. [Du Toit 1955:127]

Die opheffing van hierdie meerdere vergadering was een van die “grootste rampe” wat die kerk in Suid-Afrika getref het en volgens Du Toit [1955:128] “een van die groot oorsake van die slapheid wat in die negentiende eeu sou toelaat dat die kerk onder regstreekse beheer van die staat gekom het.” Hier word verwys na die Kerkorde van De Mist en dat die Metodisme en Liberalisme soveel veld gewin het.

2.12.3 Aanbreek van negentiende eeu en die optrede van De Mist

Nadat die Kaap in 1795 deur die Engelse verower is het daar nie ´n merkwaardige verskil op die kerklike terrein ingetree nie. In Holland was dit egter anders want daar is gedurende hierdie tyd ´n goeie teelaarde geskep vir “die Franse Revolusie se gedagtes van die onvervreembare regte van die mens, vryheid, gelykheid, broederskap.” [Du Toit 1955:128]

In 1803 het die Kaap weer oorgegaan in die hande van die Hollanders en hulle politieke beheer was slegs vir ´n paar jaar, maar “kultureel, opvoedkundig en godsdienstig was dit van groot betekenis vir Suid-Afrika.” [Hanekom 1951:116] In hierdie tyd ontvang die Kaap vir Jacob Abraham de Mist, ´n “skerpsinnige en bekwame man”, [Du Toit 1955:129] as die nuwe Kommissaris-Generaal.

De Mist was ´n predikant-seun van hoogstaande karakter, besondere talente, ´n kragtige persoonlikheid en “een van die groot manne van sy tyd” [Hanekom

1951:116] Ongelukkig sou hy, ook “deurdronge van die gees van die Franse Revolusie,” na ons land kom met dieselfde gedagtes oor kerk en staat as wat toe in Holland in swang was. [Du Toit 1955:129] In die kringe waarin hy beweeg het, het die revolusie-gees hoog opgevlam, maar hyself het die meer gematigde, konserwatiewe rigting verteenwoordig wat ook vir die christelike godsdiens plek wou inruim in die nuwe orde. In die Nasionale Vergadering verwys De Mist dan ook na die “lessen en voorskrifte van Jesus Christus, soos ons die bij de Evangelieën zijn agtergelaten.” [Hanekom 1951:117]

Aan die Kaap het De Mist sy invloed laat geld en ’n hervormingsplan opgestel wat oor die hele spektrum van die lewenshandel, landbou, nywerheid, regering, regspraak, opvoeding en godsdiens gehandel het. [Hanekom 1951:116 -117] Sy plan om die hele samelewing te reorganiseer het hy op 25 Julie 1804 as ‘kerkenorde’ laat verskyn. [Du Toit 1955:129] Hierdie “sogenaamde Kerkorde”, wat eintlik ’n “Staatsordonnansie” was, [Van Staden 1973:424] het die naam gehad van die “Provisionele Kerken-ordre voor de Bataafsche Volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop” [Hanekom 1951:117]

2.12.4 De Mist se Kerkorde 1804

Hierdie dokument van De Mist het vanaf sy aanhef reeds getoon dat dit deurdrenk was van die beginsels van die rewolusie en hierdie rewolusionêre en rasionalistiese gedagtes het mettertyd in die Kaapse samelewing deurgesuur. [vgl Du Toit 1955:129-130; Hanekom 1951:117]

Volgens Vorster kon dit nie anders nie want die Bataafse Bewind was “te deurdronge van die revolusie-gees om aan die kerk te laat reg geskied. Daarom is die roep van die kerk om selfstandigheid deur kommissaris De Mist beantwoord met sy Kerkorde wat oënskynlik vryheid aan die kerk gegee het, maar in werklikheid die kerk onderhorig aan die staat gemaak het. Dit was vir die kerk ’n harde slag. [Vorster 1961:463]

Die grondbeginsels van hierdie Kerkorde vind ons terug in die besluit van die Nasionale Vergadering van 5 Augustus 1796 om die “Decreet ter afscheidinge der Kerk van de Staat - of het doen ophouden eener bevoorregte Kerk “ , uit te vaardig, waarmee De Mist heelhartig ingestem het. [Hanekom 1951:118]
Volgens Hanekom is die ooreenkoms tussen hierdie “Decreet” en die Kerkorde van De Mist so opvallend, selfs in die woordkeuse en formulering, dat dit lyk asof De Mist slegs die Nasionale Vergadering se besluit oorgeskryf het.

Uit hierdie Kerkorde spreek `n sterk godsdienstige neiging, maar in ooreenstemming met die gees van verdraagsaamheid verseker De Mist gelyke beskerming aan alle Kerke [Art 1] sonder dat enige voorregte verbonde is aan `n bepaalde geloofsbelydenis [Art 3] Hiermee is, volgens Hanekom, `n Christendom geproklameer wat verhewe is bokant alle geloofsverdeeldheid en kry ons die “verligtings-idee” van verdraagsaamheid.[Hanekom 1951:118]

De Mist se hervormingsplanne het die skeiding van Kerk en Staat en vryheid aan alle vorme van godsdiens gebring maar wou hy, volgens Hanekom., [1951:118] die skeiding tussen Kerk en Staat nie radikaal deurvoer nie. De Mist het op die beginsel gebou dat die verhouding tussen Kerk en Staat by wyse van onderlinge ooreenkoms gereël moes word. [Hanekom 1951:119] `n Gedagte waarin die gees van Napoleon voortlewe. “Daarom ook, neem die toepassing van revolusionêre denkbeelde op die Kerk by De Mist die vorm aan van die onderwerping van die Kerk aan die Staat. “Een groot gedagte het die Kommissaris-Generaal in hierdie eerste gedeelte van sy ordonansie probeer vaslê, en wel die absolute ondergeskiktheid van die Kerk aan die Staat.” [Hanekom 1951:119] “Selfs vir die nietigste sake moet eers die toestemming van die regering gevra word.” [Du Toit 1955:130]

Volgens die Kerkorde van De Mist het die Ned Geref Kerk nog `n mate van voorrang geniet [par 20] maar is saam met ander Kerke afhanklik van die



Staat vir die hou van buitengewone openbare godsdiensoefeninge [par 4,7], oprigting van geboue [par 6], vermeerdering van leraars [par 9] en die vrye beroeping van leraars [par 21] Aan elke kerk is dit oorgelaat “de vrije openlegging van desselfs bijzondere Leerstelsels” en daar is die stellige versekering dat die Staat daarin “nimmer eenige beslissingen nog bepalingen” sal maak nie [par 5]. Daar is egter maar “een Hoogste Civile Autoriteit” waaraan ook die Kerk onderworpe is daar is wel ruimte vir `n “Algemeene Kerk-vergadering [par 46] wat egter betreffende sy onderwerpe van bespreking, tyd van sameroeping e d m afhanklik is van die Goewerneur se “schriftelijk Fiat” [par 49] En so blyk uit alles dat die Kerk ondergeskik gemaak is aan die staatsgesag en selfs diensbaar gemaak is aan die staatsbelange. [Hanekom 1951:120]

Opvallend was die verdraagsaamheid wat ds Borchers en die kerk aan die Kaap weer ingeneem het. Dit was niks anders nie dan gediensigheid teenoor die owerheid. `n Deel van die Stellenbosch-gemeente het teenoor hierdie gediensigheid standpunt ingeneem en selfs apart vergader maar moes die reg op hoër gesag laat vaar. [Hanekom 1951:120]

De Mist se hervormingsplan was radikaal en omvattend en het die kerklike lewe ingrypend verander en veel daartoe bygedra dat die nuwe liberale denkbeelde van die negentiende eeu aan die Kaap posgevat het. Tog het die Kaapse Kerk die kerkorde met groot gelatenheid aanvaar. Dit is vir Hanekom [1951:120] die bewys van in hoeverre die gedagte van geestelike onafhanklikheid in kerklike kringe verlore geraak het. Hy kom tot die slotsom dat die Kaapse Kerk deur die Classis Amsterdam en die Kompanjie aan die Kaap in `n afhanklikheidsposisie gehou is.

De Mist se Kerkorde het saam met sy Huwelikswet en Skoolorde die liberale denkbeelde in die huisgesinne, skool en Kerk aan die Kaap ingedra - plekke waar die godsdienstige lewe tot daardie tyd sy sterkste houvas gehad het.

Hanekom bevind: “Soek ons na die kanale waarlangs nuwe denkbearde deurgevloei het na Suid-Afrika, dan moet die Bataafse bewind en by name die instellinge van De Mist daarvoor aangewys word.” [Hanekom 1951:121] Die Bataafse Bewind was egter te kort van duur om die beginsels van De Mist tot volle ontplooiing te laat kom.

In 1806 toe die Kaap in die hande van ’n vreemde moondheid oorgegaan het, is die kerkorde van De Mist o a gebruik om “die kerk in knegskap te hou.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:463] Met die opstelling van hierdie Kerkorde het die kerk geen seggenskap gehad nie en word die kerk dus so afhanklik van die staat gestel soos dit nog nooit tevore gewees het nie. [Du Toit 1955:130] “Die Gereformeerde beginsels van kerkregering wat nog altyd gegeld het, word eenvoudig opsy geskuif. Tereg is gesê: Die jaar 1804 was die sterfjaar van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.” [Du Toit 1955:130]

2.12.5 1816 - Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk van het Koninkryk der Nederlanden

Die rasionalisme het saam met die liberalisme aan die einde van die 18de eeu baie bygedra om die grondslae van die gereformeerde geloof te ondermyn en teen die begin van die 19de eeu is die gesag van die Belydenisskrifte nie meer erken nie. [Van der Watt 1980:39]

“In 1816 werd, op last van koning Willem 1, het Algemeen Reglement voor het bestuur van de Nederlandse Hervormde Kerk ingevoerd” [Nauta 1971:23] Dit het in baie belangrike opsigte totaal afgewyk van die gereformeerde kerkregtelike beginsels. [Van der Watt 1980:39] Dit sou, hoe goed ook al bedoel, “tegelykertyd ’n bewys wees van die ontkenning van die kerklike outonomie en ’n voorbeeld van die gesagsingryping van die Staat in die interne aangeleenthede van die Kerk. Die Kerk het ’n staatopgelegde bestuur gekry.” [Treurnicht 1957:649] Dit was ’n kollegialistiese reglement wat die gereformeerde kerkorde, wat vir byna twee eeue geldig was, opsy gesit het.

[Jansen 1952:8]

2.12.6 1824 - Eerste sinode van Ned Geref Kerk en die Algemeen Reglement

In sy sterk kenmerkende taalgebruik getuig Vorster van die kerk se drang na vryheid, “Die kerk het geweier om hom te laat verkneg. Gelei deur die Woord van God, aangevuur deur die vryheidsdrang eie aan die kerk van Christus en in besit van ’n geestelike krag wat nie gefnuik kon word nie, het die kerk hom verset teen hierdie staatsoorheersing.” Hierdie verset van die kerk was vir Vorster die dryfkrag wat daartoe aanleiding gegee het dat die kerk in 1824 die reg verkry het om voortaan ’n sinode te hou. [Vorster *Kb* 5 April 1961:463]

In ’n brief gedateer 19 Junie 1824 het drie predikante van Kaapstad die inisiatief geneem om ’n eerste sinode saam te roep. Hiervoor het hulle hulle beroep op die Kerkorde van De Mist van 1804 wat ’n Algemene Kerkvergadering in die vooruitsig gestel het maar dan ook op “den bijzonderen aart van het Presbyteriaansche Kerkgenootschap, dat door Kerkenraden en Synoden geregeerd wordt.” [Kleynhans 1985:31]

“In ’n missive aan de Gouverneur gezonden op 21 Oktober 1824, worden o a als hoofdzaken, waarmede deze vergadering zich zou bemoeien, genoemd: ’derzelve aandacht bezighouden met het ontwerpen van een Algemeen Reglement van Bestuur voor de Hervormde Kerk binnen deze Volksplanting, met al de aanleve daarvan, vervat in zoovele onderdeelige zaken, als daartoe ex rei natura kunnen en moeten gebracht worden.”

[Keet 1925:3]

Die groot oomblik het aangebreek. “Op 2 November, 1824, kwam dan de eerste Algemene Vergadering of Synode van onze kerk in de moederstad bijeen.” [Keet 1925:3] Onverstaanbaar dat dit vir gereformeerdes 172 jaar

geneem het om in 'n eie sinode byeen te kom. Vir Moorrees [1937:546], “'n keerpunt in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk”. Dit het geskied nadat, “door de Kerkeraad van de Kaapstad verlof gevraagd en verkregen werd, om 'n algemene vergadering van de verstrooide en steeds talrijker wordende gemeenten van ons vaderland bijeen te roepen.” [Keet 1925:3] Na al die jare se afhanklikheid van die owerheid en sy dure stryd na vryheid was dit vir die Kaapse Kerk 'n groot en heuglike gebeurtenis.

Die eerste sinode in 1824 het ook kritiek uitgelok en so is daar vir Du Toit [1955:133] baie opvallende veranderinge by hierdie vergadering. So, byvoorbeeld, is die ou naam ‘Gereformeerd’ langsamerhand deur die woord ‘Hervormd’ vervang. Verder word nie gesprek van 'n meerdere vergadering nie, maar van 'n ‘hoëre’ en die gemeentes het volgens hom ook “hul selfstandigheid verloor en is opgeneem in een groot ‘genootskap’” Daarbenewens was dit ook gou duidelik dat die leidende figure op die sinode die “verstandsrigting” toegedaan was.

Hierdie eerste sinode het na lang besprekings 'n Algemeen Reglement aanvaar wat as basis moes dien vir die regering van die kerk. [Van der Watt 1980:38] Ander sake op die sakelys was o a Godsdiensonderwys, bewaar van die goeie orde in die kerk, kerkvisitasie en die verkryging van die nodige fondse om so 'n vergadering te hou. [Keet 1924:3] Uit die besluite wat geneem is was dit duidelik dat die Kaapse Kerk in haar kerkregtelike ontwikkeling in Nederland se spore sou loop. “'n Gevaarlike weg betree die Sinode van 1824 toe hy ook die Ned Hervormde Kerk op die voet volg wat betref sy Algemeen Reglement wat in 1816 aldaar ingevoer is.” [Hanekom 1951:177] Dis ook volgens hom doelbewus so gedoen. Keet erken ook: “...is vooreerst nodig om te erkennen dat het kerkelik reglement opgesteld door de Synode van 1824 ongetwyfeld gebaseerd is op het Algemeen Reglement voor de Hervormde kerk in Nederland.” [Keet 1925:16, Du Toit 1955:133] By die optrek van die Reglement van 1824 het die Kerkorde van De Mist gedien “als grondslag en

algemeenen grondregel” en is dit ook uitdruklik verklaar deur die Sinode dat hierdie Kerkorde “beschouwd zal moeten worden als de grondwet der Hervormde kerk in deze Volksplanting” maar die Dordtse Kerkorde het weinig daadwerklike invloed op die Sinode uitgeoefen en op die Algemeen Reglement van 1824 nog minder. [Hanekom 1951:177]

Van der Watt vind dit ook ongelukkig dat die gereformeerde Dordste Kerkorde nie die basis van die nuwe reglement gevorm het nie maar, dat die geldende kerkorde van De Mist en die Algemeen Reglement “in meer as een opsig nagevolg is.” [Van der Watt 1980:39] Tog is hy van mening dat die sinode op die spoor van Dordt wou bly. Hy kom tot hierdie gevolgtrekking omdat die voorsitter van die 1824-sinode, ds J C Berrange, in sy openingsrede verklaar het dat die sinode hom m b t die Kerkorde besig sal hou met die “fundamentele grondstellingen van de Nederlandsche Kerk, waarvan wij afstammen” Hiermee het hy die beginsels van Dordt bedoel want hy het `n versoek tot die goewerneur gerig om die Dordtse Kerkorde te laat druk. [Van der Watt 1980:39] Van der Watt glo dat dit geensins die bedoeling was om van die gereformeerde beginsels af te wyk nie, maar juis om dit onder omstandighede te handhaaf. “Die Reglement van 1816 is dus grondig verander na die beginsels van Dordt “ [Van der Watt 1980:39]

As Vorster dit ook vreemd vind dat die vergadering van 1824, uit vrye keuse en sonder dwang van die kant van die staat, nogtans sy reglement opgestel het op die voetspoor van die reglement van 1816 wat koning Willem aan die moederkerk in Nederland opgelê het, glo hy ook dat die vergadering op die regte koers was. As motivering verwys hy ook na die voorsitter se openingsrede. [Vorster GV Aug.1951:125] Vorster glo, “....dat hy (voorsitter) met die fundamentele doelstellings nie bedoel het die rewolusionêre beginsels van 1816 nie, maar die beginsels van die Dordste Kerkorde..” [Vorster GV Aug 1951:126] “Daar was dus geensins die bedoeling om van die Gereformeerde beginsels af te wyk nie. Hulle het nie willens en wetens wat Gereformeerde

was, begrawe nie, maar juis onder moeilike omstandighede die beginsels van Dordt probeer handhaaf.” [Vorster GV Aug. 1951:126] Vanuit die geleedere van die Gereformeerde Kerke is Du Toit [1955:133] se oordeel oor die sinode van 1824: “Is 1804 die sterfjaar van die Gereformeerde kerk in Suid-Afrika, 1824 is die jaar van die plegtige begrafnis”

2.12.7 Punte van Ooreenkomste en Verskille tussen die Reglemente van 1816 en 1824

Aangesien die 1816 reglement as voorbeeld gedien het vir die 1824 reglement is dit seker vanselfsprekend dat daar ooreenkomste sal wees. Die Nederlandse bepalinge is wel aangepas by die Kaapse toestande, maar in beginsel het die sinode van 1824 hom op Nederlandse grondslag gevestig en so is sommige artikels glad nie gewysig nie terwyl daar tog ander is wat radikaal verander is. Vir ander is belangrike dele van die Reglement van 1824 ontleen aan die Reglement van 1816 en is daar in die grondbeginsels van kerkregering nie veel verskil nie. [vgl Van der Watt 1980:39; Hanekom 1951:178]

In latere jare het Van Staden daarop gewys dat die klem - ook van mag - in die Ned Geref Kerk vanaf desentralisasie na sentralisasie verskuif het. Dis ’n ontsporing wat toe te skryf is “aan ’n kollegialistiese kerkbegrip wat veral sedert die eerste sinode in 1824 in die N G Kerk gevestig geraak het” [Van Staden 1997:39] Wat terugskouend in die Ned Geref Kerk gebeur het, is dat die kerkverband as die eintlike kerk gesien is en die plaaslike kerke nagenoeg as “takke” van die kerkverband. Dit het meegebring dat feitlik al die gesag van die kerk in ’n liggaam soos die Algemene Sinode gevestig geraak het. Hierdie liggaam het dan soms besluite geneem wat verreikende gevolge vir gemeentes en lidmate ingehou het. [Van Staden 1997:39] Van der Watt gee ook toe dat baie “kollegialistiese smette” in die Kaapse reglement aanwesig was. Dit het veral in die bewoording van sekere artikels voorgekom. Hier verwys hy dan na woorde soos “bestuur”, “hoëre bestuur”, “kollegie” ens. wat

tipies is van uitdrukkings wat in die kollegiale sisteem van kerkregering voorkom. [Van der Watt 1980:39]

H J Royaards het 'n noukeurige vergelyking tussen die twee Reglemente gemaak en wys op die merkwaardige feit dat nog voor die 1816 Sinode in Holland daar reeds in Suid-Afrika voorbrand gemaak is as gestel word dat dit van groot belang vir die Kaapse Kerk sou wees. [Hanekom 1951:178] Royaards het hierdie invloede uit Nederland op die Kaapse Kerk as “weldadige zaden” beskou, maar Hanekom sien dit eerder as saad van onkruid wat op die akker van ons godsdienstige lewe in Nederland en Suid-Afrika veel kwaad gedoen het. Volgens Hanekom het hierdie invloede in ons land die weg gebaan vir die liberalisme, wantroue by vele lidmate gewek het en eindelijk as ontbindende kragte meegewerk het om die kerk te verbrokkel. Hier word veral gedink aan die Afskeiding in Suid-Afrika in 1859. [Hanekom 1951:178] Volgens Hanekom was die grondfout in die Reglement van 1816 die verbreking van die band tussen belydenis en kerkregering waardeur die belydenis van die kerk onbeskermd die wêreld ingewerp is en die kerkregering aan die willekeur van menslike insigte ten prooi geword het. [Hanekom 1951:179]

Dat dit vir die handhawing van die leer noodlottig was sou later blyk toe, ondanks die wysiginge van Ord 7 1843, die Kaapse Kerk ontdek het hoe ingrypend hierdie grondbeginsels die kerklike lewe raak en hoe moeilik dit is om die leer van die kerk te handhaaf as die organisasie van die kerk nie op die belydenis berus nie. Die miskenning van hierdie beginsel was, volgens Hanekom, [1951:179] die oorsaak van al die stryd en verbrokkeling en van die verval van die gereformeerde leer.

Art 9 van die Nederlandse Reglement van 1816 waarin die handhawing van die leer vermeld word as een van die baie ander verantwoordelikhede van kerkvergaderinge is in die Reglement van 1824 woordeliks oorgeneem as Art

7. Dit is nog `n belangrike bewys van hoe letterlik die 1824 Reglement die Reglement van 1816 op een van die belangrikste punte nagevolg het. [Hanekom 1951:179]

Die sinode van 1816 het, volgens Hanekom, baie onverskillig gehandel ten opsigte van die leer van die Gereformeerde Kerk en die gevolg was dat leraars en lidmate dwalinge oogluikend toegelaat het. Sommige het dit selfs gepropageer terwyl ander dit verdedig het met die stelling dat die Christendom in die eerste instansie nie leer is nie maar lewe. Laasgenoemde was ook een van die grondgedagtes van die Groninger-rigting. In `n beter bewoording as die 1816 Reglement is aan die kerklike vergaderinge “tot hoofddoel gestel de handhaving van den Godsdienst, bijzonder der Hervormde Leer en de Zuiverheid van zeden” waaruit `n mens moet aflei dat die Sinode geen skeiding tussen leer en lewe gemaak wou hê nie. By baie het die afkeur van die sogenaamde Katagismusprediking egter bly vassteek. [Hanekom 1951:181]

`n Belangrike opsig waarin die 1824 Reglement afgewyk het van die van 1816 was in die samestelling van die Sinode. Sedert 1816 het die Sinode van die Hervormde kerk in Nederland bestaan uit lede wat almal deur die koning benoem is en m a w `n vergadering sonder enige “kerkelyke roeping en kerkelyke autoriteit” [Hanekom 1951:182]

Een van die gebreke van die 1824 Reglement is die feit dat die selfstandigheid van die kerk naas die staat, wat een van die belangrikste kenmerke van die gereformeerde kerkregeringstelsels is, nie tot sy reg gekom het nie. In dieselfde asem moet egter toegegee word dat die Kaapse Kerk nooit in hierdie reëling berus het nie, maar altyd weer vir sy selfstandigheid die stryd teen die staat aangeknop het. [vgl Van der Watt 1980:40]

Die nuwe reglement het wel aan die kerk bevoegdheid gegee om gereeld

sinodale en ringsvergaderings te hou, maar die staat het sy gesag oor die kerk behou. So, bv , moes die hele reglement eers aan die goewerneur voorgelê word vir goedkeuring en hy het die bevoegdheid gehad om enige besluit van die sinode nietig te verklaar. [Van der Watt 1980:40] Hierdie reëling was natuurlik ongereformeerd en het die kerk in haar kerkregtelike ontwikkeling geweldig aan bande gelê. Spanning tussen die kerk en staat kon voorsien word en het dan ook inderdaad gou tot konflikte aanleiding gegee en selfs in openlike botsings tot uiting gekom. Dit het spoedig geblyk dat die verhouding tussen kerk en staat baie versleg het en dat dit dringende aandag vereis het. Die teenwoordigheid van die Kommissaris-Politiek wat oor die staat se belange moes waak het die ongesonde verhouding tussen die staat en die kerk blootgelê en die kerk se verlange na vryheid verder gestimuleer.[vgl. Hanekom 1951:182]

Die voordeel was egter dat ook ouderlinge as verteenwoordigers van hulle gemeentes sitting kon hê en op die wyse het die Kerkraad sy betekenis behou met sy verantwoordelikhede en medeseggingskap in kerklike sake. Die pligte van die kerkraad is dan ook in die Reglement van 1824 net soos later in die Ord 7 van 1843 uitvoerig beskrywe waarin ons, volgens Royaards, moet sien “de sporen van den Calvinistischen geeste, welke in eene kerk op kleiner schaal ingereg, zijn kracht kon ontwikkelen.” [Hanekom 1951:182]

2.12.8 Vorster oor Ooreenkomste en Verskille tussen die reglemente van 1824 en 1816

Vorster het die twee reglemente met mekaar vergelyk en bevind dat die Reglement van 1816 in 1824 as basis geneem is, maar grondig verwerk is. Volgens hom is daar groot ooreenkomste in terme en opset maar groot verskil in bedoeling en betekenis. [Vorster GV Aug 1951:126] Ander kerkregkundiges bevind ook heelwat verskille in die twee reglemente maar,.... “Talle artikels in die 1824-reglement het die kenmerkende en kardinale gereformeerde kerkregeringsbeginsels openbaar.” Onder hierdie sake tel,

volgens Van der Watt se kort opsomming, onder andere die volgende:

- Eerbiediging van die mindere kerkvergadering
- Selfstandigheid van die plaaslike kerk
- Handhawing van die drie besondere ampte
- Erkenning van die kerkverband en daarmee saam die beginsel van afvaardiging
- Belydenis van die absolute gesag van die Heilige Skrif as enigste norm vir die inrigting van die kerk [Van der Watt 1980:40]

Vorster sluit hierby aan maar gee ´n langer uiteensetting wanneer hy ´n vergelyking tref aan die hand van die vier hoof kenmerke van die Presbiteriaal-sinodale stelsel van Kerkregering. Hy stel dit dat, volgens beide Kuyper en Bouman, die gereformeerde kerkregering in die eerste plek daaraan geken word dat die plaaslike Kerk die uitgangspunt vir die Kerkregering vorm. [Vorster *GV Aug 1951:126*]

”Dit behels twee dinge: Die plaaslike Kerk met sy eie ampsdraers, die Kerkraad, is ´n volledige selfstandige Kerk, en die verskillende plaaslike Kerke is volgens die Skrif geroepe om hulle tot ´n eenheid in Ring en Sinode saam te verbind.” [Vorster *GV Aug 1951:126*] Dis ´n beginsel wat, volgens Vorster, in die Reglement van 1816 totaal verkrag is.

Vorster wys op Art 3 wat lui: “Het bestuur der Hervormde Kerk word synodaal, provinciaal, klassikaal en gemeentelyk uitgeoefend.” Die hiërgargiese patroon van hierdie artikel is konsekwent in die Reglement uitgewerk. Direk daarteenoor het die Sinode van 1824 bepaal: “Het bestuur der Hervormde Kerk word uitgeoefen gemeentelyk, ringsgewyze en synodaal.” [Vorster *GV Aug 1951:126*] So is daar, volgens Vorster, in die Reglement van 1824 die volle erkenning van die mindere vergaderinge en die outonomie van die plaaslike Kerk gekry. Dieselfde terme is nog gebruik maar ´n ander betekenis is daarby ingelê. [Vorster *GV Aug 1951:127*]

’n Tweede kenmerk van die Gereformeerde of Presbiteriale stelsel wat Vorster aanraak is die volle erkenning van die leke-element (Kuyper) of die drievoudige amp (Bouwman). Die Sinode van 1824 het met betrekking tot hierdie punt dit wat eie is aan die Kollegialisme en wat in 1816 pertinent gestel is weggelaat en die spoor van De Mist se Kerkorde geneem. Laasgenoemde Kerkorde was, volgens Vorster, op hierdie punt meer suiwer as die een van 1816 wat aan die amp van ouderling en diaken feitlik geen erkenning gee nie. [Vorster *GV Aug 1951:127*]

In die Reglement van 1816 was daar nie sprake van meerdere vergaderinge nie, maar slegs van besture. “Selfs ’n vlugtige vergelyking toon ook hier dat die Sinode die beginsels van 1618 bo die van 1816 verkies het. Die kerkvergaderinge is nie verlaag tot besture nie, al word die term “bestuur” dikwels gebruik, en die beginsel van afvaardiging, soos vasgelê in die kerkorde van De Mist, wat op die punt die voetspoor van die Dordtse Kerkorde gevolg het, is gehandhaaf.” [Vorster *GV Aug 1951:127*]

Met hierdie stelling het Vorster vinnig tussenbeide getree vir die gebruik van die gewraakte kollegialistiese term “bestuur” wat, so skerm hy, tog nie die kerkvergaderinge tot blote besture verlaag het nie. Hiermee is die indruk geskep dat hy, in stryd met sy geaardheid, die kollegialisme met sagte handskoene benader het.

As vierde kenmerk van die Gereformeerde stelsel noem Vorster die selfstandigheid van die Kerk naas die staat en stel dit dadelik dat die Algemene Reglement nie hier tot sy reg gekom het nie. [Vorster *GV Aug 1951:127*] Op hierdie punt vind Vorster vir die sinode se optrede versagting aangesien die kerk onder die staatsdwang van ’n vreemde owerheid gestaan het en dat selfs die Sinode van Dordrecht op hierdie punt aan die heerssugtige staat moes toegee. [Vorster *GV Aug 1951:127*]

Die Kaapse Kerk het dus hieraan toegegee maar, volgens Vorster,

terselfdertyd die stryd teen staatsoorheersing aangeknoop. 'n Stryd wat volgehou is totdat die staat die kerk se vryheid en selfstandigheid erken het. [Vorster *GV Aug 1951:127*]

Vorster vat sy beoordeling as volg saam: "Die Sinode van 1824 het doelbewus probeer om die lyne ten opsigte van die Kerkregering suiwer te trek. Die basis wat hy vir sy Algemene Reglement geneem het was egter verkeerd, en soos te verstaan is, het veel van die verkeerde van die ou reglement die nuwe aangekleef. Die resultaat was 'n hibriediese produk wat die hoofbeginsels van die Gereformeerde sisteem vertoon het, maar wat terminologie en sommige artikels betref aan die Kollegialisme van die Reglement van 1816 herinner het. Van 'n doelbewuste afwyking was daar geen sprake nie. Dit word bewys deur die feit dat die Kerk steeds gewillig was om die hand hervormend aan die Reglement te lê." [Vorster *GV Aug 1951:127-8*]

2.13 KERKREGTELIKE ONTWIKKELING NA DIE SINODE VAN 1824

Na afloop van die Sinode van 1824 moes en het die Kaapse Kerk aanbeweeg. In watter rigting? Die kerk het na hierdie sinode in so 'n mate buite die koloniegrense beweeg dat die kerk in Hanekom se woorde van 'n kerk met 'n "koloniale karakter" na 'n "Kerk van Afrika" verander het. [Kleynhans 1985:71] By die Sinode van 1837 het 'n kommissie opdrag ontvang om die kerkwette te revideer en het dit uitgeloop op die aanname van die Wette en Bepalings in 1842 wat later gelei het tot die herroeping van De Mist se Kerkorde in 1843. Daardeur is die Kaapse Kerk, volgens Vorster [*GV Aug 1951:128*] vrygemaak. Die volgende stap was om 'n naam vir die kerk te vind waardeur die Kerk uitdrukking kon gee van dit wat hy is en wou wees. Die naam "Hervormd" het deur die kerk in Nederland se optrede 'n bepaalde betekenis en gevoelswaarde gekry. Die keuse van die naam "Nederduitse Gereformeerde Kerk" by die Sinode van 1842 was, volgens Vorster, 'n duidelike openbaring van die karakter en rigting wat die Kerk aan die Kaap ingeslaan het. [Vorster *GV Aug 1951:128*]

Die invloed van die Kollegialisme was volgens Vorster nog duidelik sigbaar soos bv in die eerste twee artikels waar dit gestel is dat iemand lidmaat kon word van die kerk sonder om lidmaat te wees van 'n plaaslike gemeente. Hierdie artikels is oorgeneem uit die Reglement van 1816 en het weer die genootskapsidee van die Kollegialisme geleentheid gegee om sy invloed te verbrei. [Vorster *GV Aug 1951:128*]

Die Sinode van 1862 het verder standpunt ingeneem teen die afwykings en in 1870 is 'n kommissie aangewys om die Wette en Bepalings te revideer. Met die aanname van hul rapport in 1873 is daar "derhalwe finaal met die genootskapsidee afgereken." [Vorster *GV Aug 1951:128*]

Die kerk was egter nog nie tevrede nie en in 1897 is weer 'n kommissie aangewys om die wette te revideer. Ingrypende veranderinge is aangebring in die kommissie se verslag wat goedgekeur is. Op voetspoor van Voetius het die terme "meerdere" en "mindere" die terme "hoëre" en "laere" vervang. [Vorster *GV Aug 1951:128*]

"Samevattend kan ons sê dat, waar die Sinode van 1824 die sorg gedra het dat die hoofkenmerke van die Gereformeerde stelsel van Kerkregering in die Algemene Reglement tot uitdrukking gekom het, die Kerk daarna steeds gewillig was om oorblywende kollegiale smette veral ten opsigte van terminologie te verwyder, en dit ook inderdaad in die Sinodes van 1837, 1873 en 1903 gedoen het." [Vorster *GV Aug 1951*]

Vervolgens wys Vorster op hinderlike en onsuivere uitdrukkinge en terme wat in stryd met die Gereformeerde Kerkreg is en nog steeds aanwesig is:

- 1) In 'n paar artikels kom die woord "bestuur" nog voor en moet met die woorde "vergadering" of "regering" vervang word.
- 2) Die uitdrukking "aan die Kerkraad is opgedra" wys op hiërargie en moet gewysig word.

3) Artikels wat die leraar magtig om die doop te bedien aan kinders van ouers wat nie in die plaaslike gemeente is nie, is in stryd met ons opvatting van die doop.

4) Die artikel wat bepaal dat alleen lidmate voorwerpe van tug is (Art 236) behoort uitgebrei te word om dooplidmate in te sluit. [Vorster *GV Aug* 1951:129]

Ter afsluiting sê Vorster: “Al is dit dus te betreur dat die Sinode van 1824 en die van 1842 nie ’n kerkorde maar wel Wette en Bepalinge vir die regering van die Kerk aangeneem het, toon die geskiedenis tog dat die Kerk ook steeds wat sy Kerkregering betref Gereformeerd wou wees en inderdaad was. Daarby openbaar ’n saaklike vergelyking van die Wette en Bepalinge met die Reglemente van 1816 dat die N G Kerk in sy Kerkregering nie kollegialisties is nie maar Gereformeerd.” [Vorster *GV Aug* 1951:129]

Wanneer B B Keet in 1924 die regering van die Ned Geref Kerk beoordeel, dan verklaar hy: “Het resultaat van ons onderzoek is, dat de regeringsvorm van die Ned Geref Kerk, ondanks die vele onvoordelige omstandigheden welke hare geboorte omgaven en hare ontwikkeling bemoeilikten, niet in strijd is met de beginselen van het gereformeerde kerkrecht. Ze is in haar wezen niet kollegialisties; ze is ook niet kongresionalisties; maar ze is die presbyteraal-synodale vorm van kerkregering, welke de plaatselike gemeente en het verband van de kerk beide op het zuiverst tot hun recht laten komen. Zij wil vrij zijn, om volgens Gods Woord haar geestelike roeping te kunnen volbrengen, gedachtig aan het woord, dat Christus der gemeente tot ’n hoofd gegeven is boven alle dingen, welke Zijn lichaam is en de vervulling Desgenen, die alles in allen vervult.”

[Keet 1924:26]

“En so kan ons konkludeer dat die Kerk wat met Van Riebeeck hierheen gekom het nie gesterf het nie, maar uitgegroeï het tot ’n Gereformeerde Kerk op Afrikaanse bodem. En daarvoor loof ons God. [Vorster *GV* Aug 1951:130]

2.14 SAMEVATTING

Dr Koot Vorster het openlik sy dankbaarheid bely vir die feit dat God dit so beskik het dat dit gereformeerdes was wat die eerste kerk op Suid-Afrikaanse bodem gestig het en nie ’n Rooms-Katolieke Kerk met sy hiërargiese kerkinrigting nie.

Uit sy navorsing bevind Vorster dat die V O C gesteld was daarop om die christelike godsdienst binne sy ryksgebied te vestig en te bevorder. So het dit ook gebeur by die verversingspos aan die Kaap. Ongelukkig het die Kompanjie se bevoordeling van die kerk ook sy tol geëis aangesien dit ’n inmenging in kerklike sake beteken het. Die owerheid het die kerk oorheers en daardeur is die kerk in sy kerkregtelike ontwikkeling gestrem. In vergaderings, verkiesing van ampsdraers, beroeping van leraars ens moes die owerheid se toestemming verkry word. Daarmee saam kon die kerk se strewe na ’n kerkverband, los van owerheidsinmenging, ook nie realiseer nie.

Die hou van ’n “gekombineerde kerkvergadering” was ’n groot stap vorentoe maar deur die sg Kerkorde van goewerneur De Mist in 1804 is die deur egter geopen vir die saamroep van meerdere vergaderinge. Op die oog af het dit gelyk of De Mist se dokument vir die kerk vryheid gebring het, maar eintlik het dit die kerk verder in onderhorigheid gedompel.

In 1824 word die eerste sinode gehou en ’n Algemeen Reglement opgestel. Ongelukkig is dit gedoen aan die hand van die Algemeen Reglement wat in 1816 deur die Hervormde Kerk in Nederland opgestel is en wat gewemel het van kollegialistiese trekke. Daarmee is kollegialistiese smette ook hier te lande die kerk ingedra. Vorster bevind egter dat dit in die meeste gevalle slegs die



terminologie was wat ooreengestem het met die 1816 Reglement, maar dat dit tog in die gees van die Dordtse Kerkorde gestaan het. Hy bevind dan ook dat die Dordtse Kerkorde die kerkorde was wat aan die beginjare in die Kaapse Kerk gegeld het.

HOOFSTUK 3

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE EERSTE SINODE IN 1824 TOT DIE SINODE VAN 1862

3.1 INLEIDING

Die tydperk 1824 tot 1862 is 'n belangrike tydperk in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk se kerkregtelike ontwikkeling. In hierdie periode realiseer die lang verwagte en begeerde kerkverband toe die kerk se eerste sinode in 1824 gehou word. 'n Kerkverband wat welliswaar nie lank geduur het nie want dit sou al weer in 1862 deur 'n hofaansoek verbreek word en tot die vorming van verskillende sinodes lei. Die kerkregtelike ontwikkeling het egter 'n goeie einde wanneer daar presies honderd jaar later weer 'n Algemene Sinode tot stand kom.

Dat die kerk ten spyte van verskeie stremmende faktore die eerste sinode in 1824 kon hou was verblydend. Een van die grootste oorsake van die stremming in haar kerkregtelike ontwikkeling was die staat se voortdurende oorheersing oor die kerk. Die feit dat besluite van die kerk eers aan die goewerneur voorgelê moes word vir goedkeuring het tot groot spanning tussen die kerk en staat gelei. Meermale is die organisasie en werksaamhede van die kerk ook daardeur lamgelê soos bv die geval toe die sinode van 1829 'n jaar uitgestel moes word omdat die handelinge van die sinodes van 1824 en 1826 laat goedgekeur is. [Van der Watt 1980:40] Die Britse owerheid het ook met sy inmenging in kerklike sake daarin geslaag om meer Skotse predikante na die Kaap te stuur en so bv het 'n meerderheid Skotse predikante by die sinode van 1834 lidmate laat vrees dat "Engels toenemend die kanseltaal sou word".[Van der Watt 1980:7]

Buiten die oorheersing van die owerheid was daar ook nog ’n ander “gevaar” wat op die toneel verskyn het en vir die kerk ’n struikelblok was op pad na ’n herstelde kerkverband. Dit was die opkoms van liberalisme in Suid-Afrika. As deel van die toenemende gees van liberalisme, “word die opkomende wetenskap begroet as leidster op die weg van vooruitgang.” [Hanekom 1951:162]

Hierdie studie sal o a wil aantoon dat die opkoms en werking van liberalisme in Suid-Afrika die Ned Geref Kerk vir dekades op die agtervoet geplaas het. Dat dit die liberale gees was wat by die skeiding van weë in 1862 die stille vermoede dryfkrag was agter die hartseer gebeure en dat liberalisme in die twintigste eeu nog voortgeduur het want tydens dr Koot Vorster se lang bediening was hy as behoudende predikant en kerkregkundige pal in ’n stryd met liberale beskouings gewikkel. Kerkleiers soos hy wat ’n bydrae wou lewer tot ’n herstelde kerkverband, en inderdaad ook gelewer het, sou nie alleen van hierdie denkrigting en sy vernietigingswerk moes kennis neem nie maar dit ook “ontmasker” en bestry.

3.2 OPKOMS VAN LIBERALISME IN SUID-AFRIKA EN SY INVLOED OP DIE KERK AAN DIE KAAP

Tot krediet van Vorster moet gesê word dat hy deurgaans standpunt ingeneem het teenoor die liberalisme en dit in die sterkste taal bestry het. Hy het nooit geskroom om dit in gesprekke, optredes en artikels aan die kaak te stel en te beveg nie. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die artikel wat Vorster in 1977 geskryf het met die titel: *Liberalisme op Kerklike Terrein* [Dreyer 1977:30 - 40].

Oor die vraag waarom die liberalisme gedurende Vorster se bediening, trouens tot op hede, nog so aktief was en is, moet die rede grotendeels daarin gesoek word dat die Kaapse Kerk meer as ’n eeu vantevore nie daarin kon slaag om die geweldige aanslag van die liberale denkbeelde vry te spring nie.

Hanekom, wat die verskynsel van liberalisme en die invloed daarvan op die geskiedenis in Suid-Afrika goed nagevors en ten boek gestel het, sê dis belangrik: “Wie die verskynsels van ons tyd wil verstaan in hul onderlinge samehang, sal altyd rekening moet hou met die groot krag en beheersende invloed van vroeër denk-rigtinge.” [Hanekom 1951:ix] Hy wys uit dat die liberalisme een van die groot denk-rigtinge was wat gedurende die negentiende eeu soveel invloed in ons land uitgeoefen het. Van hierdie invloed sê Van der Watt [1980:27] dat dit nie onderskat moet word nie, want dit was die “felste aanslag wat die Ned Geref Kerk in die 19de eeu moes verduur.” Dit was ’n ’n wydvertakte 19de eeuse geestesrigting wat sy invloed ook in staat, kerk, kultuur en samelewing laat geld het.

3.2.1 Liberalisme as denkrigting

Die woord liberalisme het in Latyn die mooi en aanvaarbare betekenis van vry, onbelemmerd, ongehinderd [vgl Hanekom 1951:x] en is ’n liberalis die vrye, beskaafde, edele of waardige man wat “die geestelike kwaliteite van die ontwikkelende man of groep mense aangedui het, veral wanneer dit gestel was teenoor dié van die handarbeiders.” [Heyns 1974:43] Gedurende sy lang geskiedenis is die term in verskillende tye en in verskillende verbande gebruik en word bevind dat dit “...nie juis ’n afgeronde sisteem van gedagtes is soos die dialektiese materialisme of ons kerklike belydenisskrifte nie.” [Treurnicht 1967:127] “...[M]eer ’n geestesgesteldheid as ’n afgeslote geheel - afkerig soos dit is van dogmas.” [Treurnicht 1967:128] H G Stoker word aangehaal: “...dat die liberalisme ’n lewens- en wêreldbeskouing is wat omvattend van alle menslike doen en late, van alle menslike verhoudinge en probleme, sy eie opvatting ontwikkel. Die uitgangspunt van hierdie opvatting is die hoë waarde en soewereiniteit van die vrye, aan alle ander gelyke, goeie en gawe menslike individu, wat met die ander wedywer en daardeur vooruitgang en welvaart verseker.” [Dreyer 1977:41]

Vorster se siening van die liberalisme word deur Hanekom verwoord as hy sê

dat dit op die oog af mag lyk of 'n liberale persoon iemand is wat heeltemal onskuldig, maar net na vryheid soek maar in werklikheid is dit iets anders: “Die grondslae en geestesmerk van die liberale beweging is nie te vind in die strewe na vryheid nie, maar in sy verwerping van gesag.” In sy ware wese was die liberale rigting van die negentiende eeu dus geen onskuldige “vryheidsbeweging nie, maar 'n revolusionêre agitatie, gesagsverwerping in beginsel.” [Hanekom 1951:x]

3.2.2 Ontstaan en agtergrond van die liberale rigting

Die oorsprong van die liberalisme kom op uit die Verligting, vir soverre dit sy geestelike en ideële inhoud gee, en vanuit die Franse Revolusie vir die praktiese partyprogram en beleid. [Hanekom 1951:x] In die Verligting het die mens “selfgenoegsaam en selftevrede sy sg onmondigheid afgeskud.” In hierdie fase van rasionalisasie is die mens se rede verhef bo alles en as kenbron en absolute waarheid en moes die mens hom in alles laat lei deur sy verstand. Hier kom die, “intrede van die Skrifkritiek, met as resultaat 'n erg verminkte Bybel, waardeur die godsdienst niks meer as 'n soort deuglikheid of moraliteit geword het nie.” [Van der Watt 1980:28; Vorster in Dreyer 1977:32] Vanuit die Franse Revolusie met sy slagkreet Vryheid, Gelykheid en Broederskap moes die grondgedagtes van die Rewolusie verwesenlik word sonder om gewelddadig te werk te gaan. [Van der Watt 1980:27-28; Vorster in Dreyer 1977:31]

3.2.3 Liberalisme se ontstaan en invloed in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het die liberalisme as 'n “allesomvattende kultuuromwenteling gedurende die eerste kwart van die negentiende eeu” gekom. [Hanekom 1951:158] Dit het posgevat want, “Die Afrikaanse bevolking wat reeds gedurende die agtiende eeu kennis gemaak het met die verligtingsideë, openbaar ook aan die begin van die negentiende eeu 'n opvallende ontvanklikheid vir nuwe denkbeelde” en sekere kultuurhistoriese invloede het na Suid-Afrika deurgewerk wat die weg vir die liberalisme geopen het.

[Hanekom 1951:136; Du Toit 1955:132] Op die kerklike terrein het allerlei afdwalings van die Gereformeerde leer plaasgevind.

Die “vryheidsgees” wat saam met ander liberale tendense onder die Britse bewind aan die Kaap kom wortelskiet het, het gelei tot die agitatie vir konstitusionele vryheid, ’n vrye drukpers en vrye lewensuiting in die maatskaplike lewe. Dit was niks anders as ’n vernet teen die bestaande orde en ’n strewe na ‘vooruitgang’ en ‘hervorming’, die roep om ‘volksverligting’ en die afkeer van kerklike gesag veral” [Hanekom 1951:136]

Verdraagsaamheid, wat goed is vir ordelike naasbestaan, is deur die liberalisme oordryf tot ’n sleutelbegrip en vorm met die idee van verligtheid die botoon. Tereg wys Treurnicht [Dreyer 1977:49] op die teenstrydigheid: “As alles verdra moet word, moet onreg en aggressie geduld word, moet sonde nie bestaf word nie, kan selfs die liberalis nie agiteer vir verandering nie, en kan daar geen hervorming wees nie.” Hy wys ook op iets waarmee uit eie ondervinding saamgestem kan word nl dat die liberalis in die daaglikse wandel baie keer van die mees onverdraagsaamste mense teenoor andersdenkendes is.

Die feit dat Vorster sterk standpunt ingeneem het teen die liberale gees het hom baie kere in konflik laat kom met ander kerkleiers. Dit het hom egter nie afgeskrik nie. Sy behoudensheid het hom dikwels in die spervuur laat beland en het daartoe gelei dat hy meer as een keer daarvan beskuldig is dat hy sy kerk op ’n ander pad wil help stuur, selfs dat hy “een van die predikante is wat as kampvegter vir die Geref. Kerk optree” [Kb 13/11/1935:969] en op ’n stadium moes Vorster homself verweer deur uitdruklik te sê: “...ek is nie ’n Dopper nie” [Kb 22/01/1936] Die feit dat Vorster sy doktorsgraad aan die Potchefstroomse Universiteit behaal het en professore van die Gereformeerde Kerk as studieleiers gehad het sou in sulke gevalle bygesleep word om hul argumente te versterk. Daar word egter vergeet dat Vorster in die gevangenis in Pretoria

sy nagraadse studie voortgesit het toe hy baie ver van Stellenbosch was en dit 'n logiese stap sou wees om sy doktorsale studie ook daar te voltooi. Langner [2007:81] verwys ook na hierdie vreemdheid dat “Vorster, as predikant van die NG Kerk en toe reeds lid van die Kaapse moderatuur en lid van die kuratorium van die Stellenbosche kweekskool, sy studies aan die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool voltooi het” Hieruit sou sommige wou aflei dat Vorster die teologie soos wat dit op Potchefstroom gedoseer is meer gereformeerd en behoudend gevind het as die wat te Stellenbosch en Pretoria gedoseer is. Vorster het self enige onsekerheid uit die weg geruim met sy verklaring: “Inderdaad staan dit dan ook soos 'n paal bo water dat die Kweekskool gedurende sy honderdjarige bestaan op kerkregtelike gebied op die Reformatoriese grondslag voortgebou het!” [Kb 28 Oktober 1959:680]

3.2.3.1 Vorster se beskouing van die Liberalisme

3.2.3.1.1 Vorster beskou die Liberalisme as wegbereider van die rewolusie

Vorster bevind dit inderdaad ook as 'n “negatiewe mag wat net die anargie of die ateïsme of die despotisme of die Revolusie voorberei. En as sy voorbereidingstaak afgehandel is, sterf dit.” [Vorster in Dreyer 1977:31] “Alleen in metode het die liberale beweging afgewyk van die Revolusie. Dit wou geen gewelddadige poging wees nie, maar het getrag om die grondgedagtes van die Revolusie te verwesenlik deur 'n gematigde strewe en langs konstitusionele weg - vandaar sy ywer vir volksverligting, volksverteenwoordiging, vrye kiesreg, 'n vrye drukpers, die skeiding van Kerk en Staat, asook sy hoë waardering vir die groot revolutionêre woord: Konstitusie.” [Hanekom 1951:x-xi] Lg woord word nie in sy historiese betekenis gebruik nie, maar soos dit uit die Franse revolusie voortgekom het. [Hanekom 1951:xi (voetnoot 2)]

3.2.3.1.2 Vorster beskou die Liberalisme as gevaarliker as magsgeweld

Aangesien die liberalis, volgens Vorster, nie die “moed” het om geweld te gebruik om sy doel te bereik nie maak dit eintlik van hom ’n “revolusionêr sonder ’n masjiengeweer.” [Vorster in Dreyer1977:30] Vorster laat die waarskuwing hoor: “Uit die geskiedenis oor die eeue kom die een verskriklike waarheid dat die Liberalisme vir die kerk en die godsdiens tienmaal gevaarliker was as die mense en beweginge wat met magsgeweld die Christendom in bloed wou smoor. Dit is die geval, nie net omdat die Liberalisme so onskuldig as ’n engel van die lig optree nie, en ook nie omdat dit sy ware aard en werk so goed kan kamoefleer nie. Die geskiedenis bewys dat magsgeweld die gelowiges meer trou en sterk maak en dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is.” [Vorster in Dreyer 1977:39]

Die vryheidsgees van die mens het in die liberale rigting ’n verkeerde koers gekies.

Hanekom wys daarop dat die tiperende leuse van die liberalisme “God en mijn Recht” op die denkrigting se geestelik-godsdiensstige verankering vir sy ideale en doel dui. Hierdie leuse was oral op hul vaandels en beteken maar net dat hulle “die *natuurlike* regte van elke mense, die *gelyke* regte van alle mense wou handhaaf en verwerklik sien in die vryheid van almal en in alles.”

[Hanekom 1951:xi] Teenoor die Calvinisme wat in die “vryheid gesien het ’n genadegawe van God wat ’n hoë verantwoordelikheid en heilige roeping aan die mens oplê,” het ons hier te doen met “vryheid as ’n *natuurlike reg*, die onvervreembare, persoonlike besit van elke mens.” [Hanekom 1951:xi]

3.2.3.1.3 Liberalisme ondermyn gesag en dissipline

Met die liberale uitkyk op sake is die gesag van die kerk onder verdenking gebring en het lidmate hulle nie maklik deur die kerk laat vermaan of tugtig nie. Baie gou is daar in sulke gevalle na die geregshof gehaas in wat Hanekom noem, “die gees van verset met behulp van die geregshof” [Hanekom

1951:164] “Gedurende die negentiende eeu hoor ’n mens veel van onafhanklike regspraak. Die geregshof was inderdaad in hoë eer as die beskermer van die vryheid teenoor alle vorme van onderdrukking en magismisbruik. Ons vind dan ook ‘onafhanklike regspraak’ op elke liberale program van beginsels.

Ook in Suid-Afrika is dit opvallend dat daar buitengewoon veel verwag word van die geregshof, telkens word daarop ’n beroep gedoen as appel teen die beslissing van kerklike vergaderings, dikwels as verset teen alle kerklike gesag.” [Hanekom 1951:375] “Vandaar ook die herhaalde bedreiging van die Kaapse Kerk met die geregshof en die talryke hofsake waarin die Kerk betrokke raak. Kerkraadslede, leraars en kerklike vergaderinge moes dikwels hul goeie reg en goeie trou voor die hof verdedig, in die meeste gevalle sonder veel sukses.” [Hanekom 1951:376]

Volgens Hanekom [1951:376] kon dit verwag word dat die Kerk na eeue se onderworpenheid aan die Staat dikwels onbeholpe sou optree, maar die feit is dat baie lidmate min genade vir hulle Kerk gehad het. Hofsake teen die Kerk of Kaapse predikante kom dan ook gedurende hierdie jare baie voor. Die neiging om met kerklike aangeleenthede na die geregshof te gaan was ’n verontrustende verskynsel. [Hanekom 1951:379] Dit het deur die hele eeu voortgeduur. “Agter baie van hierdie hofsake skuil daar weg die rewolusionêre gees wat geen vrede het met die geestelike gesag van die Kerk nie, die gees van die tyd wat in verset kom teen die tug en geestelike dissipline wat die Gereformeerde Kerk moet uitoefen tot die eer van God, die suiwerheid van die Kerk en die heil van die sondaar.” [Hanekom 1951:380]

3.3 PIËTIESE GEES

Die liberalisme het op die kerklike terrein verder geteer op die “piëtiese gees” uit die tyd, die ‘godvruchtige gezelschappen’ wat soveel waardering geniet het ook by M C Vos en sy geesverwante.” [Hanekom 1951:161] Hierdie

godsdienstige groepe is dikwels aangeprys *teenoor* die Kerk en selfs as 'n korreksie op die Kerk. Hanekom verwys na 'n berig wat hierdie tyd in *De Zuid-Afrikaan* verskyn

“Terwijl...de gestudeerde, hooggeachte, weleerwaardig genoemde, rijkbezoldigde zielzorgers, hunnen plicht omtrent God en hunne medemenschen vergaten, of opzettelijk verzuimde, bewerkte de Alregeerder, door de inwerking van zijnen geest, ongestudeerde personen, dat zij uit ongeveinsde liefde tot God en hunne natuurgenoten, de hen medegedeelde goddelijke genade aan leerbebegeerigen verkondigen, in zaamkomende godsdienstige vergaderingen oefenden....”

[Hanekom 1951:161]

Hierdie minagtende houding teenoor die kerk en leraars en die stigting van 'n menigte genootskappe en groepe wat in huise bymekaar gekom het was kenmerkend van die godsdienstige liberalisme van die tyd. [Hanekom 1951:161] Die Ned Geref Kerk is verkwalik dat lidmaatskap nie vir alle landsburgers, ongeag van watter geloofsoortuiging hulle is, oop was nie. Hulle wou weet hoe evangeliedienaars die voordele van godsdiens aan party landsburgers kon weier en het die kerk gewaarsku dat indien een siel op hierdie wyse verlore sou gaan dit eendag van hulle hande geëis sou word. [Hanekom 1951:162] Dis dan ook teen hierdie agtergrond dat die Sinode van 1834 veroordeel is oor die, “despotisch en onverantwoordelijk gezag wat dit hom aanmatig” [Hanekom 1951:162] “Oral in Suid-Afrika hoor ons van verset en opstand teen die bestaande orde, en ook van afkerigheid van die christelike leer.” [Hanekom 1951:163]

3.4 SINODES VAN DIE KAAPSE KERK

3.4.1 Sinode van Kaapse Kerk 1837

Die stryd van die Kaapse Kerk teen die oorheersing van die owerheid het

voortgeduur. Op 17 Oktober 1837 het die Kaapse Sinode 'n Buitengewone Sinode in die konsistorie van die Grootte Kerk gehou. Een van die sake wat pertinent hier aan die orde gekom het was die voortdurende spanning tussen kerk en owerheid en dit het uitgeloop op 'n openlike konfrontasie. Die goewerneur, sir George Napier, het teen 'n sinodale beslissing beswaar gemaak en daarmee baie protes vanuit kerklike kringe ontketen. Vir baie binne die kerk was hierdie “verregaande owerheidsinmenging” die laaste strooi want hulle het gevoel: “die goewerneur se optrede het gesonde kerkregering verontagsaam” en so het hulle uitgewys dat die verhouding kerk-staat “dringende hersiening” nodig het. [Van der Watt 1980:41]

Wat van hierdie sinode 'n belangrike baken op die pad na kerkregtelike vryheid gemaak het was die “selfstandigheidsgevoel” wat hier na vore gekom het. [Van der Watt 1980:41] Iets wat al hoe meer duidelik geword het was in Keet [1925:16] se woorde, “Intussen was er in onze kerk almeer ontevredenheid en tegenstand ontwaakt tegen de hinderlike bepalingen van der Kerkorde van De Mist.” Hierdie sinode het dan ook eenparig besluit om 'n kommissie te benoem om die bestaande kerklike wette te revideer en aan die volgende sinode te rapporteer. [vgl Van der Watt 1977:104; Keet 1925:16]

Alhoewel die meer behoudende Skotse predikante by hierdie sinode in die meerderheid was, was daar 'n sterk minderheidsparty en uit hierdie minderheidsparty het, volgens Hanekom, die liberale rigting in die Kaapse kerk ontwikkel. [vgl Hanekom 1951:187; Van der Watt 1980:29]

3.4.2 Sinode van Kaapse Kerk 1842

Nadat die kerk in 1824 die reg gekry het om voortaan 'n sinode te hou het dit, volgens Vorster, haar aangevuur om al meer op haar regte aanspraak te maak en staatsinmenging sterker teen te staan. Hierdie stryd is bekroon toe die owerheid uiteindelik besluit het om groter vryheid aan die kerk te gee. [Vorster Kb 5 April 1961:463] Die kommissie wat by die Sinode van 1837 die opdrag

ontvang het om die Wette en Bepalinge te revidere se verslag is ontvang en die resultaat hiervan was 'n nuwe reglement, "Wetten en Bepalingen voor het Bestuur der Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika." Dit is op 15 November 1842 goedgekeur. [Van der Watt 1977:104] Die verslag is aangeneem en was natuurlik slegs 'n revisie van die vorige wat volgens die Algemeen Reglement van die Hervormde Kerk van Nederland gewees het. [Keet 1925:16]

Van der Watt [1977:104] wys op die feit dat die kerk sy eie reglement na die owerheid gestuur het om die nodige sanksie te verkry en dat dit 'n aanduiding is van die greep wat die owerheid op die kerklike sake gehad het. In die nuwe reglement was daar nog slegs enkele spore van 'n Calvinistiese gees soos bv dat die formuliere van enigheid as die leer van die kerk vasgestel is en aan die kerkrade meer mag toegeken is. [Du Toit 1955:134]

Daar was nog steeds groot reaksie teen die Hervormde Reglement van Nederland en dit het baie bespreking uitgelok. So kry die Akte van Legitimasië 'n nuwe bewoording wat, "veel ondubbelzinniger is, dan die van de Hervormde Kerk in Nederland. [Keet 1925:17] 'n Rede tot dankbaarheid was dat die kerk by hierdie sinode in 1842 weer sy oorspronklike naam teruggekry het nadat dit sedert die einde van die agtiende eeu wisselend ook as Hervormde Kerk bekend was. [Keet 1925:17; Du Toit 1955:134] Die naam van die kerk is offisieël omskrywe as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en die amptelike vasstelling van die kerk se naam by hierdie sinode is nog 'n bewys dat dit hier gaan om 'n kerk, wat volkome inheems geword het. [Van der Watt 1980:43 en 62]

3.4.2.1 Ordonnansie no 7 van 1843

Die Kerkorde van De Mist het natuurlik nog 'n probleem gebly, maar aangesien dit die krag van 'n wet gehad het kon dit alleenlik deur 'n wet herroep word. In opdrag van 'n "simpatieke" goewerneur Napier [Vorster Kb 5

April 1961:463] het die prokureur-generaal, sir William Porter, 'n ordonnansie ontwerp wat die Kerkorde van De Mist herroep het en die gerevideerde wette en bepalinge as van krag verklaar het. Hy het dit by wyse van 'n ordonnansie gedoen en die dokument het bekend geword as Ordonnantie No 7 - 1843.

[Van der Watt 1977:104]

So het die bekende Ordonnansie 7 van 1843 die lig gesien. [Van der Watt 1980:44] "Die kerk het nou sy 'ordonnansie' gekry" [Du Toit 1955:134] Vir die feit dat De Mist se kerkorde nie bloot net herroep is nie, maar deur 'n ander kerkorde vervang is bevind Vorster as 'n eenaardige optrede aan die kant van Porter. Miskien, redeneer Vorster, was Porter met hierdie houding van:

"Having cleared the stage you must introduce new characters", bevrees dat die kerk te magtig sou word. [Vorster *Kb* 5 April 1961:463] Sir William Porter het die Ordonnansie op 22 Julie 1843 ingedien en verduidelik dat die owerheid daarmee twee dinge beoog: "to free it [die kerk] from the trammels of secular interference in all spiritual or purely ecclesiastical matters" en "to provide against all possibility of an abuse of the powers which we intend to delegate" [Vorster *Kb* 5 April 1961:463]

Die doelstellings, soos deur Porter uiteengesit, was in lyn met die begeerte van die kerk en dus vir die kerk aanneemlik. [Vorster *Kb* 5 April 1961:463] Porter was, aldus Vorster, van mening dat hy die kerk 'n groot guns bewys het as hy trots verklaar: "Now, when the public purse has been protected; when the Governor's patronage has been preserved; when the discipline and doctrine of the church have been established; when civil rights have been removed beyond the reach of any aggression; and when the balance of lay and clerical power in the assembly has been fixed for ever, how is it possible for the church to go astray?" [Vorster *Kb* 5 April 1961:463] Ten spyte van Porter se genoegdoening en tevredenheid, maak Vorster dit baie duidelik dat die kerk anders oor die ordonnansie geoordeel het. Die kerk het nou groter vryheid gehad as ooit tevore, maar daar was van die begin af bedenkinge en besware.



[Vorster *Kb* 5 April 1961:463]

Met hierdie nuwe maatreël is die Kerkorde van De Mist herroep en Ord No 7 van 1843 sou in hoofsaak die verhouding van die Ned Geref Kerk ten opsigte van die staat uitdruk en dan ook die grondslag vorm waarop die *kerkregtelike* ontwikkeling van die kerk berus het. [Van der Watt 1977:104] Die ordonnansie is by die Wetgewende Raad ingedien onder die opskrif: “The Separation of Church and State Petition” “Met dit in gedagte moet opgemerk word, sê Van der Watt, dat die Ned Geref Kerk veel by hierdie ordonnansie gebaat het: die kerk was nou vry in die bestuur van sy huishoudelike aangeleenthede soos blyk uit die bepaling drie van die maatreël dat die Sinode die bevoegdheid besit om sy eie inwendige sake te reël.” [Van der Watt 1977:105] Met die opskrif, “The Separation of the Church and State Petition” het hierdie Ordonnansie wel ’n verandering in die kerk-staat verhouding gebring en vorm dit die “grondslag waarop die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk voortaan sou berus.” [Van der Watt 1980:44] Aanvanklik het die owerheid ’n groot seggenskap oor die kerk uitgeoefen, ondermeer dat predikante deur die staat gewerf, aangestel en besoldig is. Deur hierdie ordonnansie het die kerk ’n aansienlike mate van vryheid verkry – gemeentes kon byvoorbeeld voortaan self predikante beroep. Byna vanselfsprekend is die oë gewend tot Hollandssprekende leraars. (Van der Watt 1980:9)

’n Verdere wins van die ordonnansie was dat daar nie meer verteenwoordigers van die staat in kerklike vergaderings aanwesig was nie. Die kerk het dus groter vryheid gehad in haar organisasie. Heeltemal vry was die kerk natuurlik nie want die staat het nog steeds sy magsoorsig behou. So, byvoorbeeld, het die goewerneur die reg behou om self vakatures aan te vul in gemeentes waar predikante deur die staat besoldig is. “Kerkregtelik is die kerk verder aan bande gelê deurdat die regering van die kerk slegs in die hande van Kerkrade, Ringe en Sinodes geplaas is. Vir ander vergaderings soos bv.

streekssinodes of 'n Algemene Sinode sou die ordonnansie eers gewysig of herroep moes word". [Van der Watt 1980:44]

Vorster het aangeteken dat die kerk aanvanklik die nuut verkreeë vryheid sodanig geniet het dat die teenstand teen die ordonnansie gering was. Ds G W A van der Lingen was egter van die uitsonderings want, volgens Vorster, was hy een van die manne wat, "skerpsiene en prinsipieël belynd, wat 'n stem daarteen laat hoor het. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

Teenstand teen die ordonnansie het deur die jare gegroei. "Heel gou het dit dan ook geblyk dat die Ordonnansie nie alleen niks meer gee as wat ander kerke sonder die Ordonnansie het nie, maar dat die Ordonnansie die kerk in sy vryheid beperk en in sy ontwikkeling strem." [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Heeltemal tereg was daar baie lidmate vir wie dit 'n verkeerde beginsel was as die kerk voor 'n aardse moondheid moet kom buig om gunste te vra wat hom as geboortereg toekom. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] "Miskien was die grootste nadeel van die Ordonnansie vir die kerk daarin geleë dat dit aan lidmate in die Republieke voorgehou is as bewys dat hulle weer onder Britse gesag kom as hulle aan die N G Kerk behoort." [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

Deur die Ordonnansie is dit steeds die Ned Geref Kerk verwyd dat die kerk nie vry na eie kerkorde leef nie, maar kollegialisties in sy regering tevrede onder staatsoorheersing leef. "Die ordonnansie was 'n klip waarmee die kerk dikwels en baie seer gegooi is." [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

Daar was natuurlik ook die deel van die Ordonnansie wat oor die samestelling van die Sinode handel en wat in latere jare telkens na vore gekom het om uiteindelik in 'n hofuitspraak in 1862 op die skeiding van weë uit te loop.

3.4.3 Sinode van Kaapse Kerk 1847

By die Sinode van 1847 het die moderator met groot dankbaarheid erkenning gegee aan, "de vryheid, welke dit ons kerkgenootschap van staatswege sedert

ons laatste bijeenkomst hebben bekomen” maar die bepaling betreffende die kerk se organisasie, bevoegdhede, grense en andere het die kerk aan bande gelê sodat die kerk nie werklik vry was nie. [Vorster *Kb* 5 April 1961:463-464] By hierdie Sinode was daar geen afgevaardigdes van gemeentes buite die Kaapkolonie aanwesig nie. Dis, volgens Van der Watt, miskien die rede waarom daar op hierdie sinode nie besinning en bespreking oor die uitbreiding van die kerk buite die Kaapkolonie was nie. [Van der Watt 1977:107]

3.4.4 Sinode van Kaapse Kerk 1852

Nadat die Ned Geref Kerk sedert die volksplanting al gereformeerde kerk binne Afrikaner-geledere was, het daar in ´n korte tyd van tien jaar na die Kaapse Sinode van 1852 jaar twee nuwe kerke hul verskyning gemaak. Dit was, veral in Transvaal, jare van ´n veelbewoë geskiedenis. [Gerdener 1945:348] By die sinode van 1852 was daar afgevaardigdes van vier gemeentes buite die grense van die Kaapkolonie teenwoordig en dit het by konstituering vrae oor die betrokkenes se sittingsreg laat ontstaan. [Kleynhans 1985:71] ´n Beskrywingspunt van die “Commissie tot de Trans-Vaalsche Gemeenten” wat oor die inlywing gehandel het, het op die sinode gedien en daar is besluit om regsadvies in te win. [Kleynhans 1985:71]

´n Paar dae later het die prokureur-generaal, sir William Porter, die sinode geadviseer dat die kerk volgens hom ´n geestelike liggaam is wat nie aan territoriale grense gebonde is nie. Gemeentes buite die Kaapkolonie, “would belong to the Dutch Reformed Church” [Kleynhans 1985:72; Van der Watt 1977:105-106] Hierdie advies was vir die sinode gerusgestellend en daar is besluit om die Transvaalse gemeentes by die Kaapse Kerk in te lyf. [Van Staden 1973:413; Van der Watt 1977:67] “...alle belanghebbende instansies- die Transvaalse gemeentes, die republikeinse Volksraad en die Kaapse Sinode- het volkome eenstemmigheid bereik, en in die Kaapse Sinode is die aangeleentheid tot finaliteit gebring.” [Van der Watt 1977:67] Die probleem rondom sittingsreg vir afgevaardigdes buite die Kaapkolonie sou egter nie

weggaan nie, maar eerder groter word by die daaropvolgende sinodes.

3.4.5 Sinode van Kaapse Kerk 1857

Met die konstituering van die Kaapse Sinode in 1857 het die probleem van sittingsreg aan afgevaardigdes buite die Kaapkolonie weer ter sprake gekom. Deur die Sandrivier Konvensie van 1852 en die Bloemfontein Konvensie van 1854 het burgers noord van die Vaalrivier en in die Oranje-Vrystaat hulle politieke onafhanklikheid ontvang. Met die konstituering van die Sinode wou afgevaardigdes uit hierdie onafhanklike state sittingsreg in die Sinode neem, maar ouderling Hugo Hendrik Loedolff van die kerk Swartland in Malmesbury, 'n man wat begeester was met die liberalisme, het hulle sittingsreg bevraagteken. Hierop het die sinode die beswaar uitvoerig bespreek en teen die agtergrond van die advies wat die vorige sinode gekry het is Loedolff se teenkanting verwerp. [vgl Kleynhans 1985:72] Ouderling Loedolff was van mening dat hy 'n sterk saak het en sou nie rus voordat die saak deur onafhanklike kenners aangehoor en uitgemaak is nie. Soos later in die hoofstuk aangedui word, het hy dan ook by latere sinodes elke keer hierdie saak ter berde gebring en uiteindelik in 1862 daarin geslaag om die gang van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika opmerklik te verander. Die liberale tydsgees wat lidmate so maklik hulle toevlug na die wêreldse regbank laat wend is tydens die sinode aangespreek en word besluit, dat "diegene wat met voorbijgaan der Hoogere Kerkbestuure hulle op die wêreldlike hof beroep, se gedrag laakbaar, onwettig en sensurabel is." [Van der Watt 1980:29]

By die Sinode van 1857 word besluit om 'n teologiese seminarium te Stellenbosch op te rig en dat twee hoogleraars beroep moes word.

3.4.5.1 1859 Totstandkoming van die Kweekskool te Stellenbosch

Vorster het nie alleen aan die Kweekskool te Stellenbosch hom bekwaam as predikant nie, maar dit is ook die plek waar hy vir die eerste keer kennis gemaak het met die vak kerkreg en verder daarin gestudeer het. Dit is dan ook



op hierdie gebied waar hy as aktuaris sy groot rol gespeel het in die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962. Gedurende sy jare as predikant was hy vir baie jare verbonde aan die Kuratorium en het hy jaloers gewaak oor hierdie instelling. Om die kweekskool se bydrae en invloed te beoordeel, soos wat Vorster dit ook gedoen het, is dit belangrik om te sien wat die motief was vir die oprigting van 'n kweekskool op Stellenbosch en te oordeel of die instelling getrou gebly het aan dit waarvoor dit opgerig is. Daarom word daar vervolgens gekyk na die stigting van hierdie instelling.

Die behoefte aan 'n eie teologiese skool het dringender geword vanweë die koste en opoffering van oorsese opleiding, maar ook namate die gevaar van die liberale gees, vrysinigheid, Rooms Katolisisme en staatsoorheersing oor die kerk inslag gevind het. Aangesien dit sake was wat Vorster later ook vuriglik beveg het sou hy seker 'n voorstander vir so 'n inrigting gewees het as hy toe predikant in die Kaapse Kerk was.

Die Kaapse Kerk moes altyd predikante van elders kry en dit was eers teen die einde van die 18de eeu dat Kaapse seuns as evangeliedienaars na hulle vaderland teruggekeer het. In die begin van die 19de eeu was hulle egter te min vir die aanvraag. Die Engelse Owerheid het hierdie gaping gevul, Skotse leraars ingevoer en dr William Robertson oorsese gestuur om leraars te gaan werf. Hierdie gewerfde leraars moes aan sekere vereistes behoort naamlik “van regsinnige oortuiging wees om so die liberale aanslag te help stuit.” [Van der Watt 1980:65]

Buiten die bedreiging van vrysinigheid was dit ook die vrees vir die Roomse gevaar, soos Abraham Faure dit genoem het wat, “'n ander vorm van leerdwaling [was] wat die opleiding van Skrifgetroue leeraars noodsaaklik maak” [Olivier 1998:15] “Die gevreesde gevaar van die invoering van ongewenste leerstellings deur jong predikante in Nederland met sy Liberalisme opgelei, het nou egter werklikheid geword en dit het die oprigting

van ’n eie Kweekskool bevorder.” [Malan 1933:16] “Die Kweekskool was bedoel as en het geword ’n bolwerk teen die aanslag van die liberalisme. [Olivier 1998:15] “Met die oprigting van ’n eie teologiese opleidingsentrum, is ’n keerwal gebou teen die bedreiging van die liberalisme wat die Skrif en sy gesag wou oorspoel” [Olivier 1998:15]

Abraham Faure was een van diegene wat met oorgawe vir ’n teologiese skool geywer het en is ondersteun deur die feit dat tot dertig gemeentes vanaf 1848 - 1859 gestig is en die tekort aan leraars by die dag groter geword het. [Van der Watt 1980:67]

Daar was natuurlik ook ander, veral voorstanders van die liberale rigting, wat op hulle beurt die stigting van ’n eie kweekskool bestry en probeer vertraag het. Vir hulle was die oprigting van so ’n instansie nie werklik nodig nie. Van hulle het duidelik verklaar dat hulle bang was dat dit “eene Leerschool der ortodoxie zou worden.” [Van der Watt 1980:68-69] “Die agtien manne wat die oprigting van ’n Kweekskool end-uit beveg het, is met weinige uitsonderinge, die liberales in die Kaapse Kerk.” [Van der Watt 1980:30]

Daar moet egter ook gekonstateer word dat daar lidmate was wat die oprigting van ’n eie teologiese inrigting teengestaan het omdat hulle deur die opleiding in Nederland wou seker maak dat die historiese bande en betekenis tussen die twee lande sterk bly. [Van der Watt 1980:69]

Twee hoogleraars [wat oorsee opgelei is] is beroep, maar nadat hulle nie die beroeping opgevolg het nie, is twee plaaslike predikante t w di John Murray en N J Hofmeyr beroep. Hulle het die beroepe aangeneem en so die eerste twee hoogleraars aan die Kweekskool op Stellenbosch geword. [Van der Watt 1980:70]

“Op 1 November 1859 is die Teologiese Seminarium in ’n feestelike stemming

op Stellenbosch geopen. Die inwyding het die seël gedruk op 'n lang geskiedenis, wat, histories besien, een van stryd was, maar dan altyd tog 'n stryd van geloof en moed, waarby die hele volk sou baat.” [Van der Watt 1980:71] Volgens Van der Watt het die hele kerk die kweekskool as sy saak beskou en daarom het dit soveel invloed op die breë volkslewe uitgeoefen. Die kweekskool was, in die woorde van Van der Watt, “'n kweekskool nie alleen in Suid- Afrika maar vir Suid-Afrika.” [Van der Watt 1980:71] Die Kweekskool het geleef in die harte van die lidmate en praat 'n moderator van die Vrystaat namens vele lidmate as hy later sê: “Wij erkennen met dankbaarheid de dierbare kweekskool, aan welke inrigting onze kerk zoo veel te danken heeft.” [Van der Watt 1980:71]

“Watter bydrae het die Kweekskool gelewer tot ons Kerkregering?” Dis die vraag wat Vorster in 1959 gevra het by die honderdjarige herdenking van die Kweekskool op Stellenbosch. Hy spreek die onderwerp aan onder die hoof: Kerkreg op Reformatoriese Grondslag [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664] Vorster beantwoord die vraag self: “En waar die Kweekskool opgerig is om, onder meer, die selfstandigheid van die Kerk te bevorder en regsinnige leraars op te lei, kon dit met reg verwag word dat hierdie inrigting op die gebied van die Kerkreg besondere betekenis sou hê en op die Reformatoriese grondslag sou voortbou.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

Vorster wys daarop dat die Kweekskool in 1859, weens die kleinheid van die Kerk en die gebrek aan middele, met die allerminste begin het. Twee professore moes al die teologiese vakke behartig daarom “sal dit ook niemand verwonder dat Kerkreg in die eerste paar dekades nie as afsonderlike vak behandel is nie. Eers in 1884 is dit in ‘Wette en Bepalinge’ as afsonderlike vak ingesluit onder die vakke waarin die studente onderrig en geëksamineer moet word. Ons mag derhalwe aanneem dat Kerkreg as vak in daardie beginjare nie tot volle reg gekom het nie.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]. “Dit beteken egter nie”, volgens Vorster, “dat daar in die eerste jare van die Kweekskool

geen leiding en invloed op hierdie gebied uitgegaan het nie. Intendeel, juis toe die Kerk in die kommervolle tyd van die liberale stryd voor die regbank gedaag is en leiding op kerkregtelike gebied gesoek het, het daar kragtige en suiwere leiding uit die Kweekskool gekom”. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

“Prof N J Hofmeyr het in 1865 sy boek, *De Kerk en de Rechtbank*, uitgegee. In kloeke taal,” gaan Vorster voort, “het hy die Erastianisme bestry en die Calvinistiese kerkbegrip en die hoofbeginsels van die presbiteriaal-gereformeerde stelsel van kerkregering uiteengesit en verdedig. Op oortuigende wyse het hy aangetoon dat die Kerk in Nederland nooit die Erastiaanse kerkorde van 1591 aanvaar het nie, maar vasgehou het aan die ‘Calvinistiese kerkbeginsels’, en dat die Kerk in Suid-Afrika ook hierdie rigting gevolg het. Teenoor die regbank en sy Erastiaanse uitgangspunt het hy die vryheid en selfstandigheid van die kerk volgens ‘presbyteriaans-gereformeerde’ opvatting beklemtoon, teenoor die liberalisme die gebondenheid van die Kerk aan die Woord van God geleer en teenoor die Episcopale stelsel die geestelike karakter van die tug en die selfstandigheid van die Kerk gehandhaaf. Hierdie boek het deur die liberale stryd besondere aksent gekry en is wyd gelees, sodat dit in daardie jare en lank daarna vir die Kerk rigtinggewend was.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

Vorster sê verder: “Hoewel die ‘Wette en Bepalings’ van 1884 reeds kerkreg as selfstandige vak genoem het, het in die praktyk blykbaar nie veel daarvan tereggekome nie. Op die Sinode van 1886 is ‘n beskrywingspunt van ds A Moorrees, wat gevra het dat kerkreg as selfstandige vak op Kweekskool gedoseer moet word, behandel. So onseker was die Sinode oor die praktyk dat besluit is dat dit wel gedoen moet word- as dit nog nie gedoen word nie! Die gevolg was dat prof De Vos, wat in 1883 na die Kweekskool gekom het voortaan meer aandag aan die vak gegee het.

Dis opmerklik dat De Vos, waarskynlik vanweë die liberalisme in die



Nederlandse Kerk, [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] nie in sy lesings een van die Nederlandse werke op die gebied gevolg het nie, maar die werkie *Presbyteriannism* van J Macpherson. 'n Werk wat, volgens Vorster, suiwer was alhoewel dit nie 'n breë, diepe en volledige uiteensetting van die kerkreg bied nie. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664] Die boekie van Macpherson is volgens prof Brown goed bestudeer want die een wat in sy besit is het baie onderstreping en kantaantekeninge. [Brown in *NGTT* September 1979:283] Macpherson het ongelukkig nie van Nederlandse teoloë en hul werke kennis geneem nie, selfs nie van Voetius nie. Hy het gevolglik ook glad nie die kollegialisme as sisteem van kerkregering behandel nie, maar hom tot die Roomse, die Episkopale en die Presbiteriaanse sisteme beperk. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Deurdadig Macpherson die klem gelê het op presbiterianisme soos wat dit in Skotland was in plaas van presbiterialisme soos in Holland, wys gereformeerde kerkregkundiges soos Van Staden [2008] daarop dat dit die deur wawyd oopgemaak het vir die insypeling van kollegialisme.

Is dit die rede, vra Vorster, waarom die professore De Vos en Hofmeyr die hoofbeginsels van die gereformeerde kerkreg geleer het en nie in kollegialistiese vaarwaters beland het nie [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Vorster se oordeel oor De Vos is dat hy suiwer leiding aan sy studente gegee het, maar dat die omstandigheid in die kerk sodanig was dat kerkreg geen besondere aksent gekry het nie. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Dis volgens Vorster eers in die tweede dekad van die huidige eeu dat omstandighede van so 'n aard was dat daar groter belangstelling in die kerkreg ontwikkel het. Dit was hierdie omstandighede wat die Kuratorium genoop het om vir die professore te vra om meer aandag aan die studie van Kerkreg te gee, "daar de omstandigheden van den tegenwoordigen tijd dit eischen". [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Terugskouend moet toegegee word dat die Kweekskool te Stellenbosch sedert

sy stigting nie alleen voorsien het in die behoefte aan leraars vir die Ned Geref Kerk nie, maar daarmee saam ook talle geestelike leiers vir die volk gekweek het.

3.4.6 Sinode van Kaapse Kerk 1862

“Die neëntiende eeu was vir die Kaapse kerk ´n eeu van worsteling en verandering. ´n Botsing van die geeste het duidelik na vore getree, ´n stryd tussen die oue en die nuwe, ´n oorgang van die tradisionele na ´n meer selfstandige gestalte van die kerk. Gedurende die jare van die aanloop na die sinode van 1862 is die dreuning van die stryd reeds gehoor. [Du Toit *Kb 3* Oktober 1962:458] Ook Vorster [NGTT 1979:327] is van mening dat die Liberale stryd in 1862 ´n klimaks bereik het - die “Liberalisme het gedreig om die kerk van sy koers af te dwing of te skeur.”

Soms het daar in kerklike vergaderings en gesprekke vreemde uitlatings van sommige predikante opgeduik waarin hulle byvoorbeeld na die orakel-uitsprake van die voorvaders verwys het as hulle waarskynlik die belydenisskrifte bedoel het. Daarbenewens het die dagbladpers onbeskroomd oor die vreemde stroming van die Liberalisme berig en, volgens Du Toit, [*Kb 3* Oktober 1962:458-459] “kon ´n mens die elektrisiteit in die lug voel.”

In hierdie malende en kokende see het die Sinode van 1862 soos ´n rotpunt uitgetroon om mee te help met die skeiding van die waters.” [Du Toit *Kb 3* Oktober 1962:458] Dis onduidelik hoekom Du Toit die Sinode van 1862 beskou as die gebeurtenis wat “altyd bekend [sal] staan as die muur waarteen die Liberalisme hom te pletter geloop het.” As hy na die Liberalisme verwys bedoel hy die geestesrigting wat met die predikante van oorsee na ons land oorgekom het en sekere kardinale leerstukke soos die Drie-eenheid, die godheid van Christus en die persoonlikheid van die Heilige Gees geloën het. [Du Toit *Kb 3* Oktober 1962:459]



By hierdie sinode is die liberale gees baie duidelik geopenbaar toe daar 'n paar geleenthede was waar die sinode se beslissing deur 'n wêreldse hof verander is. Ds Kotze van Darling het gemoedere laat hoog loop toe hy met die dwaling kom dat die woorde: "en nog steeds tot alle boosheid geneig ben" nie eens in die mond van 'n heiden waarheid sou bevat nie. Die vergadering het geëis dat hy sy woorde terugtrek maar hy wou nie en die uiteinde van die saak was, soos reeds gesê, dat hy hom op die wêreldlike hof beroep het en sy saak gewen het. [Du Toit *Kb 3 Oktober 1962:459*] In die tweede geval is daar 'n klag teen ds Burgers ingedien omdat hy "in gesprek met sy kerkraadslede verklaar het dat hy nie in die bestaan van 'n duiwel glo nie en dat Jesus geen sondige begeertes geken het nie." [Du Toit *Kb 3 Oktober 1962:459-460*] Hy is deur die sinode uit diens gestel maar het ook later, soos reeds gesê, deur die hof se hulp die sinode se beslissing omvergewerp. In albei hierdie gevalle was die beslissing dat die kerk, aan die hand van die Ordonnansie no 7 van 1843, sy eie wette oortree het. [Du Toit *Kb 3 Oktober 1962:460*]

Die Sinode sou egter om ander redes beter onthou word. Volgens Vorster het die sinode op 14 Oktober 1862, onder 'n wolk vergader en het die Kerk by hierdie sinode van die Kaapse Kerk 'n groot terugslag beleef. [Vorster 1979:327] Reeds met die opening van die sinode was daar al groot teleurstelling want al die afgevaardigdes het nog nie opgedaag nie. Op die 16de is berig ontvang dat die afgevaardigdes van die Oostelike Provinsie, Natal en die OVS op 'n boot met die naam Waldensian was wat by Kaap Agulhas op die rotse geloop het. [Vorster *NGTT September 1979:327*] en later heeltemal opgebreek het en gesink het. [Du Toit *Kb 3 Oktober 1962:459*]

Twee dae later is die skipbreukelinge in die sinode verwelkom. "Hierdie ramp was maar die skaduwee van wat aan die kom was" [Vorster *NGTT September 1979:327*]



Die Sinode het, in die woorde van H D A du Toit, “sommer onheilspellend” begin. By die aflees van die geloofsbriewe tydens die eerste sitting reeds het die verteenwoordigers van Pietermaritzburg, Vrystaat en Transvaal se teenwoordigheid vir ouderling H H Loedolff van Malmesbury gepla. Hul teenwoordigheid was volgens hom “als in stryd met de Ord No 7 van 1843, en de daarby gevoegde Wette en Regulatien voor de Nederd Geref Kerk in de Kolonie.” [Du Toit, H D A in *Die Voorligter*, Augustus 1962:5]

Soos in die sinode van 1857, was dit weer ouderling Loedolff wat die sinode uitgedaag het oor die sittingsreg van afgevaardigdes buite die Kaapkolonie. Hy wou op ´n punt van orde weet of die vergadering wettig gekonstitueerd was. [Van der Watt 1977:110] In 1857 het hy nie geslaag met ´n soortgelyke aansoek nie en was hy sedertdien nie tevrede met die wyse waarop die saak toe afgehandel is nie. Vir hom het die Ordonnansie no 7 van 1843 duidelik uitgespel dat slegs diensdoenende predikante en dienende of rustende ouderlinge van gemeentes binne die grense van die Kaapkolonie sittingsreg in die sinode het. [Kleynhans 1985:72]

Die vraag op die tafel was of die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook buite die grense van die Kaapkolonie mag uitbrei, maar dit was eintlik volgens Hanekom, “´n poging om die belange van die liberale rigting in Suid-Afrika te dien” [Hanekom 1951:381] Dit was ook Vorster se standpunt as hy verklaar dat daar ook iets dieper in hierdie aansoek geskuil het, want ouderling Loedolff was ´n liberale persoon terwyl die meeste afgevaardigdes noord van die Oranje regsinnig was. [Vorster in *NGTT* 1979:327] Ook vir Malan was dit die, “verskyning van die gewraakte Liberalisme in sy midde sowat 70 jaar gelede” en Loedolff se poging om die “liberale seksie” binne die sinode te versterk. [Malan 1933:14]

Grotendeels dus a g v Ordonnansie no 7 het die Hooggeregshof ten gunste van Loedolff uitspraak gegee en is alle afgevaardigdes noord van die Oranje



verplig om die vergadering te verlaat. [Vorster in *NGTT* 1979:327] Dit het daarop neergekom dat afsonderlike sinodes in Transvaal, Natal en die Vrystaat tot stand gekom het. Saam met die Kaapse Sinode was daar dus nou vier sinodes. Die splitsing van die Kaapse Kerk tot afsonderlike kerke - een vir elk van die vier Provinsies- met dieselfde leer en kerkregering, was 'n direkte gevolg van daardie stryd.

Vorster wys daarop dat die regbank in stryd met die verwagtinge en die advies van die opsteller van die Ordonansie 7 van 1843 opgetree het toe die aansoek van ouderling Loedolff toegestaan is. [Vorster in *NGTT* 1979:328] Die hofbevel het egter daarop neergekom dat vele van die wat as gevolg van die boot-episode laat by die sinode aangemeld het, al weer vroeg huis toe moes gaan. Op 26 November, het die afgevaardigdes wat deur die hofbevel geraak is na 'n "plegtige gebed en 'n woord van afskeid onder blyke van ontroering en droefheid die vergadering verlaat" [Vorster *NGTT* September 1979:328]

Hierdie vertrekkende afgevaardigdes moes hulle organisatories van die Kaapse Kerk losmaak om hulleself as selfstandige kerke in eie meerdere vergaderings te organiseer [Vorster in *NGTT* 1979:327] Die hartseer gevolg van die Loedolff-saak was dus dat die een sinodale verband binne die Nederduits Gereformeerde Kerk verbreek is. Dit het die kerk in 'n "onbenydenswaardige situasie geplaas" [Van der Watt 1987:1]

Een van die afgevaardigdes, die bekende Voortrekkerleier, Sarel Cilliers, skryf na aanleiding hiervan aan Landdros Bodenstern van Potchefstroom oor sy ervaring op die gestrande skip en hulle gedwonge vertrek uit die Sinode. Hy sê o.a.: "...en de judge heeft de proses aan Ludolf gewonnen en wy is voor onwettig moet verklaar, en wy moes onse plaatsen verlaten. Toen juig de Liberalen maar die regsinnige treurde maar mog die heer het gewete dat ook dese woorde van Koning Jezus vervuld worden, dat hy aan syn desiepelenseide." [Kb 24 November 1937:970]

3.5 SAMEVATTING

“Die neëntiende eeu was vir die Kaapse Kerk ’n eeu van worsteling en verandering en, “Nog ’n uitdraaipunt het met die Sinode van 1862 ’n voldonge feit geword. Die amptelike band met die Nederlandse Hervormde kerk is verbreek.” Nog in 1859 is besluit om nie die band los te maak nie, maar die toenemende ongeloof en versaking van die geloofsbelydenis het dit later onvermydelik gemaak. [Du Toit *Kb* 3 Oktober 1962:460] “Al meer het die Ned. Geref. Kerk ’n eie karakter ontwikkel en in die gesonde sin van die woord ’n ‘nasionale kerk’ geword.” [Du Toit *Kb* 3 Oktober 1962:460]

Dat Loedolf die saak van die liberaliste bevoordeel het, word deur kenners bevestig: “...deur omvattende kerkhistoriese navorsing is bo alle twyfel die verband tussen die liberalisme en die Loedolff-saak aangetoon. Dit ly geen twyfel nie dat die uitspraak vir die liberale ’n oorwinning was.” [Van der Watt 1977:113; Hanekom 1951:402]

Die behoudende afgevaardigdes moes vertrek, “En so het die Transgariëpse lede gegaan, in die wete dat hulle deur die Kaapse liberale uit die Sinode verban is.” [Hanekom 1951:403] Die oorwinning was later in dieselfde sinode nog baie duidelik toe daar met verkleinde minderhede teen vrysinnige leraars opgetree is. [Van der Watt 1977:113] Van die 16 afgevaardigdes wat die sinode as gevolg van die hofuitspraak moes verlaat was dit omtrent net die leraar van Geytown wat liberaal-gesind was. Die ander was almal manne wat die moraal en stemkrag van die behoudende deel van die sinode versterk het. [Van der Watt 1977:113]

Die jaar 1862 is die jaar toe die reaksie teen die liberalisme, volgens Hanekom, vaste vorme aangeneem het en die worstelstryd tussen die liberale rigting en die Kaapse Kerk begin het. [Hanekom 1951:xv-xvi] Tot by hierdie jaar was die Ned Geref Kerk in die vier provinsies een. Teen 1863 was die Loedolff-saak afgehandel en “is die Kaapse Kerk uiteengejaag in vier



provinsiale Kerke, één in belydenis, maar apart en selfstandig in hul kerkregtelike lewe ”[Hanekom 1951:xv] - elkeen met sy eie beamptes, organisasie en kerklike wette. [Gerdener 1968:253] Hierdie jaar is “die skeidingspunt in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.” [Hanekom 1951:xv] Wat vir Du Toit positief uit die sinode voortgekom het was die feit dat liberale leraars al minder beroep is en waar hulle ´n gemeente verlaat het, wat hulle maklik gedoen het, is regsinnige leraars in hulle plekke beroep sodat die kerk binne enige jare van die dwaalgees bevry is. [Du Toit *Kb* 3 Oktober 1962:460]

Vorster herinner ons: “Die ordonnansie was die direkte oorsaak van die skeiding van die N G Kerk in vier onafhanklike kerke.” [1961:464] Dis hierdie Ordonnansie no 7 van 1843 wat in latere jare soveel tyd van Vorster in beslag sou neem toe dit geskrap moes word in aanloop tot die stigting van die Algemene Sinode in 1962.

HOOFSTUK 4

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE SINODE VAN 1862 TOT BY DIE STIGTING VAN DIE RAAD VAN KERKE IN 1905

4.1 INLEIDING

Nadat die eerste plaaslike kerk in Suid-Afrika in 1665 gestig is, het daar in 1824 'n kerkverband ontstaan wat deels weer beëindig is by die sinode van 1862 toe die plaaslike kerke buite die Kaapkolonie uitgesluit is.

Hiermee is in 'n kort sin bondig saamgevat wat eintlik oor dekades heen as 'n opdraande stryd van 'n jong kerk aan die suidpunt van 'n groot, donker kontinent tipeer kan word. As gelowiges glo en weet ons dat God self sy kerk in standhou en laat groei en in die geval van die Kaapse Kerk kan ons, en het ons voorvaders, dit self beleef.

Van die belangrikste bakens wat op hierdie pad van kerkregtelike ontwikkeling uitstaan kan soos volg aangehaal word:

* Vanaf 1665 is die kerk deur die owerheid oorheers. Dit was 'n owerheid wat gedink het hy doen goed omdat hy die Christendom bevorder het oral waar hy mense gevestig het. Hy wou help maar sy hulp het die kerk verkneg.

* Die kerk wou as 'n gereformeerde kerk Christus alleen as sy Hoof hê en het bly strewe na onafhanklikheid en die vorming van 'n kerkverband.

* By die hou van die Eerste Gekombineerde Kerkvergadering was dit die eerste meerdere kerkvergadering op Suid-Afrikaanse bodem en het die kerk gevoel dat hy iets reggekry het. Die owerheid en lamsakkige kerkleiers het egter gesorg dat hierdie voorreg van korte duur was.

* In 1804 het De Mist se "Staatsordonnansie" die lig gesien en vreugde binne

die kerk gebring, maar in werklikheid was die kerk onderhorig aan die staat en was hierdie dokument vir die kerk “’n harde slag” soos Koot Vorster dit later uitgedruk het..

* In 1824 het die kerk daarin geslaag om die Eerste Sinode te hou. Ten spyte van sy gebreke was hierdie sinode een van die belangrikste bakens op die kerkregtelike pad.

* Ongelukkig het die kerk in Suid-Afrika nie gespaar gebly van die Liberalisme wat aan die begin van die neëntiende eeu met sy oordrewe klem op verdraagsaamheid hierheen oorgewaai het en die kerklike reg en orde op subtiele wyse ondergrawe het nie.

* Ordonnansie no 7 van 1843 het De Mist se ordening vervang en tevredenheid in kerklike geledere gebring omdat die owerheid nie meer verteenwoordigers in kerklike vergaderings gehad het nie. Die staat het egter steeds sy magsgroep behou en die liberale geeste in die kerk sou in 1862 hierdie wet gebruik om die verband te laat ontspoor. Hierdie ordonnansie moes geskrap word voordat ’n Algemene Sinode tot stand kon kom en dit was onder andere die uitdaging vir kerkleiers soos Koot Vorster

* In 1862 het die sinode plaasgevind waar liberale afgevaardigdes aan die hand van Ordonnansie no 7 van 1843 en met behulp van ’n hofuitspraak die vergadering laat suiwer het en afgevaardigdes buite die Kaapkolonie gedwing was om die sinode te verlaat. Dit was die einde van ’n kerkverband wat eers weer in 1962, ’n volle eeu later, herstel is in die totstandkoming van die Algemene Sinode.

* Die sinode van 1962 was ’n belangrike keerpunt in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk. Verskeie sinodes is hierna gestig maar die drang om weer te verenig was baie sterk.

4.2 SOEKE NA ALGEMENE KERKVERBAND

Na die ramspoedige sinode van 1862 kry ons ’n tydperk wat Van der Watt [1973:241] noem: “Op soek na Algemene Kerkverband.” Die uitspraak in die Loedolff-saak in 1862 was in meer as een opsig verreikend en die kerk het

onmiddellik na die hofbeslissing, tydens dieselfde sinode nog, die verlamme uitwerking daarvan ervaar toe daar met kleiner meerderhede teen vrysinnige leraars opgetree is. [Van der Watt 1977:113] Die sinode van 1862 was dus 'n belangrike keerpunt in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk. Dit beteken die einde van 'n verenigende kerk en die stigting van verskeie ander sinodes.

Die kerk sou egter nie rus voordat dit weer in een sinodale verband verenig is nie. Dit het toe wel eers honderd jaar later gebeur maar dit het gebeur! Dit was 'n moeisame maar belangrike honderd jaar wat vir die kerk verloop het totdat die kerkverband weer herstel kon word by die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

Gedurende 'n goot deel van hierdie eeu het die Raad van Kerke 'n "reuse rol gespeel in die herstel van die Algemene Sinodale Kerkverband, en was direk verantwoordelik vir die ontstaan van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in 1962." [Van Staden 1973:413]

Die laaste deel van die pad na kerkherstel val in die tydperk toe dr Koot Vorster in die bediening was en dit vir hom beskore was om 'n stewige aandeel te kon hê in die proses van kerkherstel. As aktuaris het hy 'n belangrike rol gespeel en was dit vir hom 'n grootse geleentheid. Met dankbaarheid berig hy daaroor: "'n Merkwaardige gebeurtenis het in hierdie dae in Kaapstad plaasgevind. Geskiedenis is gemaak. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat tans meer as 'n miljoen lede tel, het 'n periode in sy bestaan afgesluit en 'n nuwe skof begin. Presies 100 jaar nadat die Transgariëpse afgevaardigdes die Sinode as gevolg van 'n hofbevel moes verlaat, het afgevaardigdes van die Noorde tot die Suide, waar die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook bestaan, in een Sinode saamgekom. Dit is nie so beplan dat dit presies 100 jaar na die skeiding moes plaasvind nie. Die Hoof van die Kerk, onse Here het so gelei, en dis net wonderlik in ons oë." [Vorster



NGTT September 1979:327]

Die gemeentes buite die Kaapprovinsie het na die hofuitspraak opgegaan in 'n afsonderlike kerkverband in die verskillende provinsies. [Kleynhans 1973:329] "Dit sou met verloop van jare 'n besondere stempel plaas op die kerklike lewe in Suid-Afrika. Hoewel daar in beginsel geen afsonderlike kerke gestig is nie, het dit in die praktyk wel soms die skyn aangeneem asof die weg opgegaan is." [Kleynhans 1973:329; Van der Watt 1977:119] "Dit was so ongelukkig as wat dit onnodig was, aangesien die hofbeslissing nie die *kerk* nie, maar alleen die *kerkverband* geraak het." Met hierdie feit wat kerkregkundiges uitwys kan 'n mens nie anders nie as om in te sien dat die verwickelinge rondom en die nagevolge van die hofsaak eintlik 'n tragedie was. "Dit het wel die nadeel gehad dat by gebrek aan 'n algemene sinodale verband, die onderskeie provinsiale Sinodes hul eie weg gegaan het, soms die oorsaak van spanning, meestal egter 'n bron van geestelike verryking in die wederkerige verkeer met mekaar." [Kleynhans 1973:329; Van der Watt 1977:119]

Met die noodwendige konstituering van sinodes in Transvaal, Natal en die Vrystaat is die eenheidsgevoel van die Ned. Geref. Kerk nie gedemp nie en het die vier onderskeie sinodes " 'n eenheid in belydenis en kerkregering met onderlinge erkenning gehandhaaf" [Brown in NGTT 1979:279, Kleynhans 1979:279] Dit is prakties uitgebou in die handhawing van die gereformeerde belydenis, presbiteriale kerkregering, eenvormige liturgie, die gemeenskaplike opleiding tot die evangeliebediening aan die Teologiese Seminarium Stellenbosch en één offisiële blad, die bekende *De Gereformeerde Kerkbode* - almal bindende faktore, wat die eenheid sodanig versterk het dat dit voortdurend gesoek het na uitdrukkingsvorme daarvoor én verhoed het dat die selfstandigheid in geskeidenheid sou word. " [Van der Watt 1977:119-120] Die Transgariëpse Ring wat sedert 1850 bestaan het kon as gevolg van 1862 se gebeure ook nie voortgaan nie en in Oktober van dieselfde jaar is besluit om in twee afsonderlike Ringe te verdeel. [Van der Watt 1977:115] Een van

hierdie ringe, die Ring van Natal, het by sy vergadering in 1863 reeds die behoefte gevoel dat die sinodale verband met die Kaapse Kerk herstel word. Indien so 'n hereniging nie slaag nie sou hulle graag wou sien dat 'n vereniging met die Vrystaatse of Transvaalse plaasvind. Die gedagte was hier gewees dat dit dan 'n afsonderlike sinode sou word. [Van der Watt 1977:115] Aangesien inlywing by die Kaapse Sinode onmoontlik was en die beoogde vereniging met Transvaal en Vrystaat niks opgelewer het nie, is daar op 'n eie sinode besluit en word die eerste Sinode van Natal op 8 Junie 1865 te Pietermaritzburg gekonstitueer. [Van der Watt 1977:115]

In 'n tydvak van kerklike verwarring en verdeeldheid as gevolg van die omwenteling wat in die jare 1853 tot 1861 geheers het, het die Transvaalse gemeentes ook 'n afsonderlike Sinode tot stand gebring. [Van der Watt 1977:115]

4.2.1 1863 Kerkvergadering te Bloemfontein

Dat die Transgariëpse afgevaardigdes vol vertwyfeling en onsekerheid was kom duidelik uit in die byeenkoms wat op 11 September 1863 te Bloemfontein gehou is. Hierdie “Kerkvergadering” is gehou met die doel om onder andere die toekomstige posisie van die kerk in die Vrystaat te bespreek. [Van der Watt 1977:114] Oor die status van hierdie vergadering haal Kleynhans vir Gerdener aan wat dit 'n kerkvergadering noem omdat dit eintlik 'n Vrystaatse samekoms was om “oor die toekoms van die kerk te beraadslaag.” [Kleynhans 1973:323]

Die meeste van die afgevaardigdes na hierdie vergadering het glad nie daarvoor kans gesien om in 'n afsonderlike sinode los van die Kaapse Sinode die toekoms in te gaan nie. Hulle het steeds voorkeur gegee aan die verband met die Kaapse Sinode en van hulle het selfs geglo dat daar gevare in die bestaan van 'n afsonderlike sinode is. [Van der Watt 1977:114] Diep in die harte van die afgevaardigdes was daar nog altyd die hoop dat die Kaapse

Sinode binne afsienbare tyd die nodige stappe sou doen om die kerklike verband te herstel. [Van der Watt 1977:114] Tot groot teleurstelling van baie het die vergadering nie finaliteit bereik nie.

4.2.2 Sinode van Kaapse Kerk 1863

Die “prestasie” van kerkleiers om op pad na kerkherstel in 1962 Ordonnansie no 7 te herroep blyk duideliker as in ag geneem word dat daar al reeds by die Kaapse Sinode van 1863 daadwerklik planne beraam is om daarvan ontslae te raak. Maklik sou dit nie wees nie vanweë die verskeie wetsaspekte wat ter sprake was. [Du Toit *Die Voorligter* Augustus 1962:5] ’n Kommissie is benoem om die toekomstige verhoudinge tussen die Sinode en die gemeentes buite die kolonie aan te dui. Uit die kommissie se verslag was dit duidelik dat die kommissie geoordeel het dat die Ordonnansie no 7 van 1843 nog nie op hierdie stadium herroep kan word nie. Gemeentes in die Transgariëp moes voortgaan om hulle eie sake te reël. [Van der Watt 1977:114]

Die gesindheid vanaf die kant van die Kaapse Kerk teenoor die Noordelike kerke was hartlik en tegemoetkomend. So het die sinode in 1863 besluit om hulle attestate te erken, die beroepe van predikante en die weduweefonds in orde te bring. Hierdie hartlike gesindheid van die kant van die Kaapse Kerk is met dieselfde welwillendheid beantwoord deurdat die Noordelike kerke gevra het om as susterskerke erken te word. [Du Toit *Die Voorligter* Augustus 1962:5]

Die verwarring van kerkleiers buite die Kaapkolonie in hierdie tyd was ’n aanduiding dat die betekenis en uitwerking van die Loedolff-saak nie na behore begryp is nie. [Van der Watt 1977:116] “’n Gebrek aan behoorlike insig en juiste beoordeling van die presiese implikasies van die hooggeregshof se uitspraak, was ongetwyfeld die oorsaak dat die Vrystaatse Sinode, sonder enige rede daartoe, hom tot ’n provinsiale kerkverband beperk het.” [Van der Watt 1977:116]

Dit was op kerkregtelike gebied nie nodig dat die drie afsonderlike, selfstandige Sinodes vir elke staat na die Loedolff-saak tot stand gekom het nie. “Een afsonderlike Sinode vir al die gemeentes ten noorde van die Oranjerivier sou aan al die vereistes voldoen het.” [Van der Watt 1977:119] Hoekom is dit dan so gedoen? “Die gebrek aan insig was hier seker, maar meer nog moet die algehele verslaentheid, geskep deur die hofuitspraak van 1862, die onsekerheid by die gemeentes buite die koloniale grense oor wat hulle te doen staan én ook politieke omstandighede aangemerkt word as deurslaggewende faktore wat die daarstelling van afsonderlike Sinodes aangehelp het.” [Van der Watt 1977:119]

Na ’n kerklike konferensie wat op Smithfield byeengekom het, het die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat op 15 November 1864 tot stand gekom. [Van der Watt 1977:114-115]

“En, met die herorganisasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Z A R in sinodale verband in 1866 onder leiding van ds F Lion Cachet as ’n selfstandige Kerk in Suid-Afrika, het daar dus vier selfstandige Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan.” [Van Staden 1973:414]

“Alhoewel hierdie vier kerke in wese één kerk was, wat uit dieselfde bodem gegroei het, met dieselfde Belydenisskrifte, dieselfde vorm van kerkinrigting, met dieselfde stelsel van kerkregering en met soveel ander gemeenskaplike belange, was hulle geheel selfstandige Kerke sonder enige offisiële kerkverband.” [Van Staden 1973:414]

Steeds het daar in die hart van die kerk die ideaal bly leef om weer in een kerkverband verenig te word. [Kleynhans 1985:73] Dis ’n drang tot eenwording wat gebly het en met die tyd al sterker geword het. [Du Toit *Die Voorligter* Augustus 1962:5] Hierdie begeerte na een kerkverband word ook deur Van Staden onderskryf as hy aanwys dat dit uit die notules van die Sinodes blyk dat “al vier hierdie Kerke nie slegs die begeerte uitgespreek het om in een of

ander kerkverband met mekaar te bestaan nie, maar dat daar van tyd tot tyd daadwerklike besluite geneem en stappe gedoen is om ’n kerkverband te verwesenlik.” [Van Staden 1973:414]

Tesame met die kerk se pogings tot eenwording het die kollegialistiese trekke binne die kerkregering ook die aandag van die kerk gevra. Aangesien die noordelike kerke die Kaapse kerkwet as grondslag gebruik het, is die Kollegialisme ook daarheen oorgeplant en hierdie dwaling in haar kerkregering het baie teen die bors gestuit. Stemme het begin opgaan om iets daaraan te doen. Prof. N. J. Hofmeyr van die Kweekskool in Stellenbosch, het die saak aangeroei in *Die Kerkbode* ’n artikel onder die opskrif: “Is onze kerk in haar kerkbestuur vrij?” geplaas. [Hofmeyr *Kb* 29 Oktober 1864:345 - 351] In hierdie artikel, die eerste van ’n paar, sê Hofmeyr ons noem ons kerk ’n “presbyteriaans gereformeerde kerkgenootskap” Presbiteriaans in haar bestuur en gereformeerde in haar leer. Hou ons op om ’n presbiteriaans gereformeerde kerk te wees het ons die karakter wat God ons meegedeel het verloën en ontrou geword aan die leiding van die Heilige Gees.” Tydens die reformasie was die kerkbestuur episkopaals en ons vaders het dit verwerp en die presbiteriaanse aanvaar. Die verwerping van die biskoplike stelsel vind neerslag in Art 31 van die *NGB* [Hofmeyr:1864:346]

Intussen het die Hervormde Kerk, soos die Kaapse Sinode van 1824, ook nie teruggekeer na die suiwer Gereformeerde stelsel van kerkregering nie. Op ’n Algemene Kerkvergadering in 1865 het drie leraars van hierdie kerk hulle “eenparig verset teen ondertekening van die formuliere van enigheid. [Du Toit 1955:141] “By die Algemene Kerkvergadering het die ‘hoogste wetgewende, regsprekende, en besturende mag berus - dus ’n suiwer kollegialistiese stelsel.” [Du Toit 1955:141]

4.2.3 Sinode van Kaapse Kerk 1870

Sedert die uitspraak van die Loedolff-saak was daar ’n verskerpte stryd

rondom die Ordonnansie 7 van 1843 en het elke sinode gevra vir revisie of herroeping daarvan.

By die sinode van 1870 het 'n besprekingspunt nog gelei: “eene herroeping of herziening der ordonnantie, met het oogmerk inzonderheid om de formele afschaffing van het kroonpatronaat te bekomen, en der Synode de vrijheid te verzekeren van haar eigen zamenstelling naar de behoefte van den tijd te mogen bepalen.” [Van der Watt 1973:139] 'n Kommissie tot Revisie van Kerkwetten is benoem om, “die genootskapsidee daaruit te haal en oortollige artikels te skrap.” [Brown *NGTT* September 1979:277; Keet 1925:21]

Prinsipiële besware teen die ordonnansie was onder andere:
“dit bots met die wese van die kerk, wat sy bestaan nie aan 'n burgerlike owerheid, maar aan sy Hoof self ontleen; dit het skeiding met sustergemeentes veroorsaak en die Ned Geref Kerk verhinder om uit te brei; daarby het die ongereformeerde gedagte van staatsondersteuning nog by die gemeentes bestaan en is dit so vanselfsprekend aanvaar, dat daar by sommige die vrees aanwesig was dat die afskaffing van die ordonnansie sou beteken die staking van alle staatstoelaes.”

[Van der Watt 1973:139-140]

In 1873 nog het die Ned Geref Kerk die owerheid versoek om “nie alleen die staatstoelaes te behou nie, maar ook, indien moontlik, uit te brei!” [Van der Watt 1980:47] Die feit dat die kerk, die kerke buite die Kaapkolonie ingesluit, so genoeg geneem het met sy afhanklikheid van staatshulp en selfs om meer geld gevra het wys duidelik aan in watter mate die kerk aan die staat onderworpe was.

Rondom die herroeping van die Ordonnansie is lang besprekings gevoer maar alles het onbeslis geëindig. “Onsekerheid oor wat die gevolge vir die kerk kan

wees, indien die ordonnansie herroep sou word, was miskien die belangrikste rede vir die onbeslistheid.” Die gevolg was, “die ordonnansie bly gehandhaaf nie uit liefde nie, maar uit vrees dat die herroeping daarvan uitgebuit kon word tot nadeel van die kerk.” [Van der Watt 1973:140] Die gevoel by die sinode en ringe was dat die gemeentes oor die saak uitsluitel moes gee, maar as gevolg van swak administrasie kon die meeste ringe en gemeentes nie na behore die saak bespreek en terugvoering gee nie.

4.2.4 Sinode van Kaapse Kerk 1873

By hierdie sinode het die onsekerheid oor die Ordonnansie van 1843 voortgeduur en berig *De Zuid-Afrikaan*: “een document is, even slecht te bezitten als moeilijk overboord te werpen” [Van der Watt 1973:141] Die sinode het besluit om in die rigting van herroeping van die Ordonnansie te werk aangesien hersiening daarvan onbevredigend sou wees of selfs sou misluk.

By die sinodes van 1876 en 1880 is die herroeping van die Ordonnansie telkens na kommissies verwys, maar was die onsekerheid en verskillende interpretasies van so ’n uiteenlopende aard dat daar vir ’n skeuring gevrees is. Vordering op die pad na kerkhereniging is wel gemaak toe een van die vele kommissies na vore gekom het met ’n dokument getitel: “Concept van de Akte van Overeenkomst, waaronder de kerk bij herroeping geconstitueerd zal moeten worden.” [Van der Watt 1973:141] Hierby is nog twee stukke bygevoeg te wete ’n konsep-akte vir die herroeping van die ordonnansie deur die Parlement en ’n versoekskrif aan die Parlement, waarin op die noodsaaklikheid van die herroeping gewys word.

Intussen het Griekwaland- Wes se inlywing by die Kaapkolonie in 1880 beteken dat gemeentes soos Du Toitspan en Kimberley ingevolge die terme van die uitspraak in die Loedolff-saak regtens sitting op die Kaapse Sinode gekry het. [Van der Watt 1980:45] Die strewe na hereniging het egter oor die



hele land sterk gebly en die toename in gemeentes en predikante was van so 'n aard dat dit begin duidelik word het dat 'n sinodale vergadering 'n verkleinde sinode sou moes wees. Kerkrade en ringe kon nie of wou nie die knoop vir 'n herstelde kerkverband deurhaak nie. Dis soos dit altans gelyk het want daar was 'n traagheid. Die rede hiervoor was waarskynlik 'n gebrek aan kennis en insig want iets hiervan skemer deur in die voorstel en motivering wat 'n ouderling Gie van Kaapstad gedoen het en wat ook in *De Gereformeerde Kerkbode* gepubliseer is.

In die voorstel van ouderling Gie het hy vier gronde genoem waarop die herroeping van die Ordonnansie teengestaan word: In die eerste plek was sy mening dat 'n nuwe akte nie die swak formulering van die Belydenisskrifte in Ordonnansie no 7 sal kan oplos nie; vanweë die groot aantal bloedverwantskappe aan die Kaap sal 'n Synodus Contracta uit 'n paar familieledede bestaan; vereniging met kerke buite die grense sal die aantal sinodegangers nog verder opstoot en juis bewerkstellig wat die kommissie met 'n Synodus Contracta wou verhoed; afsonderlike sinodes het, volgens hom, die beste in plaaslike behoeftes voorsien en geld en uitgawes binne perke gehou; herroeping van die Ordonnansie sou 'n onseker verhouding tussen kerk en staat daar stel en die kerk van sy teenswoordige beskerming beroof [vgl Van der Watt 1973:142]

Ouderling Gie het ook standpunt ingeneem teen van die ander argumente wat van tyd tot tyd vir herroeping voorgehou word. Hieronder het hy gemeen dat dit reg is dat teologiese professore nie sittingsreg op sinodes het nie omdat hulle nie diensdoende leraars is nie. Betreffende die klag dat die Ordonnansie afskeiding sou bevorder het hy aangevoer dat dit eintlik die teenoorgestelde uitwerking het omdat leerdwaling deur die Ordonnansie in toom gehou word. Die klag dat die Ordonnansie mense uit ander Presbiteriale Kerkgenootskappe sou verhinder om na die Ned Geref Kerk oor te kom het hy van die tafel gegee omdat hulle dit nog altyd kon gedoen het as hulle maar net nie met

eensydige en onaanneembare voorwaardes gekom het nie. [Van der Watt 1973:143]

In die lig van bostaande was dit seker te wagte dat die sinode van 1883 nie 'n voorstel op die tafel sou hê wat vra vir die herroeping van die Ordonnansie nie. Onsekerheid was nog groot en kerkrade sou weer briewe ontvang waarin argumente ten gunste van herroeping uiteengesit word. Nog steeds wou die Sinode die oordeel van Ringe en Kerkrade verneem maar die reaksie van die kant van die Ringe en Kerkrade was steeds swak en so besluit die Sinode van 1886: "De vergadering verklaart, dat de tijd nog niet daar is om over te gaan tot de herroeping der Ordonnantie" Daarmee was die saak van 'n herstelde kerkverband op die lange baan en so het dit ook gebly by die volgende twee sinodes. [Van der Watt 1973:143] Daarmee is 'n kosbare geleentheid om 'n kerkregtelike korreksie aan te bring weggegooi en het die ongelukkige situasie voortgeduur.

Interessant genoeg was dit lidmate self wat baie keer nie vrede gehad het met die Ordonnansie nie en protesstemme het oral begin opklink. Van die lidmate het so ernstig gevoel oor gebruike en houdinge binne die kerk en ook die foutiewe aanduiding van die Belydenisskrifte in die Ordonnansie dat hulle die kerk wou verlaat. 'n Groep beswaardes doen dit dan ook en skei in 1897 in Strydenburg af om die Gereformeerde Kerke onder die Kruis te stig. [Van der Watt 1973:143; vgl Oberholster J A S *Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suid-Afrika*]

Die Ordonnansie van 1843 het op die voorgrond gebly en dit moet die Kaapse Kerk ter eer gegee word dat sy deurlopend op die wysiging van die ordonnansie en uiteindelik op die skraping daarvan aangedring het. [Van der Watt 1980:45] Die feit dat swaargewigte soos ds Andrew Murray ook die stryd teen die Ordonnansie aangeknoop het en duidelike besware daarteen geformuleer het, het meer gewig aan die stryd verleen. Sy voorstel is

aanvanklik afgestem maar het die teenstand in so 'n mate aangehelp dat dit op sinode na sinode bespreek is. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

4.2.5 Sinode van Kaapse Kerk 1897

Brown [1979:277] bevind die jare 1897 tot 1903 as 'n belangrike tydperk omdat dit ook die jare was waarin die Ned Geref Kerk die Kerkwet verder gesuiwer het van wat hy noem, "kollegiale smette" Die ideaal van een kerkverband het ook nog lewendig gebly [Kleynhans 1973:329] en die gebeure by Strydenburg het 'n dringendheid by die Kaapse Kerk geskep om volle aandag aan die regering van die kerk te skenk. Dit gebeur dan ook by die Kaapse Sinode in 1897 toe twee beskrywingspunte die sinode se aandag vra vir 'n regstelling van die foutiewe aanwysing van die belydenisskrifte en vir die onmiddellike herroeping van die Ordonnansie. Die laaste voorstel verwys na die "soveel wrewel onder lidmate, waarvan verscheidenen de Kerk reeds hebben verlaten" [Van der Watt 1973:143]

Beskrywingspunte by hierdie sinode dui dus daarop dat die bestaan van aparte sinodes of kerke sowel Ordonnansie 7 nie gelate aanvaar is nie [Brown *NGTT* 1979:279]. 'n Voorstel van di J W Louw en E Z J de Beer dien voor die sinode: "De Synode benoemde eene Commissie om voorlopigmaatregelen te nemen, ten einde de onderscheidene Gereformeerde kerkgenootschappen in Zuid-Afrika te vereenigen." [Kleynhans 1973:329] Brown wys daarop dat dit uit die bewoording van die voorstel en die opdrag aan die kommissie duidelik is dat die onderskeie sinodes nie slegs as besondere kerkverbande gedink is nie maar as "kerkgenootskappe" wat verenig moes word. [Brown *NGTT* 1979:279]

Na lang bespreking is 'n kommissie aangewys om regsadvies in te win en op Woensdag 10 November dien die verslag wat verklaar, "gegewe die omstandighede, bedoelende die feit dat daar nie tot eenstemmigheid gekom kan word nie, dit nie raadsaam is om die Ordonnansie te herroep nie. Daar word wel aanbeveel dat die Parlement gevra word om die Ordonnansie te

wysig sodat daar nie dubbelsinnigheid sal wees oor die grense van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika nie; dat die onvolledige opgawe van die Formuliere van Enigheid verbeter sal word en dat die samestelling van die Sinode deur die Sinode self bepaal sal word. Hierdie aanbeveling het toe die besluit van die vergadering geword.” [Van der Watt 1973:144]

Vir die kerk was van hierdie besluite ’n groot deurbraak want daarmee is die foutiewe aanduiding van die Belydenisskrifte reggemaak en kon hy die Sinode na goedunke saamstel en verander. Dit het daarop neergekom dat die politieke grense van die Kolonie nie langer beskou is as die grense van die kerkverband nie en dat die ontwikkeling en uitbreiding van die kerk langs normale kerkregtelike bane kon geskied. [Van der Watt 1980:46] Daar is aan ’n kommissie opdrag gegee om die parlementêre akte op te trek en nadat die voorgestelde akte in *Die Kerkbode* gepubliseer is het die Sinodale Kommissie dit bestudeer en goedgekeur.[Van der Watt 1973:144] Aan ’n kommissie is die opdrag weer gegee om die hele wetboek voor die volgende sinode te hersien, om sommige wetsartikels te verduidelik en alles beter te rangskik. [Keet.1925:21] en “om voorlopige maatreëls te neem om die onderskeie ‘Gereformeerde Kerkgenootschappen in Zuid-Afrika’ te verenig.” [Brown *NGTT* 1979:279]

4.2.6 1898 - Ordonnansie no 9 van 1898

Op 3 Junie 1898 is in die parlement kennis gegee van die petisie waarin gevra word vir die “amendassie van die ‘Dutch Reformed Church Ordinance Act’ [Van der Watt 1973:144] ’n Interessante feit rondom hierdie wetswysiging is dat ’n Engelssprekende buitestaander, sir Gordon Sprigg, gereformeerde lidmate moes laat bloos het toe hy sy goedkeuring vir die voorgestelde wetgewing gegee het met die “merkwaardige” woorde: “I am only sorry that this Bill does not go a great deal further than it does.....all Churches should be free and untrammelled by any ordinance whatever. Every Church should be able to make its own laws, and not be compelled to come to Parliament to obtain

permission to alter its laws.” [Van der Watt 1973:145] Nadat alle lesings en wetlike prosedures nagekom is, is Ordonnansie No 9 - 1898 op 25 November 1898 geproklameer. [Van der Watt 1973:145; Kleynhans 1985:73]

Eindelik het dit gebeur: “Die Kaapse Sinode het na ’n volgehoue stryd van vyf-en-dertig jaar daarin geslaag om ‘de Emendatie Acte der Nederduitsche Gereformeerde Kerk,’ 1898 op die Kaapse Wetboek te kry.” [Van Staden 1973:414] “Die dubbelsinnigheid omtrent die vraag of die Ned. Geref. Kerk buite die grense van die Kaapkolonie mag uitbrei, is daarmee uit die weg geruim. Die weg is ook so vir die kerk gebaan om sy sinodale kerkverband uit te brei wyer as die provinsiale grense van Kaapland.” [Kleynhans 1973:329 en 1985:73]

Die Belydenisskrifte was nou suiwer aangegee en sekere kerkregtelike vryhede aan die kerk gewaarborg. [Van der Watt 1973:145; Van Staden 1973:414] “Deur hierdie wet het die kerk ’n juiste beskrywing van sy Belydenisskrifte, wat foutief in Ordonnansie Nr 7 van 1843 beskryf was,” gekry en al was al die bindende en beperkende artikels van Ordonnansie Nr 7 van 1843 nie in die geheel opgehef nie, maar tog ’n belangrike deur vir die Kaapse Kerk geopen waardeur hy in 1905 kon stap by die aangaan van ’n kerkverband met die ander drie Nederduitse Gereformeerde Kerke.” [Van Staden 1973:414]

Volgens Vorster het verset teen die Ordonnansie heelwat kalmer geword toe die vernaamste besware teen die ordonnansie aangespreek is in hierdie Wysigingswet van 1898. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Wat in gedagte gehou moet word is dat dit nog steeds onmoontlik was om een algemene sinode in die lewe te roep sonder dat Ord No 7 van 1843 gewysig of herroep word. [Kleynhans 1985:73]

Intussen het die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 -1902, die begeerte tot nouer

samewerking nog sterker laat opvlam want die Afrikanervolk was verstrooi, verarm, moedeloos, verneder en van hul kosbare vryheid beroof. [Kleynhans 1985:73] Wat die Afrikanervolk in hierdie slegte tyd van sy bestaan aan mekaar gebind het was slegs maar die Gereformeerde belydenis.

4.2.7 Sinodes van 1903

By die Kaapse Sinode van 1903 het die kommissie 'n uitgebreide rapport en aanbevelings voorgelê. Die sinode het o a ook besluit op 'n verdere prinsipiële suiwering van sy kerkregering in gereformeerde sin. [Brown. *NGTT* September 1997:278]

As uitvloeisel hiervan is drie nuwe artikels 1, 2 en 3 tydens hierdie sitting aanvaar en hierdie nuwe artikels het 'n goeie ontvangs binne die kerk gehad. Daarvan sê Keet [1925:21] “Deze verandering is zeer betekenisvol, de genootschapsidee is verdwenen, niet langer is men lid van het genootskap in 't algemeen, zonder lid van de gemeente te zijn, maar men is lid van de gemeente, die staat in het verband van de Ned Geref Kerk in Z -Afrika.”

Goeie vordering is gemaak want 'n uitgebreide en deeglike rapport het ook by hierdie sinode o a die aanbeveling gemaak dat alle uitdrukkinge in die Wetboek waar van “hogere” en “lagere” besturen sprake is verander sal word in “meerdere” en “mindere” [Keet 1925:22] Vir Keet was daar betekenisvolle vordering as hy sê:

“Door de geschiedenis van onze kerk heen vinden wij dus 'n steeds meer zuiver wordende vorm van de kerkelike regering. En deze wijzigingen moeten beschouwd worden in 't licht van 'n altijd meer bewust worden van het verschil dat er bestonde tussen de praktijk en de theorie. De praktijk bewoog zich wezenlik op de gereformeerde lijn, maar om onze afhankelijkheid van het Hervormde reglement, was er nog zo veel dat uiterlik aan het kollegialisme herinnerde.”



[Keet 1925:22]

Dis baie duidelik dat Kollegialisme “diep inslag en voortgang in die Ned. Geref. Kerk” gevind het. “Hy het hom daarvan geleidelik laat suiwer maar ook weer nie daarvan gevrywaar nie.” [Brown, *NGTT* September 1979:278] Die kerk het in sy bediening die geloof in ’n genootskaplike verband en sin laat beoefen. [Brown, *NGTT* September 1979:278]

Vorster se leermeester, Keet [1925:22], dink dit kan betreur word dat die kerkinrigting nie teruggaan tot die Dordtse Kerkorde nie, maar sê daarby dat “bij al het voortreffelike van de kerkeordering, past het in de mond van Gereformeerden het minst te beweren, dat elke kerkorde, die niet daarheen teruggaat, ongereformeed is. De gereformeerde kerken van alle landen zijn zelfs in hun belijdenisschriften niet aan een vorm gebonden, maar drukken op eenzelfde grondslag zich telkens anders uit.”

Sy gevolgtrekking is: “ ...dat de regeringsvorm van de Ned Geref Kerk, ondanks de vele onvoordelige omstandighede welke hare geboorte omgaven en hare ontwikkeling bemoeilikten, niet in strijd is met de beginselen van het gereformeerde kerkrecht. Ze is in haar wezen niet kollegialisties, ze is ook niet kongregationalisties, maar ze is de presbyteraal-synodale vorm van kerkregering, welke de plaatselike gemeente en het verband van de kerk beide op het zuiverst tot hun recht laten komen. Zij wil vrij zijn, om volgens Gods Woord haar geestelike roeping te kunnen volbrengen, gedachtig aan het woord, dat Christus der gemeente tot ’n Hoofd gegeven is boven alle dinge, welke Zijn lichaam is en de vervulling Desgenen, die alles is allen vervult.”

[Keet 1925:26]



Wat die kerk se leer betref, sê hy, is die kerk bewus van haar reglemente se gebreke maar het nog altyd vasgehou aan die drie Formuliere van Enigheid. Keet verontskuldig die kerk deur te sê dat geen kerkorde volmaak is nie. “In onze kerkregering als geheel, zoals die heden bestaat, is er niets dat strijdig is met de beginselen van het gereformeerde kerkrecht, wel zijn er enkele bepalingen die nog niet hun zuivere uitdrukking gevonden hebben, die meer in overeenstemming met het geheel en met andere bepalingen moeten gebracht worden, maar het zal niet gaan om die reden alles te verwerpen als ongereformeerd.” [Keet.1925:23] Volgens hom gee die kerk se geskiedenis bewys dat die regte van die plaaslike kerk nooit deur ’n sinode onderdruk is nie.

Die ideaal van ’n herstellende kerkverband het ’n brandende saak gebly en in 1903 word die saak van eenwording by al vier sinodes bespreek. [Kleynhans 1985:73] Die Kaapse goewerneur is versoek om ’n datum vas te stel waarop die Wysigingswet van 1898 van krag sal word en word die datum 15 Desember 1903 aangegee as die dag wanneer die wet in werking tree en van krag sal wees in die Kaapkolonie. [Van der Watt 1973:145]

Met hierdie Wysigingswet het die kerk veel verkry, maar in die praktyk het daar nog baie vrae oorgebly soos byvoorbeeld wat die kerk binne die bepalinge van die Ordonnansie mag doen en wat hy nie mag doen nie. In vele opsigte was die kerk nog beperk want hy kon byvoorbeeld nie provinsiale Sinodes instel nie. Eweso het die kerk nou die reg verkry om die sinode se samestelling te verander maar daar kon volgens die wet net een Algemene Vergadering wees. Hierdie belemmering was nog steeds “in stryd met die beginsels van die gereformeerde kerkregering en onverenigbaar met die kerkregtelike eise van die praktyk.” [Van der Watt 1973:145-146]

Wanneer terugskouend gekyk word na die sinode van 1897 bly dit ’n raaisel dat die algehele herroeping van die Ordonnansie nie toe al versoek is nie. Die



invloed van sir W Porter was waarskynlik in hierdie saak te groot. Vir hom het die handhawing van die Ordonnansie baie voordele vir die kerk ingehou soos byvoorbeeld die verskansing van die leer en kerkregering, die beskerming teen regsgedinge en 'n besondere eiendomsakte. [Van der Watt 1973:146] Sommige kerkleiers het ook die waarde van die Ordonnansie oorskat en daar was die vrees dat as die kerk meer vryheid sou verkry dit vir haar skadelik sou wees.

Koot Vorster, wat in later jare 'n groot rol sou speel in die herroeping van die Ordonnansie, kon so 'n houding nie begryp nie. Van der Watt haal vir Vorster aan waar hy gesê dit het gelyk of die kerk, na al die jare van onderhorigheid, nie die volle verantwoordelikheid van die vryheid wou dra nie. [Van der Watt 1973:146] Dis dan ook nie vreemd dat daar tydens die bespreking van die wetswysiging in die parlement beweer is dat lidmate bang was dat herroeping van die Ordonnansie vir die kerk 'n verlies van eiendom en ander voorregte sou meebring nie. [Van der Watt 1973:146]

Billikheidshalwe moet aanvaar word dat baie mense waarskynlik geredeneer het dat die Ordonnansie geen onmiddellike gevaar vir die kerk inhou nie en dat al die omwentelinge en moeite wat die herroeping sou meebring nie te regverdig was nie. [Van der Watt 1973:146]

Die Ordonnansie het van krag gebly en het die kerk gebind. Die strewe na organisatoriese eenheid in een sinodale verband by die verskillende Sinodes van die Ned Geref Kerk sou lei tot die algehele herroeping van die Ordonnansie maar dit sou eers baie jare later kom. Dit sou kom gedurende die bediening van dr Koot Vorster en daarin sou hy 'n leidende rol speel.

Al die onderskeie sinodes het in die jaar 1903 vergader. "Op die lang pad na die ideaal van 'n herstelde kerkverband sou hierdie besondere sameloop van gebeurtenisse van buitengewone betekenis blyk te wees." [Kleynhans

1973:330] Die vier sinodes het die jaar almal die voorgenome kerkherstel bespreek en hulle onderskeie “onderhandelingskommissies” benoem. [Van Staden 1973:415] Hierdie kommissies het op 9 en 10 Augustus 1905 te Colesberg byeengekom en aanbeveel dat die vier Sinodes ’n federale kerkverband sluit. [Van Staden 1973:415; Kleynhans 1973:331] “Hierdie byeenkoms was die daadwerklike begin om die kerkverband te herstel.” [Kleynhans 1973:331]

Die afgevaardigdes was almal ten gunste van kerkvereniging, maar aangesien die besware teen ’n organiese vereniging aanvanklik so groot was, is voorkeur gegee aan ’n federale verband. Hiervolgens sou die afsonderlike bestaan en ontwikkeling van die kerke gewaarborg bly, terwyl die nodige samewerking deur middel van samesprekinge tog ook verseker is.” [Kleynhans 1973:331 en 1985:73] ’n Klein kommissie is benoem om die skema vir so ’n struktuur op te stel en aan ’n volgende vergadering voor te lê. Die resultaat hiervan was dat die konsep goedgekeur is en het die vier kerke gevolglik besluit om ’n federale raad in die lewe te roep. Die naam van hierdie raad sou heet: *De Raad der Nederduitse Gereformeerde Kerke in Zuid-Afrika*. [Kleynhans 1973:331 en 1985:73]

Van Staden [1973:415], vind dit jammer dat “daar nie toe reeds tot ’n organiese kerkvereniging ooreengekom kon word nie.” Daar was gewigtige besware teen ’n algemene sinode [Kleynhans 1985:73], maar al vier die Sinodes het die aanbeveling van die kommissies aanvaar waardeur die Federasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerke tot stand gekom het. [Van Staden 1973:415] “[M]et die uitsluitlike doel om die eenheidsband te verstewig en sodoende algaande die weg voor te berei tot herstel van die eenheid in een sinode.” [Kleynhans 1973:332 en 1985:73]

4.2.8 1905 - Konferensie te Colesberg - Stigting van die Raad van Kerke

So het die federasie van die Ned Geref Kerk dan tot stand gekom met die



uitsluitlike doel om “die eenheidsband te verstewig en sodoende algaande die weg tot die herstel van die eenheid in een sinode voor te berei.” [Kleynhans 1985:73-74] Die Raad van die Kerke, wat saamgestel is uit verteenwoordigers deur die Sinodes van al vier die kerke benoem, is in die lewe geroep, en het as koördinerende liggaam tot uitdrukking van die federale kerkverband gedien. [Van Staden 1973:415]

Intussen het Kollegialisme diep inslag en voortgang in die Ned Geref Kerk gevind. Alhoewel die kerk haar, volgens Brown, geleidelik daarvan laat suiwer het, het dit tog nog voortgeduur. Een van die bewyse daarvan is die talle verenigings wat voor, tydens en na die oorlog in die Ned Geref Kerk tot stand gekom het. [Brown 1979:278]

4.3 VERENIGINGS IN DIE KERK

Reeds teen die helfte van die vorige eeu het Christelike jeugbewegings in ander wêrelddele jongmense uit verskillende kerke byeengebring. Deur die inisiatief van dr Andrew Murray is ’n tak van die *Young Men’s Christian Association* [Y M C A] in 1865 in Kaapstad gestig. Kort daarna het die bekende *Christen-Studentevereniging* [CSV] tot stand gekom gevolg deur die *Christen Stewersvereniging* wat in 1881 gestig is. Nog ’n ander vereniging was die *Evangeliese Alliansie* wat internasionaal en interkerklik opgetree het en fungeer het op die basis van ’n ortodokse geloofsverklaring met die doel om oor die grense van die kerke heen gelykgesindes saam te bind. Soos in die geval van Y M S A was die “ekumeniese gees”, ds Andrew Murray, ook die krag agter hierdie stigting. [Van der Watt 1980:81-82]

4.3.1 Verenigings in die kerk - Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerke se standpunt

Vanaf die kant van die Nederlandsche Hervormde Kerk is die bestaan van verenigings op die kerklike werf afgewys as Metodisties: “Die Metodisme het met ’n sekere onverskilligheid teenoor die Belydenisskrifte van die kerk ‘inter-

kerklike en ‘Interdenominasionele’ verenigings in die lewe geroep. Hierdie verenigings beroep hulle op die vrye wil van die lidmate om by hulle aan te sluit, sonder om met hulle kerk te breek en betree so tog die terrein van die kerk.” [Spoelstra 1973:204] “Die gevoelsgodsdienst het met sy strewe om goeie werke in die wêreld te verrig, lidmate aangespoor om deur middel van verenigings bepaalde doelwitte na te streef ” en onder hierdie doelwitte noem hy die maatskaplike hulp aan weeskinders, ongehude moeders, blindes, armes en nog ander. [Spoelstra 1973:205]

Vanaf die kant van die Gereformeerde Kerk het J D du Toit in 1905 skerp kritiek gelewer teen verenigings in die kerk. Van die Stewersvereniging het hy o a gesê: “ De Stewers Vereeniging is een Kerk in de Kerk, en doet wat der Kerk is, en is dus in strijd met de eenheid, het weze en de volkomenheid der Kerk als instelling.” [Brown, *NGTT* September 1979:279]

4.3.2 Verenigings in die kerk - Vorster se standpunt

Wanneer Vorster se siening van verenigings in die kerk bekyk word, kom ’n mens weereens onder die indruk van sy skerp insig in die gereformeerde leer en kerkreg.

Dit het aan die lig gekom toe hy baie jare later predikant geword het, en ook ’n probleem sou hê met die talle verenigings wat in die kerk werksaam is. Hy wys in 1941 daarop dat die Moderator by die vorige sinode aangedui het dat die verenigingslewe nie is wat dit behoort te wees nie. Hy skryf ’n artikel met die dringende opskrif: “Laat dit nou reggaan met ons jeugwerk”, en daarin sit hy sy standpunt oor die bestaan van verenigings in die kerk baie duidelik uiteen. [Vorster 1941:50]

Die onderskeie verenigings in die Ned Geref Kerk het, syns insiens, op dieselfde akker gearbei en op daardie wyse die kragte verbrokkel en mekaar in die wiele gery. [Vorster 1941:50] Vorster was bly oor die feit dat die sinode



die probleem aangespreek het en daarmee aangetoon het dat die wagters op Sions mure wakker is. Die besluit om, “die verenigings wat in verband met ons Kerk staan te amalgameer” was vir hom uit God. Die besluite en mooi woorde moes nou net in daade omgesit word. “Wat swak was deur verdeeldheid moet sterk word deur eendragtigheid en eenheid” [Vorster 1941:50] Getrou aan sy geaardheid was dit vir Vorster belangrik dat die sinode die moed getoon het om nie alleen te waak nie, maar ook om daadwerklik op te tree. [Vorster 1941:50]

“Dit is die roeping van die Kerk om die daad by sy woord te sit. Die Kerk is die deur God ingestelde instituut om die geestelike belange van die volk te behartig. Alle geestelike leiding moet dus deur die geroepe ampsdraers geskied, alle arbeid moet onder hulle toesig staan, en hulle veral is verantwoordelik vir die vorming van die jeug. Alle christelike jeugwerk moet, as dit gesond sal wees, kerkwerk wees.” [Vorster 1941:50] “Hoe gesond die leiding ook al in ’n vereniging mag wees tot volle grootte sal die werk eers uitgroeï as dit beskou word as Kerkwerk. [Vorster 1941:50] Hy bepleit een sterk leweomvattende jeugorganisasie wat uit die volk gebore is, deur die kerk gelei word en aan God getrou sal wees. [Vorster 1941:50]

Vorster vra: “Waarom kan en sal die Kerk nie self sy eie jeugorganisasie daarstel en volle verantwoordelikheid aanvaar vir die uitvoering van sy Godgegewe taak nie?” [Vorster Feb 1941:50] “Voor Christus is die Kerk gebonde om self sy jeug op te lei op die hegte grondslag van sy uit die Skrif ontwikkelde belydenis.” [Vorster 1941:51]

Volgens hom het ons volk die reg om alle jeugverenigings in een Afrikaanse jeugvereniging saam te snoer. ’n Eie jeugorganisasie wat hier te lande ontstaan het en nie van die buiteland af met vreemde invloede onder vreemde omstandighede ingevoer is nie. “’n Jeugorganisasie uit ons midde gebore wat pas by ons volksaard sal ’n enorme krag in ons volkslewe wees.” [Vorster

1941:51]

Hierdie ingevoerde metodes en stelsels demp, volgens hom, die frisse lewe in ons eie kerk sodat die veerkrag en daadkragtigheid wat 'n mens van die gesonde volksjeug kan verwag ontbreek. Die gevolg is dat ons so dikwels die figuur van 'n volk wat beroof en geplunder is vertoon. [Vorster 1941:51]

In sy kenmerkende entoesiastiese styl doen hy 'n dringende oproep: “Nee, die Kerk wat nog altyd die behoud van ons volk was, moet intree en een organisasie skep waarin die jeug van ons volk, in aaneengeslote geledere, in dieselfde rigting kan voort marsjeer. Dan sal ons 'n eendragtige, koersvaste, doelbewuste jeug kweek: seuns soos plante, dogters soos hoekpilare.” [Vorster 1941:51]

Vir sommige is dit onduidelik of Vorster hier met “Kerk” na die Ned Geref Kerk verwys of na die Gereformeerde kerke in die algemeen. Die feit dat Vorster die terme “kerk” en “volk” afwisselend gebruik wil Langner [2007:49] en andere sien as voortspruitend daaruit dat Vorster met sy “volksidealisme” die “Calvinistiese geloof” soos gedra deur die Gereformeerde Kerke as waarborg sien vir die oorlewing van “ons volksbestaan” By Vorster tref jy, volgens Langner, aan wat hy “Boere-Calvinis” noem want vir hom was die “vestiging van Calvinisme op Suid-Afrikaanse bodem en die ontstaan van die Afrikaner een en dieselfde gebeurtenis”. [Langner 2007:49]

Wat die term “Boere-Calvinis” betref kan daar met redelike sekerheid beweer word dat dit vir baie mense 'n onbekende en nuwe begrip is en iets is wat seker verdere studie verdien. Vir diegene wat Koot Vorster goed geken het, was hy iemand wat lief was vir die volk waaraan hy behoort het, maar ook diep bewus was daarvan dat hierdie volk 'n roeping gehad het om die evangelie van Jesus Christus en die gereformeerde leer in Suid-Afrika uit te dra. In hierdie roeping het hy geglo, gedroom en gedien sodat die voortbestaan van

die Afrikanervolk nie vir hom die doel was nie, maar die “middel” waarlangs die Gereformeerde Kerke, die Calvinisme en uiteindelik die Christendom beskerm en bevorder sou word.

Met sy liefde vir sy kerk en volk wou Vorster eerlik vir die Afrikanerjeug help om deur middel van ’n sterk organisasie die aanslae van die bose te weerstaan. Vir hom was dit net swak praktyk om tyd, talente, energie en geld te verdeel om ’n paar organisasies staande te hou. Die organisasies werk, volgens hom, remmend op mekaar in. Dis ’n onnodige versnippering wat veroorsaak dat tyd, kragte en talente onekonomies bestee word en verenigings in die proses kragteloos gemaak word. [Vorster 1941:51] Volgens Vorster word in ons land met sy groot afstande te veel geld benodig dat die onderskeie verenigings elk met sy eie administrasies en eie organiseerders dan nog ’n blad ook aan die gang kan hou. So het elke vereniging se blad ’n klein sirkulasie wat op sy beurt weer min advertensies trek en so moet die blad so “ingekrimp word dat dit nie aantreklike leesstof bied vir die jeug nie.” [Vorster 1941:51] Vorster voel dat een groot jeugorganisasie binne die kerk met ’n sterk jeugblad wat goed is en nie “armoedig” uitgegee word nie ’n krag in die volkslewe sal wees en ’n besparing van baie geld. [Vorster 1941:51]

Die Ned Geref Kerk was nog steeds regeer aan die hand van wetboeke wat in die geval van die Kaapse Kerk tot so veel as 406 artikels gehad het. [Brown *NGTT* 1979:279]

4.4 SAMEVATTING

Die tydperk wat verloop het sedert die sinode van 1862 tot 1905 was ’n belangrike periode vir die Ned Geref Kerk. In hierdie tyd is die strewe na eenheid deur bykans al die onderskeie sinodes ter tafel geneem en het talle kommissies die saak ondersoek en verslae voorgelê.

Eindelik was daar vordering toe die Wysigingswet van 1898 van krag geword



het en al die sinodes gedurende 1903 die ideaal van 'n herstelde kerkverband ter tafel geneem het. Groot was die teleurstelling toe daar in 1905 'n Raad van Kerke op die been gebring is in die plek van die verwagte organiese eenwording. Die geskiedenis bewys egter dat hierdie Raad van Kerke in die jare wat sou volg in al sy werksaamhede en vergaderings met oorgawe gewerk het op die pad van kerkhereniging. By die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 kon hierdie Raad met groot genoegdoening homself ontbind voordat die sinode gekonstitueer het.

HOOFSTUK 5

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK VANAF DIE STIGTING VAN DIE RAAD VAN KERKE TOT BY DIE SINODE VAN 1924

5.1 INLEIDING

Nadat die kerkverband in 1862 verbreek is vind ons dat die kerk stelselmatig weer 'n proses aan die gang gesit het om dit te herstel. Die grootste struikelblok op hierdie moeisame pad was egter die Ordonnansie no 7 van 1843.

Die uitspraak van die hof in 1862 en die “gedwonge kerkregtelike ontwikkeling kon egter die eenheid in die Ned Geref Kerk nie smoor nie.” [Van der Watt.1986:1] Die drang tot eenheid binne die Ned Geref Kerk het nie heeltemal verflou nie en Du Toit [in *Die Voorligter* Oktober 1962:10] ag hierdie eenheid so sterk dat hy dit mooi beeldryk saamvat as hy sê, daar was soveel punte van ooreenkoms tussen die provinsiale kerke dat “geen historiese eienaardigheid, nog minder die loop van die Vaal of Gariep of die ligging van die Drakensberge hulle op die duur geskeie kon hou nie.”

5.2 VERDERE SOEKE NA ALGEMENE KERKVERBAND

Met die aanbreek van die nuwe eeu het die saak van kerkvereniging weer nuwe momentum gekry as nadraai van die Anglo-Boereoorlog wat die eenheidsbeweging gestimuleer het. Reeds in 1903 het daar voor die sinode van Natal 'n voorstel gedien wat gevra het dat daar met die kerk in Transvaal verenig moes word. Hierdie strewe na eenwording op kerklike terrein is volgens Scholtz aangehelp deur die versoeke tot eenheid op politieke terrein. Dit klink baie logies want, “Die strewe na eenwording in Suid-Afrika was

reeds aan die orde van die dag”. In 1903 is reeds gedroom van die politieke vereniging van Suid-Afrika en daardeur is die “gedagte aan kerklike vereniging waarskynlik ook beïnvloed.” [Scholtz s a:172] Wat inderwaarheid gebeur het is dat die politieke leiers sukses behaal het in hul pogings om vereniging, maar die geestelike leiers kon nie [Scholtz s a:172] en dit word ondersteun deur die feit dat die voorstel tot vereniging in 1903 afgestem is. Dit staan nietemin vas dat die geestelike leiers, “alles in hul vermoë gedoen het om hul groot ideaal te bereik”. [Scholtz s a:172]

5.2.1 Stigting van Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke in 1905

Kerkhistorici glo dat die kerke se beleving van eenheid die direkte oorsaak was vir die stigting van die Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke later. [Van der Watt 1987:1] Nadat al die sinodes hulle oor eenwording uitgespreek het en die onderskeie sinodes hulle onderhandelingskommissies aangewys het is daar besluit om op 9 en 10 Augustus ’n konferensie te Colesberg te belê om oor die saak te beraadslaag. By hierdie geskiedkundige konferensie het verteenwoordigers van al vier kerke sitting geneem [Scholtz, s a:172] en aanbeveel dat die vier sinodes ’n federale kerkverband sluit. [Van Staden 1973:415]

By hierdie historiese geleentheid het die vergadering reg aan die begin ’n besluit oor drie punte aangeneem: Eerstens dat ’n “vereniging tussen die vier kerke ’n zeer wenschelike is”; “ten tweede, dat vanweë sekere onoorkoomlike moeilikhede, veral in verband met eiendomsregte, daar nog nie aan ’n onmiddellike ’n organiese vereeniging’ gedink kon word nie, ten derde, dat ’n federale vereniging, waardeur die afsonderlike bestaan en ontwikkeling van elke kerk gewaarborg sou wees en waardeur daar samewerking deur middel van samesprekinge verkry kon word, wenslik was.” [Scholtz.s a:172] Hierdie laaste punt is deur die vergadering na ’n kommissie verwys om in die vorm van ’n voorstel uit te werk.

Wat later op die tafel van die raad teruggekom het was ’n voorstel wat in breë



trekke daarop neergekom het dat elkeen van die vier provinsiale kerke sy “wetgewende, regsprekende en administratiewe magte” sou behou, maar dat hul algemene belange behartig sou word deur ’n liggaam wat die naam gekry het van “De Raad der Ned Geref Kerken in Zuid-Afrika” en waarop al die kerke verteenwoordig sou wees. [Scholtz s a:173]

Bekend as die Raad van die Kerke en saamgestel uit verteenwoordigers deur die Sinodes van al vier die Kerke benoem het die Raad as “koördinerende liggaam tot uitdrukking van die federale kerkverband gedien.” [Van Staden 1973:415] Verder sou die Raad sake in behandeling neem wat deur ’n sinode aan hom opgedra was of wat deur een van die lede ter sprake gebring was. Wat die besluite van die Raad betref sou dit egter slegs bindend wees vir ’n kerk nadat sy sinode dit goedgekeur het. [Scholtz.s a:173] In die jare wat volg sou hierdie raad in ’n “adviserende hoedanigheid” as “studieliggaam” dien en deur middel van “kommissies en verslae en in sy talle aksies die onderlinge band tussen die verskillende sinodes verstewig”. [Van der Watt 1987:1]

Die Raad het ’n federale struktuur gehad maar hierdie struktuur sou egter nie die ideaal van hereniging in sinodale verband smoor nie. Dit het eerder momentum gegee aan die strewe om herstel wat steeds binne die kerkverband lewendig gebly het. [Van der Watt 1973:333 en 1987:1] Die fokus van die raad by elke vergadering en in sy menigte werksaamhede was die ideaal om die Ned Geref Kerke, wat in federale verband gestaan het, onder een Sinode te verenig.

Wanneer hierdie raad se notules van vergaderings en verslae van sy werksaamhede bestudeer word, raak ’n mens bewus van die belangrike rol wat hierdie raad in die kerk gespeel het voordat dit met die totstandkoming van die Algemene Sinode op 11 Oktober 1962 ontbind het. Saam met ander kan erken word dat hierdie raad oor ’n tydperk van vyf dekades met geweldig baie sake rakende die kerklike lewe besig gehou het, maar sy “uitstaande

werksaamhede was sy rol in die herstel van die kerkverband wat in 1862 verbreek is.” [Van Staden 1973:416] Daarom meen kerkregkundiges tereg: “Die rol wat die Raad van Kerke in die bestaan van die vier Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gespeel het, kan nie lig oorskakel word nie.” [Van Staden 1973:416; Van der Watt 1987:16] Hierdie kragtige middel in God se hand het gedurende sy bestaan van 55 jaar ’n groot rol gespeel om verwydering en vervreemding tussen die afsonderlike kerke te voorkom. “Daarvan getuig die talle besluite wat deur die raad geneem, en deur die verskillende sinodes aanvaar en uitgevoer is” [Kleynhans 1985:74]

5.2.2 Raad van Kerke se vergadering 1907

Die Raad van Kerke se eerste vergadering is op 13 Maart 1907 in Pretoria gehou en by die geleentheid het ds H S Bosman die aanwesiges verwelkom deur daarop te wys, “dat dit ’n groot en blye dag in die geskiedenis van die Ned Geref Kerk is, en dat die raad die bewys is dat die Gefedereerde Kerke een is en as een man die werk van die Here wil aanpak.” [Kleynhans 1985:74] Kerkvereniging was dan ook vir die Raad ’n hoogste prioriteit en dit het baie gou duidelik geword, want reeds op hierdie heel eerste vergadering word op voorstel van ds A J Louw besluit om die wenslikheid van “organiese kerkvereniging” te ondersoek.[Van Staden 1973:416; Van der Watt 1987:1]

Du Toit meen die voorstel het eintlik ’n ‘organisatoriese’ eenheid bedoel aangesien die Ned Geref Kerke nog altyd organies een was. [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:10] Nadat die voorstel bespreek is, is die saak na ’n kommissie verwys om by die volgende vergadering terug te rapporteer

Die kommissie wat die saak moes ondersoek se oplossing het gelê op die weg van sentralisasie wat behels het; “een sinode, waarin al die dominees sitting sal hê; een sterk sentrale fonds wat alle uitgawes moet dek en een opleiding van predikante te Stellenbosch.” In teenstelling met hierdie “weg van sentralisasie” wys Du Toit [GV Oktober 1962:10] daarop dat daar in 1962

uitgekóm is by 'n oplossing wat "meer die pad van desentralisasie" sou volg. Volgens Du Toit [*Voorligter* Oktober 1962:10] was daar 'n "turksvy" wat in die ooreenkoms versigtig gehanteer moes word en dit was die sg "gelykstelling". "Dit was 'n rooi lig vir die Noordelike kerke van Natal, Vrystaat en Transvaal. Die rede daarvoor was omdat Kleurlinge lidmate van die Kaapse Kerk kon word, maar in die Oorvaalse gebied is hulle deur die Kerkwette uitgesluit. Ontevredenes kon baie maklik die gemoedere gaande maak en dit het ook later gebeur toe hulle daarin geslaag het om die hereniging op hierdie rots te laat strand."

5.2.3 Raad van Kerke se vergadering 1909

Twee jaar later en wel op 3 Maart 1909 het die Raad sy tweede sitting op Stellenbosch gehou en by daardie geleentheid is die kommissie wat hereniging ondersoek het se verslag ter tafel gelê. Die motivering vir hereniging was duidelik want o a was die kerke:

- * "feitlik een in belydenis, kerkregering, toepassing van bepalinge en opleiding van evangeliedienaars;
- * 'n verenigde kerk sal die opleiding van predikante, sendelinge en onderwysers bevorder en die administrasie, opsig, tug, opvoeding, sendingwerk en die fondse kan behartig;
- * die kerk sal homself so met meer gesag en invloed kan laat geld op die verskillende lewensterreine;
- * die lede van die vier kerke is een in afkoms, taal en vaderland;
- * en die beweging tot politieke vereniging versterk die oortuiging dat daar behoefte is aan meer geestelike eenheid." [Van der Watt 1987:1]

Alhoewel lede van die vergadering bewus was daarvan dat daar sekere wetgewing is wat eers aangeneem sou moes word voordat vereniging kan slaag, is die voorstel, na bespreking, met enkele wysigings goedgekeur.

[Scholtz s a:174] Parlementêre magtiging was natuurlik nodig want die Kaapse Kerk was nog verbonde aan die staatsordonnansie, no 7 van 1843,



wat die kerk o a beskrywe het m b t sy naam, belydenis en kerkregering, en die kerk moes homself binne die perke daarvan hou. [Van der Watt 1987:3] Dit was dus logies dat die Kaapse Kerk nie in ´n verenigingsproses betrokke kon raak sonder die wetgewer se medewerking nie. Die owerheid sou eers die ordonnansie moes herroep om aan die Kaapse Kerk die vryheid te gee om te verenig. [Van der Watt.1987:3]

Die Raad van Kerke het die onderskeie sinodes versoek om elke kerkraad in besit te stel van die voorstel tot vereniging, ´n konsep-konstitusie en konsepakte, ten einde binne ´n vasgestelde tyd hul goed- of afkeuring aan die onderskeie sinodes bekend te maak. Ook die gemeentes moes ingelig word omtrent die aangeleenthede in die kerklike orgaan en openbare pers. Na afloop van die vergadering is ´n verslag opgestel, wat aan die volgende sinodale vergadering voorgelê moes word en waarin die besluite oor kerkvereniging vervat is. In die loop van dieselfde jaar het die verskillende sinodes die verslag in oorweging geneem en tot organiese vereniging besluit. [Van der Watt.1987:2]

Op 15 Junie 1909 het die verslag oor kerkhereniging voor die sinode van Transvaal gedien. Die voorstel van ds A J Louw is op 21 Junie aanvaar.[Scholtz. s a :175]

As verdere motivering vir kerkvereniging was daar vier argumente wat gedien het: “Die hand van God is in die hereniging te sien; die kerke is innerlik een, waarom nie ook organisatories nie?; die kerk sal met meer gesag op sedelike, godsdienstige, opvoedkundige en sendingkundige gebied kan optree en op hierdie wyse kan daar gewaak word teen provinsialisme, moontlike teologiese afwykinge en selfs aparte predikante-opleiding”. [Du Toit Oktober 1962:10]

5.2.3.1 Petisie voor Volksraad i v m vereniging 1910

Met Uniewording in 1910 het die eenheidsstrewende op staatkundige gebied ook

na die kerklike terrein deurgesuur want sowel Van Staden as Vorster wys daarop dat die herroeping van die Ordonnansie weer in erns op die agenda van die Sinode gekom het toe kerkvereniging ná Unie 'n aktuele saak geword het. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464; Van Staden 1973:416]

Op 4 November 1910 is 'n petisie aan die Volksraad voorgelê, waarin verlot gevra word vir die indiening van 'n wetsontwerp om die vereniging van die Ned Geref Kerke in die verskillende provinsies te wettig. Na die eerste lesing op 8 November is dit verwys na 'n Gekose Komitee. Die petitionerarisse namens die kerk was die moderator en actuaarius van die Kaapse sinode, di A I Steytler en J P van Heerden. [Van der Watt.1987:3]

5.2.3.2 Proklamasie Wet no 23 van 1911 “De Nederduitche Gereformeerde Kerken Vereenigingsacte 12 Mei 1911

'n Voorstel op die vergadering van die Raad in 1907 wat gevra het om die wenslikheid en moontlikheid van organiese kerkvereniging te ondersoek het uiteindelik gelei tot die indiening en proklamering van Wet No 23 van 1911 [Van der Watt 1973:333] Hierdie wet, beter bekend as “De Nederduitche Gereformeerde kerken Vereenigingsacte”, 1911, is op las van die vier sinodes opgestel, en by een van die eerste sittings van die Parlement van die Unie van Suid-Afrika ingedien, en op 12 Mei 1911 geproklameer [Van der Watt 1987:3; Van Staden 1973:416]

Van der Watt [1987:3] sê dit was baie duidelik dat hierdie akte, indien die vereniging sou slaag, vir die kerk die krag van 'n grondwet sou besit en dat kerkrade en gemeentes, wat teen vereniging was, verplig sou wees om ook toe te tree of anders van hul eiendomme sou moes afsien. Die wet het voorsiening gemaak vir die beoogde kerkvereniging en die vier kerke, sê Van Staden, het hierdeur 'n “waarborg van die Regering ontvang dat, indien hulle finaal tot organiese kerkvereniging sou kom, die Regering die daad met die Wet bekragtig het.” [Van Staden 1973:416- 417]

Hierdie private wet het beteken dat die Ordonnansie voorwaardelik herroep is. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] “Die kerke se besluite sou egter via die kerkrade deur die Sinodes geneem word. Die meerderheid kerkrade het egter in al vier die Kerke afsonderlik teen organiese kerkvereniging beslis. Die Sinodes moes die beslissings aanvaar.” [Van Staden 1973:417] Die onverwagte negatiewe uitkoms betreffende die beoogde vereniging en waarna so lank uitgesien is, het tot gevolg gehad dat die wet tot herroeping van die Ordonnansie nie gepromulgeer is nie. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Verskeie redes kan aangevoer word vir die mislukte verenigingsproses, maar van die vernaamste blyk te wees die vrees vir gelykstelling en die beoogde Synodus Contracta.

Hiermee het die Raad van Kerke se poging vir kerkvereniging op ’n teleurstellende noot geëindig en dit sou vir die volgende veertig jaar nie weer op kerklike vergaderings ter sprake wees nie. Die herroeping van die Ordonnansie is nogtans in akademiese kringe gedebatteer en in die verhouding tussen kerke het dit as steen des aanstoots ’n rol gespeel. [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Daar was, volgens Vorster, ’n klein minderheid wat nog prys gestel het op die behoud van die Ordonnansie en dit selfs as die ‘magna charta’ van die kerk beskou het. Hulle beskouing het egter, volgens hom, nie gewig gedra nie, want “die wrange vrugte wat die Ordonnansie gedra het, kon nie verberg of goedgepraat word nie.” [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

5.2.4 Raad van Kerke se vergadering 1911

By sy vergadering in Bloemfontein in 1911 was dit weer ds A J Louw wat ’n voorstel tot vereniging gedoen het. Hy is ondersteun deur ds D S Botha as sekondant. [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Hierdie vergadering besluit ook om ’n pamflet die lig te laat sien m b t die beoogde vereniging. Die pamflet het verskyn as: “*Die Nederduitse Gereformeerde Kerken ter voorlichting van de betrokke kerkeraden en leden uitgegeven, historisch toegelicht en uiteengezet.*” [Van der Watt 1987:4]

Hierdie bekendstelling was van groot waarde want dit het 'n baie duidelike historiese en kerkregtelike uiteensetting van die hele aangeleentheid gegee. Dit was ook belangrik dat kerkrade hierdie voorligting gekry het omdat die besluite rondom vereniging op hul skouers gerus het. [Van der Watt 1987:5] Vir verdere begeleiding van kerkrade, wys Van der Watt daarop, dat die kerk deur sy kerkblad, *Die Kerkbode*, positiewe stukrag verleen het, baie ruimte vir briewe afgestaan het en van die kansels af voorbidding gedoen het terwyl lidmate opgeroep is om voorbidding te doen. In sterk pleidooie vir vereniging het briëfskrywers bewyse uit die Skrif sowel as gebeure in die kerkgeskiedenis aangehaal ter ondersteuning van hul saak.

Waarvan kennis geneem moet word is dat daar ook baie lidmate was wat met ewe sterk oortuiging vereniging teengestaan het. Hulle grootste bekommernis was dat die beoogde vereniging nie in die eerste plek die begeerte van die lidmate self was nie, maar van die predikantekorps. Verder was hulle ook bang dat "Kleurlinglidmate se reg uitgebrei sou word tot die ander provinsies en agterdog teen 'n synodus contracta, wat dan beklee sou word met 'al de machten het gezag van de Grootte Synode'" [Van der Watt 1987:6]

Du Toit [Oktober 1962:10] gee die besware aan as: die hoë koste van 'n sinode, die gevaar van 'n verkleinde sinode wat later in 'n hiërargie kan ontwikkel, gevaar van 'n verdere skeuring omdat almal in die kerk nie eenders dink nie, die min spontane entoesiasme vir die verenigingsproses wat klaarblyklik te veel deur politieke en ekonomiese faktore oorheers word en omdat hulle bang was dat die Kleurlinge opstandig sal word as hulle nie by die Noordelike kerke lidmate kan word nie.

Die proses van vereniging was voorlopig van die baan. "Daarmee was die koeël deur die kerk van die organisatoriese samesmelting. Die Rebelle van 1914 en Wêreldoorlog 1 het die dood verder besweer." [Du Toit Oktober 1962:11] Die feit dat hierdie verenigingspoging misluk het, word deur Du Toit

ondere andere gelê voor die deur van die kerkleiers. “Nog selde,” voer hy sy rede aan, “het kerkleiers so ver weg van die volk geleef as in hierdie saak. In hul ywer het hulle nie rekening gehou met die besware van die man op die straat nie.” [Du Toit Oktober 1962:10]

Volgens die Raad van Kerke se besluite betreffende prosedure moes elke kerkraad die geleentheid hê om hom oor vereniging uit te spreek en dan moes ten minste driekwart van alle kerkrade daarvoor stem voordat dit kon realiseer. Verrassend was die uitslag toe die kerkrade dit afgewys het. [Van der Watt 1987:6]

Hierdie uitslag het gemoedere laat hoog loop en baie was van mening dat die Raad van Kerke maar kan ophou bestaan. Iemand wat baie teleurgesteld was met die uitslag was die redakteur van *Die Kerkbode*, die latere professor Johannes du Plessis. In die uitgawe van 2 Mei 1912 skryf hy onder die opskrif: “De kerkvereniging mislukt.” en verkwalik die kerkrade vir hulle onkunde en gebrek aan perspektief. Vir hom was die grootste rede waarom die poging misluk het “die vrees vir gelykstelling in die kerk en die synodus contracta” [Van der Watt 1987:6]

Alhoewel die Vrystaatse Kerk hom maar in die uitslag berus het was die Transvaalse Kerk nog vol hoop dat dit ’n tydelike terugslag is en dat vereniging wel eendag sal slaag. Die Transvaalse Sinode van 1912 het die mislukte verenigingspoging aan een of meer van ’n viertal redes gewyt nl “die gelykstellingskwessie, onbekendheid met die parlementêre akte, vrees vir die synodus contracta en verdeeldheid onder die lidmate in die gemeentes.” [Van der Watt 1987:6]

5.2.5 Raad van Kerke vergadering 1913

Die pogings van die Louw en Botha in die raad se vergaderings van 1911 en 1913 het misluk [Vorster in *NGTT* 1979:328] maar die saak het deurentyd op

die sakelys gebly. Die Raad het die mislukte poging bespreek maar hulle dankbaarheid uitgespreek vir die feit dat die “innerlike begeerte om tot noue vereniging te kom, onveranderd gebly het.” [Van der Watt 1987:7] Daar was dan ook ’n versoek van die Transvaalse sinode dat vereniging weer ondersoek moet word, maar die saak sou oorstaan tot ’n volgende vergadering.

5.2.6 Raad van Kerke vergadering 1919

Op die volgende vergaderings wat in 1915 en 1917 gehou is, was kerkvereniging nie op die sakelys nie. Dis eers weer bespreek op die vergadering wat op 6 Mei 1919 in Johannesburg gehou is. [Van Staden 1973:417; Van der Watt 1987:7] Soos by die vorige vergaderings, het ds A J Louw weer by die Raad van Kerke se vergadering in 1919 “’n stoot aan die saak probeer gee, maar hy was besig om ’n dooie perd te slaan” [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11]

Die vergadering het ’n kommissie aangewys wat moes gaan ondersoek instel waarom die verenigingspoging misluk het, in hoeverre die besware tegemoet gekom kan word en hoe die saak voorkant toe beredder kan word. [Van der Watt 1987:7; Van Staden 1973:417] Uit verslae blyk dit dat hierdie kommissie niks uitgerig het nie. Nogtans het die Raad van Kerke die saak deurentyd lewendig gehou en is daarin bygestaan deur die kerk se amptelike orgaan *Die Kerkbode*. Hierdie blad het sy kant gebring deur nuusdekking daaroor te gee en artikels deur kundiges te publiseer wat die ideaal van vereniging aktueel gehou het. [Van der Watt 1987:7] Intussen het die sinodes van Transvaal en Natal, soos in 1903, steeds probeer om met mekaar in verband te tree maar sonder enige sukses.

Die Raad van Kerke het in sy vergaderings met die saak besig gebly. “Die verslag van die kommissie is in 1921 behandel, sonder veel gevolg. Deur die vergadering van 1923 is ’n verdere Kerkverenigingsverslag bespreek. Dit is in

1925 weer ter sprake gebring. Die Raad het nou *De Kerkbode* versoek om 'n reeks artikels ter bevordering van die verenigingsgedagte te publiseer." [Van Staden 1973:417]. Dit was baie duidelik dat die Raad van Kerke nie die ideaal van kerkvereniging sou prysgee nie en is in sy pogings sterk gesteun deur die kerk se lyfblad *De Kerkbode* wat lidmate voortdurend voorgelig het oor die "wenslikheid en noodsaaklikheid van 'organiese kerkvereniging'." [Van der Watt 1973:334]

By die Natalse sinode van 1923 is die voorstel tot vereniging wat in 1903 op die tafel gekom het, en waarin eenwording met die kerk in Transvaal gevra is, weer bespreek en afgestem. By die volgende sinode in 1926 het dit egter weer voor die sinode gediens en toe is in beginsel besluit om met die Transvaal te herenig. [Van der Watt 1987:7]

Terwyl die kerk besig was om op die moeisame pad na kerkhereniging te stap word daar gedurende hierdie jare ook van haar geëis dat sy rekenskap sal gee van haar kerkregering. "Die aantygning vanuit sy geskiedenis het die Ned Geref Kerk gedwing om sy kerkregering uit te klaar en gereformeerde kerkregtelik te toets. Dit gebeur toe erns gemaak is met die onderrig van die kerkreg." Dit is die waarneming waartoe Brown kom in 'n terugskouing oor die jare 1912 tot 1924. [Brown 1979:282]

Die verloop van die dekade-lange stryd tot kerkvereniging is weergegee om aan te toon hoedanig die gedagte aan kerkvereniging nie slegs vir Vorster net beïnvloed het nie, maar hom inderdaad ook aangedryf het om veral gedurende die vyftigerjare die groot krag te word tot verwesenliking van die ideaal. Hy het leiding geneem en die realisering bewerkstellig.

5.3 ONDERRIG VAN KERKREG

5.3.1 Gereformeerde Kerkreg

As gereformeerde kerkregkundige het Koot Vorster in 'n artikel met die opskrif, "Kerkreg op Reformatoriese Grondslag" uit die gereformeerde hoek na die begrip Kerkreg gekyk toe hy geantwoord het op die vraag: "Watter bydrae het die Kweekskool gelewer tot ons Kerkregering?" Daarin sê Vorster onder andere van die vakgebied Kerkreg: "Die Kerkreg as heilige wetenskap vir die regering van die Kerk is vir die welwese van die Kerk onontbeerlik. Dit gee vastheid, orde en leiding aan die Kerk, deurdat dit die beginsels van die Skrif vir die kerkregering ontwikkel en also die Kerk help om aan sy doel te beantwoord." [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

Vir Vorster was die oprigting van 'n Kweekskool op Stellenbosch, onder meer, om die selfstandigheid van die Kerk te bevorder en regsinnige leraars op te lei en daarom kon dit met reg verwag word dat hierdie inrigting op die gebied van die Kerkreg besondere betekenis sou hê en op die Reformatoriese grondslag sou voortbou. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

5.3.2 Kerkreg as wetenskap

Die twaalfde eeu word aangewys as die aanvangstydperk vir 'n meer wetenskaplike beoefening van die Kerkreg. In Bologna was Gratianus, hoogleraar in Regte, die eerste persoon wat aan die plaaslike universiteit aangevoer het dat die kanonieke reg 'n selfstandige juridiese wetenskap is wat van die teologie onderskei moet word. Hy word ook beskou as die skepper van die Kerkreg as 'n selfstandige wetenskap. [Kleynhans 1981:9]

Kerkreg, soos dit gedurende en na die Hervorming as Gereformeerde Kerkreg sy beslag gekry het, het vir kerkregkundiges soos dr Koot Vorster groot gemaklikheid gebring. Hy was oortuig daarvan dat die gereformeerdes 'n kerkreg uit die Skrif ontwikkel het en daarom was hy in sy hart en siel 'n

gereformeerde kerkregkundige.

Wanneer die beoefening van kerkreg binne die geledere van Gereformeerde kerke teen die agtergrond van Gereformeerde Kerkreg beskou word, kan saam met Van Staden gesê word: "...as Gereformeerde kerke, wat ingerig is en regeer word volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering, gebaseer op Skrifbeginsels, moet daarna strewende om in alle opsigte Gereformeerd te wees en te bly." [Van Staden 1995:1]

Om dan in hierdie Gereformeerdeheid te bly, is die grootste waaksaamheid nodig: "Daar moet, uit dure ervaring, in die besonder gewaak word teen die insypeling van elemente en standpunte uit die Kollegiale, die Independentie of Kongresionalistiese en die Episkopaalse stelsels van kerkregering. Daarom moet sy inrigting en regering voortdurend getoets word aan die Gereformeerde kerkregtelike beginsels soos op die Skrif gebaseer." [Van Staden, 1995:1] Uit Vorster se kerkregbeoefening is dit duidelik dat dit vir hom 'n prioriteit was om waaksaam te wees teen dusdanige beïnvloeding.

5.3.3 Kerkregering

Soos Vorster aanvaar Christengelowiges dat Jesus Christus die enigste Koning van die kerk is. Hy regeer daarvoor deur sy Gees met die Woord. Maar Hy maak ook gebruik van mense wat Hy tot die verskillende ampte roep. Hy sit sy profetiese, koninklike en priesterlike werk deur die ampte voort. [vgl Duvenage 1974:143] "Dit is egter in die kerk dat die opbou van die gelowiges moet plaasvind, en daartoe het die kerkregering 'n belangrike diens te lewer, want in die kerkreg en kerkregering gaan dit om 'n ordening van al daardie middele wat God gegee het tot die opbouing van sy kerk." [Coertzen 1981:40] Dit is ook die rede waarom Vorster later op die weg van kerkvereniging soveel klem laat val het op 'n kerkorde vir die kerke in kerkverband.

"God is die begin en die einde van die opbou van sy kerk en hulle wat Hy

gegee het om die kerk te regeer moet maar net in sy diens staan.” [Coertzen 1981:40] Vorster herinner in die verband aan Christus wat sy eie lewe en werk beskryf het as: “Soos een wat dien” Vorster sê verder: In hierdie woorde het Hy (Christus) ook die wet vir die lewenshouding van almal wat in sy diens staan neergelê. En hulle wat ’n sisteem van Kerkregering uit die Skrif opgebou het, het die betekenis van hierdie woord so gevoel dat dit tereg as ’n grondbeginsel vir die regering van die Kerk gestel is. [GV Sept 1936:122] Al daardie sake wat ’n kerk tot kerk maak en waarop daar ’n orde gebou moet word, dien tot die opbou van die kerk. Dit is duidelik dat die “kerkregering die opbou van die kerk moet dien.” [Coertzen 1981:41]

’n Gelowige mens is nie maar net ’n Christen op jou eie nie. Om christen te wees is om lid van die liggaam van Jesus Christus te wees, en dit beteken jy is kerk. Die kerk het ’n Hoof, ’n leer en ’n regering. Dit het ’n doel op aarde en moet opgebou word tot ’n woning van God in die Gees. Die kerk is ’n gestalte van die koninkryk. [Coertzen 1981:42] maar hy waarsku egter dat die kerk sy visie op die opbou van die gemeente moet hou want “as hy dit verloor; dan word sy regering niks anders as ’n administratiewe instandhouding van iets wat deur mense daargestel is nie.” Dan moet daar ook onthou word dat Kerklike vergaderinge, Kerkraad, Ring en Sinode, volgens Gereformeerde Kerkreg nie besture is wat selfstandig na eie goedunke handel en soewerein beslis nie. [Vorster GV Sept 1936:122]

5.3.4 Kerkvergadering

As gereformeerde kerkregkundige vloei dit dan ook verder voort dat Vorster geoordeel moet word aan die hand van sy siening van die kerkvergadering. Vir Vorster tree elke vergadering op soos een wat dien en dit het o a vir die regering van die kerk die betekenis dat Kerkvergaderinge nie eiewillig selfstandig mag beslis en optree nie en dat besluite van die kerkvergaderinge bindend vir die Kerk is. [GV Sept 1936:122] Kerkvergaderinge staan onder die Koning wat sy woord aan hulle gegee het en daarom mag dit nooit vir eie

belang, selfsugtig, pragmaties of uit vrees ter wille van vrede handel nie. Dit moet altyd wees in die gesindheid van : “So sê die Here” [GV Sept 1936:122] Daarby is besluite van kerkvergaderinge bindend en mag nie independentisties as adviese bejeën word of om enige rede (selfs met die beste bedoelings) omseil word nie.

5.3.5 Kerkorde

Volgens Jansen dateer die naam “Kerkenordening” vanaf die sinode te Middelburg in 1581. Voor hierdie datum het dit bekend gestaan as “Artikelen” of “Acta der Synode” [Jansen samest 1952:7] Bondig en netjies word dit bewoord deur Van Staden [1995:1]: “’n eie kerkorde vir die inrigting en regering van die kerke in kerkverband en as die akkoord, wat uitdrukking gee aan die bepaalde kerkverband, wat die plaaslike kerke, volgens die Gereformeerde Stelsel van Kerkregering, met mekaar vrywillig aangegaan het.”

Grondlyne wat deur die Heilige Skrif gestel word vir kerklike orde en waardeur die “onbetwiste en soewereine heerskappy van Jesus Christus oor sy kerk by uitstek tot uitdrukking kom”, kan volgens Smit tot drie gereduseer word nl.

- Gelykheid onder die dienste
- Die mondigheid van die gelowiges
- Die Woord van God as die grens van kerklike mag en gesag [Smit 1984:122 en 124]

Al drie bg grondlyne word volgens hom deur die Dordtse Kerkorde gehandhaaf.

5.3.6 Dordtse Kerkorde

Die voorbereiding van dit wat as die Dordtse Kerkorde bekend geword het, het reeds plaasgevind op die Konvent van Wezel in 1568. By die Sinodes van Emden [1571] en Dordrecht [1578] is dit hersien en bevestig. Te Middelburg [1581] het die Sinode die artikels van algemene belang byeengevoeg en

“kerckenordeninghe” genoem. Vyf jaar later het de Sinode van s’Gravenhage [1586] die kerkorde se opskrif uitgebrei tot: “Kerckenordeninge der Nederlandtsche Gereformeerde Kercken”. By die Sinode van Dordrecht [1618-1619] is die laaste deel weer weggelaat en so het dit gebly totdat die Sinode van Utrecht in 1905 weer tot die ou uitgebreide opskrif van 1586 teruggekeer het. [vgl Jansen 1952:7]

Vir Van Staden moet Gereformeerde Kerke ingerig en regeer word volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering met die Dordtse Kerkorde 1618 -19 as grondslag vir ’n eie Kerkorde en so moet dit, volgens hom, ook in ’n eie Kerkorde ingeskryf word. [Van Staden, 1995:2] Hy waarsku: “Die eis vir reformasie beteken nie om allerlei menslike aantreklike nuwighede uit te dink nie, maar om voortdurend terug te gaan na die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg.” [Van Staden, 1995:2]

Koot Vorster het deurgaans hoë agting gehad vir die Dordtse Kerkorde. In sy uitgebreide navorsing oor die kerkregtelike inrigting van die vroeëre Kaapse Kerk vind hy ook, soos reeds in ’n vroeëre hoofstuk aangedui, dat dit as riglyn gedien het in die kerkregering aan die Kaap. Dis dan ook sekerlik die rede waarom hy die Dordtse Kerkorde gebruik het as grondslag vir die Kerkorde van 1962.

5.3.7 Gevare wat kerkvergaderinge bedreig

Op watter wyse ’n kerkverband se regeringstelsel sy siening en hantering van vergaderings kan beïnvloed word deur Vorster uitgewys. Hy wys in die eerste plek op die gevaar van Kollegialisme, “wat die Kerk degradeer tot ’n genootskap of ’n blote vereniging van mense en los maak van die Koningskap van Christus, bestuur kerklike vergaderinge onbeperk met ’n meerderheidsstem.” [GV Sept 1936:122] “Vir die Independentisme weer”, sê hy “is die kerklike vergaderinge uitvoerende komitees of adviserende konferensies sonder ’n eie gesag. Die gelowiges regeer deur die besture wat



hulle aanstel, en beslis oor die advies wat kerklike samekomste uitbring.” [GV Sept 1936:122]

“Die Gereformeerdes,” sê Vorster, “het ’n Kerkreg uit die Skrif ontwikkel. Hoeksteen van hierdie sisteem is die erkenning van die Koningskap van Christus, wat sy Kerk deur ampsdraers regeer. Die kerkvergadering tree nie op met ’n mandaat van die gelowiges as hulle uitvoerende mag nie, maar regeer met gesag. Hierdie gesag is egter nie ’n soewereine nie, maar is gebonde aan die wil van die Kerk. Elke vergadering tree op soos een wat dien.” [GV Sept 1936:122]

Daar kan met waardering kennis geneem word van Vorster se standpunt oor, “elke vergadering tree op soos een wat dien.” Hy is ook korrek as hy sê dat Christus die Koning van sy kerk is en dat hy sy kerk deur ampsdraers regeer. Wat egter in hierdie stelling nie duidelik na vore kom nie is die feit of Vorster hier met die woord ampsdraers, ooreenkomstig gereformeerde kerkreg, wel die ouderlingskap in die oog gehad het of nie.

Verder leer die gereformeerde kerkreg ook dat dit in die kerk in die eerste plek om die regering van Christus gaan en nie oor die regering van die kerk nie. Christus regeer deur die ouderlingskap wat sy regering moet uitoefen. Dis nie die liggaam wat regeringsmag ontvang nie. Die liggaam moet die gesag van die Hoof gehoorsaam en uitoefen. Dit gaan oor die wil van die Here as Hoof van sy Kerk en nie die kerk se wil nie en hierdie feit is nie deur Vorster goed deurgetrek nie.

5.4 NED GEREF KERK WORD VAN KOLLEGIALISME BESKULDIG

Die aantal studente wat uit Suid-Afrika aan die Skotse universiteite gestudeer het, het na die Tweede Vryheidsoorlog heelwat minder geword. Tog is die Skotse publikasies gereeld deur predikante en studente in Suid-Afrika gelees en bestudeer. Op die wyse het daar ’n sterk invloed van die Presbiteriaanse tradisie en by name die handboek van Macpherson op die Kerkregering van

die Ned Geref Kerk uitgegaan. [Brown *NGTT* September 1979:283]

Diegene wat in die Kerkreg belanggestel het, het die werke “*Hedendaagsch Kerkrecht bij de Hervormden in Nederland*” van H J Royaards en die werke van G J Vos gelees. [Brown *NGTT* September 1979:283] Die twee outeurs het, volgens Vorster, uitgegaan van die kollegialistiese Reglement van 1816 en was dus sterk kollegialisties gekleurd. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Brown wys daarop dat die begin van die nuwe eeu ’n verandering teweeg gebring het in die sin dat studente van die Ned Geref Kerk beter aansluiting begin vind het by die Gereformeerde Kerke van Nederland en die Vrije Universiteit eerder as by die Hervormde Kerk en Utrecht. [Brown *NGTT* September 1979:284] So het geskifte oor die kerkreg en kerkregering uit die geleedere van die Gereformeerde Kerke naas die geskifte van Kuyper al meer en meer ingang by student en leraar van die Ned Geref Kerk gevind. Hier noem hy veral die werke van F L Rutgers en van Joh Jansen .” [Brown *NGTT* September 1979:285]

Gedurende hierdie tyd het B B Keet vir prof P J G de Vos opgevolg as dosent aan die Kweekskool op Stellenbosch. Hieroor oordeel Vorster positief want volgens hom het Keet nie alleen meer tyd aan die kerkreg gewy nie, maar “met besondere helderheid en prinsipiële belyndheid die kerkreg gedoseer....” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Keet sou spoedig sy staal moes wys want in 1921 het C J H de Wet van die Gereformeerde Kerk in sy proefskrif oor die Kollegiale Kerkreg op die kollegiale denkbeelde in die kerkregeringstelsel van die Ned Geref Kerk gewys. Hierby het prof J D du Toit die geskiedenis en kerkregering van die Ned Geref Kerk “onder verdenking gebring”. Die Redakteur van *Die Kerkbode*, die latere prof Johannes du Plessis, het Du Toit se aanklag as polemieek afgemaak. [Brown *NGTT* September 1979:284]

’n Jaar of wat later was dit P J S de Klerk, ook van die Gereformeerde Kerk, wat in sy proefskrif op kollegialisme in die Ned Geref Kerk gewys het en hom daarteen uitgespreek het. By behandeling van hierdie proefskrif in 1923 het die redakteur van *Die Kerkbode* die gedagtes van Vos as standpunt van die Ned Geref Kerk die wêreld ingestuur met ’n artikel wat o a gestel het: “De Algemene Kerk vormt een ondeelbaar geheel, waarvan geen plaatselijke gemeente zich kan afschneiden. Men is in de eerste plaats lid der Kerk en uit kracht daarvan lid van ’n biezonder gemeente.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Daarmee is kollegialistiese gedagtes natuurlik verder die kerk ingedra. Keet was vinnig by om vir die redakteur te vra: “Hoe word ’n mens lid van die Kerk (in die algemeen) en uit krag daarvan lid van ’n besondere gemeente? Dien die Sinode dan die doop toe of neem hy belydenis van geloof af? Of is dit funksies wat by die Kerkraad tuishoort?” Nog steeds by die redakteur vra hy verder: “Besef u nie dat u hier...op Rooms-Katolieke of kollegialistiese standpunt staan nie?” [Brown *NGTT* September 1979:285]

Die redakteur het geglo dat dit die standpunt van die Ned Geref Kerk is en op grond daarvan was De Klerk se afleiding korrek toe hy op *Die Kerkbode* se artikel antwoord met: “Nog steeds het ek die hoop gekoester dat u beginsel van kerkregering meer presbiteriaal dan kollegiaal is, maar nou het uself ons u standpunt uiteengesit.” [Brown *NGTT* September 1979:285]

Keet het dit vervolgens goed gevind om De Klerk en andere daarop te wys dat die redaksionele kolomme van *De Kerkbode* nie noodwendig die stem van die Kerk is nie. Terselfdertyd het hy in *Die Kerkbode* van 27 Februarie 1924 die standpunt van die redakteur aangewys as eerder kollegialisties as gereformeerd. [Brown *NGTT* September 1979:286] Die Kerkwet het met sy kollegialistiese reëls die kerk weggegee. Met die standpunt wat Keet ingeneem het is dit te verstane waarom Vorster vir sy leermeester in kerkreg so ’n groot agting gehad het. [vgl Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Van Keet sê Brown: “In hom het die kerkreg ’n vakman en vaardige pen gekry” [Brown *NGTT* September 1979:285] As dosent het hy voortgebou op die fundamente wat deur De Vos gelê is en daarom teen die siening van Vos ingegaan. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Keet se antwoord aan die redakteur het natuurlik ’n pennestryd aan die gang gesit.

Sterk leiersfigure in die kerk soos dr H P van der Merwe en ds H J Pienaar het aan die kant van die redakteur stelling ingeneem. Van der Merwe verklaar uitdruklik: “De N G Kerk en al hare gemeenten (zijn) dele van een groot geheel! Zo schijnt u haar te denken, en voor wat het voor u beteken mag, zo heb ik haar altoos gedacht.” [Brown *NGTT* September 1979:286] Ds H Pienaar se standpunt was weer: “As daar dan ’n gemeente ontstaan, dan ontstaan dit namens en krachtens en deur die Kerk. En is men lidmaat van so ’n gemeente, dan is men dit krachtens die Kerk!” [Brown *NGTT* September 1979:286] Hierdie verdediging was, volgens Vorster, dikwels emosioneel en kon nie teen die heldere uiteensetting van Keet staande bly nie. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680]

5.5 KEET BY DIE KURATORIUM AANGEKLA

Hierdie optrede van dr Keet het daartoe gelei dat daar in 1924 ’n klag by die Kuratorium teen hom gelê is, “omdat hy ’n kerkreg doseer, wat nie volgens die gangbare opvatting van die Kerk en die Wette en bepalinge is nie.” [Brown *NGTT* September 1979:286] Op hierdie klag het Keet hom, volgens Vorster, “met oortuiging en besondere talent verantwoord deur ’n heldere uiteensetting van die beginsels van die verskillende sisteme van kerkregering” te gee. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680] Keet het beslis daarin geslaag om hierdie verleentheid in ’n besondere geleentheid te omskep.

By die sluiting van die Teologiese Skool van Stellenbosch in Oktober 1924 het prof B B Keet die woord gevoer oor die onderwerp: “*Na Honderd Jaar. De Regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de*

Gereformeerde Beginselen getoetst.”

In die oë van Vorster was dit ’n “skitterende sluitingsrede “ [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680] waarin hy, “onweerlegbaar aangetoon het dat die regering van die Ned Geref Kerk , histories en wesenlik gereformeerd is, en aangedui welke kollegialistiese smette nog uit die “Wette en Bepalinge” van die Kerk verwyder moet word.[Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680]

Keet het in hierdie rede van hom ’n baie duidelike uiteensetting gegee. Hy het eerstens uitgespel wat Kerkreg is en daarna die onderskeidende kenmerke van die Gereformeerde Kerkreg aangetoon om laastens te kon bepaal in hoeverre die Kerkreg wat die Ned Geref Kerk beoefen ooreenstem met die Gereformeerde Kerkreg. [Brown *NGTT* September 1979:286] Van hierdie rede sê Brown: “’n Dogmatikus, wat prinsipieël oor die kerkreg en -regering dink het aan die woord gekom.” [Brown *NGTT* September 1979:286]

Hierdie rede van Keet is later gepubliseer as, “*Na honderd jaar, de regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde Beginselen getoetst*” en het volgens Vorster, “onberekenbare invloed op die Kerk uitgeoefen.” [Vorster *Die Kerkbode* 28 Oktober 1959:680]

Die klag teen Keet het na vele bespreking en oorlegpleging uitgeloop op ’n ontmoeting wat die Kuratorium in November 1925 met hom gehad het en waar die onderhawige saak op ’n broederlike wyse bespreek is. Die slotsom waartoe die Kuratorium gekom het was, “dat er geen verschil bestaat tusschen de opvatting van dr Keet over ons Gereformeerde Kerkrecht en die welke by ons algemeen gangbaar is.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680 en Brown *NGTT* September 1979:287] Die blote feit dat Keet gelyk gegee is, was natuurlik ’n stille erkenning dat die kerk op die verkeerde weg was en dit as gevolg van predikante wat kollegialisties beïnvloed was.

Met hierdie besluit van die Kuratorium is die stryd, volgens Vorster, besleg “en

is dit uitgewys dat die kollegialistiese gedagtes vreemd aan ons gangbare opvatting was. Almal was nie oortuig nie, maar die Kerk het die gereformeerde spoor gehou, en die Kerk sal onthou dat prof Keet met groot talent en helderheid in daardie kritieke tydsgewrig die Kerk op kerkregtelike gebied suiwer gelei en baie goed gedien het.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680]

Vorster was oortuig van sy standpunt: “Dit staan dan ook soos ’n paal bo water dat die Kweekskool gedurende sy honderdjarige bestaan op kerkregtelike gebied op die Reformatoriese grondslag voortgebou het !” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:680] In hierdie verband sou Vorster ook nog by name die bydrae en nalatenskap van ’n B B Keet, F J M Potgieter en T N Hanekom kon bygevoeg.

5.6 SAMEVATTING

Uit die stigting van die Raad van Kerke, sy doel en werksaamhede is dit baie duidelik dat lidmate van die Ned Geref Kerk nie sou rus voordat die skeiding, wat na die sinode van 1862 ingetree het, weer geheel is nie. Herhaalde pogings van hierdie Raad soos dit onder andere ook neerslag gevind het in die moeite wat deur kerkrade, kommissies en selfs die kerk se amptelike orgaan, *Die Kerkbode*, gedoen is, is telkemale gekelder. As rede waarom dit so gebeur het, het ’n teleurgestelde Johannes du Plessis, op daardie stadium redakteur van *Die Kerkbode*, die vrees vir ’n “synodus contracta” genoem.

Daarby het hy ook die vrees vir “gelykstelling” genoem wat Du Toit bestempel het as ’n “turksvy” wat “versigtig hanteer moes word”. Vir hierdie vrese van die lidmate, reg of verkeerd, was kerkleiers volgens Du Toit nie sensitief genoeg nie want, sê hy: “Nog selde het kerkleiers so ver weg van die volk geleef as in hierdie saak. In hul ywer het hulle nie rekening gehou met die besware van die man op die straat nie.” Alhoewel dit buite die tydsbestek van hierdie studie val, kan volstaan word met die ter saaklike opmerking dat kerkleiers in later jare ook groot moeite sou hê om lidmate tot ’n oorkoepelende sinode te oortuig en



tans is daar onrustigheid onder lidmate rondom die beplande eenheid binne die Ned Geref Kerk-familie.

Hierdie gebeure versterk die vermoede dat kerkleiers, en daarvan moes iemand soos Koot Vorster seker ook kennis neem, dikwels 'n saak, reg of verkeerd, kon identifiseer en dit “dryf” terwyl die meeste lidmate dit gewoon anders beleef het. Dit het 'n situasie daargestel waar lidmate miskien soms nie vertrouwe gehad het in hulle kerkleiers nie. Sonder om in te gaan op enige faktore wat in sy guns kon getel het, kan van Vorster gesê word dat hy in sy denke en arbeid m b t die vorming van 'n algemene sinode deurgaans op die lojaliteit van die meeste lidmate binne die kerkverband kon staatmaak. Dit wil voorkom asof hy en die kerkleiers van sy tyd met die ordelike aanpak en hantering van die saak soveel vertrouwe by lidmate en vergaderings kon inboesem dat hulle die hele kerkverband kon “saamneem” in die afhandeling van die eenwordingsproses.

Vorster kon dit ook slegs regkry omdat hy uitgegaan het van die standpunt dat hy deur die Here geroep is om te dien en dat die gereformeerde kerkreg, en by name die Dordtse Kerkorde, werklik uitvoering wou gee aan die Skriftuurlike beginsels van kerkregering. 'n Siening van kerkreg wat hy geleer het aan die voete van 'n B B Keet wat bereid was om sy standpunt oor kollegialisme voor die kuratorium te verdedig. Vorster het dan ook vir Keet groot respek gehad as hy van sy leermeester getuig: “... die kerk sal onthou dat prof Keet met groot talent en helderheid... die Kerk op kerkregtelike gebied suiwer gelei en baie goed gedien het.”

HOOFSTUK 6

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING VAN DIE KAAPSE KERK GEDURENDE VORSTER SE STUDENTEJARE 1924 TOT 1935

6.1 AS TEOLOGIESE STUDENT GEE VORSTER REKENSAP

Brown bevind 'n Ned Geref Kerk verwerking van die gesag van die sinode en die gesag van die plaaslike kerk gedurende die tydperk 1924 tot 1935 [vgl Brown *NGTT* 1979:288] Dit gebeur tydens die studiejare van Koot Vorster toe hy as teologie-student vir die eerste keer kennis gemaak het met kerkreg en terselfdertyd, saam met mede-studente, ook reeds te doen gekry het met allerlei teologiese strominge. In hierdie verband word gedink aan die onverkwiklike verwickelinge rondom professor Johannes du Plessis wat Vorster aktief sou meemaak.

Die strewe na 'n herstelde kerkverband het ook nog in die hart van die kerk bly leef, maar dis asof dit net nie op dreef kon kom nie. Die tyd het egter begin ryp word vir kerkherstel en toe was dit vir dr Koot Vorster beskore om die laaste deel van hierdie moeilike pad saam te stap, nie as toeskouer op 'n afstand nie, maar baie aktief betrokke te wees en 'n groot rol te speel in die voorbereiding en totstandkoming van 'n Algemene Sinode in 1962.

6.2 DIE GESAG BINNE DIE KERKVERBAND

Gedurende hierdie tydperk beleef Vorster ook die gedagtes en besprekings met betrekking tot gesag binne die kerkverband en neem hy aan die gesprek deel.

Wanneer Kleynhans oor die gesag binne die kerkverband dink verwys hy na

die kommentaar wat Calvin oor die boek Handelingte geskryf het en waarin Calvin sê, “dat niks meer die eie werk van God is nie as dat Hy met sy mag en gesag sy kerk regeer.” [Kleynhans 1985:137] Dit, sê Kleynhans, is ook die taal van ons belydenisskrifte en dis vir hom opvallend dat die Heidelbergse Kategismus, in sy spreke oor die heilige, algemene, Christelike Kerk in die onvoltooide teenwoordige tyd praat en verwys na die Seun van God wat sy kerk *vergader, beskerm en onderhou*. Die regeer-funksie binne die kerk is dus nie aan mense oorgelaat terwyl God iewers elders is nie. Hy is steeds besig om die “uitverkorenes tot die ewige lewe deur sy Gees en Woord te versamel.” Hy is die Hoof van die kerk wat sy liggaam is en dit impliseer dat Hy die kerk moet regeer en dat daar orde en regering in die kerk moet wees. [Kleynhans 1985:137]

Kleynhans haal vir Jonker aan wat gesê het: “Dat Jesus Christus die Hoof en Here van sy kerk is en as Koning direk en persoonlik daarvoor regeer, is dus die grondwaarheid waarvan die Kerkreg moet uitgaan.” [Kleynhans 1985:137; vgl Ef 1:22; Ef 4:15 en Kol 1:18] Christus voer dus as Regeerder, Herder en Regter van sy gemeente gesag oor sy kerk.

Oor die gesag binne die kerkverband het Vorster sy gedagtes lug gegee en in die proses hom sterk uitgespreek teen die kollegialisme. Hy wys daar op dat die boek *Presbyterianism* van J. Macpherson gebruik is in die doseer van kerkreg te Stellenbosch. “Alhoewel hierdie werkie nie ’n breë, diepe en volledige uiteensetting van die kerkreg bied nie, is dit tog suiwer.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Sy oordeel hier dat dit “suiwer” was word nie deur alle gereformeerde kerkregkundiges gedeel nie! Vorster bevind verder dat dit ’n leemte is en ’n nadeel dat Macpherson nie van Nederlandse teoloë en hul werke kennis geneem het nie, selfs ook nie van Voetius nie. Gevolglik, sê Vorster, het hy ook glad nie die kollegialisme as sisteem van kerkregering behandel nie. [vgl Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Vorster aanvaar dat prof De Vos, soos prof Hofmeyr, die hoofbeginsels van

die gereformeerde kerkreg geleer het en nie in “kollegialistiese waters verseild geraak het nie.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Hy tree vir prof De Vos in die bres as hy beweer dat die professor suiwer leiding gegee het. Ongelukkig was die omstandighede in die kerk sodanig dat kerkreg geen besondere aksent gekry het nie.

Eers in die tweede dekade van die twintigste eeu sou die omstandighede sodanig verander dat dit groter belangstelling in die kerkreg aangespoor het en wat aanleiding gegee het tot die besluit om “aan de professoren te scrijven dat de Curatorium gaarne zien dat meer aandacht aan de studie van kerkrecht in het Seminarium gegeven zal worden daar de omstandigheden van den tegenwoordigen tijd dit eischen.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665] Dit was, volgens Vorster, baie nodig want ongelukkig het almal wat in hierdie tyd in kerkreg belanggestel het die werke geles van Royaards en veral Vos. Hierdie werke, soos reeds vroeër gesê is, het uitgegaan van die kollegialistiese Reglement van 1816 en was dus sterk kollegialisties gekleur. Op hierdie wyse is kollegialistiese gedagtes ingedra in die kerk. [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Die bewys dat kollegialisme by die kerk ingesluit het, lê vir Vorster daarin dat daar in 1923 ’n inleidingsartikel in *Die Kerkbode* verskyn het waarin Vos se gedagtes weergegee is as die standpunt van die Ned Geref Kerk: “De Algemene Kerk vormt een ondeelbaar geheel, waarvan geen plaatselijke gemeente zich kan afscheiden. Men is in de eerste plaats lid der Kerk en uit kracht daarvan lid van ’n biezonder gemeente.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Soos vroeër in hierdie stuk reeds aangetoon is, het prof Keet van die kant van die Teologiese Seminarium van die Ned Geref Kerk, dit nie so aanvaar nie, maar die redakteur dadelik aangespreek: “...besef u nie dat u hier, sowel as in die eerste geval, op Rooms-katolieke of kollegialistiese standpunt staan nie ?”

[Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:665]

Professor Johannes du Plessis van Stellenbosch het al meer in die prentjie gekom en in *Die Kerkbode* se uitgawes vanaf 12 Maart tot 16 Julie 1924 geskryf oor die onderwerp: “De Gereformeerde Kerk in Wording en Werking”.... “[T]en einde het principiële verschil, dat er tussen onze Ned. Geref. Kerk en de Gereformeerden bestaat....” uit te wys. [Du Plessis 1925:4] In hierdie reeks artikels het hy onder andere verklaar:: “Op het punt van kerkregering bestaat er tussen de Ned Geref Kerk in Zuid-Afrika en de Gereformeerde Kerk een gewichtig verschil.” [Du Plessis 1925:78; Brown *NGTT* 1979:288] Volgens prof Johannes du Plessis was die Ned Geref Kerk in sy regeringsvorm Presbiteriaans terwyl die Gereformeerde Kerk volgens hom Independentisties of Kongregasionalisties was. [Brown *NGTT* Sept. 1979:288]

Met Du Plessis se artikels in die Ned Geref Kerk se amptelike orgaan het hy die status gekry van iemand wat namens die hele kerk praat. Sy reeks artikels het egter om ’n verweer gevra en ’n antwoord was noodsaaklik veral ook “omdat Prof du Plessis die Geref Kerk in sy wording bestempel het as ’n skeurkerk en in sy werking voorgestel het as Independentisties.” [Du Plessis 1925:5]

Die verweer het gekom van prof John A du Plessis wat van die kant van die Gereformeerde Kerk die Gereformeerde kerk en kerkregering gehandhaaf het. Hy het aanvanklik met ’n reeks artikels in *Die Kerkblad*, tydskrif van die Gereformeerde Kerk, geantwoord. Die behoefte het egter ontstaan om die artikels te boek te stel. Die bedoeling daarvan was positief: “Die Kalvyn Jubileum Boekefonds gee hierdie geskrif dan ook uit nie met die bedoeling om nodeloos verwydering te bevorder tussen die twee betrokke Hollandse kerke nie, maar dat die standpunt van die Gereformeerde Kerk des te beter mag verstaan word.” [Du Plessis 1925:3]

Die artikels het toe die inhoud van die boek gevorm, maar is gewysig, anders gerangskik, aangevul en selfs “hier en daar is ook skerp puntjies afgevyl” [Du Plessis 1925:4] Dit bevat die verskille tussen die Ned Geref Kerk en die Geref Kerk, en verwys onder andere na verskille ten opsigte van die Metodisme, prediking, in die uitoefening van die Erediens en in die toepassing van die tug oor leer en lewe. Pertinent word ook aandag gegee aan die verskil tussen die twee kerkverbande oor die kerkregering. [Du Plessis 1925:77]

Die verskyning van hierdie boek onder die titel, *‘Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering gehandhaaf teen prof. J. du Plessis van Stellenbosch’* waarin prof John du Plessis van Potchefstroom sy kerk verdedig, dien vir Brown [vgl. *NGTT* 1979:288] as toeligtig vir sy stelling : “Sonder dat dit doelbewus nagestreef is, is ook Presbiteriaanse uitgangspunte in die geskiedenis en kerkregering van die Ned Geref Kerk opgeneem.”

Die Presbiteriaanse regeringsvorm verwerp die leer van die onbeperkte outonomie van die gemeente. Die Independentisme lê juis die nadruk op die outonomie [selfregering] en onafhanklikheid van elke gemeente [“church”]. [Brown *NGTT* 1979:288] “Die Prebiterianisme aanvaar een opklimming van kerklike besture waardeur die eenheid van die kerk gehandhaaf word en het nodige wetgewende, uitvoerende en regtelike gesag vir die kerkbestuur verkry word” Hierby voeg Brown toe: “Nog steeds word kerklike gesag in terme van staatsmag gesien.” [Brown in *NGTT* 1979:288]

Prof John du Plessis was van mening dat prof Johannes du Plessis sy begrippe uit “’n bedorwe Presbiteriale Kerkregering onder invloed van die Kollegialisme ontleen.” [Du Plessis 1925:86] Nou, sê prof John du Plessis, is dit so dat die Kerkregering van die Gereformeerdes ook Presbiteriaal genoem word, maar dat die naam later ontaard in die term Presbiteriaans en dit lei tot ’n verkeerde begrip van die saak. Die skuld hiervoor lê hy op die Prebiteriaanse handboeke van Engelse en Skotse kant [Du Plessis 1925:86]

Die woord Presbiteriaal, vervolg hy, kom van die Griekse woord *presbieter* wat ouderling beteken. Dit is dus 'n regering deur ouderlinge maar staan in teëstelling met 'n "biskoplike of predikante regering" waarvan prof Johannes du Plessis praat.[Du Plessis 1925:86] Elke kerk wat die amp van die ouderling tot sy reg laat kom handhaaf 'n Presbiteriale regeringsvorm. "... maar die suiwer Gereformeerde Kerkregering, wat ook Presbiteriaal is word onderskei.... [D]eur die belydenis dat alle bestuursmag dan ook berus by die ouderlinge of die Kerkraad, dat die ouderlinge of Kerkraad die enigste bestuursmag is, of in ander woorde dat elke plaaslike gemeente of kerk outonoom of selfbesturend is. Dit is die beginsel van die Dordtse Kerkorde wat ook Presbiteriaal is." Daarom, sê prof John du Plessis, weier hy om sy kerk [Geref Kerk] as Independentisties te laat tipeer. [Brown in *NGTT* 1979:288] Die term "bestuursmag" is ook nie suiwer Presbiteriaal nie, want dit is 'n kollegialistiese begrip.

Hy het sy kerk se standpunt duidelik uitgespel: "Ons wil dus in die Kerkregering Gereformeerde Presbiteriaal en nie 'Presbiteriaans' wees in die sin van Prof du Plessis nie, en as Prof du Plessis sê 'zij verwerpen de kerklike hoven met opklimmend gezag' en daarom is ons nie 'Presbiteriaans' nie, dan sê ons, nee, ons is dan nie 'Presbiteriaans' in diè sin nie, maar Gereformeerde." [Du Plessis 1925:87]

Die vraag is of die standpunt wat prof Johannes du Plessis hiermee gestel het die standpunt van die Ned Geref Kerk was. Dis in elk geval soos die Gereformeerde Kerke dit gesien het. Die artikels van prof Johannes du Plessis is beskou as dit wat komende is van "die woordvoerder van die grootste gedeelte van die Ned Geref Kerk, en dat hy hier die vertolker is van die kerkregtelike beginsels van sy kerk...." [Du Plessis 1925:5]

Terugskouend mag dit 'n bietjie opportunisties lyk, want in die Gereformeerde

Kerke moes daar tog sekerlik teoloë gewees het wat bewus was van die feit dat prof Johannes du Plessis se sienings dikwels in eie geledere beroering veroorsaak het. Dit sou ook later nog meer aan die lig kom toe hy deur sy kerk aangekla is en die saak in die Hooggeregshof gaan draai het. Tog was dit ook nie sonder rede dat prof Johannes du Plessis die status van vertolker ontvang het nie, “as ons sy beskouings vergelyk met die kerkwette van genoemde kerk en daarby inagneem die kennelike goedkeuring van *De Kerkbode* en van ouere predikante soos ‘Senex’ in *De Kerkbode* van 14 Januarie 1925.” [Du Plessis 1925:5] “Ons sal kan aantoon”, gaan hy verder, “deur praktiese voorbeelde hoe die Wette en Bepalings van die Ned Geref Kerk net presies ooreenkom met die beginsels deur Prof. Du Plessis neergelê.” [Du Plessis 1925:98]

Brown verklaar, “Du Plessis se standpunt is tereg afgekeur. Sy benadering en verwysings het onder verdenking gekom. Maar die Presbiteriaanse inslag om byvoorbeeld kerkregering in kerkbestuur te laat opgaan, het nie onder die loep gekom nie. Nog steeds tree kerkbesture in naam van die kerk op en laat die plaaslike kerk en lidmaat verleë.” [Brown *NGTT* 1979:289]

Prof John du Plessis het die verskille in kerkregering soos hy dit sien in ’n paar hoofstukke behandel en wel onder die volgende opskrifte:

6.2.1 Die Gereformeerde Kerk erken die outonomie [selfregering] van die plaaslike kerk [gemeente] - Is dit Independentisties of Gereformerd Presbiteriaal?

Prof John du Plessis maak die opmerking dat prof Johannes du Plessis deurgaans praat van die Presbiteriaanse kerkregering en dat hy daarmee in die Engelse denkwêreld beweeg en dit word ook bewys deur die feit dat hy baie na Engelse en Skotse skrywers verwys. [Du Plessis 1925:80]

“Prof Du Plessis vind die karakteristiek van die Independentie kerkregering

hierin' (dat zij) alle leraren op gelijke lijn stelt, en van geen opklimmende kerkelike hoven weten wil, maar op de autonomie (zelfregering) en onafhankelikeheid van elke gemeente (church) nadruk ligt." [Du Plessis 1925:80] "Die Presbiteriale kerkregering word omskrywe as die vorm 'die aan de ene kant (tegenover het Episkopisme) geen bisschop en geen gradaties van geestelike rang erkent, en aan de andere kant (tegenover het Independentisme) de leer van de autonomie der gemeente verwerpt, en een opklimming van kerkelike hoven aanneemt." Die bewys hiervan vind hy in die feit dat Johannes du Plessis die kerkraad, ring of presbiterium en die sinode "de drie kerklike hoven" noem. [Du Plessis 1925:80]

Die gevolgtrekking waartoe die professor van Stellenbosch kom is dat die Gereformeerde Kerke in Nederland sowel as die in Suid-Afrika afgewyk het van die erkende Presbiteriaanse stelsel en in die plek daarvan 'n kerkregeringstelsel daargestel het wat " die nauweliks van het Independentisme te onderscheiden is. Zij verwerpen de kerkelike hoven met opklimmend gezag, en eisen voor de gemeente - of zoals zij die bij voorkeur noemen, *de kerk* - algehele onafhankelikeheid." [Du Plessis 1925:81]

Die verwysing hier is na die Presbiteriale stelsel wat opklimmende strukture verwerp en meerdere kerkvergaderings handhaaf. Terwyl die Gereformeerdes sê die meerdere vergaderings kan alleen die sake afhandel wat in die mindere vergaderings nie afgehandel kon word nie, sê prof Johannes du Plessis: 'De Ringen hebben een hele menigte van werkzaamheden, die de enkele kerkeraad nimmer vervullen kan.' [Du Plessis 1925:81] Onder hierdie werksaamhede plaas hy dan sake soos tug oor kerkraadslede en predikante, stigting van nuwe gemeentes, grensskeidings, eerste aanstelling van kerkraadslede, reëling van konsulentskappe, opvulling van vakatures, approbasie aan uitgebragte beroepe, ontslag of emeritaat aan predikante. 'Bij de Synode berust de hoogste kerklike macht. Hij maakt wetten of bepalingen, die voor al de gemeenten geldig zijn, ens.' [Du Plessis 1925:81]

Die Presbiteriale stelsel stel sekere sake in die hande van die classis en sinode, maar dit word gedoen op grond van die gemeenskaplike akkoord, die Kerkorde en net ten opsigte van gemeenskaplike sake soos tug oor predikante, reëling van konsulentstappe, en die ontslag en emeritaat aan predikante. Dit word gedoen ter wille van eenvormige optrede deur plaaslike kerkrade.

Wanneer hierdie briefwisseling tussen prof Johannes du Plessis van Stellenbosch en sy vangenoot te Potchefstroom beskou word, is dit duidelik dat Vorster se standpunte meestal ooreengestem het met die van prof John du Plessis van Potchefstroom. Dit sou later ook baie duidelik word toe dieselfde prof Johannes du Plessis oor sy standpunte in die beskuldigdebank moes staan en Vorster een van sy grootste teenstanders was. Nog 'n paar jaar later sou Vorster, toe hy reeds in 'n leiersposisie ten opsigte van die kweekskool te Stellenbosch was, verkies om sy nagraadse studie te Potchefstroom voort te sit.

Sommige mense het dit vreemd gevind dat Vorster, as 'n predikant van die Ned Geref Kerk, lid van die Kaapse moderatuur en lid van die kuratorium van die Stellenbosche Kweekskool sy studies aan die Gereformeerde Kerk se Teologiese Skool voltooi het. Die moontlike rede vir sy optrede word deur sommige skrywers gewyt aan die feit dat hy polities verskil het van 'n man soos prof Keet van Stellenbosch. [vgl Langner 2007:81] Dit hou egter nie water nie aangesien daar van die historici is wat wys op die feit dat Keet vroeër in sy lewe 'n meer behoudende standpunt teenoor die land se politiek ingeneem het as later.

Daar word egter ook toegegee dat dit 'n moontlikheid was dat Vorster op dié stadium “van mening was dat die Gereformeerde Kerk se teologie meer gereformeerd en behoudend was as dié van Stellenbosch of selfs Pretoria.” [vgl. Langner 2007:81] Hierdie laaste rede moet as waar aanvaar word en hierdie studie wil ook poog om dit te bewys, aangesien Vorster met sy sterk

standpunte beslis een van die meer behoudende en streng gereformeerde predikante en kerkregkundiges in die Ned Geref Kerk was. Op 'n terrein waar dit duidelik uitkom is onder andere sy standpunt oor die gesag binne die kerkverband.

6.2.2 Vorster se siening oor gesag binne die kerkverband

Oor die kwessie van waar die gesag binne die kerkverband lê het Vorster 'n sterk standpunt gehad. Hy toon aan hoedat die opvatting van gesag radikaal verskil tussen die Gereformeerde Kerkreg en die Kollegialisme. In die Gereformeerde stelsel is daar volgens hom “geen sweem van hiërargie of plek vir oorheersing nie.” [GV 1951:122]

Vorster gaan voort: “Die kerkvergadering tree nie op met 'n mandaat van die gelowiges as hulle uitvoerende mag nie, maar regeer met gesag. Hierdie gesag is egter nie 'n soewereine nie, maar is gebonde aan die wil van die Kerk. Elke vergadering tree op soos een wat dien.” [GV Augustus 1951:122] Wanneer Vorster die gesag hier koppel aan die “wil van die Kerk” is dit, soos vroeër reeds aangedui, natuurlik nie gereformeerde nie. Gelukkig het hy later in dieselfde stuk dit reggestel toe hy dit duidelik gemaak het dat dit die wil van die Koning m a w Christus is wat moet geld.

Vir Vorster bevat die houding van “Soos een wat dien” twee fundamentele gedagtes. Dit is volgens hom:

- (1) “Kerkvergaderinge mag nie eiewillig selfstandig beslis en optree nie en
 - (2) besluite van die kerkvergaderinge is bindend vir die Kerk
- Kerkvergaderinge staan onder die Koning wat sy woord aan hulle gegee het. Nooit mag die Kerk hooghartig selfstandig na eie insig optree nie, of pragmaties beslis, of uit vrees ter wille van die vrede handel nie. Die hoë woord op elke vergadering moet steeds wees: “So sê die Here”. Hiervan mag niks afgedoen word nie, want dit raak die wese van die Kerk.” [GV Augustus 1951:122] Vorster wys met groot erns op die feit dat kerkvergaderinge se



besluite bindend is. Juis die houding van “soos een wat dien”, wat die Koning dien, beklee die kerkvergaderinge met gesag. [GV Augustus 1951:122]

Wat die meerdere vergaderinge betref beklemtoon Vorster dat dit nie net adviserende liggame is nie, maar vergaderinge wat met gesag beklee is. Dit is dus onbillik om te vra watter van die kerkraad of die meerdere vergaderinge die meeste gesag het. Ons moet daarteen waak om die twee teen mekaar af te speel. [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705] Vorster sê die plaaslike kerk is begrens in sy gesag tot die besondere sake (*res particularia*) terwyl die meerdere vergaderinge begrens is in hul gesag tot die dinge wat die kerke in gemeen het (*res generalia*). “Die plaaslike kerk mag dus nie eiemagtig met miskenning van die gesag van die meerdere vergaderinge selfstandig oor die algemene sake handel nie, en die meerdere vergaderinge mag nie despoties ingryp in die besondere sake wat by die plaaslike kerk tuis hoort nie.” [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705]

Kerklike gesag berus volgens Vorster by die kerk wat dit deur sy ampsdraers uitoefen, plaaslik deur die kerkraad en gesamentlik in die meerdere vergaderinge. [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705]

Volgens art 36 is daar ook onderlinge gesag in die kerkverband. “Die vraag is egter wat is die aard van hierdie gesag, is dit juridies (regterlik) soos Prof du Plessis dit wil hê met sy onderskeiding van kerklike howe, of is dit sedelik, geestelik. Dit is die laaste. Geen meerdere vergadering het wetgewende of heersende nie, maar alleen dienende gesag.” [Du Plessis 1925:94-95] Alleen die Kerkraad dra naas die geestelike ook ’n oorspronklike regterlike gesag. Die gesag van die Kerkraad is die enigste wat Christus aan Sy Kerk gegee het terwyl die gesag van die meerdere vergaderings ontleen is aan die van die kerke of gemeentes en omdat die gesag van die kerkraad andersoortig is as die van ’n meerdere vergadering. [Du Plessis 1925:95]

In sy gereelde rubriek in *Die Kerkbode* antwoord Vorster iemand wat vra wat die gereformeerde opvatting oor die outonomie van die plaaslike kerk is en watter instansie die meeste gesag dra - die sinode(ring) of die kerkraad. In sy antwoord verduidelik Vorster dat onder die outonomie van die plaaslike kerk verstaan word dat, “die plaaslike kerk die middelpunt van die organisasie van die kerk uitmaak en ’n volledige kerk is.” [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705] Vorster antwoord verder: “Die plaaslike kerk is nie vir sy wese en bestaan van die kerkverband afhanklik nie, maar is met sy ampte en bedieninge ’n volledige kerk. Dit beteken dat die plaaslike kerk selfstandig is en dat die een kerk nie oor die ander heerskappy mag voer nie (*D K O* art 84) en dat die meerdere vergaderinge alleen kan handel oor die sake wat nie in die mindere vergaderinge afgehandel kon word nie (*D K O* art 30) [Vorster *Kb* 21 November 1962:705]

Al het iemand soos H G Kleyn in sy werk: *Algemene Kerk en Plaatselike Gemeente* verskil wys Brown daar op dat Voetius in: *De Rechtsbevoegdheid onzer plaatselijke kerke* praat van die plaaslike kerk as ’n ‘complete’ kerk, terwyl die kerkverband ‘contractueel’ is en alleen op die gemeenskaplike belydenis berus.” [Brown *NGTT* 1979:289]

Vorster se standpunt is dat die plaaslike kerk geroep word om verband met ander kerke van dieselfde belydenis te soek. Die kerkverband wat hierdeur gevorm word beteken egter nie dat die plaaslike kerk van sy vryheid en gesag gestroop word nie en deur die meerdere vergaderinge in ’n onderdanige posisie gedwing word nie. [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705] Vorster haal in die verband vir Voetius aan: “tot opbouwing der kerken in’t algemeen en in’t bijzonder tot bewaring der Christelike vrijheid en autoriteit die de particuliere Kerken van Christus heeft ontvangen.” [Vorster *Kb* 21 Nov 1962:705]

Om die plaaslike kerk in sy eie reg in die kerkregering en kerkregtelike denke te laat figureer het volgens Brown by die Ned Geref Kerk ingang gevind. Om

egter aan die kerkverband “konfederatief” of in “accoord” of “afgeleid” te dink soos bv die Geref Kerk wou egter by die Ned Geref Kerk nie opgaan nie. Daardeur is gevrees sou die eenheid van die kerk en die gesag van die meerdere vergaderings in die gedrang kom. [Brown in *NGTT* 1979:289] Art 84 waarborg egter die selfstandigheid en die vryheid van die plaaslike kerk as hy sê: “Geen kerk zal over andere kerken, geen dienaar over andere dienaren, geen ouderling over andere ouderlingene of diakenen enige heerschappij voeren.” [Du Plessis 1925:95] Die Gereformeerde Kerkverband hef, sê prof John Du Plessis, glad nie die selfstandigheid van die plaaslike kerk op nie. [Du Plessis 1925:95] Die Plaaslike kerk erken alleen die gesag van meerdere vergaderings in sake wat nie op die kerkraad afgehandel kan word nie of wat tot die kerke in die algemeen behoort nie. Sake dus wat die kerke aan meerdere vergaderings opdra en waaroor hulle vrywillig hulle seggenskap opsê. Oor sulke sake sal die kerke (gemeentes) hulle onderwerp as die besluite van Ringe of Sinode nie in stryd is met die Woord van God nie. [Du Plessis 1925:95]

Du Plessis benadruk dit dat die gesag van die Sinode nie oorspronklik gesag is nie, maar slegs afgeleide gesag aangesien dit gesag is wat deur die kerke in kerkverband aan hom oorgedra is. Die vergadering van Jerusalem het dan ook vir ons alleen hierdie betekenis dat dit formeel vir die kerk die reg gee om meerdere vergaderings te hou, en materieël, dat die gesamentlike kerke in Sinode vergader en oor leerkwessies beslis. [vgl Du Plessis 1925:96]

H H Kuyper het die vraag gestel of die meerderevergadering gesag het om leertug te beoefen. Hy is van mening dat Rutgers nie Voetius se bedoeling reg weergee as hy beweer dat Voetius sê dat die sinode wel in ’n saak uitspraak kan maak, maar dat die uitvoering daarvan dan in die hande van die plaaslike kerk of ring berus nie. Vir Bouwman was dit ’n independistiese optrede wat nie aan die outoriteit van die meerdere vergadering reg laat geskied nie. [Brown *NGTT* 1979:290]

Brown is van mening dat die Ned Geref Kerk erns gemaak het met die selfstandigheid van die plaaslike gemeente. Hy haal ook vir E PJ Kleynhans aan wat gesê het dat dit vir die Ned Geref Kerk ook baie belangrik was dat die verskillende plaaslike kerke volgens die Skrif geroep is om hulle tot 'n eenheid in ring en sinode saam te verbind. [vgl Brown *NGTT* 1979:290] Baie het soos J H Eybers die eenheid en gesag van die meerdere vergaderings sterk beklemtoon. Hy wou die kerk se kerkregtelike verlede aan die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg toets. Daarin het hy aangesluit by B B Keet sê Brown [*NGTT* 1979:290]

Eybers wou die kerklike geskille tussen kerke van Gereformeerde belydenis uitklaar. In hierdie opsig was die kritiek van die kant van die Gereformeerde Kerk teen die Ned Geref Kerk die vernaamste bron van kommer. [Brown *NGTT* 1979:290] Eybers het die invloed van die kollegialisme erken. Volgens hom sou dit “onnatuurlik gewees het as die Sinode van 1824 nie die Nederlandse moederkerk in sekere mate tot voorbeeld sou geneem het nie. So was daar aansluiting by die kollegiaalsisteem en die Algemene Reglement van 1816...” [Brown *NGTT* September 1979:290-291] Dit het in die meeste gevalle, erken hy, slegs in bewoordinge van artikels voorgekom sonder dat daarmee ook die organisasie oorgeneem is. “Eers langsamerhand sou die kerk weer tot homself kom en homself vind in die suiwer lig van sy geestelike element, vry van die Staat (outonoom) en in staat om homself te suiwer van elemente wat uit die Neder Herv Kerk destyds eweneens onder die voogdyskap van die staat, by hom ingedring het” [Brown *NGTT* September 1979:291]

6.3 VERSKIL TUSSEN KOLLEGIAAL EN PRESBITERIAAL - PROF DU PLESSIS BEPLEIT IN NAAM DIE PRESBITERIALE MAAR IN WERKLIKHEID DIE KOLLEGIALE KERKSTELSEL.

Prof Johannes du Plessis bewys deur sy eie uiteensetting dat hy nie

Gereformeerde Presbiteriaal is nie, maar wel Kollegialisties. [Du Plessis 1925:96] Dit blyk uit sy verklaring dat die Sinode die hoogste bestuur of kerklike hof is en dat die mindere vergaderings regterlik onderworpe is aan die Sinode en minder gesag het omdat hulle laer besture is. [Du Plessis 1925:96]

Prof Johannes du Plessis het vir Kuyper aangehaal om die vraag te antwoord: “Wat is dan het Kollegiale Sisteem, dat ook de Ned. Geref. Kerk toegedaan zou zijn?” Met hierdie aanhaling was hy, aldus John du Plessis, nie eerlik nie want hy lê woorde in Kuyper se mond. Kuyper het nie ander Presbiterianse Kerke Kollegiaal genoem nie. Wat hy wel gesê het is dat die Hervormde Kerk in Nederland Kollegiaal is. [Du Plessis 1925:97]

Volgens Kuyper is Gereformeerde Kerke alle kerke wat hulle in leer en in kerkregering hou aan die beginsels van die Calvinistiese Reformasie. [Du Plessis 1925:97] Kuyper wys daarop dat kragtens die Kollegiale sisteem, wat van die kerk ’n vereniging of genootskap maak, ’n mens die treurige toestand kan verwag dat volgens die meerderheidsbeginsel van die Kollegiale sisteem feitlik Kristus as Hoof van Sy kerk losgelaat word en die vrye wil van die mens regeer. [Du Plessis 1925:97] Hierop vra Johannes du Plessis vermakerig of dit dan nou beteken dat die Ned Geref Kerk nie meer God se soewereine gesag erken nie, of het die kerk die geloof prysgegee of word die outoriteit van God se Woord nie meer erken nie? [Du Plessis 1925:97]

John du Plessis reageer deur te sê die mooi bedoelings in die kerk se wette word nie altyd uitgevoer nie. Dit wat bely word is nie altyd dit wat uitgeleef word nie. So, kan die Sinode ’n besluit neem wat teen die Woord van God indruis en al die gemeentes is daaraan gebind eenvoudig omdat die “Sinode die hoogste Bestuur van die Kerk is en sy besluit deur ’n meerderheid van stemme van bindend gesag toepas op elke gemeente....[E]n kan so ’n gemeente hom nie onttrek aan die kerkverband nie, hy is tog ’n onderdeel van die geheel.” [Du Plessis 1925:97-98]



Aangesien Vorster se kerkregtelike siening so baie ooreenstem met die van prof John du Plessis word gewys op laasgenoemde se uiteensetting van die onderskeie kerkregeringstelsels.

Skematies, en in baie eenvoudige taal, wys Du Plessis die verskil tussen die onderskeie kerkstelsels aan maar veral dié tussen die Gereformeerde en die Kollegiale Kerkstelsel. Hy onderskei tussen die Roomse Kerkstelsel, wat die Pous die hoof van die hele kerk maak; die Kollegiale Kerkstelsel wat die Sinode die hoof van die kerk maak; die Independentente stelsel wat net korporasies of gemeentes ken sonder enige kerkverband en die Gereformeerde Kerkstelsel. [Du Plessis 1925:101]

“Volgens die Kollegiale kerkstelsel, is die Sinode die hoogste Bestuur of Hof, en die Ring staan onder die Sinode, die Kerkraad weer het ’n afgeleide gesag nog laer as die van die Ring en deur middel van hierdie drie kerklike besture met opklimmende rang word die gemeentes bestuur en geregeer. Dit is volgens die beginsel van ’n Kollegium, of ’n Vereniging, of ’n Genootskap So is die politieke verenigings ingerig.” [Du Plessis 1925:101] Die Independentente stelsel, op sy beurt, is waar die hoogste gesag nie by die kerkraad nie, maar by die gemeentes berus. So is elke gemeente dan outonoom, selfstandig en daar is geen gesag wat op ’n Kerkverband berus nie.

In die Gereformeerde stelsel, beskryf hy, vloei die gesag van Christus deur die gemeentes en die organe en word die gesag deur die Kerkrade uitgeoefen. Volgens hierdie stelsel is elke gemeente “outonoom, selfregerend, maar hulle is aan mekaar verbind om die eenheid van die mistieke liggaam van Christus, die onsigbare Kerk van gelowiges” te vorm. In hierdie Kerkverband is daar nie hoëre en hoogste kerkbesture nie. [Du Plessis 1925:101] Ons kry wel ’n Ring wat in wese ’n vergadering van meer as een kerk [gemeente] is, die Provinsiale Sinode waarin nog meer kerke vergader en die Sinode waarin al die kerke (gemeentes) bymekaar vergader.[vgl Du Plessis 1925:102]

Wat die Dortse Kerkorde bedoel met mindere en meerdere vergaderings en die meerdere vergaderings wat meer gesag as die mindere vergaderings het verduidelik hy verder. Daar is sake wat net die plaaslike gemeente raak en waaroor die gesag alleenlik by die plaaslike kerkraad berus. Daar is egter ook sake wat tot tien gemeentes behoort en oor hierdie sake het die Ring gesag. Oor sake wat twintig gemeentes raak het die Provinsiale Sinode gesag terwyl die sake wat al die gemeentes raak se gesag deur die Sinode uitgeoefen word. [Du Plessis 1925:102]

Oor die vraag waar hierdie gesamentlike kerke van Ring, Provinsiale Sinode en Sinode hulle gesag vandaan kry antwoord John du Plessis dat dit van Christus is deur die plaaslike kerke. “Dit is dus ’n afgeleide gesag, terwyl die oorspronklike gesag van Christus uitgeoefen word deur die Kerkrade van die verskillende kerke (gemeentes).” [Du Plessis 1925:102]

Du Plessis vra die vraag watter kerkstelsel nou volgens God se Woord en ons Belydenisskrifte is. Die vraag is hoe is die verhouding van Christus tot die Kerk en waar kry ons die kerk. [Du Plessis 1925:102] Hy antwoord: “Die Kerk van Kristus is in die eerste plek sy verborge liggaam van die uitverkorene, wat volgens die Verbondsleer insluit alle ware gelowiges en hulle saad.” en verder “As sodanig is Hy die enige Hoof van Sy Kerk en die regering deur die Hoof gaan regstreeks uit op Sy Kerk, sodat tussen Hom en die kerk geen regerende mag bestaan, wat bo Sy kerk as besturende mag kan intree nie.” [Du Plessis 1925:102-103] Die kerk van Christus word nou sigbaar openbaar sodat dit gesien kan word en hierop kan met reg gevra word waar word dit sigbaar? Art 28 antwoord deur te sê dat “alle gelowiges hulle saam moet voeg tot ’n sigbare vergadering van gelowiges, wat alleen kan gebeur op een plek, waardeur die plaaslike kerk gevorm word.” [Du Plessis 1925:103]

Artikels 29 tot 30 gee vervolgens die kentekens van die suiwere kerk aan en ’n aanduiding hoe die plaaslike kerk as instituut geregeer word deur die

werksaamhede van die ampte terwyl art 31 en 32 wys hoe predikante, ouderlinge en diakens deur wettige verkiesing in hulle ampte gestel word. Die enigste regeer- en bestuursmag berus by die Kerkraad wat op hierdie wyse verkies is. [Du Plessis 1925:103-104]

Art 32 bepaal dat “regeerders van meer as een kerk bymekaar kan kom om sekere ‘ordonnansies in te stel’ vir die gesamentlike kerke, waaruit dan sou ontstaan die meerdere vergaderings.” [Du Plessis 1925:104] Dit bly steeds ’n geval van Christus wat Sy Kerk of gemeente deur middel van die regeerders, naamlik die Kerkraad, regeer. [Du Plessis 1925:104]

John du Plessis maak dan die aantyging dat Johannes du Plessis ’n stelsel bepleit wat die Sinode verhef tot die hoogste bestuur tussen Christus en Sy kerk en dat dit ook so blyk uit die Wette van die Ned Geref Kerk wat hy saamvat as:

- 1] “Die Ned Geref Kerk bestaan uit gemeentes,
- 2] Die Sinode is die Hoogste Bestuur,
- 3] Ringe en Kerkrade is laere Besture,
- 4] Die Sinode *dra op* aan
 - a] Predikante sekere bevoegdheide, so aan ouderlinge en diakens;
 - b] Aan Kerkrade sekere magte, wat huishoudelike reglemente kan ontwerp, mits hulle nie in stryd is met die Sinodale Wette nie;
 - c] Aan Ringe word opgedra die gereelde uitvoering van die Kerklike Bestuur
- 5] Die wette en verordeninge, wat eers die krag van ’n wet word wanneer die Moderatuur dit onderteken het, is bindend vir die hele kerk.” [Du Plessis 1925:104]

Dit, sê John du Plessis, is ’n Kollegiale Kerkstelsel en met sy “verbindende wette word die regeermag van Kristus deur die Kerkraad vernietig” [Du Plessis 1925:104-105]

6.4 PROF JOHANNES DU PLESSIS SE BESKOUING OOR DIE LERAARSAMP IS NIE GEREFORMEERD NIE MAAR KOLLEGIALISTIES

Prof Johannes du Plessis was voorts van mening dat die amp van ouderling en diaken beperkings gehad het wat die leraaramp nie ken nie. So bv is die dienstrydperk van ouderlinge en diakens tydelik en hoogstens vier jaar ononderbroke terwyl predikante vir dekades in die amp kan staan. Ouderlinge en diakens is ook beperk tot die gemeente waarin hulle verkies is terwyl die predikant wel deur 'n bepaalde gemeente beroep word maar dan deur medeleraars ondersoek word en toegelaat word “door het Presbyterium in de tegenwoordigheid en met de toestemming van de gemeente.” [Du Plessis 1925:107] 'n Leraar, sê Johannes du Plessis, word wel in 'n bepaalde gemeente georden, maar word *ipso facto* nie slegs herder van die een gemeente nie maar ook leraar van die hele Kerkverband. Dit het tot gevolg dat sy amptelike status 'n ander karakter dra as die van ander kerkraadslede. [vgl Du Plessis 1925:107]

Oor hierdie uiteensetting sê John du Plessis: “Hierdie hele argumentasie van Prof du Plessis berus op die Kollegiale Kerkstelsel, wat die begrip *hoër* stel in plaas van *breër*. Die Sinode is die hoogste Bestuur in plaas van 'n breëre vergadering van plaaslike kerke, en die leraarsamp is die *hoogste* in plaas van die *breedste*.” [Du Plessis 1925:107-108] John du Plessis sê die leraar het “behalwe sy amp as bedienaar van die Woord ook die regeeramp saam met die regerende ouderling, maar dit maak nog nie sy amp hoër as die van die ouderling nie. Hy is alleen *primus inter pares* (die eerste onder sy gelyke. Die eerste is nie die hoogste nie. Hy moet wel toesig hou oor sy mede ampsbroeders as mederegeerder maar self staan hy onder toesig van die kerkraad..”

Later sou Van Staden hierdie siening van predikante oor predikante (*pastor* *pastorum*), afwys as 'n episkopaalse element wat prof Plomp bepleit het vir

invoering in Gereformeerde kerke. [Van Staden 1995:15] “In ’n kerklike atmosfeer in Suid-Afrika, waar episkopaalse en kollegialistiese elemente in Gereformeerde kerke insypel, is hierdie ongereformeerde element van ’n predikant van predikante, ’n eerste onder gelykes, ’n wesenlike gevaar, wat nooit in die Gereformeerde kerke geduld kan word nie.” [Van Staden 1995:15] Dit, sê Van Staden, is totaal in stryd met die Gereformeerde kerkregtelike beginsel waarvolgens alle predikante as ampsdraers gelykwaardig is.

Vir John du Plessis kon ’n predikant, wat op grond van die amp as Bedienaar van die Woord nie aan ’n plek gebonde is nie, buite sy eie gemeente optree. Dit kan egter slegs gebeur as die kerkraad van die gemeente waar hy die amp gaan uitoefen hom toelaat en hy daar onder hulle toesig gaan staan. [Du Plessis 1925:108] Binne die kollegialistiese en genootskaplike sisteme van kerkregering waar predikante as predikante van die hele genootskap erken word mag leraars egter in enige gemeente optree sonder toestemming van die betrokke gemeente. [Du Plessis 1925:108-109]

Amper in lyn hiermee rig John du Plessis die beskuldiging en sê dit is, “kragtens hierdie klerikalistiese stelsel van die genootskaplike kerk dat die wette van die Ned Geref Kerk aan die predikante die reg gee om te beslis wie op die kansel mag preek.” [Du Plessis 1925:109] Al is dit so dat die predikante die ouderlinge en die kerkraad se advies kan inwin in gevalle waar hulle bang is vir enige ongelukkigheid. In die lig hiervan wys hy prof Johannes du Plessis tereg omdat hy die Gereformeerde Kerke van Roomse trekke beskuldig terwyl hy homself op ’n Roomse standpunt stel.

Prof Johannes Du Plessis is verkeerd as hy beweer dat “die amp van ’n predikant hoër staan omdat hy alleen in diens kan gestel word deur die Ring en dit wel deur sy mede-predikante. Dit is alweer die onsuiwre kollegialistiese of ook biskoplike stelsel.” [Du Plessis 1925:110]

6.5 PROF JOHANNES DU PLESSIS SE VERKLARING VAN LIDMAATSKAP EN VAN DIE DORTSE KERKORDE GETOETS.

Onder hierdie hoof het Prof John du Plessis sy naamgenoot in Stellenbosch se siening verder weêrlê. Diè se siening het hierop neergekom:

- 1] “Die plaaslike gemeente is nie dinkbaar sonder ’n algemene kerk nie;
- 2] Die reg om die doop te bedien en ‘lidmaten voor te stellen’, ’n ongereformeerde uitdrukking vir Belydenis van die geloof afneem, berus nie by die kerkraad nie, maar by die leraar;
- 3] Die leraar is ampsdraer van die hele kerk;
- 4] Sy dopelinge en sy belydende lede is dus lede van die gehele kerk.” [Du Plessis 1925:114] [Du Plessis 1925:114]

Teenoor hierdie beskouing van Johannes du Plessis, sê John du Plessis, kan hy net die “Bybelse en Gereformeerde beskouing neêrlê en dit is:

- 1] Die plaaslike gemeente is logies en histories dinkbaar sonder ’n sogenaamde algemene kerk;
- 2] Die reg om die doop te bedien en belydenis des geloofs af te neem berus by die kerkraad;
- 3] Die leraar is ampsdraer van die plaaslike gemeente, aan wie toevertrou is bediening van Woord en Sakrament;
- 4] Dooplidmate deur hom gedoop en belydende lidmate - onder sy sorg bearbei, is lede van die plaaslike kerk of gemeente;
- 5] Waar hy kragtens die kerkverband optree in ’n ander gemeente, wat hy alleen kan doen op versoek en onder toesig van die plaaslike kerkraad van diè gemeente, daar doop hy en neem hy belydenis af van lede van die plaaslike kerk. Nooit maak hy deur ’n algemene amp doop en belydende lidmate van die sogenaamde kerk nie” [Du Plessis 1925:114-115]

“Dit”, sê John du Plessis, “is die gereformeerde beskouing van Gods Woord soos uitgedruk in die geloofsbelydenis en veronderstel in die Dortse Kerkorde. En as Prof du Plessis”, gaan hy verder, “hierdie opvatting weerspreek dan is

hy nie gereformeerd nie.” [Du Plessis 1925:115] In dieselfde asem het hy darem ’n pluimpie aan Johannes du Plessis gegee vir die eerlikheid en konsekwentheid waarmee hy die wette van sy kerk, die Ned Geref Kerk, vertolk het.

Anders as by sy naamgenoot in Stellenbosch wat na Engeland en Skotland kyk is dit vir hom nodig: “Vir ’n juiste beoordeling van die wording en verwording van die eenmaal geplante Gereformeerde kerke alhier moet ons die byna gelyklopende proses in Nederland ken.” [Du Plessis 1925:128] Vir ’n beoordeling van die vraag wat gereformeerd is in leer en kerkinrigting moet, volgens John du Plessis, die lyn van Calvyn af oor die Dordtse Sinode met insluiting van die drie Formuliere van Enigheid gevolg word en enige wetenskaplike studie sal moet rekening hou met gesaghebbende outoriteite soos Voetius, Kuyper, Bavinck, Rutgers en andere.

Vir hom het ons hier te doen met *Nederlands gereformeerde* oorsprong en beginsels en ook die vraag of daar kerklike ontaarding plaasgevind het moet beantwoord word deur ’n Nederlands-Suid-Afrikaanse oordeel. [vgl Du Plessis 1925:128] Volgens hom glo Nederlandse outoriteite dat die kerk in Nederland in die 18de en 19de eeu deur die opkoms van die Rasionalisme en die Kollegialisme in die Kerkregering afgewyk het van die gereformeerde beginsels maar dat ’n terugkeer tot die gereformeerde waarhede plaasgevind het in 1834 en 1886. [Du Plessis 1925:129]

Die vraag is, sê John du Plessis, of dit hier in Suid-Afrika ook so verloop het soos wat deur prof Royaards verklaar word toe hy gesê het dat die kerk in Suid-Afrika in die 19de eeu die spore van die kerk in Nederland gevolg het. [Du Plessis 1925:129]

Du Plessis haal ander geleerdes aan as hy sê: “Het is u bekend hoe die Kaapse kerk ongeveer 150 jaar lang gereformeerd was.

Bij het begin van het jaar 1800 werd dit echter anders. De zogenaamde verstandelike opvatting van de leer der zaligheid, kwam in de plaats van het aloude Calvinisme. Omtrent 50 jaar later...veranderde de Kaapse kerk weer aanmerkelijk van gedaante. De verstandelike opvatting van het Christendom leide tot het zuivere rationalisme of liberalisme van de predikanten Kotze (Darling), Naude en Burgers.

[Du Plessis 1925:129-130]

In hierdie tyd kry ons natuurlik die sinode van 1862 waarin liberale lidmate die kerk in 'n hoek gedruk het deurdat 'n hofuitspraak die een sinode laat opbreek het in etlike sinodes. Vorster se groot aandeel binne die kerkverband lê juis in die pogings om hierdie eenheid weer te herstel.

Daar was, meen John du Plessis, mense wat te midde van die liberale aanslag "wakkergekrik" het, maar ongelukkig het diegene wat nog aan die Bybelse waarhede vasgehou het, volgens hom, nie hulle krag gaan soek in die terugkeer na die beproefde gereformeerde pad nie. Hulle het die spoor verder byster geraak deur die "Engels-Amerikaanse opwekkingen" in te voer en die volk verder in die metodistiese rigting te lei. [Du Plessis 1925:130]

Wanneer hy die rede bedink waarom lidmate vir hulle so maklik op sleeptou laat neem het voer hy 'n viertal redes aan waarom hulle so maklik daarmee geslaag het:

- 1] Dit was so maklik omdat daar nie meer 'n kragtige Calvinisme in die suidelike deel van die land gevind is nie;
- 2] Daar was reeds baie Skotse predikante wat die metodisme aangehang het;
- 3] Daar was 'n groot getal Kaapse predikante wat in Holland gestudeer het en dat hulle daar met die Hollandse opwekking [Reveil] te doen gekry het;
- 4] Omdat van hierdie voornemende predikante aan die Hoge-school van Utrecht nog verder deur hoogleraars soos Van Oosterzee en Doedes

beïnvloed is. [Du Plessis 1925:130]

Prof John du Plessis wys daar op dat daar in die tweede helfte van die 19de eeu drie kerklike strominge in Suid-Afrika gevind word. Die eerste is die Ned Geref Kerk onder Nederlandse en Skotse invloed, die tweede is die Hervormde Kerk wat konsekwent Nederlands bly en die Nederlandse stempel van die 19de eeu behou en in die derde plek is daar die Gereformeerde kerk wat terugkeer het tot die Gereformeerde kerke van 1618-19 op die bedding van die afskeiding in Nederland in 1834. [Du Plessis 1925:130-131]

Daarom beskou John du Plessis die Gereformeerde Kerk nie as ’n “skeurkerk” nie, maar ’n “terugkeer tot die ou Gereformeerde Moederkerk” [Du Plessis 1925:76] “Die ou Gereformeerde Kerk was die Kerk van die Dordtse Sinode van 1618-19. Toe is die grondslae van die Belydenis vas gelê in die Drie Formuliere van Enigheid...[E]n die beginsels vir die Kerkregering in die Dordtse Kerkorde.” [Du Plessis 1925:73]

Die Hervormde Kerk in Nederland het in 1816 ontstaan as ’n “Staatskreatuur” van Koning Willem 1, waardeur die beginsels in leer en kerkregering van die ou Gereformeerde Kerk prysgegee is.” [Du Plessis 1925:73] Na verskeie afskeidings en verenigings, kon Kuyper later t o v die Gereformeerde Kerke in Nederland die histories-kerkregtelike beginsel neerlê: “Wij Gereformeerde Kerken in Nederland handhaven, dat wij de wettige voortzetting zijn van de aloue Gereformeerde Kerk in Nederland die de moederkerk ook van de Zuid-Afrikaanse Kerk is geweest.” [Du Plessis 1925:74]

“Hoe is hierdie aloude Gereformeerde Kerk in Nederland nou die moeder van die Suid-Afrikaanse Kerk? In 1618-19 is die ou Gereformeerde Kerk in Nederland gehandhaaf en opnuut gevestig. In 1652 het Van Riebeeck in Kaapstad gekom, en in 1665 is die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika gestig.” [Du Plessis 1925:74]

In aansluiting hierby is sy uiteensetting van die ontstaan en verloop van die kerkgeskiedenis in Suid-Afrika. Hy gee sy siening van die verloop van gebeure binne die kerklike geledere opsommenderwys in 18 punte:

- “1] 1652 - Van Riebeeck
- 2] Eerste gemeente “Gereformeerde Kerk of Gemeente van de Kaap” onder die geldende Kerkorde van Dordrecht, geïnstitueer 1665
- 3] Die drie gemeentes Kaapstad, Swartland en Stellenbos soek kerkverband maar dit word verydél deur kerk in Nederland en Regering hier.
- 4] De Mist, ’n kind van de Rewolusie, voer in Kerkorde voor de Bataafsche volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop, 1804. Kerk word Hervormend Genootskap. Dordtse kerkorde afgeskaf.
- 5] Invoering van Ev Gesange, 1814
- 6] Suprannaturalisme en opkoms van liberalisme. Verstandsgodsdiens
- 7] Eerste Sinode vergader onder geldende kerkorde van De Mist en bou daarop voort. Kollegialisme van Nederland gevolg, 1824.
- 8] Sinode, 1842. Naam Hervormd vervang deur Ned. Gereformeerd. Middelpunt van die stryd tussen Hervormde en Ned Geref Kerk oor die naam.
- 9] Stryd in die kerk. Liberalisme. Gesangekwessie. Besware teen heersende rigtings in die kerk.
- 10] Ds D Postma kom in Transvaal via Kaapstad-Durban, 1858
- 11] Besware en stryd in die kerk in Transvaal. Ds D van der Hoff, predikant van die Hervormde Kerk.
- 12] Kerkvergadering op Pretoria, Jan. 1859. Kerkinrigting en gesange verpligtend. Vyftien man tree uit die kerkverband en besluit om die Gereformeerde Kerk te stig.
- 13] Stigting van die gereformeerde Kerk op Rustenburg onder die seringboom met 300 lidmate, 10 Febr 1859. Terugkeer tot

Dordrecht 1618-19. Gewysigde Dortse Kerkorde.

14] Kerkvergadering Herv. Kerk op Potchefstroom, April 1859.

Mislukte poging om die afskeiding te vernietig.

15] Uitbreiding van die Geref Kerk in O V S en Kaapkolonie,
1859-1860

16] Liberalisme en Metodistiese-opwekkingsdienste in Ned Geref
Kerk

17] Sinode Ned Geref Kerk Stryd teen Liberalisme. Di Kotze,
Burgers, Naude, 1862 18] Eerste Sinode Geref Kerk op
Reddersburg, O V S 1862. Dortse Kerkorde ongewysig aanvaar.”

[Du Plessis 1925:133 en 135]

Hy haal vir prof Bouwman van Kampen aan: “Zo was de zending van Ds Postma, om in het geestelik belang van de Zuid-Afrikaansche Republiek werkzaam te zijn en om verder langs die weg een deur geopend te krijgen om ook onder de Kaffers het Evangelie te verkondigen de aanleiding tot de herstichting van de Gereformeerde kerk zoals deze in 1665 gesticht was.” [Du Plessis 1925:135]

Prof John du Plessis beroep hom ook op die werk van eerw A Dreyer van die Ned Geref Kerk wat in sy werk oor die kerkgeskiedenis met verwysing na die stigting van die kerk aan die Kaap in 1665 geskryf het: “Dit was die stigting van die Gereformeerde Kerk in Kaapstad”. Dreyer skryf verder:

“Zij is een dochter van de Gereformeerde Kerk die na de grote Kerkhervorming van de zestiende eeuw in Nederland ontstaan is” [Du Plessis 1925:74] “Zij wordt genoemd de Gereformeerde Kerk of Gemeente van de Kaap. De Moedergemeenten in Nederland heten de Gereformeerde Kerken of Gemeenten, met wie deze

Kaapse Gemeente in kerkelik verband staat. Zij wordt geestelik verzorgd door de klassis van Amsterdam. Zij is Gereformeerd,

omdat zij tot haar grondslag heeft de Geloofsbelijdenis der Nederlandse Kerken, de Heidelbergse Katechismus en de Leerregels van de Dortse Synode 1618-19. Bestuurd wordt deze gemeente naar de Dortse Kerkenordering.”

[Du Plessis 1925:75]

Hierdie kerk het egter volgens hom nie getrou gebly aan haar moeder nie. So is daar by die eerste sinode in 1824 ’n kans verspeel om “de oude Dortse Kerkenorde in haar eer herstellen en de Kerkorde van De Mist weer op zijde zetten. [Du Plessis 1925:75]

“Is 1804 het sterfjaar van de Gereformeerde gemeenten onder de handen van De Mist, - 1824 is het jaar van de plechtige begrafenis door de zonen van de kerk” [Du Plessis 1925:75]

“Dit is nou 1924” sê Du Plessis. “Honderd jaar gelede is die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika begrawe. Maar hy het weer uit sy as opgestaan. En wel in 1859 op Rustenburg....” verwys hy na die stigting van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. [Du Plessis 1925:75] Hy sê volgens die Kerkwette van die Ned Geref Kerk is die lidmate nog lidmate van die kerklike organisasie, die Ned Geref Kerk en word die bestuur uitgeoefen deur Kerkrade, Ringe en ’n Sinode. Met die Sinode as die hoogste bestuur. Die Gereformeerde Kerk verskil van die ander gereformeerde kerke in die sin dat dit in sy Kerkregering terugkeer het na die Dordtse Kerkorde. [vgl Du Plessis 1925:78]

Vir Du Plessis hang ’n Kerkstelsel af van die vraag wat die gemeente van Christus is, wie die enige hoof van die gemeente is, deur watter organe Christus in sy gemeente werk en hoe die werking moet geskied. [Du Plessis 1925:79] Hiermee saam in noue verband staan, volgens hom, weer die vraag hoe God gedien moet word in die Kerk, hoe, waaroor en deur wie die kerklike tug toegepas moet word. [Du Plessis 1925:79]

Soos ’n landsregering sy politiek op die grondslag van sy politieke beginsels

uitvoer so ook moet die Kerkregering op die dogmatiese beginsels van die Kerk toegepas word. Die groot verskil is egter dat die Kerk van Christus nie mag geregeer word deur menslike wette nie, maar dat die beginsels in Gods Woord gesoek moet word. [Du Plessis 1925:79]

Daar is weinige, indien enige, van die standpunte van John du Plessis van Potchefstroom, soos wat dit ook hierbo gestel is, waarmee Vorster nie heelhartig saamgestem het nie. Daarom blyk dit vir Vorster 'n logiese keuse te gewees het om by die Teologiese Skool van Potchefstroom verder te studeer in Gereformeerde Kerkreg.

'n Saak waarvoor Vorster hom ook uitgelaat het was die amp van die Moderator en veral oor die vraag of die amp blywend is of nie. Oor hierdie saak haal Du Plessis Art 35 aan wat bepaal dat die amp van 'n praeses ophou sodra die vergadering uiteen is. Die Geref Kerk het dan ook geen blywende moderator of moderatuur nie. [Du Plessis 1925:94] Oor die woord moderator, sê Vorster, kan daar nie beswaar wees nie want dis nie 'n ongereformeerde begrip net omdat dit deur Skotse invloed ingekom het nie, maar dit beteken maar net praeses of voorsitter. [Vorster *NGTT* September 1979:333]

Tweedens spreek Vorster hom uit oor die blywendheid al dan nie van die amp en sê dat dit behoorlike onderskeiding vereis. Die Dordtse Kerkorde van 1618 het bepaal dat die Sinode jaarliks gehou word maar die Nasionale Sinode elke 3 jaar. Aangesien die Sinode by elke termyn weer konstitueer en nuwe ampsdraers kies het die praeses nie langer as 2 of 3 jaar in die amp gedien nie. Wanneer die Sinode, soos dikwels in die verlede, vir 'n maand of langer verdaag word daar egter nie 'n nuwe praeses gekies nie. [Vorster *NGTT* September 1979:333] In hierdie verband het die Ned Geref Kerk al in die verlede aan die moderator in die 2 of 3 jaar tussen die sinodes die gesag gegee om namens die kerk te spreek. Dit skep dan probleme omdat so 'n gesagsoordrag aan 'n moderator vir hom in die versoeking stel om, soos die



pous, eie besluite op gesag van die kerkverband oor te dra.

In hierdie verband, sê Vorster, in dieselfde stuk moet twee dinge in die oog gehou word: Die eerste is dat die Sinode vir 'n termyn gekies word, maar kan binne die termyn dikwels verdaag en dan bly die praeses voorsitter. Die Sinode bly vir die periode wat die kerkorde bepaal 'n staande vergadering en sy ampsdraers bly in funksie al verdaag die vergadering. [Vorster *NGTT* September 1979:333-334] In die tweede plek wys hy daarop dat die *D K O* van 1618 wel bepaal dat die amp van praeses verval by verdaging van die Sinode terwyl die skriba in sy amp voortgaan. Dit is so gedoen omdat daar nie voorsiening gemaak is vir verdaging van die Sinode nie. Later, sê Vorster, was daar van tyd tot tyd verdagings binne die termyn en toe is die *D K O* op hierdie punt wel verander. Daardeur kon sinodes verdaag en weer byeenkom sonder dat daar elke maal weer ampsdraers gekies is. [Vorster *NGTT* September 1979:334]

Vorster se interpretasie is natuurlik hier korrek want verdaging van 'n sinode beteken dat die sakelys nie afgehandel is nie maar later voortgesit word. Dis egter anders met 'n afgehandelde sakelys want 'n afgehandelde sakelys beteken die vergadering sluit en word nie weer hervat nie. Met so 'n afsluiting is die voorstitter se taak afgehandel. Vorster sê voorts dat nie alle kerkordes van die Gereformeerde kerke in Nederland die bepaling gehad het dat die amp van praeses "uitgaan wanneer al t'samenkomste scheidet" nie en dan noem hy die onderskeie kerkordes as bewys. Vir hom is dit 'n uitgemaakte saak dat dit nie 'n belangrike beginselsaak was as die onderskeie kerkordes so van mekaar verskil nie. [Vorster *NGTT* September 1979:334]

'n Interessante feit wat Vorster in die verband noem is dat die *D K O* van 1618 die uitgaan van die voorsittersamp op al vier kerkvergaderings van toepassing maak en streng gesproke sou dit dan beteken dat ook die rings- en kerkraadsvergaderings by elke vergadering 'n ander voorsitter kies. Verder

blyk dit dat dit die vrees vir 'n biskop merendeel aanleiding gegee het tot so 'n reëling. [Vorster *NGTT* September 1979:334]

Wat hier uit die oog verloor word is die feit dat dit wel die geval is met die ringsvergadering Die ring kies by elke vergadering 'n voorsitter uit die afgevaardigdes. In die geval van die kerkraad is dit egter anders aangesien die kerkraad 'n permanente vergadering is met permanente lede. Daarom is dit eintlik so dat sy vergadering verdaag en nie afsluit nie, want alles kontinueer met vaste lede en nie tydelike afgevaardigdes nie.

Teenoor die “streng en harde oordeel” wat daar van die kant van die Gereformeerde Kerke op die Ned Geref Kerk gekom het soos wat dit ook hierbo aangetoon is in die skrywes van prof John du Plessis, rig Vorster 'n “versoenende” vermaning: “Waar een kerkorde so 'n bepaling gehad het en 'n ander nie, is dit duidelik dat 'n mens versigtig met die oordeel “in stryd met die Gereformeerde kerkreg” moet wees, veral as een Gereformeerde Kerk dit wel het en 'n ander Gereformeerde Kerk dit nie het nie. [Vorster *NGTT* September 1979:334-335] Vorster se “toegeeflikheid” kom hier baie naby aan 'n geringskatting van die onderskeie gereformeerde kerkverbande se sinodebesluite en kerkordes. Die vraag kan gevra word of die gereformeerde kerke hul onderskeie sinodes en hulle lang besprekings in die opstel van 'n eie kerkorde maar kan laat vaar en na die grootste gemene deler tussen die kerke soek. Dit beteken dan die einde van die onderskeie gereformeerde kerkverbande en die opgaan in een kerkverband.

6.6 DIE SAAK VAN KERKHERENIGING GEDURENDE HIERDIE TYDPERK

Intussen het die strewe na kerkhereniging ook nog die aandag van die kerk bly geniet en is dit deurlopend bespreek in die vergaderings van die Raad van Kerke.

6.6.1 Raad van Kerke vergadering 1925

Soos by die vorige vergaderings was kerkvereniging weer op die sakelys van die Raad van Kerke. Die raad het die redaksie van *Die Kerkbode* versoek om 'n reeks artikels ter bevordering van die verenigingsgedagte te publiseer. [Van Staden 1973:417]

6.6.2 Raad van Kerke vergadering 1926

Tydens die Raad se vergadering in Julie 1926 te Pietermaritzburg is in beginsel besluit om met die kerk in Transvaal te herenig en die Kerkverenigings - Acta van 1911 is as basis aanvaar. 'n Kommissie is aangewys om in oorleg met 'n Transvaalse afvaardiging 'n basis vir vereniging te vind. [vgl Van der Watt 1987:7]

6.6.3 Sinode van Natal 1927

Hierdie sinode het besluit om met die Transvaalse Kerk te verenig mits die kerkrade instem. Die kerkrade het egter die poging weereens afgestem, maar die Transvaalse sinode het op hierdie uitslag die deur vir vereniging oopgehou. [vgl Van der Watt 1987:7] By sy sitting wat in 1928 gehou is het die Natalse Sinode, "skynbaar as gevolg van die kerkrade se houding besluit dat, alhoewel hy nog steeds dieselfde beginsel huldig, daar nie verder met die saak voortgegaan moes word nie, omdat daar so 'n gebrek aan eenstemmigheid bestaan." [Van der Watt 1987:7] By sy vergadering van 1929, soos so dikwels in die verlede, is weer met teleurstelling kennis geneem van mislukte pogings tot kerkhereniging.

Terwyl hierdie pogings tot kerkherstel aan die gang was, het die man wat in latere jare van die belangrikste rolspelers in die kerkverenigingsproses sou wees, Koot Vorster, met sy studie te Stellenbosch begin.

6.7 VORSTER STUDENT AAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Aan die begin van 1928 is Koot Vorster 'n student aan die Universiteit van Stellenbosch. Die feit dat hy verder gaan leer het was in ooreenstemming met sy pa se ideaal dat sy kinders die beste opvoeding en geleerdheid sou ontvang. Dit was egter harde jare want die Afrikanervolk was verarm en geld was oral skaars. Om in sulke moeilike tye verder te gaan studeer het groot finansiële offers van studente en hul ouers gevra. Soos reeds vroeër gesê is, is Vorster en sy studentemaats ook effens aan die diep kant ingegooi want daar was woelinge binne die kerk oor die beskouing wat prof Johannes du Plessis, hoogleraar aan die Kweekskool op Stellenbosch, gehuldig en verkondig het.

Vanweë Vorster se liefde vir geskiedenis het hy baie gehou van die vak Kerkgeskiedenis. Maar die vak wat hy die meeste van gehou het was die vak Kerkreg. Dit was sy "lieflingvak" en om so 'n vakgebied te hê het hy ook vir ander predikante gegun: "Die leraar mag ook 'n lieflingstudie hê, 'n eie gebied waar hy vir ontspanning met liefde sal werk. Daarmee kan hy sy kerk in die algemeen dien. Daar is deskundiges in verskillende rigtinge nodig....Die leraar moet vir hom 'n bepaalde vak kies, as lieflingstudie, om in daardie besondere rigting sy bydrae te lewer." [Vorster *NGTT* September 1979:315]

Van hierdie "lieflingstudie", Kerkreg, sê Vorster dat dit 'n heilige wetenskap vir die regering van die Kerk is en onontbeerlik vir die welwese van die Kerk. Dit gee vastheid, orde en leiding aan die Kerk, deurdat dit die beginsels van die Skrif vir die kerkregering ontwikkel en also die Kerk help om aan sy doel te beantwoord [Kb 28 Oktober 1959:664]

Vorster se liefde vir en studie in die Kerkreg op Universiteit sou tot groot voordeel wees van sy vorming as toekomstige kerkleier. Aan die universiteit sou die vorming wat in sy ouerhuis begin is voortgesit word. As kerkregtelike

sou hy vir sy kerk van groot nut kon wees in die kerkregtelike proses wat juis op daardie stadium nog steeds voortgebeur het op die pad van algehele kerkherstel

6.7.1 Vorster en sy Calvinistiese lewensbeskouing

Vorster het as student uitgestaan vir sy Calvinistiese beginsels en was altyd bereid om daarvoor in die bres te tree. So het hy gedurende sy studentejare gereageer op die sogenaamde Oxfordgroep wat in 1929 deur die land getoer het en veral onder studente gewerk en volgelingen versamel het [vgl Van der Watt 1987:193] Hierdie beweging se ontstaan hou verband met die behoefte wat daar soms in die kerklike geledere ontstaan het vir meer intensiewe bearbeiding van lidmate wat in hul geestelike lewe afgekoel het.

Pinksterbidure, wat vanaf 1862 'n permanente en jaarlikse instelling in die kerk geword het, het vir baie lidmate die behoefte gedeeltelik aangespreek. Die behoefte aan meer intensiewe evangelisasie het egter gebly. Volgens Van der Watt [1987:190-192] het hierdie behoefte aanleiding gegee tot versoeke vir spesiale evangelisasie en dit het uitgeloop op die aanstelling van voltydse spesiale Evangeliepredikers.

Soos die gereformeerde kerke met verloop van jare daarvan bewus geword het, neem vreemde geestestrominge en buitekerklike groepe gewoonlik die kans waar om gemeentes te besoek waar lidmate die behoefte aan dieper geestelike ervaring toon. Van hierdie buitekerklike groepe was onder andere die sogenaamde 'lospredikante', die Afrika Evangeliese Bond (AEB) en die Oxfordgroep. [vgl Van der Watt 1987:193] Oor hierdie groepe se werksaamhede is by die Transvaalse sinode van 1937 verslag gedoen toe berig is van mense "wat nie altyd in verband met ons kerk is nie en soms leringe verkondig en praktyke beoefen wat die kerk afkeur, dienste in die gemeentes kom hou en die indruk maak dat hulle meer belangstel in ons mense en ernstiger pogings aanwend tot redding van siele en opbouing van

gelowiges, as die Kerk self.” [Van der Watt 1987:192-193]

Die Oxfordgroep “was buite-kerklik en in sy optrede het persoonlike evangelisasie en lewensverandering vooropgestaan. Daar is veel nadruk gelê op ‘verandering’, maar dit het ontbreek aan die noodsaaklike verwysing na Christus en sy kruisoffer en die bekering het ’n blote sedelike verandering geword.” [Van der Watt 1987:193] Die A E B - werkers, op hulle beurt, was “leke-predikers wat voorgee om interdenominasioneel te wees; hulle hou nie aan ’n bepaalde belydenis nie; en hulle stel hulleself ten doel die evangelisering van die hele Afrika - om siele tot bekering én gelowiges tot ’n dieper geestelike lewe te lei. Hulle leer van die heiligmaking het ’n onmiskenbare perfeksionistiese strekking gehad wat geestelike hoogmoed en eiegeregtigheid by baie van hul volgelinge in die hand werk. Hulle tree binne gemeentelike grense op - meesal sonder toestemming van die betrokke plaaslike kerkraad.” [Van der Watt 1987:193]

By die sinodesittings gedurende hierdie jare is die buitekerklike groepe se optredes bespreek maar sagkens behandel. Kerkrade is versoek om nie vyandig teenoor hulle te staan nie maar eerder te probeer om die groepe onder die kerkrade se toesig te kry. [Van der Watt 1987:193]. “Skerp in teenstelling hiermee was die baie duidelike en besliste houding van die Kaapse Sinode in 1936. Beide bewegings is deeglik bespreek en grondig beoordeel. Die A E B se buitekerklike en onkonfessionele karakter, sy onskriftuurlike heiligheidsleer, en sy gesagsondermynende invloed wat verbrokkeling in baie gemeentes gewerk het, is sterk veroordeel.

Tipies van Vorster het hy as jongman reeds in hierdie saak sterk standpunt ingeneem want in 1933 reeds verskyn ’n referaat van hom wat hy as Teologiese. student gelewer het voor die Calvinistiese Studentebond van Stellenbosch. Dit het in *Die Gereformeerde Vaandel* verskyn en wel in drie aflewings onder die opskrif: “ Is die beginsels van die Oxford Groep

verenigbaar met die Calvinistiese Lewens-en Wêreldbeskouing?”

In hierdie referaat het hy die Oxford Groep se herkoms en doel [Mei 1933:186-187]; metode en doel [Junie 1933:218 en leer [Julie 1933:258] behandel.

Hierin sê Vorster onder andere:

“Ek tree hier op nie as heresioloog nie, maar alleen as iemand wat tot die oortuiging gekom het dat beide godsdiens en teologie in die Calvinisme sy skoonste en suiwerste uitdrukking vind.”
[GV Mei 1933:185] Vorster gaan voort:”In die duisternis en nag van politieke, ekonomiese en godsdienstige moeilikhede ontwaar ons vandag ’n helder lig wat ons besiel met nuwe hoop vir die toekoms. Daardie lig is die algemene opbloeï van die Calvinisme wat in alle lande weer die aandag trek. Met gloed word die soewereiniteit van God weer verkondig, met ’n heldere sekerheid en vertrouwe word weer geglo aan die Voorsienige leiding en bestier van God, en christene vind weer hul krag en sekerheid in die vurige belydenis van die uitverkiesing van God op grond van loutere genade, soos geleer deur die absoluut gesaghebbende Woord van God.”

[GV Mei 1933:185]

In hierdie reeks het Vorster duidelik aangedui waar die Oxford Groep volgens hom dwaal en daarteenoor het hy die lig van die Calvinisme helder laat skyn in die woorde van Kuyper wat hy aanhaal:

”Aldus opgevat wortelde het Calvinisme in een eigen vorm van religie, en ontwikkelde zich uit dit eigenaardig religieues besef, eerst een Teologie, daarna een eigen Kerkorde, en voorts een eigen vorm voor het staatkundig en maatschapyk leven, voor de opvatting der zedelijke wêreldorde, voor de verhouding tusschen natuur en genade, tusschen Kerk en Staat, en ten slotte voor kunst en wetenschap; en toch blijft het in alle deze levensuitingen het eene en zelfde Calvinisme, overmits alle deze ontwikkelingen

gelijkelijk en spontaan uit een zelfde levensbeginsel voortkwamen.”

[GV Julie 1933:261]

Vorster het verskeie artikels geskryf oor die Calvinisme. In die *Gereformeerde Vaandel* van Julie 1934 verskyn ook alreeds uit sy pen die eerste van ’n reeks artikels met as opskrif: “Calvinisme as vertolker van die Leer van Christus” [GV Deel 2;no 7; Julie 1934:214; Deel 2, no 8, Aug 1934: 238 en Deel 2, no 9, Sept 1934:273]

6.7.2 Voortgang van Liberalisme in Kerklike geledere en aanloop tot die klag teen prof Johannes du Plessis.

Soos in die vorige eeu was liberale sienings in kerklike geledere nog steeds die oorsaak van baie stryd, tweedrag en selfs hofgedinge in die Ned Geref Kerk. Elke keer het dit gepaard gegaan met groot hartseer en kostes. Een van die bekendste sake in dié verband was die wat later bekend sou staan as die Du Plessis-saak. Dis ’n saak wat gedurende die studiejare van Koot Vorster die kerk se aandag gevra het en waarvan die wortels tot in vorige eeu gestrek het met die opkoms van liberalisme in Suid-Afrika. Vir die behoudende Koot Vorster was die opkoms en voortgang van die liberalisme ’n doring in die vlees en iets wat hy die res van sy lewe sou beveg.

Die kerkhistorikus, prof Tobie Hanekom, het in ’n grondige studie die opvatting weerlê wat die laat negentiende eeu as ontstaanstyd van die liberale rigting in Suid-Afrika wil aandui. Hy haal prof Hofmeyr aan wat reeds in 1860 verklaar het dat, ”die liberalisme al lank deurwerk in die Kaapse Kerk” [Hanekom 1951:157]

Die Sinode van die Kaapse Kerk het in 1854 reeds verklaar: “ Vele en groot zijn de pogingen die in werk gesteld worden tot verspreiding van zielverderfende dwalingen, die des te gevaarliker zijn, omdat zij in vele gevallen, met waarheid vermengd zijn” [Hanekom 1951:157] Dieselfde sinode



het lidmate aan hul doopbelofte herinner en gewaarsku: “Ziet dan toe, dat gij niet met allen wind der leer wordt omgevoerd; wees voorzichtig, tenopzichte van de boeken, die gij zelve in handen neemt, of die in de handen uwer kinderen gesteld worden, en herinnert u steeds de belofte door u bij den doop afgelegd, getrouw te zullen zorgen, dat zij in de zuivere leer onzer Gereformeerde kerk opgevoed zouden worden.” [Hanekom 1951:157]

Reeds in 1849 beweer ds G W A van der Lingen: “naar mate de Europesche verlichting en beschaafdheid het Zuiden van ons land innemen, begint er de godsdienstigheid te verhuizen” [Hanekom 1951:157] Die Europese verligting was reeds in die land en het begin om sy stem dik te maak.

Volgens Hanekom het die liberalisme in die gedaante van die gees van verdraagsaamheid gekom en vir die bevordering van hierdie verdraagsaamheid is Christus self as voorbeeld voorgelou. [Hanekom 1951:158] In hierdie gees van verdraagsaamheid moes daar ruimte gemaak word vir die andersdenkende en kom hierdie gesindheid na vore in ´n aanhaling wat Hanekom gee:”Gelukkig voor ons, vormt de godsdienst hier geene grond van onderscheid, en Roomsche gezinden en Protestanten zetten vergenoegd in elkanders gezelschap hunnen reis Hemelwaarts voort.” [Hanekom 1951:159]

Die Du Plessis-saak, “...wat sy nasleep in die geregshof gehad het en die groot kerklike publiek in beroering gebring het, het gegaan oor ´n leergeskil.” [Van der Watt 1987:164] Prof Johannes du Plessis, hoogleraar in Nuwe Testament aan die Teologiese Seminarium, is op 26 Maart 1928 deur die Kuratorium by die ring van Stellenbosch van onregsinnigheid aangekla. Dit was die begin van ´n stryd wat eers op 10 November 1932 deur die Kaapse Sinode finaal afgesluit is. Hierdie optrede het deel geword van ´n bittere stryd van “vier-en-´n-halwe jaar van drama vol spanningsvolle bedrywe, waarin verdriet en verbittering, hartseer en onenigheid ´n verneme rol gespeel het en

waarin 'n skerp skeiding tussen aanhangers en teenstanders gevorm is.” [Van der Watt 1987:164]

Hierdie leergeskil het geweldig baie spanning en “groot beroering” [Van der Watt 1987:164] in die kerk en land verwek. In 'n persoonlike gesprek met prof Ben Marais:1993] het hy die beroering en bitterheid wat hierdie gebeure meegebring het benadruk en daarop gewys dat dit die kerk tot in sy grondslae geskud het. Die ou Ned Geref Kerk van sy kinderdae was na die Du Plessis-stryd nooit weer dieselfde nie. Naas die hartseer wat sulke gebeure uit die aard van die saak op lidmate se gemoed lê, het die kerkstryd se totale koste van 15 326 pond [Malan 1933:273] 'n geweldige finansiële las op die kerk gelê - 'n kerk wat reeds gesteier het onder die grootskaalse armoede waarin haar lidmate hulle bevind het.

Kerkhistorici wys daarop dat dr Johannes du Plessis reeds so vroeg as in 1912 as lid van die redaksie van *Die Kerkbode* daarop aangedring het dat, “die predikante van die Ned Geref Kerk soms op die kansels die resultate van die ‘Hoër Kritiek’ moet behandel met die doel om op die wyse die studerende jeug te bevredig.” [Van der Watt 1987:164]

So skryf Du Plessis in *De Kerkbode* van 28 November 1912:

”Met alle ernst vragen wij of de prediking welke wij van onze kansels heden ten dage vernemen berekend is om de verstandelijke en geestelijke behoeften van het opkomend geslacht te bevredigen. Wij vragen of onze leeraren genoeg beseffen dat er een geest van onderzoek en gisting in onze jongelingschap werkt, die ze ver van het Christelijke geloof kan doen dwalen, indien zij niet tijdig gehopen en voorgelicht worden.”

[Malan 1933:22]

Ten spyte van die feit dat hierdie uitsprake tot ontevredenheid in sommige kerklike geledere gelei het en selfs tot 'n formele klag by die ring van die Paarl, is Du Plessis enkele jare later tot hoogleraar aan die Kweekskool beroep en bevestig. [Van der Watt 1987:165] Sommige was baie tevrede met Du Plessis se verkiesing as hoogleraar. Dit was vir diesulkes 'n bewys dat die Kerk nie in enge konserwatisme verval het nie. [Malan 1933:38] Die vrees wat sommige gehad het dat die Kuyper-rigting in die Kaapse Kerk aan die toeneem was as gevolg van verskeie jong leraars wat hulle doktorsgrade aan die Vrije Universiteit verwerf het, was besweer. [Malan 1933:40]

Deurdat die "Kuyper-rigting" die aftog geblaas het, was die deur groter oopgemaak vir die kollegialisme binne die Ned Geref Kerk. Die verloop van hierdie gebeure was tot nadeel van die kerk se kerkregtelike ontwikkeling en word tereg deur gereformeerde kerkregkundiges betreur.

Met dr Gerdener se vertrek aan die einde van 1920 het die teologiese maandblad *Het Gereformeerde Maandblad* tot 'n einde gekom. Vir Du Plessis het dit 'n leemte geskep wat hy wou aanspreek, maar eers in Januarie 1923 slaag hy daarin om met 'n nuwe blad na vore te kom. Hy vra verskoning dat hy as gevolg van omstandighede nie vroeër die blad kon uitgee nie. Die naam van die nuwe blad was *Het Zoeklicht* en daarin het Du Plessis sy beskouings voortgesit tot sy laaste verskyning in 1935. [vgl Malan 1933:52]. In hierdie blad van Du Plessis het hy sake soos die Hoër Kritiek, inspirasieleer van die Bybel en goddelike gesag van die Here Jesus voortgesit "en meestal was sy beskouinge in stryd met die standpunte van die kerk." [Van der Watt 1987:165]

Professor du Plessis het met 'n inspirasieleer na vore gekom en verkondig wat daarop neergekom het dat die Bybel slegs met gesag spreek wanneer dit by die saligmakende kennis kom, maar dat baie historiese, geografiese en chronologiese feite in die Skrif nie noodwendig juis is nie. Dit was dan ook die kern van die klag waarmee die Kuratorium vir Du Plessis formeel aangekla het

by die Ring van Stellenbosch wat op 14 Augustus 1928 te Caledon in sitting gegaan het. [vgl Van der Watt 1987:166]

Buiten sy inspirasieleer het hy ook nog 'n afwykende histories-kritiese standpunt t o v die Ou Testament na gehou deurdat hy ontken het dat Moses die outeur van die Pentateug was. [vgl Van der Watt 1987:166]

Du Plessis het blykbaar ongesteurd voortgegaan om sy standpunte te stel deur enige medium wat hy tot sy beskikking gehad het. In sy blad *Het Zoekligt* het hy as redakteur 'n groot getal gerespekteerde teoloë en predikante as medewerkers gehad wat sy standpunte gedeel het. Hulle medewerking het uit die aard van die saak geloofwaardigheid gegee aan baie van sy uitsprake.

Daar was duidelik 'n groot leemte in die geledere van diegene wat van Du Plessis en sy blad verskil het. Die enigste uitweg was om ook met 'n mondstuk te begin waarin hulle die standpunte wat in *Het Zoekligt* verskyn het kon bespreek en weerlê waar nodig.

So 'n orgaan het op die toneel verskyn en wel op 15 Junie 1926 toe die blad *Die Ou Paaie* met dr D R Snyman as redakteur verskyn het. Hierdie blad het net so 'n sterk span teoloë en predikante as medewerkers gehad sodat die tafel behoorlik gedek was vir debatvoering. Uit die twee blaaië se artikels en die korrespondensie in die onderskeie kerklike blaaië was dit duidelik dat daar, “verskil van opvattinge binne die geledere van die Ned Geref Kerk was en twee duidelike rigtings het begin sigbaar word - elke rigting met sy eie woordvoerders.” [Van der Watt 1987:165]

In die eerste uitgawe van *Die Ou Paaie* beskryf die redakteur die doel van die nuwe blad as volg:

“Daar bestaan nie nou vir ons Kerk 'n blad wat die positiewe rigting wetenskaplik voorstaan nie. Is dit nie vreemd dat ons wat as Kerk nog vashou aan die absolute gesag van die Heilige Skrif, nie 'n wetenskaplike blad het wat daardie standpunt

onomwonde handhaaf? Vir `n lang tyd het ons stil gesit. Al meer en meer het die stroom van vrysinnigheid en afwykende rigtinge sterker geword, en tereg was die vraag gedaan: ‘Waar dryf ons heen?’ Die toestand van sake is te wyte aan die gebrek aan inisiatief. Die rede hiervoor is maklik om aan te wys. Dit is omdat dit ons ontbreek het aan `n blad met `n prinsipiële standpunt. Een van ons vooraanstaande teoloë het aan ons geskryf: ‘ Voor onse oë is daardie gety van liberalisme in die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan die kom. Daarteen kan myns insiens alleen deur `n blad van positiewe toon `n doeltreffende teëwig gebied word.’

[Snyman *Die Ou Paaie* Junie 1926:1]

Prof E E van Rooyen was `n sterk medewerker van *Die Ou Paaie*. Vir die jong Vorster was hy meer as `n mentor, “sy geliefde prof E E van Rooyen, het `n onuitwisbare stempel op hom afgedruk.” [Potgieter *NGTT* September 1979:272] Prof Van Rooyen het ook nie op hom laat wag nie en in `n artikel wat in Desember 1926 verskyn is `n artikel van hom onder die opskrif: “Enige gevare aan die Hoër Kritiek verbonde” Daarin skryf hy onder andere:

“Dit is bekend dat daar gedurende die laaste 18 maande in die geledere van die Nederduitse Gereformeerde Kerk propaganda gemaak word vir die sogenaamde ‘nuwe oriëntering’. Daartoe dien as orgaan ‘*Het Zoeklight*’. Niks sal blykbaar vir die drywers van daardie propaganda aangenamer wees nie as dat die ganse Nederduitse Gereformeerde kerk so spoedig moontlik die doop van Evolusionisme en Hoër Kritiek sal ondergaan.”

[Van Rooyen *Die Ou Paaie* Des 1926:157]

6.7.3 Vorster neem standpunt in teen prof Johannes du Plessis

In die Du Plessis-saak het dr Koot Vorster homself ook op die toneel bevind. Reeds in sy eerste jaar aan die universiteit is hy met hierdie stryd en sy



uiteenlopende standpunte gekonfronteer. Getrou aan sy geaardheid en gesien teen die lig van sy opvoeding sou hy nie in so 'n belangrike saak neutraal kon bly nie. Dit was net nie soos Koot Vorster was nie. Vir hom wat enige saak net as swart of wit gesien het sou 'n afsydige houding in so 'n belangrike teologiese debat bykans onmoontlik wees.

Hierdie tydperk was, om die minste te sê, hoogs verwarrende tye vir die teologiese studente. Teologiese dosente, predikante en lidmate het mekaar oor en weer in die kerklike blaaië sowel as in die dagpers aangeval en mekaar selfs tot in die burgerlike hof gaan bestry. Dat sommige studente in hierdie slegte omstandighede hulle teologiese studies opgeskort het is maklik om te begryp. Koot Vorster sou dit egter nie doen nie. Dit was nie in sy aard om in krisis tye uit te wyk en die storm te omseil nie. Getrou aan homself sou hy ook nie neutraal kon bly nie. Hy het voortgegaan en homself op hoogte van die onderskeie verskille gebring.

Voortbouend op sy agtergrond en na deeglike studie het hy hom aan die sy van sy geliefde professor Van Rooyen, vir wie hy so 'n groot agting gehad het, geskaar aan die kant van diegene wat Du Plessis van onregsinnigheid beskuldig het.

Vorster het die dwaling fel gekritiseer: "Die inspirasieleer is aangetas en die mens moes maar in die Bybel soek na goddelike waarhede. Met behulp van die hoër kritiek is die Bybel ontleed en is daar probeer om waarheid van leuen en goddelike van mensewerk te skei. Die Bybel is nie weggegooi nie maar versnipper. Die Skrif het nie oor die mens geoordeel nie, maar die mens oor die Skrif. Die verligte verstand was die hoogste beginsel en die oordeelsnorm. En die ergste van alles: Christus is nog aanvaar. Daar is selfs boeke oor hom geskryf. Maar Hy was nie meer die Seun van God nie, maar blote mens.

Hy is van Sy goddelike eienskappe gestroop. Hy was net 'n mooi voorbeeld en toonbeeld van weekheid en bleke liefde, maar nie 'n verlosser deur plaasvervangende lye nie. “

[Vorster in Dreyer 1977:32]

Prof Ben Marais sê in 'n onderhoud dat die studente wat teen prof du Plessis standpunt ingeneem het na Koot Vorster opgesien het vir leiding. Vorster het dus nie net kant gekies nie, maar ook aktief leiding geneem in die verwickelinge. [Marais 1993] Aan die ander kant het prof du Plessis se ondersteuners in die studentekorps weer na Marais opgesien vir leiding. Vorster en Marais sou hierna vir die res van hulle studiejare in min of meer twee kampe bly met min wedersydse kontak. “Die bepaalde keuse wat Vorster in die Du Plessis-saak gemaak het en aktief ondersteun het, het Vorster in sy latere lewe baie bevoordeel”. Dit is die mening van Marais [1993] want volgens hom was Vorster in die Ringsittings en Sinodes wat sou volg maklik aanvaar omdat hy dit gesê en gepropageer het wat die Afrikaner-Broederbond, die Nasionale Party en die grootste persentasie lidmate in die Ned Geref Kerk op daardie stadium wou gehad het.

Marais, aan die ander kant, het weer 'n opdraande stryd in die vergaderings gehad omdat dit wat hy gesê het ongewild was op daardie stadium. Daarvoor het hy 'n prys betaal deurdat hy, volgens homself, uitgeskuif is uit die kerk se leierskorps. Marais het inderdaad nie gedurende sy bediening enige noemenswaardige leiersposisies in die kerk bekleed nie. Volgens hom het die wiel egter gedraai want in 1993 was hy van mening dat al meer en meer teoloë in die Ned Geref Kerk die insigte van prof Johannes du Plessis begin insien en ondersteun. Daarby is daar ook 'n toenemende getal mense wat vir hom, wat Marais is, van hulle instemming verseker. Daarom het hy geglo dat Koot Vorster, indien hy nog geleef het, in 1993 min ondersteuning vir sy standpunte in 'n sinode van die Ned Geref Kerk sou gekry het. [Marais 1993]

Tog glo hy saam met baie ander van sy vriende dat Vorster selfs in sulke tye nie sy lidmaatskap van sy geliefde kerk die Ned Geref Kerk, waarin hy soveel jare gedien het, sou verlaat nie. Volgens hulle sou hy eerder getrou bly aan sy kerk en daarbinne bly werk. Dit was Marais se standpunt ten opsigte van Vorster. Die interessante feit is egter dat daar ses jaar na Vorster se afsterwe, en wel op 4 Februarie 1988, in die huis van sy weduwee 'n inligtingsvergadering gehou is met die oog op die stigting van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk in Steynsburg. [Adendorff e a 1997:258] Met die stigting van die Afrikaanse Protestantse Kerk Steynsburg kort daarna en wel op 6 Maart 1988, was Koot Vorster se dogter, Hannie Steyn, dan ook 'n stigterslid. [Adendorff e a 1997:258] en het sy daarna, saam met van die ander Vorster-kindere, aktiewe lidmate van hulle nuwe kerk geword en gebly. Prof Brown meen daar is fasette van die sg Du Plessis-saak wat nog krities en wetenskaplik verantwoord moet word. So ook die invloed wat dit op die Kerkreg binne die NG Kerk gehad het.[Brown in *NGTT* 1979:289]

6.8 VERDERE POGINGS VIR KERKHERENIGING

6.8.1 Sinode van Natal 1928

Vir hierdie sinode was die saak van vereniging nog steeds groot erns maar is daar besluit om dit liever te laat aangesien daar nie eenstemmigheid is nie. [Van der Watt 1987:7]

6.8.2 Federale Komitees

Die verenigingspogings het vir 'n aantal jare nie meer op die sakelys van die Raad van Kerke voorgekom nie maar die strewe na een sinodale verband het egter bly voortleef. Iets wat hierdie ideaal verdere stukrag gegee het, was die totstandkoming van federale komitees. Hierdie federale liggame het bestaan uit afvaardigdes van die verskillende sinodes en was o a die Gefedereerde Sondagskoolkommissie wat in 1925 gestig is, die Armesooraad (1933); Sendingraad (1942); Jeugraad (1945) Raad vir die Bestryding van

Maatskaplike Euwels (1946) en Evangelisasieraad (1952). In hierdie rade se werking is die “geestelike arbeid van die afsonderlike Sinodes saamgebind” [Van der Watt 1973:157] en is “praktiese vorme vir samewerking gevind”. [Van de Watt 1987:8]

6.8.3 Raad van Kerke vergadering 1929

By hierdie vergadering was die teleurstelling weer groot. “Die Raad het sy teleurstelling uitgespreek oor die feit dat die Natalse Sinode van 1926 om met die Transvaalse Kerk te verenig, sowel as die besluit van 1927 ná onderhandeling met die Transvaalse Kerk, om te verenig mits die kerkrade sou toestem, afgestem het.” [Van Staden 1973:417; vgl Van der Watt 1987:8]

6.8.4 Sinode van Transvaal 1931

“Nog in 1931 het ook die Transvaalse Sinode besluit op ‘revisie’ van die wetboek...met die uitdruklike bedoeling om die geref. beginsels tot hulle reg te laat kom “ [Brown 1979:291]

Gedurende hierdie tyd word die verskynsel ondervind dat die verenigingspogings vir ´n aantal jare nie meer op die sakelys van die Raad van Kerke verskyn het nie. Die werking van die federale komitees sou egter sorg dat die strewe na een sinodale verband lewendig bly.

6.9 SAMEVATTING

Gedurende Koot Vorster se studentejare is hy saam met sy medestudente aan die diep kant ingegooi toe hulle moes beleef hoe hul dosente mekaar die stryd aansê oor belangrike teologiese kwessies. Reeds in die briefwisseling tussen prof Johannes du Plessis van Stellenbosch en prof John du Plessis van Potchefstroom het Koot Vorster vir homself die saak uitgemaak en het hy hom as jong kerkregstudent meer tuis gevoel binne die geledere van prof John du Plessis. In hierdie proses het sy mentor prof E E van Rooyen sekerlik nie ´n geringe rol gespeel nie.



In die sogenaamde Du Plessissaak wat sou volg het hy dus ook gekies teen die rigting van prof Johannes du Plessis en aktief onder die studente leiding geneem. Dwarsdeur sy lewe sou hy ook die stryd aanknoop teen enige liberale standpunt. Wat die insypeling van kollegialisme in die kerk betref het hy dit met alle mag teegestaan alhoewel hy soms die indruk geskep het dat hy dit, teen sy aard in, met handskoene hanteer. Daar was ook enkele gevalle waar hy met sy toegeeflikheid aan ander gereformeerde beskouings die indruk geskep het dat hy die verskille geignoreer het. Dis ook 'n gesindheid wat 'n mens nie van hom sou verwag het nie.

Die feite is egter dat Vorster uit sy siening van wat gereformeerde kerkreg behels en sy agting vir die Dordtse Kerkorde homself bewys het as 'n behoudende gereformeerde kerkregkundige.

HOOFSTUK 7

KOOT VORSTER SE EERSTE JARE IN DIE BEDIENING EN SY OPGANG AS KERKLEIER

7.1 KOOT VORSTER AS PREDIKANT BEVESTIG TE DE NIEUWE KERK

In 1935 is Koot Vorster na De Nieuwe Kerk, Kaapstad beroep en hy het dit aangeneem. Die Kerkbode het die aankondiging gedoen: “Daar al die stukke insake die beroep van Eerw Prop Jacobus Daniël Vorster tot tweede predikant van De Nieuwe Kerk, Kaapstad in orde is [Art 193], so word die beroep hiermee kerklik goedgekeur. P B Ackermann Voorsitter Ring van Kaapstad 12 Junie 1935. [Kb 19 Junie 1935:1142]

In *Die Kerkbode* van 24 Julie [Kb 1935:142] word kennis gegee van die ordening en bevestiging van “Eerw Prop Jacobus Daniël Vorster, B A wat op Saterdag 10 Augustus om 3-uur georden en bevestig gaan word as medeleraar van De Nieuwe Kerk. Ds Tobie Kotze sal die bevestigingsrede uitspreek.” [vgl ook Kb 31 Julie 1935:189] Die dag na sy bevestiging, en wel op 11 Augustus, verklaar die Voorsitter van die Ring van Kaapstad: “Daar Eerw Prop J D Vorster op Saterdag 10 Augustus, georden en bevestig is tot medeleraar van die Nieuwe Kerk, word hy hiermee verklaar lid te wees van die Ring van Kaapstad [Art 206] P B Ackermann Voorsitter van die Ring Kaapstad 11 Augustus 1935 “ [Kb 21 Augustus 1935:345]

Die Kerkbode het berig oor die plek waar Vorster sou arbei: “Nieuwe Kerk Kaapstad - Proponent J D Vorster is II Saterdagmiddag georden tot medeleraar met ds P.B.Ackermann. Hy sal meer bepaald werksaam wees in die Hertzogsaal, Buitekantstraat.” [Kb 14 Augustus 1935:302] Die jong Vorster moes dus sy ouer kollega ds P B Ackermann, op daardie stadium ook

voorsitter van die ring, veral in die Duiwekop-wyk help.

Alhoewel Vorster 'n sterkgeboude jongman was, was hy ongelukkig om reeds op daardie jong ouderdom langdurige ongesteldheid deur te maak en vele operasies te ondergaan. Die baie operasies het veroorsaak dat sy maag en borskas later soos 'n padkaart gelyk het vanweë die baie snye wat kruis en dwars oor sy bolyf gestrek het. Tydens een van die operasies het hy volgens die snydokter onder die operasie “gesterf” en het die chirurg die teaterpersoneel versoek om die “lyk” se buik toe te werk voordat hy tot in die gang uitgestoot is. In Vorster se eie woorde is sy buik vervolgens slordig “toegewerk soos die gewoonte was om 'n koringsak met min en groot steke toe te werk”. Volgens dokters was sy kans om gesond te word gering en die gevolg hiervan was dat hy vir die res van sy lewe elke dag dele van sy bolyf in verbande moes toedraai.

Waarom dit hier gemeld word is omdat dit merkwaardig is dat hierdie siek jong man vir 45 jaar in aktiewe en veeleisende bediening kon staan as predikant en kerkleier sonder dat mense bewus was van die verbande wat hy daagliks moes dra. Dat Vorster hierdie “doring in die vlees” op so 'n lydsame wyse kon dra dat die grootste deel van die kerkpubliek onbewus was daarvan, was vir homself 'n rede tot groot dankbaarheid maar terselfdertyd 'n getuienis van die liefde van God wat hom geroep het en vir hom voorsien het in sy daaglikse behoeftes.

Vorster het ten spyte van sy siekte onverpoosd en met groot getrouheid in die gemeente gearbei. Uit gesprekke met gemeentelede blyk dit dat hy deur die genade van God daarin geslaag het om vir langer as vier dekades in een gemeente te bly, as 'n goeie herder tussen dieselfde kudde teen die hang van Duiwekop te bly woon en vars te bly in sy prediking. [Persoonlike onderhoud met Rietmann E 1993]

Die Duiwekop-wyk het hulle eredienste en ander byeenkomste in die Hertzogsaal gehou en sy groei was sodanig dat dit in 1944 as `n selfstandige gemeente met die amper vanselfsprekende naam, Tafelberg, tot stand gekom het met Vorster as hul eerste predikant.

Vorster het algaande deur die gemeentelike bediening en kenmerkende suiwer en reguit prediking, maar ook onder andere deur lesings, artikels, korrespondensie en openbare optredes buite die gemeentegrense bekend geword. Vanaf die gemeente aan die voet van Tafelberg het sy arbeid en invloedseer binne die Kaapse Kerk uitgebrei totdat hy later deur sitting op rade en kommissies `n invloedryke figuur in die Ned Geref Kerk geword het. Binne die kerkverband het lidmate vir hom groot respek gehad en al meer en meer aan hom die geleentheid gegee om sy talente in te span en sy invloed binne die Ned Geref Kerk te laat geld. In hierdie verband word in besonder gedink aan sy betrokkeheid by die Kaapse Ring, die Raad van Kerke, die Kuratorium van die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, die Kaapse Sinode, *Die Gereformeerde Vaandel*, *NGTT*, *Die Kerkbode* en die Algemene Sinode. Sy leierskap in die aanloop tot kerkherstel in 1962 was voortreflik en sy opstel en bekendstelling van die kerkorde het groot agting in die kerk afgedwing.

Vorster se ordening te De Nieuwe kerk was slegs `n paar jaar na die Ned Geref Kerk se uitgerekte en duur hofspraak met professor Johannes du Plessis. Daarby was groot getalle van haar lidmate ook nog in die grootste armoede gedompel vanweë die depressie en kort daarna sou `n wêreldoorlog gevoer word wat die kerklike gemeenskappe in Suid-Afrika nie ongeskonde gelaat het nie.

In hierdie traumatiese gebeure het die lidmate opgekyk na die kerke en in besonder die Ned Geref Kerk vir leiding en hulp. Hierdie hulp was geestelik maar ook in `n groot mate op die terrein van algemene welsyn en die getuienis



is daar vir almal om te sien dat die kerk deur pastorale sorg en met behulp van haar talle welsynsorganisasies haar lidmate nie in die steek gelaat het nie. Daarvan getuig ook o a die Handeling van die onderskeie sinodes van daardie tyd en, alhoewel dit buite die doel van hierdie studie lê, vorm dit `n belangrike deel van die Ned Geref Kerk se geskiedenis.

Wat die kerkregtelike sake betref was die Ned Geref Kerk in die woorde van prof E Brown besig om “sy regering voortgaande te verwerk. Sy geskiedenis en teologiese uitgangspunte is verantwoord. Kerkregering is gepaar met kerkregtelike besinning. Daarvan lewer die bediening van dr J D Vorster bewys.” [NGTT Sept 1979:277]

Die Ned Geref Kerk sou in `n belangrike negentiende eeu talle uitdagings die hoof moes bied en homself verantwoord. [Van der Watt 1980:1] Op die kerkregtelike terrein was dit veral twee sake wat die Ned Geref Kerk gedurende die 19de en die 20ste eeu sou besighou t w om los te kom van die onderhorige posisie ten opsigte van die owerheid en om die kerkverband wat in 1862 verbreek is weer te herstel.

Wat die staat se houvas op die kerk betref, het dit veral in later jare gegaan oor die herroeping van Ordonansie no 7 van 1843 wat as wet nog steeds die steen des aanstoots was. Wat die kerkhereniging betref, het die verlange na verlore eenheid uitgeloop op die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962. Hierdie twee groot sake op die kerklike terrein het albei op die tafel van meerdere vergaderings beland gedurende Koot Vorster se lang bediening. Dat hy dit beleef het en met entoesiasme en oorgawe ´n groot en leidende rol daarin gespeel het is in hierdie studie van belang.

Die eenheid van die kerk is steeds onderling gesoek deur die Ned Geref Kerke wat in gemeentes vermeerder het en dit al moeiliker gevind het om groot sinodesittings te akkomodeer. [Brown in NGTT 1979:320]

Intussen het die Ring van Kaapstad se 84ste sitting vanaf die 9de tot die 11de September 1935 in Simonstad plaasgevind [Kb 11 September 1935:520] en dit was die nuwe predikant van De Nieuwe Kerk se eerste ringsitting. Hy verskyn ook op die foto wat in *Die Kerkbode* verskyn. [Kb 18 September 1935:551] By hierdie eerste Ringsitting wat Vorster bygewoon het is hy verkies op die Armsorgkommissie en die C J - en C S-Vereniging. [Kb 30/10/1935:832]

Baie van die jong predikant van Tafelberg se sienings ten opsigte van kerkregtelike sake het voorgekom in sy betrokkenheid in briefwisseling oor kerkregtelike sake. Een so 'n geval was sy deelname in die briefwisseling wat iemand onder die skuilnaam "Bekommerd" vir 'n paar maande in *Die Kerkbode* gevoer het.

Die eerste brief van "Bekommerd" het in *Die Kerkbode* verskyn 'n maand nadat Vorster as predikant georden is. Al wat die briefskrywer bereid was om van homself te sê, was dat hy van Kaapland was, maar uit die trant van sy briewe kon afgelei word dat hy 'n ouer kollega van Vorster moes gewees het. Binne kerklike geleedere was dit 'n belangrike briefwisseling want alhoewel dit die gevaar ingehou het dat dit baie lidmate sou kon verwar, het dit die positiewe uitwerking gehad dat mense se beskouings oor belangrike sake geopenbaar is. Dit het ook aan kerkregkundiges die geleentheid gegee om daarop te reageer. Getrou aan sy aard het Koot Vorster aan hierdie briefwisseling deelgeneem en 'n behoudende kerkregtelike stem laat hoor.

Onder die opskrif: "Christus die deur: twee Rigtinge van die Calvinisme" verskyn die eerste brief van "Bekommerd" op 25 September 1935. Dit was egter net die begin want heelwat briewe sou later hierop volg. [vgl *Die Kerkbodes* 25 Sept 1935:637; 2 Oktober 1935:680; 9 Oktober 1935:729; 16 Oktober 1935:774]

Volgens "Bekommerd" bestaan daar twee rigtinge van die Calvinisme en hy

beskryf dit soos volg: “Die suiwer evangeliese rigting van die Calvinisme, wat ons Kerk vir ’n driekwart eeu gekenmerk het, en die Neo-Kalvinistiese rigting, wat in die jongste kwarteeu (hoogstens) vir hom in ons land laat geld het.”

[Kb 23 Oktober 1935:822]

“Bekommerd” noem die feit dat die Ned Geref Kerk volgens hom geleidelik van gedaante verander - minder in die leer self as in die toepassing en aanpassing daarvan in die lewe. Die een rigting vind sy beliggaming in die, wat hy noem, Enkel Geref Kerk en die ander in die Ned Geref kerk. Albei sê hulle is volbloed Calviniste. Elkeen het sy eie intepretasie van Calvyn. In die laaste tien of vyftien jaar is daar volgens hom “geweldige magte aan die werk om ons Ned Geref Kerk van ons eie karakteristieke kenmerke te beroof en al meer en meer Enkel-Gereformeed te laat word.” [Kb 25/09/1935:637]

Sy aanvoeling was “Die Ned Geref Kerk word veral gekenmerk deur sy sterk Evangeliese rigting, wat hy deur woord en daad handhaaf, terwyl dit stellig nie die uitstaande kenmerk van die (Enkele) Gereformeerde Kerk is nie “ [Kb 25/09/35:637] Hy gee toe dat dit daar nie absolute onderskeid is nie maar slegs heersende rigtinge. Die Evangeliese gesindheid is binne die Ned Geref Kerk in 50-60 jaar en het lede van die kerk tot groot dade aangespoor.

Volgens “Bekommerd” verhef die Enkel Geref Kerk die Wet terwyl die Ned Geref Kerk die Evangelie verhef; die Enkel Geref Kerk verhef die Ou Testament en die Ned Geref Kerk die Nuwe Testament; die Enkel Geref Kerk is meer wetties terwyl die Ned Geref Kerk meer Evangelies is. Hy sê ’n sterk Evangeliese gees het die Ned Geref Kerk groot en roemryk gemaak - ook in die buiteland onder al die Evangeliesgesinde kerkgenootskappe sodat die Ned Geref Kerk in die buiteland beskryf word as die “mees Evangeliese kerk in die wêreld” [Kb 25/09/35:638] “Amper alle persone wat op die gebied van die Kerk en van die geestelike lewe in die ander lande geprester het, het vir hulle aangetrokke gevoel tot die Ned Geref Kerk van Suid-Afrika en het die Kerk



geroem” [Kb 25/09/35:638]

In ’n opvolgbrief wend “Bekommerd” hom spesifiek tot die terrein van die kerkreg. “Ook in die idee van die Kerk vind ons twee sterk belynde rigtinge van die Calvinisme. Dit bring ons op die gebied van die Kerkreg.” [Kb 2/10/35:680] Hy erken dat hy nie goed onderleg is in die Kerkreg nie, maar weet “in die Ned Geref Kerk word daar sterk onderskeid gemaak tussen Kerk en gemeente. Die gemeente is die kleinere liggaam wat deur bepaalde grense die een van die ander geskei is. Die Kerk daarenteen is die vereniging, ’n noue aaneensmelting van die verskillende gemeentes.” [Kb 2/10/35:681] In die (Enkele) Gereformeerde Kerk bestaan die onderskeid nie, of altans lank nie in dieselfde mate as by ons nie. Wat ons gemeente noem, noem hulle Kerk.” [Kb 2/10/35:681]

“En elkeen van die Kerke (by ons gemeentes) is outonoom, d w s heeltemal selfregerend. Daar bestaan ’n soort van kerkverband tussen die verskillende Kerke (gemeentes) maar die verband is baie los. Die een het eintlik geen seggenskap oor die ander nie - elkeen is sy eie baas. Dat sodanig ’n liggaam (as daar dan in hierdie geval in die geheel sprake van ’n liggaam kan wees) nooit iets groots tot stand kan bring nie, spreek amper vanself. “ [Kb 2/10/35:681] In die verband wys hy daarop hoe iets soos sendingwerk bv. dan daaronder kan ly. “Hoe anders by ons”, gaan hy verder. “Die verskillende gemeentes vorm die Kerk. Of miskien is dit beter so uitgedruk: die Kerk bestaan uit verskillende gemeentes en daardie liggaam, die Kerk, verenig hulle kragte om sekere groot dinge te onderneem en tot stand te bring, waarvan die sending maar net een is. Die gemeentes onderwerp hulle aan die gesag van die verenigde liggaam, en hulle werk saam en trek saam en oorwin saam! Daar is eenheid van wil, eenheid van doel, eenheid van strewe.” [Kb 2/10/35:681]

Oor lidmaatskap van ’n kerk sê “Bekommerd”: “ek het dit nooit anders as so



verstaan nie, dat iemand in die eerste plaas 'n lidmaat word van die Kerk, en slegs in die tweede plaas 'n lidmaat van die bepaalde gemeente. En ek meen dat dit die standpunt van die Hervormde Kerk van Nederland en van al die ander Calvinistiese Kerke van die wêreld, ons eie kerk inklusief, is. Net die (Enkele) Gereformeerde Kerk van Holland en in ons land maak hierop 'n uitsondering." [Kb 2/10/35:681] Hiermee het "Bekommerd" op 'n eerlike en uitdagende wyse die tipiese trekke van die Kollegialisme soos wat dit in sy kerkverband voorgekom het uiteengesit en verdedig.

Hy het homself nog dieper in die moeilikheid begewe toe hy met verwysing na die sinode verklaar: "Die (Enkele) Gereformeerdes dryf die spot met ons sisteem en by name met ons Sinode, wat ons as die hoogste regerende liggaam van ons Kerk beskou en eer. Hulle maak groot beswaar teen die uitdrukking hoëre en laere kerklike besture. Smalend spreek hulle soms van ons Sinode as die Protestantse Pous." [Kb 2/10/35:681] Die "(Enkele) Gereformeerdes" was natuurlik reg toe hulle die spot gedryf het met die tipiese Kollegiale trekke binne "Bekommerd" se kerkverband.

Oor die gereformeerde kerkregering sê "Bekommerd": "Hulle boog daarop dat hulle kerkregering ongeskonde rus op die Kerkorde van Dordt. Ons doen dieselfde. Maar ons doen dit volgens ons interpretasie van die Kerkorde." Hy verduidelik verder: "Ons kerkregering is gebaseer op die Kerkorde van Dordt.

Soos dit in die loop van jare gewysig en aangepas is op ons tyd en die omstandighede, waarin ons verkeer. En ek meen dat ons die volste reg daartoe het." [Kb 2/10/35:681] As "Bekommerd" hier praat van die Kerkorde van Dordt wat "gewysig en aangepas" is om die kerkverband se "tyd en omstandighede" te pas, is dit die Kollegialistiese bagasie wat die kerkverband sedert die Algemeen Reglement van 1824 saamsleep wat hier opdoem.

Die feit dat 'n ouer kollega van Vorster so geglo en geskryf het wys net hoe ver

dinge binne die kerkverband op daardie stadium reeds al versleg het en die probleme wat 'n jong kerkregkundige soos Vorster in die gesig gestaar het. Veral ook as "Bekommerd" verder skryf dat die Skrif, volgens hom, nie in die Nuwe Testament haarfyn beskryf en verorden hoe 'n kerk regeer moet word nie. Paulus gee wel in sy briewe die meeste aanwysings, maar dit was die wording van die kerk en hy is ook in 68 n C oorlede. Uit die aard van die saak was daar toe maar min sprake van 'n georganiseerde kerk of kerkgenootskap. Dit versterk sy siening dat die vorm van kerkregering rekbaar behoort te wees en dat dit moet kan aanpas by veranderende omstandighede van die lewe. Daar moet volgens hom gewaak word teen stagnasie in enige vorm.

"Bekommerd" het dit in *Die Kerkbode* van 9 Oktober [1935: 728-729] oor sigbare en onsigbare of ware kerk gehad toe ander skrywers tot die debat begin toetree het. Ds Nico de Lange en ds J J Krige het op "Bekommerd" se skrywes reageer in die uitgawe van 14 Oktober [1935:773]; ds P W de Lange in die uitgawe van 30 Oktober [1935:883] en nog ander briewe verskyn in *Die Kerkbode* van 6/11/1935:924-926

In *Die Kerkbode* van 16 Oktober [1935:774] skryf "Bekommerd" oor die Doop en ywer vir siele wen wat vervaag omdat die wat uitverkies is in elk geval gered sal word sonder ons bemoeienis.

Hierdie briefwisseling het vir die jong Koot Vorster die geleentheid gebied om baie van sy kerkregtelike standpunte skriftelik in die kerk se amptelike orgaan te laat opneem. Slegs twee maande na sy bevestiging verskyn die jong Koot Vorster se eerste brief in *Die Kerkbode* van 23 Oktober [1935:82] Die moed wat hy gehad het om as jong predikant en aan die begin van sy bediening die pen op te neem teen 'n ouer kollega het by baie respek afgedwing.

In hierdie eerste brief van Vorster vra hy 'n "klein plekruimte" en draai hy geen

doekies om nie as hy “Bekommerd” kritiseer omdat hy “onverantwoordelike dinge op onverantwoordelike wyse gesê en daardeur skeiding en stryd aangebring wat nie op beginsels berus nie” [Kb 23/10/1935:82] Met volkome vereenselwiging met prof Keet verwys Vorster die briëfskrywer na lg se rede: “Na Honderd Jaar.”

Vorster het in die eerste plek gereageer op die briëfskrywer se stelling dat die Nuwe Testament nie die regering van die kerk beskryf en verorden nie.

Vorster haal in die verband vir Keet aan: “Voorop staat dat de Gereformeerde kerkrecht bewust gegrond wil zijn op de beginselen voor de Kerkregering zooals die in het Woord van God zijn neergelegd; dat Woord dan beschouwd niet als ´n codex van wetsartikelen, maar als bevattende zekere beginselen die geldig zijn voor de instituering van de Kerk van Christus” [Kb 23/10/1935:821] Vorster vind dit jammer dat ´n bedienaar van die Woord die Skrifaanwysinge hieromtrent, al is dit volgens hom karig, verwerp ter wille van ´n onskriftuurlike teorie van die genootskapsidee van kerkregering.

In die tweede plek het Vorster gereageer op “Bekommerd” se uitspraak m b t die outomie van die plaaslike kerk. Hierin is Vorster dit ook met sy leermeester eens as hy prof Keet aanhaal: “Beide uit de Schrift. En uit die gesiedenis blijkt ontegenzeggelyk dat de plaatselike gemeente ´n voledige zelfstandige Kerk is, die voor haar bestaan niet afhankelik is van welke algemene instituut ook al , dat eerst aan haar recht van bestaan zou toekennen.” Vorster stel dit ronduit dat diegene wat dit verkondig Rooms is. [Kb 23/10/1935:821] “Ons hele regeringstelsel neem sy uitgangspunt in die outonomie van die plaaslike Kerk; immers die kerkraad het eie mag, die meerdere vergadering afgeleide mag. “Bekommerd” se voorstelling van die algemene liggaam om eenheid te waarborg, rus dan ook op ´n verkeerde begrip van die wese van die Kerk” [Kb 23/10/1935:821]. Vorster haal Keet nogmaals aan: “ Niet het algemeen verband is het eerste, en dan de plaatselike gemeenten, die daaruit ontstaan, maar omgekeerd” [Kb 23/10/1935:821]



Vir Vorster was dit 'n "onvergeeflike dwaling" om te leer dat die Ned Geref Kerk op die standpunt van die Hervormde Kerk van Nederland staan. Hy wys weer na Keet wat self gesê het dat die Ned Geref Kerk se Wette en bepalinge hemelsbreed verskil van die Reglement van die Hervormde Kerk van Nederland. Keet het die kollegialistiese kerkregering van die Hervormde Kerk met die grootste beslistheid verwerp omdat "die idee van die genootskap, wat regeer word deur laer en hoëre besture op die Kerk oorgebring word." [Kb 23/10/1935:821] Vorster gee toe dat die genootskapsidee voor 1870 in teorie 'n mate van ingang in die Ned Geref Kerk gehad het maar "Bekommerd", wat so bekommerd is oor vooruitgang, staan nog stil by 1870 want Keet het reeds gesê: "de genootskapsidee is verdwenen; niet langer is men lid van de genootchap in het algemeen zonder lid van de gemeente te zijn; maar men is lid van de gemeente die staat in het verband van de Ned Geref Kerk in Zuid-Afrika." [Kb 23/10/1935:821]

In die laaste plek wys Vorster vir "Bekommerd" daarop dat die Ned Geref Kerk reeds in 1903 die woorde "hoër en "laer" vervang het met die woorde "meerdere" en "mindere" en die artikel wat aan die Sinode die hoogste wetgewende, regsprekende en besturende mag toeskryf het verval. [Kb 23/10/1935:821]

Met hierdie brief het die jong Vorster bewys gelewer van sy kennis en waardering vir die suiwer Gereformeerde Kerkreg. Veral as hy sy brief afsluit met die mooi weskroep: "... alleen wanneer ons voort stoel op die aan ons eie Gereformeerde wortel, sal ons Kerk sy soewereiniteit in sy eie kring kan behou, en daardeur tot eer van God sy taak volbring." [Kb 23/10/1935:821] Hierdie mooi oproep ten spyt, moes die jong leraar Vorster van Tafelberg seker ook teenstand verwag het. Dit gebeur toe 'n briëfskrywer onder die skuilnaam "Toeskouer" in 'n bedekte verwysing na hom praat van die feit dat daar "predikante (veral jonge) is wat as kampvegters vir die Geref Kerk optree." [Kb 13/11/1935:969]



Vorster reageer weer op “Bekommerd” in ’n brief in *Die Kerkbode* van 13/11/1935:970 waarin Vorster se respek vir sy leermeesters na vore kom. In dieselfde uitgawe skryf “Bekommerd” oor die twee rigtinge in die prediking.

In *Die Kerkbode* van 20 November handel “Bekommerd” se brief oor die sang, maar rig hy hom eers tot die jong korrespondent as hy hom direk aanspreek:

“As die jeugdige broeder vatbaar vir goeie raadgewing is, sal ek hom graag met die volgende raad wil dien. Sal hy tot rus van sy eie gemoed vir hom tog maar nie versoen met die feit nie dat hy tot ’n welgeordende en aaneengeskakelde kerkgenootskap behoort met sy wettig gekonstitueerde mindere en meerdere besture, waarvan die meerdere wel terdeë gesag oor die mindere uitoefen en gehoorsaamheid en onderdanigheid van die mindere eis, en dat hy nie enkel behoort tot ’n gemeente, wat deur silwerdraadjies met 195 ander gemeentes verbind is nie? As hy dit heeltal buite rekening laat, dan kan hy hom baie gou in botsing met die kerklike outoriteite vind, wat vir hom suur te staan kan kom.

[Kb 20/11/1935:1017]

“Bekommerd” vervolg: “Ons het in sulke sake niks met die beskouing van wie dan ook te doen nie, maar met harde feite wat nou eenmaal nie weggeredeneer kan word nie; nie met wat mense wens of oordeel dat die kerkregering moet wees nie, maar met wat dit is, daarmee het ons dit te doen. Ons kerkgenootskap vorm ’n geheel, delende in mekaar se vreugde, delende in mekaar se smart en hy hoef tog nie te dink dat ons dit vir enige ander stelsel sal verruil nie. Hy moet maar probeer om die verandering in enige kerklike vergadering voor te stel en dan – wel, ek sal liever nie sê wat sal gebeur nie.”

[Kb 20/11/1935:1017]

“Nog die ander dag” gaan ‘Bekommerd’ voort, “het ’n vooraanstaande predikant van die Presbiteriaanse Kerk een van ons vooraanstaande predikante op sy kantoor besoek en dit toe uitgespreek dat hy nie eens geweet het van ’n kerkregering onder die Calvinistiese Kerke, soos deur die jeugdige broeder beskrewe is nie. Sover my bekend is, is ons kerkregering die van al die Presbiteriaanse Kerke in Skotland en Amerika (en waar nie oral nie) terwyl waarvoor die broeder so hartsogtelik opkom, beperk is tot ’n betreklik klein Kerk in Holland en ’n nog kleiner een in Suid-Afrika. Ek kan glad nie insien, waarom ek my oor hulle kerkregering moet moeg maak nie. Ek is heeltemal tevrede en tienduisende saam met my, met ons kerkstelsel, en ons sal dit verdedig net waar ons kan. Van my kant is dit nou klaarpraat.

[Kb20/11/1935:1017]

Nog ander skrywers het in *Die Kerkbode* van 27 November [1935:1083-1090] op “Bekommerd” se briewe geantwoord voordat Vorster se volgende brief op 4 Desember verskyn het waarin hy andermaal met verwysing na dr Keet se stuk “ons pragtige en Skriftuurlike Presbiteriale regeringstelsel teen die heidense genootskapsidee” van “Bekommerd” verdedig het. [Kb 4/12/1935:1136]

Vorster beklemtoon weereens dat “ons kerk geen ooreenkoms met die Kollegialisme het nie” en “teenoor die Kollegialisme van die Nederl Herv Kerk, wat van bo af regeer word deur hoër en laer besture, handhaaf ons die Presbiteriale stelsel, waar die plaaslike Kerk outonoom is. Ongelukkig het “Bekommerd” dit so vreemd gevind dat hy hierdie suiwere standpunt weer met die Independentisme verwar het! Dis jammer aangesien ons duidelik gesê het dat ons teenoor die Independentisme, alwaar die meerdere vergadering geen gesag het nie, vashou daaraan dat die meerdere vergadering afgeleide gesag besit (Bouman)” [Kb 4/12/1935:1136]

Vorster beskuldig “Bekommerd” dat hy inkonsekwent is en bevooroordeel teen alles wat Gereformeerde is, die Modernisme van die laaste jare hier kop uitsteek, hy die kweekskool in diskrediet bring, die professore sydelings van verraad beskuldig en die Kerk oorlewer aan die Modernisme. [Kb 4/12/1935:1136]

Ds J J le Roux het ’n lang brief geskryf oor die evangeliese rigting (metodisme) in Bekommerd se briewe [Kb 4/12/1935:1137-1139] en Dr JH Eybers het ook op “Bekommerd” se briewe geantwoord in *Die Kerkbode*. [Kb 20/11/1935:998 en 11/12/1935:1162]

’n Ander klank het gekom van ’n man soos ds H J Pienaar wat ook al vroeër sy plek ingeneem het aan die kant van die liberale idees. In hierdie bydrae van hom neem hy Vorster kwalik as hy sê hy voel jong broers pas uit die kweekskool [Vorster, de Lange ens] behoort “Bekommerd” wat langer in die bediening is met minder ligsinnigheid te benader en nie sy poging as waardeloos af te maak nie. [Kb 11/12/1935:1195] Nog kritiek teen Vorster en ander wat soos hy dink kom van ’n leser wat onder die skuilnaam “Sendeling” skryf: “Ons was al lank bekommerd oor die Enkel Gereformeerde rigting wat in die laaste jare so sterk opgang gemaak het in ons Kerk. ’n Mens merk dit op in die skrywe van manne soos Ds J D Vorster” [Kb 18/12/1935:1244]

“Bekommerd” skryf voort in nog ’n brief waarin hy dit het oor die eksklusiwiteit van Enkel-Gereformeerdes. [Kb 18/12/1935:1246] waarop prof P J S de Klerk van die Geref Kerk ook vir “Bekommerd” geantwoord het [Kb 1/1/1936:35] Vroeg in die jaar 1936, egter, het “Bekommerd” met ’n laaste brief sy briefwisseling afgesluit. [Kb 1/1/1936:36]

Dank en waardering vir manne soos Vorster het darem ook nie uitgebly nie. In Januarie 1936 bedank ’n leser vir Vorster en ander jong manne vir hulle standpunt jeens “Bekommerd”. [Kb 15/1/1936:131]



In wat amper as 'n geloofsbelydenis van Vorster beskou kan word, antwoord Vorster in *Die Kerkbode* 22/01/36 op briefskrywer "Ligsoeker":

"...ek is nie 'n Dopper nie en verag die insinuasie as sou ons die Ned Geref Kerk wil verrai en oorlei na die Gereformeerde Kerk. Ons leef en stry alleen vir die Calvinistiese leer, omdat dit die skoonste vertolking is van die Evangelie van onse Heiland en Meester. En in gehoorsaamheid aan onse Meester werk ons van harte saam met elkeen wat daardie beginsels huldig, of hulle nou in die Gereformeerde of Presbiteriaanse of welke Kerk ook al staan; en voel ons ons genoodsaak om in opdrag van die Skrif elkeen te bestry wat daardie suiwere waarheid aantast, al staan hy ook in die Ned. Geref. Kerk. Dit gaan immers nie om die handhawing van 'n Kerk nie, maar om die belydenis van die waarheid Gods, die Evangelie van Christus."

[Kb 22/01/1936:186]

"Nou, is die Calvinisme en evangelieprediking te versoen? Versoening is nie nodig nie, want die twee is een, en kan nooit met mekaar stry nie. Wie Calvinis is, erken die gesag van God oor die hele lewe en buig daarom onvoorwaardelik voor die Heilige Skrif, die ganze Bybel? En omdat Christus, as Verlosser deur Sy soenbloed, die middelpunt van die Skrifte is, daarom wil Calvinisme niks anders wees as 'n vertolker van die Kruis-evangelie van Jesus nie. En daardie Evangelie van verlossing wil hy laat spreek oor die hele mens en al die sferes van die lewe. Dat dit nie net 'n dorre leer is, soos die "Bekommerdes" beweert nie, weet elke geskiedkundige. Want oor die eeue heen was dit altyd die Calviniste wat die Kruis-evangelie bely het en uitgedra het tot die wêreld. So het hulle onder Hoër Hand die Kruis-evangelie teen Roomse goeie werkeleer en Modernistiese en Metodistiese selfverlossingsleer verdedig en gehandhaaf. Dit kon hulle doen,

omdat hulle genade vir genade gepleit het, met die verkondiging van die volle Christus. So streng het hulle altyd die redding deur Jesus bloed beklemtoon dat Moderniste hulle spottend genoem het “Bloedteoloë” En om naderby te kom, ook in ons Kerk was dit die Calviniste wat die Kruisevangelie gehandhaaf het teen die deur ongelowige wetenskap bevrugte modernisme. Hulle was daar die kampvegters vir Skrif - en Vleesgeworde Woord.”

[Vorster *Kb* 22/01/36:186]

In sy kenmerkende strydvlugtige styl vervolg Vorster:

“Vanwaar dan die aanval op die Calvinisme? Hierdie vraag antwoord homself. Immers die aanvallers skryf feitelik deurgaans onder skuilname. Waarom? Elkeen wat weet wie die “Bekommerde” is, weet dat dit is omdat hulle name nie te vinde is onder hulle wat in die afgelope jare aan die kant van die Kerk vir die volle Woord, en absolute gesag van Christus gestry het nie. Toe was die wetenskap meer as die Christus-Evangelie, omdat Christus onkundig was! Toe moes jy die Bybelwaarheid ontrou wees ten behoeve van die geleerdes! Toe het Ds Pienaar vergeet om Dr A Murray aan te haal, omdat hy vierkant teen die redeverheerlikende Modernisme was! Toe het “Bekommerd” vergeet om vir Proff Hofmeyr en Marais op te kom teen die “verligtes”, wat hulle as verouderd beskou het! Maar vandag wil “Bekommerd” samewerking met almal hê, net nie met Gereformeerdes nie. Daar was ’n vrede geroep en oor verdraagsaamheid gepreek; maar nou sien ons dat dit net moet lei tot samewerking met die ou-Kalviniste en kwasi-Kalviniste!”

[Vorster *Kb* 22/1/36:186]

“Kalvinisme en Metodisme”, sit Vorster sy betoog voort, “kan nie sonder prysgewing versoen word nie, omdat Metodisme

die mens met sy behoeftes, sy wil bokant alles verhef, terwyl die Calvinisme die wil van God, die Woord van God en die eer van God as die alles-dominerende beskou. So beskou die Metodis die mens nie dood in die sonde en misdade nie, maar net siek en derhalwe nog by magte om iets tot sy saligheid by te dra deur die wilinspanning, terwyl die Calvinis, op grond van die Skrif, bely dat ons dood is, die dood verdien en in die dood sal bly, as God Hom nie in genade ontferm en ons soos 'n vuurbrand uit die vuur ruk nie. Dit kom daarop neer dat die Metodis sê: 'Jy moet jou eers bekeer, en dan sal God jou aanneem en wederbaar', terwyl die Calvinis glo dat niemand God kan en wil aanneem nie, alvorens die Here nie uit genade, om Christus soenverdienste deur die werkinge van die Heilige Gees, die wedergeboorte in hom gewerk het nie (Joh 6:44). Dus omdat die Metodis leer dat Christus die saligheid alleen moontlik gemaak het, en die Calvinis leer dat dat Christus die saligheid ook werklik gemaak het; omdat Metodisme die genade verwater met verdienste en die Calvinisme die suiwere genade leer, daarom staan hulle onversoenlik teenoor mekaar. Die geskiedenis bevestig dit daarin dat Whitefield die prediker wat die herlewingsbeweging met Wesley, die vader van die Metodisme, begin het, hom later van die Wesleyanisme afgeskei het.”

[Vorster *Die Kerkbode* 22/1/36:186]

Vorster sluit af:

“En omdat die Metodis die verdienste deur eie wilsinspanning op die voorgrond stel, daarom rig hy hom altyd tot die gevoel met 'n hartroerende toespraak, wat 'n teks vooraan het. Daarom kom dit vir hom nie so seer daarop aan wat die mens glo nie (leer), maar wel of hy vroom is. Daarenteen sal die

Kalvinis in sy prediking Skrifuitlegger wees, en sal hy hom rig tot die volle mens, verstand, gevoel en wil. Die heerlike Evangeliewaarheid sal hy met die erns van sy lewe en die oortuiging van geloof ontvou in die geloof dat Gods Woord 'lewendig en kragtig' is en nooit leeg tot Hom sal terugkeer nie. Dit mag nie koud en dor afgerammel word nie, maar met die ywer van 'n Spurgeon en die besieling van 'n Kuyper op die gewetens van die mense aangedryf word. Die insinuasie van 'Bekommerdes' soos 'Student' e a as sou 'n Calvinistiese prediker noodwendig dor leerstellig wees, is of kwaadwillige laster of vergeeflike onkunde, wat in elk geval minagting vir die geopenbaarde waarheid van God verraa. Geskiedenis en ervaring bewys dat Skrifuitlegging altyd die heerlikste blywende vrugte afwerp. By die Woord wil ons bly, want dit skenk ons die heerlike Kruisevangelie waarop die wêreld wag."

[Vorster *Kb* 22/01/1936:186]

Wat Vorster se treffende korrespondensie in *Die Kerkbode* gedurende hierdie maande so merkwaardig maak, is die feit dat hy so sieklik was en kort-kort onder operasie moes gaan. Reeds in Februarie word berig: "Ds J D Vorster, tweede leraar van die Nuwe Kerk, Kaapstad, het 'n ernstige operasie in die Volkshospitaal ondergaan, wat onder die seënende hand van die Heer gunstig afgeloop het. Hy is vinnig herstellende, en saam met sy gemeentelede en vele vriende verenig ons ons in danksegging tot God vir gebedsverhoring" [*Kb* 19/02/1936:337]

Alhoewel "Bekommerd" sy briefwisseling formeel afgesluit het, neem hy weer die pen op in 'n brief in *Die Kerkbode* en sê o a: "Voor my studietyd is daar hoegenaamd niks aan die kerkeg in die Kweekskool gedoen nie, en die Kerk het hom heel goed daarby bevind. Ek glo werklik nie dat dit enige skade daardeur

gely het nie. In ons Wetboek het die Kerk dit duidelik neergelê, hoe hy regeer moet word, wat die liggame is wat die beheer oor hom het, ens. Dis myns nederig insiens baie beter so: dat daar geen skerpe beleid oor die saak neergelê word nie, maar dat dit die Kerk vrystaan om van tyd tot tyd aan die reeds bestaande bepalinge nuwes te voeg, of oues te kanselleer, ooreenkomstig die omstandighede en behoeftes van die tyd. 'n Paar grondstellinge sal daar stellig moet wees, waaraan daar nie getorring mag word nie, maar vir die orige moet daar in hierdie saak groot vryheid aan die Kerk gelaat word.”

[Kb 26/02/1936:431]

“Bekommerd” sê: “Ek hou vol, in ons Kerk is die kerkraad nie outonoom nie. En ek wil dit nog 'n maal uitspreek: Met 'n kerkstelsel, waarvan die outonomie van die kerkraad een van die hoekstene is, kan niks groots tot stand gebring word nie.” [Kb 26/2/1936:431]

Vorster se siekte gedurende 1936 was sodanig dat hy meer as een keer by die dood omgedraai het. Daarvan getuig ook die berigte wat in die nuusblaaie oor hom verskyn het. Dit was veral *Die Kerkbode* wat in die grootste lojaliteit sy lesers op hoogte gehou het van die jong predikant se siektetoestand. Die volgende paar berigte word aangehaal om 'n aanduiding te kry van die erns en duur van Vorster se siekte.

Sy gesondheid het oor 'n tydperk van baie maande wipplank gery en nadat dit weer 'n keer verbeter het word berig:

“Ons gemeente kan waarlik getuig van gebedsverhoring. Drie weke gelede het ons leraar, Ds Vorster, skielik onder operasie gegaan vir blindedermontsteking. Sy toestand was baie gevaarlik, maar die kindere van die Heer het eendragtig volhard in die gebed en die Sondagmôre na die erediens het die plaas-



vervangende predikant, Ds Bekker, ook geleentheid aan die gemeente gegee om voor te gaan in die gebed. Die gemeente het toe vuriglik vir haar leraar gebid. Ds Vorster maak goeie vordering en gaan binnekort op vakansie. Mag die Heer Sy kneg spoedig herstel, sodat hy sy werk kan hervat.”

[Kb 187/3/1936:540]

Op ’n ander plek word die goeie tyding van Vorster se herstel gebring onder die hofie Kranke Leraars: “Dit is gelukkig ook die geval met Ds J D Vorster, van die Nieuwe Kerk, Kaapstad, wat na sy terugkeer van siekverlof weer ernstig krank geword het en wie se toestand besorgdheid verwek het.” [Kb 3/6/1936:1086]

’n Meer volledige berig oor Vorster se siekte verskyn in Junie 1936: De Nieuwe Kerk Kaapstad. “Ds J D Vorster het die eerste beroep aangeneem en is in Augustus 1935 hier georden. Van daardie tyd af het ruim honderd lidmate uit ander gemeentes hier by ons aangesluit. Ongelukkig is Ds Vorster vier maande gelede baie ernstig siek geword, en moes twee gevaarlike operasies ondergaan Tussen die eerste en tweede operasie het hy probeer om sy werksaamhede te hervat, maar het in die Sondagskool so siek geword, dat hy vir die tweede maal na die hospitaal moes vervoer word. Sy laaste preek op daardie Sondag was oor die val van Adam en Eva in die Paradys, toe hulle verlei geword is deur die slang. Ons is bly om te kan meedeel dat Ds Vorster mooi beter word.” [Kb 17/6/1936:1182]

Op Dinsdag 13 Julie 1936 moes Vorster egter ’n ernstige operasie in die Volkshospitaal ondergaan - sy 4de binne 5 maande. Die blad Gereformeerde Vaandel het sy lesers gevra om voorbidding te doen vir die mede-leraar van die Nieuwe Kerk Kaapstad. [GV deel 4 no 9 September 1936:282]

Vorster kon die siekte net nie afskud nie. In Julie word weer vir hom voorbidding gevra: “Ds J D Vorster, tweede leraar van De Nieuwe Kerk,



Kaapstad, is nog steeds onder doktersbehandeling. Hy bevind hom nou in die Volkshospitaal, Kaapstad, om die nodige kragte te versamel ten einde nogeens 'n operasie - die vyfde- te ondergaan. Ons verstaan dat hierdie operasie 'n baie ernstige is, en die beproefde broeder maak aanspraak op die voorbidding van Gods volk. Hy het gedurende die laaste maande deur diepe waters gegaan, en soms is aan sy lewe gewanhoop, maar God is hom genadig gewees en het uit duisternis en swakheid hom telkens tot die lig opgebring en hom weer vryelik doen asem haal. Mag die Hemelse vader sy lewe genadiglik spaar, hom die kragte ten volle teruggee en hom ryklik met Sy genade begiftig tot Sy eer." [Kb 15/7/1936:9]

"Ds J D Vorster - Die vyfde operasie in enige maande tyds is verlede week op hierdie broeder leraar van die Nieuwe Kerk, Kaapstad in die Volkshospitaal met sukses gedoen. Daar was wel grote besorgdheid, maar die Heer het genadiglik veler gebede vir Sy kneg verhoor." [Kb 22/7/1936:140]

"Ds J D Vorster, wat in dieselfde hospitaal onder ernstige operasie was, is nog daar. Hy vorder mooi onder omstandighede. Ons lesers sal tog ook aan hom in hulle gebede dink. [Kb 29/7/1936:186]

"De Nieuwe Kerk, Kaapstad - Hierdie gemeente het vir 'n tydlank onder 'n donker wolk verkeer weens die ernstige siekte van sy mede-leraar, Ds J D Vorster. Ongeveer twee weke gelede het hy weer 'n baie delikate operasie ondergaan, maar dit het die Here behaag om andermaal sy lewe te spaar. Vir die teenswoordige is sy lewe buite gevaar en maak hy betreklik goeie vordering. Waarskynlik sal hy vroeg in Augustus die hospitaal kan verlaat, maar dit sal nog etlike maande duur alvorens hy sy werksaamhede kan hervat. Intussen tree Prop J P Strumpfer op as sy plaasvervanger." [Kb 29/7/1936:189]

7.2 INTERKERKISME

Terwyl Vorster nog glad nie gesond was nie is sy aandag gevestig op 'n saak waaroor hy sterk gevoel het naamlik, "Interkerkisme". In *Die Soeklig* van 15 Augustus [1936:218] het ds D J Malan 'n artikel geskryf wat Vorster genoop het om daarop te reageer. So het sy bydrae dan ook in die *Gereformeerde Vaandel* van September [1936:273] verskyn onder die hofie, Interkerkisme, waarin hy vanuit die Heilige Skrif en belydenisskrifte sterk wal gegooi het teen dit wat hy genoem het Interkerkisme.

7.2.1 Agtergrond van interkerkisme in Suid-Afrika

Wat die voorkoms van interkerkisme in Suid-Afrika betref moet daar op gelet word dat die Ned Geref Kerk gedurende die 18de eeu nie meer die enigste kerk in Suid-Afrika was nie. Naas die Lutherse kerk was daar die Roomse Kerk, 'n hele paar buitelandse sendinggenootskappe en 'n paar sektes wat in ons land werksaam was. Dit het tot gevolg gehad dat die onderskeie kerke oor gemeenskaplike sake met mekaar kontak gemaak het en sterker of minder sterker bande met mekaar gesluit het. In wese was dit geloofsbande wat die kerke, waaronder ook die Ned Geref Kerk, oor die grense van taal en kerkregeringstelsels in interkerklike verhoudinge aan mekaar gebind het. [vgl Van der Watt 1980:74]

'n Bondige uiteensetting van die Ned Geref Kerk se interkerklike verhoudinge word deur Van der Watt [1980:75- 78] gegee.

* Wat die verhouding met die *Roomse Kerk* betref, het die Ned Geref Kerk sy lidmate deur die kerklike vergaderinge, prediking, huisbesoek en kategese teen die dwalinge van eersgenoemde gewaarsku.

* Met die *Presbiteriaanse Kerk*, wat in kerkleer en kerkregering nader aan die Ned Geref Kerk gestaan het, was daar 'n gemakliker verhouding. Die twee kerke het dikwels verteenwoordigers na mekaar se sinodes gestuur, interkerklike konferensies gehou, oor en weer in gemeentes opgetree en by die sinode van 1857 selfs 'n versoek gehad dat die Presbiteriaanse

gemeentes by die Ned. Geref. Kerk ingelyf word.

* In die *Anglikaanse Kerk* het die Ned Geref Kerk egter 'n groter gevaar gesien al was daar by tye mooi samewerking. Die Vrystaatse Sinode het selfs in 1878 gewaarsku teen die “onbijbelse leringe van die Anglikaanse kerk”. Dis beskou as 'n gevaarlike vyand wat onder 'n protestantse mantel optree.

* Met die *Kongregasionaliste* het die Ned Geref Kerk in 'n goeie onderlinge gees van verdraagsaamheid verkeer alhoewel nuwe lidmate vanaf die Independentente kerke aan 'n deeglike ondersoek en oordeel van die betrokke kerkrade onderwerp is.

* Met die *Wesleyaanse Kerk* en die *Baptiste* was daar ook samewerking en goeie onderlinge verhoudinge. Die Ned Geref Kerk het egter die beste samewerking gehad met die Lutherse Kerk. Hierdie twee kerke het selfs soms hulle predikante en kerkgeboue uitgeruil.

Ds Andrew Murray was die man wat die interkerklike verhoudinge bly dryf het. In 1842 het predikante van 'n aantal kerke in Kaapstad die behoefte gevoel aan nouere vriendskap en gemeenskap en begin met weeklikse bidure. Dit het baie goue 'n organisasie geword met die naam: “Zuid-Afrikaansch Evangelisch Verbond waaraan Nederduitse Gereformeerde, Skotse Presbiteriaanse, Independentistiese, Anglikaanse en Metodistiese leraars meegedoen het” [Van der Watt 1980:79] Die onderskeie kerke het gesamentlike biddae gehou vir droogte, oorloë ens. In 1857 het die sinode selfs sover gegaan as om te besluit dat kerkrade self kan oordeel oor die toelating van leraars van ander kerkgenootskappe op hulle kansels en lidmate van ander genootskappe binne die kerk. 'n Verdere besluit was dat daar briefwisseling sal wees met ander Gereformeerde Kerke. [Van der Watt 1980:80]

7.2.2 Vorster se siening van Interkerkisme

In die genoemde artikel van Malan in *Die Soeklig* het hy te kenne gegee dat die Christendom van sy eenheid bewus moet word en hande moet vat met alle christelike kerke en so saamstaan teen die anti-christelike wêreld. Dit moet in



Suid-Afrika gebeur soos wat dit reeds besig is om in ander lande soos bv Amerika te gebeur. "Ons word dus gedwing om tot 'n nuwe waardering te kom van wat nou eintlik die waarde van belydenisskrifte en kerkregeringsvorme is en in hoeverre hulle 'n rol gaan speel in die samestelling van die Christendom van die toekoms" [*Die Soeklig*, 15/8/1936:218]

Malan gaan voort: "Sal die Kerk van sy belydenisskrifte wapens maak nie alleen teen die wêreld maar teen mede-christene? Die weg tot gelykheid is dan duidelik nl, dat daar veel minder van tradisie en leerstellings gemaak moet word en veel meer van die Woord van God en veral van Gods Seun, Jees Christus. Laat die belydenisskrifte bestudeer word en ook die van ander kerke, as waardevolle historiese geskrifte wat dan as leerboek van die teologie kan dien, maar nooit om as enigste toetssteen te dien om te bepaal wie in Christus is of nie." [*Die Soeklig*, 15/8/1936:219] Die groot onderskeid in die wêreld behoort tussen die Christusbelyers en nie-belyers te wees. Met minder klem op die belydenisse sal daar minder kans op verwydering wees.. Dit sal volgens ds Malan van die christendom, "die mees verenigde volk op aarde maak." [*Die Soeklig*, 15 Augustus 1936:219]

In die antwoord wat Vorster aan Malan gegee het word baie van die gereformeerde kerkregkundige se siening duidelik. Vorster sê dat daar elke tien jaar 'n nuwe beweging na vore kom wat hom aandien as gids vir die belydeniskerk en die nuweling nou is die Interkerkisme. [Vorster *GV* September 1936:273] Hierdie beweging het, volgens hom, voorheen buite die gevestigde kerklike kringe beweeg en wel in die CSV, Oxford Groep ens. maar dit het nou binne die kerk gekom deurdat besoekende buitelandse leraars dit vanaf die kansels van die Ned Geref Kerk verkondig. Hy sien hierdie beweging as 'n "verbroedering en versameling in een kerk van almal wat maar die naam van Jees noem. Of Jesus waarlik Gods Seun en self ook God was, of Hy plaasvervangend vir sondaars gesterf het, moet nie gevra word nie. Want dit



bring 'n bepaalde belydenis mee, en sulke belydenisse veroorsaak verdeeldheid." [GV Sept 1936:273]

Interkerkisme is 'n samesmelting van verskillende kerke, Roomse en sektes inklusief. Vorster ontmasker hierdie beweging en vind dit onaanvaarbaar. In die artikel verwys hy na die herkoms van die beweging voordat hy dit daarna ontleed in die lig van die Heilige Skrif en die geskiedenis. Hy sien die beweging as die samesmelting van twee gedugte maar terselfdertyd populêre strominge te wete die Pantëïsme wat alle grense verbreek, ook die tussen God en die mens, en Humanisme (mensverheerliking) wat die mens op die voorgrond stel. Dit alles mond, volgens hom, uit in die Modernisme.

Interkerkisme, sê Vorster, "ken nie die leer van die Skrif nie en so het dit ook 'n afkeer in die kennis daarvan as 'n welgeordende geheel wat sy neerslag deur die geskiedenis heen onder leiding van Gods Gees in ons belydenisskrifte gevind het. Welliswaar is alle belydenisse nie die vrug van die suiwer samevatting van die Skrifinhoud nie, maar langs die weg van die geskiedenis staan tog, na Gods belofte, die suiwer belydenisskrifte as sovele mylpale wat voortwys ons absoluutvolle en heerlike waarheidsbelydenis, wanneer die lig van die Ewige ons in die Ewigheid sal omstraal. Hierdie belydenisse staan vandag daar met Gods goedkeuring as getuïenisse teen die dwaling." [GV September 1936:276]

Vorster stel op die eenheidsstrewes van die Interkerkisme dan die vraag of die belydeniskerk dan teen eenheid is en geen eenheidsstrewes het nie. Hy stel dit duidelik dat die belydeniskerk ook eenheid voorstaan maar, "volgens Gods Woord kan ware eenheid alleen bereik word deur betragting van die waarheid. Onverbiddelik moet dan afgewys word alle strewes na eenheid wat nie in die waarheid gegrond is nie. Want so 'n eenheid is nie christelik nie, aangesien Christus die Waarheid is. Waaragtig een in Christus word dus alleen hulle wat ook een in waarheid is. Dit word deur die hedendaagse Interkerkisme verby



gesien. “ [GV Sept.1936:277]

7.3 KAAPSE SINODE 1936

By die Kaapse Sinode wat vanaf 22 Oktober 1936 in sitting was woon Vorster sy eerste Sinodesitting by en verskyn sy naam saam met ouderling Rosing as mede-afgevaardigde van De Nieuwe Kerk Kaapstad (Kerk No 104) .

[Handelinge Sinode 1936:166] Volgens ´n mededeling wat Vorster later gegee het, het hy a g v sy siekte hierdie sinodesitting in ´n rolstoel bygewoon.[Vorster Persoonlike onderhoud 1981]

By die deurgaan van die Handelinge van hierdie sinode is dit opvallend dat Vorster, ten spyte van sy jeugdigheid, aktief deelgeneem het aan die verrigtinge en belangrike insette gelewer het. Sy betrokkenheid blyk o a uit die volgende: Tydens die sinode is hy verkies tot die Kommissie vir Studentevereniging [Hand Sinode 1936:174] Verder neem hy deel aan die debat oor die Oxford Groep [Hand Sinode 1936:225] en is medeopsteller van twee mosies wat aanvaar word nl. oor Sending in die Soedan [Hand. Sinode 1936:185] en saam met ds P N V de Lange oor Christelike Onderwys [Hand Sinode 1936:215] Saam met lg. dien hy ook ´n mosie in vir die oprigting van ´n Christelike Normaal Kollege [Hand Sinode 1936:239] Hierdie saak is toe na die Opvoedingskommissie verwys waarvan Vorster ´n lid was. [Hand Sinode 1936:240] Toe ´n verslag oor hierdie saak uitgebring word verskyn die name van Vorster en De Lange aan die kant van die Minderheidsverslag. Hierna is die saak na die Sinodale Kommissie verwys. [Hand Sinode 1936:294]

Die sinode het ook ´n voorstel van Vorster dat Aanbeveling 6 van die Tydelike Kommissie vir belydenisskrifte aangeneem word aanvaar. [Hand Sinode 1936:237]

Vorster ammendeer ook ´n mosie van die Aktuaris m b t Sinodale kollektes en die sinode aanvaar Vorster se ammendement [Hand Sinode 1936:251]

Met die aanwys van die Permanente Kommissie vir Studente: Universiteite en Kolleges (Kommissie no 25) verskyn Vorster se naam ook daarop. [Hand Sinode 1936:266] ´n Rapport oor die Beroepstelsel het voor die sinode gedien, [Hand Sinode 1936:281], asook ´n rapport oor die verhouding tussen kerk en Christelike verenigings. Vorster was lid van lg. kommissie [Hand Sinode 1936:283]

Dat Vorster so aktief deel gehad het aan die eerste sinode wat hy as jong predikant bygewoon het en dit ook nog terwyl hy ongesteld was is merkwaardig.

7.4 VORSTER SE YWER VIR DIE CALVINISME

Ter bevordering van die Calvinisme het Vorster en prof Stoker in Oktober ´n oproep oor Koers in die Krisis gedoen. “Die Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings (F C S V) in Suid-Afrika het besluit om D V in 1939 bande 2 en 3 van Koers in die Krisis uit te gee.” Hulle wou die bande so goedkoop as moontlik uitgee en dus vir finansiële hulp gevra van elkeen wat “belangstel in ons Calvinistiese erfenis” “Ons volk het vandag Calvinistiese bolwerke meer as ooit nodig” [GV Okt.1937:318] By die Calvinistiese Studentevereniging op Stellenbosch se openingsvergadering het Vorster die woord gevoer oor Calvinisme- *Die Boodskap vir Vandag* [GV Maart 1938:95]

In 1939 tree Vorster op dertigjarige leeftyd in die huwelik met mej Louisa Monnik, ´n verpleegster. “Sy kon hom nie net wat die liggaam betref, versorg nie, maar was as iemand wat uit een van die vooraanstaande families uit Gereformeerde kring in Nederland gespruit het, vir hom steeds tot hulp en steun. “ [Potgieter F J M *NGTT* September 1979:273]

7.5 KAAPSE SINODE 1940

By hierdie 29ste sinode wat vanaf 17 Oktober 1940 gehou is, was Vorster saam met sy mede-leraar, ds Ackermann die afgevaardigdes. [Hand Sinode



1940:195] Vorster het weer sy kant gebring in die besprekings en besluite. Saam met W A Alheit word 'n voorstel ingedien i v m die Volkshospitaal wat besluit van die vergadering word [Hand Sinode 1940:275] en met J J Muller punte van verslag aangaande Arbeid onder Kollege- en Universiteit- studente. [Hand Sinode 1940:289 en 290] Vorster vra revisie insake besluit oor Grahamstad [Hand Sinode 1940:291] en spreek hom uit oor CNO en Kultuurraad. [Hand Sinode 1940:297 en 298] Verder dien hy op die Permanente Kommissie vir Studente aan die Universiteite en Kolleges [Hand Sinode 1940:306] en die Kommissie wat oor die Beroepstelsel verslag moet doen. [Hand Sinode 1940:315 en 316] Hy neem verder, onder andere, deel aan die bespreking oor Vakunies. [Hand Sinode 1940:328] asook oor die Vrymesselaars. [Hand Sinode 1940:342]

7.6 VORSTER MEER BETROKKE BY KOERS IN DIE KRISIS 1941

Die F C S V S A [Federasie van Calvinistiese Studenteverenigings van SA] is so aangespoor deur die goeie ontvangs wat Koers in die Krisis deel 1 gehad het dat dit hulle aangespoor het om voort te gaan met die verdere dele. Prof Stoker het ingewillig om redakteur te bly, maar omdat prof F J M Potgieter na Holland vertrek het vir verdere studie is Vorster gevra om as mede-hoofredakteur op te tree "waartoe hy hom dan ook bereidwillig verklaar het" [GV Deel 9, Nommer 5, Mei 1941:159]

In 'n Verslag van die Calvinistiese Studentebond sê die Publikasie-Komitee: "Ongelukkig moes die Komitee in hierdie verband sedert die begin van die jaar die bekwame dienste van Ds J D Vorster as mede-redakteur ontbeer. Ons dank hom van harte vir die werk wat hy gedoen het i v m die Calvinisme. Aan hom en aan sy gade wil ons sê: Hou goeie moed. U staan nie alleen in die stryd nie!" [GV Augustus 1942:202]

7.7 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1944

By die Raad se vergadering in 1944 het kerkvereniging vir die eerste keer in 'n

lang tyd weer op die sakelys sy verskyning gemaak. Dit was na aanleiding van 'n beskrywingspunt wat die Sinodale Kommissie van Transvaal aan die Raad gerig het met die versoek om weer die kwessie van organiese vereniging te bespreek. [Van Staden 1973:418] Die vergadering het op hierdie saak positief gereageer deur 'n kommissie van ondersoek aan te wys. [Van der Watt 1987:8]

7.8 1944 SINODE VAN TRANSVAAL - NOG STEEDS POGING TOT HERENIGING

Die Transvaalse Sinodale Kommissie het weereens in 1944 die inisiatief geneem en in 'n beskrywingspunt die Raad van Kerke versoek om die samespreking oor kerkvereniging te heropen. 'n Aksie wat ook deur die Kaapse Sinode in 1945 verwelkom is. [vgl Van der Watt 1987:8-9] Hierdie Sinode het ook die Sinodale Kommissie opdrag gegee om aandag te gee aan die moontlikheid van die hou van 'n "verkleinde Sinode" [Brown in *NGTT* 1979:302]

7.9 VORSTER AS PREDIKANT BEVESTIG TE TAFELBERG 1944

In 1944 was Koot Vorster vir sy negende jaar in De Nieuwe Kerk Kaapstad waar hy as jeugdige predikant saam met die ouer kollega in die bediening gestaan het. Sy bediening was in besonder in die Duiwekop-wyk en daar het hy waarskynlik goeie werk gedoen want die wyk het besonder mooi gegroei en selfs aan afstigting begin dink. Die feit dat die Hertzogsaal in hierdie wyk geleë was en groot genoeg was vir eredienste sou seker verdere stukrag gegee het aan die gedagte van 'n eie gemeente.

Op 25 Oktober 1944 word 'n nuwe gemeente dan ook in Kaapstad gestig met die gepaste en veelseggende naam Tafelberg. Min het die jong Vorster geweet dat hy en die nuutgestigte gemeente 'n lang verbintenis sou hê wat tot in 1979 sou strek.



By die stigting van die gemeente het hulle 'n pragtige, groot Notuleboek gekoop en Vorster het voor in die boek 'n inleiding in sy eie handskrif geskryf. Hy het dit die hofie gegee "Pro Memoria". Daarin het hy, vanweë sy liefde vir geskiedenis, die ontstaan-geskiedenis van die gemeente, die geskiedenis rondom die kerkgeboue asook die feite rondom die stigting van die gemeente Tafelberg in 9 bladsye neergepen. [Kerkraadsnotule 1944:1]

Sy eerste paragraaf lui:

"Op 25 Oktober 1944 is die gemeente Tafelberg met sentrum van aanbidding die Hertzogsaal, Buitekantstraat deur die Ringskommissie van die gemeente De Nieuwe Kerk afgestig, en also het die toekomsdroom van die groot weldoenster van hierdie gemeente mej Susanna Maria Johanna Hertzog werklikheid geword. En hoewel sy reeds op 8 Januarie 1897 die ewige heerlikheid ingegaan het, en dus nooit die vervulling van haar wens en ideaal gesien het nie, sal haar naam altyd deur die gemeente Tafelberg met besondere dankbaarheid in ere gehou word."

[Kerkraadsnotule Tafelberg, 1944:1]

Alhoewel die wenslikheid van afstigting geruime tyd onder bespreking was was dit eers formeel in Junie 1944 op die tafel. Die kerkraad van De Nieuwe Kerk het eers 'n kommissie aangewys om die saak te ondersoek en op 12 September 1944 is die verslag bespreek. Nadat alle dienende en rustende kerkraadslede van die wyk eenparig vir afstigting was, is daar in Vorster se eie woorde en handskrif, " 'n gemeente vergadering op 4 September 1944 byeengeroep. Hierdie goed bygewoonde gemeentevergadering het eenparig 'n versoek tot afstigting aan die Kerkraad van De Nieuwe Kerk gerig. Op 12 Oktober 1944 het die Kerkraad eenparig daarin toegestem en dit aan die twee leraars opgedra om die nodige stukke vir die Ring in orde te bring".

[Kerkraadsnotule Tafelberg 1944:6]

Vorster notuleer verder:

“Op ´n Spesiale vergadering van die Ring van Kaapstad op Vrydag 20 Oktober 1944 het Ds J D Vorster die aansoek van die Kerkraad om afstigting van die wyk Buitekantstraat voorgedra, waarop die Ring aan sy Ringskommissie opdrag gegee het om die afstigting te bewerkstellig. Op Woensdag 25 Oktober 1944 het die Ringskommissie bestaande uit Ds F S Malan(Voors.), Ds E G du Toit (skriba) en Ds W S Conradie alle belanghebbendes in die Hertzogsaal Buitekantstraat ontmoet ten einde die gemeente af te stig.”

[Kerkraadsnotule, Tafelberg 1944:7]

Na ´n plegtige opening het ds Malan sy dankbaarheid en blydskap te kenne gegee dat die wyk van De Nieuwe Kerk so gegroei het dat die wyk die ring om afstigting kon vra. Hy het aangekondig dat “die Ring eenparig besluit het om aan die versoek te voldoen. Nadat hy die vergadering se gevoelens oor die naam van die gemeente getoets het is die gemeente afgestig met die naam Tafelberg ” [Kerkraadsnotule Tafelberg 1944:7]

Onder voorsitterskap van ds M N van Rensburg van Woodstock, konsulent van die gemeente, het die “lede wat aangestel is tot haar eerste kerkraad deur die Ringskommissie, op ´n informele wyse vergader in die konsistorie kamer van die Hertzogsaal, Buitekant Str Kaapstad op Donderdagaand 2 November 1944 om 7.30 N M ” [Kerkraadsnotule Tafelberg, 2/11/1944:10]

By hierdie geleentheid wens die voorsitter die aanwesiges geluk met die werk waartoe hulle geroep is en dat hulle met die stigting van ´n nuwe gemeente die eerste kerkraadslede sal wees. Hy sê die doel van die vergadering is om die nodige reëlings te tref, “om sake in hulle regte gange te stuur tot tyd en wyl die kerkraadslede bevestig is en by mag sal wees om sake formeel oor te neem. Met nadruk is daarop gewys dat voorstelle en besluite wat op hierdie

vergadering geneem mag word nie bindend en van krag sal wees alvorens dit nie voor ´n volgende gewone kerkraadsvergadering gelê en by daardie geleentheid aangeneem en bekragtig word nie.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 2/11/1944:10]

Lidmate in die wyk wat Vorster bedien het was lief vir hom want hulle het vir geen oomblik daaraan gedink om ´n ander leraar te beroep as vir hom nie. Dit blyk duidelik uit die notule van die ´n “Breëkerkraadsvergadering” wat op Maandag 13 November 1944 gehou is onder voorsitterskap van die konsulent. By daardie geleentheid is nominasies gevra vir die amp van leraar en is Vorster die enigste leraar wie se naam op die nominasielys verskyn. Hierna het die voorsitter, blykbaar sonder enige stemming, verklaar, “dat Ds J D Vorster wettiglik beroep is tot eerste leraar van die Gemeente.” [Kerkraadsnotule, Tafelberg 13/11/1944:13]

Onmiddelik na afloop van hierdie vergadering is, steeds onder voorsitterskap van die konsulent, ´n gewone kerkraadsvergadering gehou waartydens ´n beroepsbrief voltooi en onderteken is. Verder is enkele ander sake van die gemeente asook die versorging van die leraar bespreek. Op hierdie vergadering notuleer die tydelike skriba ook: “Die besluite van die vorige informele vergadering, nadat dit een vir een weer noukeurig nagegaan en uiteengesit en weer bespreek word, word algemeen aangeneem.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/11/1944:14]

Die ontvangs van die nuwe leraar was die belangrikste saak op die “ 1ste Buitengewone Kerkraads-vergadering gehou op 28ste November 1944” [Kerkraadsnotule Tafelberg 28:11:1944:15]

Met die ontvangs van die leraar agter die rug, is die volgende notule in Vorster se handskrif en wel die van die gewone kerkraadsvergadering van 14 Desember 1944.

Op hierdie vergadering is al die vorige notules behoorlik onderteken en Vorster word aangedui as voorsitter. Wanneer hy in die amp van voorsitter verkies is, is nie genotuleer nie en dit wil dus voorkom of die kerkraad dit as vanselfsprekend aanvaar het. As voorsitter lees Vorster uit Titus 1:5-16 en “spreek hy na aanleiding van die gelese deel oor die roeping van die kerkraad. Oudl Malan verwelkom Ds Vorster namens die Kerkraad, belooft die volle steun van die Kerkraad en spreek die bede uit dat die Here onse werk saam sal seën.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/12/1944:17]

Met die kennis van Vorster se persoonlikheid en agtergrond kan ’n mens glo dat hy hier by die aanvang van ’n nuwe gemeente en met hom as die enigste leraar voor heerlike en uitdagende geleenthede te staan gekom het. Hy was duidelik opnuut aangevuur vir die bediening.

By die bestudering van die kerkraadsnotules vanaf 1944 kan die leser ’n idee kry van die wyse waarop Vorster in die gemeentelike sake ook die spoor van die gereformeerde kerkreg gevolg het. Hy het in elk geval nou die geleentheid gehad om voortaan sy eie stempel af te druk en dit blyk ook baie duidelik uit die notule van die eerste vergadering en die volgende kerkraadsnotules.

Op die volgende vergadering en wel op die van 25 Januarie 1945 lees Vorster uit die kerkwet die artikels wat op die verkiesing van kerkraadslede betrekking het aan die vergadering voor. Dit sou in die toekoms elke keer so gebeur wanneer kerkraadslede verkies word. Hierdie vergadering verdaag vir 20 minute toe ’n ernstige siekte aangemeld word. Alhoewel dit nie pertinent so aangeteken is nie, is dit uit die notule duidelik dat Vorster die tyding persoonlik opgevolg het.

Soos wat ’n mens van ’n gereformeerde kerkregkundige kon verwag, blyk dit uit die kerkraadsnotules, dat Vorster van die begin af sterk leiding gegee het en gefokus was op goeie orde en dissipline binne die kerkraad en gemeente.



So het hy bv tydens die eerste paar vergaderings reeds persoonlik sorg gedra dat diensvoorwaardes vir alle betaalde amptenare opgestel is, dat besprekings aan die hand van aanbevelings geskied, dat besluite sorgvuldig genotuleer word en dat werk deur kommissies gedoen word met ordentlike verslae aan die kerkraad. Sy hand kan ook duidelik gesien word in die vergaderingsprosedures wat gevolg is.

Vir kommissies wat getroue werk doen en goeie verslae voorlê het hy groot waardering gehad [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:72] en op die vergadering van 8 Maart 1945 besluit die vergadering dat Vorster lid word van die Finansiële Kommissie. [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/3/1945:41- 42] As Calvinis het Vorster alles in sy vermoë gedoen om ook liefde vir die Calvinisme te kweek. So het die kerkraad gunstig gereageer op sy versoek om 300 brosjures wat oor Calvinisme handel gratis in die gemeente te versprei. [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/3/1945:41-42] Hy het ook vir die kerkraad toestemming gevra vir 'n byeenkoms van die Calvinistiese Bond se tak Kaapstad in die Stewerssaal een maal per maand en dit word goedgekeur [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/6/1945:56]

Vir die Afrikaner was die stad in daardie jare nie altyd 'n vriendelike plek vir soverre dit sy taal en kultuur aangegaan het nie. Daarom is daar seker begrip vir die kerkraad toe hy besluit het om 'n Kultuurfees wat deur die Kaapstadse Skakelkomitee van die FAK vir 6 Augustus georganiseer word, van die kansel af te kondig. [Kerkraadsnotule Tafelberg 12 /6/1945:63-64]

Die gevaar is altyd dat predikante wat baie besig is met arbeid in die breër kerkverband die bediening in die eie gemeente kan afskeep. In Vorster se geval was dit egter nie so nie. Hy het nie sy herderlike werk in die gemeente afgeskeep nie. Een van die beste bewyse hiervan is die feit dat daar besluit is dat daar voortaan by elke vergadering voor die lees van die notule 'n geleentheid geskep sal word waartydens die geestelike belange van die

gemeente bespreek sal word. [Kerkraadsnotule Tafelberg 12/6/1945:63-64] Dit was dan ook in gesprekke met lidmate baie duidelik dat Vorster te alle tye eerlike en harde aarbeid aan die geestelike opbou van die gemeente bestee het.

7.9.1 Vorster se liefde vir die Jeug

Alhoewel Vorster hom die meeste van die tyd besig gehou het met groot kerkregtelike aangeleenthede binne die kerk was hy lief vir kinders en jongmense. Lidmate van Tafelberg het altyd met groot lof gepraat van die jaarlikse Sondagskool-piekniek. Dit was, volgens hulle, die enigste geleentheid in die jaar dat hulle hul leraar in ´n kortbroek gesien het. Dan het hy die swart pak en wit das verruil vir onspanningsklere om saam met die kinders te ontspan. Vir diegene wat Vorster goed geken het was dit ´n openbaring om te sien met watter gemak hy tussen kinders kon verkeer en hoe hulle hom geniet het. Kinders het ook graag aan sy voete gesit en na die talle stories geluister want hy was ´n bobaas-storieverteller. In die Tafelberg-gemeente het hy getrou meegeleef met die jongmense in die kerk en selfs al hul bedrywighede getrou bygewoon waar dit vir hom moontlik was. Met sy belangstelling in die studerende jeug het hy later lid geword van die Kuratorium en dit vir baie jare gebly.

Sy vertrouwe in die jeug was aan almal bekend. In die verband skryf hy: "Ons volk het vandag, deur God begenadig ´n puik jeug wat, as hulle die regte leiding en hierdie gesonde opvoeding kry, hulle volk en kerk nie in die steek sal laat nie!" [Vorster *GV* Feb 1941:52]

7.9.2 Vorster oor Huisgodsdien

Vir Vorster was die herstel van die huisaltaar van die grootste belang. Vir die gelowige is huisgodsdien, volgens hom, nie maar een van die om-te-ewe-dinge nie of selfs ´n saak van eie smaak of eie keuse nie maar ´n moet wat voortspruit uit die plek wat die Skepper aan die huisgesin in die samelewing toegeken het. [Vorster *Kb* 21 Mei 1958:910] In aansluiting by Geesink was

huisgodsdienste dan vir hom ook 'n privaat eredienste.

Verarmde Afrikaners wat vir beter werksgeleenthede na die stede getrek het, het baiekeer in die groot stad “verlore” geraak en van die kerk afgedwaal. Dit het die predikante in die stede in die hart gegryp en hulle kon en wou dit nie so los nie. Dis in die verband dat Vorster op 'n stadium vir kerkraadslede en gemeentelide gevra het om alle kerklos en kerklose Afrikaanssprekendes op te soek en na die eredienste uit te nooi. Met reg is daar ook met groot verontwaardiging en teleurstelling kennis geneem toe die kinders van die Kindersendinghuis verbied is om langer die dienste by Tafelberg by te woon. Die voorsitter het dadelik opdrag gekry om die saak met die betrokke persone op te neem. [Kerkraadsnotule Tafelberg 25/7/1945:66-67]

By die gewone kerkraadsvergadering van 9 Augustus 1945 tree die besluit in werking om die gemeente se geestelike sake te bespreek alvorens die notule gelees word. Dit toon dadelik en duidelik dat dit 'n goeie besluit was, want die vrugte het nie uitgebly nie. Vorster se erns oor die tug kom hier na vore as hy tydens hierdie bespreking meld van twee tuggevalle wat hy reeds opgevolg het met besoeke. Nog goeie besluite volg as daar besluit word dat 'n kommissie bestaande uit die leraar, wyksouderling en nog 'n beskikbare ouderling in die toekoms sensuurgevalle sal opvolg en aan die kerkraad verslag doen. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:68]

Vorster gee aan die hand dat elke broeder by elke vergadering in die toekoms verslag sal doen oor die geestelike toestande in sy wyk. As pastor het hy belanggestel in elke gemeentelid se geestelike welsyn. Hy moedig kerkraadslede en die susters van die gemeente weer aan om na kerklose mense uit te reik. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:68]

Vorster het nooit gedurende die jare van sy bediening finansiële rykdom beleef nie. By die vergadering van 9 Augustus verlaat Vorster die vergadering terwyl daar besin en besluit word oor geldelike hulp vir die herstel van sy motor.

[Kerkraadsnotule Tafelberg 9/8/1945:73]

7.10 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1945

Nadat die saak van kerkvereniging vir ´n aantal jare nie op die sakelys van die Raad van Kerke was nie, het dit op die vergadering van 1945 weer op die tafel verskyn in die vorm van ´n beskrywingspunt wat deur die Sinodale Kommissie van Transvaal deurgestuur is. Die vergadering het ´n Kommissie vir kerkvereniging benoem. [Van Staden 1973:418] By hierdie vergadering is die gedagte van ´n verkleinde sinode ook nie ondersteun nie. [Brown in *NGTT* 1979:302]

7.11 KAAPSE SINODE 1945

In 1944 het die Kaapse Sinode nie vergader nie a g v die oorlog maar het wel toe in 1945 vanaf Donderdag 18 Oktober tot 14 November vergader vir die 30ste sitting. [GV November 1945:2] Vorster was afgevaardigde van die Tafelberg gemeente by hierdie sinode wat allerweë beskou is as een van die belangrikste sinodes ooit.

In die Verslag van Scriba Synodi word die stigting van nuwe gemeente Tafelberg deur Ring van Kaapstad op 25 Oktober 1944 ter tafel gelê en goedgekeur. [Hand Sinode 1945:53] Wat sommige by die sitting mag verbaas het is die Verslag van die Alg Sinodale Kommissie wat meld dat die 100jarige bestaan van Ord No 7 van 1843 feestelik gevier word. [Hand Sinode 1945:64]

By hierdie sinode in 1945 is dit interessant dat Vorster, na tien jaar in die bediening, oor ´n wye terrein aan besprekings deelneem en selfs op ´n paar kommissies verkies word, maar opvallend stil is in sake wat sy vakgebied, die kerkreg, raak.

So het hy bv deelgeneem aan die bespreking oor Spesiale Evangelisasie predikers [Hand Sinode 1945:285], word verkies op die Tydelike Kommissie vir

Opvoeding [Hand Sinode 1945:264] en die Tydelike Kommissie vir Stoflike en Geestelike Noodleniging in Holland en stamverwante lande. [Hand Sinode 1945:270]

Hy dien voorstelle saam met ds S J L Marais in oor die S A B V -kommissie wat aanvaar word, [Hand Sinode 1945:275], dr G Kikillus oor die Vrymesselaars (dat die sinode die besluit van 1940 handhaaf) wat aanvaar word [Hand Sinode 1945:440] en saam met ds K W Heese oor Godsdiensterplan en wat na Tydelike Kommissie verwys word waarvan hy 'n lid is. [Hand Sinode 1945:323 en 326] Wanneer die verslag oor die Beroepstelsel egter dien is dit vreemd dat Vorster nie deel van die kommissie is nie en hy ook nie aan die bespreking deelneem nie alhoewel hy 'n boek oor die Beroepstelsel gepubliseer het.[Hand Sinode 1945:342] Hy is wel deur hierdie sinode as lid van die permanente Opvoedingskommissie verkies. [Hand Sinode 1945:39]

Die Sinode het dit ook verwelkom dat die Raad van Kerke weer die saak van kerkhereniging ter tafel geneem het.[Van der Watt 1987:8]

In die kerkraad van Tafelberg het Vorster, as voorsitter, die ordelike pad van hardwerkende kommissies geloop en op die eerste vergadering van die kerkraad in 1946 is 'n paar kommissies saamgestel. Dit was na aanleiding van 'n besluit reeds op die laaste vergadering in 1945 geneem is. [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/12/1945:98] Die kommissies wat die kerkraad saamgestel het, is die Gebouekommissie, Koorkommissie, Finansiële Kommissie, Dingaansfeeskommissie, Sendingkommissie, en Jeugkommissie [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/12/ 1945:98; 17/1/1946:100-101]

Die ampte van ouderling en diaken is deur Vorster baie ernstig opgeneem en een van die beste bewyse hiervoor is te sien in die feit dat die reëling in Tafelberg was dat alle verkose kerkraadslede per brief van hulle verkiesing in

kennis gestel is. Hulle is versoek om dit biddend en ernstig te oorweeg en skriftelik daarop te antwoord. So, byvoorbeeld, het een van die broers, br Booyesen, die kerkraad in kennis gestel dat hy hom “die benoeming as ouderling laat welgeval” en is dit deur die vergadering aanvaar.

[Kerkraadsnotule Tafelberg 14/5/1946:120]

Rondom die kwessie van tug rapporteer Vorster tydens ´n vergadering van ´n tugszaak en die vergadering besluit: “Aangesien die jongedogter waaragtige berou het, word die sensuur wat alreeds begin het by die Magdalena-tehuis opgehef; en dit word aan die Voorsitter en ouderling Malan opgedra om die verhouding van die Kerkraad aan haar te verduidelik.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 25/4/1946:116]

Volgens die notules blyk dit tog dat die tug gereeld toegepas is in die Tafelberg-gemeente. Nadat Vorster ´n tugszaak aan die kerkraad gerapporteer het besluit die vergadering (ouderlinge en diakens): “Dat die Voorsitter saam met ouderling Malan en diaken Johnson aan haar meedeel dat sy onder sensuur deur die kerkraad geplaas word, en dat bogenoemde broeders op die volgende vergadering rapporteer hoe die saak gevorder het.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 16/7/1946:137]

Hier word kennis geneem van die feit dat Vorster, anders as wat die Kerkraad op 9 Augustus 1945 besluit het, toegelaat het dat diakens saam met ouderlinge oor tugsake handel en dat dit vir hom klaarblyklik kerkregtelik korrek was om ´n diaken deel te maak van ´n opvolg-kommissie. By die volgende vergadering het die voorsitter gerapporteer dat die betrokke kommissie wat aangewys is die dame “aangesê het dat sy onder sensuur is vir ´n onbepaalde tyd.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/8/1946:138]

Tafelberg-gemeente het ´n behoefte aan goeie grense tussen die gemeentes geïdentifiseer en dit sou telkens op die tafel van die kerkraad beland. Dit het

ook na vore gekom in ’n verslag wat na die ring moes gaan en deur die voorsitter aan die vergadering voorgehou is. Die gedeelte wat handel oor die stand van godsdienste in die gemeente is goedgekeur tesame met die volgende wysiginge: “Baie mense het egter gebreek met die kerk as ’n mens moet oordeel na hulle kerkbesoek; en die saak van kerklike dissipline word ’n aktuele kwessie. Met die oog hierop voel ons die noodsaaklikheid van grense des te sterker.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 8/8/1946:140]

Onder Vorster se leiding het Tafelberg deurgaans die nodige erkenning, lojaliteit en samewerking aan die kerkverband gegee. Dit is onder andere duidelik uit die korrespondensie van die kant van die sinode, ring, ander gemeentes en goedgesinde organisasies wat van tyd op die kerkraad se tafel beland het en deur Vorster as voorsitter deeglik gelees en behandel is.

Vir ’n saak soos die uitbreiding van die getal kerkraadslede is buitengewone kerkraadsvergaderings belê. [Kerkraadsnotule 21/8/1946:146] en dis opvallend dat Vorster elke keer by die verkiesing van kerkraadslede die betrokke wetsartikels gelees het. [Kerkraadsnotules 10/9/1946:148]

Na aanleiding van ’n versoek dat elke kerkraad twee afgevaardigdes na ’n anti-kommunistiese kongres in Pretoria sal stuur, volstaan die Kerkraad met ’n telegram ter ondersteuning. [Kerkraadsnotule 10/9/1946:155] Dit moet ook aangeteken word gesien in die lig van Vorster se afkeur van die ideologie en sy latere aktiewe bestryding van kommunisme toe hy voorsitter van Antikom geword het.

Onder Vorster se ordelike leiding is daar in die gemeente van Tafelberg streng opgetree rondom kinders se “aanneming”. So word besluit, “...name van katkisasie met die oog op die Oktober-Aanneming voor einde Februarie op die rol staan en gedurende die maande Februarie tot die Aanneming mag hulle nie meer as 4 keer sonder kennisgewing afwesig wees nie.” [Kerkraadsnotule



10/9/1946:155]

Die baie arm mense in die gemeente het die kerkraad se aandag ontvang en Tafelberg het 'n sogenaamde Armesorgfonds opgebou. Daaruit is daar meer as een keer alimentasie toegestaan aan behoeftige lidmate. [Kerkraadsnotule 12/11/1946:165]

Ordentlike grenslyne tussen Tafelberg en Groote Kerk en die handhawing daarvan het later in die jaar weer ter sprake gekom. So is dit ook weer bespreek op die Kerkraadsvergadering van 12 Desember 1946.

[Kerkraadsnotule Tafelberg 12/12/1946:169]

In persoonlike gesprekke met tydgenote van Vorster is dit telkens genoem dat sy gemeentedele in die laat dertigerjare reeds groot respek vir hom gehad het en verwag het dat hul jong predikant dit “nog ver sou bring in die kerk.”

[Persoonlike gesprekke 1980]

7.12 VORSTER LID VAN PERMANENTE SINODALE REGSKOMMISSIE

Word daar gevra na die tydstip waarop Vorster in 'n posisie was om invloed uit te oefen op werksaamhede van die kerkverband sou dit moeilik beantwoord kon word omdat hy reeds op Stellenbosch as teologiese student sterk leiding geneem het. Hy het ook vanaf sy eerste dag in die bediening groot belangstelling getoon in die algemene werksaamhede van die kerk wat hy liefgehad het. Hy het vanaf 1936, 'n jaar nadat hy hulp-prediker in De Nieuwe Kerk geword het, gereeld die ringsittings en sinodes bygewoon.

Indien daar tog 'n datum neergepen moet word vir Vorster se “intrede” in die breër kerklike lewe sou die jaar 1947 miskien uitgesonder kon word. Die Permanente Regskommissie wat by die Kaapse Sinode van 1945 benoem is se samestelling het in hierdie jaar vir die eerste keer verander toe een van die vier lede, dr D R Snyman, uit die kommissie bedank het omdat hy die pos van

Sondagskoolsekretaris in Kaapland aanvaar het. In sy plek het die Sinodale Kommissie die leraar van Tafelberg benoem en hy het die benoeming aanvaar.

Volgens die kommissie se verslag aan die sinode van 1949 was die voorsitter, prof B B Keet se gesondheid nie altyd na wense nie en het die skriba, ds J F Mentz, ook intussen `n beroep na Hennenman in die Vrystaat aangeneem. Ds J F Naude is as nuwe skriba gekies maar het kort daarna gesterf en so het die pos van skriba weer vakant geword. Die kommissie kon eers weer in Maart 1949 konstitueer en by daardie vergadering is Vorster as skriba verkies. [Hand Sinode 1949:334] Vir `n jong predikant wat lief is vir kerkreg sou sitting op hierdie belangrike kommissie natuurlik `n groot geleentheid wees. Hy was hier op `n vroeë leeftyd in `n besonder gunstige posisie om in die Kaapse Kerk invloed uit te oefen.

Om enigsins invloed uit te oefen moes hy in die kerk gehoor word en daarvoor het sy sittingsreg op kommissies die regte geleentheid geskep. Veral toe hy op `n belangrike kommissie soos die Permanente Regskommissie verkies is en daarby ook nog skriba daarvan geword het. Vorster was reg geposisioneer om binne die kerk saam te dink oor uitdagings en sy eie oplossings aan te bied. Partykeer sou hy die nuwe gedagte iewers in `n brief of vergadering ens. opper of ou gedagtes sterk ondersteun en dan, so wil dit voorkom, `n bietjie terugtrek en op die agtergrond bly om dit dan meer “subtiel” langs `n ander pad en deur ander mense na vore te laat kom. Indien hierdie stelling korrek is, sou hy dit natuurlik alleen kon regkry as hy oor `n wye gebied invloed kon uitoefen. Indien ander lidmate sy gedagtes kon “koop” en dit belangrik genoeg geag het om dit hul eie te maak en selfs daarvoor op te staan. Dis dan ook wat meer as een keer gebeur het.

Sy aanvoeling vir die gereformeerde kerkreg het vroeg al aandag getrek. “As voorsitter van die Regskommissie en Toesig en Kontrole van die Kerk in

Kaapland het hy besondere dienste gelewer.” (Potgieter in *NGTT* 1979:275)
Wat het van die gemeentewerk geword toe Vorster op verskeie kommissies binne die kerkverband begin beweeg het? Dit is bekend dat predikante wat op verskeie kommissies begin dien altyd in die versoeking kom om hulle arbeid in die eie gemeente af te skeep. In gesprekke met gemeentelede in Tafelberg was hulle dit eens dat so iets nooit van Koot Vorster gesê sou kon word nie. ’n Klein maar insiggewende voorbeeld is die optrede van die kerkraad op sy vergadering van 11 Maart 1947 bv. toe Vorster bedank is vir die feit dat hy selfs sy vakansie opgeoffer het om as voorsitter van die vergadering op sy pos te wees. [Kerkraadsnotule Tafelberg 11/3/1947:189]

’n Karaktertrek van Vorster wat oral respek afgedwing het, was sy getrouheid aan sy beginsels en dat hy nie geskroom het om daarvoor sy stem te laat hoor nie. So bv het hy die moed gehad om ’n gerepekteerde kerkleier en kollega van hom, dr A J van der Merwe van die Groote Kerk, per brief te versoek om offisieël sy teenwoordigheid op ’n staatsbal op 21 April te repudieer. Dr van der Merwe het die jonger Vorster per brief geantwoord en sy brief is voorgelees tydens ’n Kerkraadsvergadering op 25 Mei 1947. Die kerkraad het daarvan kennis geneem en was tevrede.[Kerkraadsnotule Tafelberg 27/5/1947:198]

Omstandighede het die streng gereformeerde kerkregkundige by uitsonderlike gevalle genoop om iets van die kansel af te kondig sonder dat die kerkraad dit onder die oë gehad het. So het hy bv ’n kollekte vir die noodlydendes in Duitsland afgekondig en dit ook laat opneem sonder dat die kerkraad daarvan bewus was. Hy het egter vinnig verskoning gemaak en gemeld dat hy nie die geleentheid gehad het om eers met die kerkraad te raadpleeg nie. Die kerkraad het agterna sy optrede gekondoneer. [Kerkraadsnotule Tafelberg 27/5/1947:200]

Mense wat Vorster beter geken het was bewus van sy humor en jovialiteit wat

agter sy soms stugge voorkoms geskuil het. Iets wat meer as een keer in die gemeente gebeur het, was die kere dat Vorster alle kerkraadslede na die pastorie genooi het vir 'n geselligheid. Dit het hy ook gedoen by die Kerkraadsvergadering van 10 Junie 1947 by geleentheid van sy eggenote en moeder se verjaarsdag. [Kerkraadsnotule Tafelberg 10/6/1947:203]

7.13 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1947

In 1947 is daar weer 'n poging aangewend om tot vereniging te kom maar dit het op niks uitgeloop nie. [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Die kommissie wat in 1944 aangewys is om die saak van vereniging te ondersoek, het 'n uitvoerige verslag by hierdie vergadering ingedien. In hierdie verslag is daar 'n volledige uiteensetting van die geskiedenis van vereniging gegee asook 'n sterk aanbeveling "dat oorgegaan moet word tot organiese vereniging volgens 'n bepaalde skema in ooreenstemming met die Verenigingsakte van 1911." [Van der Watt 1987:8; Van Staden 1973:418] Die kommissie was onder die sterk leiding van dr W M Nicol wat "probeer het om lewe in die doodsbeendere te blaas" [Du Toit in *Die Voorligter* Oktober 1962:11]

"Eers word die besware teen kerkvereniging opgenoem en weerlê en dan die weg aangewys hoe dit kan gebeur. Hy dink aan 'n Algemene Sinode wat verklein is en aan provinsiale sinodes." [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11] Dit het uit die verslag sowel as die minderheidsverslag geblyk dat daar glad nie eenstemmigheid oor die saak was nie [Van der Watt 1987:8] 'n Minderheidsrapport onder die naam van ds D P Ackerman het, volgens Du Toit, "'n nuwe spook opgejaag nl die Du Plessis-saak." Fundamentele verskille is rondom hierdie sake in die kerk blootgelê. 'Nou moet die kerk eers verenig word en dan moet 'n minderheid van predikante en ouderlinge in die Synodus Contracta hierdie interpretasie aan die kerk gee.' [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11]



Die saak het andermaal afgespring en dit was duidelik dat die tyd nog nie ryp was vir vereniging nie. [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11]

Eensgesindheid oor hierdie belangrike strewe wat in die harte van so baie lidmate geleef het, het steeds ontbreek. Die saak is ander maal aan 'n kommissie toevertrou en gevolglik is besluit om van die saak af te stap. [Van der Watt 1987:8; Van Staden 1973:418]

In sy gemeentelike bediening het Vorster baie intens met sy gemeente en die Afrikanervolk in die breë saamgeleef. So het hy meer as een volkskongres bygewoon maar ook onder andere die groot Volkskongres wat van 1 tot 4 Julie 1947 in Johannesburg gehou is en deur meer as 700 afgevaardigdes bygewoon is. Die kongres is byeengeroep om aandag te gee aan die geweldige verskuiwing van die Afrikaners van die platteland na die stede [GV Julie 1947:4-5] en vir hom as predikant in 'n stedelike gemeente sou dit van groot en direkte belang wees. In sy verslag van hierdie kongres noem Vorster dat so 'n grootskaalse verstedeliking van volkere nie vreemd is nie maar vir die Afrikaner was dit 'n trek, "van ewe diep-grypende betekenis as die Groot Trek, honderd jaar gelede." [Vorster GV Julie 1947:5]

Die nood van die Afrikaner en in besonder die Afrikaner wat, soos hyself, vanaf die platteland na die stad verhuis het was vir hom van die uiterse belang. As verstedelike plattelander het hy eerstehandse kennis van die uitdagings en probleme van die verstedelike volksgenoot gehad. In daardie sin was hy die regte leraar vir 'n stadsgemeente en was Tafelberg gelukkig om so 'n dinamiese herder te hê wat hom so ten volle en met oorgawe met sy gemeente kon identifiseer.

Vorster sê die verstedelike moet hom in die stad aanpas by 'n nuwe lewe en in die proses kom hy meer as een keer in botsing met volksvreemde kultuur- en lewensopvattinge. Baie keer het dit tot gevolg dat die Afrikaner in die stad uitsak. "Die gevaar van afval en van geestelike en sedelike en maatskaplike

ontwrigting is ontstellend groot. Die Afrikaner loop juis daarom gevaar om in die stad sy eie aard en karakter en ook sy geloof te verloor.” [Vorster *GV* Julie 1947:5]

Soos reeds gesê het Vorster die besluite van meerdere vergaderings met die nodige erns bejeën en laat hy as voorsitter by die kerkraadsvergadering van 14 Oktober 1947 ook weer die besluite van die Ring puntsgewys behandel [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/10/47:232]

Dat Vorster goeie werk gedoen het in die gemeente en geliefd was by sy gemeentedelede kom miskien die duidelikste na vore die keer toe hy ’n beroep na Paterson ontvang het maar besluit het om dit nie op te volg nie. Vir die kerkraad en gemeente was dit baie goeie nuus dat Vorster besluit het om by Tafelberg te bly. Op die eerste kerkraadsvergadering reageer die kerkraad op sy bedanking en dit word so genotuleer:

“br Swanepoel stel voor as onbestrede mosie die volgende wat staande deur die Kerkraad aangeneem word nl. Daar ons leraar die beroep na die gemeente Paterson van die hand gewys het, wil die Kerkraad hom die versekering gee dat sy besluit om langer by ons te bly toegejuig word - ons weet dat die werk in die stad veelsydig, veeleisend en dikwels moeilik is, maar dit het ons getref dat die werk vir ons Herder ’n lus is - Die Raad waardeur die persoon en die werk van ds J D Vorster omdat hy beginselvas, onpartydig, onverskrokke, beleefd waardig, taktvol en altoos helder is, het die gemeente in hom ’n ware leier - Sy suiwere Skrifverklaring en sy ernstige prediking word op prys gestel. Die Raad wil sy innige dank aan die Here betuig vir wat hy deur sy Kneg aan ons gemeente tot hiertoe gedoen het, en is van plan om die Gesant van God ook in die toekoms heelhartig te ondersteun waar hy hom beywer vir die hoogste belange van ons Kerk en die gemeente.”



[Kerkraadsnotule Tafelberg 11/11/1947:235]

Opvallend in hierdie mosie, wat eintlik ´n soort lofrede was, was die liefde, respek en waardering wat die kerkraad namens die gemeente uitgespreek het. Selfs in so ´n mate dat die skriba met hoofletters na Vorster verwys. Wat vreemd voorkom is die feit dat die mosie glad nie melding maak van sy eggenote wat hom in alles, in besonder gedurende sy lang tye van siekte, getrou bygestaan en versorg het nie. Die rede hiervoor moet miskien gesoek word in die feit dat sy eggenote ´n baie stil geaardheid gehad het en die gawe ontvang het om gedurende al die jare wat Koot in die bediening gestaan het, op die agtergrond te bly en hom in stilte te versorg. In gesprekke met gemeentelide was daar deurentyd groot waardering vir die wyse wat sy as pastoriemoeder haar plek volgestaan het. Nie alleen in die versorging van haar man in die pastorie nie, maar ook in die gemeentelike werksaamhede.

Vorster se band met die kerk se belydenisskrifte staan vas en word weerspieël in ´n resensie wat hy geskryf het van ´n boek van prof E E van Rooyen, sy geliefde leermeester, met die titel: Die Tien Gebooie. "In sestien hoofstukke", skryf hy, "word die diepe en blywend normatiewe betekenis en die positiewe inhoud van die gebooie van God blootgelê. Dit word gedoen aan die hand van die onoortreflike leerboek van ons kerk, die Heidelbergse Kategismus" [GV Maart 1947:16]

By gewone kerkraadsvergaderings het Vorster die instelling gehad om by die opening ´n lied te laat sing, daarna uit die Skrif voor te lees en ´n paar gedagtes daaruit te haal voordat daar in gebed voorgegaan is - baie keer het hy een of meer persone gevra om te bid.

Vorster se ongesteldheid het hom baie las gegee en so kon hy vanweë sy siekte nie die kerkraadsvergadering van 28 April 1948 bywoon nie.. Een van die ander lede het as voorsitter in sy plek waargeneem.[Kerkraadsnotule

Tafelberg 28/4/1948]

Binne Tafelberg-gemeente is die geestelike werk steeds nie afgeskeep nie. In diè verband het die kerkraad in Julie van dieselfde jaar 'n belangrike besluit geneem: "Dat twee kerkraadsvergaderinge, waarvan een uitsluitlik gebruik sal word vir die bespreking van die geestelike belange van die gemeente gehou sal word in die maande April en September van elke jaar."

Iets waarmee die gemeente vrede moes maak was die feit dat Vorster, vanweë sy groterwordende verantwoordelikhede, ook buite die gemeentegrense, al meer buite die gemeente sou wees. Dit het ook gebeur by hierdie vergadering toe Vorster al weer verskoning moes maak vir een week aangesien hy die Sinodale Opvoedingskommissie se vergadering te Oudtshoorn moes bywoon. [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/7/1948:284]

Uit erkentlikheid vir die Vorsters het geskenke van die gemeente se kant ook nie uitgebly nie. Een hiervan was 'n geskenk van 50 pond. "Br Carstens deel mee dat die Kerkraad genoemde bedrag aan ds. en mevr. Vorster skenk as 'n blyk van waardering vir die opbouende werk deur hulle as pastorie paar in die gemeente gedoen" [Kerkraadsnotule Tafelberg 12/8/1948:291]

By die kerkraadsvergadering van 19 Oktober 1948 word die gemeente in wyke verdeel [Kerkraadsnotule Tafelberg 19/10/1948:315] en kon skriftelike uitnodiging aan gaste gerig word vir die inwyding van die pastorie wat 'n paar dae later en wel op 23 Oktober sou plaasvind. [Kerkraadsnotule Tafelberg 19/10/1948:317]

In Oktober 1949 besluit die kerkraad om vir Vorster te vra om 'n onlangse preek van hom oor Gemengde Huwelike te laat druk in pamflet-vorm vir verspreiding in die gemeente. [Kerkraadsnotule 11/10/1949:414]

Probleme het opgeduik in die geval van een van die lidmate, maar na veel

gebed en die regte hantering van die saak kon dit opgelos word en rapporteer Vorster aan die vergadering: “Die voors. deel mee met groot dankbaarheid teenoor die Here vir Sy seën en verhoring van gebede dat die kwessie insake die bedanking van br De Villiers nou opgelos is.” [Kerkraadsnotule Tafelberg 22/11/1949:415]

’n Woord van waardering namens die kerkraad word uitgespreek teenoor Vorster vir sy “moeite om ander sprekers te kry tydens die sitting van die sinode, en bedank ook die voors. vir moeite gedoen vir die reëling van klasse vir die katekisering van getroudes en ongetroudes” [Kerkraadsnotules Tafelberg 22/11/1949:423]

Soos dit soms gebeur, veral in stedelike gebiede, was daar by tye ook irritasies tussen Tafelberg en die ander gemeentes in Kaapstad. Een van hierdie gevalle was die onenigheid met De Nieuwe Kerk wat ’n lang ruk geduur het. Met die oog op die voortslepende onenigheid tussen Tafelberg en De Nieuwe Kerk het die sinode ’n Versoeningskommissie benoem met ds J J Wasserfall as skriba. So is dit genotuleer op ’n kerkraadsvergadering: “Die skriba vra vir ’n deputasie van die leraar en drie kerkraadslede om die versoenings-kommissie te ontmoet in die Hugenote Gebou op Woensdagnamiddag 8 Februarie 1950 om 2 uur. Vir die doel wys die kerkraad van Tafelberg die leraar, br Carstens, Swanepoel, en Smith aan. [Kerkraadsnotule Tafelberg 31/1/1950:427-8] Met dankbaarheid kon op ’n latere vergadering gemeld word dat die Versoenings-kommissie in hul doel geslaag het en dat die saak afgehandel is. [Kerkraadsnotule Tafelberg 4/2/1950:435]

iets wat hier in Tafelberg wortel geskiet het was die gebruik om ’n lied te laat sing nadat die seën uitgespreek is. So word genotuleer: “Die voorsitter sal ingaan op die saak in verband met die sing van ’n gepaste Gesang of Psalm na die uitspraak van die seën by die eredienste” [Kerkraadsnotule Tafelberg

14/2/1950:439] en by die volgende vergadering sê die voorsitter dat hy in gedagte het die 3de vers van Ps 134 maar die lede kan nog verder oor die saak dink. [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/3/1950:443] Die Kerkraad besluit dan ook om voortaan Ps 134:3 te sing na die uitspraak van die seën aan die einde. Dis interessant hoe sommige gebruike soms net eenvoudig neerslag vind en vir jare voortgesit word want met 'n besoek aan hierdie gemeente in November 2006 was dit verrassend om tydens 'n erediens te ervaar dat die gemeente nog steeds hierdie gebruik handhaaf deur Ps 134 te sing na die uitspraak van die seën!

In 1950 is Vorster se moeder oorlede en stel die kerkraad 'n mosie van roubeklag voor. By hierdie geleentheid het die leraar kerkraadslede daarvoor bedank en ook dat hulle dit vir hom moontlik gemaak het om by die sterfbed van sy moeder te kon wees - oudl Swanepoel het hom met sy motor na Jamestown geneem. [Kerkraadsnotule Tafelberg 9/5/1950:456]

Die kerkraad het vir hulle leraar gesorg en onder andere aan hom gedurende hierdie tyd 'n rentevrye lening van R300 vir 'n motor en R50 vir benodighede vir die motor toegestaan. [Kerkraadsnotule Tafelberg 14/11/1950:510]

Op 26 November hierdie jaar was die kerkraadslede en hul gades weer soos gewoonlik by die pastorie om sy verjaarsdag te vier en gebeure van belang was ook die geboorte van hulle dogter en terselfdertyd 'n beroep na Calvinia. Hierop het die kerkraad gereageer deur te sê dat hulle in gebed aan hom dink in die oorweging van die beroep. Op die vergadering van 7 Desember besluit hulle om die lening van R300 as geskenk aan hom te gee. Hulle doen dit as blyk van "hoogste waardering vir sy opofferende liefde in die belange van die gemeente in die verlede, maar veral vir die onvermoeide arbeid en ywer, wat hy aan die dag gelê het in die jongste tyd, met die verkryging van groter seggingskap oor die bates van die Hertzog Trust." [Kerkraadsnotule Tafelberg 7/12/1950:520]

’n Ander voorstel van die kerkraad wat eenparig aanvaar word lui: “Na aanleiding van ons telegram aan ons leraar, wens die Kerkraad en Gemeente nogmaals hulle innige dank en waardering uit te spreek vir die besluit waartoe die Leraar gelei was om die beroep na die gemeente Calvinia te bedank. Ons hoop en vertrou, dat die pastorie paar se verblyf in ons midde, nog van lange duur mag wees en dat hulle dienste nog groter seën vir Sy koninkryk mag meebring” Hierop bedank Vorster die kerkraad en spreek hy die vertrouwe uit dat die Heer, Kerkraad, gemeente en leraar in die toekoms rykelyk sal seën in Sy diens. [Kerkraadsnotule Tafelberg 13/3/1951:1]

In hantering van die baie gevalle van lidmate wat kerklos en kerkloos geword het, het Vorster die kerkraad meegedeel van ’n Evangelisasie veldtog wat gehou gaan word tydens die maand April met die oog op die aanstaande Pinkster. Met die oog daarop sal daar byeenkomste in Tafelberg se kerkgebou gehou word vanaf 18 tot 20 April 1951. [Kerkraadsnotule 13/3/1951:10]

Gedurende hierdie jare het Vorster sy vlerke verder gesprei deur op die redaksie van die *Gereformeerde Vaandel* sitting te neem en in die uitgawe van 3 Maart 1949 verskyn Vorster se naam vir die eerste keer as redaksielid voorin. Ander lede van die redaksie was professore E E van Rooyen, D Lategan, F J M Potgieter. Prof van Rooyen het ongesteld geraak en moes uit die redaksie tree en kort hierna word berig:

“Weens die vertrek van ds. J. Mentz na die Vrystaat en die huidige aftrede van prof. Dr Van Rooyen het die trustees besluit om ds J D Vorster van Tafelberg, Kaapstad en prof dr Potgieter van die Kweekskool, Stellenbosch as Trustees en mede-Redakteurs van “die vaandel” aan te stel. Ons wil die talentvolle en toegewyde Broeders wat die werk te midde van drukke werksaamhede tans ondeneem, namens die baie Calviniste in Suid-Afrika ons hartlike dank betuig en hulle Gods rykste seën, bystand en leiding in die groot saak van harte toewens.

Met die Psalmis wil ons die Vaandel omhoog steek , in belang van die Gereformeerde leer en tradisies in ons geliefde land.”

[GV April-Mei 1949:3]

In 1949 resenseer Vorster die boekie *The High Points of Calvinism* deur Batian Kruithof. Daarin sê Vorster o a “Deur die uiteensetting, en die warm pakkende manier waarop hy dit gedoen het, het hy die ou dwaling dat die Calvinisme dor-leerstellig en koud is die nek ingeslaan. Dis ´n mooiwerk wat getuig van studie en liefde vir die geloof wat aan ons oorgelewer is” [GV Julie 1949:15]

7.14 VORSTER GEE KERKREGTELIKE LEIDING OOR VERKLEINING VAN SINODE

7.14.1 Oor verkleining van sinode 1949

Die toekomstige aktuaris van sy kerk het in 1949 sy geliefde kerk kerkregtelik begelei. Soos die sinode op hierdie stadium saamgestel was sou die sinode nog net in 1949 in die huidige sinodesaal kon vergader as gevolg van die getal afgevaardigdes na die sinode. [Vorster *NGTT* September 1979:323]

Aangesien Vorster saam gedink het oor die toekoms van die sinode in die Kaapse Kerk, het hy met die oog daarop voor die aanstaande sinodesitting in Oktober reeds in September ´n artikel vir die *Gereformeerde Vaandel* geskryf oor die onderwerp: “*Moet ons Sinode verklein word?*” Dit was, volgens Vorster, die groot vraag wat voor die sinode sou dien. [Vorster in *GV* September 1949:12; Vorster *NGTT* September 1979:323] Dit was ´n saak wat gedurende hierdie jare by meerdere vergaderinge dikwels op die sakelys gekom het naamlik die probleem rondom die groterwordende vergadering. Daar moes besin word oor alternatiewe moontlikhede om die groter getal afgevaardigdes sinvol en prakties te akkomodeer. Die probleem moes aangespreek word en ´n oplossing vir ´n “te groot lywige vergadering was of ´n *synodus contracta*

[verkleinde sinode] of die verdeling in streek- of gebiedsinodes.” [Van der Watt 1987:20]

Vorster was bewus daarvan dat dit `n baie moeilike vraagstuk is en dat daar nie `n maklike uitweg was nie. Tog wou hy nie oor hierdie saak afsydig bly nie. Getrou aan sy aard wou hy saam daaroor bly dink. Hy sê dan ook aan sy lesers dat dit `n moeilike vraag is wat die toekoms van die kerk raak en hy roep hulle op tot gebed:”En die uur van beslissing is daar! Dis tyd dat ons met `n diepe besef van die erns en die nood van die posisie ons tot die Koning van die Kerk in vurige en eendragtige gebed sal wend.” [Vorster 1979:323] Die erns waarmee Vorster die saak benader het, sou in die jare wat kom ook baie keer beleef word deur afgevaardigdes na sinodes. Hulle sou ervaar met watter doelgerigtheid en erns hy spreekbeurte aangevra het en mosies voorgedra het.

Vorster wys daarop dat ´n volle of verkleinde Sinode as sodanig nie die wese van hierdie stelsel van kerkregering raak nie en dat byna alle kerke onder die Presbiteriale stelsel van regering ´n verkleinde Sinode het.

7.14.2 Presbiteriale regeringstelsel soos deur Vorster aangedui

Vorster spel die wesenstrekke van die stelsel uit as:

- “(1) dat die plaaslike gelowiges met hulle eie ampsdraers saam die Kerk uitmaak, en dat die plaaslike kerke, soos omstandighede dit toelaat, tot een geheel in Ring en Sinode saamgevoeg word;
- (2) dat die drievoudige amp erken word; (3) dat die kerklike gesag by die Kerk alleen berus en dat die gesag uitgeoefen word deur ampsdraers plaaslik deur die kerkraad en gesamentlik deur die Ring en Sinode; (4) en dat die Kerk naas die staat ´n eie selfstandige entiteit is.

[Vorster *NGTT* September 1979:323]

Die synodus contracta is, volgens Vorster, dan ook nie in stryd met die Presbiteriale regeringstelsel nie maar is ook nie weselik eie daaraan nie. Dis ook nie prinsipiële oorwegings wat die onderhawige saak na die sinode se tafel bring nie. Ook nie die vraag oor die werking van die volle sinode in die praktyk nie. Hy gee toe dat 'n groot vergadering nie altyd die beste werksmetode is nie want beheer is moeiliker en besprekingstyd, vanweë die groot getal afgevaardigdes, word lank uitgerek en mors tyd of moet beperk word - wat albei frustrasie in die hand werk. Vir Vorster verloop die sinode van die Kaapse Kerk merkwaardig vlot en word baie werk in 'n kort tyd afgehandel sodat hierdie praktiese redes nie rede is vir verkleining van die sinode nie. [Vorster *NGTT* September 1979:323-324]

Vorster sê dit wat die Kaapse Kerk forseer om ernstig aan verkleining te dink is die kwessie van ruimte en geld. Die harde werklikheid is dat die sinodale saal te klein is en die kerkkas die koste van 'n sinode elke vier jaar nie kan bekostig nie. "Die Sinode sal moet verklein. Die vraag is alleen hoe dit moet geskied. Moet dit enkel numeries verklein word, of kan die geografies deur verdeling geskied. [Vorster *NGTT* September 1979:324]

7.14.3 Voordele van Synodus contracta

Die voordele van 'n synodus contracta is, volgens Vorster, dat dit die minste praktiese en organisatoriese moeilikhede sal meebring en dat die opsie tot op datum die meeste aandag geniet het. Skemas vir verkleining is ook reeds uitgewerk en voorgelê en organisatories is dit die maklikste oplossing, netelige finansiële en administratiewe probleme word hierdeur vermy en dit bied seker die mees permanente oplossing. [Vorster *NGTT* September 1979:324]

7.14.4 Vorster oor besware teen Synodus Contracta

Vorster wys op die negatiewe aspekte soos bv dat die Kaapse Kerk, Transvaalse Kerk en die Vrystaatse kerk by herhaling 'n verkleinde sinode afgewys het. Die kerk sou slegs daardie opsie kan volg as al die ander

moontlikhede uitgeput is. [Vorster *NGTT* September 1979:324] `n Synodus contracta hou ook die gevaar in dat `n kleinere getal mense weer `n plaaslike gemeente kan oorheers en dus kollegialisme in die hand werk. Met die geskiedenis van die Hervormde Kerk in Nederland in gedagte, is hierdie “regering van bo af” `n gevaar wat ten alle koste vermy moet word. [Vorster 1979:325]

“Die verkleinde sinode,” gaan hy voort, “is histories gesien gevaarlik. Dit bly `n interessante feit dat dat in die afgelope honderd jaar feitlik al die kerke wat die Sinode also verklein het, die ramp van bittere kerkskeuringe beleef het.” [Vorster *NGTT* September 1979:325] Hy gee dadelik toe dat die verkleining van die onderskeie sinodes nie direk aanleiding gegee het tot die skeurings nie. Maar, “wanneer diep ingrypende kwessies behandel word en kerkrade is nie ten volle verteenwoordig nie, lei dit tot ontevredenheid en skeuring. Wanneer mense behoorlik verteenwoordig is, of self teenwoordig is, terwyl ingrypende besluite geneem word is hulle tevrede selfs as hulle nie saamstem nie. Veral in ons land met sy groot distansie en sy individualisties geneigde volk, wat maklik skerp verskil, sal `n synodus contracta baie gevaarlik wees.” [Vorster *NGTT* 1979:325]

`n Verkleinde sinode sou die die ruimteprobleem oplos. Die geldlas sou, volgens hom, egter nie verlig word nie aangesien die kommissiewerk by `n verkleinde sinode toeneem en die groot afstande groter kostes tot gevolg sal hê. Waar die stem van die kerk reeds deur die rumoer van die wêreld rondom verdring word sal ´n sitting van ´n verkleinde sinode nouliks meer aandag trek as ´n sinodale kommissie-vergadering. “...die magtige roep, wat daar van die Sinode uitgaan” sal hierdeur verstom. [Vorster *NGTT* September 1979:325]

7.14.5 Vorster verkies die verdeling van die sinode

Nadat Vorster die saak vir homself uitgemaak het, het hy in hierdie artikel `n “synodus contracta” afgewys en hom uitgespreek ten gunste van die keuse

wat die Kaapse Kerk reeds dikwels geneem het naamlik 'n verdeling van die Kaapse Kerk. [Vorster 1979:325]

“Vir die Kaapse Kerk met sy groot verskeidenheid van werksaamhede, sy geweldig uitgestrekte gebied en sy moeilike verkeersverbindings is dit die enigste oplossing.” [Vorster *NGTT* September 1979:325]

“Bowendien is dit seker die les wat die geskiedenis leer dat al te grote sentralisasie op die duur vir die Kerk skadelik is. Vandaar dat die gemeente of plaaslike Kerk so 'n besondere plek in ons regeringstelsel het.” [Vorster *NGTT* September 1979:326]

Vorster hou as oplossing voor dat die Kaapse Kerk verdeel in 'n Oostelike en Westelike deel. Hy suggereer selfs dat 'n deel van die Ring van Dordrecht by Natal aangesny word om die kerk in Natal te help in sy “groot werk en moeilike stryd.” [Vorster 1979:326]

Verder het Vorster ook voorsien dat SWA, “met sy groot moontlikhede, sy eie geskiedenis en tradisie, wat so apart van Kaapland lê ook vroeër of later mondig sal word.” [Vorster 1979:326] Sy gedagte is hier duidelik dat SWA later selfstandig sou moes word.

Hiermee het hy duidelik te kenne gegee dat hy nie van plan was om in die besluitneming van so 'n belangrike saak neutraal te bly of die maklikste oplossing aan te gryp nie. Niemand sou hom ook ooit van neutraliteit kon beskuldig nie. Ook nie van 'n afbuiging van beginsels nie. 'n Paar jaar na die eerste Algemene Sinode tot stand gekom het sou hierdie mening van Vorster ook gedeel word deur prof F J M Potgieter [Potgieter 1993:18]

Dit was ook Vorster se uitgesproke standpunt en dis 'n feit dat alle kerkrade in die Ned Geref Kerk in die tagtigerjare nie altyd ten volle op sinodes

verteenwoordig was nie en dit gedeeltelik bygedra het tot die roering en ontevredenheid onder gewone lidmate en selfs tot kerkskeuring gelei het.

7.14.6 Vorster oor herroeping van Ordonnansie no 7 van 1843

Vorster sny 'n ander belangrike kerkregtelike kwessie hierby aan naamlik die herroeping van Ordonnansie 7 van 1843. "Een vraag in verband met hierdie hele saak wag nog op beantwoording: Sal enige verandering in die samestelling van die Sinode nie 'n wysiging of herroeping van Ordonnansie 7 van 1843 nodig maak nie? Die Sinode sal op hier die punt regsadvies moet kry. Dis twyfelagtig of die magtiging verleen in Art 3 van die 'wysigingswet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk' so 'n ingrypende verandering sal dek. In elke geval voel ons die Kerk moet nou die geleentheid aangryp om die hele ordonnansie herroep te kry. Dis tog sekerk lankal tyd dat hierdie oorblyfsel uit die dae toe die staat oor die Kerk geheers het oor boord moet gaan. Die herroeping van die ordonnansie behoort nie moeilik te gaan nie." [Vorster *NGTT* September 1979:326-327]

Vorster sluit sy artikel deur die Sinode vooruit te loop as hy met vertroue sê: "Die aanduiding is daar dat die Kaapse Kerk eerder aan 'n verdeling as aan 'n verkleinde Sinode sal dink." Hy glo dat dit die veiligste pad vir die Kerk sal wees maar vra beskeie, "elke lidmaat moet ook in hierdie saak by die Koning van die Kerk intree in vurige voorbidding. Hy sal nie laat vaar die werke van Sy hande nie. Hy sal lei." [Vorster *NGTT* September 1979:327]

Hier het Vorster weer met nuwe denke na vore gekom en 'n saadjie geplant wat jare later eers sou ontkiem. Met sulke nuwe denke het hy bewys dat hy sy kerk werklik kerkregtelik wou bystaan in die soeke na oplossings. Dis sekerlik onder andere hierdie kerkregtelike insig wat hy openbaar het en die wyse waarop hy nie geskroom het om dit te stel nie wat by lidmate vertroue ingeboesem het. Hy het die oog gevang en is al meer en meer verkies om leiding te gee op die breër kerklike terrein.

7.15 KAAPSE SINODE 1949

Op Donderdag 20 Oktober 1949 begin die een-en-dertigste vergadering van die sinode van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika. Soos Vorster dit reeds vroeër voorsien het is die saak te berde gebring en het hy sy standpunt oor die moontlikheid van 'n verkleinde sinode baie sterk gestel en sy invloed deeglik laat geld. Die Algemene Sinodale Kommissie het dit vooraf bespreek en opgeneem in sy verslag wat voor die sinode sou dien. Daarbenewens het verskeie gemeentes ook beskrywingspunte oor hierdie aangeleentheid ingedien. Die Kommissie van Orde het vooraf aanbeveel dat die nege beskrywingspunte wat oor hierdie saak handel almal saam behandel word. [Handelinge Sinode 1949:134]

Afgevaardigdes was diep onder die indruk van die erns van die saak. Reeds op die vierde sittingsdag het 'n mosie van ds P J Loots en die aktuaris, ds F S Malan versoek: "Die Sinode benoem 'n Kommissie om die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n deel van ons Kerk in 'n selfstandige Sinode - met behoud van die eenheidsband, bv deur 'n gesamentlike Sinode in voorkomende leerverskille - te ondersoek alvorens daar enige finale besluit oor 'n verkleinde Sinode geneem word." [Hand Sinode 1949:26]

Die saak is toe verwys na 'n Tydelike Kommissie vir Kerkverdeling wat die moderatuur die volgende dag aangekondig het. Die getal kommissielede is later die dag uitgebrei met 'n verdere twee lede asook die Saakgelastigde wat met adviserende stem sitting sou neem. Interessant genoeg is Vorster nie op hierdie kommissie benoem nie. [Hand Sinode 1949:33-34]

Tydens die namiddagsitting op Vrydag 4 November 1949 het die saak van 'n verkleinde sinode weer voor die sinode gedien. Die vraag was of daar 'n Synodus Contracta moet wees of nie. [Hand Sinode 1949:66] Ds G P van den Berg en die Assessor het 'n mosie voorgestel waarin hulle met inagneming van die geweldige kostes, die ontoereikende ruimte vir 'n sinodesitting en die

groot getal afgevaardigdes gevra het vir 'n verkleining van die sinode. Hulle het as grondslag vir verkleining 'n paar vereistes gestel:

- 1) Dat elke gemeente regstreeks deur ten minste een afgevaardigde in die Sinode verteenwoordig word. Hierdie afgevaardigde kon 'n leraar of 'n ouderling wees.
- 2) Vir hulle was die Gereformeerde beginsel van gelyke verteenwoordiging belangrik en daarom het hulle voorgestel dat die helfte van die getal gemeentes van elke Ring deur predikante verteenwoordig word en die ander helfte deur ouderlinge.
- 3) Hulle voorstel het verder gelui dat hierdie voorgestelde sinode van hulle elke drie jaar vergader en tussen vergaderings alle funksies van die huidige sinode oorneem. Dit sou dus in die tussentyd as Synodus Plena optree. Vir leerverskille is daar in die mosie voorsiening gemaak vir die byeenroeping van 'n "buitengewone leer-sinode" wat saamgestel wou wees uit alle diensdoendende leraars plus een ouderling uit elke gemeente. [Handelinge Sinode 1949:66]

Die mosie het ook voorsiening gemaak vir die aanwys van 'n Spesiale Kommissie om verdere besonderhede uit te werk. Hierdie besonderhede het o a ingesluit die wyse waarop die Ring sy afgevaardigdes aanwys, kontinuïteit, afwisseling van afgevaardigde predikante, sitting van die moderatuur ens.

Nadat hierdie mosie oor die verkleining van die sinode ter tafel geneem is, is twee amendemente gestel Die eerste was deur di C H Kruger en N F P Burger:

"Die teenswoordige eg-presbiteriaanse stelsel, wat soveel geseënde vrug vir die Godsryk gedra het, o a eendragtigheid in optrede, word nie verander nie." Die amendement vra verder dat die duur van die sitting in die toekoms korter sal wees, dat sake bespoedig sal word deur weke vooraf die tydelike kommissies se opdragte te gee, dat die vergadering enige saak wat tydrowend is

sal uitskakel en dat die plek van vergadering in oorleg met ´n kerkraad gevind word.

[Hand Sinode 1949:67]

Di C J Bester en J D Vorster het ´n tweede amendement ingedien. Dit het kort en kragtig gelui: “Hierdie H E Vergadering handhaaf sy besluit, so dikwels herhaal, om nie te verklein nie.” [Handelinge Sinode 1949:67] Nadat baie sprekers aan die bespreking deelgeneem het, moes dit vir die Moderator, dr A J van der Merwe, nog duideliker gewees het dat ´n moeilike saak op die tafel lê. Wyslik het hy besluit om al die opstellers van amendemente te vra om gedurende die naweek met mekaar te praat en ´n “gemeenskaplike formule” te vind. [Handelinge Sinode 1949:67]

Dit is toe gedoen en tydens die vyftiende sitting en wel op Woensdag 9 November het die saak weer gedien. Al die vorige amendemente is teruggetrek ten gunste van ´n nuwe amendement wat deur ds C J Bester ingedien is. Dit het amper woordeliks ooreengestem met sy vorige amendement. Die verskil is net dat dr C C Nepgen nou die sekondant was in plek van Vorster.

Oor hierdie saak waarvoor Vorster sterk gevoel het was hy hier op die agtergrond maar tevrede dat die saak gedien word. Volgens die nuwe amendement verklaar die sinode hom “beslis teen die beginsel sowel as die praktiese implikasies van ´n verkleinde Sinode.” Dit vra verder vir ´n “sterk kommissie om ondersoek in te stel na al die moontlikhede om fondse te bespaar en/of te verkry met die oog op voorsiening van ruimte en wat verder nodig mag wees.” [Hand Sinode 1949:83] By stemming is die amendement met ´n groot meerderheid aanvaar. Die hele saak is hierna in ooreenstemming met die Moderator se reëling vooraf, na die Kommissie vir die Fondse oorgedra om die sinode met advies te dien.

Op Dinsdag 15 November 1949, die voorlaaste sittingsdag, lewer die Tydelike Kommissie vir die Fondse sy Derde Verslag tydens die namiddagsitting. Die Kommissie se aanbeveling het daarop neergekom dat die huidige perseel in Koningin Victoriastraat, waarop die Hugenote-Gedenkteken staan, onder geen omstandighede verkoop sal word nie. Die huidige sinodale saal sou vergroot word, bykomende kantore opgerig word en verdere verbeterings aangebring word. Kommissies sou opdrag ontvang om vooraf alle ter saaklike inligting te versamel en aan die Algemene Sinodale Kommissie te rapporteer.

Laasgenoemde kommissie sou, volgens die aanbeveling, volmag ontvang om finaal oor die saak te besluit en tot uitvoering te bring. [Handelinge Sinode 1949:444]

Nadat die Kommissie sy aanbeveling sodanig gewysig het dat dit voorsiening gemaak het daarvoor dat die huidige perseel verkoop mag word en `n ander gebou opgerig mag word is dit deur die vergadering aanvaar. Met hierdie besluit van die sinode kon Vorster hom heelhartig vereenselwig. Die hele probleem van die sinode wat moet verklein was nou vir die komende reses in die hande van die Algemene Sinodale Kommissie, terwyl die Kommissie van Toesig en Kontrole vir die nodige fondse voorsiening moes maak. [Handelinge Sinode 1949:114]

Die Kerkraad van Stellenbosch in `n besprekingspunt vir die sinodesitting van 1949: "Die Sinode oorweeg die moontlikheid en uitvoerbaarheid van die beginsel van eweredige verteenwoordiging van predikante en ouderlinge op die *hoër* Kerklike Vergaderings." [Handelinge Sinode 1949:370]

Toe die Kaapse Sinode van 1949 `n aktuaris moes kies, was die veertigjarige Koot Vorster, skriba van die Regskommissie, se naam vir die eerste keer onder die 32 genomineerdes op die groslys. Ds F S Malan is egter verkies. Met die verkiesing van skriba dieselfde middag het Vorster se naam, interessant genoeg, weer op die groslys verskyn. Hierdie keer moes hy saam

met 15 ander teen ds W A Landman die onderspit delf. [Handelinge Sinode 1949:15]

Vorster het in hierdie sinode nie sy plek by die groen tafel ingeneem nie. Tog was die nominasies reeds `n aanduiding dat sekere afgevaardigdes hom raakgesien het en groter verantwoordelikhede op sy skouers wou plaas. Daarvan is sy nominasie as skriba, nadat hy as aktuaris uitgeval het, seker ook afdoende getuienis.

Gedurende die sinode van 1949 is Vorster wel op die Tydelike Kommissie vir Onderwys verkies. [Handelinge Sinode 1949:19] Hy word ook op `n aantal permanente kommissies verkies onder andere Kommissie vir die bepaling van `n beleid vir die Kerkpers [Handelinge Sinode 1949:28, Algemene Armesorgkommissie [Handelinge Sinode 1949:73], Regskommissie [Handelinge Sinode 1949:75] en Kommissie vir S A Bybelvereniging [Handelinge Sinode 1949:76]. Aan die einde van die sinode van 1949 het hy huiswaarts gekeer met nuwe verantwoordelikhede en volop werk. Sy verkiesing op verskeie kommissies was die bewys dat hy besig was om sy merk in die Kaapse Kerk te maak.

Tog is dit veral sy rol in die sinode se besluite wat aandag trek. Tydens hierdie sinode van 1949 was Vorster by `n paar mosies betrokke en dit het een van die kante van sy persoonlikheid en sy werkswyse in latere vergaderings belig. In sy eie woorde het hy vroeg in sy lewe reeds besef dat hy `n betrokke saak beter kan dien as hy die voorsteller van die mosie kan wees. Dan was hy verseker van repliek aan die einde van die debat en kon hy as laaste spreker die debat afrond en die laaste woord inkry. Enige een wat op daardie laat stadium nog nie oortuig was nie, sou dan met volle gloed oortuig word. Dit was in sulke gevalle die orator Vorster wat op die been was. Beter as seker enige tydgenoot van hom het hy oor die vermoë beskik om met gloed `n saak te stel en mense te oortuig! Hierdie vermoë van hom het veel te doen gehad

met die feit dat hy altyd van harte geglo het in sy saak en dit met sy hele wese, liggaamshouding, gesigsuitdrukkinge en stemtoon op so 'n wyse voorgedra het dat dit gelyk het asof sy lewe daarvan afgehang het - in sekere gevalle was toehoorders as te ware bang om hom teen te gaan.

Hierdie soort van aggressiewe optredes was ongelukkig die rede waarom baie mense van hom die beeld gehad het van 'n onbedagsame, ongenaakbare, strydlyustige vegter wat op 'n liefdelose wyse alle teenstand voor hom uit die pad wil vee. Diegene egter wat hom persoonlik goed geken het kon deel in sy fyn humorsin en die nederigheid waarmee hy in diens van sy Meester gestaan het.

Afgevaardigdes na sinodes het dit meer as een keer self ervaar hoe dr Koot net voor die stemming oor 'n saak vir oulaas sy plek voor die mikrofoon ingeneem het vir die repliek en in die woorde van afgevaardigdes, "as te ware 'n hele sinode met sy pleidooi omgeswaai het."

Baie keer wou sy ondersteuners gedurende 'n debat mismoedig word omdat dit gelyk het of die saak verlore is, maar dan het hulle met groot verwagting hul hoop op Vorster se repliek gevestig. Baie keer om tot hul verligting te sien hoe hy met oortuigingskrag mense van standpunt laat verander. Teenstaanders het met hul laaste spreekbeurt weer alles uitgehaal om te keer dat Vorster se repliek die voorstel tot besluit van die vergadering sal maak. Dit is hierdie optredes van Vorster wat vroeg reeds mense se oog gevang het en bygedra het tot die feit dat mense aan sy oordeel begin glo het en hom toegelaat het om hulle in hulle besluitneming te beïnvloed. Die bewyse is daar vir almal om te sien.

Reeds hier by die sinode van 1949, byvoorbeeld, is al die mosies waarby Vorster betrokke was dan ook, met weinige uitsonderings, deur die vergadering aanvaar. Die mosies wat hy ingedien het was goed geformuleer.

Hy het dit duidelik en goed gestel, ingelui en gemotiveer. Dit was duidelik die optrede van iemand wat sy huiswerk vooraf goed gedoen het.

In `n persoonlike gesprek het Vorster self erken dat dit iets is wat hy van generaal Jan Smuts, die eertydse premier, geleer het naamlik dat lg altyd goed voorbereid na `n vergadering gekom het. Dikwels met `n klaar uitgewerkte plan of skema. Volgens Vorster het so `n persoon altyd `n voorsprong in die vergadering gehad. Dikwels is lede onvoorbereid en weet hulle nie waar om te begin nie. Vergaderings ontaard dan ook in `n sinlose gedwarrel. In so `n geval is die persoon wat sy huiswerk goed gedoen het voorbereid, kan hy sy plan/skema op die tafel plaas as `n vertrekpunt en baie keer sal so `n persoon vind dat sy klaar uitgewerkte plan/skema rigting gee aan `n vergadering en dikwels net so deur die vergadering aanvaar word.

Bestudeer `n mens Vorster se optredes in vergadersale is dit baie duidelik dat hy homself aan hierdie goue reël gehou het.

Iets anders wat ook in Vorster se guns getel het was die feit dat die afgevaardigdes hom beskou het as iemand wat sy kerk en volk eerlik liefgehad het. Hierin het afgevaardigdes reg geoordeel want dit is `n stewige grondslag wat jare gelede in sy ouerhuis gelê is. Hier by die sinode van 1949 het dit na vore gekom in `n mosie wat hy en ds D M C Smit ingedien het m b t die Volkshospitaal in Kaapstad waarin die Bestuur “ernstig en dringend versoek [word] om alles in hul vermoë te doen sodat `n gesonde Christelik-godsdienstige gees, asook die tradisies van ons Kerk en volk, in die inrigting gehandhaaf en uitgeleef word.” Hierdie mosie is algemeen aanvaar.

[Handelinge Sinode 1949:21] Hy het `n besondere band gehad met die Volkshospitaal, een van die bekendste bakens aan die voet van Tafelberg. Dit is in hierdie hospitaal waar Vorster menige operasies ondergaan het, maande lank as pasiënt deurgebring het en by ten minste een geleentheid naby die dood omgedraai het. So naby aan die dood dat medici die ergste verwag het.

Almal het verwag dat hy nie sou oorleef nie. Die redakteur van die Kaapse dagblad, *Die Burger*, het selfs so ver gegaan om 'n doodsberig te skryf en vir sy nagredakteur dit te los vir plasing indien Vorster die nag sou sterf. Die berig was komplete behalwe vir die tyd van sterfte wat die nagredakteur moes invul. Hierdie berig is baie jare later aan 'n springlewendige en dinamiese Vorster oorhandig.

Ander mosies van Vorster wat ook op hierdie sinode aanvaar is, is die mosies oor Kolportasiewerk [Handelinge Sinode 1949:25]; Diaconie [Handelinge Sinode 1949:69]; *AEB* [Handelinge Sinode 1949:86] en Christelike Nasionale Onderwys [Handelinge Sinode 1949:95]. Uit die mosies is dit duidelik dat hy oor 'n wye spektrum van die breë kerklike lewe gedink het en saam beplan het. Dit het saamgehang met die feit dat hy wyd gelees het en diepgaande kennis gehad het van die geskiedenis en veral die kerkgeskiedenis. 'n Voorbeeld hiervan kry ons in die onderskeie artikels wat hy geskryf het. Boeiende geskrifte wat getuig van wye belesenheid. Een van hierdie artikels is die een wat Vorster onder die opskrif: Die Hervorming in Engeland geskryf het. [Die *GV* November 1949:11-14]

7.16 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1951

By hierdie vergadering is die geesdrif vir vereniging verder gedemp toe die kommissie wat in 1947 aangewys is sy bevindinge bekend gemaak het. Daar is gevind dat daar op daardie oomblik geen sterk drang tot vereniging was nie. [Van der Watt 1987:8 en Hand Raad van Kerke Mei 1951:45; Van Staden 1973:418]

Die Kommissie vir Kerkvereniging rapporteer by hierdie vergadering as volg:

“Op die twintigste vergadering van die Raad van Kerke [Mei 1947 in Durban] het die volgende besluit geval: By die behandeling van die verslag van die kommissie insake kerkvereniging het dit geblyk dat daar nog nie genoegsame helderheid bestaan omtrent die wyse



waarop die kerk op uniale grondslag saamgestel sal word nie. Die Raad dra dit derhalwe andermaal aan 'n kommissie vir kerkvereniging op om 'n skema vir vereniging in besonderhede gereed te maak en aan die volgende vergadering van die Raad voor te lê.”

[Hand Raad van Kerke Mei 1951:45]

Hierdie kommissie het niks aan die saak gedoen nie en gevolglik het daar geen rapport oor kerkvereniging op die volgende vergadering [21ste] in Pretoria in Mei 1949 gedien nie. Die opdrag is herhaal aan 'n nuwe kommissie wat in 1951 as volg gerapporteer het:

[1] Kerkvereniging sal noodwendig drastiese inkorting van die verteenwoordiging van gemeentes op die sentrale sinode meebring. In die reses het die twee grootste sinodes van die Geref Kerke die verkleining van hul sinodes met groot meerderhede afgestem. Op hierdie stadium het geen skema vir kerkvereniging wat hierdie beginsel inhou, kans om te slaag nie. Ons sien geen moontlikheid om 'n skema sonder hierdie beginsel aan die Raad voor te lê nie en is van oordeel dat dit dus nutteloos sal wees om dit te doen.

[2] In die kerk skyn daar op die oomblik geen sterk drang tot kerkvereniging te wees nie en tot tyd en wyl dit daar is sal dit tevergeefs wees om tyd en kragte aan skemas te bestee.

[3] As die Raad verder op kerkvereniging wil aandring sal dit beter wees om 'n kommissie van propaganda vir kerkvereniging aan te stel. Namate die propaganda slaag sal die aanstel van 'n kommissie om 'n skema op te stel weer noodsaaklik word en praktiese nut hê” [Hand Raad van Kerke Mei 1951:45]

Wat volgens Van der Watt hier na die oppervlakte gekom het was die ou probleem van vrees vir “vermindering van verteenwoordigers op die Algemene Sinode - die onvermydelike synodus contracta, waarvoor die gemeentes van

die Nederduitse Gereformeerde kerk uiters allergies was.” [Van der Watt 1987:8] Ongelukkig was ’n Synodus Contracta die enigste wyse waarop die algemene Sinode by organiese kerkvereniging saamgestel kon word. [Van Staden 1973:418]

Tog moes dit ’n vreemde ervaring gewees het dat die hele kerk oor soveel jare gesmag het na vereniging, maar dat kerkrade telkens wanneer die groenlig gevra is terug gedeins het en nie tot aksie oorgegaan het nie. Daar was blykbaar geen sterk begeerte tot organiese vereniging aanwesig nie. [Van Staden 1973:418]

Die skriba, ds A J V Burger het egter nie daarin berus nie en ’n goed gemotiveerde beskrywingspunt na die vergadering van 1953 gestuur. Die beskrywingspunt het hy in drie dele verdeel:

“Met die oog daarop dat:

(a) Die vier Gefedereerde Kerke uit dieselfde moederskerk ontwikkel het en nog met bande van belydenis, liefde en enersse belange aan mekaar verbind is, en daar tog ’n federale eenheid bestaan;

(b) Die Sinodes van ’n paar van die kerke reeds te groot geword het en verdere afstigting van kerke nie onmoontlik is nie, maar intendeel selfs al beplan word;

(c) Dit die belange van die Kerk van Christus in Suid-Afrika sal bevorder; so besluit die Raad van die Kerke om by die verskillende Sinodes binne federale verband aan te beveel

1] dat die bestaande en moontlik te worde gestigte gefedereerde kerke tot organiese vereniging sal oorgaan;

2] dat daar een algemene sinode sal wees waarop elke kerk verteenwoordig sal word;

3] dat daar provinsiale- of streeksinodes sal wees om aanbevelings by die Algemene Sinode te doen en verder uitvoering te gee aan opdragte deur die Algemene Sinode gegee. [Van Staden 1973:418]



7.17 VORSTER SE BEOORDELING VAN DIE NED GEREF KERK SE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING.

Vorster beredeneer die vraag: Hoe gereformeerde die Ned Geref Kerk is? Hy wys meer as een keer in die artikel daarop dat die “Gereformeerdes het nooit op dieselfde mate van suiwerheid in die Kerkregering as in die leer aangedring nie.” [GV Aug 1951:124]

Vorster reageer op ’n stuk van Landwehr met die naam: *Handboek der kerkgesiedenis* waarin hy sê dat die jaar 1804 die sterfjaar en 1824 die begrafnis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was. Wat hiermee bedoel word is, volgens Vorster, dat die Kerk in 1804 met die ontvangs van De Mist se Kerkorde sy gereformeerde karakter ingeboet het en toe die eerste sinode in 1824 hierdie Kerkorde as vigerende Kerkorde erken het en die Algemene Bepalinge vir die Kerk op voetspoor van die Reglement van 1816 opgestel het die Kerk afskeid geneem het van alles wat gereformeerde is. [GV Aug 1951:123]

Vorster noem die geskiedenis van die Kerk wat Jan van Riebeeck na Suid-Afrika gebring het in meer as een opsig ’n “lydingsgeskiedenis”. Hy motiveer dit deur daarop te wys hoe die kerk aan die begin deur die OIK verkneg is en later onder ander vreemde heerskappy gestaan het. Die kerk aan die Kaap het in ’n groot mate selfstandig en los van die moederkerk ontwikkel. Aanvalle op die Kaapse Kerk het nie uitgebrei nie. Hierdie aanvalle was veral op die kerkregering toegespits. [GV Aug 1951:123]

Die geskiedenis bewys dat, “hoewel die Gereformeerdes teenoor die Roomse, die Erastiane, die Independentente ens. ’n eie Kerkreg uit die Skrif opgebou het, is ’n Kerk nooit bloot op grond van sy stelsel van Kerkregering as ongereformeerde veroordeel nie.” [GV Aug 1951:124] Vorster brei hierop uit deur aan te toon hoe die Kerk in die Palz en die Gereformeerde Kerk in Hongarye van die Calvinistiese beginsels afgewyk het maar nie as dood



gereken is nie. Hy wys daarop hoe selfs die Sinode van Dordt in 1618-1619 afgevaardigdes verwelkom het wat Erastiaans, Independenties en Episkopaals was. “Vandaar ook dat Dordt, wat in die leer nooit ’n kompromie sou duld nie, ten koste van die suiwer beginsel in die Kerkregering, aan die staat toegewinge gedoen het.” [GV Aug 1951:124]

Dit sou egter volgens Vorster verkeerd wees om van hierdie, en vele soortgelyke voorbeelde, af te lei dat die Gereformeerde Kerke nie prys gestel het op ’n suiwere Kerkregering nie. Dit toon maar alleen aan dat die Gereformeerdes nooit dieselfde strenge eise insake die Kerkregering as in verband met die leer gestel het nie. [GV Aug 1951:124] Vorster is dus van mening dat Landwehr se stelling nie korrek is nie.

’n Ander vraag bly egter nog of die Kerk nie tog in die belangrike jare 1803 en 1824 in sy kerkregering die Gereformeerde spoor verlaat het nie. Hierin word veral gedink aan die feit dat die Kerk in 1803 ’n Kerkorde van die staat ontvang het wat radikaal verskil het met Gereformeerde beginsels en dat die Kerk in 1824 by die kollegialistiese reglement van 1816 aangesluit het. Vir Vorster is dit ongelukkige gebeurtenisse wat die kerk baie skade berokken het, maar hy vra die vraag of die Kerk hiervoor verantwoordelik gehou kan word. Vorster gaan dan voort om in 5 punte die saak te beoordeel.

- a) Die Kerk het die Kerkorde van De Mist in 1803 aanvaar omdat dit eintlik net die praktyk ook in teorie vasgelê het.
- b) Die Kerk was in 1803 nie in ’n posisie om hom teen die optrede van De Mist te verset nie. Die gemeentes het los gestaan van mekaar, kon nie met mekaar in gesprek tree nie en het die kans om in ’n vergadering saam te sit verwelkom. Dit was ’n jare lange begeerte om in ’n algemene vergadering saam te kom met die oog op die behartiging van die belange van die Kerk.
- c) Sommige gemeentes het wel die Kerkorde in 1804 met dankbaarheid ontvang en aangeneem. Dit het o a voorsiening gemaak vir beter voordele vir

predikante al was die beginsels wat dit bevat het nie Gereformeerd nie. Die Kerk het egter daarna gestreef om by die eerste geleentheid (1824) van die Kerkorde ontslae te raak.

d) Dit was vir die Kerk duidelik dat as die Kerkorde afgeskaf sou word dit ook die einde van die algemene vergadering sou wees en daarom het hulle 'n ander strategie gevolg. Hulle was duidelik nie van plan om die Kerkorde te behou nie.

e) Vir die Kerk was daar geen sprake van dat die Kerkorde van De Mist die Dordtse Kerkorde vervang het nie. [GV Aug 1951:125]

Vorster oordeel dus dat die Gereformeerde Kerk nie in 1804 dood is nie.

'n Belangrike hoofstuk in die kerkgeskiedenis van die Kaapse Kerk, maar ook in die persoonlike lewe van Koot Vorster, is afgesluit met die afsterwe van prof E E van Rooyen in hierdie jaar. Prof van Rooyen het in 1916 predikant geword in De Nieuwe Kerk Kaapstad, Vorster se eerste gemeente, en daar het 'n besondere band tussen die twee ontwikkel vanaf die tyd toe Vorster 'n student by hom was. Vorster het baie groot respek vir hierdie mentor van hom gehad en het ook op versoek van die familie die begrafnisdiens waargeneem.

In 'n huldeblyk noem prof P A Verhoef hom o a: "...stoere stryder vir die Gereformeerde waarheid....Die woord wat as uitgangspunt vir die begrafnisrede gedien het, is inderdaad op sy lewe en arbeid van toepassing: 'hy het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het (Hand 13:36) En in hierdie diens van sy geslag volgens die raad van God het hy hom 'n getroue seun van die Hervorming betoon.! Mag sy werke hom navolg tot in lengte van dae" [GV Okt 1951:163]

Van hom getuig ook die sinode: "Hy was 'n deeglike pligsgetroue werker, besonder skrifgetrou en beginselvas, 'n man wat met gespierde taal gepraat en geskrywe het. Hy sal ook onthou word as een van die vertalers van ons Bybel in Afrikaans, by name van die Ou Testament." [Hand Sinode 1953:226]



7.18 SAMEVATTING

Die tydperk 1935 tot 1951 bestryk Vorster se eerste jare in die bediening. In die gemeente het hy, ten spyte van langdurige ongesteldheid, as voorsitter van die kerkraad uit die staanspoor uit belangrike kerkregtelike beginsels neergelê rondom die arbeid van die leraar en kerkraad. Hy het die kerkraad geskool en belangrike sake soos tug het duidelik tot sy reg gekom in Tafelberg. Nadat hy verkies is in leierposisies en op 'n breër terrein die kerk gedien het, het hy steeds in hart en siel in sy prediking en pastorale arbeid gebly.

In kerkraadsvergaderings asook meerdere vergaderings het hy die aandag getrek met sy vernuwende denke, goeie beplanning en fyn geformuleerde mosies. Lidmate het na hom opgesien vir leiding ten opsigte van die kerk se groterwordende getalle en beperkte akkomodasie vir sinodesittings.

Vorster se kerkregtelike standpunte kom mooi na vore toe hy, wat nooit onder 'n skulnaam geskryf het nie, gedurende hierdie tyd, die stryd aangeknoop het teen 'n ouer kollega wat onder die skuilnaam "Bekommerd" in Die Kerkbode geskryf het.

Van die belangrikste kerkregtelike sake wat Vorster aangespreek het was o.a. die verkleining van die sinode, interkerkisme, kollegialisme en metodisme.

HOOFSTUK 8

DIE KERKREGTELIKE ONTWIKKELING SEDERT 1951 EN VORSTER SE GROTER BETROKKENHEID BY DIE STREWE NA 'N ALGEMENE SINODE

8.1 DIE SINODES VAN DIE KAAPSE KERK IN 1953, 1957 EN 1961

Dr Koot Vorster sal veral onthou word vir sy kerkregtelike aandeel in die totstandkoming van die Algemene Sinode van 1962. Sy kerkregtelike bydrae het hy dwarsdeur sy lang bediening gelewer maar in besonder gedurende die jare 1951 tot 1962. Dit was die laaste jare van voorbereiding om die algemene sinodale kerkverband wat in 1862 deur 'n hofsak verbreek is te herstel.

“Die kerk het voortgaande en opnuut met sy geskiedenis en kerkregering doenig geraak. Aan die een kant was hy onvergenoegd daarmee. Aan die ander kant het hy hom daaruit laat leer. In die verwerking het Vorster sterk leiding geneem.” [Brown *NGTT* September 1979:296] “Twee vrae, wat aaneensluit, is aan die orde gestel: moes die kerkwette met 'n kerkorde vervang word? Moes Ordonnansie 7 vervang word deur die Dordtse Kerkorde? Uitsluitel oor hierdie vrae was belangrik vir die begeerte wat by die Ned Geref Kerke voortgeleef het om een kerkverband te 'herstel'. Om dit te realiseer sou die bestaande kerke hulle vir 'n *synodus contracta* moes vind.” [Brown *NGTT* September 1979:297]

8.2 VORSTER SE KERKREGTELIKE BYDRAE IN DIE VOORBEREIDING VAN 'N KERKORDE VIR DIE EERSTE ALGEMENE SINODE.

'n Goeie perspektief op Vorster se aandeel in hierdie voorbereiding kan gevind word in die *Gereformeerde Vaandel* van Augustus 1951. Met hierdie uitgawe was Vorster in die redakteurstoel en het hy die geleentheid gebruik om met die hulp van medewerkers in diepte na die regering van die Ned Geref Kerk, as

eie aan `n Gereformeerde Kerk op Suid-Afrikaanse bodem te kyk.” [Brown 1979:297] In hierdie uitgawe het hy in die redaksiekolom geskryf onder die opskrif: “Soos een wat dien” [GV Augustus 1951: 122-123] en in dieselfde uitgawe verskyn `n artikel van prof D Lategan oor Ordonnansie no.7 van 1843 en sy waarde en betekenis vir ons tyd.[GV Augustus 1951: 130-138] Eintlik gaan dit om baie gewigtige kerkregtelike vrae: Voorop staan: “Kan die kerk besluit om die Ordonnansie af te skaf?” En te vervang deur die Dordtse Kerkorde”? Na sy mening staan dit die kerk vry alhoewel hy waarsku om met moontlike gevolge rekening te hou. [Brown in *NGTT* 1979:297]

Die kerkregtelike vrae wat beantwoord moes word was of die kerk kan besluit om die Ordonnansie af te skaf en te vervang met die Dordtse Kerkorde. Volgens Lategan sou die kerk dit kon doen, maar die kerk moes met moontlike gevolge rekening hou. [vgl Brown *NGTT* September 1979:297; Lategan *GV* Augustus 1951:136]

Vir meer as een kerkregkundige was dit nog altyd `n jammerte dat die Dordtse Kerkorde nie na 1804 as grondslag gedien het nie. [Brown *NGTT* September 1979:297]

8.2.1 Kerkorde of Wette en Bepalings ?

Die verdere vraag het gegaan oor die keuse tussen `n Kerkorde of Wette en Bepalings. Die Kerkwette was, volgens Brown, `n lastigheid en het vir die kerke `n verleentheid geword. [Brown *NGTT* September 1979:297]

Ander soos bv.Eybers was gemaklik met die benaming kerkwette en vir hom was dit maar dieselfde as `n kerkorde. Geldenhuys praat ook dikwels van kerkorde as hy van die Wette en Bepalings praat want dit gaan vir hom om kerkordening. Vir Brown was die kerkwette met hulle baie detail en reglementering “alles behalwe `n kerkorde”. [Brown *NGTT* September 1979:297]

Brown wys daarop dat daar reeds by die Sinode van 1949 gewys is op die onwenslikheid van 'n lywige en omslagtige wetboek. Daar word na Bouwman verwys wat o a gesê het dat hoe meer bepalinge daar is hoe moeiliker word dit om kerklike regspraak uit te oefen. As daar vir elke geval 'n bepaling is wat dit reguleer sou 'n mens later regsgeleerdes nodig hê om die klomp wette te kom verduidelik. Die geskiedenis van die Ned Geref Kerk alleen het al bewys dat dit nie kan werk nie. [Brown *NGTT* September 1979:297-298]

Die Kommissie vir Revisie beveel dan ook aan, “dat die Kommissie van Revisie gemagtig word om die hulp van 'n regsgeleerde in te roep om die Kerklike Wette en Bepalinge behoorlik te rangskik” [Hand. Sinode 1949:387] Die Kommissie vir Revisie “wil met groot beskeidenheid opmerk dat die opstel van lang reglemente en die veranderinge aan bestaande reglemente en die veranderinge aan bestaande reglemente by elke Sinodale sitting ook telkens die opstel van 'n nuwe Wetboek vereis. Dit kos die Kerk honderde ponde.” [Hand Sinode 1949:387]

Aktuarii wat in die verband van hulle laat hoor het was die aktuaris van Natal, ds H J C Snyders, wat gewaarsku het: “Die neiging bestaan in al ons Kerke om wette op te stel vir elke voorkomende geval, en ons wetboeke ontaard in 'n soort Roomse Kasuistiek.” [Brown *NGTT* September 1979:298] 'n Ander, die oud-aktuaris van die Kaapse Kerk, ds J F Mentz, se mening was: “Die Wetboek is vol artikels gemaak in plaas van dat die groot beginsels vasgelê is sodat na daardie beginsel geoordeel kon word. Ons vrees egter dat dit nou te laat is om terug te kom” [Brown *NGTT* September 1979:298] H J Pienaar, lid van die Kommissie vir Kerkwetrevisie en van die Regskommissie verwys ook na die wat hy noem, ondraaglike las van reglemente en voorspel dat dit nog 'n groot struikelblok kan word. Hy oordeel dat vir die kerklike lewe en Kerkregering baie beter sou gewees het as daar volstaan is met een algemene Kerkorde as leidraad en uitgangspunt. [Brown *NGTT* September 1979:298]

“Die Kerkorde van Dordt is opnuut aanbeveel op grond van sy twee groot en onmisbare beginsels vir ´n suiwer Kerkregering ...te wete, die oppergesag van die Woord van God en die koningskap van Christus, die Koning van die Kerk” [Brown *NGTT* September 1979:298]

“Vir ´n kerkorde het dr E A Venter hom laat vind maar beklemtoon dat Dordt nie die finale woord oor die gereformeerde kerkregering gehad het nie. En ‘ons kerklike Wette en Bepalings toe en tans’ het ‘wel beantwoord aan al die vereistes van die Gereformeerde (dit wil sê Skriftuurlike) Kerkreg” [Brown *NGTT* September 1979:298] Mentz het gemaan teen burokrasie:”Ons meen dat baie van die kommissies waarvan sommige besig is om die werk van die Sinode te doen nog een dag die werk van die Sinode lelik in die war gaan stuur.” Brown dink ook daar is nie vir hierdie gevaar genoegsaam voorsienn gemaak nie. [Brown *NGTT* September 1979:298]

8.3 1951 VERGADERING SINODALE KOMMISSIE

Op sy vergadering van 18 April 1951 het die Algemene Sinodale Kommissie die Verkleining van die Sinode weer bespreek. Ten volle bewus van die feit dat die volgende sinode oor bg saak sou besluit en dit wets- en geldelike implikasies sou inhou, het die kommissie dit na die Permanente Regskommissie en die Kommissie van Toesig en Kontrole verwys. [Hand Sinode 1953:212]

Die Permanente Regskommissie , met Vorster as skriba, het ´n paar regsopinies ingewin. [Regsinopie is in die vorm van 17 vrae van ´n aantal regsgeleerdes o a J T van Wyk, D P de Villiers, J de Vos en J C de Wet aangevra en verkry. Hierdie dokumente het as Bylaes verskyn tot die Handeling van die Sinode 1953:565-577. Vorster was ook teenwoordig by ´n onderhoud wat die Permanente Regskommissie met J C de Wet gevoer het oor die aangeleentheid. [Hand Sinode 1953:573]

Bogenoemde twee kommissies het die saak ondersoek en hul verslae is by die Algemene Sinodale kommissie se vergadering van 6 Augustus 1952 gesirkuleer en behandel. [Hand Sinode 1953:198] Die skaal het nou na die ander kant geswaai want met `n skrale 32 teen 26 stemme is besluit om `n verkleining van die sinode by die komende sinode van Oktober aan te beveel. [Hand Sinode 1953:199] Die vergadering het ook `n skema m b t samestelling van die sinode, kiesing van predikante en ouderlinge aanvaar.

Intussen het, soos dit seker verwag is, heelwat korrespondensie oor hierdie saak in die vorm van versoeke en beskrywingspunte op die tafel van die skriba van die sinode beland. Van die belangrikste was die wat vanaf ringe, gemeentes en lidmate uit Suidwes-Afrika en Oos-Kaapland gekom het en versoek het dat hulle tot die vorming van eie sinodes mag oorgaan. Presies soos wat Vorster dit vroeër reeds betoog het.

8.4 DERDE EEUFEESVIERINGE APRIL 1952

In April 1952 is die driehonderd-jarige fees gehou en was Vorster ook lid van die Koördinerende Provinsiale Kommissie wat gemoeid was met die reëlings. Dit het vir hom nog groter bekendheid gebring. Dit was inderdaad `n heuglike gebeurtenis maar ongelukkig sou die Van Riebeeckfees ook die kerklike verskeurdheid belig. Dis ook waarby prof F J M Potgieter aangesluit het in sy redaksionele rubriek in die *Gereformeerde Vaandel*. "En waar dit, helaas, ook van sy Kerk in ons vaderland geld dat die lede oral versprei en die liggaam vermink lê daar sou kerkherstel, wat hierdie feesvieringe betref, die kroon gespan het." [Potgieter in *GV* April 1952:42]

"Die ware lede van die liggaam van Christus, dit wil sê dié lede wat die leer en lewe deur die Woord laat normeer en wat Hom aanbid en dien beide met die warme mistiek van die hart en die geheiligde verstand, hoort bymekaar. Tans is dié mense lede van drie verskillende kerke en ly die liggaam van Christus onder hierdie verskeurdheid." Sy verlange is: "Sal die Here nie genadiglik die

drang na kerkherstel in ons harte laat posvat en ontvlam nie!” [Potgieter in GV April 1952:42]

8.5 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1953

Op 22 April hierdie jaar hou die Raad van Kerke sy 23ste vergadering in Kaapstad. Een van die Beskrywingspunte [no 2] lui:

“Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke: Met die oog daarop dat:

- a] Die vier Gefedereerde Kerke uit dieselfde moederskerk ontwikkel het en nog met bande van belydenis, liefde en enersse belange aan mekaar verbind is, en daar tog `n federale eenheid bestaan;
- b] Die Sinodes van `n paar van die kerke reeds te groot geword het en verdere afstigting van kerke nie onmoontlik is nie, maar inteendeel selfs al beplan word:
- c] dit die belange van die Kerk van Christus in Suid-Afrika sal bevorder; so besluit die Raad van die Kerke om by die verskillende Sinodes binne federale verband aan te beveel
 - 1] dat die bestaande en moontlik te worde gestigte gefedereerde kerke tot organiese vereniging sal oorgaan;
 - 2] dat daar een algemene sinode sal wees waarop elke kerk verteenwoordig sal word;
 - 3] dat daar provinsiale- of streeksinodes sal wees om aanbevelings by die Algemene Sinode te doen en verder uitvoering te gee aan opdragte deur die Algemene Sinode gegee. [Hand Raad van Kerke 1953: 50] Verslag van Tydelike Kommissie vir Ekumeniese Sake
 - 4] Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke [Agenda bls 50, Bp 2]In die lig van die besluit van die Raad van Kerke [1951] word aanbeveel dat hierdie saak sal oorstaan tot die volgende vergadering van die Raad van die Kerke. [Hand 22 April 1953:64]

8.6 VORSTER LID VAN KURATORIUM 1953

Vorster het in 1953 ook lid geword van die Kuratorium van die Teologiese

Seminarium te Stellenbosch. Hieroor sê Potgieter [1979:275]: “By die vorming van studente in die teologie was hy as lid van die Kuratorium sedert 1953 intens betrokke. Op talle van jongmanne het hy `n blywende indruk gemaak wat vir hulle rigtinggewend gedurende hulle bediening sou wees.”

8.7 VORSTER LID VAN FEDERALE RAAD 1953

In 1953 het Vorster lid geword van die Federale Raad van Nederduitse Gereformeerde Kerke en hy het daarvan lid gebly tot by die Raad se ontbinding in 1962. [Potgieter *NGTT* 1979:273]

8.8 VORSTER OP ANDER KOMMISSIES 1953

Gedurende die reses het Vorster sy kerk op `n hele aantal sinodale kommissies gedien. `n Kommissie wat daarby gevoeg moet word is die Kommissie insake Reorgansasie. Saam met ds W A Landman het hy gedien op hierdie subkommissie wat deur die Algemene Sinodale Kommissie saamgestel is in verband met die Suid-Afrikaanse Bybelvereniging en die N G Kerkpers [Hand Sinode 1953:207] Vorster (Tafelberg) en Landman (Swartland) sou vir baie jare deel wees van die moderatuur.

8.9 1953 KAAPSE SINODE

Vanaf Donderdag 15 Oktober 1953 sou die twee-en-dertigste vergadering van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika [Kaapse Sinode] in Kaapstad gehou word. Ds J D Vorster en ouderling N Olivier was die afgevaardigdes van die Tafelberg-gemeente. [Hand Sinode 1953:7] Die Tydelike Regskommissie, waarop Vorster sitting gehad het, het reeds op Dinsdag 13 Oktober 1953 om 10:30 onder voorsitterskap van ds A G E van Velden vergader met die oog op die komende sinode. [Hand Sinode 1953:147]. Laasgenoemde het ook sedert 21 Maart as aktuaris waargeneem in die plek van ds F S Malan wat ongesteld geraak het en later dieselfde jaar oorlede is. [Hand Sinode 1953:147]

Heel eerste in die sinode kom die verslag m b t afgevaardigdes se geloofsbriewe op die tafel. Hierdie verslag het Vorster saam met ds W A Landman opgestel. [Hand Sinode 1953:2]

Op die eerste dag van die sinode het die Verslag van die Algemene Sinodale Kommissie gedurende die namiddagsitting gedien. Baie sake uit die verslag sou oorstaan omdat dit later in die sinode weer ter sprake sou kom. [Hand Sinode 1953:12]

Twee van hierdie sake wat sou oorstaan was juis die wat gehandel het oor die Verdeling of Verkleining van die sinode nl die Verslag van die Permanente Regskommissie [Handelinge Sinode 1953, Bylae 5 van A5, pt 88, p 209-211] wat deur die skriba, J D Vorster, onderteken is en die ander die Verslag van die Kommissie van Toesig en Kontrole wat deur die saakgelastigde, A A. van Schalkwyk, onderteken was. [Handelinge Sinode 1953, Bylae6 van A5, pt 89, p 212-213]

8.10 VORSTER VERKIES AS AKTUARIUS 1953

Op die eerste sittingsdag, Donderdag 15 Oktober, is Vorster genomineer vir die pos van aktuaris. By die tweede stemming verslaan hy vir W A Landman en drie ander genomineerdes t.w. ds D P M Olivier, ds C W I Pistorius en dr L V Rex en word met `n volstreekte meerderheid as aktuaris verkies.

[Handelinge Sinode 1953:13] Landman sou weer herkies word as skriba.

Vorster was nou in die stoel van die aktuaris en hy sou hierna by elke sitting as aktuaris herkies word totdat hy in 1975 Moderator van die Kaapse Sinode geword het en in 1979 finaal uitgetree het. Later, in sy eie woorde, het hy gesê dat dit wonderlike jare was: "Dit was vir my mooi jare want die Almagtige het my die voorreg gegun om vir 26 jaar my plek agter hierdie tafel in te neem en `n rykdom van kennis en ervaring en genade op te doen." [Vorster 1979:781]

Saam met Vorster in die moderatuur het vir die grootste deel van hierdie 26

jaar, en wel vir 22 jaar [1953-1975], dr W A Landman die groen tafel met hom gedeel. Laasgenoemde het self ook ononderbroke vir 26 jaar [1949-1975] as skriba in die moderatuur gedien. Dit was twee predikante wat ook vir baie jare ononderbroke in een gemeente gedien het t.w. Vorster in Tafelberg, Kaapstad en Landman in Swartland, Malmesbury.

Hulle het albei sterk persoonlikhede gehad en nie geskroom om hul saak met oortuiging te stel nie. Dikwels het hulle standpunte teenoor mekaar te staan gekom. Uit gesprekke met Vorster blyk dit dat daar dikwels op kleiner vergaderings tussen die twee here gestem moes word en dat die uitslae aangetoon het dat elkeen vir homself moes gestem het. Elke stem het in sulke gevalle getel en daarom het die here so opgetree anders het die ander "party" die oorhand gehad.

Dit was duidelik dat Vorster in toenemende mate op die steun van lidmate in die kerk kon staatmaak want hy is algaande op meer kommissies van die sinode verkies. By die sinode van 1953 is hy, behalwe vir die Algemene Sinodale Kommissie waarop hy as aktuaris sitting gehad het, ook verkies op die Permanente Armsorgkommissie [Verteenwoordiger van die Ring van Kaapstad], Kommissie vir Kerkwet-revisie, Kweekskool-Curatorium, Kommissie vir N G Kerkuitgewers en die Permanente Regskommissie [Handelinge Sinode 1953:100-103] Hy is ook gekies om namens die moderatuur die Sinode se groete oor te dra op die Vrystaatse Sinode. [Handelinge Sinode 1953:126]

Op Maandag 26 Oktober was daar groot belangstelling vir die verslae en beskrywingspunte wat m.b.t. die verdeling of verkleining van die sinode aan die beurt gekom het. [Handelinge Sinode 1953:67] Die Moderator, dr A J van der Merwe, het gereël dat daar 'n oop bespreking oor die hele aangeleentheid sal wees en dat sprekers met oplossings vorendag sal kom voordat die sinode die onderskeie voorstelle in behandeling sal neem.

ˆn Hele aantal sprekers het voorstelle gemaak en oor die saak gepraat. Ds Vorster het as aktuaris ook aan hierdie debat deelgeneem. [Handelinge Sinode 1953:67-69] Uiteindelik is ˆn Ordemosie van di A P Smit en D L Steyl aanvaar. Dit was ˆn poging om groter duidelikheid in die vergadering te bring.

Dit het gelui: “Met die oog op die baie en selfs uiteenlopende voorstelle op die tafel, die ingewikkeldheid van die hele vraagstuk en veral ook die onsekerheid oor die wetlike aspekte en implikasies daarvan, besluit hierdie Vergadering om die bespreking oor die toekomstige samestelling van die Sinode vir eers op te skort en die hele aangeleentheid staande die Vergadering terug te verwys na ˆn spesiale kommissie, wat sal bestaan uit:

1. Lede van die Permanente Regskommissie,
2. Die voorstellers en sekondante van die onderskeie voorstelle,
3. Die H E Moderator, die H E Assessor en die Saakgelastigde met eersgenoemde as sameroeper.”

Vorster was dus ingesluit in hierdie spesiale kommissie en dit sou hom gepas het. “Die opdragte van hierdie kommissie”, het die voorstel verder gelui, “sal wees:

- 1] Om verdere regsgeleerde advies in te win,
- 2] om die verskillende voorstelle tot ˆn minimum te reduceer,
- 3] om dan oor ˆn week met ˆn beredeneerde voorstel voor die Sinode te kom, wanneer die bespreking oor hierdie aangeleentheid voortgesit sal word.”

[Handelinge Sinode 1953:69]

Op Maandag 2 November dien die verslag van die Permanente Regskommissie voor die sinode. [Handelinge Sinode 1953:113] Daarin gee die kommissie rekenskap van die opdrag wat die ASK aan hom gegee het m b t die verdeling of verkleining van die sinode. Volgens die verslag is daar deeglike studie gemaak van die wetsimplikasies van die onderhawige saak, regsadvies is ingewin, die regsopinie van adv J T van Wyk is gekry en ˆn

breedvoerige verslag is aan die ASK gegee. [Handelinge Sinode 1953:288]

Nog `n ander saak waaroor Vorster sterk gevoel het en ook al oor geskryf het dien dieselfde dag voor die sinode wanneer die verslag van die Tydelike Regskommissie aan die beurt kom. In hierdie verslag reageer die kommissie o a op die beskrywingspunt van ds J Lange van Riversdal waarin hy die sinode versoek om “by die parlement aansoek te doen om die Ordonnansie no 7 van 1843 te herroep.” [Handelinge Sinode 1953:409] Ds Lange sou saam met Vorster vir baie jare soos twee karperde medestanders wees in sinodale vergaderings wanneer belangrike sake bespreek is.

Die kommissie se verslag vra in die verband vir die sinode dat “hierdie saak na die Permanente Regskommissie verwys word met die opdrag om in die interim deeglik daarop in te gaan, regsadvies in te win en die volgende vergadering met `n beredeneerde rapport te dien.” [Handelinge Sinode 1953:529]

Die sinode het egter geoordeel om hierdie punt tot later te laat oorstaan. [Handelinge Sinode 1953:116] Dieselfde het gebeur met die verslag se voorstel rakende die moontlike stigting van `n Ned Geref Kerk in Suidwes-Afrika. [Handelinge Sinode 1953:117]

Tydens die sestiende sitting op Dinsdag 3 November 1953 het die moontlike verdeling of verkleining van die sinode weer op die tafel gekom. Die skriba het gerapporteer dat die spesiale kommissie wat aangestel is, regsadvies ingewin het en dit ter tafel lê. Vier voorstelle sou voor die vergadering gelê word. Aan die bespreking wat hierna plaasgevind het, het die aktuaris ds Vorster, ook deelgeneem. [Handelinge Sinode 1953:127]

Dit moes vir almal baie duidelik gewees het dat `n besluit oor hierdie belangrike saak nie ligtelik geneem kon word nie. Na deeglike bespreking het die moderator dan ook die vergadering versoek om “vir twee minute in stille

gebed te gaan om God se leiding te soek voordat gestem word.” [Handelinge Sinode 1953:128] Daarna gaan die vergadering oor tot stemming en is die vier voorstelle agtereenvolgens gestel.

Die tweede voorstel wat gekies het vir afstigting van kerke met behoud van `n federale band is toe aanvaar met 345 teen 242 stemme. Hierdie voorstel het gelui: “Die sinode verwerp die beginsel van `n verkleinde Sinode en verklaar dat dit in die beste belang van die Kerk beskou word dat waar Kerkrade van `n bepaalde gebied daarom vra, selfstandige Kerke gestig sal word met dieselfde belydenis en kerkregering as die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, met handhawing van die federale verband.” [Handelinge Sinode 1953:127] Die saak is na `n Tydelike Kommissie verwys.

Hierdie besluit is dis geneem presies soos wat die aktuaris, Vorster, dit vroeër reeds as sy visie gestel en gepropageer het. Ander afgevaardigdes het natuurlik verskil en ook baie sterk daarvoor gevoel want die volgende dag het `n hele paar o a die assessor, ds A.G E van Velden, die skriba, ds W A Landman, en die latere bekende kerkleier ds J S Gericke versoek dat hulle name genotuleer moet word as bewys dat hulle in die minderheid gestem het. [Handelinge Sinode 1953:133]

Hierdie historiese en ingrypende besluit het egter geval en die deur was nou oop vir verdeling van die sinode. Afgevaardigdes soos diegene wat van Suidwes-Afrika was, was ook ingenome met die besluit. Die volgende dag was `n voorstel van hulle heel eerste op die tafel. Volgens hierdie voorstel wat deur die bekende ds S H van der Spuy voorgestel is en deur ds C A C Gagiano gesekondeer is sou die sinode besluit dat die kerk in Suidwes-Afrika oorgaan om `n “eie selfstandige N G Kerk in SWA te stig” en verder om “sy morele steun toe te sê aan die stigting.” [Handelinge Sinode 1953:129] Die sinode sou ook `n kommissie aanwys om met die stigting te help.

Oos-Kaapland se afgevaardigdes het by wyse van `n amendement dieselfde vir hulle streek gevra. Ook hulle wou goedkeuring vra "om afstigting van `n aparte Sinode in Oos-Kaapland binne die federale verband van die Ned Geref Kerke." [Handelinge Sinode 1953:130]

Nog twee verdere amendemente is ingedien. In albei gevalle was die hoofgedagte dat die saak na `n kommissie verwys sal word. Op `n Ordemosie van di J H Lange en P W de Lange besluit die vergadering om dit so te hanteer. [Handelinge Sinode 1953:130]

Betreffende die afstigting van kerke het die Tydelike Kommissie op Woensdag 4 November verslag gedoen en `n voorstel ingedien wat deur di J H Lange en J D Vorster onderteken is. Dit het gelui: "Die Sinode benoem `n kommissie bestaande uit die Moderatuur, die Permanente Regskommissie, en die volgende ander lede: dr L V Rex, di P W Jordaan, D P M Beukes, C W I Pistorius [Oos-Kaapland], S H van der Spuy, J H Steenkamp en C A C Gagiano [Suidwes-Afrika] en ds J H Lange, met die Saakgelastigde, Algemene Armesorgsekretaris en Algemene Sendingsekretaris in adviserende hoedanigheid.

Die opdrag van die kommissie word vervolgens duidelik uitgespel en dis goed om dit hier volledig aan te haal omdat die hand van Vorster baie duidelik hierin gesien kan word. Dis kenmerkend van sy deeglikheid dat hierdie voorstel min of meer al die vrese wat reeds voor die vergadering gedien het aangespreek het.

Die opdrag van die kommissie was om:

1] Uitvoering te gee aan A5, Bylae 5, paragraaf A [van begin tot aan die einde van punt 4] met inagneming van B.12 en D.18.

2] Om al die regsimplikasies wat hieruit voortvloei, te ondersoek, waaronder:

a] regte van minderhede en eiendomsreg

- b] die korrekte prosedure vir stigting van Kerke te bepaal.
- 3] Aktes van Ooreenkoms wat aan al die vereistes sal voldoen, op te stel.
- 4] Om die moontlikheid te ondersoek van die daarstelling van `n bindende Kerkorde vir al die N G Kerke.
- 5] van tyd tot tyd aan die Algemene Sinodale Kommissie te rapporteer.

Die Algemene Sinodale Kommissie kry volmag om:

- 1] Indien nodig, parlementêre wetgewing te verkry
- 2] Die aansoek om stigting van `n Kerk in Suidwes-Afrika finaal af te handel.
- 3] Nadat alles bevredigend afgehandel is, die aansoek om stigting van `n Kerk in Oos-Kaapland aan die volgende Sinode voor te lê vir goedkeuring. Hierna sal die verskillende sinodes afsonderlik konstitueer.”

Hierdie voorstel is deur die sinode aangeneem en die moderator is gevra om as sameroeper van die kommissie op te tree. [Handelinge Sinode 1953:132]

8.11 VERSLAG INSAKE TUGUITOEFENING BY SINODE VAN 1953

’n Baie belangrike saak wat by die sinode van 1953 ter sprake gekom het was die Verslag insake Tuguitoefening. Dit was saam met die vrae oor kerklike verenigings een van die brandpunte in daardie tyd. Dit was ’n stewige kommissie met 3 knap persone wat onder voorsitterskap van prof B B Keet die verslag ingedien het. [Hand Sinode 1953:295-300] In die verslag is gemeld dat die meerderheid van gemeentes gekla het oor die verslapping van die tug.

Na behandeling van hierdie deeglike verslag het die Sinode besluit: “Bewus van die droewige verval van die Christelike tug in die Kerk, dra die H E Sinode dit op aan die Kommissie van Evangelisasie om op voetspoor van die handleiding soos nou deur H E Vergadering aanvaar, ernstige pogings aan te wend om die Ringe en Kerkrade op te wek om die tug streng te beoefen.”

Daaruit lei Vorster tereg af dat die kerk ’n begeerte gehad het om die kerklike tug te herstel. [Vorster *GV Des* 1954:20] Hy het dit verwelkom as “’n aksie tot

kerkherstel” [Brown *NGTT* Sept 1979:299] en ’n voorstel ingedien wat genotuleer is as: “Die H E Actuaris en ds A P Smit stel voor dat hierdie verslag insake Tugoefening gedruk word, dat die drukkoste met 50 pond uit die sinodale kas gesubsidieer word, en dat die Kerkrade hulle bestellings verder op eie koste by die N G Kerk-Uitgewers mag plaas. Hierdie voorstel word deur die vergadering aanvaar.” [Hand Sinode 1953:114]

“Daarmee het die Sinode getoon dat sy belydenis, dat die tugoefening een van die merktekens van die ware Kerk is, hom erns is. Vir die Kerk van Christus is dit ook ’n saak van gehoorsaamheid aan die Woord van God en die opdrag van die Koning van die Kerk.” [Vorster *GV Des* 1954:20]

Die feit dat Vorster dit geskryf het, het natuurlik ook aangetoon watter groot bekommernis hyself gehad het oor die verval van die tug en kan sy teleurstelling begryp word toe die sinode die taak om herstel van tug op die skouers van die Kommissie van Evangelisasie geplaas het. Vorster het hom beywer vir ’n kommissie wat net met tug gemoeid is: “Dis uiters wenslik dat die Sinode ’n kommissie vir kerkherstel moet aanstel om die belangrike saak van die herstel en handhawing van die tug te behartig. Dis nou aan die Evangelisasiekommissie opgedra, maar hulle het ’n groot werk om te doen en hierdie saak is so dringend dat spesiale aandag daaraan gegee moet word. Dit moet ’n lewendige en ywerige kommissie wees, wat leiding aan kerkrade kan gee en ook daadwerklik kan help waar nodig.” [Vorster *GV Des* 1954:27]

8.11.1 Vorster se siening van die tug

Kerkleiers se siening van tug en die toepassing daarvan is ’n aanduiding van hulle bereidheid en moed om onvoorwaardelik te buig voor die Woord van God. In die lig daarvan word meer breedvoerige aandag geskenk aan Vorster se standpunt oor tug, die redes wat hy aanvoer vir die verslapping van die tug en dit wat hy noodsaaklik ag vir die herstel daarvan.



Wanneer Koot Vorster ernstig oor 'n saak gevoel het, het hy altyd die pen opgeneem en daaroor geskryf. So het hy ook gedoen rondom die saak van tug en het hy tug “as onderwerp van 'n uitgawe van *Die Gereformeerde Vaandel* gemaak” [Brown *NGTT* Sept 1979:299]

Onder die titel: “*Die herstel van die tug in ons kerk*” het hy 'n artikel vir die blad geskryf. In die Redaksiekolom van hierdie uitgawe het Vorster sy siening gegee van wat die oorsake was vir die verslapping van die tug. Hy wys daarop dat daar gedurende die dekade wat verby is van verskillende kante die klagte gekom het dat die tug in die kerk verslap het. Daarom, sê Vorster, is die “noodklok” op die Sinode van 1945 reeds gelui toe daar 'n kommissie aangewys is om te kyk of daar wel verslapping van tug was. Die kommissie kon nie 'n verslag aan die Sinode van 1949 voorlê nie, maar die Sinode het dieselfde taak aan 'n nuwe kommissie toevertrou. Dit dui al reeds vir Vorster op die erns waarmee die Sinode die saak bejeën het. [Vorster *GV Des* 1954:2 en 20]

Vorster, die geroepe predikant en gereformeerde kerkregkundige, is aan die woord as hy sê dat die tugoefening 'n diep geestelike werk van die kerk van Christus in die kerk van Christus is. Verkondiging van die Woord en die uitoefening van dissipline moet, volgens hom, altyd saamgaan. “Die een is nie minder geestelik as die ander nie. Die een is nie van meer betekenis vir die behoud van die sondaar as die ander nie. Die twee sleutels van die Koninkryk wat die Koning van die Kerk aan sy knegte toevertrou het, waardeur Hy verheerlik moet word.” [Vorster *GV Des* 1954:2] Tug is, volgens hom, noodsaaklik en onontbeerlik vir die welsyn van die kerk. Dit lê, sê hy, in die wil van Christus opgesluit en “Wat Christus verorden het is van lewensbelang vir Sy kerk. Wat Hy nodig geag het mag geen mens minag nie. [Vorster *GV Des* 1954:2] Die Skrif is self hiervan getuie as Vorster verwys na die twee gemeentes Pergamus en Tiatire [Op 2-3] wat aangespreek is juis omdat hulle nie die tug toegepas het teenoor die Nikolaiete en Isebel nie.

In die Ou Testament het die Here self individue, soos bv. Agan en die volk Israel getugtig. In die Nuwe Testament het Christus self die uitoefening van die tug aan die ampsdraers en die gemeente opgedra. Die beste voorbeeld hiervan is waar Jesus aan Petrus en die dissipels gesê het: “En ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy op die aarde mag bind, sal in die hemele gebonde wees: en wat jy op die aarde mag ontbind sal in die hemele ontbode wees.” [Vorster *GV Des* 1954:21] Hierdie twee sleutels is, na aanleiding ook van Matt 18:15-18, “die prediking van die Evangelie en die christelike ban of kerklike dissipline in engere sin.” [Vorster *GV Des* 1954:21-22]

Vir Vorster kan die verval van die tug vanuit die kerkgeskiedenis waargeneem word as simptoom van “innerlike veragtering” van die gemeente. “Soos verval en slaphangende heinings op ’n plaas ’n slordige en swak boer verraai, so weerspieël die verslakte tug die geestelik ingesonke kerk.” Die tug verslap alleen wanneer die verhouding met God nie reg is nie. Wanneer die sondebeseftelike verflou, die roepingsbewustheid nie meer daar is nie en die kennis van God en die kennis aangaande die wese van die gemeente swak en gebrekkig is. [Vorster *GV Des* 1954:4]

Die kerkgeskiedenis, sê hy, bewys dat waar die tug verdwyn daar het die kerk gekwyn. Met die Reformasie het dit duidelik geblyk dat tug nie mense uit die kerk verjaag het nie maar eerder die kerke laat groei het. Aan die ander kant, sê hy, “waar die tug verwaarloos is, het die wêreld in die kerk gekom en het die heerlijkheid van die Here, soos Esegïel dit in sy visioen gesien het, van die kerk gewyk.” [Vorster *GV Des* 1954:2]

8.11.1.1 Gebrek aan kennis van God se heiligheid

Vorster verduidelik verder waarom die verval van die tug nie aanvaar kan word nie: “Die verwaarloosing van die tug spruit uit ’n gebrek aan beseftelike van die verskriklikheid van die sonde en die heiligheid van die Here teen wie daar

gesondig word. As die gemeente die sonde ken as ongeregtigheid en brutale uittarting en verwerping van God sal die sonde nooit in eie boesem geduld word nie. Nie alleen sal die Woord van God met krag tot veroordeling van die kwaad verkondig word nie, maar as dit nie die begeerde uitwerking het nie, sal - soos Christus deur sy voorsiening van die tweede sleutel dit ook bedoel het - die Christelike sensuur met vrese en gehoorsaamheid toegepas word.”

[Vorster *GV Des* 1954:2]

Christene moet daaraan herinner word, “God is heilig daarom kan dit nie toegelaat word dat die sonde in die gemeente ongestoord voortwoeker nie. As op die verkondiging van die Woord nie berou en bekerking volg nie moet op bevel van Christus die kwaad deur die toepassing van die tug besweer word.”

[Vorster *GV Des* 1954:2-3]

8.11.1.2 Gebrek aan roepingsbesef by opsieners

Een van die redes vir die verval van die tug is, volgens Vorster, die gebrek aan roepingsbesef by die opsieners. Wanneer gemeente en opsieners “onder die spanning van hulle roeping” leef sal daar by hulle geen vrees vir mense wees of die behoefte om mense te behaag nie. Die eer van God sal vir hulle bokant die eer van mense wees en dan sal die tug nie verwaarloos word nie. [Vorster *GV Des* 1954:3]

“Dit moet erken word dat die toepassing van die tug in die naam van die Here die moeilikste werk is wat God aan sy kerk toevertrou het. Die wat die tug moet toepas is self onvolmaakte mense wat nie alleen die stryd teen die sonde moet voer nie, maar ook hulle neerlae ken.” [Vorster *GV Des* 1954:3]

8.11.1.3 Ervaring van burgelike wette

’n Ander probleem vir die toepassing van die tug is vir Vorster die feit dat lidmate se kennis van die burgelike wette is dat iemand wat ’n wet oortree aangekla, verhoor en gestraf word. Om hierdie probleem te bowe te kom wys

Vorster daarop dat die kerklike tug 'n geestelike karakter het. Dit is geestelik van aard en van doel. So 'n, "diep geestelike werk is dat tensy die kerkraad en gemeente naby die Here lewe hulle nie tot die behoorlike toepassing van die sensuur in staat is nie. Daarom eis die Skrif dat alleen vroom manne, wat oor hulle eie huise goed regeer, in die amp gestel moet word." [Vorster *GV* 1954:3]

Toepassing van die tug stel dan ook aan die kerkraad en gemeente die hoogste eise. "Dit verg 'n ootmoedige erkenning van die gesag van God en gehoorsaamheid aan Sy Woord. Kerkraad en gemeente moet, vir die regte gebruik van die tweede sleutel, naby die Here leef, want dis in Sy naam dat hulle moet sluit en open. Deur toewyding aan die Here in Christus moet hulle bo alles die eer van God soek." [Vorster *GV Des* 1954:3-4] Verder moet die persone wat die tug toepas 'n "tere ontferming oor die sondaar" hê, "fyn mensekennis, warme harte, hoogstaande lewes en harte geheilig deur die vrese van die Here." [Vorster *GV Des* 1954:4]

8.11.1.4 "Opwekkinge" mag tug nie vervang nie

Uit die werksaamhede van so 'n kommissie, was Vorster se oordeel, "sal dit ook duidelik word dat die tug deur niks vervang kan word nie." Hiermee het hy bedoel die opvatting wat verkeerdelik soms in die verlede "gekoester" is dat "opwekkinge die tug moet vervang." Sonder dat dit in soveel woorde gesê is, sou mense volgens hierdie opvatting nie deur sensuur van die kerk weggejaag word nie, maar deur "opwekkingsdienste en bearbeiding na die Here gelei word." [Vorster *GV Des* 1954:27]

Vorster sien in so 'n opvatting twee foute nl dat tug mense van die kerk sou wegjaag en dat tug nie heilsaam sou wees nie. Sy uitgesproke siening is dat die tug, as deur die Here verordende middel nie onvrugbaar is nie en nie mense van die kerk wegjaag nie, maar dat dit juis tot heil van die gemeente gegee is. [Vorster *GV Des* 1954:27] Tug mag, volgens Vorster, deur niks



vervang word nie. “God het nie ’n alternatief vir die tug gegee nie. Die Kerk mag nie wyser wees as sy Koning nie.” En verder is iemand aan die woord wat in nederigheid die orde in die kerk liefhet: “Daarom moet ons met moed, takt en liefde aan die oproep van die Sinode gehoor gee. Moed sal nodig wees, want die weg van die Woord is altyd die weg van selfverloëning en gehoorsaamheid. Ook sal ons in diepe en volle afhanklikheid van die Here moet handel. Ons sal alleen moet optree in en onder die drang van die liefde van Christus vir die behoud van sondaars. Bowenal moet ons gedurig onder die besef leef dat nie die tug nie, maar Christus alleen die lewe kan gee. Ook moet ons in die uitoefening van die tug verseker wees van ons lewe en oorwinning in Christus, want as die lewe vir ons nie Christus is nie, sal die tug vir die kerk geen wins bring nie.” [Vorster *GV Des* 1954:27]

8.11.1.5 Ongerymdhede in die toepassing van die tug

Vorster wys op sekere ongerymdhede in die toepassing van die tug. As voorbeelde verwys hy hier na gevalle waar voorhuwelikse gemeenskap tereg ’n sensuurgeval is maar ander oortredinge soos bv “diefstal, aanranding, bedrog, egbreuk, dronkenskap, radikale ongeloof, onkerksheid en onenigheid word selde deur kerkrade met die oog op die toepassing van die tug behandel.” [Vorster *GV Des* 1954:20] “Ons het in ons gemeentes mense wat in jare nie in die Kerk was nie, die dag van die Here gedurig ontheilig en teen die Kerk vyandig staan, maar die tug word nie op hulle toegepas nie, en hulle bly lidmate met alle regte en voorregte daaraan verbonde.” [Vorster *GV Des* 1954:20] Ander ongerymdhede wat ook voor die sinode gedien het, is attestate wat nie meer uitgereik word wanneer lidmate uit die gemeente vertrek nie; in die meeste gevalle tree die predikante alleen in tugsake op; sommige meen daar is nie werklik ’n verslapping van die tug nie - dit lyk maar so omdat daar “veelal in die stilte opgetree word en vaderlike vermaning die plek van strenge optree van ’n regspraak ingeneem het.” [Hand Sinode 1953:295-296]

8.11.1.6 Staat en kerk se noue verband vroeër as ’n oorsaak van verval van tug

Vir Vorster is een van die oorsake van die verslapping van die tug toe te skryf aan die feit dat die kerk en staat vroeër jare in ’n noue verband gestaan het. Hy haal voorbeelde uit die kerkgeskiedenis aan om te toon in watter mate die staat se betrokkenheid kerklike tug nadelig geraak het. Die staat het dikwels ingegryp in kerklike sake en die tug onmoontlik gemaak of ter syde gestel. In ander gevalle het die tug ’n “straf geword en so sy doel, betekenis en bestaansreg verloor.” Kerkrade het die vrymoedigheid om die tug toe te pas verloor. [Vorster *GV Des* 1954:24]

8.11.1.7 “Volkskerk”- gedagte as oorsaak van verslapping van tug

Onder die oorsake van die verslapping van die tug het die verslag voor die sinode melding gemaak van die onbesliste houding van kerkrade wat prakties die idee van ’n “volkskerk” gesteun het. In sulke gevalle is die noodsaaklikheid vir opsig en tug oor die hoof gesien. Vorster het hom verset teen die gedagte van ’n “volkskerk” en dit baie duidelik gestel dat die gedagte van ’n kerk wat die hele volk moet omvat vir die toepassing van die tug fataal is. “Ook in ons tyd sal daar van die tugoefening niks teregkom as ons nie breek met die idee, dat ons teen enige prys die Afrikaner formeel aan die kerk moet bind. In die kerk moet net een band wees wat die mens aan die kerk bind en dit is die geloof. Ons kerk is nie ’n volkskerk nie, maar ’n belydenis kerk.” [Vorster *GV Des* 1954:24] Hy verduidelik verder: “Met al ons kragte moet ons daarvoor ywer dat die Afrikaner in die kerk moet kom waar hy kragtens afkoms en tradisie hoort, dog nie Afrikanerskap nie maar geloof in Jesus Christus alleen moet die lidmaatskap bepaal.” [Vorster *GV Des* 1954:24-25] Die gedagte dat die tug Afrikaners uit die kerk verjaag is vals want die tug sal “alleen die uitsluit wat hulself deur hul ergelike en goddelose lewe en ongeloof reeds uitgesluit het. Bowendien is die groot vraag in die kerk nie hoe kan ek ’n lidmaat behou nie, maar hoe kan die sondaar gered word en Christus Jesus verheerlik word.” [Vorster *GV Des* 1954:25]

8.11.1.8 Daling van geestelike peil as oorsaak van verslapping van tug

Vorster bevind verder dat die “daling van die geestelike peil van die kerk” ook ’n vername oorsaak van die verslapping van die tug is. Volgens hom is “tugoefening die mees geestelike aksie van ’n kerkraad. Om in die naam van die meester, die Koning van die Kerk, iemand onder tug te plaas en as hy hom verhard en verset teen die roep van Christus om hom te bekeer, hom af te sny, is voorwaar iets wat die kerkraad alleen sal aandurf en reg kan doen as die broeders met die Here leef.” [Vorster *GV Des 1954:25*] Tug is, volgens hom, die “geestelike handeling, wat gebore is uit die Wil van Christus om Sy liggaam heilig te hou en uit die begeerte van die gelowige en vir die Here afgesonderde kerkraadslid om die naam van die Here te heilig en die sondaar tot bekering te bring. Daarom is die tug nie ’n strafmiddel nie, maar ’n middel om tot bekering te bring.” [Vorster *GV Des 1954:25*] Met verwysing na Jehu wat in die Ou Testament God se werk soos ’n beul gedoen het en nie in “geloofsgehoorsaamheid met vrees en bewing en in gemeenskap met God nie” meen Vorster, sal die tug ook in ons kerk alleen tot sy reg kom “as die geestelike lewe weer die vereiste peil bereik.” Volgens hom is die tug die “geestelike middel by uitnemendheid en die tug, reg toegepas, is die Woord van God in aksie.” [Vorster *GV Des 1954:25*]

8.11.1.9 Gevaar van “verkeerde” mense in die kerkraad

’n Ander fout wat die herstel van tug vertraag is die fout om verkeerde mense tot die kerkraad te verkies. “Dit kom so baie voor”, sê Vorster, “dat mense in die kerkraadsbanke kom om hulle mak te maak, of omdat hulle mense van aansien is of aan ’n bepaalde party of groep behoort. Dan word die kerk van Christus ’n vereniging.” [Vorster *GV Des 1954:25*] “Ons moet manne kies wat in die gemeente vir hul godsvrug en ywer vir die Here bekend is. Van tug kan daar geen sprake wees nie as die manne nie onder die dissipline van die woord staan en ‘kragtig’ is in die Here en in die krag van Sy sterkte” [Vorster *GV Des 1954:25*] “As die geestelike peil, om van die sedelike peil nie eers te praat nie, van die kerkraad hoog is, sal hulle as wagtters op die mure ook die

gemeente van die Here wil en kan beskerm teen almal wat in skaapsklere onder die kudde kom; en sal die oortreders die tugoefening verdra.” [Vorster *GV Des 1954:25*] Dieselfde geld, volgens Vorster, ook die predikante. “As die predikant nie iemand is wat waarlik in die Here is, en navolger van Christus is nie, of sy eie naam en eer van groter belang ag as die eer en naam van Christus, kan die tug nie gehandhaaf word nie. [Vorster *GV Des 1954:25-26*]

8.11.1.10 Gevaar van tugtoepassing wat aan tydsverloop gekoppel is

In die verlede is die tug ook nadelig beïnvloed deur die “onhebbelike verskynsel” dat die tug vir ’n bepaalde tyd toegepas is. Dit herinner aan die burgerlike straffhof se vonnisse. Vorster maak dit duidelik dat die tug ’n geestelike middel tot betering van die lewe is en “as daar nie berou en bekering kom nie, gaan die sensuur voort totdat die berou daar is, of die persoon as heiden en tollenaar van die gemeente afgesny word.” [Vorster *GV Des 1954:26*] Tug moet altyd vir ’n onbepaalde tyd opgelê word en sodra daar berou en bekering is hou die tug op. As dit anders toegepas word, “word die tug belaglik en word dit verydel. Dit moet steeds duidelik wees dat die tug voortgaan as die berou uitbly. As dit nie gedoen word nie handel ons in stryd met die Woord van God, verydel ons die doel van die tug, word die tug burgerlike straf, lei dit nie tot geestelike opbou nie, en moet dit tot verval kom. Om die tug te herstel moet ons dit hier regstel.” [Vorster *GV Des 1954:26*]

8.11.1.11 Gebrekkige kerkvisitasie

As ’n verder probleem vir die herstel van die tug voer Vorster die gebrekkige kerkvisitasie aan. Daar sal met die “herstel van die kerklike tug nie na wens gevorder word nie alvorens behoorlike kerkvisitasie soos dit vroeër in die Kaapse Kerk gedoen is, nie herstel is nie.” Vorster sê die kerklike ondersoek soos dit tans gedoen word is onbevredigend en die Ring het geen behoorlike kontrole of toesig oor die gemeentes nie en kan gevolglik ook nie die gemeentes met raad en daad bystaan nie. [Vorster *GV Des 1954:26*] In die verband sou Vorster wou sien dat die Ringe soos vroeër weer ervare en

kundige manne sal afvaardig om gemeentes te besoek en behoorlike ondersoek te doen. Dis volgens hom die beproefde metode om “sleur en verslapping teen te werk” en rampe en ongelukkigheid in die gemeentes vroegtydig op te spoor en te bereedder. [Vorster *GV Des* 1954:26-27] Die predikant en die kerkraad kry op die wyse die geleentheid om met iemand te praat as hulle enige probleme het. Dit sal ook die kerkrade opskep om getrou te wees in die toepassing van die tug. Vorster voel hieroor baie sterk en beweer selfs: “Die herstel van die visitasie in ons kerk is een van die grootste behoeftes van ons dag.” [Vorster *GV Des* 1954:27] Tug wat reg toegepas is het, volgens Vorster, ’n groot invloed op die geestelike lewe van die gemeente. Wanneer die persoon wat getug word agterkom dat dit nie uit haat gedoen word nie maar uit liefde en dat dit nie uitwerping is wat die doel is nie maar die begeerte dat hy oor die sonde sal triomfeer, het die tug ’n geseënde uitwerking op die gemeente. [Vorster *GV Des* 1954:4]

8.11.1.12 Tugtoepassing ook goed vir die ampsdraers

Vir die ampsdraers is tugtoepassing, volgens Vorster, net so goed want die tughandeling lei tot “selfondersoek, ootmoedige belydenis van eie skuld en groter toewyding aan die Here. En die gemeente pluk van hierdie werk die heerlikste vrugte. Nie alleen word daardeur die gemeente suiwer gehou nie, maar dit lei tot heiliging van die verbond en die bewuste strewe om die naam van God te verheerlik in al hul lewe.” [Vorster *GV Des* 1954:4]

Vorster sluit die redaksionele kommentaar deur te sê: “In hierdie tyd wat gekenmerk word deur sy liberalisme en oorskating van die vryheid, persoonlikheid en waarde van die mens sal die kerk alleen dan eerbied en ontsag afdwing as hy die sleutelmag met toegewyde hart tot eer van God en behoud van die sondaar gebruik.” [Vorster *GV Des* 1954:4]

“Ons sal bereid moet wees om af te gee wat miskien nou nog op ons boeke staan. Dit alles moet die Kerk egter nie vir sy roeping en taak laat terugdeins

nie. Met geduld en moed, takt en gebed moet die opdrag van die Meester uitgevoer word.” [Vorster *GV Des* 1954:20]

8.11.1.13 Vorster oor die vraag hoe die tug toegepas moet word

Vorster meen dat dit rampspoedig sal wees as daar skielik in die gemeente tot die streng toepassing van tug begin sal word. So iets sal as ’n skok kom, mense tot opstand lei en die doel van die tug verydel. Daar moet volgens Vorster vooraf “propaganda” en waarskuwing wees. [Vorster *GV Des* 1954:21] Die woord “propaganda” wat Vorster hier gebruik kan verkeerd vertolk word omdat dit ’n woord is wat eerder in die politieke arena sou tuishoort waar partye hulle beleid propageer of in die handelwêreld waar produkte met advertensies gepropageer word. Wat hy bedoel het kom egter daarop neer dat die eis van die Skrif en noodsaaklikheid van strengere tugtoepassing duidelik vooraf aan die gemeente bekendgestel sal word en dat die gemeente meegeneem sal word in die implementering daarvan.

Volgens Vorster moet die weg tot herstel met groot erns, brandende liefde en onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan die Woord van God voorberei word. Dit moet beheersd en geheilig wees en deur gebed gedra word terwyl drie dinge beklemtoon word nl. dat die kerklike tug herstel moet word; waarom dit moet gebeur en in welke gees die tug toegepas en geoefen moet word.[Vorster *GV Des* 1954:21]

8.11.1.14 Woord van God as tugmaatreël

Waarom tug in die gemeente toegepas moet word en nie deur iets soos bv. opwekkingsdienste vervang kan word nie, is deur Vorster uiteengesit. Vir hom was die kort en kragtige antwoord op hierdie vraag: “Die Woord van God eis dit” Hy sê voorts: “Die Woord van God is die swaard van die Heilige Gees, en as die Woord die tugtoefening beveel dan is dit heilsaam en goed, en kan en mag dit deur niks anders vervang word nie. Immers, dis die Gees wat die gemeente deur die Woord versamel. Wat die Gees dienstig tot die doel ag,

mag nie deur ons verag of verwaarloos word nie.” [Vorster *GV* Des 1954:21]

Vorster benadruk dit dat die gemeente nie ’n versameling mense is wat rondom godsdienst bymekaarkom nie, maar die vergadering van die gelowiges is wat “hulle saligheid van die Here Jesus verwag, gewas is in Sy bloed en verseël is deur die Heilige Gees. In die gemeente is dit derhalwe nie die woord van mens wat tel nie, maar die Woord van God wat beslis. En dis die Woord van God wat die tug beveel.” [Vorster *GV* Des 1954:21]

8.11.1.15 Tug tot eer van God, welsyn van gemeente en tot heil van die sondaar

In ’n paar paragrawe sit Vorster dit duidelik uiteen dat die tug tot die eer van God moet strek, dat dit tot die welsyn van die gemeente moet wees en tot heil van die sondaar.

Vir hom is die eer van Christus met die handhawing van die tug gemoeid. Die gemeente is die geheiligdes, die bruid van Christus en as Koning van Sy Kerk het Hy die Woord en die Sakramente verorden om die geloof te werk en te versterk en die tug ingestel, “om Sy liggaam nie te ontheilig nie.” [Vorster *GV* Des 1954:22] “Waar die tug nie gehandhaaf word nie, word die ere naam van lidmaat van die Kerk van Christus gedevalueer, en word Christus openlik tot skande gemaak. Ter wille van die eer van God moet die Kerk ook die tweede sleutel van die koninkryk in geloofsgehoorsaamheid gebruik.” [Vorster *GV* Des 1954:22]

In die tweede plek, sê Vorster, vereis die welsyn van die gemeente die noulettende toepassing van die tug en om dit te staaf verwys hy na die merktekens van die kerk soos dit in art 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uiteengesit word. “Hierdie drie, die Woord, die Sakramente en die tug kan nie geskei word nie. As die een verwaarloos word, word die ander meteens nadelig geaffekteer. Word die tug nie toegepas soos die



Woord van God dit vereis nie, kom die wêreld in die Kerk, en kom gelowige en ongelowiges in dieselfde verband.” [Vorster *GV Des* 1954:22-23]

Wanneer deur die verwaarlosing van die tug, die kerk nie meer in die wêreld staan nie, maar die wêreld in die kerk kom, word ook die prediking bemoeilik en van sy krag en betekenis beroof kan die gemeente ook nie tot diens geaktiveer word nie want die ongelowiges in die kerk se gebrek aan ywer, toewyding, dienswilligheid ens. affekteer die gelowiges sodanig dat die amp van die gelowige daardeur verlore gaan. [Vorster *GV Des* 1954:23] Hy oordeel: “Met die verval van die tug, kwyn die geestelike lewe in die gemeente en oorweldig die poorte van die doderyk die gemeente.” [Vorster *GV Des* 1954:23]

Derdens sê Vorster vereis die behoud van die sondaar die toepassing van die tug. Hy sê die stelling dat toepassing van die tug mense uit die kerk wegjaag word deur die kerk-geskiedenis as vals bewys. “Waar die tug nagelaat is om mense te behou, het die kerk juis leeg geloop en is die sondaar nie tot bekering gelei nie. Ook hier geld die Woord van die Meester ‘want elkeen wat sy lewe wil red sal dit verloor.’ Die tug, reg toegepas, is die deur God verordende middel om die gevalle lidmaat tot skaamte en berou te bring.” [Vorster *GV Des* 1954:23]

8.11.1.16 Lidmate moet tug verstaan

Vorster is van mening dat wanneer die lidmate en, trouens, die hele gemeente verstaan dat die tug nie ’n “straf,” of die “handhawing van ’n wrekende geregtigheid” is nie, maar ’n “liefdevolle kastyding met die oog op heil van die sondaar” en “deur die Koning van die Kerk ingestel is om die siel te red” (1 Kor 5:5) dan sal dit nooit sonder goeie uitwerking wees nie.” Hy voeg by: “Die tweede sleutel van die koninkryk reg gebruik is net so effektief soos die eerste sleutel.” [Vorster *GV* 1954:23]

Tug moet vir Vorster in liefde geskied. Daarom is dit vir hom belangrik dat die hele Kerk diep oortuig sal wees dat die drang van die liefde en dit alleen agter die toepassing van die tug sit. Ampsdraers in die Kerk van Christus is nie regters wat veroordeel nie, maar vaders wat kasty. Is daar nie liefde in die tughandeling nie sal die handeling tot verharding en verset lei want dan is dit nie meer kerklike tug nie maar eiegeregtigheid en selfverheffing. "Die kerklike tug in die hande van manne, wat in die hande van die Meester is, kan geen ander uitwerking hê, as die behoud van die sondaar en die heiliging van die gemeente." [Vorster *GV Des* 1954:24]

8.12 VORSTER PROMOVEER IN KERKREG

Intussen het Vorster sy studies voortgesit. "Dr Vorster het steeds 'n getroue en ywerige student gebly. Toe hy 'n politieke gevangene was, het hy met taaie volharding sy studies voortgesit en sy M Div -graad as eksterne student aan die Universiteit van S A behaal. In 1954 het hy aan die Universiteit van Potchefstroom sy Th D-graad verwerf. [T C Esterhuysen in *Die Voorligter* Desember 1962:13] Die titel van sy tesis was: "Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie -1652 tot 1795. [Huldeblyk *NGTT* Sept 1979,p 273]

Die Kerkbode van 14 April 1954 het Koot Vorster gelukkigwens met die verwerwing van sy doktorsgraad: "Ook hierdie studie waarin baie eerstehandse argiefmateriaal verwerk is, is 'n mooi bydrae vir ons kennis van die kerkregtelike grondslae van ons Kerk. Mag dit hulle in staat stel tot nog vrugbaarder diens in ons kerk en tot uitbreiding van Gods koninkryk" [*Kb* 14 April 1954:493]

8.13 Raad van Kerke vergadering 1955

Nadat by die vorige vergadering in 1951 niks oor vereniging gesê is nie, is daar op die 1953 vergadering nog weer 'n kommissie aangewys om met praktiese voorstelle na die volgende vergadering te kom. [Van der Watt

1987:9] Op Woensdag 8 Junie 1955 het ds C B Brink, afgetrede voorsitter, die vergadering se openingsrede te Durban gelewer en sommer met die intrapslag na die drang na kerkvereniging verwys toe hy o a gesê het: “’n Hofuitspraak van byna honderd jaar gelede het ons eie kerke op ’n weg gestoot wat ons nie vrywillig en uit eie beweging gekies het nie.” [Hand Raad van Kerke Junie 1955:102]

Organiese Vereniging van die Gefedereerde Kerke was andermaal op die tafel. ’n Beskrywingspunt wat gehandel het oor die noodsaak van organiese vereniging is opgevolg deur ’n tweede beskrywingspunt wat meer op die praktiese sy gekonsentreer het. Na aanleiding van bogenoemde beskrywingspunt word nou as volg voorgestel:

[a] Die Raad van die Kerke spreek homself uit ten gunste van organiese kerkvereniging;

[b] Die Raad benoem ’n kommissie om in die reses in die lig van die veranderde omstandighede praktiese voorstelle te formuleer om kerkvereniging te bevorder.

[c] Die Raad van die Kerke beveel sterk aan dat die sinodes van die gefedereerde kerke in die vervolg in dieselfde jaar sal vergader ten einde spoediger beslissings te verkry oor aanbevelings van die Raad. -

Afgevaardigdes van die Transvaalse Kerk

[Hand Raad van Kerke 1955 :72; vgl Van Staden 1973:419- 420]

Op 9 Junie word hierdie voorstel van die Afgevaardigdes van Transvaal bespreek en almal goedgekeur. [Hand Raad van Kerke Junie 1955:84]

Volgens Van Staden het die Raad van Kerke hiermee ’n baie belangrike besluit geneem. ’n Permanente Kommissie vir Kerkvereniging is deur die Raad benoem. Soos in die dae van 1911 het die Raad vir ’n tweede keer sterk gemotiveer en doelgerig organiese kerkverenigings probeer verwesenlik.” [Van Staden 1973:420]

By hierdie vergadering is Vorster as voorsitter van die Kommissie vir Aktuele Vraagstukke gekies. [Hand Junie 1955:94]

8.14 OKTOBER 1956, KOMMISSIE VIR AFTIGTING VAN SELFSTANDIGE KERKE

Hierdie kommissie, met Vorster as die skriba, het in Oktober 1956 sy verslag aan die Algemene Sinodale Kommissie voorgelê. [Hand 1957:Bylae 13, 243] Daarin sê hy dat gemeentes in Oos-Kaapland en Suidwes-Afrika deur `n kennisgewing in *Die Kerkbode* in kennis gestel is dat hulle voor 31 Desember 1955 op die amptelike vorm aansoek moes doen as hulle tot selfstandige kerke wou afstig. [Hand 1957:243]

In opvolging hiervan het die kommissie op sy vergadering van 25 April 1956 die aansoeke van Oos-Kaapland en Suidwes-Afrika nagegaan. [Hand 1957:243] Van die 25 gemeentes in SWA het 21 aansoek gedoen om afstigting en die kommissie het dit toegestaan. Uit die Oos-Kaap het slegs 27 aansoeke om afstigting gekom [Hand 1957:244]

T o v die sinodale opdrag om die moontlikheid van die daarstelling van `n bindende kerkorde vir al die Ned Geref Kerke te ondersoek rapporteer die kommissie as volg: "...dat die Raad der kerke reeds `n kommissie benoem het om dit te doen en wens aan te beveel dat daarmee volstaan word." [Hand 1957:244]

Verder in die verslag word al die implikasies t.o.v. pensioene, bruidskat, sending, armesorg ens uitgelig. [Hand 1957:244]

8.15 1956 VORSTER OOR VERENIGING VAN KERKE EN HERROEPING VAN ORD 7 VAN 1843

In die *Geref Vaandel* van Des.1956 het Vorster twee baie belangrike sake aangeraak.



Hy sê: “Uit kerkregtelike oogpunt gesien het die Nederduitse Gereformeerde Kerke op die vooraand van interessante en epogmakende ontwikkeling gekom. Dit dien as verdere bewys dat die Kerke na eeue van ontwikkeling nog nie enige ouderdomstekens van verstarring toon nie. Ook stem dit tot vreugde en optimisme dat die beoogde handelinge voorwaartse stappe in lyn met die gereformeerde beginsels vir die regering van die Kerk is. Ons dink hier bv aan twee baie belangrike dinge: die vereniging van die Kerke en die opstel van ’n kerkorde. Hierdie twee hang baie nou saam. ’n Kerkorde is absoluut nodig met die oog op kerkvereniging. Dit sal kerkregtelik die grondslag van vereniging wees, en die Bepalinge van die verskillende Kerke sal dan as reglemente van die onderskeie Kerke kan dien. Dit sal beslis ’n nuwe periode in die geskiedenis van die Kerk inlui.”

[Vorster *GV Des*1956:3]

“Terselfdertyd sal hierdie ontwikkeling die bewys lewer van die onvermoeide arbeid van die Kerke gedurende die afgelope eeu om, ook op kerkregtelike gebied, reg te loop en suiwer te bly. Met hierdie stappe sal die ontwikkeling van ’n eeu in perspektief gesien kan word.” [Vorster *GV Des* 1956:3]

Vorster sê verder: “Die herroeping van die Ordonnansie sal ’n klinkende historiese daad wees. Om die Kerk te help om hierdie stap met kennis en verantwoordelikheid te neem, is hierdie uitgawe aan die belangrike saak gewy. [Vorster *GV Des* 1956:3]

Die vraag wat Vorster hier stel is of die Ordonnansie herroep moet word. Dit was die vraag wat honderd jaar gelede ook gestel was. Daar was van die begin af baie besware teen die Ordonnansie en gemoedere is gekalmeer toe dit gewysig is deur die Wysigingswet van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van 1898. Vorster sê: “Vandag staan die herroeping weer op die lys van



aktuele vraagstukke. Die Kerk het 'n stadium in sy ontwikkeling bereik dat hy verplig is om andermaal die vraag te stel of die tyd nie ryp is dat die Ordonnansie herroep moet word nie. Die uitbreiding van die Kerk, die vraagstuk van kerkvereniging en die grootte van die Sinode dwing die Kerk tot hierdie stap. Die Kerk staan voor groot beslissinge, en moet volkome vry wees om die pad te volg wat die Koninkryk van God die beste sal dien. Daar moet geen teuels wees wat hom in 'n bepaalde rigting stuur nie." [Vorster *GV Des* 1956:17] Vorster is realisties as hy sê: "Die voor- en nadele van die herroeping moet deeglik oorweeg word en die juridiese en praktiese gevolge van die herroeping moet deurgrond word." [Vorster *GV Des* 1956:17]

Duidelik wys Vorster uit: "Die Ordonnansie is nie 'n skepping van die Kerk nie. Die Kerk het dit nie begeer of gevra nie. Dis 'n staatswet wat te enige tyd weer deur die staat, sonder versoek of medewerking van die Kerk, herroep kan word." [Vorster *GV Des* 1956:17] Hy wys daarop dat in die Sinode van 1842 geen sprake van so 'n wet was nie. Die gedagte aan so 'n wet het by die owerheid ontstaan nadat die Sinode reeds verdaag het. "Die owerheid was eintlik 'n bietjie verleë met die moeilikhede in verband met die goedkeuring van die besluite van die Sinode en die onaangenaamhede tussen die Kommissarisse en die Kerk en het na 'n oplossing gesoek. So het die Ordonnansie ontstaan as oplossing van die vraagstuk." [Vorster *GV Des* 1956:17]

Vorster:"Die kerk is in sy werk geweldig gedwarsboom omdat alle besluite eers aan die Goewerneur vir goedkeuring voorgelê moes word en daar altyd groot vertraging was. Daarby het die Kerk hoe langer hoe meer met die Politieke Kommissarisse in botsing gekom en kon nie sy werk sonder dwarsboming doen nie. En wat meer is, die kerk kon nooit vrede hê met so 'n posisie van onderhorigheid aan die staat nie. Die Kerk het derhalwe na vryheid verlang en om die rede die Ordonnansie verwelkom as 'n stap in die rigting van vryheid." [Vorster *GV Des* 1956:18]

Vorster sê die kerk is aan bande gelê en in 'n staat van onmondigheid gestel. Die Kerk is in sy uitbreiding gestrem as gevolg van die strekking van die wet dat die Kerk nie buite die grense van die kolonie kon strek nie. "In sy kerkregtelike ontwikkeling is die Kerk aan bande gelê deur die bepalinge in artikels 6 en 7 in verband met die regering van die Kerk en die samestelling van die Sinode. En as dit maar al was. In art 6, die bepaling van die leer en kerkregering van die Kerk, en in art 8, waarin die onaantasbaarheid van persone en hul eiendomme teen die Kerk gewaarborg word, lê daar die smaad op die Kerk asof die lede van die Kerk teen hul Sinode beskerm moet word. Vir die Kerk is dit voorwaar 'n vernedering." [Vorster *GV Des* 1956:18]

Vorster sê voorstanders van die Ordonnansie het dit van groot waarde geag veral omdat die Kerk daardeur vrygelaat is om te ontwikkel sonder gedurige inmenging van die staat. Daardeur is die Kerk in sy reg herstel en vryheid is vir die Kerk 'n groot skat. [Vorster *GV Des* 1956:18] Maar, sê Vorster, die Ordonnansie het die Kerk nog gebind. Daarvan getuig die Liberale stryd, die ondervinding in verband met kerkvereniging en enkele hofsake. "Die Ordonnansie het sommige bande, wat die Kerk gebind het, verbreek, maar nie almal nie. Die Ordonnansie staan nog in die pad van die vryheid van die Kerk. [Vorster *GV Des* 1956:18]

Baie, sê Vorster, het in 1870 al die vrees gehad dat 'n herroeping van die Ordonnansie die herlewing van die Kerkorde van De Mist tot gevolg sou hê. Regsgeleerdes is dit egter eens dat die Kerk nie sy vryheid sal inboet indien die Ordonnansie herroep sou word nie. Dit bied dus nie 'n beskermende funksie nie. Daar is wel beskerming in regsgedinge soos bv in die regering en veral in die uitoefening van tug maar dit is beskerming van beperkte omvang. [Vorster *GV Des* 1956:19]

Verder sê hy: "Die enigste voordeel wat die Ordonnansie die Kerk bied, wat ander kerke onder die gemene reg nie het nie, is die verskansing van die leer



en kerkregering van die Kerk. Volgens art 6 mag die kerk nie sy leer, soos uitgedruk in die Drie Formuliere van Enigheid, verander nie en ook nie van die presbiteriale vorm van kerkregering afwyk nie. Hieroor het die kerk nie finale seggingskap nie. Die leer en regering is behoorlik verskans en kan alleen na wetswysiging verander word. Vir baie was dit steeds genoegsame rede vir handhawing van die Ordonnansie. Oënskynlik lyk dit ook of die Kerk hier met 'n voordeel te doen het wat hy nie maklik moet prysgee nie. Ongeloof in die gedaante van liberalisme en modernisme is die groot vyand van die Gereformeerde Kerke. Geen kerk is hierteen immuun nie. Hierdie verskansing van die leer en kerkregering is vir baie 'n gerusstelling. Die Ordonnansie word gesien as 'n borswering teen die onheil van die dwaling." [Vorster GV Des 1956:19]

Vorster sê hiervan: "Op hierdie vleeslike arm kan 'n kerk egter nie vertrou nie.. As dit mog gebeur dat die Kerk so liberaal word dat hy sy leer en kerkregering wil wysig, kan die Ordonnansie dit op die duur nie verhoed nie. Dit kan hoogstens die gang vertraag Die Kerk sou in so 'n geval, soos al dikwels met ander kerke gebeur het, sy leer onveranderd laat, maar in die praktyk daarvan radikaal afwyk. Daar is baie kerke met mooi ortodokse belydenisskrifte maar uiters liberale opvattinge." [Vorster GV Des 1956:19]

"Dit sou ook die maklikste ding van die wêreld wees om 'n wysiging van die Ordonnansie aan te vra.. Waar die owerheid altyd meer liberaal as die Kerk is, sal so 'n aansoek nie geweier word nie. Immers die Ordonnansie is 'n staatswet wat te enige tyd deur die parlement, selfs sonder die medewerking van die Kerk, herroep kan word. Die verskansing bied dus geen absolute waarborg nie." [Vorster GV Des 1956:19]

Vorster gaan voort: "Die Kerk mag nie sy veiligheid in so 'n wet soek nie. Die Kerk se veiligheid en waarborg lê in sy geestelike krag en in sy onwankelbare geloofsvertroue en in sy waaragtige en ongekwalifiseerde oorgawe aan die

Koning van die Kerk. Dit is 'n selfstandige Kerk onwaardig dat sy leer en kerkregering teen homself verskans moet word. Dit sal 'n kwade dag wees as die staat die leer en kerkregering van die Kerk moet beveilig. Die Kerk durf hierdie smaad nie langer dra nie.” [Vorster *GV Des* 1956:19]

Ander, sê Vorster, “beweer dat die Ordonnansie besondere gesag aan die wette en bepalinge van die Kerk verleen. Die Ordonnansie sou dan hierdie waarde hê dat die gewone lid van die Kerk meer ontsag vir die kerklike bepalinge het omdat dit deur die Staat gesanksioneer word. Dit is egter 'n twyfelagtige voordeel. Vir die gelowige is die gesag van die Gods Woord agter die verordeninge van die Kerk die een faktor wat hom laat buig.” [Vorster *GV Des* 1956:20]

8.15.1 Vorster behandel die besware teen die ordonnansie

Vorster wys daarop dat voordele van die aard waarvoor 'n Gereformeerde Kerk hom mag verheug bied die Ordonnansie nie. Besware is daar egter baie. In 1870 was daar reeds besware. Die eerste van ds G van der Wall wat gesê het die kerk kan die Ordonnansie nie aanneem nie omdat die Kerk sy bestaan nie aan die Burgerlike Regering ontleen nie, maar aan die enige Hoof Jesus Christus. Andersyds omdat die Kerk iets prysgee wat hy nie uit sy hande mag laat gaan nie. Ds Andrew Murray het sy besware in 4 punte saamgevat:

- “1) die Ordonnansie belet die Kerk om buite die grense van die Kolonie uit te brei;
 - 2) dit belet die Kerk om sy regeringsvorm na eie insigte te wysig;
 - 3) die Ordonnansie het die belydenisskrifte verkeerd aangegee en huldig 'n opvatting van die verhouding tussen Kerk en staat waarmee die Kerk hom nie mag vereenselwig nie;
 - 4) die Ordonnansie beperk die Kerk in sy regte. [Vorster *GV Des* 1956:20]
- Hierdie was van die vernaamste besware aldus Vorster. Van die besware is gedeeltelik uit die weg geruim met die Wysigingswet van 1898. Deur hierdie wet is aan die Kerk die reg verleen om buite die grense van die Kolonie uit te

brei, is die belydenisskrifte van die Kerk reg aangegee en is aan die Sinode die reg verleen om sy samestelling na goedunke te verander. [Vorster *GV Des* 1956:20]

Vorster noem dit dat daar al gevra is of bg wysigings nie die Ordonnansie skadeloos en niksseggend gemaak het nie. Sou dit die geval wees, is die herroeping daarvan eintlik onnodig. Die Kerk het immers ook nog altyd ,volgens hom, aangegaan asof die Ordonnansie nie bestaan nie. Vorster voel die Ordonnansie is nie so niksseggend nie. Die kerk se leer en kerkregering is o a daarin verskans. [Vorster *GV Des* 1956:20] Vorster beantwoord die vraag as hy sê, “die Ordonnansie gaan uit van ´n standpunt van die verhouding tussen Kerk en staat waarmee die Kerk, soos ds. Andrew Murray in 1870 tereg gesê het, nooit vrede mag hê nie.” [Vorster *GV Des* 1956:20]

“Die verwyt is dan ook dikwels”, gaan Vorster voort, teen die hoof van die Kerk geslinger dat die Kerk nie selfstandig is nie, maar by die grasia van die staat leef. En dit kan nie ontken word nie, dat die ordonnansie in Erastiaanse gees opgestel is nie. Daarom het die vaders in 1870 reeds gevoel dat die Kerk nie langer die smaad moet dra nie”[Vorster *GV Des* 1956:21]

“Ook moet die vryheid en reg van die Kerk wat die Ordonnansie bedoel het om te herstel, bo alle twyfel gestel word. Dit kan alleen geskied deur die ondubbelsinnige en algehele herroeping van die Ordonnansie. Dis ´n hoofbeginsel van die Gereformeerde stelsel van Kerkregering dat die Kerk nie oor die staat wil regeer nie, maar ook nie onder die staat mag staan nie. Met die herroeping van die Ordonnansie sal hierdie beginsel weer die broodnodige beklemtoning kry. Waar in ons dag totalitêre stelsels gegrond op die idee van staatsabsolutisme geen denkbeeldige gevaar vir kerke inhou nie, is dit van die grootste belang dat die selfstandigheid van die Kerk ondubbelsinnig en bo alle twyfel

gestel word. Die geskiedenis van die Lutherse Kerk dien hier as waarskuwing.”

[Vorster GV Des.1956:21]

In verdere behandeling van die besware sê Vorster voorts:

”Ten spyte van die wysiging van die Ordonnansie in 1898 word die kerk nog deur die Ordonnansie aan bande gelê en in sy aksie beperk. In art 6 bepaal dit dat die kerk sy regering uitoefen deur Kerkrade, Ringe en ´n Algemene Vergadering´. Volgens regsadvies beteken dit dat die Kerk nie, sonder wysiging of herroeping van die Ordonnansie, streek of provinsiale Sinodes mag instel nie. Die Kerk mag wel sedert die Wysigingswet van 1898 die samestelling van die Sinode na goeë dunde verander, maar daar moet net een Algemene Vergadering wees. Art 6 van die Ordonnansie staan dus, wat die Kaapse Kerk betref, kerkvereniging en die instelling van provinsiale sinodes in die weg. Waar ons sinodale saal te klein is en kerkvereniging ´n aktuele saak is, word die Kerk hier aan bande gelê. Hierin kan die kerk nie berus nie. Die Kerk moet vry en onbelemmerd wees om in ooreenstemming met die Gereformeerde beginsels vir kerkregering, ´n weg te volg wat in ons tyd die kerk van Christus en die koninkryk van God die beste kan dien. Hy mag nie toelaat dat die Ordonnansie hom in sy taak strem nie, veral as daar geen besondere voordele aan die handhawing van die Ordonnansie verbonde is nie. Ons het ´n stadium in ons ontwikkeling bereik, waar die herroeping van die Ordonnansie dus ´n saak van prioriteit geword het.”

[Vorster GV Des 1956:21]

Vorster opper die vraag waarom die Kerk vir sovele jare ewe gehoorsaam met die Ordonnansie saamgeleef het en dit nie vroeër herroep het nie. Hy

beantwoord dit deur te sê dat dit lyk asof die Kerk na al die jare van onderhorigheid nie die volle verantwoordelikheid van die vryheid wou dra nie. Dis trouens ook soos wat 'n ouderling van Kaapstad dit gestel het. [Vorster *GV Des 1956:21*] Selfs die goed bedoelde adviese van sir William Porter, opsteller van die ordonnansie, blyk verkeerd te wees. Sy latere optrede in die Loedolfsaak bevestig vir Vorster maar net weer dat hy die “betekenis van die Ordonnansie oorskakel het en nie gesonde advies gegee het nie.” [Vorster *GV Des1956:22*]

Die gedagte was dus verkeerdelik dat die Ordonnansie in elk geval onskadelik was en dat die handhawing van die Ordonnansie vir die Kerk niks kwaad kan doen nie. Dit sou nie al die moeite en omwenteling wat herroeping sou meebring word wees nie. Vorster sê dit lyk of die Sinode hom meer deur emosionele argumente laat lei het as deur redelike argumente. “Klinkende en swaarwigtige argumente vir die behoud van die Ordonnansie was daar nie. En na ons mening bestaan daar ook vandag geen enkele rede waarom die Ordonnansie moet behou word nie.” [Vorster *GV Des 1956:22*]

8.15.1.1 Vorster skets prosedure by die Herroeping van Ordonnansie

Vorster sê indien die Sinode op herroeping besluit sal hy hom van die prosedure moet vergewis. Dis 'n staatswet en kan alleen deur die Volksraad herroep word. Dit kan met of sonder die Kerk se versoek gedoen word en daar behoort geen moeilikhede in die verband te wees nie. Op die vraag hoe dit die Kerk sal raak gee Vorster sy antwoord. Sir William Porter was van mening dat die Sinode by herroeping van die Ordonnansie sonder kerklike bepalinge sou wees en verplig sal wees om te reorganiseer 'enals eene bloot Vrijwillige Vereeniging hare leer, tucht en wetten op nieuw vast te stellen' Volgens beskikbare regsadvies, sê Vorster, sou so iets nie nodig wees nie. Hy sê die weg is veel eenvoudiger: “Aangesien die Wette en Bepalinge, wat die Kerk vir sigself opgestel het, tans hulle gesag ontleen aan art.3 van die Ordonnansie, sal dit gerade wees dat die Sinode, indien dit besluit word om die herroeping

van die Ordonnansie aan te vra, ’n verklarende besluit neem dat die Wette en Bepalings bindend en van krag bly ook al word die Ordonnansie herroep.” Vorster sluit die lang, deurdagte artikel met die belangrike woorde: “Die Sinode kan nou gerus maar doen wat hy in 1870 al moes gedoen het.” [Vorster *GV Des* 1956:22]

8.16 RAAD VAN KERKE VERGADERING 1957

By die Raad se 25ste vergadering in 1957 te Pretoria was Vorster ook teenwoordig as een van Kaapse Sinode se 14 lede. Die afgetrede voorsitter, ds H J C Snyders het in sy openingsrede ’n mooi uiteensetting van die ontstaan van die Raad gegee. [Bylae 1 Hand Raad van Kerke Maart 1957:102] By dieselfde vergadering is Vorster se naam op die groslys vir voorsitter maar ds P S Z Coetzee word verkies en dr A J van der Merwe as ondervoorsitter [Hand Raad van Kerke Maart 1957:82]

“En toe gebeur dit meteens! Asof dit in ons skoot geval het.” Met hierdie woorde skets Du Toit die keer toe daar vir die eerste keer vordering gemaak is met kerkvereniging in 1957. [Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11] Die vergadering het op voorstel van Vorster en dr D J Louw [Vorster *NGTT* 1979:328] besluit dat die vier actuarii benoem sal word op ’n permanente Kommissie van Actuarii. Aan hierdie Kommissie van Actuarii, waarvan Vorster ’n lid was, word dit opgedra om ’n konsep-kerkorde op te stel in oorleg met die Kommissie vir Kerkvereniging. Dit sou as basis dien vir kerkvereniging en sou duidelik die “verhouding tussen die verskillende provinsiale en die nasionale Sinode met hul magte en bevoegdhede moes aantoon. Die onderskeie Sinodes is ook versoek om hulle oor die vereniging as ’n praktiese moontlikheid uit te spreek en die pad wat geloop moet word om dit te bereik.” [Hand Raad van Kerke 1955:90; vgl Du Toit *Die Voorligter* Oktober 1962:11; Van Staden 1973:420; Van der Watt 1987:9; Brown 1979:303]

Die opdrag is, volgens Vorster, toe so aan die actuarii gegee en “so wonderlik

was die hand van die Here oor Sy Kerk dat die werk buitengewoon voorspoedig was.” [Vorster in *NGTT* 1979:328] Van der Watt noem hierdie opdrag aan die actuarii as `n stap nader aan die beoogde doelwit wat bereik was. [Van der Watt 1987:9]

Vorster was nie deel van die kommissie insake kerkvereniging nie, maar was wel deel van die actuarii as aktuaris van die Kaapse Kerk. [Hand Raad van Kerke Maart 1957:27 en 72]

Op die 29ste Maart het die Raad ´n dinee gehou om sy vyftigjarige bestaan te vier. en by daardie geleentheid o a mense uitgenooi wat vroeer lede van die Raad was: dr D F Malan, ds J Rabie, dr W M Nicol, ds M W Odendaal en ds J P van der Spuy.- slegs di Rabie en Van der Spuy het dit bygewoon. [Hand Raad van Kerke Maart 1957:5 en 83]

Vorster is gevra om namens die moderatuur die groete oor te dra by die Ned Geref Kerk- Sustersvereniging se stigting in Port-Elizabeth op 8 en 9 Mei 1957. Vorster sê in sy groeteboodskap o a:

“U staan met albei voete in die Skrif met die stigting van hierdie Sustersvereniging, en dit is nie nodig om op die terrein te kom van degene wat ook in die veld werksaam is nie. Daar is met groot lof melding gemaak van die werk wat die V.S.B. in ons Kerk doen en die groot bydrae wat hulle lewer om die evangelie na die heiden te bring, en hul hande moet gesterk word. Maar daar is ook groot klem gelê op die behoefte en noodsaaklikheid om in ons eie gemeentes en aan ons eie deure die hand uit te steek na die eensames, kerkvervreemdes, gevallenes en gesonkenes, en also die tuisfront op te bou. Daar is groot behoefte aan ´n georganiseerde sustersvereniging in ons Kerk, soos alle ander Christelike Kerke reeds lankal het. “

[Vorster *Kb* 3 Julie 1957:13]

8.17 KAAPSE SINODE 1957

Die aanstaande Kaapse Sinode is van so 'n groot belang beskou dat die redakteur van *Die Kerkbode* aangekondig het dat daar beplan word om 'n biddag vir die aanstaande Kaapse Sinode te hou. [Kb 18 September 1957:500] "Op Donderdag 17 Oktober, het die Kaaplandse Sinode begin - 'n groot vergadering van 675 afgevaardigdes uit 344 gemeentes. Om hierdie samekoms te sien," het *Die Kerkbode* berig, "is 'n inspirasie. By die gedagte dat soveel kragte saamgesnoer is rondom die Kerk in sy geweldige werkprogram, word 'n mens vervul met dankbaarheid en hoop." [Kb 30 Oktober 1957:757]

Koot Vorster word met volstreekte meerderheid as aktuaris verkies op Donderdag 17 Oktober. Nadat die moderator hom gelukkig het, het Vorster sy dank uitgespreek vir die vertrouwe wat in hom gestel is en die gesindheid wat hy van die kant van die lede van die sinode geniet het [Hand van Sinode 1957 :14]

Die ideaal van kerkhereniging is deur die jare lewendig gehou. Dit het onder andere duidelik geblyk by hierdie Sinode van 1957 toe afgevaardigdes van die susterkerke die geleentheid gekry het om hulle onderskeie kerke se groete oor te bring.

Ds J L von Wiellich het die groete van die Ned Geref Kerk Natal , die oudste susterkerk, oorgebring. Hy het dit duidelik gestel dat "die Kerk in Natal voel sy eenheid met die Susterkerke dwarsdeur Suidelike Afrika en verlang na organiese kerkvereniging" [Handelinge Sinode 1957:94]

In Die Gereformeerde Vaandel het ds H J C Snyders gerapporteer oor die Natalse sinode: "'n Besluit wat verreikende gevolge kan hê is ongetwyfeld om die Transvaalse Kerk te nader om 'n organiese verband met die Kerk te sluit. Daarom is die Natalse Moderatuur nog besig om die kerkregtelike posisie te



ondersoek en om in die lig van die advies wat ons inwin, te handel. Maar waarvoor ons dankbaar voel is dat die eerste stap gedoen is op die pad van Organiese Kerkvereniging waarna ons reeds so lank uitsien.” [GV September 1957:11]

Vanaf die Vrystaat het dr D J Louw die woord gevoer en beklemtoon dat “die Vrystaatse Kerk ryp word vir organiese kerkvereniging” [Handelinge Sinode 1957:95]

Ds J H Steenkamp het die groete van die jongste susterkerk, Suidwes-Afrika, oorgebring en gesê dat dit goed gaan met die Kerk in S W A en “die kerk beklemtoon sterk sy eenheid met die Moederkerk” [Handelinge Sinode 1957:95] Die sterkste pleidooi vir kerkhereniging het van die Ned Geref Kerk in Transvaal gekom. Ds A M Meiring het as Moderator van die Sinode van die Ned Geref Kerk in Transvaal self die groete van sy kerk oorgebring. “Hy beklemtoon die diepe verlangete van sy Kerk dat daar nou erns gemaak word met die eenwording van die N G Kerke in Suid-Afrika en pleit vir daadwerklike optrede in hierdie verband. Hierdie sterk en onkeerbare verlangete by al die Gefedereerde Kerke moet tot `n daad oorgaan. [Handelinge Sinode 1957:95] Prof dr J J Muller het as ouderling van Stellenbosch namens die Sinode die onderskeie groeteboodskappe in ontvangs geneem. Van hom het die slotwoord gekom: “Ook die Kaapse Kerk sal graag die dag wil belewe wanneer moeder en dogters weer in een huis sal saamwoon.” [Handelinge Sinode 1957:95]

“Daarom was dit vir die kerk seker `n goeie dag toe die sinode in 1957 besluit het om die Ordonnansie te herroep met die oog op moontlike kerkvereniging. [Vorster *Kb* 1961:464] “Waar die Ordonnansie, deur die staat aan die kerk opgelê, die kerk in sy gang en vrye ontwikkeling belemmer het en skadelike gevolge vir kerk en volk gehad het, sal ná die herroeping daarvan die eie Kerkorde wat die lewe en werk van die kerk reël na die beginsels wat op die



Woord van God gefundeer is, vir die kerk 'n onnoemlike seën wees.” [Vorster *Kb* 1961:464]

Op die sitting is gerapporteer en voorgestel dat “met die oog op die ontwikkeling van ons Kerklike organisasie nie op hierdie stadium 'n Kerkorde op te stel nie.” [Brown 1979:303] Die vergadering het verder besluit dat die nuwe Wetboek regsgeldig sal wees wanneer dit gepubliseer en deur die H E Aktuaris onderteken is. [Hand Sinode 1957:42]

8.18 TWEE BELANGRIKE BESLUIE BY DIE SINODE VAN 1957

Jonker rapporteer in *Die Gereformeerde Vaandel* oor die Transvaalse Sinode oor twee belangrike besluite wat die sinode geneem het t w die besluit om die naam te herstel tot Nederduits Gereformerd en die uitgesproke begeerte van die sinode dat organiese kerkvereniging so gou as moontlik tot stand sal kom. Oor hierdie laaste besluit sê hy: “Daar was 'n byna onstuimige entoesiasme in die sinodale saal telkens as daar maar na die organiese kerkvereniging verwys is.” [Jonker *GV* September 1957:16]

8.19 JONKER VRA DIE HERSTEL VAN DIE DORDTSE KERKORDE

“Dit raak albei die motiewe wat ons in die naamherstel van die Transvaalse kerk sien saamvloei het, nl. eenheid en gereformeertheid. Is dit, met die oog daarop, nie nou die geleentheid om positief te dink aan die volledige herstel van die Dordtse Kerkorde nie? Wat verhinder ons kerk om, waar ons nou tog met die instelling van streeksinodes en 'n algemene sinode in die rigting van organiese kerkvereniging begin dink, terselfdertyd daaraan te dink om die vereniging te laat geskied op die grondslag van die Dordtse Kerkorde?

[Jonker *GV* September 1957:19]

“Tog is die Dordtse Kerkorde ons wettige besitting, en dit sou tog jammer

wees as ons die wysheid en suiwer Skriftuurlikheid van die beginsels wat daarin verwerk is, eenvoudig verontagsaam” [Jonker *GV* September 1957:19]

8.20 1957 Sinode bespreek herroeping van Ord 7 van 1843

Die herstel van die algemene sinodale kerkverband was nou in sig. Nog een hindernis op die pad na hereniging was die Ordonnansie No 7 van 1843. Ten spyte van die groot waarde wat soms aan die Ordonnansie geheg is het die herroeping daarvan nou vir almal vanselfsprekend geword. [Van der Watt 1987:10] Baie pogings is deur die jare aangewend om dit te wysig. Tog het dit wesenlik niks verander aan die feit dat daar van staatsweë `n beperking op die Ned Geref Kerk geplaas is nie. [Van der Watt 1987:10] Die Ordonnansie het ook geen ruimte gelaat vir `n Algemene Sinode [`n synodus contracta] waarvoor die konsepkerkorde voorsiening gemaak het nie. Die herroeping was dus nou `n vanselfsprekende noodsaaklikheid. [Van der Watt 1987:10]

Van der Watt [1987:10] se oordeel oor die Ordonnansie was dat dit in wese volkome vreemd aan die kerkregering van die Ned Geref Kerk was en in die praktyk geheel en al waardeloos. Dit het egter die krag van `n wet behou en kon daarom alleen by wyse van `n parlementêre-akte herroep word.

Op Maandag 21 Oktober word die verslag van die Permanente Regskommissie behandel en dien Vorster `n voorstel in wat deur ds J H Lange gesecondeer word wat as volg lui: “Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika verklaar en bevestig hiermee sy volgehoue historiese standpunt dat hierdie Kerk, as georganiseerde liggaam, steeds in eie kring `n selfstandige bestaan gevoer het, hoewel noodwendig onderhewig aan wetterregtelike bepalings wat van owerheidsweë van tyd tot tyd op die Kerk van toepassing verklaar is. Aangesien die bestaan van die Kerk dan nie van sodanige wetterregtelike bepalings afhanklik is of daarop gevestig is nie, besluit die Sinode hiermee dat dit aan die Moderatuur opgedra word om in die reses, ooreenkomstig regsadvies, die aangewese owerheidsinstansies te beweeg om

die ter sake wetteregtelike bepalings, nl Ordonnansie 7 van 1843, en latere wetgewing wat dit wysig, te herroep.

Ten einde alle misverstand te vermy, verklaar die Sinode dat: [i] hierdie stap geen aantasting van die wese, leer of presbiteriale regeringsvorm van die bestaande Kerk meebring nie, dog dat die Kerk sy identiteit, historiese karakter en regeringsvorm behou; en [ii] die herroeping van die Ordonnansie nie die geldigheid van die Bepalings en Reglemente van die Kerk vir sy regering, soos van tyd tot tyd gewysig mag word, aantast nie.”

In sy saaklike motivering van die voorstel het Vorster as aktuaris van die sinode die volgende stellings gemaak:

- * die ordonnansie is nooit deur die kerk aangevra nie, maar is aan hom opgedring;
- * die geskiedenis lewer bewyse ten ooreen dat die kerk hom nooit met die ordonnansie versoen het nie en selfs ondervind het dat dit die kerk skade berokken;
- * daarby het die ordonnansie na verloop van jare so verouderd geraak dat dit geen besondere voordele meer het nie, behalwe dat die leer en vorm van kerkregering beskerm is [Hand Sinode 1957:42; vgl Van der Watt 1987:12; Vorster *Kb* 5 April 1961:462] Hierdie voorstel is eenparig deur die Vergadering aanvaar. [Hand 1957:42] Die besluit dat die herroeping van die Ordonnansie sal geskied by wyse van 'n private wetsontwerp het ook beteken dat geen nuwe wet in die plek daarvan gestel sal word nie. [Van der Watt 1987:12]

8.21 HERSIENIG VAN WETBOEK

Op Maandag 21 Oktober word die Kommissie van Revisie en Vorster as aktuaris besonder deur die sinode bedank vir die Hersiening van die Wetboek. Die voorstel word ingedien met ds G S J Moller as voorsteller en ds J D Steenkamp as sekondant en dit lui as volg: “Die H E Sinode het diep

onder die indruk gekom van die reuse-werk wat deur die Kommissie van Revisie en in besonder die H E Aktuaris onderneem is om die Bepalings en Reglemente op so 'n deeglike wyse om te werk, te herrangskik, uit te brei en te verbeter en die Sinode wens sy dank en waardering hiervoor te boekstaaf." Die Vergadering het hom heelhartig met hierdie voorstel vereenselwig en dit was natuurlik 'n pluimpie vir die deeglike werk van Vorster.[Hand Sinode 1957:43]

8.22 Indrukke van die Kaapse Sinode van 1957

Dr H L N Joubert, oor sy indrukke van die 33ste Sinode van die Kaapse Kerk, het te kenne gegee dat dit die grootste in die geskiedenis van die Kaapse Kerk was. Joubert gee toe dat so 'n groot vergadering nie altyd alles prinsipieel Gereformeerd gesien het nie. Hierdie hoogste vergadering het, volgens hom, ook sy swak oomblikke gehad maar oor die algemeen was daar die verlange om aan die Gereformeerde beginsels getrou te bly. Dit is duidelik dat die liberalisme en sektarisme nog nie die hart van die kerk verower het nie. [Joubert GV Maart 1958:33] Nog steeds word gepraat van die sinode as die "hoogste" vergadering en word na die lede van die moderatuur as "hoogedeles" verwys.

Joubert wys daarop dat Vorster as aktuaris toe hy die voorstel gemaak het dat die Ordonnansie no 7 herroep word, gesê het dat die kerk die Ordonnansie nooit gevra het nie en hom nooit daarmee vereenselwig het nie en ook as gevolg daarvan groot skade gely het. "Eenparig is hierdie voorstel aanvaar en as die Parlement eersdaags hierdie ord. herroep dan sal die laaste reste uit die dae toe die kerk aan die staat onderworpe was ook formeel uit die weg geruim wees." [Joubert GV Maart 1958:33]

Oor die toekoms van die sinode rapporteer Joubert:

"Toekoms van die Sinode. Aan hierdie saak is 'n hele dag van ernstige maar broederlike bespreking gewy. Eers is die



handhawing van die huidige posisie voorgedra, daarna is die moontlikheid van gebiedssinodes voorgelê en ten slotte is die saak vir 'n verkleinde sinode gestel. Vir die 15de keer het die Kaapse Kerk die gedagte van 'n verkleinde sinode selfs in die vorm dat elke gemeente beurtelings sy predikant en 'n ouderling stuur, verwerp. Vir die tweede keer vind die sinode gebiedssinodes, hoewel dit met klem as die maklikste weg tot uiteindelijke organiese kerkvereniging voorgehou was, onaanneemlik. Met oorweldigende meerderheid is besluit om op die tradisionele wyse voort te gaan.”

[Joubert *GV*Maart 1958:34]

Joubert sluit af deur te sê dat 'n kerksentrum teen 'n groot koste opgerig sal word. “Die koste is geweldig maar hoe inniger die band tussen die plaaslike gemeente en die sinode, hoe lewenskragtiger en gesonder is die openbaring van die kerk van Christus.” [Joubert *GV*Maart 1958:34]

8.23 Raad van Kerke se vergadering 1959

Onder korrespondensie skryf ds J R Albertyn oor die Raad van Kerke se aanstaande sitting op 20 Mei te Bloemfontein o a oor Organiese Kerkvereniging en die Konstitusie van die Algemene Sinode [*Kb* 13 Mei 1959:819] By hierdie vergadering is Vorster teenwoordig en word sy naam op die groslys vir skriba geplaas maar ds A J V Burger is herkies. Vorster word aangewys as Sameroeper van Tydelike Regskommissies [Hand Raad van Kerke, Mei 1959:108] Erkenning vir Vorster se “belangrike aandeel” in die voorbereiding vir die konstituering van 'n algemene sinode word deur Brown gemaak [Brown 1979:303]

Volgens hom [Brown 1979:304] moes die aanloop na 'n herestelde kerkverband kerkregtelik begelei word en dis presies waarvoor Vorster hom dan ook beywer het. Dit was o.a. sy voorstel dat die kerkverband in een Algemene

Sinode in 1962 gekonstitueer het. [NGTT Sept 1979:273]

8.24 KONSEP-KERKORDE MET VREUGDE AANVAAR

By die vergadering in Bloemfontein het Vorster, as voorsitter van die kommissie, die Konsep-Kerkorde as basis vir Kerkvereniging voorgelê. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:50 en 120; vgl Brown 1979:303]

“Naas die konsep- Kerkorde het hulle aanbeveel dat indien die Kerkorde deur die Raad aanvaar word, ‘die verdere stappe wat gedoen moet word om uitvoering te gee aan die basis vir Kerkvereniging soos volg sal wees:

1] Die Kerkorde tesame met die besluite van die Raad van die Kerke daaroor word na die verskillende Sinodes verwys vir behandeling

2] Sodra ’n Sinode die skema aanvaar het, sal hulle die Scriba van die Raad van Kerke van hulle besluit in kennis stel, en sal hulle ook hul afgevaardigdes kies na die te worde stigte Nasionale Sinode.

3] Sodra al die Sinodes die skema aanvaar het, sal die Moderatuur van die Raad van die Kerke die leiding neem om die eerste vergadering van die Nasionale Sinode op te roep.

4] Die eerste sitting van die Nasionale Sinode sal in Kaapstad gehou word.”[Van Staden 1973:421]

Hierdie 4 voorstelle van die Aktuarii is aanvaar. [Van Staden 1973:421]

Die konsep-Kerkorde is in behandeling geneem, en na “deeglike bespreking waarvan die veelvuldige wysigings getuig, eenparig goedgekeur” en na die verskillende sinodes verwys met die versoek om wysigings aan te dui vir hulle afgevaardigdes na ’n konvensie om ’n algemene sinode te oorweeg. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:50 en 120; vgl Van Staden 1973:421; Brown 1979:303]

Dit het groot byval gevind by die vergadering want dit is “na grondige bespreking en wysinge op enkele punte eenparig goedgekeur.” [Van der Watt



1987:9]

“Daarby is besluit dat die Algemene Sinode by sy eerste sitting alle verdere bepalinge en reglemente om sy werksaamhede te organiseer, sal opstel, dat die bestaande federale liggame mutatis mutandis kommissies van die Algemene Sinode sal word, dat die Actuarii die gewysigde kerkorde vir publikasie gereed sal maak, dat die Sinodes enige wysigings aan die Kerkorde wat hulle wens aan te bring, aan die afgevaardigdes, wat eers vir die doel in ’n Kerklike Konferensie byeen sal kom, vir oorweging en finale beslissing voor te lê, en dat die Algemene Sinode sal konstitueer nadat die afgevaardigdes die finale basis van ooreenkoms in konferensie vasgestel het, terwyl die moderatuur van die Raad in medewerking met die moderasie van die konstituerende Kerke die sakelys sal opstel.” [Van Staden 1973:421]

Die jaar 1959 was vir die Ned Gerf Kerk ’n belangrike jaar vir soverre dit haar kerkregtelike ontwikkeling betref. Twee bydraes van twee belangrike kerkregkundiges wat in hierdie jaar verskyn het verdien ook verdere vermelding. Dit was die Redaksiekolom van die *NGTT* se Desember-uitgawe [NGTT Des 1959:129-131] waarin prof Tobie Hanekom onder die hoof: “Ons Kerkreg in Perspektief” ’n aansluiting gevind het by die rede wat dr Koot Vorster gelewer het by die eeufees van die Kweekskool op Stellenbosch. Vorster het hom by die geleentheid uitgelaat oor die onderwerp: “Kerkreg op Reformatoriese Grondslag” en weer bevestig “die Kerkreg as heilige wetenskap vir die regering van die Kerk is vir die welwese van die Kerk onontbeerlik. Dit gee vastheid, orde en leiding aan die Kerk deurdat dit die beginsels van die Skrif vir die kerkregering ontwikkel en also die Kerk help om aan sy doel te beantwoord.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664-665 en 680] In hierdie rede het Vorster ook sy bewondering uitgespreek vir sy leermeester B B Keet wat “met besondere helderheid en prinsipiële belyndheid die kerkreg gedoseer” het en onverskrokke aangedui het watter “kollegialistiese smette nog uit die Wette en Bepalinge van die Kerk verwyder moet word.” Hierdie

eerlike standpunt van Keet het hom by die Kuratorium in die moeilikheid gebring maar, na bespreking, is hy in die gelyk gegee. Vorster was oortuig daarvan dat “die Kweekskool gedurende sy honderdjarige bestaan op kerkregtelike gebied op die Reformatoriese grondslag voortgebou het.”

8.25 KRITIEK VAN GEREF KERK TEEN DIE KONSEP-KERKORDE

Ongelukkig was daar in dieselfde jaar, 1959, wanklanke van die kant van die Gereformeerde Kerk toe sy haar Eeufees-viering gebruik het om allerlei beskuldigings teen die Ned Geref Kerk in te bring. Hierdie beskuldigings het in boeke, feesredes en artikels in tydskrifte verskyn. Van die beskuldigings was o a die Ned Geref Kerk was, “vyandig teenoor die Afrikaanse volk in die vorige eeu, onverdraagsaam teenoor beswaardes (die sogenaamde Doppers), metodiste, liberalisties,ongereformeed in leer, kollegialisties in kerkregering, belus op sensasie-prediking en skokmetodes, op ´n dwaalweg met ons Pinksterbidure en sendingvereniginge, net soos met die Christen-studentevereniging waaraan ons steun verleen.” [Kb 3 Junie 1959:916]

Die redakteur van *Die Kerkbode* het op hierdie beskuldigings gereageer en die Gereformeerde Kerk tot ´n broederlike gesprek uitgenooi. [Redaksionele kolom Kb Woensdag 3 Junie 1959] Prof S du Toit, rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk op Potchefstroom het in Die Kerkblad van 26 Augustus 1959 na die konsep-kerkorde verwys as die eerste stappe om ´n radikale omwenteling in sy stelsel van kerkregering aan te bring. Met hierdie skrywe is die indruk gewek dat die Ned Geref Kerk tot op datum nog altyd ´n ongereformeed stelsel van kerkregering gehad het omdat dit, volgens hom, deur die gees en beginsels van die kollegialistiese Reglement van die Hervormde Kerk van Nederland uit 1816 regeer sou word. [Jonker Kb 13 Julie 1960:41]

Du Toit skryf verder dat wat die gees en hoofstrekking betref kan dit nie anders gesê word nie as dat nou, presies 150 jaar na De Mist en presies 100 jaar na die reformatoriese daad van 1859 dit wil voorkom of wat die NGKerk

betref, radikaal met De Mist en 1816 gebreek word. [Brown in *NGTT* 1979:303] Du Toit se gevolgtrekking is dat die Konsep-Kerkorde in die gees van Dorst is en dat dit so 'n groot verandering is op die huidige Wette en Bepalinge dat hy vrees dat die meeste lidmate dit as “verdoppering” sal sien. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960]

Eintlik het Du Toit se beskuldiging daarop neergekom dat die die Ned Geref Kerk se stelsel van kerkregering nog altyd ongereformeerd was. Uit die aard van die saak was dit 'n baie ernstige aanklag teen 'n ander gereformeerde kerk wat deurentyd gepoog het om gereformeerd te bly.

W D Jonker het op prof. Du Toit se aantygings geantwoord deur drie kort artikels wat agtereenvolgens in *Die Kerkbode* onder die opskrif: “Die ander kant van die saak!” verskyn het op die datums 13 Julie 1960:41; 20 Julie 1960:74 en 27 Julie 1960:107. Dieselfde het hy gedoen by wyse van 'n brief wat op 14 September 1960 in *Die Kerkbode* verskyn het. [Jonker *Kb* 14 September 1960:375]

In 'n brief in *Die Kerkblad* van 16 September 1959 het prof WD Jonker ernstig beswaar gemaak teen Du Toit se voorstellings en vestig die aandag daarop dat daar hoegenaamd geen verskil t o v die beginsels van die kerkregering tussen die Wette en Bepalinge en die nuwe Kerkorde is nie. Dit is volgens hom niks meer as 'n nuwe vormgewing en ook nie 'n verandering van die stelsel van ons kerkregering nie. [Brown in *NGTT* 1979:303; Jonker *Kb* 13 Julie 1960:41]

Jonker onderstreep dat hier geensins sprake is van 'n “radikale breuk” en nog minder van 'n verandering van die stelsel van kerkregering. Met die Wette en Bepalinge is daar reeds, volgens Jonker, gebreek met die beginsels van die kollegialistiese stelsel van regering sodat die Wette en Bepalinge die gereformeerde stelsel van kerkregering verteenwoordig het. [Jonker *Kb* 13

Julie 1960:42]

In die praktyk is Jonker egter verkeerd bewys en was Du Toit in die kol toe hy vasgeskop het deur te herhaal dat die Wette en Bepalinge kollegialisties was soos die Reglement van 1816. Hy het hiërargies-kollegialistiese elemente ontdek in die voorstelling wat die Wette en Bepalinge gee van die kerkverband, die gesag van die sinode, die praktyk in verband met geloofsbriewe en die samestelling van meerdere vergaderinge, die kommissiestelsel, die praktyk om leraars te bevestig in diens van die sinode, die magte van die ring, die gevaar van predikanteheerskappy en die reëling van alles tot in die laaste besonderheid. Verder ongereformeerde elemente was vir hom die wat verband hou met die aflegging van geloofsbelydenis, die feit dat gesê word dat 'n lidmaat aan die kerk behoort, die gekombineerde kerkraadsvergadering, hulpdienste, sake op die terrein van die staat of die maatskappy wat deur die kerk gereël word, huwelike op Sondag, tug soos 'n strafprosedure, kategismusprediking, spesiale Sondag, die kerk stig vereniging, vreemde gedagtes oor die erediens. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:42]

Vir du Toit was dit baie duidelik dat die Wette en Bepalinge “in gees en strekking” nog steeds ondubbelsinnig hulle kollegialistiese oorsprong verraai, dat die amp van die gelowige nie tot sy reg kom nie en die amp van ouderling en diaken gekortwiek word. Soos hy die Konsep-Kerkorde gesien het is niks minder nie, “as dat die hele gebou van 1842, met fondament en al, afgebreek is en dat daar 'n nuwe begin is in die gees van die Dordtse Kerkorde.” [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:41]

Die artikels wat Du Toit vanaf November 1959 tot Mei 1960 onder die hoof: Die Kerkregtelike Ontwikkeling in Suid-Afrika in *Die Kerkblad*, mondstuk van die Gereformeerde Kerk geplaas het was natuurlik nie so toeganklik vir lidmate van die Ned Geref Kerk Daarom het Jonker opsommend van sy belangrikste punte van kritiek gepubliseer asook 'n antwoord vir plasing in *Die Kerkblad*.



Hierdie brief is nie geplaas nie omdat die korrespondensie vroegtydig deur die redakteur afgesluit is. Daarom het Jonker op versoek van leraars en lidmate besluit om die “anderkant van die saak” in *Die Kerkbode* te plaas. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Jonker beantwoord Du Toit se aantygings onder die tweërlei hofies dat Du Toit stellings maak wat hy nie bewys nie en dat sy redenasie nie logies is nie. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Jonker blameer Du Toit dat hy graag die Wette en Bepalinge van 1824 en 1842 met die Reglement van 1816 vergelyk en die Kerkorde vergelyk sonder om die Kerkorde te ontleed. Al wat hy sê is dat albei dieselfde foute het. Jonker antwoord hom deur ’n deeglike ontleding te gee waarin hy vir Du Toit bewys dat “die nuwe kerkorde bestaan uit artikels wat feitlik net die beenderestelsel van die bestaande Wette en Bepalinge vorm” [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:43]

Dit word weer aan Du Toit uitgewys dat die kerkregtelike beginsels in die nuwe kerkorde nie verander is nie maar dit alleenlik die vorm is wat verander het. As hy dus die kerkorde in orde vind behoort hy nie probleme te hê met die Wette en Bepalinge nie. Nou het hy met lg probleme en daarom sê Jonker is Du Toit nie logies in sy beredenering nie. [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:44]

Jonker vra reguit aan Du Toit: “Waarom dan nie maar aan die lesers erken dat die Wette en Bepalinge prinsipieël die hoofbeginsels van die gereformeerde stelsel van kerkregering [selfstandigheid van die plaaslike gemeentes, drievoudige amp, noodsaaklikheid van die kerkverband, vryheid van die staat] aanvaar en ken nie.?” [Jonker *Kb* 13 Julie 1960:44]

Die feit dat Du Toit o a teoloë binne die Ned Geref Kerk aangehaal het as hulle selfkritiek uitoefen teenoor die Wette en Bepalinge gemaak het en



daarvolgens sy eie afleidings gaan maak het word as onbillik beskou. Du Toit beweer hy is objektief maar sy beskuldiging is volgens Jonker verre van objektief. [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

“Die basiese verskilpunt tussen die Wette en Bepalings en die Reglement van 1816 is juis dat die Wette en Bepalings sover moontlik die gewraakte hiërargiese tendense van die Reglement probeer bestry. In die Reglement van 1816 word die regering van die kerk gesien as afdalende van bo na benede, terwyl die Wette en Bepalings van die begin af neergelê het dat die regering gesien moet word as uitgaande van benede na bo.” [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

Wat die gesag van vergadering betref, sê Jonker, “Die kerkraad word in die volgorde kerkraad-ring-sinode as die fundamentele kerklike vergadering gesien aan wie die sleutelmag in eerste instansie toevertrou is.” [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:74]

Jonker het Du Toit ook kwalik geneem omdat hy dinge in sy artikel aangehaal het wat nie ter sake is nie maar sommer net bygehaal word om aan die Wette en Bepalings ’n kleur van kollegialisme te gee. Van hierdie sake is ampsdrag, kategismusprediking, huwelike op Sondag, spesiale Sondag, ondertekeningformulier van die O V S, Natalse artikel oor kerkraadslede, bemoeienis van die kerk met die openbare onderwys ens. Jonker wys daarop dat Du Toit foute in formuleringe, soms net by ’n provinsie met min gemeentes, aan die groot klok hang en dit afmaak as ongereformeerde en dan die hele stelsel van kerkregering as ongereformeerde afmaak. [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76]

Volgens prof Du Toit is dit die grondwaling van die Wette en Bepalings dat dit sê dat die gemeentes aan die kerk behoort. Hierop antwoord Jonker: “Dat die verskillende gemeentes saam een kerk vorm, is in ooreenstemming met al die

ou gereformeerde skrywers en met die Nedl Geloofsbelydenis art 32. “ [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76] “Die Wette en Bepalinge sien juis nie die kerk as ´n groot genootskap waarvan die samestellende dele die afsonderlike lidmate is nie, maar verstaan die kerk as ´n assosiasie van afsonderlike gemeentes. Maar hierdie gemeentes wat saamverbonde is, vorm dan ook ´n eenheid in institutêre sin en heet eenvoudig kerk in die enkelvoud. As dit die grondwaling van die N G Kerk is, dan kan hy hom daarvoor op Voetius beroep, en dan sit die Geref Kerk in Suid-Afrika saam met hom in dieselfde bootjie!” [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:76-77]

Van Staden bewys dat Jonker met hierdie stelling van hom vir Voetius verkeerd vertolk en stel dit dan duidelik: “Dit is daarom, myns insiens, Skriftuurlik en volgens die Gereformeerde Kerkreg, ondersteun deur die Acta en Kerkordes van die ou Nederlandse Gereformeerde sinodes van die 16de en 17de eeu, nie korrek om van die plaaslike kerke in kerkverband as ‘kerk’ te praat nie.” Gereformeerde kerkregtelik, sê hy, moet daarom van die ‘Afrikaanse Protestantse kerke ens gepraat word en kan dit “bewys word dat die ‘kerk’- enkelvoudstandpunt Kollegialisties of selfs Papalisties of Episkopalisties is.” [Van Staden 1995:10-12]

“By die N G Kerk is, nog meer as in die Dordtse Kerkorde, teen ´n oorheersing van predikante op die meerdere vergaderinge gewaak deur te bepaal dat daar vir elke leraar telkens ook ´n ouderling afgevaardig word. Waarom altyd alles probeer sien as kollegialisme, terwyl die feite tog bekend is?” [Jonker *Kb* 20 Julie 1960:77]

“Ten spyte van wat ook al deur prof Du Toit beweer word oor die onselfstandigheid van die plaaslike gemeentes van die N G Kerk, wil ek tog daarop wys dat die kerkverband volgens die Wette en Bepalinge nie maar in die plaaslike gemeentes kan ingryp nie. Die eredienste, kategese, die

pastorale sorg, die tug en die regeringe, die diens van barmhartigheid gaan van dag tot dag in die gemeentes voort sonder dat die meerdere vergaderinge of welke kommissie dan ook in die aktiwiteite van die plaaslike gemeentes ingryp. Die Wette en Bepalinge het immers nie ten doel om die ampsdraers in hulle ampsverpligtinge te belemmer of te stuit nie en neem hulle verantwoordelikeid nêrens van hulle skouers af nie. Geen enkele deel van die mag van die plaaslike gemeente word immers van hulle weggeneem wanneer die kerkverband hulp verleen by moeilike sake, by tug oor ampsdraers, by voortgaande sensuur, by die handhawing van die belydenis, by die afstigting van nuwe gemeentes. ens. Nee wat, 'n mens moenie te gou spreek van kollegialisme en hiërargie waar dit nog gewoonweg gaan om die regeermag wat die kerk deur middel van sy meerdere vergaderinge op 'n egte gereformeerde manier uitoefen nie! Die selfstandigheid van die plaaslike gemeentes word nie daardeur opgehef nie.”

[Jonker *Kb* 20 Julie 1960:77]

Van Staden het intussen bewys dat Du Toit se waarneming reg was aangesien eersgenoemde dertig jaar later nog steeds kollegialistiese trekke by die Ned Geref Kerk bespeur. In die verband verwys hy na die feit dat die Ned Geref Kerk nog steeds daarvan praat dat, “'n persoon lidmaat word van 'n kerk” bedoelende 'n kerkverband.

8.25.1 Kritiek teen Gesag van sinode

Vir Du Toit was dit 'n groot dwaling dat daar gesê kan word dat die sinode die hoogste gesag in die regering van die kerk het. Jonker stem saam dat dit natuurlik nie mag wees dat 'n sinode groter gesag as Christus of die Woord van God het nie Die Wette en Bepalinge maak dit egter, volgens Jonker, baie

duidelik dat dit nie so is nie. Ons gereformeerde vaders het, volgens Jonker, dikwels die woord “hoër” en selfs “hoogste” gebruik. Die gebruik van die woord, wat ongelukkig soms gebesig word, moet egter verstaan word in die lig van die hele Wette en Bepalinge waarin nooit anders gespreek word nie as van meerdere vergaderinge. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

Jonker sê Du Toit sou Voetius bepaald kollegialisties gevind het waar hy geleer het dat die sinodale besluite bindend en finaal is, dat meerdere vergaderinge mag ingryp as minderes hulle skuldig maak aan wanbestuur of nie doen wat hulle moes gedoen het nie en selfs met sensuur mag ingryp as hulle besluite nie uitgevoer word nie. In die N G Kerke is die sinode tog nie ’n tiran wat oor die gemeentes heers nie: dis ’n vergadering van die gemeentes wat gesamentlik vergader, wat uit ampsdraers bestaan, met gesag deur Christus bekleed is en die belange van die gemeente behartig in sy Naam. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

8.25.2 Geref Kerk se verkeerde voorstelling van die kommissies

Du Toit is, volgens Jonker blykbaar onder die indruk dat die kommissies regerende bevoegdheid besit, maar dit is tog kennelik nie die geval nie. Geen kommissie het regerende bevoegdheid nie, selfs nie die sinodale kommissie of die ringskommissie nie. Alles wat hulle doen buite hulle stiptelike opdragte, kan hoogstens provisioneel wees, terwyl die meerdere vergaderinge oor alles beslis en dit goed- of afkeur. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:107]

Geen kommissie van ’n meerdere vergadering kan werksaamhede in ’n plaaslike gemeente verrig sonder daartoe uitgenooi te wees of onder buitengewone omstandighede wanneer die meerdere vergadering bv vir die uitoefening van sy tugmag ’n kommissie van ondersoek na ’n klag of gerug of iets soortgelyks ’n dergelike opdrag gee nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:108]

8.25.3 Kritiek - Benaming Permanente Kommissie

Du Toit het 'n probleem gehad met die benaming permanente kommissie. Jonker verduidelik dat dit niks met bestuur te make het nie maar alleen so genoem word wanneer 'n meerdere vergadering 'n kommissie aanwys om by 'n volgende vergadering verslag te doen terwyl 'n tydelike kommissie nog by dieselfde vergadering verslag doen.

8.25.4 Kritiek insake Moderatuur

Alhoewel Jonker self nie die nodigheid van 'n Moderatuur naas die sinodale kommissie sien nie wys hy daarop dat die moderatuur niks anders as 'n kommissie of deputaatskap is nie en dat dit hoegenaamd geen regeermag ontvang nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109]

8.25.5 Kritiek insake Verkiesing [beroeping] van ampsdraers

Du Toit se beswaar is dat lidmate nooit meewerk by die kiesing of beroeping van ampsdraers nie. Jonker wys aan dat die Wette en Bepalinge eis dat lidmate hulle ampsdraers met opsteking van hande kies in nuwe gemeentes, in gevestigde kerke kies die kerkraad en lees die name af vir approbasie. Lg reëling kom van die Konvent van Wezel 1568 en die Sinode van Emden 1571 en is in die Dordtse Kerkorde opgeneem as een van die twee maniere waarop ouderlinge gekies kan word. Die idee van 'n gekombineerde kerkraad, self baie oud met wortels tot in die tyd van die reformasie, is net nog 'n verdere toegewing aan die beginsel om die gemeente direk te laat deel in die kiesing van ampsdraers, en wel deur mense wat voorheen kerkraadslede was en dus beskou mag word as verantwoordelike en vrome manne. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109]

Ander interpretasies van Du Toit waarop Jonker geantwoord het was:

1 Beroeping van leraars deur meerdere vergaderinge 1960:109

2 Openbare belydenis van geloof 1960:109

3 Gevaar van predikanteheerskappy 1960:110



- 4 Magte van Ring 1960:110
- 5 Hulpdienste en hulppredikers 1960:110
- 6 Vereniginge in kerk 1960:111
- 7 Setifikate van lidmaatskap en Attestate 1960:111
- 8 Bevestiging in naam van sinode 1960:111 [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:109-119]

Jonker sluit sy bydraes af deur te sê daar is twee kante van 'n saak. Dit gaan nie vir hom om die Wette en Bepalinge te verdedig nie."Ons hoop van harte dat die N G Kerk binne afsienbare tyd die Wette en Bepalinge agter die rug sal hê en met sy nuwe kerkorde sal werk. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:119] "Dit gaan ons ook daarom dat elke vorm van hersiening van bestaande dokumente en praktyke deur die N G Kerk nie maar gesien moet word as 'n belydenis dat hy tot dusver nog altyd die gereformeerde spoor kwyd was nie. [Jonker *Kb* 27 Julie 1960:119]

8.26 AANVAARDING VAN KONSEP-KERKORDE

Die aanvaarding van die konsep-kerkorde het groot vreugde onder die lidmate van die Ned Geref Kerk gebring. Daar is getuig van hoe die hand van die Here in dit alles te sien was. Selfs lidmate wat in kerkreg onderleg was en die dokument krities ontleed het, het laat hoor, ".....ons kan nie anders as om daarin 'n blyk te sien van die feit dat Christus, die Hoof van die Kerk, nog met ons besig is en veral in hierdie afgelope jare ons Kerke geseën het met 'n nuwe bloei en 'n nuwe liefde vir alles wat Bybels-verantwoord is. Wonderlik is die weë van die Here!" [Jonker *Kb* 18 November 1959:795]

Lidmate het met groot verwagting uitgesien na die dag van organiese eenheid. Nie slegs in uiterlike, organisatoriese sin nie, "maar veral in die geestelike sin van die feit dat ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie - dié Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers!" [Jonker *Kb* 18 November 1959:495] Die dokument sou nie net dien

as basis vir die organiese eenwording van die huidige vyf selfstandige gefedereerde N G kerke nie, maar ook ongetwyfeld meewerk om die gereformeerde karakter van die kerk te bestendig en te bevestig. [Jonker *Kb* 1959: 795; vgl Van der Watt 1987:9] Vir Ig het die kerkorde die duidelike beginsels bevat wat, in ooreenstemming met Skrif en belydenis, die hooflyne vir die regering van die kerke aandui. Hy bevind ook in die konsep-kerkorde dat dit “onmiskenbaar die Dordtse Kerkorde se stempel [dra] nie net in sy indelings nie, maar soms ook in sy bewoording.” [Van der Watt 1987:9]

Vir Jonker was die nuwe kerkorde ’n besliste vordering op die pad van kerkregtelike ontwikkeling. Hy gee erkenning vir die kommissie van aktuaris wat die konsep-kerkorde opgestel het en, “onmiskenbaar duidelik van gedagte uitgegaan het om daarmee so gou as moontlik by die ou Dordtse kerkorde aan te sluit.” [Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

Die waarde van die Dordtse Kerkorde word verder uitgelig as Jonker voortgaan: “Die Dordtse Kerkorde is immers sonder enige twyfel die beste en suiwerste historiese formulering en samevatting van die Skriftuurlike beginsels waarop die Gereformeerde kerkregering rus onaangetas in sy prestige as ’n deur-en-deur Bybels-Gereformeerde kerkorde.” [Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

“Ek is nie in staat om te sê hoe enige Kerk wat werklik gereformeerd wil wees, by die opstel van ’n nuwe kerkorde aan die beginsels en selfs die formuleringe van die Dordtse Kerkorde verby sou kon gaan nie. Daarom is ons innig dankbaar tenoor ons aktuaris dat hulle by die verrigting van hierdie groot en moeilike taak hulle so nou aangesluit het by hierdie kosbare ou dokument uit die skat van ons gereformeerde erfenis. Daarmee het hulle aan ons Kerk ’n diens bewys wat nie maklik na waarde geskat kan word nie.”

[Jonker *Kb* 18 November 1959:796]

Die lastige “wette en bepalinge” wat in 1824 ingang in die kerk verkry het, is nou vervang met `n kerkorde, wat die algemene beginsels neerlê vir die bediening van Woord en sakramente, die belydenis, ampte, tug en arbeid van die kerk. [Van der Watt 1987:9]

Groot waardering is betuig aan die Raad van Kerke wat met die aanvaarding van hierdie kerkorde die doel wat die Raad in 1907 gestel het nou in sig laat kom het. Gedurende vyftig jaar van arbeid en stryd het hierdie liggaam in adviserende hoedanigheid, maar veral as studieliggaam gedien en deur middel van sy kommissies belangrike verslae en aanbevelings aan die onderskeie sinodes voorgelê, om daardeur die onderlinge band tussen die verskillende kerke te verstewig en die besef van wedersydse afhanklikheid wakker te hou. [Van der Watt 1987:10]

Die acta van die onderskeie sinodes en van die Raad van Kerke lewer die onteenseglike bewys dat verantwoordelike kerkleiers en baie lidmate die verbreking van die een sinodale verband in 1862 beskou het as iets wat van buite af aan die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika opgedring is en aan die kerk self vreemd was. [Van der Watt 1987:10]

“Die ses-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Bloemfontein sal in die annale van ons Kerke beslis aangeteken staan as een van die belangrikste vergaderinge” [Jonker Kb 18 November 1959:795] In die geskiedenis van die Ned Geref Kerk sal die Raad van Kerke altyd `n monumentale en unieke plek beklee. Dit het onskatbare dienste gelewer as skakel tussen die verskillende kerke en as wegwysers tot die herstel van die algemene kerkverband. [Van der Watt 1987:10]

8.27 KONSEP-KERKORDE NA DIE ONDERSKEIE SINODES VERWYS VIR GOEDKEURING

Die vergadering het die konsep-kerkorde na die verskillende sinodes verwys



met die versoek om wysigings aan te dui vir hulle afgevaardigdes na 'n konvensie om 'n algemene sinode te oorweeg. [Brown 1979:303] Onder andere word dit aan die Kommissie van Actuarii opgedra om die kerkorde so spoedig moontlik te redigeer in ooreenstemming met die besluite van die Raad sodat die gewysigde stuk volledig in die Acta kan verskyn Die Sinodes word versoek om wysigings wat hulle aan die Kerkorde wens aan te bring aan die afgevaardigdes van die Algemene Sinode wat vir die doel eers in 'n Kerklike Konferensie sal saamkom, voor te lê vir oorweging en finale beslissing.

Nadat die onderskeie kerke se afgevaardigdes langs hierdie weg die finale basis van ooreenkoms vasgestel het, sal die Algemene Sinode konstitueer. Die Agenda vir die eerste vergadering sal voorberei word deur die moderatuur van die Raad van die Kerke plus die Moderature van die konstituerende Kerke.

8.28 ACTUARII BY SINODES

Die Raad van die Kerke het op voorstel van G P van Wyk en A J van Wyk as sekondant eenparig die verskillende Sinodes van die Gefedereerde Kerke versoek om op eie koste drs J D Vorster en F E O B Geldenhuys uit te nooi om in adviserende hoedanigheid hulle Sinodale Vergaderinge by te woon wanneer die behandeling van die Kerkorde op die Agenda verskyn. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:124]

Afgevaardigdes na die eerste Algemene Sinode sou eers in 'n kerklike konvensie byeen kom. Hierdeur sou die afgevaardigdes in staat gestel word om die kerkorde aan te neem, en nadat die onderskeie sinodes se afgevaardigdes langs hierdie weg die finale basis van ooreenkoms vasgestel het, sou die Algemene Sinode konstitueer. [Van der Watt 1987:14]

Alles het daarop gedui dat die dekade-lange pogings tot eenwording besig was om tot 'n suksesvolle einde te kom. Met geesdrif het prof H D A du Toit

uitgeroep: Organiese kerkvereniging is in vooruitsig! [Brown in *NGTT* 1979:303]

8.29 1959, PERMANENTE KOMMISSIE VAN DIE FEDERALE RAAD

Die vyf actuarii van die Gefedereerde Kerke met dr J D Vorster as konvenor het hulle verslag by die raad ingedien. [Hand Raad van Kerke Mei 1959:126] Besluite wat in antwoord op die verslag geneem is [Hand Raad van Kerke Mei 1959:124] het onder meer behels:

- * Die beginsel van desentralisasie staan voorop. Die provinsiale sinodes het in `n mate hul selfstandigheid behou met eie bepalinge in sake soos sending, barmhartigheidsdienste en evangelisasie.
- * Die naam van die kerk is sonder enige geografiese of provinsiale of staatkundige begrensing aangedui as Die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- * Die belydenis van die kerk, soos uitgedruk in die Formuliere van Enigheid, is deeglik verskans, want die reglement bepaal dat die belydenis alleen verander kan word as die sinodes afsonderlik met tweederdes meerderheid ten gunste van die amendasie[s] besluit. `n Soortgelyke meerderheid word vereis van die Algemene Sinode as die kerkorde verander word of wanneer die ekumeniese verhoudinge geld.
- * Die benaming "sinode" word gebruik in onderskeiding van Algemene Sinode, hoewel daarmee eintlik aangedui word streek- of provinsiale of partikuliere sinodes.
- * Die Algemene Sinode het tot taak die vasstelling van die belydenis, die kerkorde, die liturgiese formuliere, opleiding van evangeliedienaars, die bepaling van die beleid en ekumeniese verhoudinge
- * Sake wat deur die partikuliere sinodes behandel word kan nie voor die Alg Sinode dien nie tensy die betrokke sinodes hulle daarheen verwys het of in geval van hoër beroep. [vgl Van der Watt 1987:9]

8.30 1961, HERROEPING VAN ORD NO 7 VAN 1843 IN DIE VOLKSRAAD

Die groot oomblik het aangebreek toe Ordonansie no 7 van 1843 geskrap sou word en Vorster, wat hom vir jare daarvoor beywer het, dit toe ook kon beleef. Vir vier agtereenvolgende weke gedurende die maande Oktober en November 1960, het in beide amptelike tale in die Staatskoerant die kennisgewing van `n Private Wetsontwerp verskyn. Dit was `n private wet, na aanleiding van die besluit van die Kaapse sinode in 1957, wat in sy enigste klousule die herroeping van Ordonansie No 7 van 1843 aangevra het. [Van der Watt 1987:12]

Op Woensdag 25 Januarie 1961 het die eerste lesing van die wetsontwerp, ingedien deur mnr J F W Haak plaasgevind. Op 30 Januarie is die wetsontwerp na `n Gekose Komitee van die Volksraad verwys. Voor hierdie komitee het dr J D Vorster en dr A J van der Merwe, onderskeidelik actuarius en moderator van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika verskyn om getuienisse ten bewyse van die wetsontwerp te lewer.[Van der Watt 1987:13] Van Vorster word getuig: "Op `n deeglike en uiters verantwoorde wyse het dr. Vorster die standpunt van die kerk gestel en `n duidelike uiteensetting gegee van die oorwegings ten grondslag van die sinode se besluit om hierdie private wetsontwerp aan te vra." [Van der Watt 1987:13]

Op 15 Februarie het die Gekose Komitee die volgende besluit aangeneem: "Dat die Voorsitter die Wetsontwerp sonder amendement rapporteer" Dit het beteken dat die tweede lesing `n blote formaliteit was. Mnr Haak het `n kort oorsig gegee van die ontstaan van die ordonansie en nou die noodsaaklikheid van die herroeping daarvan. Die Opposisie het by monde van mnr J H de Kock sy steun aan die wet toegesë. Nadat die Raad in Komitee gegaan het, waartydens die klousules, aanhef en titel van die wetsontwerp gestel en goedgekeur is, is die wetsontwerp sonder amendement vir die derde maal gelees. [Van der Watt 1987:13]

Op 3 Maart 1961 is daar in die Volksraad geskiedenis gemaak. 'n Private wetsontwerp om voorsiening te maak vir die herroeping van Ordonnansie 7 van 1843, ingedien deur adv Jan Haak op versoek van die kerk, is in rekordtyd sonder enige teenstand aangeneem. Die Ordonnansie wat in sy 118-jarige bestaan soveel beroering veroorsaak het en sulke verreikende gevolge vir kerk en volk gehad het, het 'n stille en maklike uitvaart gehad. [Vorster *Kb* 5 April 1961:462 vg. Van der Watt 1987:12] Daarmee is op heel onopspraakwekkende wyse 'n periode in die geskiedenis van die kerk, veral wat sy kerkregering betref, afgesluit." [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

Ook in die Senaat is die maatreël vinnig en sonder wysigings of teenkanting aanvaar. Op 6 Maart 1961 is die Wetsontwerp vir die eerste maal gelees terwyl die laaste twee lesings op 21 Maart geskied het. By hierdie geleentheid het senator [ds] Olivier voorgestel dat die Senaat die werk van die Volksraad goedkeur. [Van der Watt 1987:13] Op 27 Maart 1961 het die Goewerneur-generaal sy goedkeuring geheg aan Wet no 22 van 1961 en daardeur 'n nuwe tydperk vir die Ned Geref Kerk ingelui. [Van der Watt 1987:13]

Die herroeping van Ord 7 van 1843 was 'n historiese gebeurtenis van groot betekenis. [Van der Watt 1987:13] Die weg was nou geopen vir die Kaapse sinode om op die basis van 'n gemeenskaplike kerkorde met die ander Ned Geref sinodes in een sinodale verband te tree. [Van der Watt 1987:13] "Natuurlik het die herroeping van die ordonnansie geen verandering in die leer, organisasie of regering van die kerk meegebring nie." [Vorster *Kb* 5 April 1961:462]

8.31 VORSTER SE BLYDSKAP OOR DIE HERROEPING VAN DIE ORDONNANSIE

Vorster se opgewondenheid oor die herroeping van die Ordonnansie kan nouliks verberg word as hy skryf: "Dit sal 'n nuwe tydperk vir die kerk inlui. Waar die Ordonnansie deur die staat aan die kerk opgelê, die kerk in sy gang

en vrye ontwikkeling belemmer het en skadelike gevolge vir kerk en volk gehad het, sal nà die herroeping daarvan die eie Kerkorde wat die lewe en werk van die kerk reël na die beginsels van die Woord van God gefundeer is, vir die kerk 'n onnoemlike seën wees." [Vorster *Kb* 5 April 1961:464] Verder sê hy, "die bestaan van die Ordonnansie het gelei tot die vorming van drie selfstandige N G Kerke in die noorde, 'n gebeurtenis wat seker die loop van die geskiedenis van kerk en volk beslissend beïnvloed het. Hy vra: "Hoe anders sou die geskiedenis nie verloop het nie as kerklike eenheid, ondanks staatkundige gedeeldheid, onbelemmerd voortgeduur het." [Vorster *Kb* 5 April 1961:464]

8.32 RAAD VAN KERKE SE VERGADERING 1961

In Maart 1961 was die sewe-en-twintigste vergadering van die Raad van Kerke in Kaapstad en by hierdie geleentheid het die eer vir Vorster te beurt geval om die blye tyding te bring dat Ordonnansie no 7 van 1843 formeel herroep is. [Van der Watt 1987:13 en Hand Raad van Kerke Maart 1961:58]

Die moderatuur ontvang daarop volmag om die nodige praktiese reëlings te tref in verband met die ontbinding van die Raad en die oordrag van sy funksies, eiendomme, fondse en ander verpligtinge aan die Algemene Sinode. [Van der Watt 1987:13]

Met die oog op die toekoms van die Raad van Kerke het Vorster 'n voorstel ingedien wat deur F E O 'B Geldenhuys gesekondeer is wat as volg gelui het: "Met die oog op die feit dat die Algemene Sinode van die verenigde Kerke moontlik binne die volgende twee jaar mag konstitueer, so besluit die Raad dat:

[1] Alle Kommissies van die Raad wat opdragte ontvang het, aan die Algemene Sinode rapport sal doen.

[2] Alle eiendomme, fondse en ander verpligtings van hierdie Raad aan die Algemene Sinode oorgedra word.



[3] Die Moderatuur volmag ontvang om die nodige praktiese reëlings te tref in verband met die ontbinding van die Raad en die oordrag van sy funksies aan die Algemene Sinode. Dit is deur die vergadering aanvaar. [Hand Raad van Kerke Maart 1961:75]

Hierop is 'n voorstel van dr H D A du Toit eenparig aanvaar:

“Met die oog daarop dat hierdie vergadering van die Raad van die Kerke moontlik die laaste sal wees, betuig die Raad sy dank teenoor die Here vir Sy leiding gedurende die afgelope 54 jaar van sy bestaan, en moedig die konstituerende kerke aan om intussen toe te sien dat niks sal gebeur om die vereniging van die Kerke te laat misluk nie. [Hand Raad van Kerke Maart 1961:75]

Alles was dus gereed vir die konstituering van die eerste Algemene Sinode; gedurende die jare 1960-61 het die onderskeie sinodes ook die konsepkerkorde met enkele wysigings aanvaar en formeel besluit om toe te tree tot een algemene sinodale verband. [Van der Watt 1987:13] In opdrag van die Raad van Kerke het die moderamen van die Raad in medewerking met die lede van die vyf moderature van die konstituerende sinodes die leiding geneem om die eerste vergadering van die Algemene Sinode op te roep en die agenda voor te berei.

8.33 KAAPSE SINODE 1961

Vanaf 19 Oktober tot 9 November het 714 predikante en afgevaardigdes in Kaapstad byeengekom vir die grootste sinode wat tot op daardie stadium vergader het. [Steenkamp 1961:13]

In al die provinsies was die behoefte aan kerkhereniging baie sterk. Op Woensdag 12 April 1961 het ds C W I Pistorius, wat vroeër die groete van die Kaapse Kerk aan die Ned Geref Kerk Natal oorgedra het, o a gesê: “Ek het die begeerte uitgespreek dat organisatoriese kerkvereniging binnekort 'n

werklikheid sal wees” [Hand Kaapse Sinode 1961:223]

By dieselfde sinodesitting rapporteer ds J H Lange:

“Ek het die eer gehad om namens ons kerk op 27 April 1960 die groete oor te bring aan die Sinode van die Ned. Geref.Kerk in die O V S . Aangesien ek net 15 minute tot my beskikking gehad het, het ek slegs die aandag daarop kon vestig dat dit binne twee jaar [1962] 100 jaar sou wees dat die afgevaardigdes van daardie kant die Oranje uit die Kaapse Sinode weggestuur is om aparte kerke te vorm wat elk ´n eie sending gehad het om te volvoer; dat gedurende die 100 jaar daar steeds die verlange bestaan het dat die kerke weer eenmaal in een Sinode verenig sou wees; dat verskeie pogings om dit te bewerkstellig nog altyd misluk het, maar dat ons nou, waar die Federale Raad van Ned Geref Kerke met die grootste eenstemmigheid ´n kerkorde opgestel het wat voorsiening maak vir sodanige gemeenskaplike sinode, baie naby aan ons ideaal gekom het. Ek het in korte besonderhede getree,” gaan ds. Lange voort, “om aan te toon dat die taak van die kerk tans so groot geword het dat ons dit nie meer kan bybring om apart van mekaar te staan nie. Ek het die hoop uitgespreek dat die kerk in die O VS , wat die eerste Provinsiale Sinode was om die voorgestelde Kerkorde te oorweeg, dit met dieselfde besieling, as spoorslag vir die ander Sinodes, sou aanvaar as waarmee hulle in 1916 die leiding geneem het om die Bybel in Afrikaans te vertaal. Daarby het ek die moontlikheid genoem dat die eerste gesamentlike Sinode in 1962, presies 100 jaar nadat die afgevaardigdes van daardie kant die Oranje die Kaapse Sinode moes verlaat, in Kaapstad sou kan vergader en dat daarvan ´n groot feesgeleentheid vir die kerke sou gemaak kan word.” Lange sluit af met: “Ek het die voorreg gehad om die bespreking oor die Kerkorde by te woon en die vreugde ondervind

dat die Sinode van die O V S dit aanvaar het.”

[Hand Kaapse Sinode 1961:224]

In sy verslag oor die groete wat hy aan die Ned Geref Kerk van Transvaal op 10 April 1961 oorgedra het, sê ds A J van Wijk: “Die Kaapse Kerk sien met verlange uit na die moontlikheid van kerkvereniging. Die Kaapse Kerk voel sy eenheid met al die Gefedereerde Kerke in hierdie vinnig-veranderende wêreld en vasteland waar soveel faktore van binne en buite die voortbestaan en arbeid van die Kerk van Christus bedreig.” [Hand Kaapse Sinode 1961:224]

Dr H W de Jager het die groete aan die Sinode van Suidwes-Afrika oorgedra op 1 Maart 1961 en o.a. gesê: “Ons het ook namens die Kerk in Kaapland die hoop en verlange uitgespreek dat hulle weldra weer een met ons sal wees in die besondere sin van organiese kerkvereniging.” [Hand Kaapse Sinode 1961:224]

Tydens die sinode het Vorster nog ’n paar wetsveranderinge voorgelê vir o a Artikels 14, 48a, 50, 60, 70, 125, 126, 200, 214, 218, 219, 220, 229, 271,274 en Reglemente 18(7), asook wysigings vir die Reglement van die Raad van Kerke. Daarna is die kerkorde wat voorsiening maak vir die organiese vereniging van die vyf gefedereerde N G Kerke eenparig deur die Kaapse Sinode aanvaar. Al vyf die sinodes het nou die kerkorde aanvaar en dus sou die eerste nasionale sinode van die verenigde kerk in die loop van die volgende jaar kan byeenkom. [Steenkamp 1961:12]

Tydens dieselfde sinode dien ouderling C A J Marais van Merweville ’n versoekskrif in waarin hy vra: “om nadat tot vereniging van die Gefedereerde Kerke besluit is, te ywer vir organiese eenwording van die drie Afrikaanse Kerke en, in samewerking met die ander Afrikaanse Kerke ’n biddag uit te skryf met die oog op kerkvereniging.” [Hand Kaapse Sinode 1961:575]

Met die oog op die eerste Alg Sinode in 1962 het dr J R Albertyn 'n artikel in *Die Kerkbode* geplaas waarin hy 'n pleidooi lewer: "Beskeidenlik word 'n pleidooi hier gelewer in belang van drie gewigtige sake: die stigting van 'n volwaardige Algemene Sinode, die skepping van 'n weloorwoë grondwet en die bepaling van 'n kleiner Sinodale ledetal as wat voorgestel word." [Kb 3 Oktober 1962:469]

Pragtige verslae oor die besondere gebeurtenis is in *Die Kerkbode* 15 November 1961:710-711 deur ds H C Kinghorn van Pinelands gepubliseer asook in *Die Kerkbode* van 22 November 1961:754 terwyl *Die Voorligter* van Desember 1961 verskeie berigte en foto's asook 'n fotoartikel deur ds L M Steenkamp laat verskyn het. Lg het oor sommige leierfigure in die sinode gerapporteer en sy respek vir Vorster kon aangevoel word as hy sê: "Dr J D Vorster kon as Actuarius weer soos in die verlede met sy forse stem en ernstige persoonlikheid leiding gee waar soms gevaar geloop is om te vergeet van al die implikasies van kerklike verordeninge en bepalinge" [Steenkamp 1961:12] Op een van die geskiedkundige foto's verskyn Vorster as Aktuarius dan ook saam met dr A J van der Merwe (Moderator), ds J S Gericke (Assessor) en ds W A Landman (Skriba) [Steenkamp 1961:13]

8.34 SAMEVATTING

Gedurende hierdie tydperk vind die sinodes van 1953, 1957 en 1961 plaas wat baie belangrike aanvoorwerk gedoen het vir die totstandkoming van 'n Algemene Sinode in 1962. Dit was ook in hierdie sinodes waar Vorster tot sy reg gekom het as kerkregkundige. Behalwe dat hy in die gemeenskap die geleentheid gekry het om 'n groot deel te hê in die organisering van die Van Riebeeckfees van 1952, het hy binne die kerkverband skriba geword van die Ring van Kaapstad, lid van die Raad van Kerke, lid van die Kuratorium van die Kweekskool op Stellenbosch en op talle kommissies gedien en deur middel van korrespondensie sy standpunt oor baie sake bekend gemaak.

In hierdie periode het hy sy kommer oor die verslapping van die tug aangespreek en gesorg dat die saak by die sinodes en in die *Kerkbode* en *Gereformeerde Vaandel* aangespreek word. Sy standpunt was duidelik dat die verval van tug baie oorsake het maar dit het omtrent altyd gedui op 'n verkeerde verstaan van die Woord van God en sy liefde vir die gevalle sondaarmense. Om dit reg te stel, in ooreenstemming met gereformeerde kerkreg moes die tug konsekwent en streng toegepas word.

Hy het goeie leiding gegee ten opsigte van die herroeping van die Ord no 7 van 1843 en hom met oorgawe daaraan gewy om dit te skrap. Die sinode het hom in die verband vertrou en hy het gewoonlik deel uitgemaak, en die leiding geneem in die kerk se voorbereidings en afvaardigings waar dit nodig was.

Soos so baie lidmate, was sy vreugde groot toe die laaste voorbereiding vir kerkhereniging in alle erns begin het. Hy het geskiedenis help maak en dit alles vanaf die binnekring van die kerk beleef, 'n voorreg wat vir min mense beskore is.

Oor die Konsep-Kerkorde het dit gelyk asof Vorster, nadat dit opgestel was, na die agtergrond getree het en dit vir kerkregkundiges soos Willie Jonker oorgelaat het om die Kerkorde te evalueer en te verdedig. Hy het egter self die geleentheid gebruik om op enkele besware te antwoord.

Met die aanbreek van die groot oomblik in 1962 was Vorster daar en kon hy terugkyk op dekades van stryd en ideale rondom eenwording. Heeltemal tereg is hy verkies as die eerste actuarius van die Algemene Sinode.

Hy het getrou gebly aan homself en sy standpunt rondom gereformeerde kerkreg tot op die laaste stadium gehandhaaf en verdedig.

HOOFSTUK 9

LAASTE KERKREGTELIKE VOORBEREIDINGS VIR DIE VORMING VAN DIE ALGEMENE SINODE IN 1962

In Desember 1961 was die laaste voorbereiding vir eenwording reeds in die snelbaan en het *die Voorligter* oor die vordering berig. Saam met fotos van die vyf huidige moderators van die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika, het die berig gelui: "Nou is dit 'n voldonge feit dat die vyf Ned Geref Kerke in 1962 gaan verenig. Die laaste sinode het so pas in Kaapstad ook eenparig ten gunste van eenwording besluit. In Mei sal die moderature onder leiding van die Moderatuur van die Raad van die Kerke met daadwerklike voorbereidingswerk begin en die datum van die eerste Nasionale Sinode is voorlopig vir Donderdag 11 Oktober 1962 vasgestel. Hierdie vergadering sal in Kaapstad plaasvind omdat die Moederkerk van Kaapstad sy setel daar het." [*Die Voorligter* Desember 1961:6]

9.1 VOORBEREIDENDE VERGADERING TE PRETORIA

'n Voorbereidende vergadering is op 24 Mei 1962 te Pretoria gehou. Daar is besluit dat op 11 Oktober 1962 'n konvensie van die kerk sal plaasvind, en wel volgens 'n bepaalde prosedure:

- 1] die voorsitter van die raad lei die konvensie en spreek die openingswoord van die sinode;
- 2] die scriba van die Raad tree op totdat 'n scriba deur die sinode gekies is;
- 3] na afloop van die konvensie sal die aanwesige lede van die Raad van Kerke vergader om die Raad te ontbind. [Van der Watt 1987:14]

Die verwesenliking van die ideaal wat die Raad sedert sy stigting nagestreef het - die herstel van die algemene sinodale verband- maak die Raad as sodanig nou oorbodig. Die bestaande federale of gefedereerde liggame sou



nou kommissies van die Algemene Sinode word, volgens reglemente wat by die Algemene Sinode se eerste vergadering opgestel en goedgekeur sou word. [Van der Watt 1987:14]

Die scribe van die Raad van Kerke het in die amptelike kerkblad die afgevaardigdes van die verskillende sinodes opgeroep om op 11 Oktober 1962 om 09:30 in Kaapstad te vergader, eers vir die konvensie en daarna vir die eerste Algemene Sinode,[Van der Watt 1987:14]

’n Paar dae voordat die lang verwagte sinodesitting sou begin en wel op 3 Oktober 1962 het dr J R Albertyn die sinode se aandag op drie sake gevestig te wete die vestiging van ’n volwaardige Algemene Sinode; ’n weloorwoë grondwet en ’n kleiner sinodale ledetal [Albertyn *Kb* 3 Oktober 1962:469-471] In *Die Voorligter* van Oktober 1962 verskyn ’n redaksionele artikel oor die Raad van Kerke se ontbinding en die toekoms van die kerk se tydskrifte [p 4]; ’n artikel van ds A J B Rawlins oor die Eerste Kaapse Sinode [p 6-7]; ’n artikel deur prof H D A du Toit oor die verwesenliking van kerkvereniging [p 10-11] asook ’n foto van die einde van die Raad van Kerke. [p 17]

9.1.1 1962 Algemene Voorbereiding vir Algemene Sinode

Met die oog op die totstandkoming van die Algemene Sinode het *Die Kerkbode* lidmate opgeroep tot gebed. Dit het verskyn onder die hofie Amptelik:

“Leraars en kerkrade van al die gemeente van die Ned Geref Kerke in Suid-Afrika word hiermee vriendelik versoek om daarvan kennis te neem dat die Moderatuur van die Raad van die Ned Geref Kerke ’n biddag bepaal het op Sondag 30 September, met die oog op die Konvensie en die Algemene Sinode wat, DV, op 11 Oktober e v d in Kaapstad sal plaasvind. Voorbidding word gevra vir die seën van ons hemelse Vader op hierdie belangrike en geskiedkundige vergaderings en op

die eenheid waarna ons ganse kerk vir honderd jaar met verlange uitgesien het en waarvoor die Raad van Kerke hom nou reeds vir 55 jaar beywer het". (A J V Burger, Scriba Raad van die Kerke, 27/8/62)

[Kb 5 September 1962:337]

9.1.2 Konvensie 11 Oktober 1962

Op 11 Oktober 1962 het 450 predikante en ouderlinge van binne en buite Suid-Afrika in die Moederstad byeen gekom. In die stad van waar die Christendom sedert die volksplanting in 1652 verder uitgebrei het, het afgevaardigdes van die vyf provinsiale sinodes [Kaap, OVS, Natal, Transvaal en Suidwes-Afrika] vergader. Prof E P Groenewald, voorsitter van die Raad, het die formele opening waargeneem met Skriflesing en gebed. Daarna het die vergadering gekonstitueer. [Van der Watt 1987:14]

Die voorsitter het in sy openingswoord gewag gemaak van hierdie historiese geleentheid en belangrike gebeurtenis wat 'n keerpunt is in die geskiedenis van die kerk. Die herstel van die eenheidsstruktuur, waarna so vurig uitgesien is, staan voor die deur. [Van der Watt 1987:14] Na 'n opsomming van die historiese verloop van sake, wat gelei het tot die sameroeping van die konvensie, het hy verklaar dat die doel van die byeenkoms is om die kerkorde, wat reeds deur die sinodes goedgekeur is, sy finale beslag te gee en dit dan aan die Algemene Sinode vir aanvaarding voor te lê. [Van der Watt 1987:14] Hierna het die konvensie die kerkorde puntsgewyse behandel en aanvaar en ook besluit dat die naam van die kerk voortaan sal wees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk [Van Staden 1973:422; vgl Van der Watt :1987:14]

9.1.3 Die naam van die kerk

Met betrekking tot die naam van die kerk het Vorster ook 'n besondere bydrae gelewer. Daar moes 'n naam vir die kerk gesoek word. Die Konvensie wat op 11 Oktober in Kaapstad vergader het, het 'n kommissie bestaande uit dr A J

van der Merwe, ds P S Z Coetzee en dr W M Nicol benoem om 'n voorstel aan die vergadering voor te lê. Die vraag was of dit moes wees Die Ned Geref Kerk van of in Suid-Afrika. 'n Ander moontlikheid was die Ned Geref Kerk van Afrika of heeltmal iets anders. [*Die Voorligter* Des 1962:20]

“Rondom die koffietafel in die moderatuurskamer het die drie genoemde lede saam met prof E P Groenewald, ds A J VBurger, die voorsitter en scriba van die konvensie en dr. Vorster, actuarius van die Kaapse Kerk gestaan en gesels. Natuurlik het die naamkwessie ter sprake gekom. Dr Nicol, die sameroeper van die kommissie wou graag ook die menings van die ander koffie- drinkers hoor en allerhande voorstelle is gemaak totdat dr. Vorster meteens sê: “Dit mag nou 'n bietjie rebels klink, maar waarom nie volstaan net met die naam: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk nie? Is van Suid-Afrika of in Afrika dan nodig?” Onmiddellik sê dr Nicol: “Dis 'n plan! Daar is mos net een Nederduitse Gereformeerde Kerk in die hele wêreld.” Dit was die end van die saak. Al die verteenwoordigers het saamgestem en toe die kommissie in die konvensie die naam voorstel, is dit eenparig goedgekeur. Dit is dan nou die naam van ons kerk, net bloot eenvoudig Die Nederduitse Gereformeerde Kerk - sonder enige fraaings” [*Die Voorligter* Desember 1962:20] Die naam van die kerk was dus sonder enige geografiese of provinsiale of staatkundige begrensing.

[Van der Watt 1987:9]

In die alledaagse skryftaal is die lang naam al dikwels afgekort tot N G Kerk. Vir Van Staden is dit “een van die grootste tragedies dat van hierdie historiese en mooi kerknaam deur vriend en vyand die karikatuur gemaak is om deurentyd van die N G Kerk' te praat, wat beslis nie die naam van die Kerk is nie. Indien 'n afkorting soms gebruik moet word,” is sy gevoel, “is Ned Geref

Kerk die verkieslikste. Daar kan alleen maar gehoop word dat die lidmate van dié kerk genoeg trots vir hul Kerk sal ontwikkel om ook in die alledaagse spreektaal sy volle naam te besig, en dat die ampsdraers in mindere en meerdere kerkvergadering die navolgenswaardige voorbeeld sal stel” [Van Staden 1973:422-423]

9.1.4 Voorstel tot vereniging

Vir die Ned Geref Kerke, wat noodwendig as gevolg van ´n hofbevel, vir 100 jaar afsonderlik bestaan en georganiseer is hoewel hulle wesenlik een gebly het, was die einde van ´n lang en moeilike pad in sig. In *Die Kerkbode* van 10 Oktober 1962, letterlik op die vooraand van die Sinodale vergadering wat die volgende dag sou begin, berig die blad: “Die N G Kerk staan op die vooraand van ´n heuglike gebeurtenis. Op 11 Oktober vergader die eerste Algemene Sinode, bestaande uit 450 afgevaardigdes van die vyf Sinodes. Dit sal Kaapstad se voorreg wees om die Algemene Sinode vir sy eerste sitting te ontvang.” [Kb 10 Oktober 1962:488] Die vreugde was groot, “Eindelik nou, as gevolg van die drang van die hele Ned Geref Kerk en al sy vertakkinge, gaan herstel van die organisatoriese kerkverband verwesenlik word.” [Van der Watt 1987:15]

9.1.5 Vrydag 12 Oktober 1962

´n Plegtige oomblik het op Vrydag 12 Oktober 1962 aangebreek toe ds P S Z Coetzee [OVS] ´n voorstel, gesecondeer deur ds D P M Olivier, ingedien het wat eenparig aangeneem is. Hierdie voorstel het gelui: Op grond van die goedgekeurde Kerkorde deur die verteenwoordigers van die vyf Nederduitse Gereformeerde Sinodes wat reeds deur die Sinodale besluite toestemming verleen het, besluit die konvensie nou tot herstel van die organisatoriese kerkverband deur die stigting van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. [Van Staden 1973:423; vgl Van der Watt 1987:15]

9.1.6 Ontbinding van die Raad van Kerke en atmosfeer in die vergadersaal

Wat die Raad van Kerke betref was dit duidelik dat dit sy doel gedien het en die ideaal waarmee hy jare geworstel het, naamlik, organiese kerkvereniging, vewesenlik is. “Met die organiese kerkvereniging en die herstel van die Algemene Sinodale Kerkverband, was daar nie langer plek vir ´n federale Raad van die Kerke nie” en “besluit die konvensie vervolgens dat die Federale Raad van Kerke ontbind sal word.” [Van Staden 1973:423; vgl Van der Watt 1987:15]

“Dit was ´n gevoelvolle en onvergeetlike historiese gebeurtenis toe die hele konvensie, na aanname van die voorstel en dankgebed deur ds J H Steenkamp en prof H D A du Toit, spontaan Prys die Heer aangehef het.” [Van der Watt 1987:15] Die gees wat in die vergadersaal geheers het kom mooi na vore in *Die Voorligter*. [Des 1962:20 en 21]

“´n Gebeurtenis van besondere aard het hom nou in die sinodesaal afgespeel. Die lede van die Raad van Kerke wat teenwoordig was is opgeroep om in teenwoordigheid van die ander lede van die konvensie in die voorste banke van die saal plek in te neem. Weer eens word ´n voorstel eenparig en staande aangeneem, hierdie keer afkomstig van die scribe van die Raad, ds A J V Burger: Aangesien die konstituerende kerke almal die nuwe kerkorde aanvaar het, en aangesien hierdie Konvensie, waarop al die Sinodes van die Nederduitse Gereformeerde Kerke verteenwoordig is, die Kerkorde ook aanvaar het en die eerste Algemene Sinode DV vandag gaan konstitueer, het die tyd nou aangebreek om die Raad van die Kerke te ontbind.” Die voorstel het verder behels dat al die Raad se fondse, besittings en oorstaande werksaamhede oorgedra word aan die eerste Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk.



[Van der Watt 1987:15]

Van hierdie oomblik getuig ander: “Dit was `n indrukwekkende oomblik toe die Raad van Kerke, wat vir 55 jaar bestaan het, op voorstel van sy scriba ontbind. Vir meer as `n halwe eeu het die Raad die federale bande tussen die Ned Geref Kerke behou en nog hefter vasgebind. Met sy ontbinding het die Raad maar net plek gemaak vir die Algemene Sinode, wat sy strewe sou bekroon”. [Van der Watt 1987:16]

9.2 BEOORDELING VAN RAAD VAN KERKE

“In die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk sal die Raad van kerke altyd `n monumentale en unieke plek beklee. Dit het onskatbare dienste gelewer as skakel tussen die verskillende kerke en as wegwysers tot die herstel van die algemene kerkverband” [Van der Watt 1987:10] “Sedert 1907 het die Raad van Kerke bestaan en byna by elke vergadering pogings aangewend om die Ned Geref Kerk wat in federale verband gestaan het, onder een Sinode te verenig. [Van der Watt 1987:15]

9.3 1962 Algemene Sinode

Onmiddellik nadat die Raad van Kerke op voorstel van sy skriba ontbind het, “het die uur aangebreek dat die eerste Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk kon konstitueer” [Van Staden 1973:423]

Volgens art 41 van die kerkorde [Van Staden 1973:423] is aan ds P S Z Coetzee die voorreg gegun om die voorsitterstoel in te neem en die sinode te lei. Hierna is as eerste moderatuur gekies: dr A J van der Merwe [moderator], ds P S Z Coetzee [assessor], dr J D Vorster [actuaris] en ds A J V Burger [sciba]. [Van der Watt 1987:16]

Soos algemeen verwag is, is Vorster by die Algemene Sinode tot Actuaris verkies: “Dr. Vorster was steeds `n onverbiddelike vegter in belang van die

suiwerheid van die leer van die kerk. Hy het steeds 'n besondere belangstelling geopenbaar in die kerkreg. Sy kennis hiervan het meegebring dat hy reeds 'n geruime tyd Actuaris van die Kaapse Kerk is, en sy verkiesing as die eerste Actuaris van die Algemene Sinode was dus nie 'n verrassing nie." [Esterhuyzen *Die Voorligter* Des 1962:13] Vorster het as actuaris van die Algemene Sinode gedien tot in 1970 toe hy as moderator gekies is. Na voltooiing van sy termyn is hy as assessor gekies [Potgieter 1979:274]

So kom die Ned Geref Kerk by 'n verwerking van sy geskiedenis en kerkregering wat hy kerkregtelik verantwoord het. Kerkregtelik moes hierdie herstelde kerkverband begelei word want sy geskiedenis is altyd by om hom in te haal. Daarvoor het Vorster hom beywer. [Brown *NGTT* 1979:304]

'n Mens word by die bestudering van die geskiedenis van die Ned Geref Kerkregering met die indruk gelaat dat die kerk eers as knelpunte opduik reformatories optree. Na probleme word verwys maar eers ernstig oorweeg as dit onhoudbare situasies skep. Hier word gedink aan die burokrasie, die uitgebreide werk van sekretarisse en kommissies, wat toegelaat word. [Brown *NGTT* 1979:304]

Volgens Van der Watt was die konstituering van die Algemene Sinode in 1962 nie 'n vereniging of organiese hereniging van die kerke soos dit verkeerdelik genoem is nie, maar slegs die herstel van die algemene sinodale kerkverband [herstel van die organisatoriese vereniging in sinodale verband] soos dit voor 1862 bestaan het. [vgl Van der Watt 1987:16] Dit het, volgens hom, kerkregtelik en histories in die Loedolff-saak van 1862 nie gegaan om die versplintering van die Ned Geref Kerk nie, maar oor die samestelling van die sinode. Die uitspraak het daarop neergekom dat gemeentes buite die grense van die destydse kolonie geen aandeel kon hê aan die Algemene Sinode nie, maar moes konstitueer in verskillende provinsiale sinodes - nie as afsonderlike

kerke nie Daar is wel gepraat van die “Kaapse Kerk”, “Nataalse Kerk” ens. maar sulke aanduidinge van die kerke het weinig kerkregtelike inhoud gehad.. [Van der Watt 1987:16]

In ´n persoonlike gesprek wys Van Staden daarop dat hy op hierdie punt van Van der Watt verskil. Heeltemal tereg wys Van Staden uit dat die noordelike sinodes nie net uit die Kaapse Sinode uitgesluit was nie, maar in werklikheid uit die kerkverband van die Kaapse Kerk. Die bewys hiervan is, volgens hom, ook duidelik te sien in die feit dat die noordelike gemeentes nie sinodes gestig het nie, maar aparte kerke met eie kerkverbande. Soos dit hieronder aangedui sal word, het Vorster dit ook so gesien.

9.3.1 Opening van eerste Algemene Sinode

Die amptelike opening van die Algemene Sinode was op 14 Oktober 1962 in die gebou van die Grootte Kerk, Kaapstad. Prof E P Groenewald, as laaste voorsitter van die Raad van Kerke het die Woord by daardie geleentheid bedien uit Sag 6:13. Dit was dieselfde teks wat ds A Murray presies 100 jaar gelede ,14 Oktober 1862, in dieselfde gebou die sinode geopen het. [Van der Watt 1987:17]

Prof Groenewald het die hartseer-gebeure van 1862 in herinnering geroep met die woorde: “Vandag, ´n honderd jaar later vergader ons hier om te getuig: Waarlik, die Here het in ons midde sy Kerk gebou, en Hy het hieruit vir Hom heerlikheid berei” [Van der Watt 1987:17]

9.3.2 Eerste vergadering van Moderatuur

Op 31 Januarie 1963 het die Breë Moderatuur vir die eerste keer vergader. Soveel vertrouwe het die vergadering in aktuaris Vorster gehad dat hy gekies is om as verteenwoordiger van die Ned Geref Kerk die Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat in Augustus in die VSA gehou gaan word by te woon. [*Die Voorligter*, Maart 1963:15]

Vorster het hom uitgespreek oor 'n paar sake rakende die Algemene Sinode en die nuwe kerkorde.

9.4 VORSTER SE SIENING OOR DIE ALGEMENE SINODE

Uit die aard van die saak was Vorster baie ingenome met die konstituering van die Algemene Sinode in 1962. Saam met die res van die kerk was hy verheug en sê: "n Merkwaardige gebeurtenis het in hierdie dae in Kaapstad plaasgevind. Geskiedenis is gemaak. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het 'n periode in sy bestaan afgesluit en 'n nuwe skof begin." [Vorster in *NGTT* 1979:327]

Dat dit gebeur het presies 100 jaar na die skeiding in 1862 is, volgens Vorster nie, so beplan nie maar "die Hoof van die Kerk, onse Here het so gelei, en dis net wonderlik in ons oë." [Vorster in *NGTT* 1979:327] Oor sy eie groot aandeel in die opstel van die Kerkorde was hy beskeie en sê: "Hierdie opdrag [opstel van Kerkorde] is aan die actuarii gegee en so wonderlik was die hand van die Here oor Sy Kerk dat die werk buitengewoon voorspoedig was. Die Sinodes het met die grootste eenparigheid die konsep-kerkordereguleer aangeneem en tot die herstel van die sinodale verband besluit..." [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Volgens Vorster was die verband nou herstel en spreek die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur sy Kerkrade, Ringe, Sinodes en Algemene Sinode. Hierdie Algemene Sinode was volgens hom nie soos die ou Federale Raad slegs adviserend nie, maar beklee met gesag om te leer, te regeer en tug uit te oefen.

9.4.1 Vorster oor die mag en gesag van die onderskeie sinodes

Die gesag van die Algemene Sinode oor die Sinode is dieselfde as die van die Sinode oor die Ring en die van die Ring oor die Kerkraad. Die besluite van die Sinode is dus bindend. Soos die ander kerklike vergaderinge is die Algemene Sinode ook in sy taak en terrein beperk. [Vorster in *NGTT* 1979:328] Die



Kerkraad se gesag strek hom uit oor sake binne sy ressort en verband, so is die Algemene Sinode begrens daarin dat hy hom slegs moet bepaal tot die algemene sake [res generalia]. Art 22 van die Kerkorde bepaal dat meerdere vergaderinge [Ring, Sinode en Algemene Sinode] alleen die sake mag behandel wat daar tuishoort, deur mindere veraderinge na hulle verwys is of wat op mindere vergaderinge nie afgehandel kon word nie. [Vorster in *NGTT* 1979:328]

Vir Van Staden is daar kerkregtelik 'n verskil tussen "gesag" en "seggenskap" en praat hy deurlopend van "seggenskap" waar Vorster dit oor "gesag" het. Vir Van Staden het die Algemene Sinode seggenskap oor die Sinode deurdad die seggenskap nie oor alles strek nie, maar, minder as gesag, alleen dit wat kerkordelik aan die Sinode en Classis toegesê word. Op die wyse is die besluite van die Sinode dus bindend ten opsigte van die werksaamhede wat die Kerkorde aan hom toegesê het.

Deur organisatoriese vereniging volgens die Kerkorde het die Nederduitse Gereformeerde kerk 'n dubbele voordeel van enorme betekenis verkry. Die NG Kerk is nou een en het 'n Algemene Sinode wat met gesag [*seggenskap-RWL*] bekleed is en wat volgens die Kerkorde op sy terrein kan spreek en optree. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Daarby deel ons in die ewe groot voordeel dat volgens die Gereformeerde kerkreg en die Kerkorde die onderskeie Sinodes hulle volle leer-, regeer- en tugmag behou, en dus binne hulle ressort net so gesaghebbend is. [Vorster in *NGTT* 1979:329] Die kerk sal dus nie mank gaan of gestrem word of ly omdat sy Algemene Sinode met gesag [*seggenskap-RWL*] bekleed is en net maar adviserend is nie. [Vorster in *NGTT* 1979:329] Aan die ander kant sal die Sinodes nie hiërargies van bo af gedomineer word en tot minderwaardigheid gedoem word of doodgewurg word nie. Die Kerkorde wat deur die Sinode aangeneem is, stel die kerk in staat om die maksimum diens te lewer. [Vorster

in *NGTT* 1979:329]

9.4.2 Vorster oor die eendrag wat die Kerkorde bring

Volgens Vorster het die liberaliste gejuig met die skeiding van weë in 1862 maar in 1962 het die regsinniges gejuig omdat die Nederduitse Gereformeerde Kerk nou weer in een sinodale verband [*kerkverband - RWL*] verenig is.

[Vorster in *NGTT* 1979:329] Die Sinode het aan die lig gebring dat die Kerk wat nou organisatories een is, ook innerlik een en eendragtig is. Die groot ideaal van vyande van ons volk om die N G Kerk te verdeel is vir goed na die gebied van pure wensdenkery verwys. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Deur optrede en gesindheid, getuienis en koers het die Kerk sy eenheid, wat nou ook organisatories bevestig is gedemonstreer. Hieruit kan die lidmate krag en inspirasie put. Hiermee moet die vyande rekening hou. Hieroor het die regsinniges gejuig. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

Met hierdie N G Kerkorde sal die Nederduitse Gereformeerde Kerke weer die belydenis van 1824 herhaal, nl dat die Dordtse kerkorde 'n fundamentele stuk vir die regering van ons kerk is. [Vorster 1960 *NGTT*:18]

9.4.3 Vir Vorster is die Kerkorde Gereformeerd

Die regsinniges juig omdat die Kerke verenig het op die basis van 'n Kerkorde wat deur en deur Gereformeerd is. Die Kerkorde is opgestel na die voorbeeld van die Dordtse Kerkorde. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

9.4.4 Volgens Vorster is die Kerkorde nie Kollegialisties nie

'n Kollegialisties gekleurde kerkorde, waardeur die Algemene Sinode hiërgies kon domineer, sou net die moontlikheid van opstand en botsing skep en die Kerke uitmekaar laat spat. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

9.4.5 Volgens Vorster is die Kerkorde nie Independentisties nie

’n Independentisties georiënteerde kerkorde waardeur die Algemene Sinode tot ’n adviserende liggaam gedegradeer word, sou die Kerke uitmekaar laat dryf het.

In albei gevalle sou die Liberaliste gejuig het, maar nou het die Sinode deur die aanname van ’n Kerkorde in ooreenstemming met die aard en karakter van die Kerk die regsinniges laat juig. Immers die kiem van verdeeldheid is doodgemaak en die moontlikheid van botsing is verwyder. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

9.5 ENKELE BESLUTE WAT DIE SINODE GENEEM HET

Oor die besluite wat daar geval het sal die liberale elemente in ons Vaderland wel treur, maar die regsinniges juig. Oor sondes soos owerspel en egbreuk het die Algemene Sinode in kloeke taal gespreek en ’n sterk standpunt na die Woord van God ingeneem. [Vorster in *NGTT* 1979:329]

9.6 VORSTER SE SLOTSOM OOR ALGEMENE SINODE VAN 1962

Die Algemene Sinode het dan ook op hierdie hoë noot geëindig dat as skeiding gedurende die afgelope honderd jaar so ’n kragtige uitbreiding van die Kerk met soveel seën meegebring het, kan en moet die vereniging deur die herstel van die sinodale verband tot nog groter arbeid en bloei lei. [Vorster in *NGTT* 1979:330]

Vreemde uitgroeisels uit die tuin van die Liberalisme soos die Vrymesselary is met groot eenparigheid as ongewens op kerklike erf aangewys. [Vorster in *NGTT* 1979:330] Ook is afbuiging soos die Chiliasme met beslistheid veroordeel. [Vorster in *NGTT* 1979:330] Positiewe stappe is geneem om die Kerk in staat te stel om sy opdrag uit te voer, die geloof wat eenmaal aan die vaders oorgelewer is, te verdedig, en die Naam van die Here te verheerlik. [Vorster in *NGTT* 1979:330]

9.7 VORSTER MEER AS EEN KEER OP DIE MODERATUUR VERKIES

Na die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 het Vorster aktief gebly op die kerklike terrein. In 1966 is hy as actuarius herkies, in 1970 as moderator en by die volgende sitting as assessor. [vgl Van der Watt 1987:392]

9.8 VORSTER SE EMERITAAT BY NED GEREF KERK TAFELBERG

Soos daar 'n begin is, is daar ook 'n einde. So het Vorster se bediening wat amptelik in 1935 by De Nieuwe Kerk begin het in dieselfde gemeente geëindig in 1979. Op Vrydagaand 25 Januarie 1980 het Tafelberg-gemeente afskeid geneem van dr en mev Vorster en op Sondag 27 Januarie het hy by die erediens om 10:00 sy afskeidsboodskap gelewer en net daarna om 10:30 sy demissie ontvang. [Gedrukte Afskeidsprogram 25 tot 27 Januarie 1980]

9.9 HOE ANDER MENSE VORSTER BEOORDEEL HET BY SY EMERITAAT IN 1979

Die Burger in 'n berig met die opskrif: "Dr Koot Vorster se laaste" bedoelende die Sinodesitting [Kaapse N G Kerk] wat DV op 16 Oktober sal begin, sê van Vorster: "'n Mens wonder in hoeverre die uittrede van dr Vorster beklemtonings sal verander. Dr Vorster het in al sy jare van diens 'n leidende rol in die sake van die N G Kerk gespeel, en hy was onder meer die argitek van die eenwording van die N G Kerke van Transvaal, die Vrystaat, Natal en Kaapland. [*Die Burger*, 9 Oktober 1979]

By die aanvang van die Kaapse Sinode in 1979 lewe Vorster die openingsrede. Daarin sê hy onder andere: "Na 44 jaar diens onder die genadige en barmhartige hande van die Here, het die tyd gekom dat ek 'n laaste woord vanaf hierdie platform aan u moet rig. Dit was vir my mooi jare want die Almagtige het my die voorreg gegun om vir 26 jaar my plek agter hierdie tafel in te neem en 'n rykdom van kennis en ervaring en genade op te doen.

“Die Here was onuitspreeklik goed vir my. Ek kan nie ophou om Hom te loof nie, want in 1936 het ek my eerste sinode in ’n invalide-stoel net vir enkele ure per dag bygewoon. Die bevinding van die beste medikus wat ons volk nog opgelewer het, oor my was dat ek die res van my lewe ’n invalide sou wees en nooit weer gesond sou word of sou werk nie. En nou aan die einde van 44 jaar kan ek net jubel: Loof die Here, want hy is goed, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid. [Ps 136:1] “Tog was die Here so goed dat ek net vir die res van my lewe verbande moes dra.”

[Vorster *NGTT* September 1979:273]

Van die kant van Engelssprekendes het die huldeblyk gekom: “He will be missed in many ways and many an appreciative word was said at his departure from his congregation and from the different synods in which he had served.” [*DRC Africa News* 1979:4] “The back is slightly bowed, the outlines of the well-known craggy face softened a little now by the passing of 70 years. But Koot Vorster is still Koot Vorster, and when he raises his voice in the Dutch Reformed Church’s lofty synodal hall in Orange Street, Cape Town, the attendant legions of white-tied, black-suited churchmen take heed.” [*DRC News Africa* 1979:4]

He sits in the ranks now, and not on the dais, but his presence is undiminished. When he asks for the floor, there is a perceptible stir. “ I like a good fight, but then people must be honest.” [*DRC Africa News* 1979:4] “Dr Vorster, bogeyman of thousands of South Africans who disagree with his conservative views, wouldn’t have had his life any different from the way it was. “In our service we work for a God never underpays His servants. I got much more out of it than I put into it. I’m proud of it, the way a soldier is proud of his uniform. I’m proud of it and I’ll wear it to the end. After all, once a preacher, always a preacher” [*DRC Africa News* 1979:4]

Die Vaderland in 'n onderhoud met Vorster se emeritaat: "I must confess of two loves in my life - my love for my church, as well as my devotion to my people and my country" [Aangehaal in *DRC Africa News* 1979:4]

By die Wes-Kaapse Sinode van 1979 is hulde gebring aan Vorster. Prof F J M Potgieter het by die geleentheid gesê dat hy " dr Vorster vyftig jaar gelede as student ontmoet het. Hoewel hy soms van dr Koot verskil het, kan hy agting vir hom hê, omdat hy 'n eerlike man is. 'n Mens weet wat jy aan hom het. Dr Vorster was 'n `hond van God' wat soms sy tande gewys het as sy Baas bedreig was. Maar hy het dit uit liefde vir sy Baas gedoen. Dr Vorster is 'n genaakbare mens, en hy tree altyd met menslikheid op. Niemand het vir die oprigting van die Kerk se gebou wat die Sinodesaal huisves, so gepleit soos dr Vorster nie. As ons na dr. Vorster se verlede kyk, sien ons 'n reguit ry spore. Hy het net een koers gehad." [*Die Burger* 23/10/1979]

By die Wes-Kaapse Sinode is 'n uitgawe van die *NGTT* met 'n keur van Vorster se geskifte aan hom oorhandig deur ds W J van Zijl, direkteur van die N G Kerk-Uitgewers. By die geleentheid het ds Van Zijl gesê dat dit paslik is dat die laaste uitgawe van die jaar aan dr Vorster opgedra word, want niemand was nouer aan die tydskrif verbonde nie. [*Die Burger* 23/10/1979]

Vorster het by sy laaste Wes-Kaapse Sinodesitting op huldeblyke geantwoord deur te sê dat hy lekker gaan rus omdat hy weet dat "goeie jong manne op wag staan. Hier sit die leeus, ek het net af en toe gebrul," het hy vir Churchill aangehaal. Die belangrikste ding wat die Here vir my gegee het, was toe Hy toegelaat het dat ek 'n voorstel by die Federale Raad indien vir die vier N G Kerke om een te word." Ten uitvoering van hierdie opdrag het hy in twee en 'n halwe jaar sewe Sinodes bygewoon. Dit sal moontlik nooit weer met iemand gebeur nie. Die herinneringe wat hy oorhou, is die mooi pensioen waaruit hy lewe nou dat hy oud word. [*Die Burger* 23/10/1979]

Potgieter getuig van Vorster: “Hier is ’n man wat nooit geskroom het om teen die verwording vanwee die sonde te getuig nie. Maar kenmerkend van hom is dat hy nie net negatief in sy benadering is nie, maar dat hy as Calvinis ook positief alles in sy vermoë doen om die koninkryk van God op alle lewensterreine te bevorder”. (Potgieter in *NGTT* 1979:275) “Aan hom sal ons bly dink as stoere kampvegter vir die geopenbaarde waarheid wat in die kern van sy persoonlikheid aangegryp is deur die woorde van sy Here en Heiland: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is verheerlik.” Só het sy mense hom leer ken en waardeer. [Potgieter in *NGTT* 1979:275]

“Wie intiem met hom kennis gemaak het, het egter ook geniet van sy fyne humor en agter die forse figuur ook die minsame vriend, vader van sy huis en geliefde herder van diegene wat die Here aan sy sorg toevertrou het, ontdek.” [Potgieter in *NGTT* 1979:275] Oor Vorster se arbeid ten spyte van sy jarelange siekte merk Potgieter op: “Die werkkrag van die man is eintlik verstommend” [Potgieter *NGTT* September 1979:273] “In sy betrokkenheid het hy geskrywe. Om sy standpunt te bedien, het hy na die pen gegryp. Op kongres na kongres het hy hom laat geld. Dit kon net hy wees was so skrywe en so praat.” [Brown, E *NGTT* September 1979:271] “Daar is min sektore van die kerklike lewe waar dr Vorster nie in die frontlinie beweeg het nie.” [Potgieter, F J M *NGTT* September 1979:275]

In 1953 het hy actuaire van die Kaapse Kerk geword en wel tot in 1975. “Hier het hy dienste van onskatbare waarde gelewer. Hy was nie alleen ’n akademiese man nie, maar ook ’n man van die praktyk.” [Potgieter F J M *NGTT* September 1979:273]

Na sy emeritaat het die Vorsters verhuis na die plaas Middelwater naby Steynsburg waar Vorster hom nog besig gehou het met studie en skryfwerk. Soms het hy ook nog eredienste waargeneem in die Ned Geref Kerk

Steynsburg. Op Vrydag 8 Januarie 1982 is hy skielik aan ’n hartaanval oorlede. Op 11 Januarie is hy begrawe vanuit die kerkgebou waar hy die Sondag nog die erediens sou hou. Ds G Moller, moderator van die Kaapse Kerk, het die begrafnisdiens gelei wat bygewoon is deur familie, vriende, kollegas en kerkleiers wat teenswoordige en vroeëre lede van die moderature ingesluit het. Dit was vir skrywer hiervan ’n aandoenlike oomblik maar ook ’n groot voorreg toe hy saam met Vorster se kinders, ander familielede en vriende sy graf kon help toegooi.

9.10 HULDEBLYKE NA VORSTER SE DOOD

Na Vorster se dood verskyn die volgende huldeblyk deur die Moderator van die Algemene Sinode, ds Tappies Moller, in die Kaapse dagblad *Die Burger*: “Ek onthou dr Vorster as ’n forse figuur, ’n man wat sterk leiding in die N G Kerk gegee het.

As kenner van die Gereformeerde Kerkreg het hy bekwame advies gegee wanneer kerkregtelike vraagstukke opgeduik het. Hy was die man wat hom nie net veel beywer het vir die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 nie, maar hy het ook al die voorbereidsels vir daardie belangrike konstitusionele ontwikkeling van die kerk beplan.

Met Vorster se afsterwe het dr O’Brian Geldenhuys die volgende huldeblyk gelewer: Hy was wat die Hollanders sou noem ’n man ’rechtdoorzee’. Hy het nooit ’n duim afgewyk van sy standpunt nie, want hy het nooit oor die korrektheid getwyfel nie. Jy het altyd presies geweet waar jy met hom staan, al het jy nie altyd saamgestem nie” [*Die Burger* 9/01/1982]

In sy huldeblyk het dr A P Treurnicht die volgende gesê: “Dr Koot Vorster was een van die merkwaardigste mense wat ek geken het. As vriend het hy deur dik en dun by jou gestaan en hy kon openhartig met jou verskil. Hy was vurige volksman en kerkman. As vegter vir sy volk het hy van die verhoog af en in die

geskryf sterk gereageer teen gevaarlike tendensies.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Dr E P J Kleynhans se huldeblyk: “..... in dr Vorster verloor die N G Kerk een van die grootste kerkmanne van die eeu - ’n behoudende teoloog wat sterk leiding in die kerk gegee het. Hoewel hy soms na buite die indruk van onverbiddelikheid gewek het, het ek hom leer ken as iemand met ’n teer en liefdevolle hart.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Die Kaapse dagblad, *Die Burger*, het bykans altyd negatief oor Vorster gerapporteer. In ’n huldeblyk met sy afsterwe berig hulle egter: “ ’n Strydros tot die einde - so sal dr Koot Vorster, een van die kleurrikste figure in die Suid-Afrikaanse kerklike lewe, onthou word.” [*Die Burger* 9/01/1982]

Berig oor Vorster se afsterwe in *Die Burger*: “Onder die baanbrekerswerk op kerklike gebied wat dr Vorster verrig het, is die vereniging van die vyf Sinodes van die N G Kerk (die vier provinsies en Suidwes) onder ’n Algemene Sinode - wat in 1962 tot stand gekom het. Hy was die eerste Actuaris. Dit was op sy voorstel dat die kerk se naam die Nederduitse Gereformeerde Kerk moet wees.” [*Die Burger* 09/01/1982]

“ In die Kerk se hoogste liggame het hy diep spore getrap. Van 1970 tot 1974 was hy Moderator van die Algemene Sinode van die N G Kerk. ’n Jaar later het hy Assessor van die Algemene Sinode geword en later moderator van die Kaapse Sinode. Dr Vorster het altesame 44 jaar amptelik in die N G Kerk gedien” [*Die Burger* 09/01/1982]

Ds Tappies Moller, moderator van die N G Kerk het by Vorster se begrafnis op 11/1/1982 o.a. gesê: “In sy leeftyd het hy elke leiersposisie in die N G kerk beklee en daardeur het hy ook die vertroue van die kerk en die ganse volk geniet. ’n Stoere kerkman was hy wat nie gekroom het om reguit te praat nie en elkeen het geweet waar hy met hom staan. Hy het ’n besliste stempel op

die N G Kerk afgedruk.” [Die Burger 13/1/1982]

9.11 SAMEVATTING

Met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 was dit vir die kerk ’n heuglike dag want dit was die einde van ’n lang en opdraande stryd om weer in een sinode te kon verenig. Vir Vorster was dit ook ’n grootse gebeurtenis want ook vir hom was dit die einde van ’n lang stuk betrokkenheid van saamdink, beplan en oorreding.

Alhoewel hy baie nederig was oor sy bydrae, veral ten opsigte van die opstel van die nuwe kerkorde, het diegene wat saam met hom gewerk het en in vergaderings saam met hom gesit het die geleentheid gebruik om Vorster se reuse aandeel uit te lig.

Vorster het positief geoordeel oor die Algemene Sinode en dit baie sterk beklemtoon dat die kerkorde wat aanvaar was nie afgewyk het van die Dordtse Kerkorde nie. In sy oë was dit Gereformeerd en nie Kollegialisties of Independentisties nie.

Die feit dat Vorster nooit gehuiwer het om ’n standpunt te stel en daarby te bly nie het seker baie bygedra tot die feit dat vriend en vyand na sy emeritaat en afsterwe pragtige huldeblyke gelewer het. As hy bly leef het sou hy in 2009 honderd gewees het. Dit is hom nie gegun nie. Tog is dit ’n dankbare wete dat die jong predikant wat so sieklik was dat niemand gedink het dat hy lank sal lewe nie, toe ’n vrugtevolle 44 jaar in die bediening deurgebring het voordat hy in 1982 in die ouderdom van 72 jaar oorlede is.

Hy was inderdaad ’n merkwaardige mens.

HOOFSTUK 10

10.1 INLEIDING

Aan die einde van hierdie stuk kan daar tot geen ander gevolgtrekking gekom word as dit wat reeds deur sovele kerkregkundiges en andere bevind en gesê is nie, naamlik, dat dit 'n onbetwiste feit is dat dr Koot Vorster 'n belangrike aandeel gehad het in die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk en in besonder met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962.

Sonder om afbreuk te doen aan hierdie belangrike bydrae wat hy gemaak moet, in alle billikheid en regverdigheid, gewys word op faktore wat in sy guns getel het. Vanaf die begin van sy bediening in 1935 tot met die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962, het baie ideale wat lank op die sakelyste van kerklike vergaderings voorgekom het “ryp” geword vir hantering en afhandeling. Een van hierdie ideale was die skraping van Ordonnansie no 7 van 1843 en die totstandkoming van 'n Algemene Sinode. Die veranderde sosiale en staatkundige omstandighede het hiertoe geen geringe bydrae gelewe nie. Die depressie, armoede, verstedeliking en gepaardgaande ontworteling van talle lidmate van die Ned Geref Kerk in 1935 het in 1962 plek gemaak vir die ekonomiese voorspoed, orde en veiligheid in 'n vrye republiek onder die sterk leierskap van dr H F Verwoerd. Aan die begin van die sestigerjare is die strewe na staatkundige vryheid verwesenlik, Republiekwording het volksgenote bymekaargebring en daar was 'n “gevoel van eenheid in die lug.”

Alhoewel Vorster, in sy eie woorde, die gedagte van 'n “volkskerk” ten sterkste afgekeur het, was die meeste Afrikaners lidmate van die Ned Geref Kerk en, volgens die verkiesingsuitslae, ondersteuners van die regerende Nasionale Party. Binne die regerende party was dit weer Koot se broer, John, wie se invloed in so 'n mate gegroei het dat hy 'n paar jaar later Eerste Minister geword het. Dit was dus 'n unieke verskynsel dat twee broers gelyktydig sterk

leiding geneem het op die twee terreine van kerk en staat wat die lidmate ten nouste geraak het en moet dit seker as merkwaardig aangeteken word. Dit was egter in hierdie gunstige omstandighede dat Koot Vorster die voorreg gehad het om 'n bydrae te lewer in die opstel van die nuwe kerkorde vir die stigting Algemene Sinode en om die verskillende sinodes te besoek met die oog op bespreking en goedkeuring daarvan.

Dr Koot Vorster was 'n uitnemende kerkleier wat gedurende sy bediening van 44 jaar in 'n plaaslike kerk ook in verskeie leiersposisies binne die kerkverband gedien het. Ds Tappies Moller, moderator van die N G Kerk het by Vorster se begrafnis op 11 Januarie 1982 o a gesê: "In sy leeftyd het hy elke leiersposisie in die N G kerk bekleed en daardeur het hy ook die vertroue van die kerk en die ganse volk geniet. 'n Stoere kerkman was hy wat nie geskroom het om reguit te praat nie en elkeen het geweet waar hy met hom staan. Hy het 'n besliste stempel op die N G Kerk afgedruk." [*Die Burger* 13/1/1982]

Van die vernaamste van hierdie leiersposisies waarvan ds Moller gepraat het is onder andere:

- 1953 - Skriba van die Ring van Kaapstad
- 1953 - Kaapse Sinode Aktuarius [met meerderheid van stemme]
- 1957 - Kaapse Sinode Aktuarius [met volstreekte meerderheid]
- 1961 - Kaapse Sinode Aktuarius [met volstreekte meerderheid]
- 1962 - Algemene Sinode Aktuarius
- 1965 - Kaapse Sinode Aktuarius
- 1966 - Algemene Sinode Aktuarius
- 1969 - Kaapse Sinode Aktuarius
- 1970 - Algemene Sinode Moderator
- 1973 - Kaapse Sinode Aktuarius
- 1974 - Algemene Sinode Assessor
- 1975 - Kaapse Sinode Moderator

Dit beteken dat Vorster vir 22 jaar ononderbroke aktuaris van die Kaapse - en die Algemene Sinode was en gedurende hierdie tyd 'n groot invloed uitgeoefen het binne die kerk en sy stempel op die kerkregtelike ontwikkeling afgedruk het.

Vanuit die oord van diegene wat altyd met hom swaarde gekruis het, het die getuigskrif gekom: " In die Kerk se hoogste liggame het hy diep spore getrap. Van 1970 tot 1974 was hy Moderator van die Algemene Sinode van die N G Kerk. 'n Jaar later het hy Assessor van die Algemene Sinode geword en later moderator van die Kaapse Sinode. Dr Vorster het altesame 44 jaar amptelik in die N G Kerk gedien" [*Die Burger* 09/01/1982] As predikant en kerkleier het hy oral respek afgedwing met sy standpunte oor en hantering van verskeie belangrike sake.

Sy standpunte het deurgeskemer in sy studie van die kerkreg, sy Skrifgetroue en diepgaande, aktuele prediking, sy optredes in kerkvergaderinge, die talle mosies wat hy met groot deeglikheid vir kerkvergaderinge voorberei het en dit met groot oortuiging en oorredingsvermoë gestel het, sy talle rigtinggewende mosies wat na bespreking besluite van die vergaderinge geword het, sy talryke optredes by kerke en kultuurgeleenthede, sy bydraes in redaksionele kolomme en gewone artikels in kerklike blaaië en dagblaaië, sy briefwisseling met andersdenkendes in die kerk soos bv met "Bekommerd" in die dertigerjare, sy kerkregtelike adviese en, les bes, in dit wat ander kundiges van hom en sy arbeid getuig het. Dis dan ook hieraan dat hy, wat as gereformeerde kerkregkundige bekend was, beoordeel kan en moet word.

10.2 'N BEOORDELING VAN SOMMIGE KERNUITSPRAKE VAN VORSTER TEEN DIE AGTERGROND VAN SY EIE VERTOKING VAN GEREFORMEERDE KERKREG

10.2.1 Die Drieënige God

Soos Vorster grootgeword het in 'n huis waar godvresende ouers hom vir die eerste keer van die Here vertel het, so het hy ook voortgegaan en met sy hele hart in die lewende God geglo en Hom met oorgawe aanbid. Daar was geen oomblik in sy lewe dat hy getwyfel het aan die Drieënige God nie. Wat meer is - teen die agtergrond van goeie dokters se bevinding tydens sy siekte as jong man dat hy waarskynlik vir die res van sy lewe in 'n rystoel sou moes deurbring, is dit te begrype dat hy altyd sy kinderlike afhanklikheid van die genadige en grote God sou bely.

10.2.2 Die Bybel as die Woord van God

Dit is uit Vorster se uitsprake en lewenswandel baie duidelik dat hy soos 'n kindjie in die Woord van God geglo het. Al was hy 'n "groot" kerkleier was sy nederige gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif altyd daar vir almal om te sien. Daarom het hy as jong teologiese student reeds die moed gehad om op te staan teen teoloë soos prof Johannes du Plessis wat dele van die Skrif as minder belangrik geag het. Die ganse Bybel was vir hom die Woord van God en daarin het hy ontdek hoe God as 'n God van orde wil hê dat sy kerk op aarde regeer moet word.

10.2.3 Belydenisskrifte

Hy het die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls aanvaar as die drie besondere belydenisskrifte wat ondergeskik is aan die Bybel maar met die Bybel ooreenstem. Al die belydenisskrifte, maar veral die N G B, het hy beskou as allernoodsaaklik vir kerkregering binne gereformeerde geleedere.

10.2.4 Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering

Koot Vorster was oortuig daarvan dat die Heilige Skrif die basis en vertrekpunt van gereformeerde kerkreg was. Hy het dan ook verklaar: “Die Gereformeerdes het ’n Kerkreg uit die Skrif ontwikkel. Hoeksteen van hierdie sisteem is die erkenning van die Koningskap van Christus wat sy Kerk deur ampsdraers regeer.” [GV Augustus 1951:122] Die doel van gereformeerde kerkregering was vir hom om die alleenheerskappy van Christus oor sy kerk te verkondig. Daarvoor is die Woord van die Here en Christus se koningskap die besliste beginsels.

10.2.5 Dordtse Kerkorde

Hierdie Kerkorde, met sy wortels in die Hervorming, was vir hom ’n suiwer en skoon nalatenskap waarvoor hy die hoogste agting gehad het. Dit was ’n kerkorde wat die Woord van God en die koningskap van Christus eerste gestel het en daarom het hy dan ook groot moeite gedoen, en daarin geslaag, om dit as vertrekpunt te neem vir die Kerkorde van 1962. Dit was die kerkorde wat, volgens hom, die “vastheid, orde en leiding gegee het deurdat dit die beginsels van die Skrif vir kerkregregering ontwikkel het” [Kb 28 Oktober 1959; vgl Langner 2007:82]

10.2.6 Kerkorde van die Algemene Sinode in 1962

Reeds by sy eerste verkiesing as aktuaris van die Kaapse Kerk moes Vorster in die permanente regskommissie leiding neem om die sinode se opdrag uit te voer om die kerk se Wette en Bepalings te hersien. Daarmee is die eerste sooi gespit in die opstel van ’n nuwe kerkorde later. Saam met die kommissie het Vorster dit aan die hand van die Dordtse Kerkorde hersien en sy hand was duidelik sigbaar in die nuwe Bepalings en Wette. Opvallend het die Wette en Bepalings wat sedert 1843 gegeld het en in meer kollegialistiese taal gestel is, die nuwe opskrif gedra van Bepalings en Wette. Dit was duidelik dat Vorster en die kommissie wou wegdoen met enige vorm van kollegialisme. Dit het selfs ook geblyk uit die volgorde waarin sake aan die orde gekom het deurdat

die belydenis van die kerk, ampte van die kerk, kerkverband ens. eerste aan die beurt gekom het. Die hersiene werk was baie meer in ooreenstemming met die Dordtse Kerkorde.

10.2.7 Bedienaar van die Woord

Hy het geglo dat God hom geroep het om die Evangelie te verkondig. Nadat hy by geleentheid uit verskeie oorde versoek is om as leier van 'n nuwe politieke beweging op te tree het hy na gebed duidelikheid van die Here ontvang dat as "die Here nog werk op aarde vir hom oor het, was dit in die kerk." [Langner 2007:178] Uit die getuienis van sy gemeentelede in Tafelberg het hy in sy prediking en pastorale werk diepe erns gemaak met sy herderlike roeping. Hy was in alle opsigte tevrede om net 'n predikant te wees en daarom was hy elke dag in sy swart pak en wit das geklee. Vir hom was dit sy "uniform" wat hy met trots en dankbaarheid gedra het.

Vorster se prediking het oor 'n periode van 44 jaar in dieselfde gemeente vars en nuut gebly sodat dit elke Sondag tot die gemeente gesprek het. As rede hiervoor moet gesoek word in die feit dat Vorster sy prediking met die grootste erns en verantwoordelikheid benader het. Na deeglike voorbereiding en ernstige gebed het hy sy preke uitgeskryf en getik en met die grootste ootmoed en eerlikheid gelewer in 'n boeiende, kragtige en forse toon. In sy eie woorde moes die preek "met soveel sorg en liefde voorberei word dat dit met vrymoedigheid eers aan die Here voorgelê kan word, voordat dit aan die gemeente afgelewer word." [NGTT September 1979:318]

In sy prediking het hy uitgeleef wat hy geskryf het: "Niemand minder dan God self het aan die prediking 'n enige plek in die geestelike lewe en in sy koninkryk gegee nie. Deur niks kan dit vervang word nie." En, vervolg hy, "Vir prediker en gemeente is die preek die deurstuur van die Woord van God, die krag van God tot saligheid vir elkeen wat hoor." [NGTT September 1979:318] Daarom moes die prediker nooit vergeet dat hy 'n gesant van God is en nie in



sy eie naam optree nie.

In Vorster se prediking het dit dan ook deurgaans gegaan om “op las van die Here en in naam van Christus die Skrifte te open” en nie ’n eie woord van ’n mens te spreek nie. Daarom moes die inhoud van die preek alleen in die Woord van God lê en die volle raad van God moes verkondig word. As ’n goeie gereformeerde prediker wat gereeld die kategismus van die kansel laat spreek het is die verbondsgedagte deurgaans sterk beklemtoon.

10.2.8 Outonomie van die plaaslike kerk

Op die vraag: “Wat is die Gereformeerde opvatting oor die outonomie van die plaaslike kerk en watter instansie dra die meeste gesag: die sinode (en die ring) of die kerkraad?”, antwoord Vorster deur te sê dat die plaaslike kerk se outonomie daarin lê dat dit die middelpunt van die organisasie van die Kerk uitmaak en ’n volledige kerk is. Hy sê verder: “Die plaaslike kerk is nie vir sy wese en bestaan van die kerkverband afhanklik nie, maar is met sy ampte en bediening ’n volledige kerk.” [Kb 21 November 1962:705] Aan die hand van die Dordtse Kerkorde het hy die gereformeerde standpunt gehuldig dat die plaaslike kerk selfstandig is en dat die een kerk nie oor ’n ander heerskappy mag voer nie [art 84] Volgens art 30 kan meerdere vergadering alleen handel oor sake wat nie in die mindere vergadering afgehandel kon word nie. [Kb 21 November 1962:705]

10.2.9 Kollegialisme

Vorster het die kollegialisme ten sterkste verwerp as hy o a sê: “Volgens die Kollegialisme, wat die Kerk degradeer tot ’n genootskap of ’n blote vereniging van mense en los maak van die Koningskap van Christus, bestuur kerklike vergadering onbeprek met ’n meerderheidsstem.” [GV Augustus 1951:122] Hoewel Vorster enige hiërargiese stelsel verwerp het was hy, terugskouend, tog deel van ’n sisteem wat algaande aan die sinode al meer mag gegee het en beleef het dat bepalinge en wette vermeerder.



10.2.10 Skotse Presbiterianisme

Daar moet verskil word van Vorster in sy uitspraak dat die boek *Presbyterianism* van die Skot Macpherson “suiwer” was. Hierdie boek was vir meer as dertig jaar die handboek wat vir die bestudering van Kerkreg aan die Kweekskool op Stellenbosch in gebruik was. Die Skotse predikante en plaaslike hoogleraars wat in Skotland gestudeer het, het die kerkregtelike ontwikkeling van die Ned Geref Kerk beslis beïnvloed deurdat hulle daarmee saam ’n leer die kerk ingebring het wat in baie gevalle met die kollegialisme ooreengestem het. Vir hierdie beïnvloeding was Vorster nie op bedag gewees nie. Dit is onverstaanbaar dat hy wat so sterk gestaan het op die gereformeerde kerkreg toegelaat het dat daar van “hoër” en “laer” “besture” sprake was. Vorster het homself oënskynlik ook daarby berus dat hy by die talle sinodes as H E Actuarius aangespreek is.

10.2.11 Independentisme

Teenoor die independentiste het Vorster streng gereformeerd afwysend gestaan as hy verklaar: “Vir die Independentisme weer is die kerklike vergaderinge uitvoerende komitees of adviserende konferensies sonder ’n eie gesag. Die gelowiges regeer deur die besture wat hulle aanstel, en beslis oor die advies wat kerklike samekomste uitbring.” [GV Augustus 1951:122]

10.2.12 Sinodokrasie

Na die totstandkoming van die Algemene Sinode, en dus buite die tydraamwerk van hierdie studie, het al die nuwe Bepalinge en Reglemente van die Ned Geref Kerk by elke sinode die kerkorde al dikker laat word wat daarop dui dat die rooiligte van sinodokrasie begin flikker het. Vorster het ongelukkig hieraan ’n aandeel gehad aangesien hy as aktuaris die antwoord op menige kerkregtelike kwessies maar wou laat ontstaan sodat die volgende sinode daaroor ’n uitspraak kan maak. Dis o a hierdie sinode-besluite wat by elke sinode bygekom het as nuwe Bepalinge en Reglemente. Kollegialistiese denke het dan weer hier kop uitgesteek. Vorster moet egter dit ter ere gegee

word dat dit iets is wat hy in die aanloop tot die eerste Algemene Sinode wou verhoed.

10.2.13 Liberalisme

Hierdie stuk het probeer aantoon hoe Vorster, as 'n behoudende gereformeerde kerkregkundige, sy hele lewe lank geveg het teen die Liberalisme in die kerklike en kulturele volkslewe [vgl Vorster 1977 in Afrikaner Liberalisme [red P S Dreyer] Wanneer die liberalisme in sy visier gekom het, het Vorster se vegtersgees baie duidelik in sy optredes en geskrifte na vore gekom. 'n Aanhaling wat hy graag in die verband gebruik het was die woorde van die moeder van Abdallah aan haar seun na die slag van Granada in 1492: "Dit pas jou om te ween soos 'n vrou oor dit wat jy nie verdedig soos 'n man nie." [Vorster 1977:40]

10.2.14 Kommunisme

Vorster het die liberalisme die "pienk broer" van die kommunisme gesien. Daarom was sy stryd teen die liberalisme ook eintlik sy stryd teen die kommunisme. Hy was dan ook aktief betrokke by die bestryding van die kommunisme en was lank die voorsitter van die organisasie wat in die lewe geroep is om die kommunisme te beveg nl Antikom.

10.2.15 Ordonnansie no 7 van 1843

In hierdie studie is aangetoon dat Vorster meegeleef het met die ideaal dat hierdie wetgewing so gou as moontlik geskrap moet word. Teenoor diegene wat die ordonnansie as "skuiling" gesien het en dit geduld het, het hy altyd probeer oortuig dat dit nie tot die kerk se beswil is nie. Dit was dan ook vir hom 'n voorreg om ten nouste betrokke te wees met die voorbereiding en uiteindelijke skraping van hierdie wet.

10.2.16 Verkleining van sinode

In artikels, veral kort voor sinodesittings, het Vorster sy standpunt altyd baie

duidelik uiteengesit. Hy het rekening gehou met die praktiese probleme rondom die ruimte, geld en logistiek asook die onwenslikheid van groot vergaderings, maar het sy voorkeur vir verdeling van die sinode duidelik te kenne gegee en gemotiveer. Hy het die kerk gewys op gevalle waar verkleining van sinodes skeuring tot gevolg gehad het en daarteen gewaarsku.

10.2.17 Beroepstelsel

Vorster het oor hierdie saak sterk gevoel en na 'n oorsese studiereis sy standpunt breedvoerig in 'n boek gepubliseer. Vir hom was dit ongereformeerd dat sinodes leraars in gemeentes sou plaas. Op dieselfde lyn is die stelsel waarvolgens vakante leraarsposte geadverteer word en leraars vir 'n pos aansoek kan doen en vir onderhoude gaan ens. Vir hom moes leraars beroep word want daardeur alleen kon die leiding van die Heilige Gees, die leiding van die amp en die gemeente tot sy reg kom.

10.2.18 Kerklike Tug

Oor kerklike tug het Vorster baie sterk gevoel en wel die tug soos wat die Woord van die Here dit vereis. Hy was oortuig dat 'n kerk wat die tug toepas 'n lewende kerk is en dat lidmate nie deur liefdevolle tug van die kerk weggedryf sou word nie. Hy het baie daarvoor geskryf en in die gemeente waarin hy gestaan het getuig die kerkraadsnotules ook daarvan. Welliswaar het hy in Tafelberg toegelaat dat diakens ook by tuggevalle betrokke was. Dit is teenstrydig met die gereformeerde kerkreg wat hierdie handeling aan die ouderlinge toewys. [vgl Tit 1:9-12, 1 Pet 5:1-3 e.a.]

Hy was egter met sy siening van tug binne gereformeerde denke toe hy dit as geestelike werk gesien het. Waar die tug verwaarloos word is daar 'n gebrek aan sondebeseftigheid en die heiligheid van die Here teen wie gesondig word. "God is heilig, daarom kan daar nie toegelaat word dat die sonde in die gemeente voortwoeker nie." [GV Des 1954:20-27]

Vorster het gewaarsku teen die kollegialistiese kerkbegrip waarvolgens kerklike tug soos burgerlike straf gehanteer word en teen die gedagte van 'n volkskerk wat almal binne die volk binne die kerk moet kry al is hulle ook tugwaardig.

10.2.19 Verenigings in die kerk

Vorster het oor verenigings in die kerk geskryf en wou hê dat dit reggaan. Hy het onder andere bepleit vir beter koördinerings sodat meer fondse, tyd en geld beskikbaar sou wees vir goeie, hoogstaande aksies en blaaië. Hy het ongelukkig die bestaan van verenigings, soos wat dit in sy tyd voorgekom het geduld. Daarmee was Vorster in stryd met die gereformeerde uitgangspunt.

10.2.20 Kweekskool te Stellenbosch

“En waar die kweekskool opgerig is om, onder meer, die selfstandigheid van die Kerk te bevorder en regsinnige leraars op te lei, kon dit met reg verwag word dat hierdie inrigting op die gebied van die Kerkreg besondere betekenis sou hê en op die Reformatoriese grondslag sou voortbou.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

“Die Kweekskool het weens die kleinheid van die Kerk en die gebrek aan middele, in 1859 met die allerminste begin. Twee professore moes al die teologiese vakke behartig. Daarom sal dit ook niemand verwonder dat Kerkreg in die eerste paar dekades nie as afsonderlike vak behandel is nie. Eers in 1884 is dit in die Wette en Bepalings as afsonderlike vak ingesluit onder die vakke waarin die studente onderrig en geëksamineer moet word. Ons mag derhalwe aanneem dat Kerkreg as vak in daardie beginjare nie tot volle reg gekom het nie.” [Vorster *Kb* 28 Oktober 1959:664]

Die feit dat Vorster hierdie leemte kon insien is seker voldoende getuieis dat hyself student was in die Kweekskool toe die vak al tot sy reg gekom het.

Buite die tydvak wat hierdie stuk dek was Vorster saam met ander kerkleiers soos bv dr Kosie Gericke baie bekommerd oor die rigting wat ingeslaan is by die teologiese opleiding te Stellenbosch en Pretoria en het hy ook gevoel dat 'n ander teologiese fakulteit daargestel moes word vir meer behoudende teologiese opleiding. [Vgl Langner 2007:181-182]

10.2.21 Ampsdraers en hulle gesag

Vorster sê Christus self het sy werk en lewe beskryf met die woorde, "Soos een wat dien." Hiermee het Christus dan ook die wet vir die lewenshouding neergelê vir almal wat in Sy diens staan. [GV Augustus 1951:122] Vir hom het die woorde van Christus: "Soos een wat dien" dan ook besondere betekenis vir beide die ampsdraer en gemeentelid. Hierdie dienskneg-gestalte maak egter nie van die ampsdraer 'n kneg van mense nie. Hy staan onder die mense soos een wat dien, wat die Koning van die Kerk dien, en is dus beklee met gesag. Hy mag dus nie spreek om mense te behaag nie. Die ampsdraer tree ook nie op as 'n administratiewe beampte van die gemeente nie. Hy is in diens van Christus en dus staan hy in 'n voortrefflike werk.

Vir Vorster beteken dit dat die ampsdraer altyd waardig die hoë roeping moet optree. Die ampsdraer sal, volgens hom, altyd gesterk voel deur die wete dat hy gesag het. Aan die ander kant sal die gemeente ook die gesag eerbiedig as hulle die Koning van die Kerk agter die ampsdraer sien. [GV Augustus 1951:122] Dit moet van Vorster gesê word dat hy altyd 'n waardigheid met hom saamgedra het wat die amp van gesalfde eer aangedoen het. Met sy netjiese wit hemp en das, swart pak en swart hoed was hy 'n soort van laaste skakel met die ouer generasie predikante en dosente wat die toga, manel en swart pak met soveel waardigheid en grasia in die kerk en klaskamer gedra het.

Gesag het, volgens Vorster, ook sy grense en hy wys daar op dat die wet wat Christus vir Sy Kerk gegee het bepaalde grense aan gesag stel. Hierdie wet

sny “alle selfverheffing en verwaandheid, alle aanmatiging en heerssug by die wortel af, en roep tot nederige hulpvaardigheid en toegewyde diens.” [GV Augustus 1951:122]

Vir Vorster was dit ’n lewenshouding dwarsdeur sy bediening: “Die Kerk behoort aan Christus en die wat daarin regeer moet dit doen soos een wat dien” Waar hierdie beginsel verontagsaam word lei dit tot die opslurping van mag en dit is iets wat vir die “gemeente rampspoedig en vir die ampsdraer tot ’n oordeel sal wees.” [GV Augustus 1951:122]

10.2.22 Kerklike vergaderinge en gevare rondom dit

“Kerklike vergaderinge, Kerkraad, Ring en Sinode is volgens Gereformeerde Kerke nie besture wat selfstandig na eie goeddunke handel en soewerein beslis nie” [GV Augustus 1951:122] Vorster waarsku teen twee gevare en dit kan kortliks hier uitgelig word:

- 1] “Besluite van Kerkvergaderinge mag nie independentisties as advies bejeen word nie”
- 2] Besluite van Kerkvergaderinge mag ook nie “liberalisties voor die vierskaar van eie insigte gesleep word nie” [GV Augustus 1951:122]

Volgens Vorster word Sinodale besluite te maklik ter syde gestel met die verskoning dat die Sinode nie oor al die nodige feite beskik het toe die besluite geneem is nie of dat daar nie oor die implikasie van die besluite gedink is toe dit geneem is nie. Vorster aanvaar dat ’n Sinode nie op onfeilbaarheid aanspraak kan maak nie, maar die feit is dat meerdere vergaderinge ’n bepaalde gesag en dwingende mag het wat aan sy besluite ’n bindende karakter gee. Elke poging wat, volgens hom, probeer om besluite van ’n meerdere vergadering te omseil, selfs waar dit met die beste bedoeling is, moet as gesagsondermyning bestempel word. Op sy beurt dra dit, volgens Vorster, die gevaarlike kieme van anargie en geld die woord:

“Gehoorzaamheid is beter as offerande.” [GV Augustus 1951:122]



10.2.23 Kerkorde van 1962

Vir 'n skerper beoordeling van Vorster se getrouheid aan die gereformeerde kerkreg kan kortliks gekyk word na sy standpunt rondom die Kerkorde van 1962. In 'n artikel het hy die besware wat teen die kerkorde ingebring is behandel. Volgens hom het die Kaapse Kerk by die eerste Sinode wat in 1824 gehou is, "nie slegs sy gehegtheid aan die Dordtse Kerkorde uitgespreek nie, maar sy wil getoon om in sy kerkregering ooreenkomstig die beginsels in hierdie kerkorde neergelê, te lewe, ondanks die feit dat die kerk deur straatsoorheersing 'n ander kerkorde opgelê is." [Vorster *NGTT* September 1960:12-13] Hy kom tot hierdie slotsom op grond van die feit dat die voorsitter en skriba van daardie sinode aan die Goewerneur die vergunning gevra het dat die, "Algemene Kerkenordering van de Synode Nationaal te Dordrecht als zijnde een fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer Kerk, waaraan elk onzer gehouden is" vir verspreiding by die Staatsdrukkery gedruk mag word. [Vorster in *NGTT* September 1960:12]

Die kerkregtelike ontwikkeling in die 19de eeu lewer, volgens Vorster, dan ook bewys dat die verklaring van die sinode van 1824 nie slegs lippetaal was nie, want daar was oor baie jare talle hersienings van die kerkorde en almal het die Dordtse Kerkorde as norm geneem. Dit het, volgens hom, die reformerende krag van die kerk geopenbaar. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13] Selfs die jongste hersiening van die Bepaling en Reglemente van die Kaapse Kerk is na sy vorm en indeling op die lees van die Dordtse Kerkorde geskoei. Vir alle ingeligte mense, sê hy, sal dit duidelik wees, "dat die N.G.Kerke as basis van vereniging en reël vir die regering van die kerke 'n kerkorde opgestel het, wat nie anders beskryf kan word nie as die Dordtse kerkorde, aangepas aan die eise van ons dag. Die kerk het nie van stelsel verander nie, maar sy trou aan die Gereformeerde stelsel bevestig." [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Kerkregkundiges het die nuwe kerkorde verwelkom. "Vir elkeen wat die Kerk

van Jesus Christus liefhet behoort dit ´n oorsaak van groot vreugde te wees dat dit nou eindelijk in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke sover gekom dat daar in ons kringe weer sprake is van die aanvaarding van ´n kerkorde, wat onmiskenbaar bedoel is geskoei te wees op die lees van die ou Dordtse Kerkorde.” [Jonker *Kb* 18 November 1959:795]

Vorster was baie duidelik in sy skik dat die nuwe kerkorde bykans geen kritiek uitgelok het nie. Hy glo daar sou ´n koor van protes gewees het as ´n vreemde stelsel aan die kerk opgedring was. Dit het nie gebeur nie. Inteendeel, dit is met groot entoesiasme ontvang. Wat vir Vorster merkwaardig en verblydend was, was die feit dat baie betoog het dat die kerkorde nog meer gereformeerd sou kon gewees het. “Niemand het beweer dat dit vir die N G Kerke te gereformeerd was nie. Hiervoor is daar maar een verklaring: Die N G Kerke het nooit die Dordtse Kerkorde verloën nie en die Gereformeerd-Presbiteriale stelsel is nie ´n vreemde plant op ons kerklike erf nie.” [Vorster in *NGTT* September 1960:13] Dis duidelik nie ´n vreemde plant nie want dit was, volgens Vorster, die vigirende kerkorde van die kerk in Suid-Afrika vir die eerste anderhalf eeu, dwarsdeur die donker dae van oorheersing in Europa, deur die rewolusiegees en die staatsoorheersing in Suid-Afrika. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Vorster vind die gees waarin kritiek teen die kerkorde uitgespreek word as opbouend en ´n baie duidelike besef dat die kerk deur hierdie kerkorde nie in haar regering op ´n dwaalspoor gelei word nie. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13] Dit is die rede, sê Vorster, waarom die besware teen die kerkorde met kalmte en waardering bespreek kan word as hy voortgaan en dit onder die volgende hoofde behandel:

- Die koningskap van Christus in die Kerk
- Die Meerdere Vergaderinge
- Betekenis van die Ned Geref Kerkorde

10.2.23.1 Die koningskap van Christus in die Kerk

Vorster sê in Gereformeerde kringe staan dit vas dat Christus die hoof van Sy kerk is en dat Sy koningskap nie deur mense aangetas mag word nie. Dit is immers op hierdie punt waar die Gereformeerde stelsel van kerkregering lynreg teenoor die Kollegialistiese stelsel plek inneem. Op hierdie punt mag die Gereformeerdes nie toegee nie omdat die eer van die Koning op die spel is. [Vorster in *NGTT* September 1960 :13]

Kommer is uitgespreek oor die feit dat die nuwe kerkorde nie sterk genoeg op hierdie punt staan nie en die besware is onder die punte van 1] die Moderatuur, 2] die Kommissiestelsel en 3] die Geloofsbriewe aangespreek.

10.2.23.2 Moderatuur

Vorster behandel die beswaar dat die moderatuur volgens art 39 en 40 na afloop van die sinode as permanente kommissie gekonstitueer. Hierdeur word die deur oopgemaak vir die hiërargie wat juis die Koningskap van Jesus Christus uitdaag. Wat die bekommernis nog groter maak is die feit dat daar aan die moderator 'n status verleen word wat in stryd is met die art 17 van die Dordtse Kerkorde. [Vorster *NGTT* September 1960:14]

10.2.23.3 Die Meerdere Vergaderinge

Vir kritici is dit belangrik dat 'n voorsitter van 'n meerdere vergadering na afloop van die vergadering nie meer sal voortgaan in offisiële hoedanigheid vanweë die feit dat hy voorsitter van die vergadering was nie. Sonder dat dit die bedoeling is kom daar mag in so 'n persoon se hande en kan lidmate hom later as hoof van die kerk sien omdat hy gedurig namens die kerk optree, onderhoude toestaan ens. Hierdie situasie word verder versleg as 'n moderator vir meer as een opvolgende sinode as voorsitter verkies word en dus vir 'n aantal jare aaneenlopend gekies word om leiding te neem. [vgl Jonker *Kb* 25 November 1959:835-836]

Dieselfde geld ook vir die res van die moderatuur wat na afloop van die

vergadering as ’n permanente kommissie van die Sinode bly voortbestaan om o a ook “namens die Algemene Sinode op te tree in sake van spoedeisende aard en algemene belang” Jonker argumenteer dat dit onnodig is om so ’n kommissie naas die sinodale kommissie te laat voortgaan na afloop van ’n sinode. [Jonker *Kb* 25 November 1959:836]

Jonker gaan selfs verder en vra of dit nodig is dat daar na afloop van ’n sinode ’n skriba en aktuaris gekies word vir die tydperk tussen sinodes. Hy vra of die Kerk nie ’n voltyds besoldigde skriba kan aanstel nie. Dieselfde geld, syns insiens, die aktuaris. Miskien was ’n aktuaris nodig toe die kerk met uitgebreide wette en bepalinge gewerk het, maar met die aanstaande “beknopte kerkorde wat so helder soos glas is” behoort alles duideliker te wees sodat lidmate minder adviese van ’n aktuaris verlang. Adviese het in elk geval geen regsgeeldigheid nie. Vorster spreek vrese rondom die moderator-amp aan deur te sê dat dit ongegrond is dat ’n moderator tussen sinodes tot ’n heersers posisie kan ontwikkel want art 3 van die Kerkorde stel reeds die Koningskap van Christus baie sterk en duidelik en “handhaaf dit onverswak dat geen ampsdraer oor ’n ander heerskappy mag voer nie.” [Vorster *NGTT* September 1960:14]

Die moderatuur word ook nie met uitvoerende magte beklee of as ’n dagbestuur aangewys nie. Dit bly, volgens Vorster, ’n gewone kommissie met beperkte en omskrewe opdrag - iets waarvoor die Dordtse Kerkorde ook voorsiening gemaak het en waarsonder ’n kerk nie effektief kan opereer nie. Die nuwe kerkorde behou juis hiermee die beginsel van die Koningskap van Christus teenoor die hiërargie en as die moderatuur sonder eie mag of selfstandigheid sy beperkte opdrag uitvoer sal daar geen hiërargie wees nie. Vorster is nie blind vir die feit dat ’n moderatuur as kommissie tussen sinodes sy magte mag misbruik en sy opdrag te buite gaan nie, maar dan sal dit ’n verkeerde praktyk wees en nie op grond van ’n beginsel nie. Hiermee het Vorster sy insig geopenbaar want hierdie “verkeerde praktyk” waarvan hy



gepraat het, het dan ook later dikwels voorgekom toe moderators se uitsprake soms as uitsprake van die kerk vertolk is.

10.2.23.4 Kommissiestelsel

Kommissies met 'n goed omskrewe mandaat het, volgens Vorster, nog altyd 'n plek gehad in die Gereformeerde stelsel en dit maak nie die deur oop vir kollegialisme nie. Hy wys daarop dat daar volgens art 18 slegs vier gewone vergaderinge in die kerk is en dat kommissies nie selfstandige bestuursliggame is nie. Hulle is, soos die moderatuur na afloop van die sinode, blote deputaatskappe met beperkte opdragte waarvan die mandaat te enige tyd ophef of verander kan word en hulle moet steeds aan kerklike vergaderinge verslag doen.

10.2.23.5 Geloofsbriewe

Sommige, sê Vorster, het beswaar dat die kerkorde nie van geloofsbriewe melding maak nie en is bevrees dat afgevaardigdes dus, " 'n blanko tjek ontvang sover dit die Woord van God en die belydenis betref."

Vorster stel lidmate gerus deur te sê dat dit maar in die kerkorde ingevoeg kan word. Dis nie gedoen nie omdat "afvaardiging geloofsbriewe veronderstel. Ook is dit so 'n algemene praktyk dat uitdruklike omskrywing daarvan 'n oortollige goeie werk sal wees." [Vorster *NGTT* September 1960:15]

Op voetspoor van die Dordtse Kerkorde is daar ook geen uitdruklike bepaling ten opsigte van "geloofsbriewe met binding" nie. Waar die N.G.Kerkorde uitdruklik bepaal dat "die kerk hom op die heilige en onfeilbare Woord van God grond en dat die leer wat hy in ooreenstemming daarmee bely, in die drie Formuliere van Enigheid uitgedruk is spreek dit vanself dat geen afgevaardigde 'n blanko tjek het nie, maar dat alle afgevaardigdes in hul beraadslaginge en besluite daaraan gebonde is." [Vorster *NGTT* September 1960:15]

10.2.24 Die Meerdere Vergaderinge

Die bepaling oor die meerdere vergaderinge het, volgens Vorster, die meeste kritiek uitgelok en hy behandel dit onder die hoofde Gesag van Sinode en Samestelling van Meerdere Veraderinge.

10.2.24.1 Gesag van die Sinode

Wat die gesag van die sinode betref, sê Vorster, was die besware presies die teenoorgestelde van mekaar. Die een beswaar was dat die gesag en status van die Algemene Sinode so aangetas sal word dat dit weinig meer as die huidige Raad van Kerke sal wees. Ander was weer bang dat volgens art 23 die besluite van vergaderinge bindend is en dat dit tog maar sal meebring dat die helfte plus een sal beslis en dat dit tot 'n hiëargiese-kollegialistiese dominasie van bo af sal lei.

Vorster besweer die vrese deur te antwoord dat die gesag van die Algemene Sinode, soos in art 36 van die Dordtse Kerkorde, onomwonde in art 20 gestel word. Die belangrike beginsel is:

“Op meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar tuis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge of wat op mindere vergaderinge nie afgehandel kon word nie. Dit beteken dat die gesag van die Algemene Sinode onverswak gehandhaaf word, maar dat sy aksiesfeer beperk word soos dié van die kerkraad, ring en sinode beperk is. As art 20 nie onomwonde gestel word nie, dryf die kerk in die regting van gematigde independentisme, en as art 22 nie onverswak gehandhaaf word nie, kry jy juis kollegialistiese sinode-heerskappy. Die N G Kerk het nie een van die sypaaie gevat nie, maar reguit die gereformeerde koers gehou.”

[Vorster *NGTT* September 1960:16]

Ander kritici het gewys op die noodsaaklikheid dat dit gestel moet word dat besluite van meerdere vergaderinge bindend is tensy dat hulle in stryd is met

die Woord van God. Vorster verduidelik hierop dat dit onnodig is want art 1 en 2 bepaal uitdruklik dat die kerk in sy kerkregering ooreenkomstig die Heilige Skrif en Belydenis sy taak moet volbring. So 'n toevoeging mag ook verkeerdelik die indruk skep dat mindere vergaderinge nie aan so 'n vereiste gebind is nie.

10.2.24.2 Samestelling van Meerdere Vergaderinge

'n Kritikus het 'n probleem met die feit dat alle predikante lede van die ring en sinode is en sien daarin 'n hiërargiese-kollegialistiese element terwyl iemand anders daarin 'n verkragting van die presbiteriale karakter van kerkregering sien wat op predikante-heerskappy sal uitloop. Vorster bewys die bewering as ongegrond en sê die gereformeerde stelsel word hier net so min deur die klerikalisme van die Papale stelsel bedreig as wat die oorwig van ouderlinge en diakens die amp van die bedienaar van die Woord bedreig. Die drievoudige amp word ten volle in die N G Kerkorde erken.

“Dat alle predikante na die ring en sinode gaan, is nie 'n afbuiging van die beginsel nie, maar 'n praktyk wat histories gegroei het in die besondere omstandighede aan die Kaap in die tyd toe die Dordtse Kerkorde die vigerende kerkorde van die kerk was en die kollegialisme as stelsel nog nie sy verskyning gemaak het nie. Al die predikante, selfs waar daar meer as een in dieselfde gemeente gestaan het, het reeds op die Gekombineerde Kerkvergadering van 1745 tot 1759 sitting gehad.”

[Vorster *NGTT* September 1960:16]

10.3 BETEKENIS VAN DIE NED Geref KERKORDE

'n Oordeel is uitgespreek dat die kerkorde 'n verandering van stelsel moet wees anders is dit bloot 'n oorkoepeling van 'n stelsel wat uit die erfenis van die kollegialisme kom en verhinder dit deeglike reformasie. By sulke mense bespeur Vorster 'n gebrek aan historiese perspektief en 'n verkeerde kyk op

die kerkregtelike ontwikkeling van die N G Kerk.

Vorster wys daarop dat daar 'n bepaalde geskiedenis vooraf verloop het.

“Die kerkorde is nie onverwags en soos 'n vondeling-kindjie voor die deur van die kerk neergelê nie. Dis 'n natuurlike vrug, 'n logiese gevolg van wat voorafgegaan het. Dis 'n sluitsteen. Dis nie 'n verandering van stelsel of 'n oorkoepeling van 'n ou stelsel nie, maar 'n verwagte klimaks in die kerkregtelike ontwikkeling. Die N G Kerk het die kerkorde voortgebring omdat hy selfs onder vreemde oorheersing en staatsbemoeïing nooit die gereformeerde beginsels van kerkregering prysgegee of verloën het nie, en nooit is die Dordtse Kerkorde losgelaat nie. As klassieke uitdrukking van die Gereformeerde beginsels van kerkregering het dit steeds as maatstaf die kerkregtelike ontwikkeling van die kerk gelei en gevorm. Hierdie ontwikkeling moes op die kerkorde uitloop.”

[Vorster *NGTT* September 1960:17]

Vorster gaan verder deur te sê: “Kerkvereniging was net die aanleiding tot hierdie logiese stap. Daarom dien die N G Kerkorde dan ook as basis van kerkvereniging, soos die kerkorde naas die belydenis altyd uitdrukking gee aan die kerkverband. Die kerkorde verenig organisatories dit wat organies een is.” [Vorster *NGTT* September 1960:17]

Die betekenis van die N G Kerkorde lê in die volgende:

- 1) Waar dit gebaseer is op die Dordtse Kerkorde openbaar dit die Gereformeerde karakter van die kerk en spreek dit van sy trou aan die beginsels van kerkregering wat ontleen is aan die Woord van God.
- 2) Waar die Dordtse Kerkorde daardeur aangepas is aan die eise van ons dag sonder verkragting van beginsels, het die Dordtse kerkorde vir die kerk lewend geword.

3) Waar dit die bindende kerkorde vir die kerk sal wees, sal dit nie in die lig van die huishoudelike reglemente van die afsonderlike sinodes geïnterpreteer word nie, maar sal die huishoudelike reglemente aan die kerk genormeer word

4) Hierdie kerkorde verenig die kerke wat nog altyd organies een is, maar wat deur 'n hofbeslissing verplig was om organisatories afsonderlik te leef en te werk. [Vorster *NGTT* September 1960:17]

10.4 ANDER TEOLOË SE STANDPUNT OOR DIE KERKORDE VAN 1962

W D Jonker in *Die Kerkbode* beskou die nuwe kerkorde as , “'n Voorwaartse stap op Dortse Grondslag” onder die hofie: “Die Nuwe Kerkorde”: “Vir elkeen wat die Kerk van Jesus Christus liefhet, behoort dit 'n oorsaak van groot vreugde te wees dat dit nou eindelijk in die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerke sover gekom het dat daar in ons kringe weer sprake is van die aanvaarding van 'n kerkorde, wat onmiskenbaar bedoel is om geskoei te wees op die lees van die ou Dordtse Kerkorde.” [*Kb* 18 November 1959:795]

In die oë van Jonker was die vergadering van die Raad van Kerke te Bloemfontein in Mei 1959 geweldig belangrik as hy sê dit sal “in die annale van die ons Kerke beslis aangeteken staan as een van die belangrikste vergaderinge” Wat vir hom uitgestaan het van die vergadering was die eenparige besluit waarmee 'n konsep-kerkorde vir die regering van die Ned Geref Kerk goedgekeur is. 'n Kerkorde wat, volgens hom, nie alleen as basis sou dien vir die organiese eenwording van die huidige vyf selfstandige gefedereerde N G Kerke nie, maar wat ook, “ongetwyfeld sal dien om die Gereformeerde karakter van ons Kerke te bestendig en te bevestig” [*Kb* 18 November 1959:795]

Jonker sien met groot dankbaarheid die hand van die Here in hierdie proses van kerkherstel. Veral ook die seën wat die kerk ondervind in 'n nuwe bloei en 'n nuwe liefde vir alles wat Bybels-verantwoord is. Die kerk word geseën in die

uiterlike, organisatoriese sin op pad na organiese eenwording maar Jonker sien dit ook in 'n geestelike sin deurdat, "ons deur dieselfde Skrif ten volle regeer word in al ons organisasie, in al ons denke en aksie - die Skrif wat ook die nuwe kerkorde beheers!" [Kb 18 November 1959:795]

Vir Jonker is daar met die aanvaarding van hierdie konsep-kerkorde groot vordering gemaak op die kerkregtelike terrein. Hierdie vordering was vir hom van tweeërlei aard. In die eerste plek was dit vir hom van groot vordering dat hier nou sprake is van 'n kerkorde in plaas van die gebruikelike "wette en bepalinge" Die tweede rede vir sy blydskap was die feit dat die, "kommissie van aktuaris, wat hierdie konsep-kerkorde opgestel het, onmiskenbaar duidelik van die gedagte uitgegaan het om daarmee so gou as moontlik by die ou Dordtse Kerkorde aan te sluit." [Kb 18 November 1959:796]

Jonker wys daarop dat die konsep-kerkorde, "volg wat sy indeling, en dikwels selfs wat sy bewoording betref, nougeset in die spoor van die Dordtse Kerkorde" [Kb 18 November 1959:796]

10.5 LAASTE WOORD

Ons sal Vorster onthou omdat hy sy luisteraars en lesers geboei het met sy kragtige, gloeiende taalgebruik. Dit het bygedra tot sy gewildheid as spreker by baie feeste en openbare geleenthede. Voorbeelde is volop maar twee artikels wat uitstaan is die artikels wat in *Die Gereformeerde Vaandel* van Junie 1949 verskyn het. Die een is die Redaksiekolom bladsy 2 waar Vorster dit het oor, Die Woord en op bladsy 12 oor A Brakel en die Piëtisme [GV Junie 1949]

Ons sal Vorster ook onthou as die onverskrokke predikant en kerkleier: "Dr Vorster is 'n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk wat hom onomwonde identifiseer en onverskrokke sy standpunt stel." [Brown *NGTT* 1979:271] Onverskrokkendheid wat ook sy neerslag vind in die feit dat daar nie in een geval die hand op 'n stuk gelê kan word wat Vorster onder 'n



skuilnaam geskryf het nie. Dit was altyd onder sy eie naam.

Belangriker as dit alles sal hy egter onthou word as die kerkleier wat binne die geleedere van die Ned Geref Kerk op die regte tyd op die regte plek was. Kan daar aan die einde van hierdie studie met groot sekerheid volstaan word met die bevinding: Dr Koot Vorster was ´n merkwaardige kerkleier wat ook sy foute gehad het as mens en selfs ook as kerkregkundige. Daarvan spreek die gevalle van teenstrydighede. Wat egter uitstaan is die feit dat hy in sy hart niks anders was en wou wees nie as ´n nederige dienskneg van die Here wat in gehoorsaamheid aan die Woord van God al sy besondere talente van hart en verstand sou gebruik om die kerk wat hy liefgehad het te help om in een Algemene Sinode te verenig op grond van ´n kerkorde wat by die Dordtse Kerkorde aansluiting vind.

Koot Vorster het inderdaad getrou gebly aan die gereformeerde beginsels en kan hy in sy nalatenskap aangeteken word en gerespekteer word as een van die grootste gereformeerde kerkregkundiges wat die Ned Geref Kerk nog opgelewer het.

LITERATUURLYS

1 Literatuurverwysings

1.1 Ongepubliseerde bronne

1.1.1 Argivale Bronne

1.1.1.1 Instituut vir eietydse geskiedenis: Privaatversameling 632 J D Vorster [PV]

1.1.1.2 Ned Geref Kerk Argief, Hugenote Gebou Kaapstad [Tans by U S Stellenbosch]

Notules van die Ring van Kaapstad 1935 - 1962

Notules van die Kerkraad van De Nieuwe Kerk Kaapstad 1935 - 1944

1.1.1.3 Ned Geref Kerk Tafelberg

Notules van die Kerkraad van Ned Geref Kerk Tafelberg 1944 - 1962

1.1.1.4 Museum en Biblioteek in Jamestown en ouerhuis in Sterkstroom

Artikels en uitknipsels m b t die Vorster-familie

1.1.2 Ander ongepubliseerde bronne

Badenhorst, C H s a Die vrou in die N.G.kerk in Afrika Suid-Transvaal.

Biesterveld, P 1905. Kerklik handboekje: bevattende de bepalingen der
Nederlandsche Synoden en ander stukke van beteekenis voor
de Regeering der Kerken.

Boshoff, L N 1982. Die Beroepstelsel. Teol Fakt Pretoria

Botha, C 1989. Die grondbeginsels van Luther se kerkreg.



- Botha, R P 1978. Die besondere pastoraat as verkondigingsmoment by die opsig- en tugtaak van die kerk. B D -Skripsie, Fakulteit Teologie [Afdeling A] Universiteit van Pretoria
- Botha, S J 1993. Die heil, gehoorsaamheid, struktuur en kerkreg: Intreerede, UP
- Bronkhorst, A J 1947. Schrift en kerkorde: een bijdrage tot het onderzoek naar de mogelijkheid an een schriftuurlijkekerkorde
- Brown, E 1977 Kerkreg-aantekeninge, Teologiese Seminarium Stellenbosch
- Coertzen, P J 1987. Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering.
- Coertzen, P J 1988. The role of paradigms in church law and the government of the church
- Coertzen, P J 1990. Kerk en reg : Maarten Luther en die belydende kerkreg
- Coertzen, P J 2002. 350 jaar Gereformeerd 1652-2002: Kerkreg en kerkregering in die N G Kerk gedurende die afgelope dekades
- Coreejes, L M 1984. Die gesagsproblematiek van die Gereformeerde kerkreg met besondere verwysing na die begrippe orde en gesag.
- Cronje, A S 1964. Kerklike Tug met die oog op die sedelike verval van ons dag. Referaat gelewer by Kongres oor openbare Sedelikheid in Kimberley
- De Villiers, M M s a , Disipline en Tug in die Christelike Gemeente en Die Skrif-Orde en Heilige Gees Leiding in die Erediens. Pamflet
- De Villiers, M M 1957. Laat haar staan, waarom maak julle vir haar dit moeilik. Pamflet Strand:Kingsway Printing C. Pty Ltd.
- Dick, C F 1982. Gestuur tot diens: Die gesantskapkarakter van die dienste volgens die kerkorde. D Th proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch
- Dreyer, G H P 2001 Kerkreg en kerkregering in die opbou van die kerk soos toegespits op die Nederduitse Gereformeerde Kerk
- Du Plooy, A le R 1979. Ekklesia en meerdere vergaderinge. Pretoria.ThM - verhandeling PU vir CHO

- Du Plooy, A le R 1982. Kerkverband: `n Gereformeerd-kerkregtelike studie.
Pretoria: ThD - proefskrif, PU vir CHO]
- Du Plooy, A le R 1988. Die verband tussen die skrif, konfessie en kerkorde
volgens die Gereformeerde kerkreg
- Grobler, H S 1983. Die Raad van die Nederduitse Gereformeerde Kerke. D D -
proefskrif UP
- Hanekom, T N Gereformeerde kerkreg: diktaat
- Hofmeyr, J W 1996. Kerkvereniging en Kerkreg: Geskiedenis, beginsel en
praktyk
- Huls, G 1951. De dienst der vrouw in de kerk
- Jansen, J 1923 Korte verklaring van de kerkenordening.
- Jansen, Joh s a Oud of Nieuw Kerkrecht. Pamflet R.W.Heutink.: Wierden
- Jonker, W D 1986. Afsonderlike kerke vir afsonderlike bevolkingsgroepe:
enkele opmerkings oor die sendingbeleid van die Nederduiste
Gereformeerde Kerk.
- Jooste, J P 1957. Diktate gereformeerde kerkreg en kerklike administrasie en
organisasie.
- Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika. 1984. Calvin en die
kerkreg.
- Kleynhans, E P J, 1973. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse
Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1795 -1962 Proefskrif Universiteit
van Stellenbosch
- Kleynhans, E P J 1983. Die Vrou en die Amp in die Nederduitse
Gereformeerde kerk. Bloemfontein: Intreerede te U O V S 21 April 1983
- Knap, J J De Kerk
- Louw, R W 1994. Die vormingsjare van die kerkleier J.D. [Koot] Vorster, 1909
- 1956 Ongepubliseerde MTh-verhandeling, Unisa, Pretoria
- Luttikhuis, B A M 1992. Een grensgeval: oorsprong en funksie van het
territoriale beginsel in het gereformeerde kerkrecht.
- Marè, R 1991. Skrif en tradisie in vier Afrikaanse kerkordes: enkele
kerkregtelike aspekte. Ongepubliseerde Proefskrif vir die graad Doctor

Theologiae Unisa

- Meijer, G J 1995. Ratifikasie in die Gereformeerde Kerkreg
- Nauta, D 1966. De ambtsopvatting der reformatie onder kritiek, in
Gereformeerde Theologisch Tijdschrift 66, 129-138.
- Ned Geref Kerk Johannesburg. Die Kerkraadslid se regterhand
- Olivier, A R 1990. Die Kerk en die Du Plessis-saak. Ongepubliseerde D.Th
proefskrif. US
- Oosthuizen, W J 1984. Die onderskeid sigbare, onsigbare kerk en die
betekenis daarvan vir die kerkreg.
- Pienaar, G 1984. Die gesag van meerdere vergaderings. *Die Kerkblad*
2.5.1984
- Runia, K 1982. Kan je wel spreken van een ´roeping´ tot het ambt? *Centraal*
Weekblad 9.6.82
- Sadler, T H N 1979. Die Kerklike tughandeling: `n ondersoek na die
tughandeling in die gereformeerde kerkreg met besondere verwysing na
die praktyk in die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Scholtz, G D s a . Die Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of
Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika 1885 - 1910
- Schmidt, A 1984. Die aard van die sinode volgens gereformeerde kerkreg.
- Schulle, C 1926. Die Grundlagen des reformierten kirchenrechtes
- Smit, C J [red] s a In Gehoorsaamheid. Potchefstroomse Teologiese
Publikasies,, Potchefstroom.
- Smit, C J 1990. Kerkreg en kerkorde in die lig van God se reg en orde vir Sy
kerk. Ongepubliseerde proefskrif. P.U. vir C.H.O.
- Smuts, A J 1962. Die kerklike Tug. In wese en praktyk. Randfontein
- Snyman, S D 1979. `n Ondersoek na die kerkregtelike beskouing van ds. D
Postma soos dit na vore kom in sy 1859-kerkorde.
- Spoelstra, B 1960 Calvin se kerkreg en invloed op kerke in SA
- Spoelstra, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering: `n Handboek by
die Kerkorde
- Stegmann, C J J 1985 Die Sinode: `n prinsipiële-kerkregtelike studie met

- besondere verwysing na die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- Steyn, P D 1982. Die strewe na eenheid binne die Ned. Geref. Kerkverbande: `n teologies-missiologiese ondersoek
- Storm, J M G 1984. Die Voortrekkerkerk. `n Historiese -Kerkregtelike studie van die Nederduitse Hervormde Kerk 1836-1853, D.D.-proefskrif UP 1984
- Tolmie, F 1982. Die vrou in die diakenamp Die Fakkel. UOVS.
- Totius, Kerkreg-diktate P U vir C H O
- Van den Berg, A A 1985. Die Reëls van natuurlike geregtigheid- kerkregtelike relevansie. UP
- Van der Linde, G P L 1978. Betekenis van die Verhouding Tussen die Koninkryk van die Hemele en die Kerk vir die Kerkreg.
- Van der Linde, G P L 1980. Calvyn se beskouing van kerkregering en kerklike tug.
- Van der Merwe, R M 1997. Toelating tot die diens van die Woord na afsetting volgens die Gereformeerde Kerkreg.
- Van der Merwe, R M 1984. `n Beoordeling van E.P.J. Kleynhans, Gereformeerde kerkreg
- Van der Walt, J J 1974. Christus as hoof van die Kerk en die Presbiteriale Kerkregering. D.Th-proefskrif, Potchefstroomse Universiteit
- Van der Westhuizen, L J 1985. Inventaris van die private dokumenteversameling van dr J D Vorster, PV 632
- Van Eck E 1991. `n Sosiaal-wetenskaplike ondersoek na die 'amp' van die ouderling in die Nuwe Testament. *Hervormde Teologiese Studies* Jaargang 47, September 1991
- Van Genderen, J 1982. De ouderling als ambtsdrager. In Koole en Velema 1982
- Van Lonkhuyzen, J 1939. Is het nieuwe kerkrecht niet een ernstige dwaling?
- Van Rooyen, J H P 1970. Kerklike Tug - `n Heilige Saak Van die kant van die CI Christelike Instituut.
- Van Staden, F A H 1973. KERKORDE IN DIE GESKIEDENIS VAN DIE

- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK[E] IN SUID-AFRIKA 1652 - 1970 Pretoria: Ongepubliseerde D.D.-proefskrif Universiteit Pretoria
- Van't Spijker, W 1988. De ouderling en zijn werk in het licht van de kerkorde, in Koole en Velema 1982
- Van Wyk, B J 2004. DIE KERKORDE EN DIE KERKLIKE REG IN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA AAN DIE HAND VAN DIE PRESBITERIAAL-SINODALE KERKBEGRIP. PhD-Skripsie, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria
- Van Wyk, C P 1983. `n Kritiese evaluering van Dr J.D.Vorster op die gebied van die kerkreg. M Th -Skripsie, Universiteit van Stellenbosch
- Versteeg, J P 1982. Nieuwtestamentisch profiel van de ouderling, in Koole en Velema 1982
- Versteeg, Th A 1959. De kerken en het privaatrecht
- Vorster, J D 1944. Die Kerk en Kerkregering van die Voortrekkers. M.Div-tesis Universiteit van Suid-Afrika
- Vorster, J D 1965. Kommunisme, die vuurrooi draak.
- Vorster, J D 1992. Kerkreg en konteks

1.2 Gepubliseerde Bronne

1.2.1 Amptelike publikasies van die Ned Geref Kerk

- Handelinge van die Ned Geref Kerk in Suid-Afrika 1936 - 1961
- Handelinge van die Algemene Sinode 1962
- Handelinge van die Raad van Kerke 1905 - 1962
- Wette en Bepalings 1941, 1953
- Bepalings en Reglemente 1957
- Kerkorde van die Ned Geref Kerk 1965
- Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Hersien deur die Sinode in die jaar 1995. Kaapstad:N G Kerk-Uitgewers

1.2.2 Periodieke kerklike publikasies

1.2.2.1 *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif [NGTT]* (Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers)

Brown, E Deel XX No 4 September 1979. *Die spoor wat die Ned. Geref. Kerk in sy kerkregering en kerkreg gedurende die 20ste eeu gevolg het.* bl 277 - 304

Dick, C F 1970. bl 18 *’n Strafelement in die Tug.*

Fensham, F C bl 32 *Die Konvensie van Jerusalem - ’n keerpunt in die geskiedenis van die kerk*

HHanekom, T N 1964. v.3 *Kerk en Kerkbegrip by Calvin.*

Heyns, J A 1962. bl 515 *Kerk en Kerkregering by Karel Barth.*

Jonker, W D 1964. bl 3 *Die Liberale Kerkreg en die veelheid van Kerke.*

Kleynhans, E P J 1977. Deel XVIII 4 *Ons Kerklike verhoudinge in Kerkhistories-kerkregtelike perspektief gesien.*

Kleynhans, E P J 1979 Deel XX, No 4

Potgieter, F J M Deel XX No. 4 September 1979. *Jacobus Daniël Vorster 1909 - ’n Voorlopige oorsig van sy lewe - en huldeblyk.* bl 272- 276

Rossouw, H W 1976. bl 146 *Opmerkinge na aanleiding van die vraag: Wat is die Kerk?*

Rossouw, P 1972. bl 224 *Kerkregtelike Verset.*

Rossouw, P 1974. bl 85 *Kerkverband en liggaamsverband in Jesus Christus*

Van der Merwe, A 1977. Deel XVIII, no 3 *Die vrou in ’n kerklike amp - ja of nee?*

Visser, L L J 1966. bl 96 *Die Kerk van Rome vandag.*

Visser, L L J 1968. bl 231 *Die aktualiteit van die Dordtse Leerreëls*

Vorster, J D 1960. Sept. *Die Kerkorde vir die Ned. Geref.Kerke.*

Vorster, J D 1979. Deel XX. No 4, September 1979 Verskeie artikels van hom oorgedruk.



1.2.2.2 *Die Kerkbode [Kb] (Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers)*

- Cilliers, S 1937. Brief aan Die Kerkbode. 24 November 1937
- Du Plessis, J 1924. De Gereformeerde Kerk in Wording en Werking. 12 Maart 1924
- Du Toit, H D A 1962. Die Sinode *van 1862*. 3 Oktober 1962
- Hofmeyr, N J 1864. Is onze kerk in haar kerkbestuur vrij? 29 Oktober 1964; 12 November 1864;
- Jonker, W D 1959. Die Nuwe Kerkorde 18 November 1959; 25 November 1959; 2 Desember 1959
- Jonker, W D 1960. Die Ander Kant van die Saak 13 Julie 1960; 20 Julie 1960; 27 Julie 1960;
- Potgieter, F J M 1981. Die vrou in die amp van predikant. 15 Julie 1981.
REDAKSIONELE KOLOM 3 Junie 1959
- Scholtz, Adelbert 1982. Vroue in die kerkraad. 11 Aug. 1982
- Treurnicht, A P 1957. Twee Lewenskringe 9 Oktober 1957
- Van Niekerk, J G 1981. Pleidooi vir vrou op kansel. 7 Oktober 1981.
Vorster, J D 1958. Huisgodsdienst - is dit vandag nog uitvoerbaar? 21 Mei 1958
- Vorster, J D 1959. Kerkreg op Reformatoriese grondslag. 28 Oktober 1959.
- Vorster, J D 1961. Ordonnansie No 7 van 1843 Deur Volksraad Herroep 5 April 1961 .
- Vorster, J D 1969. Die N.G.Kerk en ander kerke. 8 Januarie 1969.
- Vorster, J D 1972. Die vrou in die Amp. 23 Augustus 1972
- Vorster, J D 1975. Wat sê die kerkorde? 19 Februarie
- Vorster, J D 1975. Wat sê die kerkorde? Moderator en sinode 17 September en 15 November
- Vorster, J D 1978. Vroue in die amp van predikant 7 Junie.
- Vorster, J D 1979. Openingsrede by die Kaapse Sinode. 19 Desember 1979
[Herdruk in N G T T, XX, 4. Kaapstad:N G Kerk-Uitgewers
- Zeeman, M T S 1974. Die vrou in die kerklike amp. 10 Julie 1974

1.2.2.3 Die Gereformeerde Vaandel [GV] (Pro Ecclesia-Drukkery, Pastoriestraat, Stellenbosch)

Cillie, D G 1940. Die Kerkraad, Deel 8, No1, Januarie 1940:22; Deel 8, No 2, Februarie 1940:55 en Deel 8, No 3, Maart 1940:91 en Deel 8, No 4, April 1940:117. Deel 5, No 9, September 1937:283.

Lategan, D 1936. Die Ord. 7 van 1843. Feb 1936.

Lategan, D 1937 Stryd tussen Kerk en Staat. Sluitingsrede Teologiese Kweekskool, Stellenbosch. Deel 4, No 12, Desember 1936 :361; Deel 5, No 1, Januarie 1937:31; Deel 5, No 2, Februarie 1937:52; Deel 5, No 3, Maart 1937:93 en Deel 5, No 4, April 1937:117.

Lategan, D 1941. Sluitingsrede, Teologiese Kweekskool, 4 Desember 1940. Deel 9, No 2, Februarie 1941:42.

Kotzè, C R. 1936. Calvin se bitter stryd vir Kerklike Tug. Deel 4, No 10, Oktober 1936;

Malan, D G 1936. 'n Interessante dokument in verband met 'n Synodus Contracta; Deel 4, No 10, Oktober 1936:291.

Mentz, J F 1937. Die Roeping van die Ouderling en die Diaken. Deel 5, No 6, Junie 1937:171..

Mentz, J F 1938. Enkele moontlike onreëlmatighede in verband met die verkiesing van Kerkraadslede. Deel 6, No 4, April 1938:103. .

Potgieter, F J M 1952. Die huidige uitgawe en die fees. April 1952.

Van Niekerk, F N 1954. Die Kaapse Sinode en die Wêreldraad. Junie

Vorster, J D 1933. Is die beginsels van die Oxford-groep verenigbaar met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing? Referaat deur J.D.Vorster, teologiese student, gelewer voor die Calvinistiese Studentebond van Stellenbosch. Met inbegrip van wysiginge soos deur die kritiek gesuggereer Deel 1 No 5

Vorster, J D 1934. Calvinisme as die Vertolker van die Leer van Christus., Deel 2, No 7, Julie 1934:214; Deel 2, No 8, Augustus 1934:238 en deel 2, No 9, September 1934:273

Vorster, J D 1934. Die A.N.S. kongres. Deel 2, No 11, November 1934:341

- Vorster, J D 1935. Die lewe van Calvyn Deel 3 No 10
- Vorster, J D 1936. Interkerkisme Deel 4 No 9
- Vorster, J D 1937. Calvinisme die Boodskap vir Vandag Deel 5 No 5 Mei
- Vorster, J D 1938. Die Voortrekker en die Opvoeding. Deel 6, No 11, November 1938:344.
- Vorster, J D 1939. Die Pasgehoue Christelik-Nasionale Onderwys Kongres Deel 7, No 8; Augustus 1939, bl 230
- Vorster, J D 1940. Ons verhouding tot en optrede teenoor sektes. Deel 8, No 1, Januarie 1940:7 en Deel 8, No 2, Februarie 1940.
- Vorster, J D 1941. Laat dit nou reggaan met ons Jeugwerk. Deel 9, No 2, Februarie 1941:50.
- Vorster, J D 1946. Die Calvinistiese Jeug. Deel 14, No 9, September 1946:14.
- Vorster, J D 1947. Verslag van Volkskongres Deel 11, No 7 Julie 1947
- Vorster, J D 1948. Geloofsgenote in Hongarye Desember 1948; Desember 1949
- Vorster, J D 1949 Deel 17 No. 6 A'Brakel en die Piëtisme Junie 1949 Deel 17 No 6
- Vorster, J D 1949. Moet ons Sinode verklein word? Deel 17 No 9 .
- Vorster, J D 1949. Hervorming in England Deel 17 No 11
- Vorster, J D 1950. Om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk Deel 18 No 4
- Vorster, J D 1950. Die kerk van Christus ontwaak Deel 18 No 5
- Vorster, J D 1951. Soos een wat dien. Deel 19 No 4 Augustus 1951
- Vorster, J D 1951. Die Spoor wat die Ned. Gereformeerde Kerk in sy regering gevolg het. Deel 19 No 4 Augustus 1951
- Vorster, J D 1956. Moet die kerk Ordonnansie 7 van 1843 herroep? Deel 25 No 4

1.2.2.4 Die Voorligter

- Burger, A J V Maart 1961 Die N.G.Kerkuitgewers, Kaapstad
- Du Toit, H D A 1962. Kerkvereniging 1962. Augustus 1962
- Du Toit, H D A 1962. Kerkvereniging verwesenlik. Oktober 1962

Steenkamp, L M 1961. Sinode van Kaapland in sitting. Desember 1961

Cronje, H 1978, Deel 41, April "Ontmoet Koot Vorster"

1.2.2.5 Koers in die Krisis

Hanekom, T N 1940. Kerkregering en Geloofslewe. Koers in die Krisis II

Stellenbosch: Pro Ecclesia Drukkery

1.2.2.6 Het Zoeklicht, Kaapstad. Nasionale Pers Bpk.

April 1929, Julie 1929, Augustus 1929, Oktober 1929, 15 April 1930, 15 Mei 1930, 15 Junie 1930, 15 Augustus 1930, 15 September 1930, 15 Oktober 1930, 15 November 1930, 15 Desember 1930, 15 Maart 1931, 15 April 1931, 15 Mei 1931, 15 Junie 1931, 15 Julie 1931, 15 September 1931, 15 Oktober 1931, 15 November 1931, 15 Desember 1931, 15 Januarie 1932, 15 Februarie 1932, 15 April 1932, 15 Mei 1932, 15 Junie 1932, 15 Augustus 1932

1.2.2.7 Die Soeklig

15 Oktober 1932; 15 Februarie 1933, 15 Maart 1933, 15 April 1933, 15 Mei 1933, 15 Junie 1933, 15 September 1933, 15 Oktober 1933, 15 Februarie 1934, 15 Mei 1934, 15 Junie 1934, 15 Julie 1934, 15 Augustus 1934, 15 November 1934, 15 Desember 1934, 15 Januarie 1935, 15 April 1934

1.2.2.8 Die Ou Paaie

Snyman, D R No 1 1926

Van Rooyen, E E No 1 1926

1.2.2.9 In die Skriflig

Coetzee, J C 1967. Enkele Skrifgegewens oor die Diakensamp - Handeling 6 en die Diakenamp. In die Skriflig. Jg 1 No 4

Fourie, D C G 1980. Kerk en Kerkverband. In die Skriflig Jg 14 No 55. bl 40-45

Spoelstra, B 1967. Die gesag van meerdere vergaderings in In die Skriflig, jrg



No 3 bl 23

Spoelstra, B 1971. Vrou en amp en die amp in die algemeen. In die Skriflig Jg 5 No 17 bl 33-42

Spoelstra, B 1976. Die diens van ouderling vandag. In die Skriflig Jg 10 No 37 bl 41-48

Spoelstra, B 1976. Amp en diens. In die Skriflig. Jg 10 No 38 bl 3

Spoelstra, B 1977. Die diens van diaken vandag. In die Skriflig Jg 11 No 41 bl 38

Spoelstra, B 1977. Die gesag van die sinode in In die Skriflig , jrg 11, No 41 bl 45

1.2.2.10 *Hervormde Teologiese Studies*

Pont, A D 1983. Die betekenis van meerdere vergaderinge tov hulle gesag, funksie en handeling in die kerk. Herv Teol Studies jg 38, Afl 2 en 3

1.2.2.11 *Die Hervormer*

Die Hervormer, Vol 61, Uitgawe 12, Maart. Die amp van die dienaar van die Woord as lewenslange opdrag in die Reformatoriese Kerkreg

1.2.2.12 *DRC Africa News*

November- December 1979 Vol 4, No 11

1.2.3 *Dagblaai*

Die Transvaler, BURGER, A J V 29/10/66

Die Burger, 1979. Berig 09/10/1979

Rand Daily Mail October 1979 [Onderhoud met Vorster na demissie]

Die Vaderland Oktober 1979 [Onderhoud met Vorster na demissie]

1.2.4 *Algemene Literatuur*

Adendorff M C [samest] 1997. God laat groei. Pretoria:Lig in Duisternis Uitgewers

- Albertyn L, J R [samest] 1947. *Kerk en Stad Verslag van Kommissie van Onderzoek oor Stadstoestand*. Stellenbosch: Pro Ecclesia-Boekwinkel
- Barnard, A C 1988. *Amp en erediens*, in Rossouw P [red] *Gereformeerde Ampsbediening* 1988:257-270. Pretoria: NG Boekhandel
- Berkhof, H & De Jong Otto, J 1967. *Der Geschiedenis der Kerk*. Nijkerk: Uitgeverij G F Callenbach N V
- Boon, R 1965. *Apostolisch ambt en reformatie*. Nijkerk: Uitgeverij G F Callenbach NV
- Booyesen, J M *Praktiese Wenke en Handleiding vir Ouderlinge*. KJV-tak, Windhoek-Eros
- Bouwman, S J 1907. *Het ampt der diakenen*. Kampen
- Bouwman, H 1912. *De Kerkelijke Tucht naar het gereformeerde kerkrecht*. Kampen: Kok
- Bouwman, H 1928. *Gereformeerde kerkrecht*. Eerste Deel Kampen
- Bouwman, H 1934 *Gereformeerde Kerkrecht*; het recht der kerken in de praktijk. Tweede Deel. Kampen
- Buchner, E P & Strauss, P J 1992: *Die vrou as predikant: Enkele konsekwensies in die Gereformeerde bediening* in Acta Theologica. Bloemfontein: Publikasiekomitee van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat
- Burger, W A 1991. *Die Ouderling en sy Wyk*. Pretoria: PR Drukkers
- Calvyn, J *Institutie of onderwijzing in de Christelijke Godsdienst*. 6de druk Uit het Latijn vertaald door A. Sizoo. Delft: W.D. Meinema N.V.
- Coertzen, P 1979. *Christusregering deur Woord en Gees*. Artikel in *Die Ou Testament Vandag* Odendaal D H [red] e a Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers
- Coertzen, P 1981. *Die regering en opbou van die kerk*. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers
- Coertzen, P 1984. *Die Ring. Sy samestelling en werksaamhede*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- Coertzen, P 1991. *Die opbou van die kerk as doel van kerkreg en*

- kerkregering*. In Strauss 1991:201-206
- Coertzen, P 1991. *Gepas en ordelik: 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk*. Pretoria:RGN
- Cronje, G [e a] 1958. *Kerk en Huisgesin. Die huidige kerklike en godsdienstige lewe van die Afrikaner*. Verslag van die Kommissie van ondersoek insake die gesinslewe. Kaapstad en Pretoria:N G Kerk-Uitgewers
- Cronje, G [Hoofred.]1959. *Kinders sonder sorg. Hoe ouers hul kinders verwaarloos*. Verslag van die Kommissie van ondersoek insake die Gesinslewe Kaapstad en Pretoria: N G Kerk-Uitgewers
- Dankbaar, W.F. 1974. *Bijbel en Kerk. Kerkgesiedenis*. Groningen:Wouters-Noordhoff
- De Klerk, J.J. s a , *Die Heerlikheid van ons Ampsbediening*. Pretoria: N.G.Boekhandel.
- De Visser, J Th *Kerk en Staat II* 3 dele Leiden
- De Wet, C.J.H. 1921. *Die Kollegiale Kerkreg*. Amsterdam
- Dijk, K 1952. *Handboek voor de Ouderling*. Delft: Uitgeverij van Keulen
- Dreyer, P S 1956. *Brandwagte van God*. Krugersdorp: N.H.W-Pers
- Dreyer, P S [red.] 1977. *Afrikaner-Liberalisme*. Pretoria:Boekenhout-Uitgewers [Edms. Bpk]
- Du Plessis, J A 1925. *Die Gereformeerde Kerk en Kerkregering: gehandhaaf teen Prof. dr. J. du Plessis van Stellenbosch*. Bloemfontein:Nas. Pers. Beperk.
- Du Plessis, J C 1965. *Ouderlinge en Diakens*. Pretoria:N.G.Kerk-Uitgewers
- Du Toit, H D A 1959. *Pas my skape op*. Pretoria:N.G.Kerk-Uitgewers
- Du Toit, J D 1961. *Kerklike posisie vir die vrou* Versamelde Werke V1. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel
- Du Toit, J D 1977. Totius Versamelde Werke 6. Kaapstad:Tafelberg-Uitgewers
- Du Toit, P 1971. *Die Salf van eie Gom*. Kaapstad en Pretoria:N G Kerkitgewers
- Du Toit, S 1955. *Handleiding vir die studie van die Kerkgeskiedenis*

- Potchefstroom:Pro Rege-Pers Beperk.
- Duvenhage, B 1974. *Geloofsleer*.Potchefstroom Pro Rege
- Eybers, J H 1934. *Die kerkinrigting van die Nederduitse Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika - getoets aan die beginsels van die Gereformeerde Kerkreg*. Pretoria:Van Schaik
- Fourie, D C G 1974 [Samest] *Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*:Pretoria:N.G.Kerkboekhandel
- Fourie, D C G 1982. *Gereformeerde kerkreg*. Deel 1, Inleiding. Pretoria:N.G.Kerkboekhandel Transvaal
- Fourie, D C G 1984. *Gereformeerde kerkreg*. Deel 2, Kerk en amp. N.G.Kerkboekhandel Transvaal Pretoria 1984
- Fourie, D C G 1985. *Gereformeerde kerkreg*. Deel 3, Kerkverband en kerkvergaderinge. Pretoria: N. G. Kerkboekhandel Transvaal
- Fourie, D C G 1988. *Gereformeerde kerkreg*. Deel 4, Die arbeid en betrekkinge van die kerk. N.G.Kerkboekhandel Transvaal Pretoria 1988
- Geldenhuis, F E o´B 1951. *Die Regsposisie van Kerkraad, Ring en Sinode soos toegepas in die Gefedereerde Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika*. Pretoria:Van Schaik.
- Gerdener, G B A e a 1938. *Die Kerk en sy Ampte*. Kaapstad:S.A. Bybelvereniging, Koningin Victoriastraat 40
- Gerdener, G B A 1944. *Elke dag met God*. Suid–Afrikaanse Bybelvereniging, Kaapstad.
- Gerdener, G B A 1968. *Handboek by die Katkisasie* [31ste druk] Kaapstad/Pretoria:N.G.Kerk-Uitgewers
- Goumaz, L 1964. *Het ambt bij Calvijn*, vertaald door K Deddens. Franeker:Wever
- Hanekom, T N 1951. *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika*. Deel 1 Stellenbosch:C.S.V. - Boekhandel
- Harmannij, K 1978. *Wegwijs in de Kerkorde*. De Vuurbaak bv Barneveld
- Heyns, J A 1969. *Sterwende Christendom*. Kaapstad:Tafelberg Uitgewers
- Heyns, J A 1974. *Die Mens. Bybelse en buite-Bybelse mensbeskouinge*.

- Bloemfontein: Sacum Beperk
- Heyna, J A 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- Heyns, J A & Jonker, W D 1977. *Op weg met die Teologie*.
Pretoria: N.G.Kerkboekhandel
- Jansen, Joh 1928. *Het tuchtrecht der meerdere vergaderingen*. Kampen
- Jansen, J & Pol, D 1934. *Kerkenordening van de Gereformeerde Kerken in Nederland*.
- Jansen, Joh. 1952. *Korte Verklaring van de Kerkode der Gereformeerde Kerken*. Kampen: J H Kok N V
- Jansen, Joh 1976. *Korte verklaring van de kerkenordening*. Kampen: J H Kok N V
- Jonker, W D 1965. *Om die Regering van Christus in sy Kerk*. Pretoria; A.39 Unisa
- Jonker, W D 1970. *Als een riet in de wind*. Kampen: J H Kok, N V
- Jonker, W D 1977. *En as jou broeder sondig*. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers
- Jonker, W D 1980. *Om die regering van Christus in Sy Kerk*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika
- Jooste, J P 1946. *Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die 19de eeu*. Bloemfontein: Sacum
- Keet, B B 1925. *Na honderd jaar, de regeringsvorm van de Nederduitse Gereformeerde Kerk aan de Gereformeerde beginselen getoetst*.
Toespraak gehou by die sluiting van die Teologiese Kweekskool, Oktober 1924, Stellenbosch: Pro Ecclesia-Drukkerij.
- Keet, B B 1963. *Orde in die Kerk: Handleiding vir ouderlinge, diakens, en lidmate*. Kaapstad: N.G.Kerk-Uitgewers.
- Kellerman, J S 1988. *Amp en prediking - prediker in verantwoording*, in Rossouw P *Gereformeerde Ampsbediening* 1988:272-284 Pretoria: NG Kerk Boekhandel
- Langner, D 2007. *Teen die hele wêreld vry*. Griffel Media, Business Print, Pretoria
- Lekkerkerker, A F N 1971. *Oorsprong en funksie van het ampt*. 's Gravenhage

- Le Roux, G G 1972. *Die Ouderling in die Gemeente*. Kaapstad: Ned Geref Uitgewers
- Linde, H J [Red] *Ouderling vir Christus*. Bybelkor in samewerking met N.G.Kerk-Uitgewers en Boekhandel, 1977.
- Malan, F S 1933. *Ons Kerk en prof. Du Plessis*.Kaapstad:Nasionale Pers Beperk.
- Marais, J I 1913. *Geschiedenis der Christelikje Kerk*. Kaapstad: Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers-Maatschappij
- Maré, R 1997. *Ouderling en diaken in die Here se diens*. Pretoria:Lig in Duisternis Uitgewers.
- Moorrees, A 1937. *Die Nederduitse Gereformeerde kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873*. Kaapstad:S.A. Bybelvereniging, Kerkstraat 9, Kaapstad.
- Nauta, D 1971 *Verklaring van de Kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland*. Kampen:J.H.Kok N.V. 1971
- Olivier, A R [red] 1998. *Bode op die spoor van die Woord. 150 jaar met Die Kerkbode* Kaapstad:Lux Verbi
- Pienaar, G s a *Die regsposisie van die Gereformeerde kerke in Suid-Afrika*. Potchefstroom: Die Deputate van die Calvin-Jubileumboekefonds, Posbus 20004, Noordbrug Potchefstroom
- Plomp, J 1967. *Presbyteriaal - Episcopaal*. Kampen:J.H.Kok
- Plomp, J 1967. *Beginnselen van reformatorisch kerkrecht*. Kampen: J.H.Kok
- Plomp, J 1969. *De Kerkelike Tucht bij Calvijn* Kampen:Kok.
- Prinsloo, W S 1988. *Die funksionering van die 'amp' in die Ou Testament: Die sg. Klassieke profete*, in Rossouw P *Gereformeerde Ampsbediening 1988:24-38* Pretoria: N.G.Boekhandel
- Pont, A D 1979. *Die amp in die kerk*. Pretoria:HAUM
- Pont, A D 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*. Pretoria:Kital
- Potgieter, F J M 1993. *Die laaste woorde van Prof FJM Potgieter aan sy kerk*. Pretoria: Voortsettingskomitee
- Rossouw, P 1979. *Kerkvergaderings*. NGKerkboekhandel Pretoria
- Rossouw , P J [red] 1988. *Gereformeerde Ampsbediening*. Pretoria. NG

Kerkboekhandel

- Royaards, H J 1848 *Die Ned Geref Kerk in haar Kerkrechtelyken Toestand*
Ned Archief voor Kerklijke Geschiedenis, V111
- Rutgers, F L 1890. *De geldigheid van de oude kerkenordering der
Nederlandsche Gereformeerde Kerken: rede gehouden bij de overdracht
van het rectoraat der Vrije Universiteit den 21 October 1889.*
Amsterdam:J A Wormser
- Schillebeeckx, E 1989. *Een democratische kerk.* Utrecht:Uitgeverij Impress
- Sietsma, K s a *De Ampsgedachte.* Amsterdam: S J P Bakker
- Smit, C J 1984. *God se orde vir sy kerk - 'n beskouing oor kerkorde.* NG
Kerkboekhandel, Pretoria
- Smuts, A J 1968. *Die 2de sleutel. Riglyne vir die kerklike tug.* N G
Kerkboekhandel Pretoria
- Spoelstra, B Pont A D & Keet G R 1973. *Kerkgeskiedenis Standerd 9.*
Pretoria:Interkerklike Uitgewerstrust
- Treurnicht, A P et al 1967. *Oorlog om die volksiel.* Referate gelewer by die
Internasionale Simposium oor Kommunisme. Joubertpark: Nasionale
Raad van Kommunisme.
- Van Dalen, J 1946. *De Schriftuurlijke Beginselen van het Kerkrecht*
Goes:Oosterbaan & Le Cointre
- Van der Kwast, 1979. *De Ouderling en het huisbezoek.*
Kampen:Copieerinrichting v.d.Berg
- Van der Linde, G P L 1965. *Die Grondbeginsels van die Presbiteriale
kerkregeringstelsel.* Potchefstroom: Pro Rege -Pers Bpk
- Van der Vyver, G C P 1958. *Die Emigrantekerk - Nogeens.*
Bloemfontein:SACUM Bpk.
- Van der Watt, P B 1973. *Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde
Kerk 1862 - 1962, 'n kerkhistories-kerkregtelike studie.* Kaapstad-
Johannesburg
- Van der Watt, P B 1976. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652 - 1824.*
Pretoria:N.G.Kerkboekhandel

- Van der Watt, P B 1977. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1834-1866*.
Pretoria:N.G.Kerkboekhandel, Transvaal.
- Van der Watt, P B 1980. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1824-1905*.
Pretoria:N.G.Kerkboekhandel, Transvaal.
- Van der Watt, P B 1983. *Kerkregering deur kerkvergaderinge*.
Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers.
- Van der Watt, P B 1987. *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1905-1975*:
Pretoria: N G Kerkboekhandel Tvl
- Van Rooyen, E E e a 1938. *Die Kerk en sy Ampte*. Kaapstad:
S.A.Bybelvereniging, Koningin Victoriastraat 40
- Van Ruler, A A 1952 *Bijzonder en Algemeen Ambt*. Nijkerk:G.F.Callenbach
- Van Staden, F A H 1995. *Gereformeerde Kerkregtelike Probleemareas* Pretoria:
Publikasiekommissie, Afrikaanse Protestantse Kerk, Ven R Drukkery,
Pretoria
- Van Tonder, R J N 1952. *Die ouderling. Sy amp en roeping*
Pretoria:N.G.Kerk-Boekhandel.
- Van't Spijker, W [red] s a *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*. Kampen: J
H Kok
- Venter, C J H 1988. *Amp en ampsdraer. Gesigspunte uit die Nuwe Testament*
in Rossouw P *Gereformeerde Ampsbediening* Pretoria:NGKerk
Boekhandel bl 95-107
- Venter, D G e a 1956. *Handleiding vir Ouderlinge*. Potchefstroom:Pro Rege-
Pers
- Versteeg, J P 1988. *Het karakter van het ambt volgens Efeziërs 4:7-16*, in
Rossouw P *Gereformeerde Ampsbediening* Pretoria:N G Kerk
Boekhandel bl 49-71
- .Visser, Jan 1980. *Kerklike Tug*. Potchefstroom:Calvyn-Jubileumboekefonds.
- Vorster, J D s a *Die Beroepstelsel*. Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers,
- Vorster, J D 1956. *Die Kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder*
die Kompanjie 1652 -1795. Potchefstroom: Pro Rege- Pers Bpk.
- Vorster, J D 1977. *Liberalisme op Kerklike Terrein* in *Bundel: Afrikaner-*

- Liberalisme* Dreyer, P S [red] Pretoria:Boekenhout-Uitgewers
- Vorster, J D [red.] 1978. *Veelvormigheid en eenheid*. Kaapstad:N.G.Kerk Uitgewers
- Vorster, J D 1979. *Die Vrou in die Kerk*. Kaapstad: N.G. Uitgewers
- Vorster, J D 1982. *Die Seun van die Mens. Wie is hy?* Kaapstad:N.G.Kerk-Uitgewers
- Vorster, J D 1999. *An introduction to Reformed Church policy*. Noordbrug: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
- Wagenaar, E 1971. Oom Willem en tant Bettie, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberge-Uitgewers.
- Wagenaar, E 1974. Jamestown 1874-1974. 'n Feesbrosjyre. Queenstown: Daily Representative.
- Wagenaar, E 1971. Die vestiging van die Blanke en die Bantoe, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberge-Uitgewers.
- Wagenaar, E 1971. Louwrens (Louw) Jacobus Wepener, in Op die Stormberge. Kaapstad: Tafelberge-Uitgewers.
- Zeeman, M T S 1957. *Die Armesorgwerk van die Ned. Geref. Kerke in Suid-Afrika*. Bloemfontein:Sacum Beperk.

2 Empiriese Navorsing

2.1 Onderhoude is gevoer met die volgende:

- dr Koot Vorster in Kaapstad en Steynsburg [Heelwat vanaf 1974 tot 1981]
- prof F J M Potgieter, Stellenbosch
- prof Ben Marais, Emeritis professor Pretoria 1993
- Mev Louiza Vorster, eggenote van dr Vorster
- 4 kinders en drie skoonseuns van dr en mev Vorster
- Familieledede van dr Vorster in Jamestown, Randburg en Pretoria
- Hoërskool-klasmaats van dr Vorster in Sterkstroom
- Bure van die Vorsters te Spitskop, Jamestown
- E Rietmann-gesin, Olivier-gesin en ander gemeenteledede van dr Koot Vorster



in Ned Geref Kerk Tafelberg

Vorster J D, 1969, Tafelberg 25: Tafelberg Kaapstad